

1989 016006 01



UOVS - BIBLIOTEK



198901600601220000019

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

Die Ontwikkelingsgeskiedenis van die Vrystaat tydens die administrateurskap
van J.W.J.C. (Sand) du Plessis.

deur

PETRUS JACOBUS PRIEUR DU PLESSIS

Akademiese verhandeling ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,
Departement Geskiedenis

aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDEGHEDEN DIT DIE
BIBLIOTHEEK VERWYDER WORD NIE

BLOEMFONTEIN

1988

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

26 APR 1989

T 354.685000924 PLE

N

BIBLIOTEK

Ek, PETRUS JACOBUS PRIEUR DU PLESSIS, verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie.

P.J.P. Du Plessis

P.J.P. DU PLESSIS

Oktober 1988

VOORWOORD: PROBLEMATIEK EN STUDIEBEVINDINGE

'n Studie is gemaak oor die breë front van die ontwikkelingsgeskiedenis van die Vrystaat vanaf 1959 tot 1969. Uit die aard van die saak is dit 'n geweldige wye onderwerp en kon slegs dieptesnitte gemaak word rondom die heel belangrikste fasette van die provinsiale administrasie se verpligtinge wat in dieselfde tydvak nagekom moes word. Inderwaarheid korreleer die stof voortdurend met mekaar en vloei dit soms ineen.

Ter wille van 'n logiese beeld is daar probeer om die fasette te skei en afsonderlik te hanteer, hoewel dit eintlik alles onderhewig was aan 'n totale beplanningstrategie van die Administrateur-in-Rade. Die Administrateur kon op sigself geen beslissing op sy eie neem sonder die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee nie. Die gesamentlike vergadering van genoemde betrokkenes staan bekend as die Administrateur-in-Rade. Die wye omvang van optrede deur die administrasie op soveel verskillende terreine verleen 'n gedrongenheid van faktore en aspekte aan die verhandeling wat dit moontlik kan laat lyk na 'n opeenhoping van gegewens. Dit is eintlik niks anders nie as 'n weerspieëling van die baie ysters wat die Administrateur en sy Uitvoerende Komitee in die vuur gehad het.

Die veelheid van faktore en aspekte wat dus onder die loep geneem is, is grootliks te wyte aan die wye spektrum van sake wat op die Administrateur en sy personeel se sakelys was, eerder as wat dit 'n gebrek aan struktuur is. Dit verklaar terselfdertyd waarom dit nie moontlik was om 'n deurlopende chronologie op te bou deur die tema in verhaaltrant uit te bou nie. Daar moes telkens sekere dieptesnitte gedoen word van ontwikkelings wat gelyktydig plaasgevind het, sodat die chronologie dikwels die onderspit moes delf, ter wille van die behoud van struktuur. Die onder-struktuur van elke hoofstuk is nietemin tematies aangepak vir sover dit enigsins moontlik was. Baie onderhoude is gevoer ten einde die tydsklimaat en omstandighede duidelik te verstaan. Veel meer aandag is egter verleen aan die dokumentêre

bewyse aangesien dit meer gedetailleerd, presieser en dus meer gesaghebbend is. Uiteindelik het die dokumente en die onderhoude mekaar ryklik aangevul.

In 'n poging om die ontwikkelingsgeskiedenis van die Vrystaat sinvol uit te bou en te evalueer, was dit telkens nodig om veral ook na die periode vóór Du Plessis se termyn as Administrateur te kyk. Daarsonder sou veel verlore gegaan het en kon 'n objektiewe mening kwalik gevorm word. Dit was daarom nodig om ook na sy rol in die uitbouing van die Vrystaat te kyk in die periode voordat hy Administrateur geword het en dit in samehang te beskou met ontwikkeling wat plaasgevind het na hyself die leisels oorgeneem het. Sodoende word 'n veel bevredigender beeld verkry van die persoonlike bydrae en inisiatief wat van Du Plessis uitgegaan het om die Vrystaat in die dekade sestig so duidelik op die pad van ontwikkeling en groei te plaas.

Die bewys hiervan lê in sy hele optrede. Die tweede en derde hoofstukke en ook hoofstuk sewe spreek van die historiese agterstand wat deur die jare in die Vrystaat opgebou is op die gebiede van hospitalisasie, onderwys, paaie en natuurbewaring en die pogings wat aangewend is om dit te verander. Hoofstuk twee gee die leser 'n beter beeld van die spesifieke tydsgeurig en omstandighede waaronder Du Plessis die leisels oorgeneem het.

Hoofstuk vyf handel spesifiek oor die waarde wat aan beplanning en die kontrolering van projekte toegeken is, terwyl hoofstuk vier rondom toerisme gebruik word om 'n unieke model as uitvloeisel van dié beplanning te beskrywe. Hoofstuk ses, wat oor Oranjejag handel, is op sigself 'n merkwaardige gebeurtenis in die Vrystaatse en dalk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit is 'n unieke voorbeeld van pionierswerk wat deur onbegrip aan bande gelê is en daarom moeilik sy kinderskoene ontgroeï het.

Vanweë vorige "kontak" met die Vrystaat se kleurryke geskiedenis en ewe kleurryke historiese figure het die begeerte ontstaan om meer daarvan te wete te kom. Toe dié onderwerp aan my gesuggereer is, het ek dit aangegryp. Daar voorheen geen persoonlike bande tussen my en die Du Plessis-egpaar bestaan het nie, was die uitdaging des te groter. Sedert my eerste kennismaking met die egpaar het hulle 'n onuitwisbare indruk op my gemaak en het hul aandeel in die groei van die Vrystaat by baie 'n diepe bewondering afgedwing.

Gandeweg het die beskouinge van persone wat Du Plessis baie goed geken het,

'n nuwe betekenis verkry en het die besef deurgedring dat hierdie man én vrou besondere mense is met 'n groot liefde vir hulle volk - ongeag die taalverskil. Derhalwe my innige dank aan hierdie twee mense wat die vermoë het om groot te kan dink, maar ook meelewende gewone mense is en kan wees sonder enige sweem van eiewaan, wat bereid was om hul lewensverhaal openhartig en vreesloos oop te gooi sonder om modder te gooi.

Dienooreenkomstig 'n woord van hartlike dank aan my studieleier, mnr. N.L. Combrink, vir geesdrif, besieling, besondere belangstelling, maar ook 'n kritiese ingesteldheid en onvermoeide ywer aan die dag gelê van begin tot einde.

Van besondere betekenis was die vriendelike hulp en bystand wat dwarsdeur Bloemfontein ervaar is in die verband, enersyds ons biblioteekpersoneel - Ineg ingesluit - en andersyds persone verbonde aan die Vrystaatse Administrasie. Geen moeite of tyd is ontsien nie.

Dit is ook vir my aangenaam om my oud-inspekteur, dr. Z.J. Pretorius, en tikster, mev. H. Nagel, asook mev. C. Greeff te bedank vir hul moeite met onderskeidelik die taalversorging, tikwerk en kontrole.

'n Dankwoord aan my eggenote aan wie ek hierdie werk opdra én my kinders vir hul opoffering, begrip en aanmoediging.

Sonder die hulp en leiding van ons Skepper sou min vermoë kon word. My innige dank aan Hom.



J.W.J.C. (Sand) DU PLESSIS

INHOUD

VOORWOORD		i
HOOFSTUK 1 J.W.J.C. (Sand) DU PLESSIS: SUKSESVOLLE BLOEMFONTEINSE SAKEMAN, MUNISIPALE RAADSLID (BURGEMEESTER) EN LV		1
1. DU PLESSIS DRUK SY STEMPEL AF OP DIE SAMELEWING		1
1.1 Die vordering van 'n jong Du Plessis		1
1.2 Ontwaking in Afrikanergeleedere 1938		3
1.3 Toetrede tot die gemeenskapsdiens		4
1.3.1 Afrikaner-toetrede tot die Engels-georiënteerde Bloemfonteinse stadsraad		5
1.4 Sand en Martie du Plessis as burgemeesterspaar van Bloemfontein		10
2. J.W.J.C. DU PLESSIS SE TOETREDE TOT DIE POLITIEK		13
2.1 J.W.J.C. du Plessis verkies tot die Hoofbestuur van die die O.V.S.-Nasionale Party 1952-1959		14
2.2 "Die laaste VP-vesting in die O.V.S. val"		14
3. DU PLESSIS SE JARE AS VOLKSRAADSLID		16
3.1 Die noodsaaklikheid van 'n permanente waterbewaringskema		17
3.1.1 Ideale van Du Plessis en mede-Vrystaters realiseer		23
3.2 Standpunte gehuldig deur Du Plessis ten opsigte van provinsiale rade		24
3.3 Verbeterde spoorwegtariewe in belang van Vrystaatse ontwikkeling		26
3.4 Du Plessis lid van die Nasionale Behuisingskomitee		28
3.5 Pleitredes in belang van Bloemfontein		29
3.6 Ander parlementêre bydraes		32

4.	J.W.J.C. DU PLESSIS NEEM DIE ADMINISTRATEURSAMP OOR BY J.J. FOUCHÉ	36
4.1	'n Gees van konserwatisme	38
HOOFSTUK 2 DIE GOUE SESTIGERJARE: TOEKOMSGERIGTE SAMEWERKING EN DAADWERKLIKE UITBOUING		40
1.	DIE HALFEEUEFES VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA: 'N GELEENTHEID TOT SAMEWERKING	43
2.	FINANSIES EN BELEID	44
3.	DIE TWEDE TERMYN VAN DU PLESSIS: PROBLEME WORD OORKOM OP DIE ONTWIKKELINGSPAD VAN DIE VRYSTAAT	49
3.1	Die noodsaaklikheid van voortgesette ontwikkeling	53
3.2	Merkwaardige vordering gemaak	57
4.	NUWE BOUPROJEKTE WORD AANGEPAK	60
5.	DIE OORNAME VAN KOSHUISE DEUR DIE ADMINISTRASIE	64
6.	VRYSTAATHUIS	67
7.	DIE H.F. VERWOERDGEBOU - SENTRALISASIE VAN ADMINISTRATIEWE FUNKSIES	72
7.1	Simboliek	77
7.2	Die standbeeld van dr. Verwoerd	77
7.3	Perspektief op die invloed of gees wat vanaf die Vrystaatse eerste burger uitgegaan het	78
8.	'N STEWIGE GRONDSLAG WORD GELê VIR DIE VRYSTAATSE HOSPITAALDIENSTE	80
8.1	Die Mönning-kommissie	84
8.2	Die behoefte aan 'n Mediese Fakulteit vir die Vrystaat word bevraagteken	87
8.3	Verset teen versoeke van die Vrystaat	88

8.4	Die besondere aandeel van Du Plessis	90
8.5	Veranderings in die algemene Vrystaatse hospitaalopset	93
HOOFSTUK 3	DIE VRYSTAATSE PADSTELSEL	100
1.	HISTORIESE PERSPEKTIEF	100
1.1	Die na-oorlogse periode 1946-1960	101
1.2	Die Froneman-verslag	102
2.	DIE SKEPPING VAN 'N ORDELIKE PADBOUSTESEL	105
2.1	Interne administratiewe-pogings versus eksterne druk	108
2.2	'n Wetenskaplike werkswyse	113
2.3	Oriëntering van die publiek ten opsigte van die probleme	115
3.	PROGRESSIEWE METODES LEWER RESULTATE	116
3.1	Deurpaaie (Hoofweë)	116
4.	DIE GEVOLGE VAN 'N BETER BEDELING TUSSEN DIE VRYSTAATSE ADMINISTRASIE EN DIE NASIONALE VERVOERKOMMISSIE	118
4.1	Oorsese toer	118
4.2	Spesiale paaie (Toeristepaaie)	119
4.3	Kontrakwerk	121
5.	ALGEMENE VORDERING EN TEVREDENHEID	124
5.1	Du Plessis word heraangestel	124
5.2	Die Provinsiale Raad en padaangeleenthede	125
6.	DIE ORANJERIVIERPROJEK EN PAAIE	127
7.	'N ONGELUKKIGE SAMELOOP VAN OMSTANDIGHEDE	129
7.1	Ongeduld	131
8.	DIE MARX-VERSLAG	137

8.1	Uitvloeisels van die Marx-verslag	141
9.	GEBAAANDE WEë	142
HOOFSTUK 4	TOERISME AS 'N BESONDERE MODEL VAN STREEKSBEPLANNING	147
1.	TOERISME EN REKLAME	147
1.1	'n Historiese terugblik	147
1.2	Toeristemoontlikhede	147
1.2.1	Kongres	148
1.3	Toerisme as 'n nywerheid	148
2.	REKLAMERING VAN DIE VRYSTAAT SE TOERISTE- EN NYWERHEIDS- POTENSIAAL ONDER BUITELANDSE VERTEENWOORDIGERS	149
3.	TOERISTEORDE GENIET DIE BESONDERE AANDAG VAN DIE ADMINISTRASIE	151
3.1	Die Willem Pretorius-wildtuin en Jim Fouchë- hengeoord	151
3.2	Golden Gate	151
4.	UITBREIDING EN KOÖRDINERING VAN DIE VRYSTAATSE TOERISTEPOTENSIAAL	152
4.1	A.R.R.T.B.O. en die benutting van nuwe moontlikhede	152
4.2	Toerisme word van naderby bekyk in die Provinsiale Raad	153
4.3	Streeksreklame en toerisme	154
4.4	Du Plessis in persoonlike kontak met die streeks- komitees	155
4.5	Otonome mag verleen aan die streekskomitees	157
5.	TOERISME IN SUID-AFRIKA RONDOM DIE VROEë SESTIGERJARE EN VERDER	158
6.	'N MOTIVERINGSAKSIE WORD OP TOU GESIT	160

6.1	Die afdelings Beplanning en Reklame	160
6.2	Grootse planne	162
6.3	'n Veranderde lewenspatroon	163
7.	STREEKSREKLAME EN PLAASLIKE BESTURE	166
7.1	'n Spanpoging	167
8.	PLATTELANDSE GEMEENSAPPE	167
8.1	Landboutentoonstellings: Reklame en Toerisme	169
9.	SUKSES	172
9.1	Die Reklametoer	172
9.2	Erkenning	175
9.3	Die Vrystaat in beroering: Simposium en Regatta	176
9.4	Gekoördineerde pogings en geesdrif	177
10.	DIE BORGSKAP VAN DIE PRESIDENT HOTEL	183
11.	TOERISME STERK OP DREEF IN DIE LAAT SESTIGERJARE	188
11.1	Spanwerk	188
11.2	Mount-Aux-Sources	188
11.3	'n Hoogtepunt	189
12.	'N EVALUERING VAN DIE EINDRESULTAAT	190
HOOFSTUK 5	BEPLANNING	193
1.	NASIONALE BEPLANNING VOOR DIE SESTIGERJARE	193
2.	DIE NOODSAAKLIKHEID VAN BEPLANNING BEGIN STERKER POSVAT	198
3.	DIE "MOBILISERING" VAN ALLE MAGTE	202
4.	DIE BENADERING VAN DU PLESSIS TOT BEPLANNING VAN NADERBY BEKYK	205

4.1	Gekoördineerde Beplanning en die Oranjerivierprojek	206
4.2	Die noodsaak van gekoördineerde desentralisasie pogings vir alle provinsies	206
5.	DIE SEKSE VIR RAADGEWING EN BEPLANNING AS KOÖRDINERENDE INSTELLING	210
5.1	Die nuwe benadering tot streeksorganisasie en die rol van plaaslike besture	211
6.	MODUS OPERANDI: 'N AANTAL VAN DIE BELANGRIKSTE PROBLEEMASPEKTE VAN DIE VRYSTAAT WAARAAN AANDAG VERLEEN IS	212
7.	REKLAMERING VAN DIE VRYSTAAT (RESPEKTIEWELIK DIE SENTRAAL SUID-AFRIKAANSE GEBIED)	213
8.	VENNOOTSKAP TUSSEN DIE ADMINISTRASIE EN PLAASLIKE BESTURE IN DIE UITBOUING VAN DIE STREEKSGEDAGTE	215
8.1	Die Dorperaad	216
8.2	"Streeksbeplanning" in die Vrystaat	218
8.3	Koördineringsmaatreëls word verstewig: Hoogtepunte	220
8.3.1	Perspektief op sinvolle veranderinge en beleid: Regerings- en Provinsiale vlak	220
8.3.2	Die Beplannings- en Ontwikkelingsadviesraad van die Vrystaat (BOAR)	223
8.3.3	Die skepping van 'n allesomvattende beheerliggaam vir alle beplanningsorgane van die O.V.S.-Administrasie	225
9.	GOUDVELDSE DORPE AS BEPLANNINGSMODELLE EN DIE GEVOLGE OP DIE RES VAN DIE VRYSTAAT	225
9.1	Stigtingsvoorwaardes	227
10.	DIE KLEINHOEWES	230

11.	ENKELE VOORBEELDE VAN ONDERSOEKE WAT IN DIE SESTIGERJARE GEINISIEER IS	235
12.	DIE BELANGRIKHEID VAN TWEDEVLAK REGERING	240
12.1	Die voortbestaan van provinsiale regerings betwyfel	242
12.2	Uitsluitel ten opsigte van die voortbestaan van Provinsiale Rade	245
13.	DU PLESSIS GENIET BESONDERE PUBLIEKE STEUN	248
HOOFSTUK 6	ORANJEJAG	251
1.	DIE NOODSAAK VIR INDRINGENDE VERANDERING TEN OPSIGTE VAN PROBLEEMDIER-BEHEERMAATREËLS	251
2.	NASIONALE ONDERSOEKE	251
3.	AANVANKLIKE ONDERSOEKE NA PROBLEEMDIERBEHEER	252
4.	BEVINDINGS EN AANBEVELINGS VAN DIE SADIE-KOMMISSIE	254
5.	DIE INGESTELDHEID VAN DIE VRYSTAATSE ADMINISTRASIE TEENOR DIE BEHEER VAN PROBLEEMDIERE	258
6.	PROBLEEMDIERBEHEER 'N SAAK VAN GROOT ERNS	259
6.1	1961: Die Vrystaatse Landboukongresse in ooreenstemming	259
6.2	Die implementering van die Sadie-kommissie se voorstelle	261
7.	DIE STIGTING VAN ORANJEJAG	264
8.	'N NUWE BENADERING	267
9.	GEVOLGE VAN ORDONNANSIE NR. 11 VAN 1967: VOLLE INKORPORASIE VAN ALLE VRYSTAATSE BOERE VANAF 1 JANUARIE 1968	269
10.	HOOFBESWARE VAN DIE SUID- EN NOORD-VRYSTAAT	271

11.	ORANJEJAG VERKRY "POLITIEKE STATUS": 14 SEPTEMBER 1967	272
12.	SAMESPREKINGS TUSSEN DIE UITVOERENDE KOMITEE EN DIE DAGBESTUUR VAN ORANJEJAG: 5 FEBRUARIE 1968	273
12.1	'n Meningspeiling van die vergadering	275
13.	DIE VOORTBESTAAN VAN ORANJEJAG IN DIE WEEGSKAAL 5 FEBRUARIE 1968: INDRINGENDE ONDERSOEK	275
14.	ONTEVREDENHEID IN DIE NOORDE VAN DIE VRYSTAAT VANWEË VERPLIGTE LIDMAATSKAP VAN ORANJEJAG	277
14.1	UK-onderhoud met 'n afvaardiging van boere van Viljoenskroon: 7 Februarie 1968	277
14.2	Noord en Suid	280
14.3	Algemeen	281
15.	NOG EENS 'N DEMOKRATIESE GELEENTHEID TOT OMVERWERPING VAN ORANJEJAG	282
16.	SONDAG, 31 MAART 1968: "DIE GESKIL WORD OP DIE SPITS GEDRYF"	283
16.1	Aanloop tot die berig in <u>Die Beeld</u> : "Du Plessis los bom"	283
17.	REGSADVIES	285
18.	BREEKPUNT: VIERFONTEIN	287
19.	VILJOENSKROON: VIERFONTEIN BOEREVERENIGING 22 APRIL 1968	300
20.	25 APRIL 1968 ORANJEJAG-JAARVERGADERING: ORANJEJAG GEVESTIG OP 'N STEWIGE GRONDSLAG SO VROEG AS SY TWEEDE JAARVERGADERING	301
20.1	Probleemdierbeheer en verliese in die Vrystaat	301
20.2	Besluitneming in eie reg	304

21.	21 MEI 1968 SPESIALE KONGRES: ORANJEJAG KRY GROEN LIG	305
22.	DIE 55ste NP-KONGRES: O.V.S. 17/18/19 SEPTEMBER 1968	306
22.1	Verpligte bydraes vir die Kaapprovinsie aanvaarbaar	307
23.	SLOTPERSPEKTIEF	308
24.	DIE HUIDIGE POSISIE RONDOM PROBLEEMDIERBEHEER EN ORANJEJAG	311
HOOFSTUK 7	NATUURBEWARING IN DIE VRYSTAAT	313
1.	HISTORIESE OORSIG	313
1.1	Positiewe bewaringsmaatreëls	314
2.	DU PLESSIS AS NATUURLIEFHEBBER	314
3.	'N NUWE BENADERING	319
3.1	Ontwikkelingsprojekte	321
4.	AGTERGRONDGESKIEDENIS BY DIE ONTSTAAN VAN DIE BOTANIESE TUINE IN DIE VRYSTAAT	322
4.1	'n Lang en moeisame stryd	324
4.2	Buitelandse reklame en internasionale erkenning vir die Vrystaat onder nog 'n groep buitelanders van oor die wêreld ⁷⁴	330
5.	WATER- EN GRONDBEWARING 'N SAAK VAN ERNS: DIE OORHOOFSE BESKOUIING VAN DU PLESSIS	331
6.	DIE WILDPLAAS TUSSEN-DIE-RIVIERE: VELERLEI DOELWITTE IN DIE VOORUITSIG	332
6.1	'n Terugblik op Tussen-die-Riviere	333
7.	DIE VERWOERDOORD EN LATÊRE WELBEDACHT-NATUURRESERVAAT	335

8.	DIE PROBLEEMSITUASIE RONDOM DIE VISVANGS-ORDONNANSIE	336
9.	DIE JAGLUIPERD-POLEMIEK EN KLAGTES RONDOM NATUURBEWARING	339
9.1	Aspekte van belang rondom die "Upset in the province"	341
9.2	Verdere ontevredenheid ten opsigte van Natuurbewaring in die algemeen	345
10.	DIE ORDONNANSIE OP NATUURBEWARING 1969	346
10.1	Beginsele van die nuwe ordonnansie	347
10.2	Beskouinge van Raadslede	348
10.3	Geesdrif vir die nuwe komponent van Natuurbewaring	349
11.	DIE VENNOOTSKAPSKONSEP EN NATUURBEWARING	351
HOOFSTUK 8 DU PLESSIS 'N MAN VAN VELE TALENTE		355
8.1	SUKOVS	355
8.1.1	Die gevolge van 'n gesonde administrasie van SUKOV'S	357
8.2	DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR	359
8.3	DIE SAND DU PLESSIS-TEATER	361
8.4	'N TYDGENOOTLIKE WAARDERING VAN DU PLESSIS SE ROL AS ADMINISTRATEUR	364
8.5	KONKLUSIE	373
BYLAES/... A - Q		377
ILLUSTRASIE		59
BIBLIOGRAFIE EN BRONNELYE		398
OPSOMMING		411

HOOFSTUK I

J.W.J.C. (SAND) DU PLESSIS: SUKSEVVOLLE BLOEMFONTEINSE SAKEMAN, MUNISIPALE
RAADSLID (BURGEMEESTER) EN LV

1. DU PLESSIS DRUK SY STEMPEL AF OP DIE SAMELEWING

1.1 DIE VORDERING VAN 'N JONG DU PLESSIS

Op 8 Mei 1908 het die egpaar Tjaart du Plessis en Isabella Hester du Plessis, (gebore Coetzee) 'n seun ryker geword. Johannes Willem Jacobus Coetzee du Plessis is gebore op die plaas Leeuwklip te Belfast. Hy was een van twaalf kinders. Tjaart du Plessis was 'n onderoffisier in die Transvaalse Staatsartillerie tydens die Anglo-Boereoorlog. Na dié oorlog het hy niks oorgehad nie en het hy 'n plaas-bywoner geword. Die gesin het ook later in Middelburg-distrik en te Witbank gewoon.¹

Gedurende 1920 het hulle na Pretoria verhuis. Na 'n kortstondige verblyf by familie het die Du Plessis's in 'n tent op 'n oop erf beland. Gou het 'n storm dit beëindig waarna ander reëlings getref is.² Isabella du Plessis het as moeder met haar sterk, standvastige persoonlikheid en hardwerkendheid 'n vormende invloed uitgeoefen op haar seun, Johannes.³

Na voltooiing van standerd ses moes Johannes du Plessis noodgedwonge op verskeie maniere sy eie potjie krap. Toe hy oud genoeg was, het hy as bode werk gekry by die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag, waarna hy hom in Maart 1923 as wapensmidvaktering ingeskryf het.

In 1927 is Du Plessis oorgeplaas vanaf Pretoria na Bloemfontein⁴ waar Johannes du Plessis en Martha Christina Marais (Martie) in 1929 mekaar op 'n tremrit ontmoet het. Dit was die begin van hul jarelange verhouding. Hulle

1. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.
2. PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versameling, Lêer 8/1/1 (Gelig uit brief in lêer 3/1/4, gedateer 2 April 1968), soos deur Ineg aangedui.
3. Ineg-klankargief: K903/1, Onderhoud H.C. Jones - J.W.J.C. du Plessis, 22.01.87.
4. S.P.R. Oosthuizen, Lederegister van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 1911-1986, p. 24.

sou letterlik en figuurlik gesproke as huweliksgenote en vennote vir die res van hulle lewe saamspan. Vir Martie Marais het hierdie man besondere eienskappe gehad. Tiperend vir haar was sy standvastigheid, integriteit, deursettingsvermoë en sy gawe om dinge vinnig te kon snap en op te som. Kortom, "n fyn man". Sy het gevoel: "Hierdie man het iets wat ek nie het nie, en ek wat hy nie het nie. Saam kan ons baie ver gaan".⁵ Op 13 Junie 1930 is die paartjie in Kimberley getroud. Uit hierdie huwelik is drie seuns en twee dogters gebore, waarvan die eersgeborene oorlede is.⁶

Vanaf Bloemfontein is die egpaar na Kaapstad verplaas waar Du Plessis by die weermagwerksinkels in die Kasteel werksaam was. Deur buitemuurse studie aan die Kaapse Tegniese Kollege het hy sy matrikulasievystelling verkry, waarna hy 'n reeks kort kursusse in sakebestuur gevolg het. In 1934 het hy uit die Verdedigingsmag bedank en die sakewêreld betree. Aanvanklik was hy 'n vennoot in die steenmakery van sy skoonvader. 'n Jaar later het hy sy eie onderneming in die lewering van sand vir die boubedryf begin.⁷ Op daardie stadium was Afrikaner-sakemanne in Bloemfontein 'n seldsaamheid. Sakeondernemings was merendeels in besit van die Engelse inwoners.⁸ Die uitdaging was dus des te groter.

-
5. K903/1, Onderhoud. Dit is algemene kennis onder Sand en Martie du Plessis se tydgenote dat hierdie twee mense mekaar ryklik aangevul het, en nog steeds doen. Die besondere verhouding sou dan ook tot gemeenskapsdiens uitgroei.
 6. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87; Wie is wie in S.A., 1965/1966, p. 130. Hierdie bron stel dit foutiewelik op 1931.
 7. Die benaming Sand du Plessis: Terwyl hy lid van die stadsraad was, was daar drie lede met die van Du Plessis. Willie du Plessis was besig om die Voortrekkermonument te Pretoria met klip te bou, J.W.J.C. du Plessis was onder meer 'n sandkontraakteur en die derde, P.J.C. du Plessis (Awerbuchs), 'n partyorganiseerder. Om ons te onderskei "..... blink gedagte ons Klip, Sand en Wind". Die naam Sand het in sy geval bly steek. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 8/1/1, p. 3.
 8. K. Schoeman, Bloemfontein, Die ontstaan van 'n stad, 1846 - 1946, pp. 276-277. Beskrywing van Ossewafeesvieringe te Bloemfontein.

By diensverlating uit die Weermag⁹ het Du Plessis slegs R180 aan pensioengeld in sy sak gehad. Hy glo egter dat die weermag 'n heilsame invloed op hom gehad het ten opsigte van deursettingsvermoë. Harde werk het voorgelê. Na 'n aanvanklike sukkelbestaan sedert 1934 het die onderneming vanaf 1938 goeie vordering getoon danksy 'n spanpoging van die egpaar, waartydens Martie hul boekhoudster was in een van die eerste Afrikaner-sakeondernemings in Bloemfontein.¹⁰

1.2 ONTWAKING IN AFRIKANERGELEDERE 1938

Na die "Simboliese Ossewatrek" van 1938 en ook die stigting van die Reddingsdaadbond in Bloemfontein, het Afrikaner-ontwaking in die stad plaasgevind. Die uitbouing van Afrikaner-sakeondernemings het begin. Teen hierdie tyd was Sand du Plessis 'n gevestigde sakeman. Die gebeure van 1938 het hom laat nadink en hom aangespoor om geleenthede vir die Afrikaner te skep sodat hy ook bo kon uitkom.¹¹

Ontwaking het terselfdertyd op die gebied van kultuur plaasgevind. Martie du Plessis beskryf die Ossewatrek van 1938 as 'n wonderlike ervaring vir die Afrikaner in Bloemfontein. "Jy tel weer jou kop op. Dit was die begin van

-
9. K903/3, Onderhoud. Op daardie stadium genoem Verdedigingsmag. Op voorstel van Sand du Plessis, tydens 'n gekose komiteevergadering, is dit later verander na ... Weermag.
10. K903/1, Onderhoud. Martie du Plessis het in die geheim geld gespaar en toe hul ou vragmotors gedaan was, het sy haar moedelse man verras. Nuwes kon toe aangeskaf word. Sand du Plessis het op sy beurt soms tot agtien uur per dag gewerk en sommer agter die vragmotor se stuur gedut nadat hy geëet het, onder andere met die uitvoering van hul kontrak om klip vir die landingstrokke van die nuwe lughawe te voorsien. Daar was ook ligter oomblikke. Op 'n dag laai Du Plessis sand af by die goedereloods in Bloemfontein, waarop een van die spoorwegamptenare die naam J.W. du Plessis op die vragmotor sien en opmerk dat daardie man skatryk is. Hy wou toe by Sand du Plessis weet, "En ou maat vir wie dryf jy?" Du Plessis het ewe bedaard geantwoord, "Ek is daardie man van wie jy vertel het. Ek wens jy wil dit vir my bankbestuurder vertel".
11. K903/1, Onderhoud. Volgens prof. Tienie van Schoor het Du Plessis en sy vrou baie mense gehelp. Onderhoud met prof. Tienie van Schoor, 11.05.87.

die Afrikaner se aandeel in die uitbouing van die algemene kultuur. Dit het hiertydens momentum gekry."¹²

1.3 TOETREDE TOT DIE GEMEENSKAPSDIENS

Tydens die egpaar se verblyf te Estoire, het hulle in samewerking met prof. D.F. Malherbe begin met 'n Afrikaner-kultuurbeweging wat kultuuraande aangebied het om die mense te vermaak en kultuurbewus te maak. Ander afleiding was daar nie. Daar is onder meer 'n volkspelegroep, 'n boereorkes en 'n toneelgroep op die been gebring. Martie was die dirigente en Sand die bestuurder van die orkes. Daarbenewens is dramas onder regie van prof. Malherbe, Nans Vorster en Martie du Plessis opgevoer.¹³ Du Plessis is ook in 1940 verkies tot die eerste dorpsbestuur van Estoire, wat skynbaar een van die eerste van hierdie bestuursvorme van die Vrystaatse kleinhoewes was. Sodoende het Du Plessis vir die eerste keer met 'n vorm van staatsbestuur kennis gemaak.¹⁴

So het die egpaar hul beskeie toetrede tot die openbare lewe gemaak. Waar eiendomsontwikkeling op daardie stadium 'n groot deel van Du Plessis se besigheid uitgemaak het, het sy lewensomstandighede sodanig verander dat hy aandag kon begin gee aan 'n groot begeerte om, "n geleentheid te skep vir elkéén sodat hul kan deel in die goeie dinge van die lewe";¹⁵ bedoelende onder andere dinge soos sport en kulturele aktiwiteite wat vir hom en baie ander in hul kinderjare nie beskore was nie.¹⁶

In die begin van die veertigerjare word Du Plessis lid van die skoolkommissie van die Sentrale Hoër- en Laerskool totdat hy in 1953¹⁷ Volksraadslid

12. K903/1, Onderhoud.

13. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87; Vergelyk K903/1, Onderhoud.

14. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87; Vergelyk Oosthuizen, p. 24.

15. K903/1, Onderhoud en gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.

16. K903/1, Onderhoud.

17. Die Oud-Sentraler, Mei 1970. Blykens die sinskonstruksie in Die Oud-Sentraler waar vermeld word dat Du Plessis tot in 1954 lid van Sentraal se skoolkommissie was, blyk dit dat Du Plessis in 1954 as Volksraadslid verkies is in stede van 1953. Hy was ook skoolkommissielid van beide die Hoër- en Laerskool.

geword het. Die laaste jare as kommissielid het hy onderskeidelik as ondervoorsitter en voorsitter gedien¹⁸ en was hy ook komiteelid van die Bloemfontein-wieg.¹⁹ Dié gebeure sou weldra lei tot nog groter publieke betrokkenheid van Du Plessis in Bloemfontein.

As komiteelid het hy veel vir Sentraal gedoen. Deur sy toedoen is sportvelde en tennisbane gebou. Sy vragmotors het vragte grond kosteloos na die tweede voetbalveld vir opvulling aangery. Hy het ook al die sand en klip vir die bou van die swembad geskenk. Die Oud-Sentraler van Mei 1970, huldig en dank hom op gepaste wyse vir sy dienste gelewer toe dit broodnodig was "om 'n skool vir die Afrikaanssprekende in Bloemfontein daar te stel en uit te bou wat nie sou agterstaan by enige ander skool in die Republiek nie".²⁰

Ook is Martie du Plessis deur die blad geloof vir haar sjarme en die bekwame wyse waarop sy haar man bygestaan het.²¹ Hierdie gesindhed was en is deel van haar hele lewe en word bevestig deur talle inwoners van Bloemfontein wat hulle sedert die vroegste jare ken.²²

1.3.1 AFRIKANER-TOETREDE TOT DIE ENGELS-GEORIËNTEERDE BLOEMFONTEINSE STADSRAAD

Terwyl Du Plessis komiteelid van onderskeidelik Sentraal en die Bloemfontein-wieg was, het die twee inrigtings grond van die stadsraad nodig gehad. Beide aansoeke het misluk. In die geval van Sentraal het twee Engelse stadsraadslede ondersoek gaan instel. By die geleentheid het die een teenoor die ander opgemerk: "Fancy having this beautiful ground for a lot of Dutch kids".²³ Genoemde gebeure het as motivering vir Sand du Plessis

18. Die Oud-Sentraler, Vergelyk Argief van die stadsklerk van Bloemfontein, Vrystaatse Argiefbewaarpark, MBL, Lêer 1/1/2/105, Grondvervreemding - Alexandralaan - vir skooldoeleindes, p. 18b, Mei 1970.

19. K903/1, Onderhoud.

20. Die Oud-Sentraler.

21. Ibid.; J.S. van Niekerk gewese president van die Bloemfonteinse Sentrale Landbougenootskap is dit eens ten opsigte van haar bystand. Onderhoud met J.S. van Niekerk, 29.04.87.

22. Verskeie onderhoude.

23. K903/1, Onderhoud.

gedien om hom as stadsraadslid beskikbaar te stel. Die Oud-Sentraler sê voorts dat hy hom beskikbaar gestel het as raadslid (1945), nadat veral vriende van Sentraal daarop aangedring het.²⁴ J.S. van Niekerk, oud-president van die Sentrale Landbougenootskap, huldig 'n soortgelyke siening.²⁵

Hierdie strewe het hand aan hand geloop met 'n wil om hom diensbaar aan die gemeenskap te stel. "Vyf-en-twintig jaar gelede [1944] het my eggenote en ek besluit om uit dankbare erkenning vir voorregte en seëninge ontvang, ons deel in diens by te dra; om die belange van die gemeenskap waarin ons ons bevind asook die belange van ons provinsie, ons land en ons volk te help bevorder en uit te bou."²⁶ T.D. Potgieter, oud-prokureur; oud-presidents-raadslid en bekende boer van Bloemfontein, beskryf hul gemeenskapsdiens as volg: "Wat hom en sy vrou betref, was die Vrystaat [dus die Bloemfonteinse gemeenskap ingesluit] werklik eerste, alle ander persoonlike dinge was tweede"²⁷

Bloemfontein was gedurende die vroeë veertigerjare nog oorheersend Engels met 'n Engels-georiënteerde stadsraad.²⁸ Afrikaners het gevoel dat hulle 'n voet in die deur wou kry, veral na insidente tydens die Voortrekker-ossewafees van 1938. In 1941 het vier Afrikaanssprekendes hulself verkiesbaar gestel in die plek van vier Engelse, oftewel Engelsgesinde lede wat op 'n rotasiebasis moes uittree. Nie een van die Afrikaners het tydens die verkiesing die pyp gerook nie, maar nogtans daarin geslaag om 'n goeie aantal stemme te trek.

-
24. Die Oud-Sentraler. Die oud-Sentralers het steeds hul jaarlikse saamtrek aan huis van die Du Plessis's gehou, totdat hulle nie meer hul eie huis bewoon het nie.
25. Onderhoud met J.S. van Niekerk, 29.04.87.
26. Debatte van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 12.06.69, p. 263.
27. Onderhoud met T.D. Potgieter, 05.05.87 en J.S. van Niekerk, 29.04.87. H.C. Beckmann, voormalige privaatsekretaris van die Administrateur, prof. P.C. Fourie, prof. H.J. Strauss is dit eens met hierdie persone. Vergelyk onderhoude.
28. Schoeman, p. 299. Vir 'n wyer agtergrondskennis kan hoofstukke 13 en 14 van Schoeman se boek Bloemfontein geraadpleeg word. Dit toon die opkoms van die Afrikaner aan.

In 1943 het die Aksiekomitee tot stand gekom as 'n nie-politieke liggaam om munisipale verteenwoordiging vir die Afrikaner te help bewerkstellig. C.T.M. Wilcocks, Sand du Plessis, Amie Pretorius, prof. Herman Strauss en andere kan gereken word onder die vroegste lede van die Aksiekomitee.

Redes vir die ontstaan van die Aksiekomitee was onder andere: "die algehele miskenning van die Afrikaner in Bloemfontein en die feitlike stagnasie in ontwikkeling onder die vorige stadsrade".²⁹

Vir die munisipale verkiesing van 23 Maart 1944 het vyf Afrikaners hulself as kandidate beskikbaar gestel. Een sou homself 'n dag voor die verkiesing onttrek.³⁰ Die nuwe raadslede was J. de Beer, A. Enslin, P.J.C. du Plessis en C.T.M. Wilcocks.³¹ Van betekenis was dat indien 'n soortgelyke herhaling van gebeure sou voorkom, die Afrikaners die stadsraad kon beheer met agt lede teenoor vier Engelssprekendes.

"Die Engelssprekende Bloemfontein [het] die vooruitsig met huiwering begroet. Albei kante het hulle met begeesting in die stryd gewerp, maar die Afrikaners het 'n baie duidelike doel nagestrewre [Op 20] Maart 1945 is 'n verdere vier Afrikaners verkies en, sou mens kan sê, het Bloemfontein [die Bloemfonteinse stadsraad] Afrikaans geword",³² deur die toevoeging van raadslede M. de Villiers, J.G. Benade, J.H. Pretorius en J.W.J.C. du Plessis. Die nuwe burgemeester was C.T.M. Wilcocks.³³

Nadat die Aksiekomitee daadwerklike beheer in Bloemfontein oorgeneem het, is 'n begin gemaak om die gebrek aan behuising, strate, elektrisiteits- en

29. Die Volksblad, 05.09.80; Vergelyk Schoeman, p. 299.

30. The Friend, 17.03.45.

31. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87 en Die Volksblad, 05.09.80. The Friend, 22.03.45, haal Du Plessis na die verkiesingsuitslag as volg aan ten opsigte van belofte aan kiesers: "Mr. J.W. du Plessis said that the only thing he had in mind was to give service to the community as a whole".

32. Schoeman, p. 299. Vergelyk ook The Friend, 17 en 20 Maart 1945.

33. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87 en Vrystaatse Argief-bewaarplek, MBL, Lëer 1/1/2/105, Result-election, 20.04.45.

watervoorsiening op te los. Ook die slagpale was in 'n swak toestand.³⁴ Du Plessis sê: "Daar was net stilstand. Ons het gevoel jy moet jonger mense inkry wat meer aktief is. Die ou garde was bejaard en meestal eentalig. Die Aksiekomitee het deels bygedra tot die geweldige groei van Bloemfontein.³⁵ Met verloop van tyd is onder andere aandag gegee aan die verhoging van Mockesdam se wal,³⁶ asook die bou van die damwal te Rustfontein.

Behalwe dat Du Plessis 'n stigterslid van die Aksiekomitee was, word hy ook by geleentheid die voorsitter.³⁷ T.D. Potgieter, wat reeds van bykans die stigtingstyd van die Aksiekomitee by munisipale verkiesings betrokke was, sê dat Du Plessis "n besondere leidende rol gespeel het" in die komitee.³⁸

Die Volksblad berig op 7 Desember 1959 dat Du Plessis agt jaar lid van die Bloemfonteinse stadsraad was (1945-1953) en 'n jaar burgemeester (1949-1950). Hy was ook voorsitter van die belangrikste komitees van die raad. Van die grootste skemas is in die stad aangepak onder sy leiding as lid van die Nasionale Behuisingskommissie en stadsraadslid. Bloemfontein het byna met een-derde gegroei onder sy voorsitterskap van die komitee van openbare werke. Hiertydens is skemas (behuising) aangepak soos Noordhoek, Wilgehof,

-
34. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87; Vergelyk Vrystaatse Argiefbewaarplek, MBL, Lêer 1/1/2/105, Verslag van die Komitee vir Finansies en Algemene Doeleindes.
35. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87; Vergelyk behuisingskemas in beplanning kort na die 1945-verkiesing: Vrystaatse Argiefbewaarplek, MBL, Lêer 1/1/2/105, Notule nr. 842.
36. Burgemeestersrede en Munisipale Rekenings, Bloemfontein, 31.03.50, p. 57. Toe die wal in die boekjaar 1949/50 verhoog is, het die watervoorraad van Bloemfontein verdriedubbel. Die regering het na drie jaar van samesprekings ingewillig om 'n dam in die Modderivier te bou. Vide infra p. 18. Rustfonteinendam - 'n tydelike oplossing.
37. Die Volksbladargief, Die Volksblad (s.d. voor 1953).
38. Onderhoud met T.D. Potgieter, 05.05.87.

Dan Pienaar³⁹ en Bayswater.⁴⁰ Terselfdertyd is begin met 'n groot sport-sentrum in Koningspark waarvan hy inderwaarheid die vader is.⁴¹ Ook die Vrystaatse Rugbybond, huldig hom hiervoor in hul 1985-peesprogram: "Slegs 'n hanetreetjie van die pragtige nuwe Sand du Plessis-teater in Bloemfontein staan nog 'n 'monument' vir mnr. J.W. (Sand) du Plessis".⁴²

Die stadion was in 'n groot mate aan sy insig en visie te danke en planne hiervoor is al in 1945 deur hom voorgestel. As geesdriftige sportliefhebber het dit hom gepla dat Bloemfontein nie in aanmerking gekom het vir internasionale sportgebeure nie. Sy planne het grootliks die steun van die stadsraad weggedra, hoewel party lede gereken het dat sodanige skema 'n wit olifant' sou word.

'n Vergadering van belastingbetalers is belê, die grootste in sy soort ooit. 'n Model is voorgelê, maar die plan het deur die mat geval. Ondersteuners het met die Aksiekomitee van die Bloemfonteinse stadsraad oorleg gepleeg. Dit het tot 'n tweede belastingbetalersvergadering aanleiding gegee, waartydens R150 000 goedgekeur is vir die ontwikkeling van die stadion.⁴³ Die tesourie het egter die finansiële uitgawes van die stadsraad beperk, wat sou lei tot die uitstel van die projek. Einde ten laaste is 'n bykomende bedrag van R160 000 in 1951 deur die belastingbetalers goedgekeur en in 1953 het die Administrateur magtiging aan die stadsraad verleen om die projek uit eie fondse te delg.

39. Die Volksblad, 07.12.59; Vergelyk Schoeman, p. 303. Groot bouprojekte is aan die begin van 1946 in die vooruitsig gestel. Eweneens was die verwagtinge op die gebied van nywerheidsontwikkeling groot. Vergelyk ook die Burgemeestersrede, 31.03.50 en Bylae A, Bouplanne.

40. K903/1, Onderhoud.

41. Die Volksblad, 07.12.59; Vergelyk Burgemeestersrede, 31.03.50, p. 55.

42. Die Vrystaatse Rugbybond, Feesprogram, Die Geskiedenis van die Stadion, 07.09.85, p. 3; Vrystaatse Argiefbewaarplek, MBL, Lêer 1/1/2/107, 31.07.45, nr. 27 Centralisation of Sport.

43. Feesprogram.

Die oorspronklike projek moes egter laat vaar word vanweë die styging in boukoste. Nadat struikelblokke in 1955 oorkom is, is die Vrystaat-stadion as 'die modernste sportterrein in Suid-Afrika' vir sy tyd voltooi.⁴⁴

1.4 SAND EN MARTIE DU PLESSIS AS BURGEMEESTERSPAAR VAN BLOEMFONTEIN

Die egpaar was vanaf 1949 tot 1950 die eerste burgers van die Stad Bloemfontein. Tydens sy termyn as raadslid en burgemeester in hul beywering vir gemeenskapsdiens sou dit ook onder andere die verbetering van die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes meebring. Beide was Engels goed magtig en veel is gedoen om wrywing en jaloesie tussen die groepe uit te skakel op 'n tydstip toe verhoudinge baie gespanne was.⁴⁵

Hul ideaal was om die groepe nader aan mekaar te laat beweeg. Beide groepe moes gelyke geleenthede bekom. Die egpaar sou dan hiervoor ook die nodige erkenning uit vele oorde verkry.⁴⁶ Dit is onder meer hieroor dat Die Volksblad hom later beskryf as "een van die gewildste burgemeesters wat Bloemfontein nog gehad het",⁴⁷ terwyl die Rand Daily Mail van beide J.J. Fouché en J.W.J.C. du Plessis tydens hul aanstelling as Minister van Verdediging en Administrateur onderskeidelik die volgende te sê gehad het: "Both men are life-long supporters of the National Party and both have

44. Ibid. 'n Verskeidenheid sportsoorte kon toe aangebied word in die stadion, waaronder fietsresies, rugby, atletiek, sokker en krieket. Die tennisstadion (met twaalf tennisbane) en swembad was deel van J.W.J.C. du Plessis se idee, asook die verskuiwing van Ramblers se krieketvelde sodat alles gelokaliseer kon wees. (Eers in 1987 sou 'n ekstra krieketveld goedgekeur word). Vergelyk Schoeman, Bloemfontein, p. 303 "die 'nuwe Ramblers' in Koningspark

45. Vergelyk die plofbare situasie in Bloemfontein tussen die jare 1945 en 1946. Schoeman, Bloemfontein, p. 300. "Toe die tyd vir die volgende verkiesing in 1946 nader, het 'n verwoede stryd uitbreek om te verhoed dat die Afrikaner-element volle beheer oor die Raad verkry." e.v.

46. K903/1, Onderhoud.

47. Die Byvoegsel tot Die Volksblad, 18.12.59.

fought some hard battles against their long-time opponents, the United Party. But neither has ever shown any racial rancour".⁴⁸

"They are thoroughly bilingual, and have generally been on the friendliest of terms with the English-speaking people in the Free State".⁴⁹ The Friend van 15 Desember 1959 skryf: "In 1949 Mrs. du Plessis was Mayoress of Bloemfontein, a demanding position that was filled in such a charming and natural way as to win her many friends in all sections of the community".⁵⁰

Dit blyk dus dat die egpaar Du Plessis hulle goed van hulle taak gekwyt het in die skepping en uitbouing van beter verhoudings tussen die twee blanke groepe gedurende 'n tydperk toe verhoudinge nie altyd van die beste was nie.

Soos reeds aangedui, was Du Plessis lid van die Nasionale Behuisingskommissie; 'n eer wat hom in 1948 te beurt geval het. Later sou hy die voorsitter van die streeksbestuur van die organisasie word vir die Vrystaat en Noord-Kaapland.⁵¹ In die vier en 'n half jaar wat hy as lid van die kommissie gedien het, bestee hulle meer as R4 miljoen aan behuising in genoemde gebiede.⁵²

As stadsraadslid het Du Plessis hom ook beywer vir die oprigting van 'n mediese fakulteit in Bloemfontein. Dit het hy dan ook omstreeks 1949 in die Volksraad gaan bepleit.⁵³ Reeds in 1950 word die fakulteit goedgekeur deur die regering op aanbeveling van die Brébner-kommissie.⁵⁴

48. Rand Daily Mail, A. Sussens skryf: "Du Plessis is likely to be popular", 08.12.59.

49. Ibid.

50. The Friend, 15.12.59. Dit word onderstreep deur talle kaartjies en briefies wat die egpaar van welmenendes ontvang het.

51. Wie is wie in S.A., 1965-1966, p. 130.

52. Die Volksbladargief, Die Volksblad (s.d. voor 1953). Vergelyk ook wat Bloemfontein betref Ineg-PV 760, Bloemfonteinse Aksiekomitee, Lêer 6/3/2/1, pp. 3-5.

53. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 10.03.87; Burgemeestersrede, 31.03.50, p.70. Hiervolgens is grond langs die Nasionale Hospitaal deur die stadsraad vir 'n toekomstige mediese fakulteit opsy gesit; Vergelyk Die Volksblad, 09.12.69, prof. Kok.

54. Die Volksblad, 22.11.62. Vide infra, p. 80.

Hy het onder meer ook 'n belangrike rol gespeel in die stad se waterprojekte, die uitbreiding van die spoorweë⁵⁵ en die bou van die nuwe J.B.M. Hertzog-lughawe.⁵⁶ Origens het hy hom beywer vir die oprigting van 'n nuwe magi=straatskantoor en staatsgeboue⁵⁷ (regoor die stadsaal en langs Hertzog-plein), en as Volksraadslid sou hy sorg dat die projekte skynbaar vinniger afgehandel word. Die stadsraad het reeds vooraf die terreine in 1945 aan die staat oorgedra.⁵⁸

Tydens die burgemeesterstermyn van Du Plessis was dit 'n behoefte om die kulturele aktiwiteite en fasiliteite van Bloemfontein sterker uit te bou. Die oprigting van 'n stadskouburg is onder meer in die vooruitsig gestel. Enersyds is 'n onderafdeling van die departement van die stadsklerk op die been gebring om sake te koördineer. Andersyds is dit aan die onderafdeling opgedra om 'n fonds op te bou om - benewens die stadskouburg - ook finansiële voorsiening vir 'n stadsorkes en kunsgalery te maak. Die gevolg was dat "n uitgebreide anti-verkwistingveldtog", klaarblyklik die eerste in Suid-Afrika, in Bloemfontein geloods is. Sodoende is afvalmateriaal versamel en verkoop om die dag wanneer die stad oor 'n orkes, 'n kunsgalery en teater kon beskik te verhaas.⁵⁹ Die stadskouburg is later gebou nadat Du Plessis as LV deur die bemiddeling van minister J.J. Serfontein, bykans R60 000 van die regering ontvang het.⁶⁰

Tydens Du Plessis se burgemeesterstermyn was die stadsraad ietwat aan bande gelê deur 'n moeilike ekonomiese klimaat, maar dit het hulle, aldus Du Plessis, nie verhoed om tōe juis meer aandag aan langtermynbeplanning te gee nie. Laasgenoemde sou veel beteken om die karakter van Bloemfontein as die stad vān tuine te behou. Ten spyte van hul gretigheid om die stad op nywerheidsgebied te ontwikkel om sodoende meer mense te lok, het hulle beseft dat die belangrikheid van 'n stad of dorp nie net aan sy bevolkingsgrootte gemeet kon word nie.

Dat die Du Plessis-burgemeesterspaar gewis bedrywig was, blyk onder meer uit

-
55. Vide supra, p. 8. Watervoorsiening.
 56. Die Volksbladargief, Die Volksblad (s.d. voor 1953); Vergelyk Suid-Afrikaanse Panorama, Maart 1962, p. 14.
 57. Ibid. Vide infra p. 30.
 58. Debatte van die Volksraad, 17.05.1954, kol. 5785. Vide infra p. 30.
 59. Burgemeestersrede, 31.03.50, pp. 60-61.
 60. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.

die feit dat Martie ook die plek van 'n onderburgemeestersvrou, wat vakant was, moes volstaan. Insgelyks het Du Plessis as burgemeester meer as 85 persent van alle komiteevergaderings uit 'n totaal van eenhonderd-en-ses bygewoon. Hierteenoor was die hoogste bywoningstal onder ander lede vyf-en-vyftig vergaderings. Wat die Geldelike Komitee betref, het hy ál vyftien vergaderings bygewoon.⁶¹

2. J.W.J.C. DU PLESSIS SE TOETREDE TOT DIE POLITIEK

Aanvanklik het Du Plessis vanweë sy weermagbetrokkenheid nie veel met die politiek te doen gehad nie. Hy en sy vrou het wel tydens 1934 tot die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party toegetree in navolging van genl. Hertzog. Hulle verbreek hul bande met die party tydens die 1939-Oorlogsverklaring, aangesien hulle nie saamgestem het met genl. Smuts se sienswyse oor Suid-Afrikaanse deelname aan die Europese oorlog nie.

Terug by die Nasionale Party (Herenigde Nasionale Party) neem Sand en Martie weer aktief aan die politiek deel. Hulle was woonagtig in Bloemfontein, te Stewardsingel, Waverley.⁶² Dit was 'n deel waar die Nasionale Party min steun geniet het.⁶³ Hulle was aktief gemoeid met die stigting van die eerste NP-partytak alhier, naamlik die Wakkerlooptak, en Du Plessis word ook die voorsitter daarvan.⁶⁴ Vanaf 1940 het hy aktief aan die politiek deelgeneem as voorsitter van NP-takke én van die distriksbestuur van Bloemfontein-Oos.⁶⁵

Du Plessis beskryf dit as 'n tydperk met sy eie kenmerkende probleme. Die ekonomiese klimaat was swak. Dit het drupsgewys gegaan met fondsinsamelings. Finansiële ondersteuning deur ryk sakemanne was daar nie. Geld is penniege-wys ingesamel met behulp van tiekie-aande. Dit was dan ook nodig dat die Du Plessis-egpaar hul hand in eie sak moes steek. Hulle moes hard werk om die Nasionale Party in 1948 aan die bewind te help kry.⁶⁶ Die Volksblad beskryf Martie du Plessis as 'n bron van aanmoediging in sy politieke loop-

61. Burgemeestersrede, 31.03.50, pp. 32-73.

62. K903/1, Onderhoud.

63. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.

64. K903/1, Onderhoud.

65. Die Volksblad, 07.12.59.

66. K903/1, Onderhoud.

baan.⁶⁷ Tydens die verkiesingstryd van 1948 was sy mede-verantwoordelik vir die hantering van posstemme, terwyl Sand du Plessis mense aangery het. Hulle het gevoel dat die tyd ryp was vir die Afrikaner om sy regmatige plek in die landsregering in te neem. Hulle het hard gewerk, maar hul kandidaat, Martin Malan, het verloor teen Colin Steyn van die Verenigde Party.⁶⁸

2.1 J.W.J.C. DU PLESSIS VERKIES TOT DIE HOOFBESTUUR VAN DIE O.V.S.- NASIONALE PARTY 1952-1959

In 1952 word hy tot die Hoofbestuur van die Vrystaatse Nasionale Party verkies.⁶⁹ Hy dien as voorsitter van die Finansiële Komitee van die Vrystaatse NP-kongres.⁷⁰ Dit bring hom in noue kontak met C.R. Swart. Die Party-organisasie is in die periode uitgebou en versterk.

Du Plessis was toe in 'n sleutelposisie. Hy word in 1953 benoem as NP-kandidaat vir Bloemfontein-Stad en kom te staan teenoor die VP-Volksraadslid, Colin Steyn, van Bloemfontein-Stad.⁷¹ Dié kiesafdeling het spoedig die fokuspunt van die NP-stryd in die Vrystaat geword.

Op 14 Januarie 1953 het hy sy eerste verkiesingstoespraak voor die NP-tak Voortrekker gelewer (wat deel was van die Volksraadskiesafdeling, Bloemfontein-Stad) en die feit beklemtoon dat dit slegs die Nasionale Party was wat beide blanke taalgroepe in sy party kon huisves. 'n Veilige toekoms sou deur samewerking verseker kon word, en blanke leierskap beveilig.⁷²

2.2 "DIE LAASTE VP-VESTING IN DIE O.V.S. VAL"

Die tema waarom Du Plessis sy verkiesingstryd sou bou, was die beëindiging van Suid-Afrika se woningnood. Dit was 'n gedugte taak, omdat dit die samewerking en daadwerklike optrede van alle belanghebbende partye, sowel as die regering gevra het. Daarby was daar onvoldoende erwe beskikbaar en

67. Die Byvoegsel tot Die Volksblad, 18.12.59.

68. K903/1, Onderhoud.

69. Ibid.

70. Die Volksblad, 07.12.59.

71. K903/1, Onderhoud.

72. Die Volksblad, 15.01.53.

pryse oor die algemeen hoog.⁷³ As gewese lid van die Nasionale Behuisingskommissie was hy klaarblyklik egter goed opgewasse vir die taak en was dit 'n terrein waarop hy met vertroue kon beweeg.

Die laer inkomstegroep (die werkersklas) moes gehelp word. Dit was vir hom belangrik dat sy medemens in nood bygestaan moes word.⁷⁴ Aangesien hy voorheen soortgelyke omstandighede ervaar het, het hy 'n goeie begrip daarvoor gehad.⁷⁵

Die Volksblad het onmiddellik sy steun aan die energieke jong NP-kandidaat toegesê. Volgens die koerant was hy "n man uit een stuk wat in die harde skool van die lewe geleer het en nou gewillig is om hierdie ondervinding van hom in die diens van sy volk te plaas".⁷⁶ Insgelyks is hy by uitstek beskou as Nasionale Party-vaandeldraer. Terselfdertyd het hy oor 'n aangename persoonlikheid, sterk sin vir humor en onverbiddelike beslistheid beskik. Alreeds so vroeg as 1953 het hy, as een van Bloemfontein se sterk leiers, deur die jare vir hom 'n spesiale plek in die harte van Bloemfonteiners verower, vanweë sy diens op vele terreine.⁷⁷

Op 15 April 1953 het 'n stormloop van Nasionale Party kiesers na die stembuse in Suid-Afrika plaasgevind en so ook na die Bloemfonteinse stadsaal.⁷⁸ In die vroeë oggendure van 16 April word die nuus bekend gemaak. J.W.J.C. du

73. Ibid., 23.01.53, Vergelyk ook Vrystaatse Argiefbewaarplek, MBL Lêer 1/1/2/105 en The Friend tydens Maart 1945. Volgens laasgenoemde bronne is selfs oorweging geskenk aan die ontruiming van regeringsgeboue. Bloemfontein was van die ergste noodgebiede in Suid-Afrika aldus Du Plessis, Nasionale Behuisingskommissielid. Vrystaatse Argiefbewaarplek, MBL Lêer 1/1/2/107. Anna Enslin vermeld op 31.07.45 in die munisipale raadsvergadering, p. 24e, dat sy gehoor het van mense wat in parke oornag. Die toestand was kritiek en die raad (J.W.J.C. du Plessis ingesluit): "Resolved that strong representations be made to the Government". (Vergelyk regeringsgeboue hierbo).

74. Die Volksblad, 23.01.53.

75. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 10.03.87. Die Volksbladargief, Die Volksblad (s.d. voor 1953).

76. Die Volksbladargief, Die Volksblad, (s.d. voor 1953).

77. Ibid.

78. Die Volksblad, 15.04.53

Plessis was die nuwe nasionale Volksraadslid vir Bloemfontein-Stad. Dr. Colin Steyn was dië keer verslaan met 'n meerderheid van 1 088 stemme. Dit was die einde van die laaste VP-setel in die Vrystaat. Die Volksblad beskryf dit as een van die skouspelagtigste oorwinnings van die Nasionale Party in Bloemfontein. In die woorde van Du Plessis was Bloemfontein toe nasionaal gemaak vir die Vrystaat. Tydens die 1958-Parlementêre verkiesing is Du Plessis herkies met 'n meerderheid van 2 187 stemme.⁷⁹ Die "lessenaar-organisasie" van Du Plessis en sy helpers was in 1953 so fyn uitgewerk, dat toe die stembus om agtuur gesluit het, hulle vooraf sy meerderheid op 1 100 tot 1 200 bereken het.⁸⁰

Sedert die Nasionale Party in 1948 teen alle verwagtinge in onder leiding van dr. D.F. Malan aan bewind gekom het, het die Suid-Afrikaanse opset baie verander. Teen 1953 het ons reeds 'n "sterk Afrikaner-geankertheid" in die Vrystaat gevind.⁸¹ Bewys daarvan was die oorwinning in Bloemfontein-Stad,⁸² wat tot op daardie tydstip nog die laaste SAP-setel was. Die landseconomie het ook sedert 1948 gaandeweg onder leiding van dr. Malan begin verbeter.⁸³

3. DU PLESSIS SE JARE AS VOLKSRaadSLID

As Volksraadslid het Du Plessis reeds bepaalde vooropgesette idees gehad oor hoe Bloemfontein as provinsiale en geregtelike hoofstad van Suid-Afrika, en die Vrystaat as aspoester-provinsie, hul regmatige plek in Suid-Afrika moes inneem. Dit het reeds op grond van ervaring wat hy opgedoen het tydens sy termyn as munisipale raadslid, begin vorm aanneem as 'n onlosmaaklike deel van sy persoon. Waar hy klaarblyklik volgens die voorafgaande inligting in

79. Ibid., 16.04.53 en 08.12.59.

80. Ibid., 16.04.53.

81. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87. Op 16 April 1958 verander die benaming van dië kiesafdeling na Bloemfontein-Wes, toe Bloemfontein in Wes, Oos, Noord en Distrikte verdeel is.

82. K903/1, Onderhoud.

83. K903/1, Onderhoud. Vergelyk ook Volksraadsdebatte: Vooruitgang na 1948-verkiesing.

die hoofstuk, waaroor die sluiër maar net effens gelig is,⁸⁴ ingestel was tot naastediens by wyse van die benutting van geleenthede, het hy dit in die Volksraad voortgesit.

Op nasionale vlak het hy dit as nodig beskou om funksionele behuisingsfasiliteite aan minder gegoede groepe, ongeag kleur, te voorsien en hul belange teen moontlike uitbuiting te beskerm. Hierbenewens moes die hoogste prioriteit op die bou van veiliger paaie in Suid-Afrika geplaas word. Meer werkseleenthede moes vir die minder gegoede bevolkingsgroepe volgens 'n gebalanseerde nywerheidsverspreidingsprogram geskep word. Insgelyks het Du Plessis die uitbouing van noodsaaklike dienste soos die weermag, verpleging en die polisie as van besondere belang beskou. Gelyke beregtiging van die provinsies, veral op finansiële gebied, asook 'n gelyke spoortariefbeleid moes besondere aandag geniet.

Die waterpotensiaal van die Vrystaat moes behoorlik benut word in belang van Bloemfontein as provinsiale hoofstad en die ontwikkeling van die Vrystaat, veral met die oog op landboukundige en nywerheidsontwikkeling. Terselfdertyd moes die nasionale aansien van Bloemfontein uitgebou word. As raadslid het hy hom reeds hiervoor beywer en as Volksraadslid het hy gepoog om die nodige afronding aan byvoorbeeld die J.B.M. Hertzog-lughaweprojek te laat geskied.

Op 9 Julie 1953 het Du Plessis sy nooiens toespraak in die Volksraad oor die noodsaaklikheid om die behuisingsprojek van die Nasionale Behuisingskommissie te bespoedig, gelewer.⁸⁵

3.1 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N PERMANENTE WATERBEWARINGSKEMA

'n Ander aangeleentheid wat vir Du Plessis 'n saak van groot erns was, was die bewaring van die Caledonrivier se water vir die Vrystaat, veral die midde-

84. Du Plessis se beplanningsingesteldheid vir 'n groter Bloemfontein word goed weerspieël deur die Burgemeestersrede, 31.03.53, in samehang met sy versameling in eie besit rondom dié era. Dit verklaar desgelyks die hartlike getuienis van onder andere, 'n T.D. Potgieter en 'n prof. H.J. Strauss, as tydenote.

85. Volksraadsdebatte, 09.07.53, kol. 183. Vide infra p. 28.

en Suid-Vrystaat. Reeds ten tye van die bou van die Rustfonteindam het Du Plessis die gedagte uitgespreek dat daar betyds na die Caledonrivier gekyk moes word vir die bou van 'n dam aldaar, wat in toekomstige behoeftes sou kon voorsien. Daarom het hy op 30 April 1954 by die Minister van Besproeiing, J.G. Strydom, tydens die Begrotingsdebat gepleit, om dit ernstig te oorweeg om dié rivier vir die Vrystaat te reserveer.

Dit het hom verontrus dat daar sprake was dat die water van die Caledon gebruik kon word om die Vaal aan te vul, soos voorgestel deur Roberts, die hoofingenieur van Waterwese, die Randse Waterraad en die Raad vir Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne.⁸⁶ Derhalwe het hy aangevoer: "Ons voel ook dat die area waardeur die Caledonrivier loop miskien vir nywerhede uiters geskik is",⁸⁷ en ook sou inskakel by die desentralisasiebeleid van die regering. Nywerheidsvestiging alhier naby die swart woonarea, in samehang met voldoende water, sou van groot betekenis wees. Hy het daarom die regering versoek om 'n ondersoek in dié verband te oorweeg.⁸⁸

Strydom het in antwoord gesê dat volgens sy mening én die van die regering, die Caledon vir die Vrystaat gereserveer word, alhoewel hy nie ten volle op hoogte van die Roberts-ondersoek was nie.⁸⁹

Gevolgtik het Du Plessis op 5 April 1955 'n mosie ingedien ten opsigte van die Caledonrivier. "Die mosie wat in my naam staan, lees as volg: 'Dat die Raad van mening is dat die regering die raadsaamheid moet oorweeg om sonder versuim stappe te doen om die Caledonrivier op te dam ten einde genoeg water vir die gebruik van die stad Bloemfontein en ook van die Vrystaat in die algemeen beskikbaar te stel'".⁹⁰

Uit die mosie blyk dit dat die Bloemfonteinse munisipaliteit en die Departement van Besproeiing verskil het oor hoe gou Bloemfontein water uit die Caledon sou benodig. Eersgenoemde het beweer dat dit binne 'n bestek van

86. Ibid., 30.04.54, kol. 4732-4733, Hoofbegroting.

87. Ibid.

88. Ibid., kol. 4733-4734.

89. Ibid., kol. 4748-4749.

90. Ibid., 05.04.55, kol. 4140, Wysigingswetsontwerp op Nedersettings: Caledonrivier.

twintig jaar sou wees. Laasgenoemde het dit op vyftig jaar geskat. Du Plessis het as argument aangevoer dat die Departement van Besproeiing (Waterwese) waarskynlik die groeiende swart bevolking én die hoewebevolking se aanvraag buite rekening gelaat het. Syns insiens was water 'n belangrike bydraende faktor vir menslike nedersetting en vooruitgang. In dié opsig was die Vrystaat met sy laer reënval minder gelukkig. Sy kleiner riviere was nie standhoudend nie en "standhoudende waterbewaring"⁹¹ was dus nie moontlik nie, veral nie in geval van die Riet- en Kafferrivier asook die Sand- en Vetrivier nie.

Hy het aangevoer dat die Kafferrivierdam reeds 'n jaar lank leeg was, terwyl die Modderrivier elf maande droog was. Oor genoemde gebiede was die reënval vir elf maande, 112 millimeter. Du Plessis het gevrees dat dieselfde lot die Sand-Vetrivierskema sou tref. Dit was nodig dat genoemde riviere aangevul moes word. Hy het hom by dr. A.J. Norval, voorsitter van die S.A. Skeepsvaartsraad te Bloemfontein, geskaar wat gesê het dat daar "genoeg water in die Vrystaat is; ons moet net groot genoeg dink".⁹² Dr. Norval het Basoetoland as 'n belangrike aanvullingsbron beskou, nie net ten opsigte van die bewaring van hoofbronne nie, maar ook vir sekondêre bronne.

Volgens Du Plessis moes standhoudende water tot voordeel van Bloemfontein sowel as vir nywerheidsvestiging voorsien word. Die gebied tussen die Caledon- en Vetriviere was by uitstek geskik vir laasgenoemde. "Dit lê feitlik aan die grens van Basoetoland....."⁹³ met sy groot arbeidspotensiaal. Soos die Vaalrivier bygedra het tot die Suid-Transvaalse ontwikkeling, so kon die Caledon-ontwikkeling dieselfde bewerkstellig vir die Vrystaat. Hy het aangevoer dat die Vaal 2 300 000 mense voed en gesê: "Ek is daarvan oortuig dat dieselfde bevolking deur die Caledonrivier voorsien kan word".⁹⁴

'n Ander saak waarvoor Du Plessis hom in sy termyn as Volksraadslid beywer het, en sy optrede as Administrateur geantisipeer het, was sy eis om 'n gelyke beregtiging van die provinsies.⁹⁵

91. Volksraadsdebatte, 05.04.55, kol. 4141.

92. Ibid., Vide infra pp. 20-21.

93. Volksraadsdebatte, 05.04.55, kol. 4141.

94. Ibid., kol. 4142.

95. Dié aspek was vir Du Plessis te alle tye belangrik.

Volgens die mening van Du Plessis het die uniale-grondleggers besef dat die vier provinsies nie "eweredige ontwikkeling en uitbreiding" sou geniet nie",⁹⁶ en het hulle spesifiek voorsiening in die Suid-Afrika-wet gemaak sodat alle provinsies "tot dieselfde mate bevoordeel sal word. Maar ek is bevrees dat dit nie die posisie is nie".⁹⁷ Du Plessis het ter staving van sy mening die aantal werkers en nywerhede van elke provinsie vergelyk. Afgesien van die groter provinsies het Natal byvoorbeeld net wat nywerheidswerkers betref, 109 944 gehad teenoor die Vrystaat met 28 308.

Vir hom was die tyd ryp dat die Vrystaat kon aanspraak maak op die staat se ontwikkelingsprogram van natuurlike hulpbronne.⁹⁸ Tydige aandag van regeringskant was nodig om die Vrystaat se natuurlike hulpbronne tot voordeel van dié gebied aan te wend en 'n tekort aan water moes nie weer ontwikkeling in die provinsie strem nie. Du Plessis was van mening dat ander provinsies begunstig was deur hul ligging en die ontwikkeling van hul hulpbronne, "terwyl die O.V.S. voor die ontdekking van goud weinig vooruitgang op ekonomiese gebied gemaak het en selfs tot 'n groot mate ontvolk het".⁹⁹

Du Plessis het na sy algemene betoog vir die Vrystaat, die toekoms van veral Bloemfontein, asook die hoewes en die besproeiingsbedryf soos geraak deur die Modderrivier, onder die loep geneem. Hy het voorspel dat Bloemfontein binne twintig tot vyf-en-twintig jaar 'n waterkrisis sou beleef. Hy kon homself nie vereenselwig met die toekomsberaming ten opsigte van waterverbruik van die Departement van Besproeiing en die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (RONH) nie. Dit het nie gestrook met die periodieke meterlesings van die stadsrade nie. "Dit gaan my verstand te bowe hoe dit van Bloemfontein verwag kan word om met 45 gellings per kop per dag klaar te kom as die verbruik 120 gellings per kop per dag is."¹⁰⁰ Met rantsoenering was 45 gellings moontlik. Dit sou egter die inwoners in hul reg aantast.

96. Volksraadsdebatte, 05.04.55, kol. 4143.

97. Ibid.

98. Ibid., 28.04.55, kol. 4993.

99. Ibid., 05.04.55, kol. 4143. Du Plessis het ook sy ontevredenheid ten opsigte van die onttrekking van goud uit die Vrystaat en die gepaardgaande "geringe" vergoeding aan die Vrystaatse Administrasie vir diensverskaffing uitgespreek. Vide infra p. 25.

100. Volksraadsdebatte, 05.04.55, kol. 4147.

Volgens die berekening van die departement sowel as die Bloemfonteinse stadsraad kon die Modderrivier rondom 54 miljoen liters per dag verskaf. Tydens die Rustfontein-dam-onderhandelings is dit gestel dat hulle later om en by 50 tot 60 miljoen liters op 'n daaglikse basis uit genoemde rivier sou kon kry. Die vraag was wat van die boere sou word wanneer die stad oor twintig jaar sy volle kwota sou neem. Andersyds was daar nog die ongeveer 28 000 hoewebewoners wat nie veel langer met slegs onderaardse water kon voortgaan nie.

Hy het terselfdertyd terugverwys na 30 April 1954 waartydens hy ook sy kommer uitgespreek het oor die buitengewone aanspraak van die Oos-Kaap op die water van die Oranje, en die gebruik van die Vaal deur Suid-Transvaal. Volgens die stand van sake sou die Vrystaat uit sy drie hoofriviere, net die Caledon kon gebruik. Daarom het hy die bou van 'n wal by Jammerdrif in die Caledon voorgestel. "Ons pleit dus dat 'n damwal hier gebou word, en ons hoop dat dit nie die laaste damwal sal wees wat in daardie rivier gebou sal word nie."¹⁰¹ Terselfdertyd het hy die moontlikheid geopper dat dié water daarvandaan na die Modder-, Riet- en Kafferrivier se bolope versprei kon word.¹⁰² Du Plessis het ook die dringende aandag van die regering, asook die Minister van Besproeiing, P.O. Sauer, in die verband gevra. Dit was nodig dat Bloemfontein en die Vrystaat in hul nood bygestaan moes word.¹⁰³

J.J. Fouché (Buks), LV vir Rouxville het die mosie heelhartig ondersteun en gesê: "Ons wil graag hê dat daar in hierdie gebiede nywerheidsuitbreiding moet plaasvind".¹⁰⁴ Minister, P.O. Sauer, het die sprekers van die dag gelukkig en gesê: "Ek dink dat ek bo almal moet gelukkig, die agbare lid vir Bloemfontein (Stad) wat hierdie mosie ingedien het. Hy was nie alleen welsprekend nie, maar hy het ernstige studie aan die saak gegee. Die feite was altyd korrek; sy argumente was goed. Maar ek moet hom gelukkig dat hy eintlik die vader was van 'n debat hier wat nie anders as baie belangrik kan [sic] beskou word nie".¹⁰⁵

101. Ibid., 05.04.55, kol. 4149.

102. Vide supra, p. 19.

103. Volksraadsdebatte, 05.04.55, kol. 4140-4149.

104. Ibid., kol. 4149. Verwys na J.J. Fouché in die verband, kol. 4149-4153.

105. Ibid., kol 4187.

Minister Sauer het gesê dat hy die mosie soos opgestel deur J.W.J.C. du Plessis presies so aanneem. Hy het terselfdertyd die beleid van J.G. Strydom aanvaar, naamlik dat die Caledonwater na die Vrystaatse riviervalleie uitgekeer kan word. Die tyd was nog net nie ryp nie. Dit het hom egter ietwat verbaas dat Du Plessis toe reeds om meer water gevra het, aangesien die Rustfontein dam so pas voltooi was. Die beleid was om op 'n eweredig verspreide basis te werk te gaan, en daar was ander plekke in die land wat eers moes aandag kry. Die regering sou nietemin betyds optree. Hy het egter uitdruklik bevestig dat die Caledonrivier vir die Vrystaat gereserveer is.¹⁰⁶

Onderwyl die portefeulje Besproeiing bespreek is tydens die Hoofbegrotingsdebat op 29 Mei 1956, het Du Plessis sy diepe kommer oor die wateraansprake van Volksraadslede vanuit die Oostelike Provinsie herhaal. Hy het hom beroep op die Minister van Besproeiing, P.O. Sauer, om nie die Vrystaat se aanspraak agterweë te laat tydens die ondersoeke van die RONH rondom die Oranjerivier nie en dat die Caledon-gebied in ag geneem word. Die minister het bevestig dat die takriviere ingesluit sou word.

Na aanleiding van die Britse ondersoek in Lesotho oor die opdamming van water en voorsiening van hidro-elektrisiteit, wou Du Plessis weet of Sauer daarvan bewus was. Sauer het dit bevestig en gesê dat van sy ingenieurs ook daar was, maar hy wou nie op daardie stadium oor die saak uitbrei nie.¹⁰⁷ Dit blyk duidelik dat die Lesotho-aangeleentheid nog nie hoë voorkeur in daardie stadium geniet het nie, soos blyk uit die antwoord wat die Eerste Minister, J.G. Strydom aan Waterson, lid vir Constantia gegee het. Dit was nie "n ding van hoë staatsbeleid nie".¹⁰⁸

Vir Du Plessis in sy stryd ter bedinging van 'n beter posisie van die Vrystaat as aspoestertjie-provinsie¹⁰⁹ was dit wel belangrik, as die feite onder oë geneem word. Deur waterbewaring in Lesotho kon die Vrystaat 'n

106. Ibid., 05.04.55, 4193 -4194. Die volledige repliek van Sauer, kol. 4186-4194.

107. Volksraadsdebatte, 29.05.56, kol. 6707-6708.

108. Ibid., 19.04.55, kol. 4351.

109. Die Vrystaatse LV's, Froneman en Fouché (Buks) het ook hul misnoë ten opsigte van die agtergeblewe Vrystaat (Aspoestertjie) uitgespreek. Vide infra p. 24.

natuurlike waterskuur verkry wanneer sy aanhaling van dr. Norval in ag geneem word. Op dié gebied sou die Vrystaat dan ook gelyk gestel kon word met die res van Suid-Afrika se algemeen waterryke provinsies. Water was en is steeds die primêre ontwikkelingsbron.

3.1.1 IDEALE VAN DU PLESSIS EN MEDE-VRYSTATERS REALISEER

Net soos Du Plessis omstreeks 1953 skynbaar reg was in sy verklaring aan die hand van statistiek oor die voortdurende agterstand wat die Bloemfonteinse stadsraad ten opsigte van die ontwikkeling van 'n doeltreffende watervoor-sieningsprogram vir Bloemfontein ervaar het, blyk dit dat hy nie verkeerd was om betyds vir die Welbedacht-dam in die Caledonrivier te pleit nie. Reeds in eersgenoemde geval het hy klem daarop gelê dat die raad "ver vooruit" moes beplan.¹¹⁰ Toe Bloemfontein omstreeks 1984/85, volgens algemene kennis 'n waterkrisis beleef het, was dié dam gereed om die stad uit sy water-nood te verlos. Gelukkig was dit slegs nodig om met bekwame spoed aandag aan die pypleiding te gee ten einde die stad in sy geheel met die dam te verbind. Du Plessis was dus nie ver verkeerd met sy tydsberekening, waarin hy 'n noodsituasie binne omstreeks vyf-en-twintig jaar voorspel het nie, weer eens met behulp van statistiek.

Nog belangriker as dit is die feit dat die huidige regering 'n projek, die Caledon-Modderivierskema van R62 miljoen, aanvaar het. Dit is reeds in 'n parlementêre witskrif van 27 Julie 1987 afgekondig. Ooreenkomstig die beskouing van Ewald Fichardt, ondervoorsitter van die Bestuurskomitee van die Bloemfonteinse stadsraad, sal die Bloemfonteingebied nie weer na afhandeling van dié projek, waterprobleme ondervind nie. Die Welbedacht-dam wat net 5 persent van die jaarlikse watervloei van die Caledonrivier berg, was slegs die begin en hou verband met die pleidooi van Du Plessis wat geglo het in die besondere potensiaal wat die rivier bied.

Volgens inligting wat bekend gemaak is deur die Departement van Waterwese, gaan water vanaf die bokant van die Welbedacht-dam uit die Caledonrivier na die beoogde Knellpoortdam in die Rietspruit gepomp word. Hiervandaan sal

110. Vergelyk J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit, Waterverspreidingsnetwerk: Voorgestelde nuwe opgaardam (en hoofgeleiding vanaf Maselspoort), p. 10.

dit oor die waterskeiding tot in die Modderrivier se bolope gepomp word,¹¹¹ waarna dit na die Rustfontein dam sal vloei. 'n Verdere aanduiding van die omvang van die projek is dat die Knellpoortdam, met sy inhoudsmaat van 125 miljoen kubieke meter water, drie keer meer water sal hou as die Welbedacht dam.¹¹² Die Caledonrivier se water is dus volgens die regeringsbelofte van 1954 vir die Vrystaat "gered".

3.2 STANDPUNTE GEHULDIG DEUR DU PLESSIS TEN OPSIGTE VAN PROVINSIALE RADE

Die finansiële verhouding tussen die regering en die provinsies het gedurende die vyftigerjare ernstige kritiek in die Volksraad uitgelok. Dit het ook weerklank onder Vrystaatse Volksraadslede gevind, onder meer by G.F. van L. Froneman vir Heilbron-Frankfort en J.J. (Buks) Fouché vir Smithfield en ook die Vrystaatse Administrateur, J.J. Fouché as 'n saak wat hulle na aan die hart gelê het. Laasgenoemde was in 1956 van mening dat indien die las nie verlig sou word nie, dit die einde van die provinsiale stelsel kon beteken. Daarbenewens het die Vrystaatse infrastruktuur 'n ernstige knou gekry.¹¹³ So byvoorbeeld het die provinsiale uitgawe in 1952, die inkomste met R199 366 oorskry.¹¹⁴ Subsidiegewys het die Kaapprovinsie 'n styging van 384 persent, die Transvaal 488 persent, Natal 489 persent en die Vrystaat 194 persent oor 'n termyn van tien jaar vanaf 1943/44 gehad.¹¹⁵

Du Plessis was ook nie met die subsidiestelsel tevrede nie. Op 21 April 1955 het hy gevra dat die Minister van Finansies, E.H. Louw, oorweging moes skenk aan 'n groter vergoedingspakket vir die Vrystaat. Die subsidie wat die Vrystaat ontvang het, was ontoereikend vir die ontwikkelingstempo en gepaardgaande eise wat aan die administrasie gestel is.¹¹⁶

111. Nuusbulletin Radio Oranje, 28.07.87.

112. Vide supra, pp. 18 en 21-22.

113. Volksraadsdebatte, 27.07.53, kol. 529-533; 06.01.56, kol. 2966-2971; 20.03.56, kol. 2997.

114. Ibid., M.C.G.J. van Rensburg, LV, Bloemfontein-Sentraal, 27.07.53, kol. 522-524.

115. Volksraadsdebatte, 19.03.56, kol. 2940.

116. Ibid., 21.04.55, kol. 4614.

Tydens die tweede lesing van die Begrotingswetsontwerp op 12 Junie 1956, het Du Plessis na aanleiding van 'n koerantberig waarin 'n Provinsiale Raadslid die mening huldig dat provinsiale rade afgeskaf behoort te word, gesê dat hy die mening toegedaan was dat daar eerder 'n nuwe bedeling vir provinsiale rade geskep moes word. Hy was van mening dat Hofmeyer in 1945 met die instelling van die subsidiestelsel deur die Finansiële Verhoudingswet geweet het dat sekere provinsies probleme sou ervaar. Gelyke beregtiging as die klaarblyklike doelstelling was onmoontlik as gevolg van verskille ten opsigte van rykdomme, inkomsteverskille, en provinsiale uitgawes, "en ek wil pleit dat elkeen van hulle [die provinsies] afsonderlik behandel sal word met inagneming van sy behoeftes rykdomme en inkomstebronne".¹¹⁷ Die subsidiestelsel was 'n mislukking sodat diegene wat 'n oorfloed gehad het, nog meer gekry het.¹¹⁸

Met die bespreking van die wysigingswetsontwerp op 29 Maart 1957 oor finansiële verhoudings, het Du Plessis sy standpunt herhaal oor die afskaffing van provinsiale rade. Waar Natal en Kaapland hul probleme gestel het, wou hy die Vrystaat s'n uitlig wat dalk nog groter was, soos die goudveldontwikkelingsprobleem, die relatief lae landbou-inkomste en die swak toestand van paaie in die Vrystaat. Die nadelige uitwerking van die subsidiestelsel soos reeds aangetoon, het die Vrystaat met sy lae inkomste, verarm. Ten spyte van spesiale toekennings wat aan die Vrystaat gemaak is, was die provinsie nietemin in geldelike moeilikheid.

Die Vrystaatse burgers het dieselfde reg gehad as hul mede-landsburgers en dit was ondenkbaar dat sekere provinsies vry onderwys en hospitalisasie kon geniet; terwyl belastings dieselfde was. Dit was van kardinale belang dat 'n nuwe grondslag van finansiering spoedig gevind moes word tydens die ondersoek op hande.¹¹⁹

Die Minister van Finansies, J.F.T. Naudé, het begrip getoon vir die probleme van die Vrystaat en verwys na J.J. Fouché, die Vrystaatse Administrateur op daardie tydstip, wat gereken het dat die nuwe voorgestelde finansiële verhoudingstelsel 'n groot stap in die regte rigting was om groter stabiliteit aan die provinsies te verleen.¹²⁰

117. Ibid., 12.06.56, kol. 8058.

118. Ibid., kol. 8057-8058.

119. Ibid., 29.03.57, kol. 3989-3991.

120. Ibid., kol. 3994.

3.3 VERBETERDE SPOORWEGTARIEWE IN BELANG VAN VRYSTAATSE ONTWIKKELING

Op 12 Augustus 1953, tydens die hervatting van die Begrotingsdebat oor uitgawes van die Spoorweg- en Hawefonds, het Du Plessis dit by die Minister van Vervoer, P.O. Sauer, bepleit om die tariewestruktuur vir die Vrystaatse Goudvelde aan te pas. Laer tariewe moes nie net vir die Vrystaat op goederevervoer vanaf Durban geld nie. Dit moes ook, soos in die geval van die Transvaal, vir Oos-Londen en Port Elizabeth geld. Waar die Transvaal as "mededingingsgebied" erken is,¹²¹ moes die Goudvelde en die Vrystaat as nuwe mededingingsgebied erken word.¹²²

Minister Sauer het dit as haas onuitvoerbaar bestempel, tensy die "Mosambiek-ooreenkoms" met Portugal hersien kon word, wat "die areas bepaal [het] tot waar jy naaste hawetariewe kan hê", maar dat dit op daardie gronde steeds die Vrystaat sou uitsluit (ons naaste hawegebied is Oos-Londen).¹²³

In die loop van 1955 het Du Plessis nogmaals sy diepe kommer teenoor die Minister van Vervoer, B.J. Schoeman, uitgespreek. Die staking van voorkeurtariewe en die verhoging van spoortariewe sou die onderontwikkelde dele van Suid-Afrika ernstig benadeel op die terrein van nywerheidsuitbreiding, veral Bloemfontein, die suidelike Vrystaat en Noord-Kaapland.¹²⁴

Volgens B.J. Schoeman was die verspreidingstariewe bykans onherroeplik afgeskaf, op grond van die Newton-kommissie se aanbeveling. Dit was wel tot voordeel van sekere gebiede, maar nie in landsbelang nie en die meeste spoorwegverbruikers het dit as onbillik beskou om voordeel te verleen aan bepaalde nyweraars in 'n sekere gebied.¹²⁵

Op 1 Maart 1956 het B.J. Schoeman laat blyk dat die nuwe stelsel sins insiens goed gewerk het nadat sekere toegewings gemaak is.¹²⁶ 'n Jaar later

121. Ibid., 12.08.53, kol. 1588.

122. Ibid., 12.08.53, kol. 1588.

123. Ibid., kol. 1640.

124. Ibid., 14.03.55, kol. 2715.

125. Ibid., kol. 2746.

126. Ibid., 01.03.56, kol. 1807-1808.

het Du Plessis weer eens 'n beroep op B.J. Schoeman gedoen om dringend aandag te gee aan die Vrystaatse en veral die Bloemfonteinse spoorwegtariewe op nywerheidsgoedere. Jare gelede is spesiale tariewe ingestel sodat eweredige verspreiding kon geskied van invoergoedere vanaf Durban, Port Elizabeth en Oos-Londen se hawens. Die verskil in verspreidingskoste was gering. "Maar onder die nuwe tariewe is dit bepaal dat ook plaaslik gefabriseerde goedere, dit is, goedere wat in Port Elizabeth of in Oos-Londen vervaardig word na die Rand vervoer word teen die spesiale tarief en ook met die verkeer vanaf Johannesburg."¹²⁷

Plaaslik vervaardigde goedere kon toe byna teen dieselfde koste vanaf Johannesburg as Bloemfontein na bogenoemde twee hawestede vervoer word.

Du Plessis het twee alternatiewe voorgestel, naamlik dat die voorkeurtariewe net geldig sou wees op invoergoedere vanaf die betrokke hawens (soos van ouds), of indien onuitvoerbaar, dat die tariewe van Port Elizabeth en Oos-Londen verhoog word en dus gelyk gestel word aan dié van Durban om 'n beter verkeersverspreiding te bewerkstellig sodat Port Elizabeth en Oos-Londen dan klaarblyklik aangewese sou wees op Bloemfontein vanweë die korter afstand.¹²⁸

B.J. Schoeman het verwys na die bindende aard van die Mosambiek-ooreenkoms wat verhoed het dat Mosambiek te veel aftrek kry ten koste van Oos-Londen en Port Elizabeth, maar wel toegegee dat dit deels onbillik was teenoor die nyweraars van die Vrystaatse Goudvelde en Bloemfontein. Dit was egter moeilik om ou gevestigde regte te kanselleer.¹²⁹

Volgens B.J. Schoeman was tariewe ook nie die enigste belangrike faktor rondom nywerheidsvestiging nie en hy het 'n beroep op Du Plessis gedoen om 'n mate van geduld te beoefen. Hulle moes wag op die toekoms, wat moontlik 'n oplossing sou bied.¹³⁰

127. Ibid., 14.03.57, kol. 2863.

128. Ibid.

129. Ibid., kol. 2903. TV 1-Netwerk, 29.06.87. Maputo - Lourenco Marques - word nie meer beskou as 'n invoerhawe vir S.A. nie.

130. Ibid., 14.03.57, kol. 2902-2903.

3.4 DU PLESSIS LID VAN DIE NASIONALE BEHUISINGSKOMITEE

Du Plessis het as lid van die Behuisingskomitee, uit die staanspoor die bul by die horings gepak. Die ernstigste probleem waarmee hulle te kampe gehad het, was die gebrek aan voldoende fondse. Fondse sou meer aaneenlopend voorsien moes word ten einde bouvertragings te voorkom. Dit het volgens Du Plessis telkens geblyk dat daar groot insinkings aan die einde van elke finansiële jaar voorkom wanneer die jaarlikse fondse opgebruik is, met gevolglike ernstige verliese.

Terselfdertyd het dit haglike gesondheidstoestande tot gevolg gehad vanweë die feit dat daar nog steeds mense was wat in stalle en buitekamers gewoon het.¹³¹

Die Minister van Finansies, N.C. Havenga, het in sy antwoord die bestaan van 'n knellende probleem in dië verband toegegee. Dit was egter nie altyd finansiële moontlik om dadelik aandag aan alle probleme te gee nie.¹³²

Tydens die gedeeltelike Begrotingsontwerp op 15 Februarie 1954 het Du Plessis weer die vraagstuk van behuising opgehaal. Du Plessis het gesê dat dit 'n algemeen bekende feit was dat 'n woningnood bestaan het. Ondanks die feit dat die regering om en by R111 miljoen binne ses jaar bestee het in vergelyking met die R178 miljoen vanaf 1920 tot 1954, het daar nog steeds 'n tekort van ongeveer 20 000 wonings bestaan. Hoewel die Minister van Finansies nie méêr geld kon voorsien as waarvoor begroot is nie, was dit nodig om addisionele fondse te vind. Du Plessis het hierop ook voorstelle gemaak vir die besteding van die beskikbare R40 miljoen, wat syns insiens nog te min was. Ten opsigte van nie-blanke behuising het hy die implementering van voorstelle gesteun wat hulle nie sou benadeel nie. Dit het 'n geringe weeklikse bydrae van 50 sent per werker behels wat toegevoeg kon word tot die heffingsfondse wat hul werkgewers betaal het.¹³³

Du Plessis het behuising as 'n ekonomiese bedryf beskou. "As daardie [genoemde] heffingsgelde gebruik word word dit uiteindelik met rente terugbe-

131. Ibid., 09.07.53, kol. 183-184.

132. Ibid., 10.07.53, kol. 233.

133. Ibid., 15.02.54, kol. 599-604.

taal, en die Minister van Naturellesake sal dan die fondse terugkry om die dienste te verskaf."¹³⁴

In geval van die blanke was die nood ewe hoog met die steeds voortstuwende verstedelingsproses. Blankes vanaf die platteland moes aanpas in die stede met 'n salaris van tussen R800 en R1 600 per jaar. 'n Eie huis was buite bereik. Die gevolg was dat mense letterlik saamgebondel het in enige moontlike gehuggie, selfs in stalle. 'n Oplossing was uiters noodsaaklik. Hy het volmondig met die minister saamgestem dat groter bydraes van werkgewerskant nodig was. Syns insiens kon hul egter 'n mate van belastingverligting kry soos in geval van boere.¹³⁵ Die belastingbetaler kon nie die volle las dra nie, "dit sal baie goed wees dat ons die bronne wat nog daar is, sal tap en sodoende die behuisingsvraagstuk baie vinniger oplos".¹³⁶

Vir Du Plessis was dit belangrik dat die gewone blanke werker gehelp moes word. Sodoende het hy ook sy verkiesingsbelofte van 1953 gestand gedoen. Wanneer en waar nodig, sou hy hul belange in die Bloemfontein-kiesafdeling en ook op nasionale vlak na die beste van sy vermoë behartig.¹³⁷

3.5 PLEITREDES IN BELANG VAN BLOEMFONTEIN

Daar is reeds aangetoon dat Du Plessis 'n verbeterde watervoorsieningsprojek nie net vir die Vrystaatse ontwikkeling bepleit het nie, maar ook vir Bloemfontein.¹³⁸ Nywerheidsvestiging en uitbreiding in Bloemfontein moes gestimuleer word.¹³⁹ Sy pleidooie om minderbevoorregtes van huise te voorsien, sou ook Bloemfontein insluit.¹⁴⁰

134. Ibid., kol. 604.

135. Ibid.

136. Ibid.

137. Ibid., 27.02.59, kol. 1736-1749.

138. Vide supra pp. 18 en 19.

139. Vide supra pp. 19 en 20. Volksraadsdebatte, 24.05.54, kol. 6016. "Ek voel bes moontlike kans vir ekonomiese sukses 'n gebied in die Vrystaat, naamlik Bloemfontein as sentrum tot by die Caledonrivier suidwaarts wat groot moontlikhede vir nywerheidsuitbreiding bied."

140. K903/1, Onderhoud.

Origens het hy periodiek vrae aan ministers gestel oor noodsaaklike regeeringsontwikkelingsprojekte of aangeleenthede in belang van die ontwikkeling van Bloemfontein. Die feit dat die Hoofregter van die Appêlhof nie in Bloemfontein, die geregtelike hoofstad woon nie, is 'n saak wat hy op 3 September 1953 teenoor die Minister van Justisie, C.R. Swart, geopper het. Op daardie tydstip het die Bloemfonteinse munisipaliteit reeds 'n erf aangebied vir die bou van 'n huis vir die Hoofregter.¹⁴¹

Ander aspekte waarop Du Plessis voortdurend gehamer het en telkens as vrae in die Parlement geopper is, het die volgende behels: Bloemfontein was meer as net die provinsiale hoofstad van die Vrystaat. Dit was immers die geregtelike hoofstad van Suid-Afrika. Die feit dat regslui ên die Hoofregter nie in Bloemfontein gewoon het nie, was vir hom 'n doring in die vlees. Dit het onnodige uitgawes meegebring.

Dat dit ook 'n saak van erns by die regering was, blyk uit die antwoord van adv. C.R. Swart, die Minister van Justisie. Hulle het aandag aan die saak gegee en die Hoofregter en Appêlregters was reeds ingelig dat hul vervoersubsidie teen die einde van 1957 sou verval. Alhoewel die regering dit as wenslik beskou het dat die betrokkenes in belang van uitsprake in Bloemfontein moes woon, was daar op daardie tydstip nie geld vir die bou van 'n Hoofregterswoning nie.¹⁴²

Afgesien van die voorafgaande het die werksomstandighede van die amptenary van die Hof in Bloemfontein Du Plessis gekwel.¹⁴³ Op dieselfde wyse was hy van mening dat die voltooiing van die Bloemfonteinse regeringsgeboue regoor die stadsaal, sowel as die nuwe landdroskantore, bespoedig moes word. Dit was toe reeds bykans tien jaar sedert die persele aan die staat oorgedra is.¹⁴⁴ Byna 'n jaar later - na 'n tweede navraag - het Du Plessis van owerheidsweë die versekering gekry dat die bouwerk die daaropvolgende jaar - 1956 - sou begin.¹⁴⁵

141. Volksraadsdebatte, 03.09.53, kol. 3004.

142. Ibid., 14.05.57, kol. 6137-6138.

143. Ibid., 05.05.54, kol. 5076.

144. Ibid., 17.05.54, kol. 5785.

145. Ibid., 08.02.54 en 11.02.54, kol. 1035.

Du Plessis was ook grootliks daarvoor verantwoordelik dat die poskantoorstore weer na Bloemfontein verskuif het, nadat dit weens 'n brand 'n tyd lank na Kimberley verskuif is. Dit was syns insiens nodig om die verlore koopkrag en werkers terug te kry.¹⁴⁶ Die uiteindelijke gevolg was dat J.J. Serfontein, Minister van Pos- en Telegraafwese, bevestig het dat 'n perseel met geboue toe so pas aangekoop was. Die hoofdepot vir die Vrystaat en dele van Natal sou in Bloemfontein gevestig word, terwyl Kimberley 'n subdepot sou kry.¹⁴⁷

Du Plessis het hom ook onvermoeid beywer vir die aanbou van 'n burgerlike lughawe vir Bloemfontein en het vele pleidooie by N.C. Havenga, Minister van Finansies, hiervoor gelewer. Die ou Tempe-lughawe in Bloemfontein met sy grondbane was totaal ontoereikend tydens reënweer, wat sakemanne verplig het om van die lughawe op Kimberley gebruik te maak.¹⁴⁸

Die regering se erkenning dat die Tempe-lughawe ontoereikend was, het gelei tot die oprigting van die J.B.M. Hertzog-lughawe,¹⁴⁹ nadat Du Plessis aanvanklik in sy burgemeesterstermyn vasgeskop het teen die gedagte dat die Bloemfonteinse stadsraad dié nuwe lughawe deels uit die plaaslike belastingbetaler se sak moes help finansier. Hy kon geen rede insien waarom 'n plaaslike bestuur in 'n nasionale aangeleentheid moes voorsien nie.¹⁵⁰ Dit is dus te verstane waarom hy toe hy die Minister van Vervoer, B.J. Schoeman, op 4 Junie 1957 in die Volksraad bedank het vir toegewings hy terselfdertyd die geleentheid gebruik het om te versoek dat die regering aandag moes gee aan doelmatige lughawegeboue.¹⁵¹

Dieselfde strydvaardigheid om Bloemfontein en die Vrystaat se belange te beding, is nog steeds by Du Plessis aanwesig soos blyk uit sy boodskap aan Bloemfonteiners in Oktober 1987, tydens die reünie van "pilare en pilaresse" en sy waarskuwing dat daar met erns gewaak moet word oor Bloemfontein se belange, teen bogenoemde agtergrond en alles wat met groot moeite die

146. Ibid., 10.06.55, kol. 7931 en 7939.

147. Ibid., 25.01.57, kol. 182-183.

148. K903/2, Onderhoud en gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.

149. Vergelyk Volksraadsdebatte, 04.06.57, kol. 7380-7381.

150. Burgemeestersrede, 31.03.50, pp. 61-62.

151. Volksraadsdebatte, 04.06.57, kol. 7380-7381. Vergelyk Burgemeestersrede, 31.03.50, pp. 61-62.

afgelope bykans veertig jaar in Bloemfontein en die Vrystaat tot stand gebring is.¹⁵² Sy beskouing, "As ons nie aanhou vra, eis en aandrang nie, gaan die stad skade ly,"¹⁵³ lê diepgewortel. Wat die hede betref, het hy as voorbeeld verwys na nuwe verwickelinge rondom die kansellering van sekere vlugte, veranderings en ook wysigings wat vir 1988 hieromtrent beoog word.¹⁵⁴ In wese bots dit met die uitbouingsideale wat Du Plessis en andere vir Bloemfontein gekoester het en nog koester. Dit is klaarblyklik dat ongeag die meriete van gerusstellende verklarings en moontlike praktiese oplossings, die beweging van mense na en van Bloemfontein in 'n mindere of meerdere mate benadeel kan word.¹⁵⁵

3.6 ANDER PARLEMENTÊRE BYDRAES

Apartheid was vroeër die aanvaarde ideologie van die regerende party. Du Plessis het dit gesteun en glo nog daarin.¹⁵⁶ Tydens 'n bespreking van die Naturelle (Stadgebiede) Wysigingswetsontwerp op 9 Februarie 1955 het hy hom uitgespreek teen die idee van die opposisie om die swartes te verwesters wat vermenging met die blankes sou beteken. Dit sou daartoe lei dat swartes permanent tussen blankes bly en nie-blanke stemreg tot gevolg sou hê. Hy het gesê Suid-Afrika het genoeg plek sodat hulle buite die stede tussen hul eie mense kan woon. Sommige stadsrade was nie hiertoe geneë nie, en derhalwe het Du Plessis die klousule gesteun wat aan die Minister van Naturelle-sake die mag gegee het om plaaslike owerhede te verplig om swartes te verskuif¹⁵⁷ en "die rasse te skei".¹⁵⁸

-
152. Vergelyk Die Volksblad, "n Unieke reünie .. en 'n waarskuwing", 22.10.87.
153. Die Volksblad, 22.10.87.
154. Ibid. Dié aangeleentheid geniet tans die aandag van die Bloemfonteinse stadsraad. Vergelyk Die Volksblad, 25.03.88.
155. Vergelyk Die Volksblad, "Sê jou sê", 28.10.87.
156. K903/1, Onderhoud.
157. Volksraadsdebatte, 09.02.55, kol. 894-896.
158. Ibid., 12.06.57, kol. 8158-8160. Dr. Carel de Wet in verband met skeiding en waarom dit nodig was - onder andere, kulturele agterstand.

Gedurende die tweede lesing van die Wetsontwerp op Verpleging op 12 Junie 1957 tydens die debatvoering rondom die skeiding van blanke en nie-blanke verpleegsters, het Du Plessis hom uitgespreek teenoor die beskuldiging dat die Nasionale Party en meer spesifiek die FAK, blanke verpleegsters opswiep vir apartheid. Dit was nie nodig nie aangesien "Apartheid ons leefwyse [i.s.]; dit is hoe ons leef in hierdie land".¹⁵⁹ Hy het origins die NP se partybeleid beklemtoon, naamlik dat skeiding in belang van alle bevolkingseksies was.¹⁶⁰ Hy het die hoop uitgespreek dat dië edele beroep die voordeel sal geniet van die "wyse maatreël van die Regering".¹⁶¹

Du Plessis het ook die Suid-Afrikaanse werker, die gewone man, se belange op die hart gedra. Dit sluit verpleging,¹⁶² die polisie,¹⁶³ en die weermag in.¹⁶⁴ Dit blyk dat as hy iets vir hulle kon doen, hy nie gehuiwer het nie, of dit van groot of kleiner belang was, het nie saak gemaak nie. Voorbeelde hiervan sou wees die bedinging vir beter behuisingsvoordele, salarisse en pensioenvoordele.¹⁶⁵ Die beskerming van die blanke werker se tradisionele werk is bedreig deur die invloed van goedkoper kleurling- of swartarbeid, maar ook andersom.¹⁶⁶ Elke kleurgroep moes volgens die aard van die Nasionale Partybeleid die geleentheid geniet om in sy eie gemeenskap ten beste te ontwikkel.¹⁶⁷ By geleentheid het hy selfs voorgestel dat die warm spoorweg-uniform vervang moes word met iets ligters vir die somer.¹⁶⁸ Hy het

-
159. Volksraadsdebatte, 12.06.57, kol. 8174.
160. Ibid., kol. 8179.
161. Ibid., kol. 8180.
162. Ibid., 14.03.55, kol. 2716.
163. Ibid., 03.09.53, kol. 3042-3046.
164. Ibid., 08.02.55, kol. 763-764. Hy word tydens sy Administrateurskap deur die Weermag met 'n erekolonelskap vereer. Hy was ook op sy dag 'n baasskut wat die O.V.S., W.P. en die parlementêre skietspanne verteenwoordig het. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit.
165. Volksraadsdebatte, 06.02.59, kol. 560.
166. Ibid., 10.09.58, kol. 3633. Vergelyk ook 21.04.59, kol. 4572.
167. Volksraadsdebatte., 17.06.55, kol. 8642. Huisvesting vir swartes. Swartes moes opgelei word om onder hul eie mense te werk; Vide infra Die Volksblad. 20.06.87. 'Ontplofde' Johannesburg in bos! Skud mite van 'blanke stede' af - RGN.
168. Volksraadsdebatte, 14.03.55, kol. 2716.

ook 'n ondersoek na finansiële instellings bepleit waarvan die registrasie twyfelagtig was en wat behoefdiges met 'n skyn spaarplan om die bos wou lei. Vir hom het dit na niks anders as dobbelary gelyk nie. Hiervoor het Du Plessis selfs die opposisie se steun verkry. 'n Skuiwergat in die wet moes ondersoek word.¹⁶⁹ Du Plessis het dus net so onverbiddelik in sy eise teen boosdoeners en agitators gestaan.¹⁷⁰

Padveiligheid was eweneens vir hom 'n saak van groot erns. Die dodetol op die Suid-Afrikaanse paaie was vir hom iets skrikwekkends en kon daar nie genoeg aandag hieraan gegee word nie. Die nuwe Padveiligheidsverslag van 1958 moes met groot erns bejeën word. Dit was nodig om in volksbelang 'n beter verkeerstelsel te ontwerp. Die ou 6- en 7-meter paaie was syns insiens lewensgevaarlik. Swaar vragmotors kon slegs met lewensgevaar verbyggesteek word.¹⁷¹ Die nasionale padnetwerk moes by moderne motors aangepas word. Dit sou ook tot voordeel van weermag-optrede in krisistye wees. "Ek wil pleit by die Minister [van Vervoer, B.J. Schoeman] om meer aandag te gee aan padbou en padbeplanningstelsel in ons land"¹⁷² Die nodige fondse moes net eenvoudig gevind word.

Onderwyl die begrotingspos Vervoer tydens die Begrotingsdebat op 14 Mei 1959 bespreek is, het Du Plessis klagtes beantwoord teen die Vervoerkommissie. Hy het aan J.H. Russell, lid vir Wynberg, gesê dat hy gerus die verslag van die Komitee van Ondersoek na Padveiligheid kon lees in samehang met die Viljoen-verslag. Padvervoer kon nie verder uitbrei in Suid-Afrika nie. Hulle moes eerstens die ongeluksyfer verminder en kon nie net meer en meer vervoerliensies uitreik nie.¹⁷³

169. Ibid., 14.05.59, kol. 6168-6170.

170. Ibid., 03.02.58, kol. 802-804. Agitators moes vasgevat word soos in Bloemfontein deur middel van doeltreffende beheer en streng strafmaatreëls.

171. Volksraadsdebatte, 08.09.58, kol. 3362-3363.

172. Ibid., 21.07.58, kol. 691-692.

173. Ibid., 14.05.59, kol. 6239.

Diensplig was ook 'n aangeleentheid wat Du Plessis se aandag geveerg het. Hy was nie ten gunste van militêre vrystellings op geloofsgrond nie. Uitsonderings kon nie ten koste van die meerderheid dienspligtiges gemaak word nie. Dit gaan om noodsaaklike opleiding en nie om oorlogsvoering nie. Persone met gewetensbesware kon byvoorbeeld hospitaaldienste verrig.¹⁷⁴

As daar terugskouend gekyk word na Du Plessis se rol in die openbare lewe voordat hy Administrateur van die Vrystaat geword het, is dit duidelik dat hy hom wel deeglik bewys het as 'n persoon wat sy pad van onder af oopgeveg het tot in die Volksraad. Hy was 'n suksesvolle sakeman, 'n persoon met 'n goeie plaaslike bestuursagtergrond, en 'n Volksraadslid wat die belange van sy kiesafdeling, Bloemfontein-Wes, op die hart gedra het. Hy is 'n man van vele aansigte, hoewel hyself beskeie is oor sy rol as Volksraadslid. Sy belangstellingsveld het wyd gestrek en hy het insette in vele sake van nasionale belang en ook ten opsigte van die Vrystaat, gelewer.¹⁷⁵

In beskeidenheid sê hy: "Ek het my besig gehou met brood-en-botter-aspekte-sake van nasionale belang en die ontwikkeling van gemeenskapsfasiliteite waarin vrugbaar gedeel kan word".¹⁷⁶

Dat hy sy plek volgestaan het, blyk alte duidelik uit die volgende: Hy dien in die gekose staande komitees van Finansies, Pensioene, Arbeid en Verdediging, 'n spesiale komitee ten opsigte van wetgewing, en in die komitee van ondersoek aangaande die Verpleegsterswetsontwerp. In 1959 verteenwoordig hy, saam met ander Volksraadslede die Suid-Afrikaanse Regering by die konferensie van die Statebondse Parlementêre Vereniging in Australië.¹⁷⁷

By nabetragting sê Du Plessis dat hedendaagse Volksraadslede akademies baie goed gekwalifiseerd moet wees. "Manne van ons gehalte sal nie vandag daar inkom nie." Hy is egter van mening dat die gewone praktiese mens ook nodig is in die Volksraad.¹⁷⁸

174. Ibid., 27.02.57, kol. 1952-1954. Vergelyk berig in Die Volksblad, 12.06.87 onder andere "Beswaardes mag nie staat se veiligheid bedreig".

175. Vergelyk Byvoegsel tot die Volksblad, 18.12.59.

176. K903/2, Onderhoud. Vide supra p. 16 ten opsigte van vooropgesette idees en verder.

177. K903/2, Onderhoud.

178. Ibid.

The Friend, 21 September 1964, skryf: "His career fitted him well for the Free State's top post".¹⁷⁹

4. J.W.J.C. DU PLESSIS NEEM DIE ADMINISTRATEURSAMP OOR BY J.J. FOUCHÉ

Die nuus het op 7 Desember 1959 bekend geword dat Du Plessis met ingang 14 Desember 1959 deur dr. Verwoerd in die plek van J.J. Fouché aangestel is.¹⁸⁰

Die Volksblad berig op 8 Desember 1959 onder die opskrif "Benoemings in hoë poste kry goeie ontvangs". Die aanstellings van adv. C.R. Swart as Goewerneur-Generaal, J.J. Fouché as Minister van Verdediging en Sand du Plessis as Vrystaatse Administrateur, in belangrike Suid-Afrikaanse poste is besonder goed aanvaar, ook selfs in opposisiegeledere. "Selde in die laaste jare was so 'n reeks van belangrike benoemings so algemeen gewild as dié Vrystaatse driekuns!" Die Volksblad skryf onder andere na aanleiding van sekere ander kabinetsveranderinge, "Maar dit is ook duidelik dat die Eerste Minister [dr. Verwoerd] in sy besondere omstandighede hom langsaam haas en sy ideale span stap vir stap agtermekaar kry namate natuurlike veranderinge hulle voor=doen".¹⁸¹

Dit blyk dat sy aanstelling die algemene goedkeuring weggedra het van beide taalgroepe in die Vrystaat. Jan van Zyl, parlementêre verslaggewer van Die Volksblad het beweer dat dit ook vanuit 'n parlementêre oogpunt, as 'n populêre keuse beskou is, selfs onder sy politieke opponente van weleer. Hy sou onthou word vir die erns waarmee hy die Vrystaatse vraagstukke bepleit het, maar ook vir sy geestigheid.¹⁸²

Daar was egter by sommige NP-ondersteuners in die Vrystaat die gevoel dat Willem Pretorius vanweë sy senior posisie as jarelange lid van die Uitvoerende Komitee eerste op die prioriteitslys was.¹⁸³

179. The Friend, 21.09.64. Vergelyk ook Die Volksblad, 07.12.59; 08.12.59.

180. The Star, Johannesburg, 07.12.59.

181. Die Volksblad, 08.12.59. Waarskynlik met die oog op Republiekwording.

182. Die Byvoegsel tot Die Volksblad, 18.12.59.

183. Die Volksblad, 22.12.59.

Dr. Verwoerd was genoodsaak tot 'n persverklaring waarin hy sê: "dit [was] my harde plig, sowel as dié van die ministers wat geraadpleeg is, om persoonlike gevoelens opsy te sit en te besluit oor wat meeste in belang van die Vrystaat sou wees". Dit was 'n geval waar hulle na die toekoms moes kyk, en dit was te betwyfel of Pretorius vanweë sy hoër ouderdom "die groot taak kon dra".¹⁸⁴

Op 12 Januarie 1960 skryf dr. Verwoerd aan Du Plessis: "U kan verseker wees dat ons met groot vertroue u aanstelling gedoen het, en hoop dat dit nie te lank sal duur nie voor algemene tevredenheid deur u beider optrede bewerkstellig sal word. Die aanstelling berus vanself nie op persoonlike verhoudingsgronde nie dog saaklike oorwegings. Ek is bewus van die enkele opmerkings wat die aanstelling uitgelok het". Hy verwys dan na sy persverklaring, waarna hy afsluit: "Ek is tevrede dat die oorwig van mening goedkeuring is en glo dit sal groei".¹⁸⁵

Soos inderdaad deur dr. Verwoerd uitgespel en reeds deels vooraf uitgewys is, het 'n groot taak gewag. Dit is by geleentheid erken dat dié Vrystaat 'n agterstand gehad het (by die ander provinsies) wat in die toekoms reggestel sou moes word.¹⁸⁶

Die Vrystaat het, soos algemeen bekend, sy probleme gehad en hul is deur Du Plessis onderstreep tydens die Tweede Sitting (1960) van die dertiende Provinsiale Raad. Die Vrystaat sou vir vyftig jaar die nadelige effek van die twee Wêreldoorloë beleef, en die depressie van die dertigerjare. Landswye droogtes en epidemiese siektes het ook sy tol geëis. Die gevolg was 'n aanvanklike stadige groeitempo en afname van provinsiale inkomste.¹⁸⁷

Die finansiële vergoedingspakket was verouderd. Dit sou die Vrystaat in sy nuwe groeifase ernstig kortwiek. Daar kon nie in J.J. Fouché se termyn voldoende voorsien word in die vinnig toenemende provinsiale behoeftes nie, ten spyte van dinamiese vooruitgang soos onder andere Sasol en die Goudvelde. Padbou-, hospitalisasie- en onderwysbehoefte was enkele voorbeelde.

184. Ibid.

185. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: H.F. Verwoerd - J.W.J.C. du Plessis, 12.01.60.

186. Vide supra. Minister Naudé, p. 25.

187. Notules van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 01.06.60, p. 40.

Die steeds groeiende bevolking van die Vrystaat het sy eise gestel.¹⁸⁸ Daarby was dele van die Vrystaat swak daaraan toe wat die bewaring van sy belangrikste hulpbronne, water, betref.

4.1 'N GEES VAN KONSERWATISME

Dit blyk volgens Du Plessis dat daar na die Tweede Wêreldoorlog 'n gees van konserwatisme in die Vrystaat bestaan het, wat toegeskryf kan word aan die feit dat mense doelbewus die Vrystaatse landelike omgewing wou behou, en tweedens was daar die neiging om ontwikkeling ietwat terug te hou. Kritiek moes vermy word, al het ondersoek die noodigheid vir verandering genoodsaak. Dit het gelei tot 'n stilstand in die ontwikkeling van die Vrystaat "en ek (Sand du Plessis) verwys byvoorbeeld hier na kantore en monteergeboue wat in die swakste toestand was".¹⁸⁹

Die vroeëre oorversigtigheid, soos hierbo vermeld, was heelwaarskynlik daaraan te wyte dat regerings na die Tweede Wêreldoorlog finansiële versigtigheid aan die dag gelê het as gevolg daarvan dat hulle die gord stywer moes knoop nadat finansiële bronne en mannekrag tot die maksimum benut is.

Dit was ook in 'n sekere mate die geval met die Suid-Afrikaanse regering en het die omstandighede na die tweedevlak regering deurgesuur. Eers na Republiekwording, toe die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n hoogbloefase bereik het; het regeringsbesteding vryliker en makliker geword.

Sand du Plessis het die voordeel gehad dat hy op dié tydstip dat die ekonomie 'n hoogkonjunktuur beleef het beheer oor die Vrystaat oorgeneem het. Du Plessis sou die gunstige omstandighede benut. Reeds in die verlede het hy bewys gelever dat hy 'n progressiewe mens is. Daarby was hy as

188. Volksraadsdebatte: Froneman, kol. 532-533, 27.07.53; M.C.G.J. van Rensburg. 19.03.56. kol. 2938. Noodsaaklike dienste gaan in die slag bly - Du Plessis, Fouché's en Froneman.

189. K903/2, Onderhoud. Vergelyk Provinsie Oranje-Vrystaat: Verslag van die hoofingenieur van Paaie, [A.F. Steven], 01.10.57 - 31.03.60, pp. 45-46.

Administrateur gereed om voort te bou op die stewige fondament wat J.J. Fouché, sy voorganger gelê het.¹⁹⁰

Hy het egter laat blyk dat dit nie vanselfsprekend was dat hy in die voetspore van voorgangers sou volg nie, maar "my wife and I will endeavour to build on what others have started".¹⁹¹ Terselfdertyd het hy sy volle vertroue teenoor die inwoners van die provinsie uitgespreek en hulje samewerking gevra waar die Unie-halfeeufeesvieringe voor die deur gestaan het. Hul werk sou in dié verband veel kon beteken vir die toekoms en hy was: "sure that I can depend on their help to build a bigger Free State".¹⁹²

Op die oog af het dit origens gelyk of dit nie so moeilik sou wees nie. Die ekonomiese situasie in Suid-Afrika het verbeter en ekonomiese het vir die Vrystaat in die besonder, 'n rooskleurige toekoms voorspel.¹⁹³ Die Swart opstand te Sharpville en die Suid-Afrikaanse uitrede uit die Britse Statebond sou die ekonomie tydelik benadeel. Die Suid-Afrikaanse ekonomie het nietemin in die nuwe Republikeinse era teen 'n besondere tempo vooruitgang gemaak.¹⁹⁴ Die Vrystaat se finansiële probleme moes dus volgens verwagting eintlik iets van die verlede wees. Dit blyk, gesien in die lig van die hieropvolgende hoofstukke, ietwat van 'n growwe veralgemening te wees, voordat die Vrystaat daarop sou kon staatmaak dat sy ekonomiese probleme verby sou wees.

190. The Friend, 09.12.59.

191. Ibid., 15.12.59.

192. Ibid.

193. Die Volksblad, Hoofartikel, 10.12.59: Vergelyk W.J. de Kock, Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 48-49.

194. De Kock, pp. 48-49.

HOOFSTUK 2

DIE GOUE SESTIGERJARE: TOEKOMSGERIGTE SAMEWERKING EN DAADWERKLIKE UITBOUING

Soos deels reeds aangedui, het Du Plessis by sy aanstelling as Administrateur klem gelê op die samewerking van een en almal; hy en sy eggenote sou hul bes doen om die sake van die Vrystaat te bevorder in 'n egte Vrystaatgees. Daar was baie werk. Die mikpunt was die uitbouing van 'n groter Vrystaat in belang van die inwoners: "vooruitgang oor die volle lewensakker.....".¹

Du Plessis se sake-ervaring sowel as sy munisipale en Volksraadservaring moes iewers 'n neerslag vind in sy nuwe taak as Administrateur en die sakeman in hom het geweet dat samewerking tussen die publiek en amptenary essensieel is om die doelwit, hetsy 'n suksesvolle onderneming of 'n groter Vrystaat, in almal se belang na te jaag. 'n Gebalanseerde uitkyk was nodig om te slaag. Alle belangrike lewensfasette sou dus in berekening gebring moes word; nie net die versorging van die fisiese uiterlike nie, maar ook die versorging van die sosiale, ekonomiese en kulturele aspekte is vereis om in die noodsaaklike behoeftes van die mense van sy provinsie te voorsien.²

Hy het dadelik begin om as provinsiale leier sy mense te oriënteer. Hy het nie alleen die publiek tot samewerking opgeroep nie, maar ook sy Uitvoerende Komitee en Provinsiale Raad in sy eerste toesprake daartoe gemaan. Sy gewilligheid tot samewerking het hy telkens bevestig. Hy het ook laat blyk dat daar baie werk was,³ want reeds tydens oud-Administrateur Fouché se termyn het die Goudveldgebied uit sy nate gebars. Fouché en sy Uitvoerende Komitee het reeds gedeeltelik die beplanning gedoen om te voorsien in die groot behoefte na talle nuwe skole, hospitale en paaie. Hierdie fasiliteite sou spoedig voorsien moes word.⁴ Dit blyk dat die groot probleem finansieel van

-
1. Notules van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 01.03.60, p. 2. Vergelyk Die Volksblad, 01.03.60.
 2. Vide infra hoofstuk 1.
 3. Vergelyk PR-notule, 01.03.60, p. 2 en sy beroep: "Laat ons in eenheid en vol vertroue die skouer aan die wiel sit want daarin lê ons krag." Hy het ook klem gelê op "doeltreffende bestuur".
 4. PR-notule, 01.03.60, p. 11. Vergelyk spoedige optrede p. 65.

aard was. In die voorafgaande hoofstuk is reeds aangetoon dat die Vrystaatse LV's ongelukkig was met die finansiële voorsieningsmaatreëls wat onvoldoende was om 'n behoorlike infrastruktuur vir die Vrystaat te voorsien. Ten tye van sy aanstelling as nuwe Administrateur was Du Plessis deeglik bewus van die agterstand wat sy provinsie gehad het behalwe dat die Goudveldgebied rondom Welkom voortdurend al groter eise aan die skatkis van die Vrystaat gestel het vanweë die behoeftes van 'n snelgroeiende bevolking. In die Vrystaatse Goudveldgebied moes die Vrystaatse Administrasie klaarblyklik inkomste in die vorm van mynbelasting inboet - soos verduidelik in hoofstuk drie - terwyl die administrasie ook in die normale behoeftes van die Vrystaat moes voorsien. Terseldertyd het groot ontwikkeling op die landbouterrein plaasgevind wat beter paaie vereis het. Hiermee saam was talle provinsiale geboue besig om te verval. Swaarder padverkeer sou sake ook bemoeilik.

In sy eerste toespraak in die Provinsiale Raad het Du Plessis daarop gewys dat die "Gekonsolideerde Ordonnansie op Plaaslike Bestuur" reeds in voorlegging was by die Oranje-Vrystaatse Munisipale Vereniging. Daar is "ook naastiglik gewerk aan die hersiening van die Dorpe-ordonnansie".⁵ Hersiening van hierdie ordonnansies het nodig geword sodat tred gehou kon word met die "fenomenale ontwikkeling van die Provinsie en die vorderings op die gebied van plaaslike bestuur in die algemeen en dorpsbeplanning in die besonder".⁶ Beplanningsbewustheid was aan die toeneem. Uit agt dorpsaanlegskemas was drie goedgekeur, die res was onder oorweging.⁷ Die Ontwikkelingsraad vir Buitestedelike Gebiede was insgelyks besig met 'n ondersoek ten opsigte van die beplanning en ontwikkeling van kleinhoewegebiede.

Groot ontwikkelings was in die Transvaal aan die gang op die gebied van plaaslike bestuur. Dit sou met erns dopgehou word, maar het nie noodwendige toepassing ten opsigte van die Vrystaat impliseer nie. Omstandighede het immers verskil.

Du Plessis het ook beklemtoon dat plaaslike besture nie sonder probleme was

-
5. PR-notule, 01.03.60, p. 8. Vergelyk die Die Volksblad, 01.03.60.
 6. PR-notule, 01.03.60, p. 8.
 7. Die Volksblad, 01.03.60.

nie. Dit het wêreldwyd voorgekom, en dikwels duidelik geblyk by samekomste van hierdie organisasies, onder meer by die tweejaarlikse internasionale kongresse waar na algemene probleemoplossings gesoek is.⁸ Die Administrateur het in sy openingsrede die belangrikheid van plaaslike besture beklemtoon en die versekering gegee dat die administrasie sy bes sou doen om tred te hou met nuwe ontwikkelings en moderne rigtings op dié gebied. Bewys hiervan is gelewer deur die verteenwoordigers wat die administrasie steeds na hierdie kongresse gestuur het.⁹

Hy het sy bereidwilligheid bevestig om deur middel van heelhartige samewerking met die regering om probleme wat tussen hulle en die administrasie sou ontstaan, op te los. Volgens die verwagting kon "gevalle voorkom waar regeringsbeleid sake van plaaslike aard bemoeilik en dikwels ook koste vir plaaslike besture meebring wat hulle kwalik kan dra".¹⁰

Die Administrateur het terselfdertyd aangetoon dat hy ten gunste van samewerking tussen plaaslike besture in groep- of streeksverband was. Hy het as voorbeeld ses Vrystaatse dorpe geneem wat 'n konsortium gestig het om hul eie kragnetwerk vanaf Bloemfontein aan te lê wat vir hulle krag sou voorsien. Hy het dit voorgedra as 'n tipiese voorbeeld van samewerking in gemeenskaplike belang. Dit was besparend van aard, selfgemotiveerd, en bydraend tot die ontwikkeling van daardie gebied. Uit hierdie probleme het hy ook ter illustrasie gewys op onder andere 'n groot toekomsprobleem, naamlik die bekamping van lugbesoedeling, wat blykens sy implikasie nog grootskeepse navorsing en publieke samewerking sou vereis in die toekoms. Du Plessis het duidelik laat blyk dat die pad oop was vir eie inisiatief, veral by wyse van streeks- of gebiedsamewerking.¹¹ J.D. Marx reken dat hy toe reeds 'n persoon was wat geglo het in 'n vorm van privatisering wat vandag groot prominensie geniet,¹² naamlik desentralisasie.

8. PR-notule, 01.03.60, pp. 7-8.

9. Ibid., p. 7. Vergelyk Die Volksblad, 01.03.60; PV 772, J.W.J.C. Du Plessis-versameling, Lêer 4/1/5; Hoofstuk 5, Beplanning.

10. PR-notule, 01.03.60, p. 8.

11. Ibid., p. 9.

12. Onderhoud met J.D. Marx, voormalige Provinsiale Sekretaris, 13.11.86.

Sy ervaring en lewensfilosofie het van hom 'n persoon gemaak wat klaarblyklik in beplanning geglo het. In Die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Jaarboek en Dagboek 1965 sê Du Plessis: "In die jaar 1960 is besluit om die ontwikkeling van die Vrystaat te bevorder deur middel van doelgerigte navorsing en beplanning, en om sodoende nywerheidsvestiging binne ons grense aan te moedig".¹³

1. DIE HALFEEUEFES VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA: 'N GELEENTHEID TOT SAMEWERKING

In 1960 vind die Halfeeuefes van die Unie van Suid-Afrika plaas. Die fees in die Vrystaat het amptelik begin nadat Du Plessis die feesfakkel op 10 Maart 1960 op die Oranjerivier-brug tussen Colesberg en Philippolis ontvang het.¹⁴ Origens het hy feesgangers op vyf Vrystaatse dorpe toegespreek.

Du Plessis het op eie inisiatief probeer om geesdrif vir die fees aan te wakker en het vele pogings aangewend om die fees in Bloemfontein te laat plaasvind,¹⁵ voordat hy 'n brief van dr. Dönges ontvang het waarin die minister hom gevra het om as beskermheer van die fees in die Vrystaat op te tree in sy hoedanigheid as Administrateur. Tydens die viering van die vyftigjarige bestaan van die Unie sou die regering sy aandag toespits op die nywerheidsvordering in Suid-Afrika as hoofteema. Dit sou plaasvind in Johannesburg. Daarenteen sou die uitbeelding van die vordering op kulturele gebied in Bloemfontein tot 'n hoogtepunt gevoer word.¹⁶

In al sy optredes tydens hierdie fees, was Du Plessis se vernaamste instellingspunt die samewerking van Afrikaans- en Engelssprekendes, om die voorespoed en ontwikkeling van die Vrystaat te verseker. Op 31 Mei 1960 het Du Plessis in die Bloemfonteinse Feesstadion gesê dat hulle manne en vroue van durf nodig het, wat die toekoms sonder huiwering en onbevrees kon ingaan om eenheid, harmonie en vrede vir hul nageslag te skep. Hy het daarin geglo

-
13. Die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Jaarboek en Dagboek, 1965, voorwoord. [Hierna vermeld as: O.V.S. Jaar- en Dagboek].
14. Die Volksblad, 07.03.60; 10.03.60; 16.04.60.
15. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 27.10.86.
16. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/5/1, T.E. Dönges - J.W.J.C. Du Plessis, 27.01.60.

dat die talle en moeilike probleme van Suid-Afrika opgelos kon word as alle groepe sou saamwerk.¹⁷ Hiertydens was dr. Verwoerd die hoofspreekster.

Tydens die oorhandiging van die Uniefees-gedenkpenning in die Raadsaal op 8 Desember 1960 het Du Plessis gesê dat 'n reusetaak met sukses uitgevoer is. Afrikaans- en Engelssprekendes het hier sy aan sy gewerk, sommige tot agtien maande lank: "to bring homage to the founders of Union 1910".¹⁸ In sy Nuwejaarsboodskap van 30 Desember 1960 het hy in Die Volksblad gesê: "Met die Uniefeesvieringe hier in ons Provinsie is bewys gelewer dat ons in staat is om groot ondernemings met welslae aan te pak".

Op 1 Junie 1960, die dag na die feestelike hoogtepunt, het Du Plessis in die Provinsiale Raad gesê dat hulle 'n nuwe tydperk betree het. Hoewel die toekoms, die volgende vyftig jaar, onbekend was, moes voortgegaan word "met die gebalanseerde ontwikkeling van ons provinsie tot voorspoed en voordeel van alle inwoners van die Oranje-Vrystaat".¹⁹

2. FINANSIES EN BELEID

Du Plessis het op 1 Junie 1960 tydens die Provinsiale Begrotingsrede verklaar dat die regering 'n kommissie aangestel het wat die finansiële verhoudings tussen die regering en die provinsies sou ondersoek. Getuienis sou voor genoemde kommissie deur die provinsies afgelê moes word, klaarblyklik die Schumann-kommissie, wat op 8 April 1960 aangestel is. Dit sou egter baie jare duur voordat enigiets positief bekend gemaak is. Waar die publiek hiervan bewus was, is kritiese vrae periodiek in die media en op die openbare platform gestel, waarvolgens onder meer gereken is dat provinsiale rade die bron van onnodige uitgawes was. Derhalwe kon hul funksies sonder veel ongerief deur staatsdepartemente oorgeneem word.²⁰

-
17. Die Volksblad, 31.05.60. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/5/1.
 18. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/5/1; Du Plessis self het 'n goue gedenkpenning ontvang vir sy rol as beskermheer - The Friend, 09.12.1960 en vergelyk Die Volksblad, 30.12.60.
 19. PR-notule, 01.06.60, p. 40.
 20. Vergelyk The Friend, 22.06.67 en Die Volksblad, 18.09.68.

Reeds vroeg in 1960 het die Administrateurs, die Minister van Finansies, dr. T.E. Dönges, gesprek in verband met die finansiële posisie van die provinsies omdat hul begrotings kwalik kon balanseer.²¹ 'n Tydelike toewyding is gemaak en die 6 persent saamgestelde rente op die basiese en spesiale subsidie is verhoog met 1½ persent, wat 'n addisionele bedrag van R173 000 meegebring het.²²

Volgens Du Plessis kon die regering wel genader word vir addisionele fondse in gevalle waar belangrike dienste in belang van die publiek nie uitgevoer kon word nie vanweë 'n finansiële tekort aan die kant van die administrasie. Die provinsie kon egter geredelik voorsien in die noodsaaklikste behoeftes. Deur vooruitbeplanning wat toe reeds gedoen was, sou ook kon voorsien word in die basiese behoeftes ten opsigte van hospitaaldienste.²³

Hoewel Du Plessis 'n voorstander van progressiewe uitbouing van die provinsie was, het hy nietemin geglo dat die provinsiale finansies versigtig gehanteer moes word. In sy addisionele begrotingsrede van Maart 1960, het hy 'n driepuntplan as eerste vereiste uitgespel, naamlik, "n gebalanseerde ontwikkeling van die provinsie as geheel ...", onderhewig aan:

- a) die belastingbetaler se vermoë om fondse beskikbaar te stel;
- b) die beplanning van dienste wat moes inpas by die provinsie se finansiële vermoë om daarvoor te betaal; en
- c) 'n gesonde vooruitbeplanning van dienste.

Indien oorbesteding sou plaasvind, kon dit gebeur dat die regering vanweë eie verpligtinge nie kon help nie, wat daartoe sou lei dat belastings ten koste van die publiek verhoog moes word.²⁴ Die redakteur van Die Volksblad het Du Plessis se kerngesonde benadering wat op tradisionele gesonde vooruitbeplanning geskoei was, geloof. Die Volksblad het dit sō opgesom: "Die huidige Administrateur hou by die beleid en daarom kon hy die belofte doen van noodsaaklike dienste, maar sonder weelde".²⁵

21. Vergelyk hoofstuk 1, finansiële probleme.

22. PR-notule, 01.06.60, pp. 41-42. Vergelyk ook PR-notule, 11.05.65, p. 5.

23. PR-notule, 01.06.60, p. 41.

24. Ibid., p. 40. Vergelyk Die Volksblad, 01.06.60.

25. Die Volksblad, Inleidingsartikel, 02.06.60.

'n Ander rede waarom die Vrystaat nie sy belastingsheffing verhoog het nie, was dat die regering 'n addisionele bedrag van R346 000 toegestaan het, bo en behalwe die normale jaarlikse subsidieverhoging van R704 530, terwyl die inkomste van die vorige jaar (1959) meer en die uitgawes minder was as waarvoor geraam is.²⁶ Blykens Du Plessis het dié onderspandering op 'n bedrag van R832 594 te staan gekom.²⁷ Dit sou die Vrystaat eintlik benadeel. In plaas daarvan dat die Minister van Finansies, dr. T.E. Dönges, die besparingspoging as lofwaardig beskou het, het hy aan Du Plessis gesê dat die Vrystaat beswaarlik met reg op 'n addisionele verhoging aanspraak kon maak, toe die ander provinsies 'n verhoging van 20 tot 30 persent gevra het: "Toe ek vra, toe sê die Minister vir my julle het nie eers julle geld uitgegee nie, waarom wil jy meer hê. Dit was toe nie die begroting wat ek opgestel het nie, maar die volgende jaar [1961/62] het ek my deel gekry".²⁸

By die besef dat die Vrystaat klaarblyklik net tweede kom deur te konserwatief te begroot het die Administrateur opdrag gegee dat die geld na behore en in belang van die Vrystaat bestee moes word.²⁹ Hoewel hy die noodsaaklikheid kon insien om 'n reserwefonds op te bou - soos voorheen - vir onvoorsiene omstandighede, was Du Plessis duidelik nie van plan om dieselfde paadjie - van onderspandering - te loop nie. Met die reserwefonds het hy, soos dit blyk, geen fout te vind gehad nie: "Noem dit konserwatisme of wat u wil, maar die feit bly staan dat hierdie Provinsie in die verlede vir 'n paar jaar aaneen genadebrood moes eet, wat niemand graag weer wil sien nie".³⁰

26. Ibid.

27. Vergelyk PR-notule, 22.05.61, p. 55.

28. Vergelyk Ineg-klankargief, K903/2, Onderhoud H.C. Jones — J.W.J.C. du Plessis; PR-notule, 22.05.61, p. 55.

29. K903/2, Onderhoud. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 15.01.88. Hiervolgens blyk dit dat die Vrystaatse Administrasie, onder die ferm hand van J.M. Rothman, die Provinsiale Sekretaris, 'n reserwefonds opgebou het vir 'n geval van nood. Dit is duidelik uit die voorafgaande en uit Du Plessis se woorde destyds - sien die volgende bladsy - dat die administrasie nie weer tot op die randjie van bankrotskap soos voorheen - vergelyk hoofstuk 1 - wou beweeg nie.

30. PR-notule, 22.05.61, p. 55. Vergelyk hoofstuk 1, p. 24.

Daarteenoor was sy eie begroting vir die boekjaar 1961/62 gevolglik aansienlik hoër om voorsiening te maak vir die ontwikkeling wat hy vir die Vrystaat in die vooruitsig gestel het. "Ons beraamde uitgawe het heelwat gestyg, naamlik met R2 261 320 in vergelyking met die benaderde uitgawe van 1960/61, maar met die uitbreiding wat steeds voortduur, kan dit nie anders nie." Elke pos het 'n verhoogde toekenning gekry onder andere paaie, hospitale en dies meer "bo die benaderde uitgawe vir die afgelope boekjaar".³¹

Du Plessis het daarop gewys dat die Minister van Finansies, dr. T.E. Dönges en die Minister van Vervoer, B.J. Schoeman, sekere verklarings in die Volksraad gemaak het, eersgenoemde in die begrotingsrede en laasgenoemde ten tye van die vervoerposdebat. Dit is gedoen nadat die Vrystaat die voorgelegde begroting opgestel het. Die gevolg was dat die provinsie groter finansiële toekennings gekry het deur middel van die verhoging van subsidie, i.c. R345 789 vir die boekjaar 1960/61.

Gedurende die volgende boekjaar (1961/62) het die Vrystaat 'n addisionele bedrag van R553 720 ontvang. Die Minister van Finansies het volgens Du Plessis ten opsigte van bogenoemde aangeleentheid die provinsies "verdere finansiële steun gegun ...".³²

Die addisionele subsidie van R553 720 van 1961/62 het die las verlig en meegebring dat dringende skoolgebou-opknapping en herstelwerk gedoen kon word. Die administrasie sou voortgaan op sy ingeslane weg waarvolgens hulle by wyse van 'n gesonde finansiële beleid, dienste voorsien en die vertroue en simpatie van die regering dienooreenkomstig kon behou.³³

Du Plessis het hom enersyds nie net in sy begrotings blind gestaar op die verskaffing van dienste en andersyds om die regering tevrede te stel nie. Inteendeel, daar is ook noukeurig gelet op die betalingsvermoë van die Vrystaatse belastingbetaler en het die Administrateur die belastingmarginaal van 26 persent vir so lank as moontlik op dié vlak gehou.³⁴

-
31. Ibid., pp. 57-58. Vergelyk Die Volksblad, 22.05.61.
 32. PR-notule, 22.05.61, p. 59.
 33. Ibid.
 34. Die Volksblad, 02.06.60; 18.07.62.

Dit het die algemene goedkeuring van die Vrystaters weggedra en dit kon seker nie anders nie, aangesien die Transvaal alreeds in 1960 sy belastingkoers, hospitaalgelde en motorbelasting verhoog het,³⁵ om nie die Kaapprovinsie en Natal buite rekening te laat nie.³⁶ Hierdie provinsies se gemiddelde koers was toe reeds 30 persent en meer.³⁷ Du Plessis, gerugsteun deur die media, het nietemin gewaarsku dat sake dalk gouer kon verander as wat voorsien is.³⁸

Die Vrystaatse Administrasie kon egter steeds die kwade dag van 'n belastingverhoging vermy, danksy die feit dat 'n reserwefonds opgebou is vir onvoorsiene gebeurlikhede.³⁹ Dit is verder verwesenlik deur die tydelike toeweging van die regering in 1960, waartydens die 1% persent by die vasgestelde jaarlikse algemene en spesiale subsidie van 6 persent gevoeg is. Die tydelike toeweging is egter weer geleidelik verminder tot op 6 persent.⁴⁰ So byvoorbeeld het die persentasie op 7 persent vir 1962/63 en 6% persent vir 1964/65 te staan gekom.⁴¹

Vanweë die gesonde ekonomiese klimaat kon die regering dië tydelike maatreël end-uit deurvoer. Dit het in die kraam van die administrasie gepas en is nuwe en gewone dienste op ewewigtige wyse voorsien.⁴²

Die ou finansiële kweiling van die Vrystaat het op die agtergrond geskuif. Du Plessis kon in 1964, kort voor die verstryking van sy eerste termyn, wat allerweë baie goed ontvang is, opmerk dat die Vrystaat eweneens in die land se voorspoed saam met die ander provinsies gedeel het.⁴³ Die Administrateur, die Uitvoerende Komitee en die administrasie het die toets met vlieënde vaandels geslaag,⁴⁴ en was gereed vir nóg groter dinge.

35. Ibid., 02.06.60.

36. The Friend, 23.05.61.

37. Die Volksblad, 07.06.61.

38. Vergelyk Die Volksblad, 21.05.63.

39. Ibid., 07.06.61.

40. Ibid., 22.05.62; 27.02.63.

41. Debatte van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 11.05.65, p.26.

42. Vergelyk Die Volksblad, 22.05.62.

43. PR-notule, 19.05.64, pp. 6-7; Die Volksblad, 19.05.64.

44. Vergelyk Die Volksblad, Rubriek, 04.03.60.

3. DIE TWEDE TERMYN VAN DU PLESSIS: PROBLEME WORD OORKOM OP DIE ONTWIKKELINGSPAD VAN DIE VRYSTAAT

Paaie het tot omstreeks 1964 die gewone kritiek uitgelok, maar Du Plessis het daarteen vasgeskop dat meer geld ten koste van die onderwys en hospitaaldienste bestee sou word.⁴⁵ Op daardie tydstop het die regering nog 'n mindere bydrae ten opsigte van die Nasionale Padboufonds gemaak.⁴⁶ Origens sou 'n belastingverhoging die provinsiale belastingkoers bykans verdubbel indien uitvoering gegee word aan versoeke wat hoofsaaklik daarop gemik was om plaaspaaie op te gradeer. Die ironie van die saak was dat dit elke Vrystater sou raak. Blykens Du Plessis moes hulle rekening hou met oorspandering, daar die provinsie binne tien jaar reeds meer as R72 miljoen aan paaie gespandeer het.⁴⁷

Terselfdertyd het die kwessie van maatskappybelasting volgens Du Plessis, nog gewag op hersiening waardeur 'n groter finansiële bydrae tot die provinsie se skatkis gemaak sou kon word. Du Plessis het die publiek verseker dat die administrasie nie mēer van hulle sou vra as wat nodig was, indien belastinge verander moes word nie. Syns insiens was dit nodig dat die administrasie liefs moes probeer om meer uit maatskappybelasting te bekom. Hy was klaarblyklik oortuig dat die regering genoeg ruimte daarvoor gehad het. Die toekenning aan Transvaal, Kaapprovinsie, Natal en die Vrystaat was onderskeidelik R12 180 000; R8 650 000; R4 050 000 en R974 450. In totaal het die uitbetaling aan die provinsies maar 3,7 persent van die inkomste bedra, wat die regering uit maatskappybelasting verhaal het.⁴⁸ Dit blyk dat die Vrystaters die oënskynlik geringe toekenning nie geredelik kon aanvaar nie, veral omdat die provinsie 'n belangrike bydrae tot die landse ekonomie gelewer het. In 1963/64 het die Vrystaat in meer as een-derde van die RSA se goudproduksie en amper 35 persent van die land se mielie- en koring opbrengs voorsien.

-
45. Vergelyk Die Volksblad, 22.05.62, 18.07.62; The Friend, 22.05.64.
46. Vergelyk Bylae B, Nasionale en Spesiale Padfonds (Pos 8); Nasionale Paaiebeleid: Beleidsbesluite en verklaring, 04.12.67, p. 8.
47. Die Volksblad, 18.07.62. Vergelyk PR-notule, 22.05.62, p. 74. Laasgenoemde vermeld 'n potensiële styging van 26 persent tot 40 persent teenoor bykans 50 persent van eersgenoemde, maar vermeld 'n styging van tot 48 persent insake voertuiglisensies.
48. Die Volksblad, 31.05.63.

Gedurende 1964 was die ander provinsies by magte om hul belastingkoers te verlaag, maar alles in ag genome was die Vrystaters nog die beste daaraan toe in Suid-Afrika, met 'n bestendige belastingkoers wat steeds op 26 persent gebly het. Die Vrystaat kon sy rekord handhaaf as die enigste provinsie in Suid-Afrika wat geen belastingverhoging in twintig jaar aangekondig het nie.⁴⁹ Inderwaarheid moes 'n Vrystaatse Administrateur dus sy storie ken, wat ook deur die politieke verslaggewer, Willem, aan Du Plessis voorgehou is, toe hy die Administrateursamp oorgeneem het. Die verwagting was dat persone in dié amp veral geldsake versigtig sou hanteer.⁵⁰

Op 11 Mei 1965 het die onafwendbare gebeurtenis die belastingkoers van die Vrystaat vanaf 26 persent tot 32 persent aangepas.⁵¹ Blykens B.S. de Kok, LPR (Bethlehem) en president van die Verenigde Munisipale Bestuur, het die meeste Vrystaters die verhoging van die provinsiale inkomstebelasting, persoonlike- en motorbelasting in die regte gesindheid aanvaar. Dit was as geregverdig beskou vanweë die algemene vordering in die ontwikkelingsprogram van die Vrystaat. Steeds het grootskeepse uitbreidings by skole, waarvan die leerlingtal gemiddeld met 1 200 per jaar toegeneem het, plaasgevind. Daarbenewens is die hospitaalbouprogram versnel om te kon voldoen aan die vraag na honderde addisionele hospitaalbeddens.⁵² Die goeie vordering wat oor die algemeen in die eerste jare van sy termyn plaasgevind het, het Du Plessis sô tevrede gestem, dat hy teen die einde van 1965 verklaar het dat daar oral "langs die paaie en in die dorpe van die Provinsie ... sigbare tekens van groei en vooruitgang", was.⁵³

Mogtans was daar kiesers wat min begrip vir die probleme van die administrasie en munisipaliteite gehad het. Volgens De Kok het dié twee instellings voor 'n finansiële krisis te staan gekom. Dit was nodig om geld uit ander

49. Ibid., 21.05.64.

50. Ibid., Rubriek, 04.03.60.

51. Die Transvaler, 12.05.65.

52. Vergelyk O.V.S. Jaar- en Dagboek, p.23,1966; Die Volksblad, "Groekrag", 10.05.65; The Friend, Provincial deficit becomes surplus, 10.02.66.

53. PR-debatte, 02.02.65, p. 11.

bronne te bekom, wat sou verhoed dat noodsaaklike diensverskaffing (aan 'n groeiende Vrystaatse bevolking) ingekort word. Derhalwe het hy die nywerheidsvestigingsprogram van die regering en die administrasie gesteun, wat daarop gemik was om nuwe finansiële horisonne te ontgin.⁵⁴

Dié belastingverhoging is ook in die algemeen goed aanvaar deur Provinsiale Raadslede en blykens The Friend, was daar net "Two lone voices [to] object ...".⁵⁵ Nog eens was die Vrystaat se koers laer as die van die ander provinsies.⁵⁶ Belastingtoegewings waaronder persoonlike belasting op werkende vroue is afgeskaf en 'n verlaging van vendubelasting⁵⁷ en vermaaklikheidsbelasting-toegewings om veral sukkelende en plattelandse bioskope tegemoet te kom, is gemaak.⁵⁸ Insgelyks is alle vermaaklikheidsbelasting in 1965, behalwe dié op perdewedrenne en bioskope in die provinsie afgeskaf, wat as 'n groot toegewing deur die media beskou is. Op dié wyse het die administrasie probeer om dit ook vir diegene met 'n klein inkomste moontlik te maak om te kon deel in vermaak van plaaslike aard.⁵⁹

Terselfdertyd het 'n tweede onweerswolkie op die horison verskyn. Gedurende September 1965⁶⁰ het dr. H.J. van Eck, die voorsitter van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, Suid-Afrikaners gewaarsku dat die landseksonomie die bestaande perke van sy geldelike en menslike hulpbronne oorskry het. 'n Herwaardering van beoogde ontwikkelingsprojekte was nodig, waardeur minder noodsaaklike projekte aan die toekoms, wanneer die finansiële toestand ver-

-
54. Die Volksblad, 12.05.65. Vergelyk Die Volksblad, 22.05.62; 21.05.64. Daar was min waardering vir belastingtoegewings by die laer inkomstegroep wat spesifiek aan hulle gemaak is.
55. The Friend, 25.05.65.
56. Ibid.
57. Die Volksblad, 15.02.66; 07.06.61. Vergelyk belasting op veilings wat verminder is van 2 persent tot 1 persent.
58. The Friend, 13.05.65.
59. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/2, 1965; Die Volksblad, 03.06.66.
60. PR-debatte, 16.02.66. Vergelyk pp. 154-156. Die S.A.-groeikoers moes na die wil van die regering afgebring word volgens die ideaal van 5 persent, wat oor 'n periode van vyf jaar die nodige aandag sou geniet.

beter het, oorgelaat moes word.⁶¹

Dit moes die Vrystaatse Administrasie met sy ontwikkelingsideale soos 'n donderslag uit die bloute getref het. Gedurende Junie 1964 was daar luidens J.F.W. Haak, die Adjunk-minister van Ekonomiese Sake, geen teken van enige afname op die terrein van ekonomiese groei in Suid-Afrika nie. Die algemene nywerheidsproduksie was 14 persent hoër as in 1963 en die land kon staatmaak op volgehoue groei. Desgelyks was die tempo van nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika, volgens 'n oorsese meningspeiling, van so 'n aard dat Suid-Afrika se ontwikkeling deur die wêreld as 'n ekonomiese wonderwerk beskou is.⁶² Du Plessis het dieselfde mening in sy openingsrede van 10 Mei 1965 gehuldig ten opsigte van die RSA se ontwikkeling en daarmee saam die Vrystaat op alle gebiede tot op daardie tydstip.⁶³

Heelparty dinge het feitlik oornag in die kookpot beland. Salarisaanpassings vir amptenare sou vanaf 1 Januarie 1966⁶⁴ in die Vrystaat, na aftrekking van die Tesourie se 50 persent, R1 700 000 beloop.⁶⁵ Dit het die belastingverhoging wat in 1965 aangekondig is feitlik netso geneutraliseer. Daarbenewens het oorvloedige reëns die Vrystaatse paaie ernstig beskadig, waarna 'n ernstige droogte gevolg het. Dit is opgevolg deur 'n tweede vloed vroeg in 1967 wat nog 'n groter paaie-krisis veroorsaak het.⁶⁶

Reeds teen die einde van Mei 1965 het 'n opname wat deur Die Volksblad uitgevoer is, getoon dat verskerpte kredietbeheer onder meer daartoe gelei het dat die Welkomse motorbedryf, wat sy verkope in 1964 verdubbel het, in 1965 'n afname van 45 persent in verkope ondervind het. Dit is hoofsaaklik

-
61. Die Volksblad, 24.09.65. Vergelyk - Afkoelingsmaatreëls van owerheidsweë - Suid-Afrikaanse Reserwebank, Jaarlikse Ekonomiese Verslae, 1965 en 1966. Aanvanklike anti-inflasionistiese maatreëls is selfs in 1965/66 verskerp. Vergelyk laasgenoemde verslag p. 7.
62. Die Volksblad, 15.06.64.
63. PR-notule, 10.05.65, p. 33. Hierdie moet beskou word as 'n globale waardering van die Vrystaatse vordering tot die middel sestigerjare.
64. Die Volksblad, 06.10.65.
65. Vergelyk PR-notule, 11.05.65, p. 5; Die Volksblad, 07.10.65; 11.05.65.
66. Die aangeleentheid word onder die hoofstuk - Paaie - bespreek.

aan dié beheermaatreëls toegeskryf.⁶⁷ Insgelyks is die administrasie in 1966 gedwing om op sy bouprogram in te kort.⁶⁸

Dit blyk dat die regering skynbaar erns daarmee gemaak het om weer eens 'n gesonde ekonomiese klimaat te bewerkstellig luidens provinsiale raadstukke, waarin Du Plessis onder meer die beroep om te besuinig van die regering onderskraag en oorgedra het aan die lede van sy administrasie. Inflasionistiese neigings moes bekamp word, sodat groter ekonomiese stabiliteit bewerkstellig kon word.⁶⁹ Op 30 Maart 1968 het die Suid-Afrikaanse Reserwebank in 'n verslag bekend gemaak dat Suid-Afrika sy inflasie "dramaties oorwin het".⁷⁰

3.1 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN VOORTGESETTE ONTWIKKELING

Die administrasie kon te midde van alles wat toe reeds tot in 1964/65 vermag is, beslis nie toelaat dat alles weer eens verval nie. Daar moes dus fyn beplan word om uitvoering te gee aan die uitbouing van die Vrystaat waarvoor reeds vyf jaar vooruitbeplan is en volgens 'n prioriteitslys stelselmatig uitgevoer moes word.⁷¹

Terselfdertyd is steeds rekening gehou met die regeringsbeleid wat daarop aangedring het dat die provinsies hul dienste moes inkort. Dit het sake bemoeilik. In dié verband het Du Plessis verklaar om "begryplike redes lê hierdie beperking tog die provinsie aan bande met sy werksprogram".⁷²

67. Die Volksblad, 21.10.65. Vergelyk die ooreenstemmende nasionale tendens, Suid-Afrikaanse Reserwebank, Jaarlikse Ekonomiese Verslag 1967, p. 10. Grafiek motorvoertuie 1963-1967.
68. Vide infra bouprogram en kredietbeheer, p. 63. Vergelyk dié effek op die nasionale boubedryf. 'n Laagtepunt is in die eerste kwartaal van 1966, sedert 'n algemene ekonomiese opswaai vanaf 1963 bereik, Suid-Afrikaanse Reserwebank, Jaarlikse Ekonomiese Verslag, 1967, p. 12.
69. PR-notule, 22.02.67, p. 15. Vergelyk Die Volksblad, - stap teen inflasie -, 13.10.67.
70. Die Beeld, 31.03.68.
71. PR-notule, 06.06.67, pp. 2 en 7.
72. Ibid., 06.06.67, p. 2. Vergelyk PR-notule, 11.05.65, p. 6. Op 'n leningsbedrag van R2 800 000 op paaie is die administrasie vanweë die inflasionêre teenmaatreëls toegelaat om slegs R2 miljoen te bestee.

Nietemin het die provinsie sy groei gehandhaaf en het Du Plessis dit toege- skryf aan die administrasie se besliste optrede om gebalanseerd te begroot. Dit het daartoe gelei dat die regering steeds gehoor gegee het aan die redelike versoeke van die Vrystaat. Du Plessis het hierop statistiese bewyse aangevoer van die vordering⁷³ van die hoofferreine waarop die admini- strasie beweeg het. Dit het duidelik die provinsie se vooruitstrewendheid bewys.⁷⁴ Soos altyd het Du Plessis steeds as pleitbesorger vir die Vrystaat ingetree by die regering. Hy het periodiek daarin geslaag om spesiale toegewings te bekom, ten spyte van finansiële beperkingsmaat- reëls.⁷⁵ Dit het geskied op grond van die feit dat die historiese agter- stand wat die provinsie opgebou het, uitgewis moes word.⁷⁶ Daarbenewens het die Administrateur sy administrasie aangespoor om hul beplanningsprogram in die hoogste versnelling te kry en "efforts were made to stimulate ... growth in a planned manner", daar goeie beplanning reeds van besondere hulp was om die uitbouing van die Vrystaat te stimuleer.⁷⁷

Die Vrystaatse Administrasie het derhalwe hul probleme oorkom deur gesonde algemene en finansiële beplanning en geen gebrek aan fondse ter voorsiening van die noodsaaklike dienste ondervind nie. Blykens Du Plessis sou hulle meer geld verwelkom het daar hulle gedurende 1967 en enkele jare tevore in 'n toenemende mate op hul reserwefondse moes terugval, aangesien die provinsie se inkomste nie tred gehou het met die toenemende vraag na meer en kwalitatiewe dienste nie.⁷⁸

Die destydse Suid-Afrikaanse mannekragtekort het ook sy invloed op die Vrystaat uitgeoefen,⁷⁹ selfs miskien meer as in die ander provinsies. Dit het byvoorbeeld in geval van die Komponent Paaie daartoe gelei dat die volle bedrag waarvoor begroot is, nie in 1967 bestee kon word nie.⁸⁰ Finansies was dus nie altyd van deurslaggewende aard nie. Samevattend het regerings- beleid, finansies en die beskikbare mannekrag dus gesamentlik 'n belangrike

73. PR-notule, 06.06.67, p. 2.

74. Vergelyk Bylae B.

75. Vergelyk The Friend, 31.12.66. Dit word ook weerspieël in hoofstuk 5.

76. PR-debatte, 02.02.67, p. 25. Vergelyk Die Volksblad, 22.02.67.

77. The Friend, 31.12.66; 23.02.67.

78. PR-notule, 06.06.67, pp. 2 en 8.

79. Vergelyk The Friend, 31.12.66.

80. PR-notule, 21.02.67, p. 5.

invloed op die vorderingsprogram uitgeoefen. Insgelyks word daar met die voorafgaande⁸¹ en ook opeenvolgende beskikbare inligting tot die gevolgtrekking gekom dat die inisiatief en progressiewe gesindheid van die Administrateur-in-Rade klaarblyklik net so 'n belangrike rol gespeel het om sake te laat vlot.

Alles in ag genome, kon die Uitvoerende Komitee al in 1967, voor die nuwe ekonomiese omgeswaai in 1968, die Vrystaatse Provinsiale Raadslede by monde van Du Plessis gerusstel dat hulle hul kiesafdelings kon inlig dat daar geen geldtekort bestaan met 'n surplus van R2 miljoen in die agtergrond nie. Waar stemme teen die provinsiale stelsel opgegaan het, onder meer as gevolg van 'n skynbare geldtekort,⁸² het Du Plessis die kritici versoek om in ag te neem dat 'n uitbouingsprogram ter waarde van R76 000 000 nie binne drie jaar afgehandel kon word nie: "Representations for bigger and improved services in the Free State had been made - but we will not be able to make up the leeway in a jiffy. Every request was thoroughly studied and a priority list compiled. Then the Provincial Secretary had to decide which merited attention and [which] estimates had to be compiled".⁸³ Die korrektheid van Du Plessis se gerusstelling blyk daaruit dat die Vrystaat in 1967 die enigste provinsie was wat nie sy belastingkoers verhoog het vanweë die ekonomiese druk nie.⁸⁴ Elke begrotingspos het sy regmatige deel gekry ten spyte daarvan dat die totale verwagte inkomste veiligheidshalwe slegs met R1 279-000 vermeerder is.⁸⁵ Gedurende die vier jaar tot 1967 het die

-
81. Vergelyk PR-notule, 06.06.67, pp. 7-8.
82. Vergelyk Die Volksblad, 24.02.67; PR-notule, 06.06.67, p. 3.
83. The Friend, 27.02.67.
84. Die Volksblad, 06.06.67.
85. Ibid., PR-debatte, 06.06.67, p. 12. Vergelyk PR-debatte, 09.06.66, p. 157. G.F.C. du Plessis, LPR (Frankfort) eer Du Plessis as persoon wat in moeilike jare belastingtoegewings gemaak het, en ook die laer inkomstegroepe in ag geneem het. Die begrotings was gebalanseerd te midde van moeilike tye wat soms beleef is, sodoende was die beslissings van die Administrateur-in-Rade, te midde van klagtes, altyd verdedigbaar. Daarbenewens sou die laaste begroting 1969/70 die wind heeltemal uit die seile van die kritici neem wat geneig was om die administrasie te blameer dat hul gebiede afgeskeep is.

administrasie R51 588 777 meer bestee aan algemene administrasie, opvoeding, provinsiale en nasionale paaie en diverse dienste.⁸⁶

Ten spyte van die plattelandse (blanke) ontvolkingsprobleme het die Vrystaat 'n bevolkingstoename in die algemeen ervaar. Die provinsie het reeds in 1960/61 'n blanke en nie-blanke bevolkingstoename van 3,5 persent teenoor die gemiddelde groei van 2,4 persent in die ander provinsies ervaar.⁸⁷ Hierbenewens het die blanke leerlingtal vanaf 1964 tot 1968 met bykans 10 persent toegeneem.⁸⁸ Dit korreleer met die aanspraak wat Du Plessis periodiek gemaak het dat meer en meer fasiliteite voorsien moes word. Danksy die onvermoeide ywer van die Administrateur-in-Rade en sy administratiewe personeel is geleenthede benut, maar ook gekyk na die agterstand wat die Vrystaat oor jare opgebou het. Du Plessis het laasgenoemde onder die regering se aandag gebring. Dit is klaarblyklik in ag geneem en spesiale voorsiening is hiervoor gemaak. Die regering het steeds sy gewone bydraes van tyd tot tyd verhoog en boonop 'n toelaag van R1 250 000 vir 1968/69 aan die Vrystaat toegestaan vanweë die oënsynlike besef dat voorsien moes word in die groeiende behoeftes.⁸⁹ In die periode het dit (in 1968) met Suid-Afrika op ekonomiese terrein besonder goed gegaan, wat toegifte van staatsweë vergemaklik het.⁹⁰

-
86. The Friend, 17.06.67.
87. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 47. Dit verskil van die O.V.S. Jaar- en Dagboek. Eersgenoemde is 'n prestige-uitgawe sonder aantekeningspasie.
88. Die Transvaler, 06.06.67. Vergelyk 'n toename van 1 200 leerlinge per jaar.
89. Ibid., 06.06.68. Vergelyk The Friend, 15.06.68.
90. Volgens die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Jaarlikse Ekonomiese Verslag, 1969, pp. 5-7, het daar betekenisvolle veranderinge op finansiële gebied in die RSA plaasgevind. Die ekonomiese herlewing wat in die eerste maande van 1968 begin het, het progressief sterker geword, met die gevolg dat 'n heel bevredigende groei koers gedurende die jaar geëindig Junie 1969, behaal is. Daarbenewens het die bruto binnelandse produk teen Junie 1969 met byna 8 persent toegeneem. Hierna het die owerheid ernstige pogings aangewend om die agterstand in die infrastruktuur en die voorsiening van basiese dienste in te haal. Vergelyk Bylae C.

Alles in ag genome het sake so verbeter dat geen belastingverhoging nodig was vir 1968/69 nie.⁹¹

Waar finansiële sake in 1967 nog aanvegbaar was en selfs Du Plessis bekommerd was dat hulle nie die mas vanweë die moontlike toenemende eise wat deur die groeiende bevolking gestel is sou opkom nie, en Du Plessis 'n meer realistiese vergoedingspakket vir die provinsie bepleit het, blyk dit dat die vrese kort hierna verdwyn het. Die administrasie het, afgesien van die debatteerbaarheid⁹² oor die regverdigheid van die provinsiale vergoedingspakket, op die golf van voorspoed gery. Dit is gedoen wanneer en waar die geleentheid hom ookal voorgedoen het, danksy 'n wakker oog van die Administrateur en 'n positiewe beplanningsingesteldheid van die administrasie en die aandrang van Du Plessis dat die mense van die Vrystaat "were entitled to the same standard of service as the inhabitants of the other provinces of the Republic".⁹³

3.2 MERKWAARDIGE VORDERING GEMAAK

Besondere prestasies is op verskillende terreine behaal blykens bedrae wat op belangrike projekte bestee is en wat onder meer uiting gevind het in grootse bouprojekte. Volgens die LUK, P.L.S. Aucamp, het die bedrae van R11½ miljoen onder kapitale uitgawes en R8½ miljoen aan beter onderwysfasiliteite bestee, nie die gewone uitgawes ingesluit nie,⁹⁴ maar het die verbetering behels wat in hierdie twee afdelings aangebring is. Die R11½ miljoen onder hospitaaldienste is bestee om⁹⁵ bestaande hospitale te moderniseer en die beddens vir blank en nie-blank met 1 288 te vermeerder. Drie nuwe provinsiale en twee nuwe gesubsidieerde hospitale is opgerig. Twee nuwe provinsiale hospitale was ook reeds in aanbou, terwyl twee nuwe gesubsidieerde hospitale in 'n beplanningstadium was.⁹⁶

-
91. Vergelyk Die Transvaler, 06.06.68; The Friend, 15.06.68.
 92. The Friend, Cut in Province's powers debated, 22.06.67.
 93. The Friend, 22.06.67; 28.06.67. Vergelyk, Letters to the Editor, Provincial expenditure has meant progress.
 94. Vergelyk Bylae B.
 95. Vergelyk PR-debatte, 16.10.69, p. 107.
 96. Ibid.

Die ware perspektief ten opsigte van wat in geheel op elke pos of afdeling bestee is, word deur Bylae C weerspieël.⁹⁷ In dié verband het P.L.S. Aucamp enkele voorbeelde uitgelig met die besef dat hy nie daardeur ten volle reg kon laat geskied aan wat werklik in die verstreke tien jaar vermag is in die provinsie nie. Volgens dit wat hy kortliks voorgehou het, is R21 890 300 in die boekjaar 1959/60 teenoor R57 947 100 vir die boekjaar 1969/70 bestee.⁹⁸ Op die wyse is daar in die besondere dekade 'n totale bedrag van R387 049 652 benewens 'n kapitale bedrag van R39 282 886 in belang van die provinsie en inwoners aangewend.⁹⁹ Die meegaande grafiek illustreer die voortdurende stygende uitgawes waarvoor voorsiening gemaak is. Die fenomenale styging van uitgawes teen die laaste jare val op. Daarbenewens is daar ten spyte van ekonomiese beperkings en 'n enkele belastingkoersaanpassing nooit 'n plato bereik nie.¹⁰⁰

In aansluiting by die voorafgaande het Aucamp, indertyd senior LUK en hoofsekretaris van die Nasionale Party in die Vrystaat, onder meer die volgende van Du Plessis gesê: "Die Vrystaat en sy inwoners het voorwaar gebaat onder die besielende leiding van 'n Administrateur wat groot ideale vir sy provinsie koester Dit sal hierdie Raad se voorreg wees om altyd herinner te word aan die dienste van 'n toegewyde Administrateur wat blywende bates vir hierdie provinsie en vir sy mense nalaat, maar dit sal ook altyd die voorreg van opvolgers ... wees om met gesonde oordeel verder te bou ...".¹⁰¹

97. Vergelyk Bylae C.


98. Ibid. Kyk Poste 1-6; 7 en 8.

99. PR-debatte, 16.10.69, p. 107. Die leser word daarop attent gemaak dat die finansiële uitgawes hoofsaaklik by wyse van twee bylaes en 'n grafiek in die besonder uitgelig word. Hierdeur is 'n groot omhaal van verduidelikings uitgeskakel ten opsigte van begrotingsyfers en die werklike uitgawes, daar soms van begrotingsyfers gebruik gemaak is in Administrateursredes en ook deur LUK's en die pers. Bylae B mag ietwat van die werklikheid verskil, aangesien oënskynlik van begrotingsyfers vir die laaste twee boekjare gebruik gemaak is om die prentjie ten tye van 1967 vir die boekjaar 1967/68 na behore te voltooi. Die uitgawes wat vir die jare 1960/61 tot 1965/66 gebruik is, stem ooreen met die gegewens van Bylae C onder pos 7 en pos 8.

100. Vergelyk Illustrasie I, p. 59!

101. PR-debatte, 16.10.69, p. 107.

Illustrasie 1



Bron: Grafiek aan die hand van gegewens in Bylae C.

Indien inflasie in aanmerking geneem word, sal die styging proporsioneel oor die hele termyn ietwat minder wees.

4. NUWE BOUPROJEKTE WORD AANGEPAK

Naas die bou van paaië is daar onder meer twee ander primêre funksies van die administrasie om hospitaal- en onderwysfasiliteite te voorsien. J.W.J.C. du Plessis en Vrystaatse Volksraadslede het in die vyftigerjare voortdurend gepleit vir groter finansiële regeringshulp om behoorlik te kon voorsien in die normale behoefte van dienste. Soos aangetoon het die ontdekking van goud by Welkom en omliggende gebiede en gepaardgaande administratiewe eise die behoefte aan hulp om die nodige dienste te verskaf, vergroot.

Daarom het 'n enorme taak op die provinsiale administrasie gewag toe Du Plessis einde 1959 Administrateur geword het. Die administrasie het reeds op 1 April 1959 twintig groot bouprojekte in die Vrystaat aan die gang gehad, waarvan sewentien daarvan intussen afgehandel is. Die Nasionale Verpleegsterskollege en die Welkomse Hospitaal vir spesialiste was deel daarvan.

Vir die periode na 1 April was reeds tot agt-en-sestig projekte beplan teen 'n koste van R5 187 630. Die nuwe nie-blanke hospitaal (Pelonomi) R976 000, 'n blok privaatsale by die Nasionale Hospitaal en 'n verdere deel van die Welkomse hospitaal het deel hiervan uitgemaak, asook tien beplande skole waarvan die meeste in die Goudveldgebied gebou sou word.¹⁰²

Die Pelonomi-hospitaal was die voorloper van aparte nie-blanke hospitale in die Vrystaat. Dit sou dieselfde spektrum spesialiteitsdienste as al die Vrystaat se blanke hospitale bied.¹⁰³

102. PR-notule, 01.03.60, pp. 11-12. Met die toeloop van nuwe intrekkers - waarvan 'n groot deel uit die Transvaal afkomstig was - na die nuwe Vrystaatse Goudvelde is die bykans tien skole illustratief van die buitengewone ontwikkeling wat in die Vrystaat plaasgevind het en waarvoor die Vrystaatse Administrasie voorsorg moes tref. Dië groter verantwoordelikheid wat die administrasie toegeval het - veral op die plaaslike bestuursvlak - word in hoofstuk 5 verder gevoer.

103. O.V.S. Jaar- en Dagboek, 1966, p. 23.

Tydens die provinsiale raadsitting van 1 Maart 1960 was ses-en-dertig bou-dienste aan die gang, terwyl nege van die vorige jaar se dienste afgehandel was. Ses-en-vyftig hersteldienste was in beplanning op 1 April 1959. Hier-van was vier-en-dertig feitlik afgehandel op 1 Maart 1960.¹⁰⁴

Die administrasie was aan die begin van die 1960/61 boekjaar reeds besig met ses-en-twintig bouprojekte ter waarde van R1 720 000. Onder die belangrikstes wat aangepak is, was onder meer die eerste fase van die Welkomse Spesialiseringshospitaal (R593 000); die nuwe laerskool Hennenman (R160 000); die hoër en laer-Engelsmediumskole te Welkom (R316 000) en die nuwe Landbouskoolkoshuis te Tweespruit (R126 000). Teen die einde van genoemde boekjaar (28 Februarie 1961) was twee-en-twintig bouprojekte afgehandel. Terselfdertyd was bouwerk aan die gang by die Nasionale Hospitaal se verpleegsterskollege (R840 000) asook nuwe privaatsale (R306 000), die nuwe hoërskole J.B.M. Hertzog (Bloemfontein), Sasolburg en Virginia ter waarde van R656 000 deur die Departement van Openbare Werke.

Die Uitvoerende Komitee het vir die nuwe boekjaar (1961/62) vyf-en-twintig nuwe geboue ter waarde van R3 405 200 beplan. Twee-en-twintig was reeds aan die gang waaronder die hoofgebou van die Spesialiseringshospitaal te Welkom, die Nasionale Hospitaal se hoofkombuis, Wilgehof Laerskool, Hoërskool Noordhoek (Kroonstad) en die junior en hoërskole met wonings te Vierfontein en Taaibos. Die koste was R2 050 800. Die tender vir die Pelonomi-hoofgebou vir R924 000 is aanvaar.

'n Verdere dertien projekte vir 1961/62 ter waarde van R1 710 000 was in die beplanningstadium. Dit het die nuwe nie-blanke hospitale te Kroonstad en Bethlehem teen 'n gesamentlike bedrag van R1 miljoen ingesluit. Op Kroonstad is geboue by die Landbouskool ter waarde van R224 000 beplan. Tegelykertyd is hersteldienste van om en by R431 000 aangepak. 'n Verdere R37 000 is aan verbeterings by hospitale bestee. Reëlins vir die "algehele" opknapping van die hospitale te Odendaalsrus en Virginia was aan die gang, wat onder meer die herbedrading van hierdie geboue na baie jare van diens sou insluit.¹⁰⁵

104. PR-notule, 01.03.60, pp. 11-12.

105. Ibid., 28.02.61, pp. 11-12.

Dit blyk dat daar teen 'n stewige pas gebou is. Du Plessis het op 27 Februarie 1962 in die Provinsiale Raad in sy openingsrede bekend gemaak dat vir die boekjaar 1961/62 ses volledige nuutgeboude skole voltooi is, waaronder die twee reeds genoemde Welkom-skole; die skool te Vierfontein, die twee Sasolburg- en Virginia-hoërskole asook Wilgehof (Bloemfontein). Die hoërskool op Kroonstad en die junior hoërskool op Taaibos was bykans klaar. Reeds was daar sewentien verdere groot skoolprojekte waaronder die nuwe laerskool by Harmonie, Virginia (R125 000) en die Hoër Landboukskool op Kroonstad (toe R221 000) aangepak. Daarbenewens is aanbouings na gelang van die toename van leerlinggetalle gedoen. Blykens Du Plessis sou hierdie dienste onverpoosd voortgaan. Alles is in werking gestel om voltooiing daarvan te bespoedig. Terselfdertyd is ook 'n nuwe hoërskool vir Jacobsdal beplan. Die Administrateur was klaarblyklik baie tevrede met die goeie vordering wat gemaak is met "n groot aantal" skoolgeboue waar dringende herstelwerk al baie lank 'n behoefte was, en geen steen sou onaangeroerd gelaat word om die werk by 'n verdere tien skole af te handel nie.

Wat hospitaaldienste betref, is by die Nasionale Hospitaal te Bloemfontein genesesheerwoning, 'n sentrale sterilisasiegebou, 'n hidroterapielesingkamer en 'n histopatologiese laboratorium gebou ter waarde van R183 500. Die verpleegsterstehuis op Bethlehem is vir R76 000 vergroot. 'n Ontspanningsaal en fasiliteite vir bloedoortappingsdienste by die Voortrekker-hospitaal te Kroonstad ter waarde van R49 000 is ook begin. Die bou van die nie-blanke hospitale te Kroonstad en Bethlehem sou nie te ver in die toekoms lê nie. Die administrasie het beslis dat 'n washuis vir Kroonstad en omstreke noodsaaklik was. Die koste sou om en by R343 000 beloop.¹⁰⁶

Op 1 April 1962 was dertig groot en klein projekte aan die gang. Nog ses-en-dertig was beplan. Altesaam sou dit R8 miljoen beloop. Twaalf projekte van om en by R600 000 is onderneem by skole en skoolaanbouings, vakansieoordere en dies meer. Die tempo waarteen gewerk is, het hoë eise gestel, maar die provinsie het die grootste gedeelte van die agterstand ingehaal, soos blyk uit die Administrateur se openingsrede vir 1963, toe hy waarskynlik met 'n groot mate van genoegdoening kon getuig: "Die herstel en opknapping van ons geboue het sodanig gevorder dat daar slegs enkele skoolgeboue nog oorbly wat hopelik in die komende jaar afgehandel sal word. Daarna sal daar sistematiese aandag gegee word aan die onderhoud van ons geboue sodat hulle nie weer so vervalde daar sal uitsien nie".¹⁰⁷

106. Ibid., 27.02.62, pp. 11-12.

107. Ibid., 25.02.63, p. 7.

B.P. Weideman, huidige adjunk-Provinsiale Sekretaris van die Vrystaat wat aanvanklik as argitek verbonde was aan die Transvaalse Administrasie voordat hy in 1966 as die Vrystaatse Direkteur van Werke aangestel is, is van mening dat die Vrystaat 'n ontstellende agterstand teenoor Transvaal gehad het. Toe hy hier beland, was dit vir hom baie maklik om te evalueer wat in die Transvaal teenoor die Vrystaat gedoen is. Dit het veral vir die koshuise gegeld. Die skole was egter nie heeltemal uitgesluit nie.¹⁰⁸ In sy openingsrede tydens die provinsiale raadsitting van 25 Februarie 1964 het Du Plessis laat blyk dat hulle die agterstand wat toe nog bestaan het ten opsigte van die modernisering van skoolgeboue redelik ingehaal het. Insgelyks is nuwe skole soos die laerskole te Welkom, Sasolburg en Dr. Böhmer, Voorberoepskool te Bloemfontein, beplan. Terselfdertyd sou die monteergeboue, waarvan daar talle was; onder meer die Goudveldse Hoërskool te Welkom en die (latere) Sand du Plessis Volksskool te Bloemfontein, vervang word. Daarby is ook voorsiening gemaak vir nuwe skoolsale by die Welkom Volksskool, Welkom Dagbreek en Dr. Viljoenskool, Bloemfontein.¹⁰⁹

Die instelling van kredietbeheer deur die regering het bouprojekte in die privaatsektor, sowel as die van die administrasie, tydelik vertraag, maar volgens Du Plessis was die voordeel dat beter werkers gekeur kon word.¹¹⁰ Hierdie omstandighede het die administrasie nie ontmoedig om voort te gaan met hul moderniseringsprogram nie en op 29 April 1966 het Du Plessis op Welkom aan die Goudveldse Vereniging van Boubase gesê dat die Vrystaatse Provinsiale Administrasie beplan het om geboue ter waarde van R17½ miljoen oor vyf jaar op te rig. Daar was oor 'n periode van agt jaar reeds geboue

108. Onderhoud met B.P. Weideman, 24.07.87. PR-notule, 08.02.66, p. 9. Die benaming Direkteur van Werke word gerieflikshalwe gebruik - dit realiseer later as benaming. Die PR-notule maak melding van 'n drastiese verandering ten opsigte van personeelstruktuur van die Afdeling Geboue. B.P. Weideman, argitek, is in 'n vakkundige beheerpos aangestel, gelykstaande aan die posisie van ondersekretaris. Terselfdertyd is die voorheen onderbemande streekkantore aansienlik versterk.
109. PR-notule, 25.02.64, pp.8-9. Vergelyk Die Volksblad, Dr. Viljoen, nou 'n hoërskool, 28.05.69. Hierdie skool se getalle het tot meer as seshonderd toegeneem nadat die administrasie dit onder sy vlerk geneem het en onder meer 'n skoolsaal laat bou het.
110. PR-notule, 08.02.66, p. 8; Die Volksblad, 30.04.66.

ter waarde van R14 miljoen opgerig vandat 'n eie afdeling van provinsiale werke gestig is. Hierdie afdeling was onder die verpligting om hul geboue so spoedig moontlik te beplan en te bou.¹¹¹ Voorheen, tot omstreeks 1957, was dit die verpligting van die Departement Openbare Werke.¹¹²

Volgens verwagting sou boutenders tydens 1966 vir die Sasolburg-hospitaal en die nie-blanke hospitaal op Bethlehem aangevra kon word. Tenders vir 'n nuwe sentrale washuis te Bloemfontein is oorweeg.¹¹³ Dit sou gebruik word vir Bloemfontein, die Sentraal- en Suid-Vrystaat en is vanaf Oktober 1969 in gebruik.¹¹⁴

5. DIE OORNAME VAN KOSHUISE DEUR DIE ADMINISTRASIE

Die aanvanklike beleid het bepaal dat publieke organisasies na koshuise moes omsien, waaronder kerke en plaaslike besture. Die administrasie het die nodige steun by wyse van hulptoelaes en lenings vir onderhoudskoste verleen.¹¹⁵ Desgelyks het die administrasie 'n hoë premie geplaas op die desentralisasie van skole om, soos in die hoofstuk oor toerisme verduidelik, hierdie samebindende faktor in gemeenskappe te behou.

Die tyd het egter aangebreek dat dié beleid hersien moes word, aangesien die koshuisbeheerliggame gesukkel het om binne die ou finansiële subsidiestelsel die mas op te kom. Derhalwe het die verantwoordelike LUK, A. Weeber, in Oktober 1967 bekend gemaak dat 'n komitee onder voorsitterskap van J.B.M. Faure die Vrystaat se koshuisstelsel sou ondersoek. Hierbenewens is alle belanghebbendes in staat gestel om probleme onder die komitee se aandag te bring. Die oorname van beroepskole, waaronder hoër handelskole, hoër tegniese skole en hoër huishoudskole op 1 April 1968, sou meebring dat om en by sestien addisionele koshuise ook deur die administrasie oorgeneem word.¹¹⁶

Dit is duidelik dat die lading op die administrasie al groter geword het. Du Plessis het op 21 Oktober 1968 op Bloemfontein gesê: "Some of our school

111. Die Volksblad, 30.04.66.

112. O.V.S. Jaar- en Dagboek, 1969, p. 21.

113. PR-notule, 08.02.66, p. 8.

114. O.V.S. Jaar- en Dagboek, 1970, p. 21.

115. Die Volksblad, 23.02.62.

116. Ibid., 20.10.67.

and hostel buildings have served us for many years, but are now antiquated ...". Dit kon nie meer ekonomies herstel of herbou word om aan moderne vereistes te voldoen nie. Dit was bereken dat 'n bedrag van R30 miljoen tot R40 miljoen spoedig hieraan bestee sou moes word.¹¹⁷

Hoewel die kerk 'n ontsaglike taak verrig het, was die onderhoud van koshuise nie hul verantwoordelikheid nie. Hulle het nóg die geld, nóg die kundigheid gehad. B.P. Weideman wys daarop dat baie skoolgeboue en koshuise en selfs 'n aantal hospitale uit die begin van die eeu gedateer het. Dit was oud-modies en soms van roustene gebou. Van hierdie roustene en vensters het in sommige gevalle losgegaan as gevolg van verwerking. Die erns van die saak word ook deur dr. Johan de Beer, voormalige direkteur van Hospitale beklemtoon op sy terrein waaraan weldra aandag gegee word. Volgens Weideman was die geboue koud, koshuis-huisvesting vir diensdoende personeel was chaoties en het hulle bykans geen privaatheid geniet nie. Van ordelike beplanning was daar min sprake. Dit was noodsaaklik dat standarde op 'n wetenskaplike grondslag beplan en ingestel moes word.

Kort na sy aanstelling het Weideman by Du Plessis gepleit om ondersoek te laat instel na die moontlike oorname van koshuise deur die administrasie. Hulle was nietemin lugtig vir die implikasies wat dit kon inhou. "As 'n ander man verantwoordelik is vir 'n ding wat gehawend is ... kan dit maar aangaan. Maar laat iemand anders dit oorname, dan gaan almal op jou toesak. Ten spyte daarvan het oom Sand en die Uitvoerende Komitee toe daardie tyd so besluit."¹¹⁸ Hul vrees was grotendeels ongegrond. Op ongeveer drie na was alle verantwoordelike koshuisinstellings bereid om afstand te doen van hul regte. Uit die onderhoude van die Komitee van Ondersoek, het geblyk dat baie instansies bereid was om te onderhandel.¹¹⁹

Dié Uitvoerende Komitee het, aldus Du Plessis, die beginsel van die oorname van private koshuise goedgekeur op die voorwaarde dat die administrasie geen vergoeding vir geboue en toerusting sou uitbetaal nie.¹²⁰ Die Uitvoerende Komitee het nietemin voldoen aan die begeerte van die meerderheid kerkrade en sodoende het hulle inspraak oor beheeraangeleenthede behou.

117. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/4/1; Die Volksblad, 21.10.68.

118. Onderhoud met B.P. Weideman, 24.07.87.

119. Ibid.

120. Die Volksblad, 25.10.68; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/14/3.

Daarby was dit vir Du Plessis en die Uitvoerende Komitee van die grootste belang dat die nuwe maatreëls die weg moes baan tot 'n stelsel van koshuisvoorsiening wat tot die beste voordeel van die kinders en, soos reeds gesien, plaaslike gemeenskappe sou wees.¹²¹

Die mees onmiddellike probleem wat die administrasie ervaar het, was dat die beheerliggame van koshuise ietwat ongeduldig was, daar elkeen gereken het dat hulle koshuis die eerste herstel of herbou moes word. Dit kon egter nie oornag afgehandel word nie. Inderwaarheid is die omvangryke projek eers enkele jare gelede voltooi. 'n Ander probleem was dat mense genoeg moes neem met algemene reëls en norme wat uit 'n stelsel van sentrale beheer gespruit het.

Nadat die administrasie die "Geboue-afdeling" by Openbare Werke oorgeneem het, het dit tyd geveerg om tot 'n ordelike bestel te kom. 'n Tyd lank het die administrasie sonder vakkundige mense klaargekom. Die administrasie het net enkele bou-inspekteurs, 'n administratiewe persoon en 'n tekenaar gehad. Weideman bevestig: "Daardie tye was anders as vandag. Daar was nie behoorlike standaarde in die Vrystaat nie." Kundiges was min. Behoeftes was hoofsaaklik beperk tot die twee hoofkomponente van bouwerk, naamlik skole en hospitale.¹²²

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat die Uitvoerende Komitee en hul betrokke administratiewe beamptes van die dag 'n pionierstyd betree het, en aan dié afdeling van die administrasie 'n nuwe wetenskaplike bestel gegee het wat verder uitgebou is deur oorsese sendings wat hul op hoogte gestel het van moderne tendense. Hulle het tot die besluit gekom dat die administrasie deur B.P. Weideman op die Bou- en Konstruksie Adviesraad verteenwoordig moes word.¹²³ Du Plessis self het dikwels as gasspreker kontak met die

121. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/14/3; Vergelyk Die Volksblad, 24.10.68, 25.10.68.

122. Onderhoud met B.P. Weideman, 24.07.87.

123. UK-notule, min. 1611, 06.12.67. Oorsese studietoere is ook deur die ander Komponente onderneem soos dit later in die verhandeling na vore kom.

verenigingslewe van die boubedryf gehad.¹²⁴

Van Du Plessis sê B.P. Weideman, dat hy en die Uitvoerende Komitee nooit 'n demper op insette van senior amptenare van die Werke Komitee of Onderwysdepartement geplaas het nie.¹²⁵

6. VRYSTAATHUIS

Sand du Plessis het waarskynlik lankal oorweeg dat 'n nuwe Administrateurswoning vir die Vrystaat gebou moes word wat geskik sou wees vir funksies wat aan die behoefte van die Administrateursamp moes voldoen.

Hy het gevolglik tydens die amptelike opening van die Provinsiale Raad in 1961 bekend gemaak dat die klein bedraggie van R1 000 vir die 1961/62-boekjaar bewillig is vir die oprigting van 'n nuwe woning. Hy het die Raad daarop gewys dat daar reeds in 1953 'n memorandum aan die Uitvoerende Komitee voorgelê is waarin bevind is dat die bestaande huis nie aan die vereistes vir 'n ampswoning voldoen het nie en dat daar destyds reeds grond vir die oprigting van 'n nuwe ampswoning deur die stadsraad opsy gesit is.¹²⁶

Dat Du Plessis nie spandabelrig was nie, blyk uit Weideman se herinnering oor hoe die ampswoning daar uitgesien het. Die ou woning het wes gefront en was feitlik reg rondom met stoepe toegebou, met die gevolg dat dit koud en ongerieflik was.¹²⁷ Daarbenewens was 'n hele reorganisasie van die huishouding met die ontvangs van amptelike besoekers nodig, sodat gaste, die Du Plessis's se eie kinders, en les bes lyfwagte, elk 'n plekkie kon verkry. Waar die Administrateurspaar graag mense soos dr. Verwoerd ten beste wou ontvang, was selfs die badgeriewe ontoereikend.¹²⁸

Blykens die beskouing van Weideman was Du Plessis dus glad nie verkeerd toe

124. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/4.

125. Onderhoud met B.P. Weideman, 24.07.87.

126. PR-notule, 22.05.61, p. 60. Vergelyk UK-notule, min. 1 110, 3/4.10.61, en Die Volksblad, 22.05.61. Die bedrag was wel R1 000.

127. Onderhoud met B.P. Weideman, adjunk Provinsiale Sekretaris, 24.07.87. Luidens J.D. Marx voormalige Provinsiale Sekretaris het dit die administrasie later meer gekos om die oue vir die permanente LUK in te rig as wat die nuwe Vrystaathuis gekos het.

128. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 10.03.87.

hy die ou huis as niks anders as 'n gewone huis beskryf het, wat glad nie aan moderne vereistes vir amptelike onthale voldoen het nie.¹²⁹

Dis blyk dat daar deeglike voorsorg getref is tydens die beplanning van die nuwe Vrystaathuis. Die woning en landskapstuin moes aanpas by sy omgewing en die nabygeleë huis van die Staatspresident, Oliewenhuis. Derhalwe is 'n deeglike studie gemaak van Kaaps-Hollandse huise in Suid-Afrika, soos Grootte Schuur en Bolandse plaaswonings. Selfs die oorspronklike idee ten opsigte van die ligging van die huis is verander,¹³⁰ sodat dit as Vrystaatse sieraad en simbool van groei¹³¹ bo-op Grant's Hill geplaas is. Terselfdertyd is die pragtige uitsig funksioneel benut.

Vir die eerste maal het die Vrystaat voldoende buitelug-onthaalruimte gehad. Volgens die argitek kon 'n duisend gaste tydens 'n byeenkoms op die grasperke geakkommodeer word. In die huis is voorsiening gemaak vir ruim onthaalfasiliteite op die grondvloer, terwyl die eerste vloer drie slaapkamers vir die Administrateursgesin, 'n stel luukse kamers vir hooggeplaaste besoekers en 'n addisionele gastekamer ingesluit het.¹³²

The Friend het lojaal tot die verdediging van die Vrystaat gekom: "Labour saving has been a main consideration throughout the planning".¹³³ En ook: "A tremendous amount of thought has been in the planning of the kitchen premises so that in the midst of the greatest activity there can be no confusion, or bottleneck".¹³⁴ Net soos "the proper machinery" van belang is vir persone in 'n uitvoerende hoedanigheid om hul taak goed te kan verrig, is dit ook vir gasvroue wat hul bydrae tot die gemeenskap moet maak. Derhalwe

129. PR-notule, 22.05.61; Die Volksblad, 22.05.61.

130. Vergelyk Die Volksblad, 19.07.63; J.W.J.C. du Plessis - versameling in eie besit.

131. Die Volksblad, Huis simbool van groei, 08.02.66. Verskeie praktiese redes is in ag geneem soos verkeerslawaaie en voldoende ruimte.

132. Die Volksblad, 21.05.64. Vergelyk Die Volksblad, 26.05.64 - regstelling van foutiewe berig ten opsigte van veertig vertrekke.

133. The Friend, Time and motion saving plan, 26.05.64. (Verslaggewer onbekend.)

134. Ibid.

sou die nuwe Vrystaathuis 'n opwindende toevoeging tot die sosiale lewe van nie net Bloemfontein nie, maar ook die Vrystaat wees.¹³⁵

Dit blyk dat Martie du Plessis, 'n praktiese mens, self haar deel ruimskoots bygedra het, nie net wat die beplanning betref nie, maar ook om koste te bespaar, soos met die meubilering van die huis sonder om duursaamheid in te boet.¹³⁶ Die Uitvoerende Komitee het oënskynlik omrede voortdurende prysstygings in boukoste ten enemale besluit om behoorlike werk te doen. Die finale keuse het op die tenderbedrag van R99 253 geval.¹³⁷ Op 8/9.04.64 het hulle besluit dat daar gelyktydig 'n sonkamer, 'n verwarmingstelsel, 'n woning vir die motorbestuurder, drie motorhuise, 'n werkskamer en bediendekamer ter waarde van R34 000 opgerig moet word.¹³⁸

Die Administrateurswoning van Suidwes het op daardie tydstip ongeveer drie jaar tevore R260 000 gekos, waar dié een R133 000 gekos het. Origens het boukoste oor 'n jaar en 'n half tussen 15 tot 20 persent gestyg. Die woning was vergelykbaar met party kabinetslede se huise of dié van die Transvaalse Administrateur, kleiner as Libertas, maar in dieselfde kategorie.

Hoewel die huis ook 'n toekomsbelegging was, was die algemene kritiek, soos weergegee in Die Beeld van 5 Desember 1965, dat dit te duur was, so ook die motorbestuurder se huis van R7 000.¹³⁹ Volgens die ervaring van Du Plessis

135. Ibid.

136. Onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87. Dr. de Beer bevestig dat die Administrateurspaar 'n besondere bydrae gelewer het in die beplanning van Vrystaathuis; J.W.J.C. du Plessis - versameling in eie besit. Hiervolgens is die beplanning wat deur Martie du Plessis gedoen is ten opsigte van die binnenshuis-versiering en meubilering 'n verhaal op sy eie. Indertyd is fyn beplan om argelose foute wat later ten duurste reggemaak sou moes word, uit te skakel. In medewerking met die argitek is 'n funksionele buitekombuis en buitelugonthaalgeriewe ingerig. Op die wyse is voorkom dat mense in hordes tydens groot onthale van binnegeriewe tot moontlike ergernis van gaste en huisbewoners gebruik maak.

137. UK-notule, min. 1288, 3/4.09.63. Vergelyk UK-notule, min. 199, 8/9.05.62,

138. UK-notule, min. 199, 8/9.05.62; min. 459, 8/9.04.64.

139. Die Beeld, 05.12.65.

het die skerpste kritiek uit die groter provinsies gekom wat gereken het dat die Vrystaat te groot was vir sy skoene. Hierbenewens het hy gevoel dat die Vrystaat 'n regmatige plek in die samestelling van die landsopset moes verkry. Na die kennis van Du Plessis sal dié huis vandag nie vir R1 miljoen gebou kan word nie.¹⁴⁰

Inderwaarheid sou dié woning die Vrystaatse belastingbetaler 'n breukdeel van 'n sent kos. D.M. Grewar, LPR (Ficksburg-Senekal) het in die Provinsiale Raad daarop gewys dat die koste 'n minimale bedrag beloop in vergelyking met die koste van ampswonings in ander provinsies. Hy het dit ook as 'n erfenis vir die nageslag beskou. Dit is 'n huis waarop enige toekomstige Administrateur trots kon wees.¹⁴¹

Vrystaathuis moes ook dien om die beeld van die Vrystaat as vertoonvenster onder voornemende nyweraars en dies meer te bevorder. Van groot belang vir Du Plessis en die Uitvoerende Komitee was dat belangrike gaste behoorlik onthaal moes word¹⁴² en waarskynlik volgens die spreekwoord, "If you are not prosperous you must at least look prosperous."¹⁴³ Dienooreenkomstig die uitbouingsbeleid van Du Plessis en sy Uitvoerende Komitee om die Vrystaat behoorlik te reklameer, het die nuwe Vrystaathuis, tesame met die oprigting van die Verwoerdgebou, waarskynlik soos 'n handskoen hierby ingepas. H.C. Beckmann is van mening dat Du Plessis die nodige manne moed net betyds aan die dag gelê het om die woning te laat oprig. Volgens hom het dit later baie sterk geblyk: "In daardie huis is 'n geweldige klomp buitelandse mense

-
140. K903/3, Onderhoud; The Sunday Times, 20.09.87. Volgens die gemiddelde prysstyging op 'n wye reeks gebruiksgoedere, wat onder meer 'n huis, motor, ensovoorts insluit het die verbruikersprys oor twintig jaar minstens vertiendubbel.
141. Vergelyk PR-debatte, 15.02.66, p. 126; Die Beeld, 05.12.65. Vergelyk ook W.F. Wentzel, LUK PR-debatte, 17.02.66, pp. 214-215 ten opsigte van die meubelkoste as 'n belegging.
142. Vergelyk K903/3, onderhoud.
143. Vergelyk onderhoud met H.C. Beckmann, 27.01.87. Behalwe dat Vrystaathuis 'n ware huis moes wees vir die Vrystaat, moes dit die boodskap aan byvoorbeeld potensiële nyweraars uitdra dat die provinsie likied is - (Die Vrystaat se goudskat en landboupotensiaal as sulks en gepaardgaande nuwe-potensialiteite dien waarskynlik as goeie voorbeelde hiervan.)

onthaal en ontvang en nie net ten opsigte van buitelanders nie".¹⁴⁴

Dit het weliswaar 'n regte Vrystaathuis geword, daar verskillende groepe uit die Vrystaatse samelewing daar ontvang is, ongeag die belangrikheid van die groep of groepe. Dankbriefies is onder meer 'n stille getuieis van die gasvryheid waarmee mense ontvang is,¹⁴⁵ en selfs klaarblyklike enkelinge wat die vrymoedigheid gehad het om ongenooid 'n saak van gemeenskaplike belang te gaan bespreek.¹⁴⁶ Dit was waarskynlik in hierdie gees waarin W. Groenewald, LPR (Virginia) die Uitvoerende Komitee en Du Plessis in 1966 gelukkig was met die nuwe Vrystaathuis. Syns insiens was daar geen oordadige uitspattigheid in hierdie huis nie. Dit het getuig van goeie smaak en het goed by die Suid-Afrikaanse tradisie ingeskakel. Hy was oortuig dat die Du Plessis's met hul innemendheid en aangebore gasvryheid, wat baie doen om die Vrystaters hegte saam te snoer, selfs die mees kieskeurigste buitelandse besoekers tevrede sou kon stel. Hierbenewens het hy gesê: "Ons is trots op Vrystaathuis en sy inwoners".¹⁴⁷

Inderwaarheid het die Administrateurspaar talle briefies van persoonlike aard van kennisse ontvang. Johan en Joy Broekman van Bloemfontein skryf: "U moet ook daarvan verseker wees dat u baie goeie vriende het wat alle kritiek op daardie huis verbete sal verdedig".¹⁴⁸ Eñ Erris en Joey van Kerken, voormalige Direkteur van Onderwys: "Ongelukkig is die bouwerk wat u gedoen het in die Vrystaat grotendeels van die langtermyn soort. Mense sal oor tien of vyftien jaar eers ten volle die vrugte pluk van al u deeglike en goedbeplande pogings en bouwerk wat u in die Provinsie gedoen het gedurende

-
144. Onderhoud met H.C. Beckmann - voormalige privaatsekretaris van Du Plessis, 27.01.87; Vergelyk The Friend, 29.11.68; 18.12.69; Die Volksblad, 22.02.67, PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêers 3/1/2; 3/1/3; 3/1/4.
145. J.W.J.C. du Plessis - versameling in eie besit.
146. Onderhoud met Dirkie de Villiers, 15.11.86.
147. Die Volksblad, 16.02.66.
148. J.W.J.C. du Plessis - versameling in eie besit: Johan en Joy Broekman - Du Plessis-egpaar, 14.05.66.

u termyn van diens aan die spits van sake. U laat vir die Provinsie 'n ryke erfenis na".¹⁴⁹

The Friend verwoord die gedagte van 'n ware Vrystaathuis netjies: "The Provincial Administration has seen the light and the new Free State House promises to be a model of its kind that is at last beginning to understand the psychological value of visible prosperity and prestige".¹⁵⁰

7. H.F. VERWOERDGEBOU - SENTRALISASIE VAN ADMINISTRATIEWE FUNKSIES

Du Plessis het altoos sy oog opgehou vir terreine waar hernuwing en ontwikkeling noodsaaklik was. Derhalwe was hy 'n voorstander vir die oprigting van nuwe regeringskantore, 'n nuwe lughawe en poskantoorstore en dies meer. Dit was daarom te begrype dat hy die ontoereikendheid van die bestaande administratiewe kantore sou raaksien. Op 1 Maart 1961, tydens die addisionele Begrotingsrede het Du Plessis bekend gemaak dat hy alle administratiewe geboue in Bloemfontein besoek het om op die hoogte te kom van die werksomstandighede van werknemers van die administrasie. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat sake oor die algemeen bevredigend was. Die amptenary was gelukkig. Dit was 'n saak wat by hom hoë prioriteit geniet het. Die losse grondslag waarop kantore dwarsdeur Bloemfontein gedesentraliseer was, het egter groot probleme geskep.¹⁵¹

Du Plessis het daarop gewys dat gedurige oorlegpleging met amptenare, handpos en telefoonoproepe tussen afdelings tydrowend en duur was. "Die tyd

149. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/1/3: Erris en Joeye van Kerken - Du Plessis-egpaar, 18.06.69. Vergelyk ook H.F. Verwoerdgebou en elke ander hoofstuk - funksionele uitbouingsprojekte van fisiese en geestelike aard. Net die beste pogings was goed genoeg vir die Vrystaat en sy mense. (Dr. J. de Beer).
150. The Friend, 26.05.64.
151. PR-notule, 01.03.61, p. 25. Vergelyk PR-debatte, 24.02.69, pp. 119-120. A.J.V. Marais, LPR (Lindley-Reitz) was van mening dat baie kosbare tyd verkwis is voordat die administrasie sy kantoorgeriewe gesentraliseer het. Vrystaathuis en die H.F. Verwoerdgebou was iets om op trots te wees. Hy was later egter krities ten opsigte van die operahuisgedagte. Dit moes liefs eers in die vrieskas geplaas word.

het reeds aangebreek dat hierdie Provinsie sy eie sentrale kantore moes kry, om sodoende vanuit 'n eie tuiste die werk beter te kan verrig." Die aangeleentheid het toe nietemin reeds dringende aandag geniet en 'n spoedige oplossing was nie uitgesluit nie.¹⁵²

Op 24 September 1962 het Du Plessis 'n persverklaring uitgereik. Die administrasie het beplan om 'n groot gebou agter die toenmalige administratiewegebou (tans NALN) op te rig. Die doel was om alle Komponente (afdelings) in een gebou te sentraliseer. Dit was 'n lankgevoelde behoefte in die lig van die voortdurende toenemende aktiwiteite van die administrasie. Reeds sedert 1940 het die administrasie met die departement van Publieke Werke onderhandel om 'n geskikte terrein te bekom. Hulle het intussen ander geboue verkry.

Die stap sou op die lang duur kostebesparend wees en groter diens-effektiwiteit teweegbring. Die kantoorpersoneel was verspreid tussen sewe gehuurde en ander ou kantoorgeboue in Bloemfontein. Werksomstandighede kon dus nie gestandaardiseer word nie. Du Plessis sê dat knaagdiere in sommige gevalle 'n erge naby was.¹⁵³ J.D. Marx vertel dat personeel onder ongerieflike omstandighede sonder lugreëling moes werk, terwyl personeel naby die stasie in roetbesmeerde kantore gewerk het.¹⁵⁴

Gedurende Maart 1963 het die Uitvoerende Komitee 'n aanbeveling gemaak dat vir R800 000 begroot moes word. Daarbenewens moes die Uitvoerende Komitee op hoogte gehou word van die kosteberekening en die ontwerp van die gebou. Insgelyks moes voorsiening gemaak word vir kantoorgeriewe en 'n komiteekamer vir die Uitvoerende Komitee. 'n Lugreëlingstelsel moes vir sommige kantore oorweeg word. Die gebou-afwerking moes soortgelyk wees aan dié van die pasvoltooides kantore van die Ontvanger van Inkomste,¹⁵⁵ maar moes ook voorsiening maak vir 'n groot konferensiekamer wat om en by 'n honderd mense kon huisves.¹⁵⁶

152. PR-notule, 01.03.61, p. 25.

153. Die Volksblad, 24.09.62; The Friend, 25.09.62. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 10.03.87.

154. Onderhoud met J.D. Marx, 13.11.86.

155. UK-notule, min. 333, 06.03.63; min. 367, 18/19.03.63.

156. Die Volksblad, 16.10.69.

'n Tender vir die oprigting daarvan is aan Stocks en Stocks toegestaan vir R3 499 000 nadat vier tenders ontvang is waarvan laasgenoemde die laagste en R4 124 000 die hoogste was.¹⁵⁷ Bouwerk aan die nuwe administratiewe gebou het in Januarie 1965 begin.¹⁵⁸ Op 26 Julie 1967 het die Uitvoerende Komitee 'n baie moeilike besluit geneem. Die ekonomiese raadsaamheid sowel as die praktiese noodsaaklikheid moes ten opsigte van verdere kosteverhoging van die gebou oorweeg word. Samesprekings het met die Gebouekomitee en die Provinsiale Sekretaris, F.W. Liebenberg, plaasgevind. Die terrein sou beter benut word. "Dit blyk dat daar by die Uitvoerende Komitee geen twyfel bestaan oor die meriete van die voorstel nie, dog dat die finansiering van die werk twyfel veroorsaak het."¹⁵⁹ Gevolglik is besluit om vier addisionele vloere op die suid- en skakelblokke aan te bring soos dit vandag bestaan,¹⁶⁰ wat 'n wyse besluit was.

Volgens B.P. Weideman neem die oprigting van so 'n gebou baie tyd in beslag. Vanaf beplanning totdat die bouery begin en ook daarvandaan veranderende behoeftes voortdurend. Hoewel daar nie te ver vooruit beplan kon word nie, sou dit met die steeds groeiende administratiewe personeel raadsaam wees om te vergroot. Uiteindelik was ook die Verwoerdgebou te klein en moes die C.R. Swartgebou opgerig word.¹⁶¹ Die grond hiervoor is destyds tydens Du Plessis se administrasie aangekoop.

Tydens die provinsiale raadsitting, op 15 Oktober 1968, het Du Plessis 'n ontwerpordonnansie ingedien wat algemeen byval gevind het, naamlik dat restaurant in administratiewe geboue aangebring kon word tot voordeel van die amptenary. Die beoogde restaurant vir die Verwoerdgebou sou enkel-etes aan eenhonderd-en-vyftig mense verskaf. Dit het ten doel gehad om die effektiwiteit en moraal van die amptenary te verhoog. H.D. Pienaar, LPR (Petrusburg) het die ontwerpordonnansie ten volle gesteun. Dit sou van groot waarde vir jong mense wees om in 'n gemoedlike atmosfeer hul etes te geniet. Die raad het die mosie onveranderd aanvaar. Spesiale voorsiening sou vir hooggeplaaste senior amptenare gemaak word vir die onthaal van amp-

-
157. Vergelyk UK-notule, min. 1477, 5/6.10.64; The Friend, 09.10.64. Volgens B.P. Weideman het Stocks en Stocks na aanleiding hiervan na die Vrystaat gekom en hul belange ook hier gevestig.
158. PR-notule, 02.02.65, p. 9.
159. UK-notule, min. 920, 26.07.67.
160. Onderhoud met B.P. Weideman, 24.07.87.
161. Ibid.

telike besoekers.¹⁶² Aangrensende kleedkamergeriewe sou ook voorsien word. Vandag is dié praktyk die norm. Lugreëling was vreemd. Daardie tyd was dit pionierswerk wat deur die Administrateur-in-Rade goedgekeur is, aldus B.P. Weideman. Vandag ontvang die Komponent Werke baie versoeke om lugreëling selfs in koshuise aan te bring.

Weideman reken as die oningeligte oor die feite van die saak beskik het en bewus was hoe 'n aangeleentheid van groot omvang funksioneer, niemand onnodig krities sal wees nie. Min stel egter belang om die feite te bekom. Die inisieerders van hierdie gebou het inderdaad visie geopenbaar.¹⁶³

Die gebou moes onder meer aan drie eienskappe voldoen: toekomstige behoeftes is tydens beplanning in ag geneem, sodat uitgebrei kan word indien nodig; duursame materiaal moes toekomstige onderhoud beperk; die gebou moes in die toekomst steeds duursaam en netjies vertoon.¹⁶⁴ By geleentheid het Du Plessis, dr. J. de Beer, die voorsitter van die Gebouekomitee, van Vrystaathuis en die Verwoerdgebou, laat verstaan dat net die beste materiaal gebruik moes word, omdat die Vrystaat dit verdien het. Dit het die nodige leiding aan die Gebouekomitee van die Verwoerdgebou in die besonder, verskaf. Dr. de Beer beskou dit nie as spandabelrig nie. Dit kan daaraan toegeskryf word dat Du Plessis 'n man is wat die boubedryf en sy vereistes baie goed geken het.¹⁶⁵

Die gebou sou volgens plan die volgende administratiewe afdelings huisves: Biblioteekdienste, Paaie, Plaaslike Bestuur en Ontwikkeling, Die Sekretariaat, Die Personeelafdeling, Hospitaaldienste, Organisasie en Metode, Werke, Wetsadministrasie, Kantoorthulpdienste en Opvoeding. Die Rekeninge- Ouditerings- en Wetsafdelings sou in die regeringsgebou bly.¹⁶⁶ (Dit is die huidige NALN-gebou.)

-
162. Die Volksblad, 16.10.68. Vergelyk PR-debatte, 15.10.68, pp. 33-34.
163. Onderhoud met B.P. Weideman, 24.07.87.
164. Inligtingsbrojure, 17.10.69. Onlangs is daar vir die eerste keer aan dié gebou na bykans twintig jaar gewerk - slegs noodsaaklike uitbreidings is op die Administrateursvlak aangebring.
165. Onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87.
166. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 4/1/3.

Tydens die inwyding van die gebou op 17 Oktober 1969 het Du Plessis gesê dat alle administratiewe afdelings toe in dié gebou gehuisves is, sowel as die kantore vir Provinsiale Raadslede en Uitvoerende Komiteelede. Genoegsame konferensiefasiliteite is geskep. Die verbetering in werksomstandighede het daartoe bygedra dat personeel op 'n selektiewe basis gekeur kon word teenoor die probleme wat vroeër ervaar is om personeel te werf. Effektiwiteit is verhoog. Die personeel het selfs hul eie parkeerfasiliteite gehad, afgesien van die restaurant waar etes teen billike pryse voorsien is. Volgens Du Plessis het die Administrateur-In-Rade dit beskou as "most important for an administration, to have a loyal and happy staff corps to be able to function in the proper manner expected".¹⁶⁷

Vir die Administrateur was gelukkige werksomstandighede sinoniem met voldoende en doeltreffende opleidingsfasiliteite. Konferensiekamers is toegerus met die modernste toerusting.¹⁶⁸ J.D. Marx is van mening dat Du Plessis 'n man was wat altyd 'n saak wat meriete gehad het gunstig oorweeg het. Daarteenoor het hy nie geldverkwisting geduld nie.¹⁶⁹

Du Plessis het dit beklemtoon dat dringende sake toe dadelik aandag kon geniet. Alle nodige kundiges kon voortaan vinnig bymekaar uitkom om sake uit te pluus. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat: "the Administration has been streamlined and modernised in order to render a more efficient service to the public". Die H.F. Verwoerdgebou was die "logiese uitvloeisel van vooruitgang".¹⁷⁰ Daarmee het hy die wens uitgespreek dat dié gebou altyd as 'n waardige en doeltreffende hoofkwartier van die Vrystaatse Provinsiale Administrasie sal dien.¹⁷¹

-
167. Ibid., Lêer 4/1/4. Vergelyk Die Volksblad, 18.10.69, Hoofartikel, adv. B.J. Vorster, Eerste Minister.
168. Ibid.
169. Onderhoud met J.D. Marx, 13.11.86. Vergelyk PR-debatte, 24.05.65, p. 406; Onderhoud met P.L. la Grange, 10.10.87.
170. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/4.
171. Ibid.; Inligtingsbrosjyre, 17.10.69.

7.1 SIMBOLIEK

Dié kompleks moes dien as simbool van vooruitgang in die Vrystaat. Dit word vergestalt deur die reuse glas- en betonvensters. Terselfdertyd dra dit die simboliese boodskap van groei en vooruitgang, en dat die Vrystaters intens die belangrikste lewenswaardes voorop stel; nie net wat ontwikkeling betref nie, maar ook ten opsigte van die estetiese.¹⁷²

Die Kunskomitee het in opdrag van die Uitvoerende Komitee die permanente kunswerke verband laat hou met die aard van die Vrystaatse lewenspatroon. Die kleurvolle fries in die ingangsportaal van die gebou is 'n simboliese-realistiese uitbeelding van die Vrystaatse natuur in samehang met die lewenswyse van mens en dier. Dit word beskryf as die "Panorama van die Vrystaat" en die karakters simboliseer leierskap, jeugdige groeikrag en Vrystaatse landelikheid. Die westelike muurskildery in die ontvangskamer van die administrateurskompleks beeld die "Ontwikkeling van die Vrystaat" uit. Simbole versinnebeeld onder meer wetenskap, godsdiens, regspleging, mediese dienste, uitvoerende kunste en dies meer, wat die volle spektrum van die Suid-Afrikaanse volkslewe aanraak. In die komiteekamer van die Uitvoerende Komitee is 'n landskapskildery "Vrystaatse Landskap" wat ten doel het om 'n toonbeeld van rustigheid te wees, en om die "grootheid" van die Oos-Vrystaat weer te gee.¹⁷³

7.2 DIE STANDBEELD VAN DR. VERWOERD

Op 3 Oktober 1967 het die Uitvoerende Komitee besluit dat die gebou as die H.F. Verwoerdgebou bekend sal staan.¹⁷⁴ In 'n persverklaring het Du Plessis bekend gemaak dat die Uitvoerende Komitee besluit het om dr. Verwoerd "op 'n gepaste en blywende wyse in die Vrystaat" te vereer. Hulle was van gedagte dat dr. Verwoerd een van Suid-Afrika se grootste "saaiers" in die figuurlike sin tot op daardie tydstip was. 'n Beeld van hom sou die boodskap wat dikwels deur hom geuit is: "Skep u eie toekoms"¹⁷⁵ versinnebeeld. Die boodskap is in sy "eie handskrif" onder aan die beeld aangebring. Die administrasie sou daarna strewende om sy woorde sover moontlik gestand te

172. K903/3, Onderhoud.

173. Inligtingsbrosjure, 17.10.69.

174. UK-notule, min. 1284, 03.10.67.

175. Die Volksblad, 17.10.69.

doen.¹⁷⁶ Origens simboliseer dit dr. Verwoerd "as 'n leier wat vergesigte gesien het, wat voortdurend vooruit beplan en gekyk het, wat onwrikbaar by die moed van sy oortuiging gebly het ...".¹⁷⁷

Du Plessis het op 17 Oktober 1969, ten tye van die inwydingsplegtigheid gesê dat dit nie as persoonlike verheerliking beskou moes word nie, maar "as 'n waardige simbool van dit waarvoor dr. Verwoerd gestreef, geleef en gesterf het". Hy en sy vrou was en is nederige mense. Sy jeugjare te Brandfort het hom 'n Vrystaatse verbintenis gegee, waarop die Vrystaters met reg trots is. Die naam sou dien as besieling vir amptenare sowel as besoekers. Administratiewe aktiwiteite behoort te alle tye sy naam tot eer te strek. Hy het afgesluit met die woorde: "Indien ons daarin slaag, sal dit verder goed gaan met hierdie provinsie".¹⁷⁸

7.3 PERSPEKTIEF OP DIE INVLOED OF GEES WAT VANAF DIE VRYSTAATSE EERSTE BURGER UITGEGAAN HET

Tydgenote verwys na Du Plessis as 'n man wat 'n nuwe waardigheid aan sy amp verleen het en dit is verder vasgelê deur sy netheid van voorkoms, onberispelike openbare optrede en 'n fyn humorsin.¹⁷⁹ Terselfdertyd sou Vrystaathuis en die Verwoerdgebou ook 'n bydrae lewer om 'n nuwe gees en atmosfeer in die Vrystaat te skep.

Afgesien van die vestiging van Stocks en Stocks in Bloemfontein bevestig D.P. Kesting van die argiteksfirma, Daan Kesting, Brandt en Vennote die voorafgaande en opvolgende uitbouingspogings van 'n ywerige Administrateur as gewens: "My besondere dank ... om Sanlam se verteenwoordigers aan u te kon

176. Ibid., 21.11.67.

177. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/4, PR-notule, 27.02.68, p. 3.

178. Ibid.

179. Vergelyk onderhoude gevoer.

voorstel. Die vertroue en insig wat u in die Vrystaat se belowende toekoms het, het diep inslag gevind en beslis groot indruk gemaak. Dit is my oortuiging dat Sanlam nou met groter vertroue hierdie gebouebelegging in Bloemfontein sal kom maak".¹⁸⁰

Du Plessis se hele ingestelheid of filosofie was om "lewe" en geleenthede te skep waardeur die Vrystaat aantreklik gemaak moes word. Deur die regte gees en werksklimaat te skep, wou hy mense met potensiaal in die Vrystaat behou of hierheen lok. Met die ingebruikneming van die Verwoerdgebou, aldus Du Plessis, is baie vakante poste gevul.¹⁸¹ Desgelyks het hy en sy Uitvoerende Komitee goeie skoolgebou- en hospitaalfasiliteite in dieselfde lig gesien, afgesien van wat ook op die ander terreine vermag is. Sy hele uitgangspunt luidens Beckmann was: "Jou ontwikkelende en ontwikkelde mens word aangetrek deur ontwikkelde plekke".¹⁸²

Waar die Administrateur-In-Rade op die golf van finansiële voorspoed gery het - soos veral waarneembaar voor inflasionêre maatreëls in werking getree het en ook daarna - was Bloemfontein as Vrystaatse Provinsiale hoofstad in 1964 die tweede besigste stad op die Suid-Afrikaanse boufront. Volgens die Nasionale Federasie van Bouwergewers van Suid-Afrika het Bloemfontein 'n toename van 41 persent in sy goedgekeurde bouplanne getoon. Slegs Durban het Bloemfontein met 8 persent geklop.

Bloemfontein het 'n toename van meer as 100 persent bo die gemiddeld van die vorige sewe jaar getoon. Vrywel elke dorp in die Vrystaat het 'n toename getoon.¹⁸³ Wat die administrasie betref, het dieselfde patroon voorgekom. Volgens Du Plessis was dit deel van hul pogings om die provinsie uit te bou. Aandag is gegee aan alle plekke waar geboue en fasiliteite aangebring moes

180. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 3/1/3, D.P. Kesting - J.W.J.C. du Plessis, 16.03.67. Trouens die hele lêer lewer bewys van 'n vertrouensverband wat met hoogwaardigheidsbekleërs opgedoen is op alle vlakke, asook buitelandse sakemanne.

181. Vergelyk onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 27.10.86.

182. Onderhoud met H.C. Beckmann, 27.01.87. Vergelyk toerisme, beplanning, natuurbewaring en kulturele uitbouing.

183. Die Volksblad, 12.11.64.

word, sodat 'n beter diens gelewer kon word. "Die fondse was daar en ons het die geld gekry."¹⁸⁴

8. 'N STEWIGE GRONDSLAG WORD GELê VIR DIE VRYSTAATSE HOSPITAALDIENSTE

Wanneer na die voorgeskiedenis van die huidige uiters moderne ingesteldheid van die Vrystaatse Hospitaaldienste gekyk word, word beseft dat dit gepaard gegaan het met baie harde werk en deeglike vooraf beplanning, waarby talle groepe en persone betrokke was. Die groot hospitaalprojekte wat teen die laat vyftigerjare aangepak is, is opgevolg deur nuwe, ewe omvangryke projekte in die sestigerjare. Dit kom voor of die Vrystaters se ideaal om 'n eie mediese fakulteit te verkry 'n baie belangrike rol in hierdie twee dekades gespeel het. Omdat betyds beseft is dat 'n mediese fakulteit nie sonder die behoorlike kliniese fasiliteite toegestaan sou word nie, is die huis stelselmatig in orde gekry. In die proses sou die administrasie van J.J. Fouché én Sand du Plessis 'n groot rol speel.

Gedurende 1948 is die Brebner-kommissie deur die regering aangestel om die moontlikhede van nuwe mediese fakulteite te ondersoek. Volgens die uitslag (1950) sou Bloemfontein voorkeur geniet. Sodra die behoefte aan 'n nuwe mediese fakulteit in Suid-Afrika hom sou voordoën, moes die noodsaaklike hospitaalfasiliteite vir kliniese opleiding reeds beskikbaar wees.¹⁸⁵

Derhalwe is die belangstelling van onder meer die Bloemfonteinse munisipaliteit¹⁸⁶ en die UOVS self aangewakker. Die kabinet het nietemin teen die aanbevelings van die Brebner-kommissie die fakulteit aan Stellenbosch toegestaan. Blykens dr. J.W. van der Riet was die vreemde oortuiging skynbaar dat 'n fakulteit nie 'n toekoms in die Vrystaat sou hê

184. K903/2, Onderhoud.

185. PV 703, J.W. van der Riet-versameling, Lêer 1/9/3/2; Die Volksblad, Briewekolom, 09.10.65. Die enigste voorwaarde was dat behoorlike opleidingsfasiliteite moes bestaan.

186. Vergelyk hoofstuk 1, p. 11. Die munisipaliteit het die grond vir 'n fakulteit beskikbaar gestel.

nie. Dit het byna veroorsaak dat sake doodgeloop het, sodat selfs die rektor van die UOVS, prof. V.d.M. Scholtz, daarin berus het.¹⁸⁷

Teen omstreeks 1954 het sommige oud-mediese studente in Bloemfontein die behoefte gevoel om hul kennis tot voordeel van die mediese beroep te verruim en is 'n joernaalklub gestig. Benewens die gedagte om nagraadse studie te bevorder, het die gedagte by dr. Van der Riet ontstaan dat hulle hul nog eens vir 'n volledige mediese fakulteit vir Bloemfontein moes beywer. Dié medici, waarvan daar later twaalf was, het besef dat daar 'n begin gemaak moes word om die basiese vakke, met die oog op hul ideaal, soos anatomie, fisiologie en patologie hier gevestig te kry!

So ook het die sentrale afdeling van die Vrystaatse Mediese Vereniging onder voorsitterskap van dr. Van der Riet hul beywer vir die vestiging van 'n patologie-laboratorium in die Vrystaat. Die nodige ondersteuning is deur die administrasie en oud-Administrateur, Jim Fouché, verleen. Die gevolg was dat die administrasie 'n laboratorium by die Nasionale Hospitaal gebou het, wat as die basis gedien het waardeur mediese vakke uitgebrei is. Luidens dr. Van der Riet was Administrateur Fouché van groot hulp om die mediese studie te bevorder. Met verloop van tyd het die administrasie 'n dodehuis en 'n lesingsaal gebou. Dit was ook nie meer nodig om patologie=monsters na Johannesburg vir histologiese ondersoek te stuur nie.

Gedurende 1956/57 het dr. Van der Riet-hulle 'n "Nagraadse skool-Beplanningskomitee" gestig om voortgesette nagraadse studie te bevorder. Toe die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap volgens hul eie berekening van 1959 bekend gemaak het dat Suid-Afrika teen 1965 'n tekort van 2 500 medici sou hê, het die "Nagraadse skool-Beplanningskomitee" dadelik begin agiteer vir 'n volwaardige mediese fakulteit en dienooreenkomstig hul naam verander na die "Mediese en Nagraadse Beplanningskomitee". Van toe af het hulle die aangeleentheid voluit probeer bevorder.¹⁸⁸ Intussen het Sand du Plessis

187. Onderhoud met dr. J.W. van der Riet, 06.07.87. Vergelyk PV 703, J.W. van der Riet, Lêer 1/9/3/2. Prof. E.H. Cluver, dekaan van die Witwatersrandse Mediese Fakulteit was entoesiasies dat 'n mediese fakulteit te Bloemfontein gestig moes word om die las op ander soortgelyke instellings te verlig.

188. Onderhoud met dr. J.W. van der Riet, 06.07.87.

Administrateur geword. Sy vroeëre aandeel is reeds in hoofstuk een behandel. Die ywer wat hy toe aan die dag gelê het om die saak van sy kant af te bevorder, is geensins getemper nie, en word bevestig deur dr. Van der Riet.

Direk na sy aanstelling as Administrateur, so vroeg as Desember 1959, het Du Plessis sy kaarte begin speel as 'n persoon met besondere visioene¹⁸⁹ wat hy al jare gekoester het. Dienooreenkomstig het hy die uitnodiging tot dr. Van der Riet gerig om die direkteur van Hospitaaldienste in die Vrystaat te word. Terselfdertyd het hy met groot erns laat deurskemer dat hy steeds dink aan die mediese fakulteit en selfs aan die noodsaaklikheid van 'n nuwe blanke hospitaal vir Bloemfontein.

Dr. Van der Riet het nie Du Plessis se aanbod aanvaar nie, maar het steeds sy deel as voorsitter en later sekretaris van die Mediese en Nagraadse Beplanningskomitee gedoen. Talle onderhandelinge het met die Administrateur-in-Rade, wat die saak in die geheel net so goedgesind was, plaasgevind; en soos voorheen kon die Nagraadskool-Beplanningskomitee die nodige vrymoedigheid aan die dag lê "met oom Jan aan die bewind". Die Mediese Beplanningskomitee (verkort) het benewens hul pogings om die basiese vakke geïmplementeer te kry, ook 'n mediese biblioteek gevestig.

As sekretaris en uitvoerende beampte het dr. Van der Riet baie waardevolle hulp van prof. Scott gekry vir die stigting van dié biblioteek, maar "Oom Sand het ook vir my gehelp, ons het die Koördinerende Komitee gestig, met as voorsitter, die Provinsiale Sekretaris J.M. Rothman en P.L.S. Aucamp, LUK, as lede. Ander lede benewens dr. Van der Riet, was prof. P.W.G. Groenewoud van die UOVS en dr. Claudius Brink,¹⁹⁰ wat intussen die eerste Direkteur van Hospitaaldienste geword het. Hierdie komitee het uiters kragdadig opgetree om sake te bevorder. Dr. Van der Riet is later ook tot die Raad van die Universiteit benoem as die Staatpresident se verteenwoordiger. Met die steun van verskeie belangrike persone en instansies is belangrike aanvoerwerk gedoen. Die nodige belangstelling is aan die gang gehou. Noue samewerking het tussen Du Plessis en dr. Van der Riet plaasgevind, totdat

189. Vergelyk onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87. Du Plessis 'n man wat visioene gehad het vir die Vrystaat.

190. Onderhoud met dr. J.W. van der Riet, 06.07.87. Vergelyk PV 703, J.W. van der Riet, Lêer 1/9/3/1.

dr. J. de Beer, eertydse superintendent van die Voortrekker-hospitaal op Kroonstad, gedurende 1961 aangestel is as adjunk-direkteur, en in 1964 as direkteur van die Vrystaatse Hospitaaldienste.

Dr. De Beer was self 'n aktiewe gees en is ingeskakel by die Mediese en Nagraadse Beplanningskomitee en het sake amptelik in die binnekringe van die koördinerende raad van die provinsies, gevorm deur die Administrateurs en Uitvoerende Komitees van die provinsies, bevorder. Die regte klimaat vir die stigting van 'n mediese fakulteit is dus planmatig geskep deur die Mediese en Nagraadse Beplanningskomitee wat waarskynlik merendeels die behoefte bepaal het, asook die UOVS en die administrasie wat onder meer in die fisiese behoeftes moes voorsien soos geboue en toerusting. In die laasgenoemde verband het Du Plessis 'n baie belangrike rol gespeel as Administrateur, aldus dr. Van der Riet, en het die noue skakeling tussen die administrasie en die Mediese Komitee vanweë Du Plessis se goeie gesindheid, sake vergemaklik. Eweneens was laasgenoemde 'n aktiewe lid van die Universiteitsraad.¹⁹¹

Dit blyk dat alle Vrystaatse betrokkenes by die hospitaaldienste hul onderskeie rolle so goed vertolk het om die regte struktuur vir 'n nuwe toekoms te skep, dat die Mönning-kommissie (1968) bevind het dat omstandighede so gunstig was, dat indien hulle 'n fakulteit aan Bloemfontein sou toeken, dit onmiddellik sou kon begin funksioneer,¹⁹² soos dit in ieder geval later ook gebeur het. Die basiese fasiliteite was geskep, onder meer 'n mediese biblioteek, fisiologie-, anatomie en patologie-fasiliteite.¹⁹³

Fisiologie kon aanvanklik aangebied word met die hulp van die Landbou-fakulteit. Dr. Morrison is aangestel om anatomie te doseer aan verpleegsters en paramediese studente. 'n Paramediese komitee - waarvan dr. Louw Alberts die eerste voorsitter was - byna iets soos 'n fakulteitskomitee in medewerking met die Senaat van die UOVS, het die geleentheid geskep vir lesings aan studente in anatomie, fisiologie en patologie vir die onderskeie kursusse.

191. Onderhoud met dr. J.W. van der Riet, 06.07.87.

192. Ibid.

193. Vergelyk PV 703, dr. J.W. van der Riet, Lêers 1/9/3/1 en 1/9/3/2.

Met die nodige hulp van die Senaat is goedkeuring verkry waardeur die UOVS diplomas aan dië studente in die mediese rigting uitgereik het. Die Mediese Vereniging het selfs kosteloos in eie reg nagraadse- en opknappingskursusse vir medici in die Vrystaat aangebied. Dit was 'n saak wat van krag tot krag gegaan het. Andersyds het die vereniging professionele hulp en kliniese departemente (hospitaal) met eie hoofde georganiseer, waarvoor senior huisdokters aansoek kon doen. Ongelukkig kon kliniese-assistentposte nie geskep word nie, vanweë die feit dat hulle as vereniging nie formeel aan 'n mediese fakulteit of die Vrystaatse Universiteit verbonde was nie.

So 'n gunstige gereedheidsvlak is bereik dat die Kollege van Medisyne later erkenning aan sekere hospitaaldepartemente as opleidingsinstellings gegee het, sodat diplomas toegeken kon word. Algaande het die Vrystaat meer bekendheid op die mediese gebied verwerf en die nodige erkenning en steun in hoë kringe verkry.¹⁹⁴

8.1 DIE MÖNNIG-KOMMISSIE

Dit het ontstaan vanweë 'n probleem wat eintlik deur die UOVS geskep is, wat 'n afvaardiging na die Minister van Onderwys, Jan de Klerk, gestuur het. Dr. Van der Riet wat lid van die afvaardiging was, onthou dat minister De Klerk nie baie geneë was om 'n fakulteit aan die UOVS of Bloemfontein toe te staan nie. "Toe ons by hom kom, toe sê hy, hy het ons memorandum gekry, en hy trek die laai so oop, maar hy het dit nooit uitgehaal nie, en toe gesê hy't 'n soortgelyke memorandum gekry van die Potchefstroomse Universiteit waar hy die kanselier is. So hy't 'n bietjie koel water op die saak gegooi."¹⁹⁵

Dr. J. de Beer sê van die mediese fakulteit, "Daar was boeke vol geskryf oor die mediese fakulteit, maar ek was die enigste een wat die korrespondensie hanteer het tussen hom [Sand du Plessis] en minister Jan de Klerk van daardie tyd. Minister De Klerk het nog die aanmerking gemaak en gesê: 'Julle vra 'n mediese fakulteit', dis iewers in die stuk ek herhaal dit nie woordeliks nie, 'maar onthou ek is ook die kanselier van Potchefstroom se

-
194. Onderhoud met dr. J.W. van der Riet, 06.07.87. Vergelyk PV 703, J.W. van der Riet, Lêers 1/9/3/1 en 1/9/3/2.
195. Onderhoud met dr. J.W. van der Riet, 06.07.87.

Universiteit', terwyl hy Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap was. Dit was 'n direkte klap na oom Sand. Hulle het geen ooghere vir mekaar gehad nie. Dit het oom Sand glad nie van stryk gebring nie. Hy't gegaan vir hom. Hy't sy saak elke keer op meriete gestel, tot uiteindelik, hy [minister De Klerk], gedwing is om die Mönnig-kommissie aan te stel".¹⁹⁶

Volgens dr. De Beer is die saak uiteindelik na aanleiding hiervan op meriete uitgemaak,¹⁹⁷ nadat voormalige ondersoeke ten spyte van gunstige uitslae op niks uitgeloop het nie.¹⁹⁸ In aansluiting by bogenoemde inligting en dr. Van der Riet se voormelde waarneming, bevestig laasgenoemde dat dr. Verwoerd besluit het om deur die aanstelling van 'n Wetenskaplike Adviesraad, waarvan prof. H. Mönnig die eerste voorsitter was, groter duidelikheid te verkry.¹⁹⁹

Dr. Van der Riet onthou inmiddels uit persoonlike kontak dat dr. Verwoerd die versoek van die Vrystaat baie goedgesind was. Na gelang van omstandighede is die Eerste Minister op hoogte van sake gehou. Die saak is vermoedelik verder versterk deur die eertydse bevinding van die Departement van Onderwys ten opsigte van die verwagte tekort van 2 500 geneeshere. "Ek het ook die Mediese Raad op hoogte gehou en gedurig as 'n mens maar die kans kry, het jy gepraat met iemand."²⁰⁰ Geen steen is deur die Vrystaters onaangeroerd gelaat nie. Dr. Van der Riet het baie briewe in die koerant geskryf²⁰¹ en dit nodig gevind om die Vrystaters te mobiliseer tot optrede, van wie goeie steun verkry is. Daar moes nie langer verwag word dat die Vrystaat maar net reg stem en as die enigste provinsie met 'n dringende behoefte, in die koue gelaat word nie.²⁰²

196. Onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87. Dr. De Beer wat die korrespondensie tussen Du Plessis en minister De Klerk hanteer het, is van mening dat Du Plessis uiteindelik die seël op die kwessie rondom die mediese fakulteit geplaas het, ten spyte van die klomp magte wat saamgewerk het.

197. Ibid.

198. Onderhoud met dr. J.W. van der Riet, 06.07.87.

199. Ibid. Vide infra Du Plessis p. 88.

200. Onderhoud met dr. J.W. van der Riet, 06.07.87.

201. Ibid. Vergelyk die media in die hieropvolgende voetnoot.

202. Die Volksblad, Briewekolom, Harde stemme moet opgaan oor mediese fakulteit, 29.05.65; Vrystaat staan op sy aanspraak, 02.10.65; Bloemfontein vir mediese skool beste toegerus, 02.10.65; Genoeg materiaal vir mediese skool, 06.10.65; en dies meer.

Vooraanstaande Bloemfonteinse medici het die einde van hul geduld bereik. Dr. R.S. Verster skryf dat dit oor en oor bewys is dat Bloemfontein beantwoord het aan al die vereistes wat deur die Brebner-kommissie gestel is. "Intussen is 'n mediese fakulteit op 'n ander plek gestig en nou word weer 'n ander inrigting genoem wat dan 'gelyktydig met Bloemfontein' aansoek vir so 'n fakulteit gedoen het. Dit word darem nou 'n bietjie belaglik. Mens begin nou die indruk kry dat die Vrystaat 'tog altyd Nasionaal sal bly' maak nie saak hoe hy afgeskeep word nie."²⁰³ Sodra die boubeperkings opgehef sou word, sou hulle as Vrystaters op hul prioriteit staan. "Ons laat ons nie weer om die bos lei nie."²⁰⁴

Hierbenewens het die Transvaal reeds 'n fakulteit gehad,²⁰⁵ terwyl die Vrystaters en Noord-Kaaplanders wat opleiding van medici en dringende mediese hulp betref, na die uithoeke van die Republiek van Suid-Afrika moes gaan. Die groot sentrale gebied met 2 181 208 inwoners het braak gelê²⁰⁶ en die gesloer het vir vasberade Vrystaters nie meer sin gemaak nie. Dit was deel van hul destydse betoog dat besondere mediese fasiliteite in Suid-Afrika op die periferie van die land aangebied is en dat die middelgebied braak gelê het. Dog, volgens dr. Van der Riet het alles op die mediese terrein in die voormelde sentrale gebied na Bloemfontein vir mediese dienste gedreineer.²⁰⁷

Dit blyk tereg volgens dr. Van der Riet se herinneringe dat talle mense betrokke was of gemaak is. "So het ons baie mense se opinies kan jy amper sê - geformuleer of geïndoktrineer."²⁰⁸

203. Die Volksblad, Briewekolom, Vrystaat staan op sy aanspraak, 02.10.65. Dr. Verster in aansluiting by dr. Van der Riet.

204. Ibid.

205. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 04.11.87. Potchefstroom het nie die nodige pasiëntpotensiaal of kliniese geriewe gehad nie en sou die hospitaalgeriewe van die naburige Klerksdorp moes gebruik.

206. Ibid.; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/7/3.

207. Vergelyk onderhoud met dr. J.W. van der Riet, 06.07.87.

208. Onderhoud met dr. J.W. van der Riet, 06.07.87.

8.2 DIE BEHOEFTE AAN 'N MEDIESE FAKULTEIT VIR DIE VRYSTAAT WORD BEVRAAGTEKEN

Sen. De Klerk het in Maart 1963, tydens die Parlementsitting, bevestig dat die Buro vir Opvoedkundige en Sosiale Navorsing van sy Departement besig was met 'n ondersoek na die potensiële beskikbaarheid van eerstejaar mediese studente. Verskeie universiteite het aansoeke ingedien vir die daarstelling van mediese fakulteite waar dit nog nie bestaan het nie, of ook vir uitbreiding van die bestaandes.²⁰⁹ Dr. Van der Riet vermoed dat die Stellenbosse voormalige halfklaar fakulteit die saak van die Vrystaat teen die Brebner-kommissie se aanbeveling in, verongeluk het.²¹⁰

Sen. De Klerk wat klaarblyklik op die bykans voltooide ondersoek gesteun het, het bevestig dat daar 'n tekort aan opgeleide personeel op mediese gebied was. "Hierdie tekorte is hoofsaaklik te wyte aan die beperkte beskikbare potensiële mense materiaal vir opleiding in hierdie verskillende rigtings",²¹¹ wat ook die natuurwetenskap en tegnologie ingesluit het.²¹²

Gedurende September 1965 het die Adjunk-minister van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Marais Viljoen, bekend gemaak dat die Vrystaat nog 'n tydjie sou moes wag. Nuwe fakulteite sou oorweeg word wanneer uitbreidings aan bestaande fakulteite nie meer sou voldoen aan die vraag na medici nie. Volgens hom sou die regering, wanneer dit gebeur, betyds aandag aan nuwe fakulteite gee. Desnieteenstaande was daar 'n groot tekort aan medici vanweë die gebrek aan doserende personeel. Daar is beweer dat 'n nuwe fakulteit na tien jaar, jaarliks vyftig medici sou kon voorsien. Deur uitbreidings by die destydse bestaande inrigtings kon hulle reeds dubbeld soveel in 1970 lewer. Daarteenoor het die UOVS en die Potchefstroomse Universiteit gelyktydig hul aansoeke ingedien.²¹³

Dr. Van der Riet het hierop (as belangstellende landsburger in die vooruitgang van Suid-Afrika) 'n brief aan Die Volksblad gerig, waarin hy sy ontevredenheid uitspreek met die worsmasjien-metode waarvolgens te veel

209. Die Volksblad, 22.03.63.

210. Onderhoud met dr. J.W. van der Riet, 06.07.87.

211. Die Volksblad, 22.03.63.

212. Ibid.

213. Ibid., 23.09.65.

studente saamgehoek word indien 'n tekort slegs deur haastige uitbreiding van bestaande fakulteite uitgewis moes word.²¹⁴

8.3 VERSET TEEN VERSOEKE VAN DIE VRYSTAAT

Soos bekend wou Du Plessis nie maar net aanvaar dat die Vrystaat voorasnog nie 'n mediese fakulteit sou kry nie. Tydens die bestudering van die periode 1960 tot 1969 het dit opgeval dat die Vrystaatse Administrasie nie net probleme ten opsigte van die mediese fakulteit nie, maar ook met finale goedkeuring vir die stigting van twee botaniese tuine ondervind het. Eweneens is sekere probleme op die onderwyssterrein ervaar.²¹⁵ Omdat hierdie krapperigheid telkens tussen die Vrystaatse Administrasie en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap voorgekom het, is dit nodig om verder op die saak in te gaan.

Volgens die ondervinding van Du Plessis het hulle te doen gekry met uitgesproke verset teen die versoeke van die Vrystaat. "Dit het meegebring dat die Vrystaat gedurig druk moes uitoefen om te kry wat hom toekom en waarom hy gevra het. Daar is voorspel dat 'n onderwysraad aangestel word as 'n oorhoofse liggaam oor al die onderwys in die land. Die administrasie se sienswyse was dat 'n onderwysadviesraad ingestel moes word, wat beide die Minister en Administrateur adviseer. Dit het geweldige teenkating van die betrokke minister meegebring. In so 'n mate dat ons tot by die Eerste Minister, [adv. Vorster], was om die saak uit te pluus".²¹⁶

Dieselfde ondervinding het hul opgedoen met die mediese fakulteit en die opleiding van medici - nog eens 'n verset - om die dinge aan die Vrystaat te gee. Die indruk is gelaat dat die Vrystaat 'n klein provinsie is, wat die dinge nie kon hanteer nie en "dit ook nie behoort te hê nie".²¹⁷ Volgens Du

214. Ibid., 25.09.65. Vergelyk M.C.E. van Schoor, J.W. van der Riet en die totstandkoming van die Fakulteit Geneeskunde aan die UOVS, in L. Cilliers en A.H. Snyman (Reds.), Varia Studia in honorem W.J. Richards, Acta Academica Reeks B nr. 22, pp. 402-437.

215. Vide infra hoofstuk 6 p. 293 en hoofstuk 7 p. 324 e.v.

216. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 04.11.87.

217. Ibid. Vergelyk Die Volksblad, Briedekolom, Bloemfontein vir mediese skool beste toegerus, 02.10.65.

Plessis het dit die wêreld vir 'n administrateur baie moeilik gemaak.²¹⁸

Wat die mediese fakulteit betref, het die Vrystaters hul propaganda-veldtog voortdurend verskerp. Nadat die UOVS en die administrasie 'n bloutjie by minister De Klerk geloop het, soos blyk uit korrespondensie van Desember 1963: "Sy Edele J. de Klerk ... het beslis dat u aansoek moet oorstaan tot tyd en wyl uitsluitel verkry is in verband met die stigting van 'n addisionele mediese fakulteit",²¹⁹ is die saak verder gevoer.

Du Plessis, dr. De Beer en dr. Troskie het op 6 September 1963 met sterk bewysgronde vir die noodsaaklikheid vir die stigting van 'n fakulteit samesprekings met die Minister van Gesondheid gevoer.²²⁰

218. Vergelyk PR-debatte, 25.02.69, p. 205. In hierdie verband het Du Plessis die volle steun van prof. P.W.G. Groenewoud, rektor van die UOVS geniet. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/23/1. Prof. Groenewoud - Du Plessis, 14.11.66: Prof. Groenewoud het met tevredenheid kennis geneem dat Du Plessis die Vrystaat op onverskrokke wyse verdedig het nadat "sekere hooggeplaaste amptenare" ongevraagde kommentaar op die provinsie gelewer het. "Ook hier het u ons volle ondersteuning en ons voel saam met u dat die tyd aangebreek het dat iemand namens hierdie Provinsie, wat gedurigdeur maar die skokke en stampe en stote moet verduur wat gewoonlik na ons kant geslinger word, rondborstig en sonder vrees ons saak na buite moet stel. Wat dit betref het u nog nooit gehuiwer nie en ook hiervoor moet u ons dank en erkentlikheid teenoor u as ons Administrateur en vriend van hierdie inrigting aanvaar."

219. PV 703, dr. J.W. van der Riet, Lêer 1/9/3/2, die sekretaris van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap - Du Toit, Registrateur van die UOVS, 12.12.63.

220. PV 703, dr. J.W. van der Riet, Lêer 1/9/3/2. Vergelyk J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Du Plessis - dr. A. Hertzog, Minister van Gesondheid, 30.08.63. 'n Persoonlike brief aan dr. Hertzog ter voorbereiding van hul besoek aan eersgenoemde, waarin Du Plessis die gereedheid van die Vrystaat vir 'n fakulteit bevestig. Dit sou ook tot voordeel van psigiatriese en sielkundige mediese personeel wees en die Departement van Gesondheid in laasgenoemde verband bevoordeel. Hier word die datum as 5 September 1963 vermeld.

Prof. Groenewoud het by twee geleenthede verslag gelewer aan die Koördinerende Komitee. In Februarie 1963 het hy gerapporteer oor hul onderhoud met minister De Klerk en stappe wat hulle moes doen om hul saak verder te bevorder. Die gevolg was dat 'n spesiale memorandum voorgelê is aan die Eerste Minister se Wetenskaplike Adviesraad met klem op Bloemfontein se ligging en behoeftes²²¹ en dat die Anatomie- en Fisiologie-afdelings 'n vereiste was vir die stigting van 'n mediese fakulteit.

Blykens 'n dokument van die Koördinerende Komitee het prof. Groenewoud in Mei 1963, verslag gelewer van die interessante briewe wat hy van Parlementslede teruggekry het.²²² Dië aangeleentheid was toe reeds by die voormelde Adviesraad. Verdere pogings is by wyse van 'n nuwe memorandum aangewend om te verseker dat die Raad "ten volle vertrouwd mag wees met die vorige onderhandelinge tussen die Universiteit en die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap"²²³ anders kon hulle nie op dië Raad se volle steun reken nie.²²⁴

8.4 DIE BESONDERE AANDEEL VAN DU PLESSIS

Volgens Du Plessis was die groot probleem die feit dat die Vrystaatse hospitale gebuk gegaan het onder 'n wesentlike personeeltekort, "baie moeilikheid [is] ondervind om interns en voltydse mediese beamptes te trek ...".²²⁵ Die feit van die saak was dat gekwalifiseerde mense blykbaar deur die ander drie provinsies met hul beter fasiliteite gelok is,²²⁶ afgesien daarvan dat die Vrystaat aangewese was op medici wat hul studies hoofsaaklik in Pretoria voltooi het.²²⁷

Waar die administrasie 'n progressiewe dinamiese uitbouingsbeleid in geval van hoogsgespesialiseerde dienste gevolg het, sou die navorsing van so 'n fakulteit 'n nuwe standaard en patroon stel vir die streek wat dit bedien. Dit kon ook topstudente na so 'n skool se verskillende departemente lok om te

221. PV 703, dr. J.W. van der Riet, Lêer 1/9/3/2.

222. Ibid.

223. Ibid.

224. Ibid. Vergelyk die vergadering van die Koördinerende Komitee, 14.05.63.

225. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/7/3.

226. Vergelyk onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 10.03.87.

227. Vergelyk PV 703, dr. J.W. van der Riet, Lêer 1/9/3/2.

kon voldoen in die tekort aan paramediese personeel²²⁸ wat hier in Bloemfontein vir die sentrale streek opgelei kon word. Besondere koste is deur die administrasie aangegaan vir die opleiding van paramediese personeel waaronder verpleegsters, radiografiste en fisioterapeute.²²⁹ Waar die klem aldus die Administrateur op voorkomende geneeskunde geval het, sou die administrasie sy buite-pasiëntklinieke makliker kon uitbrei indien hulle die nodige personeel kon voorsien.²³⁰ Du Plessis en die Uitvoerende Komitee was baie bekommerd dat die basiese vakke soos patologie, fisiologie en anatomie nie by die UOVS aangebied kon word nie.²³¹

Du Plessis het tydens 'n noenmaal ter ere van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad in Bloemfontein op 16 September 1964, te kenne gegee dat die Vrystaat nie sy saak sou laat vaar nie. Dit was in belang van die verplegingsdiens en hospitaaldienste. Die administrasie was onder dwang tot skepping van "aparte losstaande fasiliteite" vir opleiding van fisioterapeute, verpleegsters en geneeshere. Volgens Du Plessis was die nuwe Pelonomi-hospitaal 'n bewys van die dringendheid van die saak om meer kundige personeel op te lei.²³²

Net aan gewone verpleegsters het die behoefte vanaf 1960 waartydens daar vierhonderd blanke poste vir opleiding was, toegeneem tot meer as sewehonderd blanke studentebetrekkings. Teen 1965 is reeds eenhonderd-en-twintig nie-blanke verpleegsters vir opleiding ingeneem om later diens by die Pelonomi-hospitaal te doen. Ook hierdie getal sou al gou na eenhonderd-en-tagtig verhoog word.²³³ Du Plessis het onder andere laat blyk dat die Oranje-

228. Die Volksblad, 21.03.64; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/7/3.

229. PV 703, dr. J.W. van der Riet, Lêer 1/9/3/2.

230. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/7/3.

231. Die Volksblad, 21.03.64; The Friend, 21.03.64.

232. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/7/2; Die Volksblad, Sal die stryd voortsit om mediese fakulteit by Universiteit, 17.09.64; Vergelyk Die Volksblad, Planne om hospitaal vir nie-blank uit te brei, 08.01.65; The Friend, New non-White hospital will be most modern, 09.01.65. Hiervolgens was die nie-blanke Pelonomi-hospitaal enersyds slegs die begin van 'n reeks nie-blanke hospitale wat in die Vrystaat gebou sou word. Andersyds - soos weldra aangetoon word - is 'n nuwe blanke hospitaal vir Bloemfontein beplan.

233. Vergelyk Die Volksblad, 17.09.64; The Friend, 09.01.65.

rivierprojek en moontlike Goudveldontwikkeling ook nog verder "n geweldige uitdaging" aan die Vrystaat sou stel.²³⁴

Gedurende Junie 1968 het die Administrateur in sy begrotingsrede wat landswyd deur die SAUK uitgesaai is, nogmaals na die steeds hangende kwessie van die mediese fakulteit verwys. Daar het toe reeds in die sentrale streek 'n beklemmende behoefte ontstaan aan dië diens: "Dit is duidelik dat die ontwikkeling van meer gespesialiseerde hospitaaldienste en geriewe in die gebied nie kan voortgaan sonder die skakeling met 'n mediese fakulteit nie. Die verdere ontwikkeling van hospitaaldienste in die Vrystaat om volwaardig te wees, vereis die onvoorwaardelike totstandkoming van 'n mediese fakulteit in Bloemfontein".²³⁵

Derhalwe het die administrasie 'n grootskeepse beplanningsveldtog geloods ter voorbereiding van die groot dag. Die administrasie en die UOVS was "ten volle bewus van die implikasies, verantwoordelikheid en selfs groot finansiële uitgawes wat gepaard gegaan het met die stigting van 'n mediese fakulteit, maar ons is gereed om so 'n uitdaging te aanvaar".²³⁶ Hier word inderwaarheid iets van 'n dringendheid en onmiskenbare afwagting bespeur wat waarskynlik nie langer geïgnoreer kon word nie.

Beide Du Plessis en P.L.S. Aucamp, voltydse LUK, het op 25 Februarie 1969 in die Provinsiale Raad laat blyk dat die Vrystaatse Universiteit slag gereed was om met opleiding van geneeshere te kon begin, indien die regering 'n mediese fakulteit aan dië inrigting sou toestaan. Die administrasie was gereed om binne enkele weke te begin. Die Nagraadse Beplanningskomitee was ook gereed met 'n plan van aksie, wat alreeds aktiwiteite van geneeshere en opleidingsprogramme gekoördineer het. Die planne van die nuwe blanke hospitaal (Universitas) was in 'n gevorderde stadium. Dit is ook aangepas om verbinding met 'n fakulteitgebou te bewerkstellig. So 'n koppeling was uniek.

234. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/7/2; Die Volksblad, Du Plessis stel "toordokters" voor, 18.09.64.

235. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/2/2: Afskrif van stempnit uit begrotingsrede vir landswye uitsending in nuus-om-nege, 05.06.68 en vir streekgebruik in mikrofoonverslag/Audio Report op 08.06.68.

236. Ibid.

Alle opleidingsafdelings sou gesentraliseer wees in een kompleks, op een terrein en neffens die universiteit, aldus Aucamp.²³⁷

Op 6 Junie 1969 het dr. Carel de Wet, Minister van Gesondheid, Mynwese en Beplanning, aangekondig dat die Vrystaat 'n mediese fakulteit gaan kry. Dr. De Wet het die betrokke dag die amptelike opening van die gesofistikeerde lineêre versneller by die Nasionale Hospitaal te Bloemfontein waargeneem. Kwaadaardige gewasse en alle tipes kanker kon voortaan met een van die mees presiese instrumente ter wêreld bestraal word. Die Nasionale Hospitaal was die eerste inrigting in Afrika met so 'n apparaat. Ter wille van vooruitgang was Du Plessis bereid om dié projek ten volle te steun en sy vertroue in die uitvoerende beamptes te stel waar hulle hulself op 'n uiters moeilike terrein begeef het.²³⁸

Dié nuus ten opsigte van die mediese fakulteit is ook op dié dag in die Provinsiale Raad bekend gemaak. Dit blyk dat Raadslede oorstelp was van vreugde. Raadslid H.S. Viljoen, LPR (Bethlehem) wat aanvanklik sou praat oor die nut van die provinsiale stelsel al dan nie, het gesê dat dit bewys gelewer het van die funksie van dié stelsel. Hy het die Administrateur, die Uitvoerende Komitee, UOVS en alle partye betrokke, gelukkigwens. Ons besef dat dit iets groots is, nie alleen vir kiesafdeling A of ... B nie, maar vir ons provinsie ...". "... dit is 'n sjampanjedag vir die Vrystaat".²³⁹

8.5 VERANDERINGS IN DIE ALGEMENE VRYSTAATSE HOSPITAALOPSET

Heelparty van die gesubsidieerde hospitale was verouderd en half verval.²⁴⁰ Selfs die Voortrekker-hospitaal te Kroonstad, 'n provinsiale

237. Die Volksblad, Hoofartikel, 26.02.69. Vergelyk The Friend, "O.F.S. medical school will cost R1½ million", 09.09.69; asook argitekvoorstelling van Universitas-hospitaal- mediese fakulteit kompleks. Die Volksblad, "R4½ miljoen vir 'n hospitaal begroot in stad", 11.05.65, (Universitas.)
238. Vergelyk O.V.S. Jaar- en Dagboek, 1970, p. 23; PR-notule, 21.02.67, p. 4; Onderhoud met dr. J. De Beer, 15.07.87.
239. PR-debatte, 06.06.69, p. 96. Vergelyk ook PR-debatte, 12.06.69, p. 260. Ook die Raadslede vir Bethlehem, Bloemfontein-Wes, Bloemfontein-Distrik het hul tevredenheid te kenne gegee.
240. PR-notule, 18.02.69, p. 6.

hospitaal, was in 'n swak toestand. Dr. Johan de Beer, 'n voormalige Mediese Superintendent van hierdie hospitaal, getuig dat die administrasie in die jare rondom 1957 net nie die nodige fondse gehad het nie. Die gevolg was dat stukke van die gepleisterde plafonne van dié hospitaal uitgeval het. 'n Dokter het selfs geëis dat 'n groot sonsambreel oor pasiënte tydens operasies gehou word.

Dit was nodeloos om geld te vra. Daar was nie. Selfs die trollies van die Voortrekker-hospitaal was van planke gemaak. Dr. De Beer beskou dit as "iets skrikwekkends". Hy het so ver gegaan om tagtig trollies op skuld te koop en reken dat dit die eerste keer in die geskiedenis was dat die staat 'n ding op paaiemente sou afbetaal. Deur die welwillendheid van die fabrikant het hulle so 'n groot afslag gekry, dat dit in een paaiement betaal is.²⁴¹

Mev. M.E. Venter, voormalige hoof van Verpleegdienste in die Vrystaat, bevestig dié agterstand en gebrek aan geld volmondig. 'n Sekere hospitaal in die Vrystaatse Goudveldgebied is deur die mynmaatskappye gebou en aan die administrasie geskenk. Hoewel beter as niks het die sale geen wasbakke gehad nie. Uiteindelik is dit in die gange geïnstalleer, aangesien die waterafleistersel verkeerd aangelê was. Die Vrystaatse hospitale het 'n opdraande stryd gevoer om behoorlike diens aan die publiek te lewer, veral die gesubsidieerde plattelandse hospitale. 'n Verbetering het eers vanaf 1965/66 ingetree.²⁴²

Hierdie hospitale is herbeplan en die fasiliteite is verbeter²⁴³ tot iets waarop die Vrystaat trots kan wees. Ander aspekte het ook aandag geniet. Dié hospitale is ingeskakel by 'n sentrale sterilisasiesistelsel te Bloemfontein en Kroonstad wat steeds in gebruik is. Selfs die hospitale se instrumente is gestandaardiseer. Van groot belang was dat die diensstate van gesubsidieerde hospitale so verander is dat 'n behoorlike 24-uur diens by plattelandse hospitale ingestel is. Nadat die Uitvoerende Komitee besluit

241. Onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87.

242. Onderhoud met mev. M.E. Venter, 15.07.87.

243. PR-notule, 18.02.69, p. 6. Vergelyk Du Plessis ten opsigte van goeie vordering met bouwerk by provinsiale sowel as gesubsidieerde hospitale, hetsy nuwe aanlegte of restourasie by verskeie inrigtings. Volgens die O.V.S. Jaar- en Dagboek, 1966, p. 23 was daar reeds in 1966 by dertien van die sestien veranderings aangebring of beplan.

het om dié personeel se salarisse te betaal, is beter opgeleide personeel bekom.

Die besondere waarde wat voorafbeplanning by die Vrystaatse hospitaalbeplanning geniet het, blyk daaruit dat mev. Venter in geval van die Universitas-hospitaal reeds ses jaar - dit wil sê in 1968 - voor die tyd begin het om die diensstaat uit te werk.²⁴⁴

Die onderhoud van provinsiale hospitale was die direkte verantwoordelikheid van die administrasie. Hierteenoor was daar die sestien gesubsidieerde en twee sendinghospitale wat 'n subsidie van die administrasie ontvang het. Die administrasie het slegs 'n verteenwoordiger op die onafhanklike hospitaalraad gehad.²⁴⁵

Du Plessis het in sy termyn deurgaans positiewe toesprake van bemoedigende aard gelewer, tydens geleenthede waar gesubsidieerde hospitale na veranderings heropen is.²⁴⁶ Waar nodig het die Uitvoerende Komitee goedkeuring gegee aan die bou van nuwe hospitale soos in die geval van Senekal teen 'n tenderprys van R268 147 op voorwaarde dat besparings, indien moontlik, toegepas word. In September 1966 is 'n verdere lening van R108 000 aan dié hospitaalraad toegestaan.²⁴⁷

Op 22 Mei 1962 het Du Plessis gesê dat versoeke soms gerig word dat gesubsidieerde hospitale deur die administrasie oorgeneem moes word op grond daarvan dat donateurs gevoel het hulle het reeds belasting betaal en bydraes gemaak. Die administrasie kon egter nie fasiliteite bloot tot gerief van die publiek goedkeur nie. Regverdiging was onderhewig aan bepaalde vereistes.²⁴⁸

Na aanleiding van probleme met die ou subsidiestelsel wat dateer het vanaf - Ordonnansie nr. 8 - 1913, het die Uitvoerende Komitee in 1965 hiervan werk gemaak. 'n Komitee van ondersoek is aangestel en in 1965 is 'n nuwe stelsel

244. Onderhoud met mev. M.E. Venter, 15.07.87.

245. O.V.S. Jaar- en Dagboek, 1966, p. 23.

246. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/2.

247. UK-notules, min. 1354, 19.10.65; min. 1171, 06.09.66.

248. PR-notule, 22.05.62, p. 74.

met voorbehoude ingevoer. Gelykeberegting kon nog steeds nie plaasvind nie. Party hospitale het steeds oorskotte en ander tekorte getoon. Die Uitvoerende Komitee was gedwing tot 'n nuwe alternatief. Die nuwe basis sou die mees omvattende wees van alle ordonnansies sedert 1913, betreffende gesubsidieerde hospitale sedert hul ontstaan in die Vrystaat. Dië vierpuntplan sou dië hospitale "op 'n gelyke grondslag bring". Dit sou dienste van hoë standaard verseker. Die hospitale het 'n belangrike funksie vervul, aangesien dit die las op groot hospitale baie verlig het.²⁴⁹

Volgens dr. J.H. de Jager, LPR (Harrismith) was dit 'n stap in die regte rigting om die Vrystaat se hospitaaldienste op die regte pad te plaas. Verskeie ander Raadslede het hul tevredenheid met die nuwe bedeling uitgespreek.²⁵⁰

In 'n poging om die sukkelende gesubsidieerde hospitale op die regte koers te plaas, het die Uitvoerende Komitee die nuwe subsidiestelsel terugwerkend gemaak. Dit sou geld vanaf 1 April 1966. Elke hospitaalraad sou gesubsidieer word volgens sy eie behoeftes.²⁵¹

In sy geheel gesien is die Vrystaatse Hospitaaldienste volgens Du Plessis, in drie fases deur die administrasie van 1959 - 1969 uitgebou. Eerstens 'n moderniseringsprogram van hospitale, tweedens die uitbouing van gespesialiseerde dienste, en derdens vanaf 1966, "die betreding van die akademiese terrein...".²⁵² In hierdie prosesse het die Vrystaatse Administrasie ware baanbrekerswerk verrig, terwyl hulle gedetermineerd was om te toon dat hulle 'n mediese fakulteit waardig is.

Volgens M.E. Venter, (voormalige hoofverpleegkundige) van die Vrystaat en vir nege jaar die presidente van die Verpleegstersraad, lid van die Staatspresident Ondersoek-komitee na losstaande operasiesale en privaat inrigtings, het Sand du Plessis, die Uitvoerende Komitee en die Provinsiale Raad haar in staat gestel om die Vrystaat op verskillende organisasies te verteenwoordig.

249. PR-debatte, 10.06.68, pp. 96-105 - P.L.S. Aucamp, LUK belas met Hospitale: 'n Oorsig oor die geskiedkundige ontwikkeling van die Vrystaatse Hospitaaldienste vanaf 1913 tot op daardie tydstop.

250. PR-debatte, 08.06.67, p. 76; 13.10.66, p. 100 en moderne tendense (in PR-debatte) p. 92.

251. PR-notule, 16.06.66, p. 199.

252. Ibid., 05.06.68, pp. 4-5.

In 1963 het sy die kongres van die Internasionale Hospitaal-federasie te Parys bygewoon. Later het sy die Vrystaat vir die eerste keer in die geskiedenis amptelik by 'n soortgelyke kongres te Stockholm verteenwoordig. Sy het ook deur Europa gereis, wat haar geweldig baie tot hulp sou wees met toekomstige beplanning op haar terrein.²⁵³

Op dieselfde wyse het dr. J. de Beer vroeg in die sestigerjare vir bykans agt weke in opdrag van die administrasie die wêreld plat gereis om op hoogte te kom van nuwe beplanningstendense op die terrein van hospitaaldienste.²⁵⁴ 'n Konsortium van argitekte was onder leiding van dr. De Beer verantwoordelik vir die sketsplanne van die Universitas-hospitaal. Teen 1967 is R8 000 000 vir die projek begroot. Die Uitvoerende Komitee het insgelyks besluit om voor die finalisering van die werkstekeninge andermaal 'n oorsese studietoer te gelas. Die betrokkenes sou die hele veld van hospitaalbeplanning by slegs die beste en nuutste oorsese hospitale bestudeer. Dit sou volgens die verwagting vir baie jare van nut wees.

In hierdie geval het P.L.S. Aucamp, LUK belas met Hospitale, die groep as leier vergesel. Dr. De Beer, die konsortium van argitekte en 'n raadgewende ingenieur sou besondere aandag op hul onderskeie terreine verleen.²⁵⁵

In die strewe van die Vrystaatse Administrasie om net die beste aan te bied, het die Vrystaatse Hospitaaldienste iets geword om rekening mee te hou. Benewens funksionele en aantreklike geboue waarvan sommige nog in beplanning was en waarvan deeglik kennis geneem is deur die owerhede, is opdrag gegee

253. Onderhoud met M.E. Venter, 15.07.87.

254. Onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87. Dr. De Beer was ook gemoed met die werwing van oorsese medici. Dit was 'n groter sukses as wat dit die geval met die Komponent Paaie was. Die Administrateur se uitgangspunt was: "As ons nie genoeg mense in Suid-Afrika het nie, gaan werf hulle in die buiteland". Die goedkeuring van die regering is vooraf verkry. Die gevolg was dat dr. De Beer en Ken Harpur (laasgenoemde van die Komponent Paaie) oorsee gestuur is. In geval van die vyf-en-veertig medici wat gewerf is, was dit 'n sukses. Du Plessis het ook uit sy pad gegaan om hierdie mense tuis te laat voel. Vergelyk The Friend, 05.04.65; J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Dr. R. Rogers - J.W.J.C. du Plessis, 11.12. 69.

255. PR-notule, 21.02.67, p. 4.

dat dit in toekomstige beplanning in ag geneem moes word.²⁵⁶ Die lineêre versneller was ongetwyfeld 'n hoogtepunt.

Die opleiding van verpleegsters het net so 'n hoogtepunt bereik. Bloemfontein het soos aangetoon die grootste verpleegopleidingsentrum met sowat sewehonderd studente op 'n dag in Suid-Afrika in hierdie jare geword. Besondere aandag is aan gespesialiseerde opleiding gegee. 'n Verpleegsterskollege is te Welkom tot stand gebring. Die opleiding van swart verpleegsters het besondere aandag gekry, nie net by die Pelonomi-hospitaal nie, maar 'n begin is reeds gemaak voor die voltooiing van dié hospitaal. Opleiding van blanke en nie-blanke verpleegsters is benewens genoemde plekke ook na ander groot sentra van die Vrystaat uitgebrei.

In 1968 is 'n leerstoel in die verpleegkunde ingestel met 'n verpleegster aan die hoof by die UOVS. Insgelyks is 'n geïntegreerde kursus in algemene verpleegkunde, verloskunde, psigiatrie, beide op graad- en of diplomavlak aangebied. 'n Meestersgraadkursus is ingestel in verloskunde, intensiewe verpleegkunde, volksgesondheid en psigiatrie, nadat dit aanvanklik onder die vaandel van die "departement" Sosiale Wetenskappe aangebied is in 1961 toe vyf studente vir die graad B. Sosiale Wetenskappe ingeskryf het. Die studentegetalle het in die laat sestigerjare tot tweehonderd toegeneem. Nog later is die B. Diploma-kursus vir studente sonder matrikulasievrystelling ingestel. In 1968 het die eerste eenhonderd-en-veftig studente begin wat baie suksesvol verloop het. Die UOVS het die eerste universiteit geword om die Diploma-graad in Suid-Afrika aan te bied.

Bogenoemde is slegs hoogtepunte. Daarby moes die Uitvoerende Komitee aan hoërskoolopleiding van swart leerlinge as toekomstige verpleegsters aandag gee. Getroude blanke verpleegsters het beter diens en verblyffasiliteite verkry. Salarisse is met dié van die ander provinsies gelykgestel.²⁵⁷

256. Onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87. Vergelyk PR-debatte, 12.06.69. p. 257. Die publiek het gunstig reageer op die nuwe benadering wat die administrasie rondom die oprigting van geboue soos skole, koshuise, hospitale en andere geïmplementeer het.

257. Onderhoud met M.E. Venter, 15.07.87.

In 1970 kon die administrasie van die dag 'n indrukwekkende samevatting van die vooruitstrewende hospitalisasiebeleid van die Vrystaat aan die Nasionale Party en sy leiers voorlê, waarin opleiding en alle ander fasette breedvoerig uiteengesit word. Erkenning is verleen aan dié dinamiese uitbreidingsprogram van die administrasie tydens die sestigerjare. "Die Oranje-Vrystaat kan met reg trots wees op sy hospitaaldiens, trouens ons hoef vir geen ander provinsie agteruit te staan nie ..." 258

258. PV 28, M.C.G.J. van Rensburg-versameling, Lêer 3. H. Simes -
M.C.G.J. van Rensburg, Ministerie Volkswese, 18.09.70.

HOOFSTUK 3

DIE VRYSTAATSE PADSTELSEL

1. HISTORIESE PERSPEKTIEF

Die oorspronklike padstelsel van die Vrystaat was onbepland met die gevolg dat 'n spinnerakstelsel van paaie kruis en dwars deur die provinsie ontstaan het. Die oorsprong hiervan word hoofsaaklik aan die deur van die Voortrekkers, transportryers en boere gelê. In geval van eersgenoemdes is die maklikste uitweë gesoek en in geval van laasgenoemde groep was plase aanvanklik baie groot. Soos plase onder familie onderverdeel is, het nuwe paadjies ontstaan.

Dit is verder vererger deurdat vroeë wetgewing byna enigêen toegelaat het om oor Vrystaatse grond te beweeg waar hy wil. Die gevolg was dat die Vrystaat in 'n stadium oor sy oppervlak van 129 113 vierkante kilometer met bykans 80 000 kilometer paaie in totaal gesit het, wat onderhoud geverg het.¹ Gevolglik is dit logies om die afleiding te maak dat die uitweg van die kortste roete nie altyd, indien hoegenaamd, gevolg is nie. Hierteenoor was padboufondse en arbeid tot redelik onlangs 'n groot probleem in die Vrystaat. In die vroeë jare is selfs van bandietarbeid gebruik gemaak.

Padbou was vir baie jare maar iets wat lukraaks sonder behoorlike beplanning voortgegaan het. Hierteenoor is ontwikkeling in die jare na die Tweede Vryheidsoorlog gekniehalter deur die depressie van die dertigerjare en die effek van die twee wêreldoorloë.² Gebrekkige beplanning, 'n finansiële tekort, 'n massiewe en onnodige padnetwerk, 'n tekort aan veral opgeleide mense, asook geografies-klimatologiese omstandighede,³ sou dus lei tot 'n baie groot agterstand teenoor die steeds toenemende vereistes wat deur die toename in moderne padverkeer gestel is.

Die Vrystaat het in baie gevalle ernstige probleme ondervind met die gehalte van gruis wat op sy grondpaaie gebruik is. Dit was van swak gehalte en het

-
1. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 27.
 2. Provinsie Oranje-Vrystaat: Verslag van die direkteur van Paaie. [K.J. Harpur], 01.04.65 - 31.07.70, pp. 8-12. [Hierna vermeld as: Harpur-verslag].
 3. UK-notule, min. 1112, 5/6.11.62.

maklik verweer.⁴ Paaie moes selfs volgens latere bevindings, liefs minder geskraap word om verwering te bekamp.⁵ Groot dele in die Vrystaat is daarby ook baie sanderig.⁶ Die gevolg was dat grondpaaie dikwels tydens en na hewige reënbuie onrybaar was. Waar onbeplande paaie soms ook nog deur vleie aangê is en boere van gedagte was dat water weggelei moes word vanaf landerye na die paaie, in plaas van andersom, het hierdie paaie tydens reënweer letterlik verander in riviere en is diep slote gespoel, sodat boere nie van hul plase af kon wegkom nie. Dit het veral 'n probleem geword namate veranderde boerderypraktyke daaglikse padverkeer genoodsaak het. In die geval dien Koppies, waarvandaan boere melk aan Johannesburg en omstreke voorsien het, as 'n goeie voorbeeld.⁷

Tydens die depressiejare kon die Vrystaat gebruik maak van goedkoop blanke arbeid en het die Royal Automobile Club van Johannesburg, in 'n stadium in sy jaarverslag vermeld dat die Vrystaat van die land se beste paaie gehad het. Intussen het die regering in 1936 'n nasionale padbouskema aangekondig en kon die Vrystaat in 1939 met 228 kilometer teerpad spog.

1.1 DIE NA-OORLOGSE PERIODE 1946-1960

Doelbewuste pogings is aangewend om die padtoestand van die Vrystaat te bevorder. Ingevolge 'n verslag wat in 1946 opgestel is, is besluit om op groter skaal te meganiseer en om die klein padkonstruksie-eenhede te vervang met groter eenhede van 'n permanente aard. Intussen is 'n aanvang gemaak met die ontginning van goud tussen Welkom en Kroonstad. Dit het geveerg dat teerpaaie in daardie gebied gebou moes word.⁸

4. Provinsie Oranje-Vrystaat: Verslag van die hoofingenieur van Paaie. [A.F. Steven], 01.10.57 - 31.03.60, pp. 23-24. [Hierna vermeld as: Steven-verslag]. Vergelyk UK-notule, min. 111, 5/6.11.62; UK-stukke in besit van UK-sekretaris: Onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11.05.67. p. 41. [Hierna vermeld as: UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11.05.67].
5. Notules van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 03.11.59, p. 113.
6. UK-notule, min. 204, 4/5.02.63, onder andere Noord-Wes Vrystaat. Vergelyk PR-notule, 25.02.64, p. 6. Waaisandproewe.
7. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87. Vergelyk UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, pp. 2, 6, 9, 14 en 28; Steven-verslag, pp. 4 en 23.
8. Harpur-verslag, pp. 12-13.

Die ontwikkeling wat hiermee gepaard gegaan het, naamlik die uitbreiding op landbou- en nywerheidsgebied, het eensklaps nuwe vereistes gestel. Suid-Afrika het in hierdie jare 'n nywerheidsontwaking beleef en dit het meegebring dat daar veel groter tussenstreekse verkeer tussen die Noord-Vrystaat en Suid-Transvaal ontwikkel het.⁹

Die teerpadaanleg in die Goudveldgebied van die Vrystaat was verbind met Suid-Transvaal. Dit het gelei tot ontsteltenis by sommige Vrystaters waaronder Sand du Plessis, wat toe stadsraadslid van Bloemfontein was. Die munisipale raad van Bloemfontein het hierteen beswaar aangeteken by die destydse Administrateur, omdat hulle van mening was dat die teerpadaanleg die Goudvelde eerder met Bloemfontein moes verbind, waardeur nywerheidsvestiging in die Vrystaatse hoofstad gestimuleer kon word.¹⁰ Die Vrystaat is dan ook inderwaarheid deur gemelde stap verarm, aangesien belasting op winste van goudmynmaatskappye grotendeels bereken is by die mynmaatskappye se hoofkantore in die Transvaal. Dit het beteken dat die Transvaal gedeel het - selfs in 'n groter mate as die Vrystaat self - in die winste van Vrystaatse goudmyne.¹¹

1.2 DIE FRONEMAN-VERSLAG

Tydens die Administrateurskap van J.J. Fouché is die behoefte gevoel om 'n behoorlike ondersoek na die pad-opset van die Vrystaat te laat instel. Die verslag wat in 1952 opgestel is, staan bekend as die Froneman-verslag of ook die "Bitterverslag". Nog voor dit is 'n ander belangrike verslag deur P.A. de Villiers, die hoofingenieur van Paaie, opgestel wat verantwoordelik was vir die destydse dringende beplanning.

Die Froneman-verslag word beskou as die basis van die moderne padstelsel van die Vrystaat.¹² 'n Diepgaande studie van die bestaande omstandighede het aangetoon dat ingrypende veranderings nodig was om die agterstand te kon

9. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 27. Vergelyk O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 29; Volksraadsdebatte van die laat veertigerjare.
10. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87; Vergelyk Inegklankargief: K9301/2, Onderhoud, H.C. Jones - J.W.J.C. du Plessis, 22.01.87.
11. Onderhoud met A.C. van Wyk, 13.05.87. Vergelyk onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87; Debatte van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 17.06.66, p. 225.
12. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87.

inhaal. Dit blyk dat hierdie agterstand deels te wyte was aan 'n tydsgees waartydens nie baie groot waarde aan wetenskaplike toekomsbeplanning geheg was nie. Die klem het oënskynlik eerder op die praktiese uitvoering van die oomblik geval en word weerspieël deur die beskouing van die oorspronklik aangewese voorsitter van die Komitee van Onderzoek, A.J. Papenfus. Hy het sy aanstelling teruggetrek omdat hy oortuig was dat " 'n ondersoek na die Padaangeleenthede ... op die huidige tydstip nie noodsaaklik is nie en dat volle geleentheid eers aan die administrasie gebied moet word om met die uitvoering van sy verklaarde beleid en padbouprogram voort te gaan".¹³

Die Froneman-verslag beklemtoon onder meer: Die belangrikheid van navorsing en statistiek; herklassifisering van paaie; die instelling van 'n kostestelsel en herplasingfonds; kort en langtermynpadbeplanningsprogramme; herorganisering; aanstelling van gekwalifiseerde ingenieurs; die daarstelling van laboratoria, werkswinkelfasiliteite en 'n onderafdeling van padontwerp. Die meeste van die talle voorstelle is aanvaar.¹⁴

Uit die talle aspekte wat in die verslag aangeraak is, blyk die volgende van belang te wees: Padbou is benader uit 'n "lokale in plaas van provinsiale oogpunt". Dit is bewys deur die verspreiding van fondse. Die Provinsiale Paaie-Departement is wreed ontnugter tydens die goudmynontwikkeling en kon nie bybly nie. Dit strook met die Steven-verslag wat bevind het dat die Vrystaat 'n algehele agterstand gehad het. Dit blyk dat 'n "algehele gebrek aan statistiese opnames, behoorlike klassifisering van paaie, 'n finansiële beleid ...",¹⁵ ten opsigte van provinsiale en selfs die nasionale uitkyk voorgekom het. Meganiese padbou is vir die eerste keer in 1946 aanbeveel. "As daar vooruitbeplanning was, sou sodanige oorskakeling in samewerking met die Nasionale Vervoerkommissie reeds in 1936, 1939 en 1940 geskied het soos in die naburige provinsies."¹⁶

13. Provinsie Oranje-Vrystaat: Verslag van die Gekose Komitee, benoem deur die Provinsiale Raad om padaangeleenthede in die Oranje-Vrystaat te ondersoek. Voorsitter: G.F.v.L. Froneman, 03.04.51 - [Mei 1952], Bylae C, p. 179. [Hierna vermeld as: Froneman-verslag].

14. Harpur-verslag, p. 4.

15. Froneman-verslag, p. 91.

16. Ibid.

Toe die Provinsiale Paaie-Ingenieur 'n beplanningskema van R44 miljoen voor-
gelê het, het die Uitvoerende Komitee gereken hy is van sy wysie af. Sake
het nie verder gevorder as 'n "vae" kaart wat opgestel was vir die
ontwikkeling van paaie in die Vrystaatse Goudveldgebied nie. Die ingenieur
het hierna sy belangstelling verloor.¹⁷

Dit is bevind "dat padbou in die Vrystaat byna onherstelbare skade gely het,
deurdadig ... in die verlede nie genoegsaam, selfs glad nie gebruik gemaak is
van ingenieurs nie".¹⁸ Dit strook ook met bevindings van Steven in sy 1960-
verslag.

Dit is dus nie verrassend dat J.J. Fouché in 1959, die laaste jaar van sy
termyn opgemerk het dat vordering nie na wense was nie. Masjinerie het veel
te wense oorgelaat; origens het gruispaaie sy tol geëis na goeie reëns en 'n
tekort aan geld het sake vererger.¹⁹ By gebrek aan geld kon in 1957 geen
vervangingstoerusting aangekoop word nie.²⁰

In sy openingsrede van die Provinsiale Raad op 3 November 1959, het Fouché
gesê dat daar vanaf die ontstaan van paaie-begrotings in die provinsie nie
"met enige mate van sekerheid" gesê kon word wat presies daarmee gedoen sou
word nie. "Die rede was dat as gevolg van 'n tekort aan tegniese personeel
kon ons gedurende die afgelope vyf jaar - toe ons werklik op groot skaal
begin het met padbou en algemene meganisasie - nog nooit 'n sekure
kostestruktuur uitwerk nie. Daar was 'n byna onkeerbare geroep van die
publiek - 'Ons wil paaie hê!'"²¹ Die Uitvoerende Komitee en Administrateur
was soms byna radeloos. Hulle het egter daarin geslaag om die Vrystaatse
teerpad-kilometerafstand op te stoot tot op 2 400 kilometer en het duisende
kilometer gruis- en grondpaaie opgebou.

Hulle het uit die proses geleer dat beter kostebepaling en algemene beplan-
ning "onontbeerlik" was in 'n "staatsdepartement". Origens was daar 22 718
kilometer sekondêre paaie waarvan om en by 60 persent gegruis is en 23 468
kilometer tersiêre grondpaaie.²² Twintig hergruis-eenhede is geskep om

17. Ibid.
18. Ibid., p. 154. Vergelyk Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87.
19. PR-notule, 23.02.59, pp. 10-11.
20. Steven-verslag, p. 34 en ook die res van die verslag voor en na p. 34.
21. PR-notule, 03.11.59, p. 111; Steven-verslag, p. 2.
22. PR-notule, 03.11.59, p. 112.

"paaie in so 'n toestand te bring dat hulle as paaie beskou kan word en dat hulle nie verwar word met slote of kanale nie".²³

Tydens 'n onderhoud het oud-Administrateur Fouché gesê dat hul tot die besluit gekom het om die finansiering vir padbou te verdeel. Die padonderlae en brûe is gefinansier uit 'n leningsfonds, terwyl die ryvlak uit die inkomstefonds gekapitaliseer is. Voorheen was fondse slegs verkry uit die inkomsterekening.²⁴ Dit is later in die vroeë sestigerjare herroep deur die beleid van die toenmalige Uitvoerende Komitee: "padaanbou [sou] finansieer word uit inkomste en nie uit lenings soos vroeër wel geskied het nie",²⁵ uit vrees dat die opeenhoping van rente tot insolvensie sou lei.²⁶

2. DIE SKEPPING VAN 'N ORDELIKE PADBOUSTELSEL

Die prentjie was dus alles behalwe rooskleurig toe Du Plessis die Administrateursamp aanvaar het. Dit is verder bevestig deur Steven, die hoofingenieur, in sy paaieverslag van Maart 1960.²⁷ Die verslag het elemente bevat van al die voorgenoemde probleme en het onder andere vermeld dat agterstalige werk as gevolg van 'n tekort aan personeel die ingenieurs begin frustreer het. Hiermee saam het kritiek van oningeligte persone die saak vererger. Nuwe masjinerie het egter bygedra tot 'n positiewe gees van wedywering onder alle amptenare.²⁸

Alhoewel vordering gemaak is, was dit nie genoeg om te voldoen aan die steeds toenemende moderne behoeftes nie, en het elemente van botsing steeds bestaan. Du Plessis het gevolglik 'n beleid van gebalanseerde ontwikkeling vir die Vrystaat geformuleer. Slegs 'n vasberade Administrateur en Uitvoerende Komitee sou egter onder dié heersende omstandighede gemelde ideaal kon verwesenlik.²⁹

23. Ibid.

24. Ineg-klankargief: K193/2, Onderhoud dr. K.J. de Beer - J.J. Fouché, 09.09.76.

25. PR-notule, 28.02.63, p. 39.

26. Ibid., p. 38.

27. Vergelyk die Steven-verslag, p. 1, et. seq.

28. Ibid.; Vergelyk pp. 5-6 en 24.

29. Vergelyk UK-notule, min. 204, 4/5.02.63.

Teenoor die probleme van die administrasie het die boer en die plattelandse sakeman in 'n milieu van hul eie geleef. Vir ieder en elk was sy eie probleem dringend genoeg vir onmiddellike aandag en 'n geroep om teerpaaië het opgegaan. Hieroor was reeds uitsluitel gegee in die vyftigerjare, naamlik dat elke dorp minstens deur een teerpad met 'n ander dorp verbind sou word.³⁰

Dit was die taak van die Uitvoerende Komitee om in elke distrik se behoeftes te voorsien en om ooreenkomstig 'n prioriteitsbepaling te besluit in watter volgorde paaië voltooi moes word. Die algemene beleid het behels dat 'n pad die minimum van 200 voertuie per dag moes dra, bereken volgens periodieke tellings, voor oorweeg kon word om dit op die padbouprogram van teerpaaië te plaas. Daar was baie wat hieraan voldoen het.³¹ Daar was egter ander faktore wat ook in ag geneem moes word, soos die verskuiwing van padboueenhede wat 'n duur proses was. Bestaande projekte moes dus eers afgehandel word. Die beskikbaarheid van fondse was 'n ander faktor.³² Indien 'n gebied reeds 'n teerpadverbinding gehad het, was die Uitvoerende Komitee verplig om eers na dorpe om te sien wat nog geen teerverbinding gehad het nie.³³ Du Plessis het nietemin instrumenteel deur die Uitvoerende Komitee voorsien om fondse op 'n vinniger wyse beskikbaar te stel om die Vrystaat op die kaart te plaas.³⁴

In sy terugskouing hieroor, beweer Lombaard, was die 200 voertuigmaatreël per pad in beginsel aanvaar en waarskynlik deur die Uitvoerende Komitee probeer toepas as 'n prioriteitsmaatreël. 'n Pad wat 200 voertuie per dag gedra het, het egter nie voorkeur bo dié van 400 voertuie gekry nie. Hulle het ook nooit so ver gekom om alle paaië wat 200 of meer voertuie per dag dra, te teer nie. Hy sê hieroor: "Insteede van 'n merietebepaling het dit 'n

-
30. Vergelyk UK-notules, min. 951, 6/7.09.60; min. 204, 4/5.02.63; min. 211, 4/5.02.64; min. 339, 09.03.65; et passim. Min. 1278, 12.09.69; Onderhoud met K.J. Harpur, 22.01.87.
31. Onderhoud met K.J. Harpur, 22.01.87.
32. UK-notule, min. 399, 09.03.65.
33. Ibid., min. 1446, 8/9.10.63.
34. Onderhoud met K.J. Harpur, 22.01.87.

prioriteitsbepaling geword ten opsigte van watter aansoek of aansoeke eerste geplaas moes word, met ander woorde wie kom eerste in die ry".³⁵

Beskikbare fondse kon egter nie net aan teerpaaië spandeer word nie. 'n Balans moes gehandhaaf word ook wat gruispaaië betref. Paaie was derhalwe in vier kategorieë verdeel. Eerstens was daar die nasionale paaië as hoofweë wat beheer is deur die Nasionale Vervoerkommissie. Omstreeks 1958 was die Noord-Suid roete wat die Transvaal met die Kaapprovinsie verbind het, die Bloemfontein-Durban en die Bloemfontein-Kimberley roetes die enigste nasionale teerpaaië in die Vrystaat.³⁶

Ten tweede was daar die provinsiale teerpaaië - die sogenaamde primêre paaië - wat dorpe met mekaar verbind het. Daarbenewens was daar die hoofplaaspaaië of sekondêre paaië wat groepe plase met die primêre provinsiale paaië verbind het. Die plaaspaaië of tersiêre paaië het weer vertak uit die sekondêre of provinsiale paaië.

Die beleid om provinsiale paaië te teer is ingevoer omdat dit inderwaarheid in die Vrystaat duurder was om 'n gruispad te onderhou,³⁷ veral indien meer as 200 voertuie dit per dag gebruik het. Voldoende goeie gruis was 'n probleem. Daarby het kosbare landbougrond in die slag gebly. Baie geld is,

-
35. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87. Dit is intussen verander en voorkeur word tans uitgewerk volgens 'n wetenskaplike bepaling van voordeel-kosteverhoudings wat gegrond is op 'n ekonomiese basis.
36. Vergelyk Bylae E, Teerpadnetwerk in die O.V.S., Maart 1955.
37. UK-notule, min. 1630, 19.11.68. Dit was dikwels 'n duur proses om goeie gruis te bekom. In die verband kan genoem word dat die plaaslike bestuur van Kroonstad selfs 'n afvaardiging na die Uitvoerende Komitee gestuur het, nadat die Komponent Paaie van die Vrystaatse Administrasie hul gruis gekonfiskeer het. Bethlehem, Bothaville en Steynsrus het dieselfde oorgekom. Du Plessis het die optrede as onregverdig beskou en 'n ondersoek gelas. Vergelyk beperkings, UK-notule, min. 319, 04.03.69; Vergelyk Steven- verslag, p. 23.

aldus Harpur, in die verlede vermors voordat hierdie beleid toegepas is.³⁸ Hierdie indeling is in 1957 deur die Wentzel-kommissie ingevoer waartydens die dooie hout in die tersiëre padopset uitgesny is. Die gevolg was 'n vermindering van padafstand vanaf 80 000 kilometer na ongeveer 49 600 kilometer.³⁹

2.1 INTERNE ADMINISTRATIEWE-POGINGS VERSUS EKSTERNE DRUK

Die Administrateur en sy Uitvoerende Komitee het soos in die tyd van Fouché, deeglik hul kwota druk aangaande paaie beleef. Die toedrag van sake het net nog vererger tydens oorvloedige reëns.⁴⁰ Uit die aard van die saak kon die hele Vrystaat nie gelyktydig gehelp word nie en moes Du Plessis en sy Uitvoerende Komitee die wysheid van 'n Salomo aan die dag lê om almal tevrede te probeer stel.

In die klimaat van algemene ontevredenheid oor die padbouprogram het die administrasie gepoog om die publiek behoorlik in te lig op kongresse in 1962.⁴¹ Op 3 Julie 1962 het W.F. Wentzel, die senior-LUK, tydens die konferensie van Padrade voorspel dat sake sodanig volgens die nuwe padbouprogram sou verander dat daar binne tien jaar nie meer die behoefte aan bykomende "hardebladverbindingsweë in die Vrystaat sou wees ..." nie.⁴² Elke Vrystaatse plaaspad sou aandag kry. Wentzel het gesê dat "baie boere onder 'n wanindruk was wat die bou en verbetering van plaaspaaië betref".⁴³ Volgens hom het hulle gereken dat die administrasie alle koste moes dra

38. Harpur-verslag, pp. 14-15. Vergelyk onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87. Die praktyk word voortgesit en volgens Lombaard word daar vandag nog, méer ingekort op afstand as wat daar nuwe paaie gebou word. Volgens hom was daar nog tot nie baie jare gelede steeds van die heel vroegste "slingerpaadjies" in gebruik.

39. Harpur-verslag, pp. 14-15.

40. Vergelyk The Friend, 10.04.63; PR-notule, 02.02.65, p. 6; 1964 baie goeie reën, 1965 droogte; PR-notule, 27.02.68, p. 6; Die Volksblad, 10.02.67. Vide infra p. 125 en pp. 129-130.

41. Onderhoud met A.C. van Wyk, 13.05.87. Vergelyk UK-notule, min. 105, 13.04.62.

42. Die Volksblad, 03.07.62; UK-notule, min. 105, 13.04.62. Hierdie bron maak gewag van die aanvangsdatum as 04.07.72. Volgens eersgenoemde bron het Wentzel sy openingsrede op 03.07.62 gehou.

43. Die Volksblad, 03.07.62.

"terwyl hulle ook 'n bydrae moet lewer".⁴⁴ Die Uitvoerende Komitee het sowat 29 persent van die begroting aan paaie afgestaan terwyl slegs bykans die helfte soveel aan hospitalisasie bestee is. In totaal het hulle R9 miljoen bestee aan paaie teenoor 'n skrale inkomste van R2½ miljoen uit voertuiglisensies.

Die vordering was goed. Waar die ideaal 160 kilometer pad per jaar was, is 1 536 kilometer binne sewe jaar geteer. In 1954 was net 256 kilometer gegruis en in 1961 was byna 1 600 kilometer gegruis.⁴⁵ Op 18 Julie 1962 is die Vrystaatse padprobleme opnuut in alle erns bespreek tydens 'n Spesiale Paaiekonferensie⁴⁶ wat die Vrystaatse Landbou-unie gehou het. Du Plessis het bekend gemaak dat daar sedert die ontdekking van goud vir die afgelope dekade meer as R72 miljoen aan padbou bestee is, wat 'n geweldige las op die administrasie geplaas het.

Terselfdertyd het hy probeer om die nodige perspektief te verleen. Geld was 'n beperkende faktor. Aan die hand van Wentzel se verduideliking op 3 Julie 1962, het Du Plessis aangetoon dat R9 miljoen die maksimum besteebare bedrag op paaie was, waarvoor hulle kon begroot. Die alternatief sou lei tot 'n drastiese verhoging van belasting waarteen hy altoos gewaak het.

Die klaarblyklike rede tot ontevredenheid onder boere was die onderhoudstelsel van hul plaaspaaië, dit wil sê tersiëre paaie.⁴⁷ Du Plessis kon kwalik iets meer doen aangesien hierdie paaie - 25 280 kilometer - sowat 5 persent van die provinsie se verkeer gedra het. In teenstelling was daar 2 800 kilometer primêre paaie wat 80 persent van die verkeer gedra het. Desgelyks het die sekondêre paaie - 22 080 kilometer - 15 persent gedra. Indien die administrasie die onderhoud van plaaspaaië as eie verantwoordelikheid moes onderneem, sou die 25 280 kilometer paaie indien twee keer per jaar geskraap en die hergruising van 1 920 kilometer per jaar,

44. Ibid.

45. Ibid. Vergelyk Steven-verslag. Tussen 1957 en 1960 is 1 440 kilometer hergruis.

46. Vergelyk The Friend, More money on roads ... higher taxes, 19.07.62. Onderhoud met A.C. van Wyk, 13.05.87. Volgens Van Wyk is dié Spesiale Padkongres gereël omdat vroeë tydens landbou- en nasionale kongresse nie na behore behandel kon word nie.

47. Vide infra, pp. 113-114.

jaarliks R1 miljoen kos. Kongreslede moes die kostefaktor deeglik verreken voordat hulle nuwe versoeke sou formuleer.⁴⁸

Insgelyks moes die administrasie sy aandag by die belangrikste paaie bepaal, waarvan daar gemiddeld 160 kilometer teepad en 1 600 kilometer sekondêre paaie per jaar met beperkte fondse gebou moes word.⁴⁹

Die interessantheid van die saak is dat die administrasie en die boeregemeenskap na herhaalde versoeke van laasgenoemde tot "vennootskapbasis"⁵⁰ oorgegaan het. Dit het die administrasie inderdaad gepas "om dië maksimum diens met die minimum-koste te lewer". Op daardie tydstip het slegs vier-en-twintig maande verloop en was die stelsel nog onderhewig aan veranderings.

Desnieteenstaande is heftige kritiek vanuit die geleedere van sekere afgevaardigdes uitgespreek en wou hulle die nuwe stelsel ten koste van die oue omverwerp.⁵¹ Die rubriekskrywer - Stop van Myne - verwoord dië gebeure netjies sonder om doekies om te draai: "Hierdie week was daar 'n padkonferensie ... wat 'n hele skouspel was. Nou kyk, laat dit nou handelaars, boere, beroepsmense of wie ook al wees, maar as 'n LUK opstaan en sommige van hulle [kongresgangers] vra om versigtig te wees dat hulle hulle nie be-laglik in andere se oë maak nie, dan kan 'n mens ook verstaan waarom hy te kenne gegee het dat daar nie meer dieselfde aandag gegee word aan wat hulle (die boere) sê as wat voorheen die geval was nie. As hierdie konferensie die barometer is van wat op meer sulke byeenkomste gebeur, dan skort daar iets".⁵²

Volgens W.J. Gouws het "Die stelsel waarteen nou beswaar gemaak word, ... sy oorsprong uit die Vrystaatse boere self. Die boere het dit gevra. Die stelsel is drie jaar gelede deur die kongres van die Vrystaatse Landbou-unie met dank en waardering aanvaar. Nou word daar gesê die administrasie tree diktatoriaal op. Nie 'n enkele boer in die Vrystaat was tevrede met die ou

48. Die Volksblad, Hoër belasting as Oranje-Vrystaat meer vir paaie gee, 18.07.62; The Friend, 19.07.62.

49. The Friend, 19.07.62.

50. Elk het 'n bydrae van 50 persent gemaak.

51. Die Volksblad, Boere moet nuwe stelsel 'n kans gee, 18.07.62.

52. Die Volksblad, Rubriek, Ons praat padlangs oor paaie en boere, 21.07.62. Vergelyk Die Volksblad, 18.07.62 vir W.J. Gouws se direkte en volledige kommentaar.

stelsel nie en niemand het, toe die nuwe stelsel ingevoer is, vir die ou stelsel gepleit nie".⁵³

Blykens Stop van Myne, was Gouws se skrobbering heeltemal geregverdig, omdat "n stywe klomp" op die kongres, benewens die res wat dit aanvaar het, daarteen te velde getrek het. Die skrywer het aanbeveel dat afgevaardigdes in belang van die boeregemeenskap beter gekeur moes word. Sulke bontpraterij kon nie langer geduld word nie. Dikwels het dit gelyk of die wat die hardste en meeste gedreig het, die swakste ingelig was. Dit was noodsaaklik dat vooraf goedbestuderende en sinvolle bydraes tot kongresse gemaak moes word en na afloop daarvan tuis verslag gelewer word. "Daar is oulike ontwikkelde boere. Laat ons hulle gebruik."⁵⁴

Dit blyk dat 'n groot lawaai opgeskop is waarna uiteindelik tog eenparig besluit is om die bestaande stelsel onderhewig aan verbetering, te aanvaar nadat selfs die Administrateur en die Provinsiale Raad aanvanklik tot sondebokke gemaak is. Die skrywer assosieer hom met die beskouing van Gouws dat die boere nie altyd engeltjies is nie en stel die vraag of dit erger kon gaan,⁵⁵ in die lig van die beskuldiging: "Die Provinsiale Raad in die Vrystaat diskrimineer teen die boere ". Hierbenewens was daar menings gelug dat die Raad en Administrateur almal uitgesmyt moes word. Die teerpad tussen Brandfort en Bloemfontein word verdubbel sodat jaagduiwels vinniger kan jaag. Die geld hiervoor kan vir die boere gebruik word. Boere hou nie vakansie nie en gebruik nie teerpaai nie.

Volgens Stop van Myne, moes daar opnuut met erns na sake gekyk word, aangesien 'n gemeenskap of groep, nie net die boere nie, beoordeel word aan die mense wat hom verteenwoordig.⁵⁶ Daarteenoor het die redakteur van Die Volksblad perspektief probeer verleen: Dié paaiekongres kon van waarde wees indien almal koppe in gemeenskaplike belang bymekaar sou sit. Groter begrip vir die administrasie se probleme kon bewerkstellig word daar hulle behalwe, die belangrike dienste, ook na die minder belangrike moes omsien. Dit sou enersyds verhoed dat padgebruikers goedsdiks nuwe skemas voorstel sonder om

53. Die Volksblad, 18.07.62. Vergelyk die Froneman-verslag, p. 140.

54. Die Volksblad, 21.07.62.

55. Ibid.

56. Ibid.

die finansiële implikasies in ag te neem. Andersyds sou dië vrugbare kennismaking die administrasie op hoogte stel van die ryke skakerings van die openbare mening.⁵⁷

Dit is van belang om in ag te neem dat daar nie net nuwe paaie gebou is nie. Dit was noodsaaklik om ou teerpaaië te herseël;⁵⁸ sommiges was ook toe reeds uitgedien en moes vervang word.⁵⁹ Voortdurende proewe is uitgevoer om die standaard van teerpaaië en brõe te verbeter in plaaslike laboratoria en ook in Pretoria.⁶⁰ Hierby het die Administrateur-in-Rade nie die inisiatief van oorsese studietoere en plaaslike studiekursusse in die kiem gesmoor nie. Inteendeel, juis laasgenoemde saam met die ywer van die amptenare ten spyte van personeeltekorte, het die Vrystaat gehelp om uiteindelik die agterstand teenoor die ander provinsies uit te wis.⁶¹ Op 31 Maart 1970 het die beplanningsafdeling wat padverbindings beplan het oor 29 000 planne beskik waarvan gemiddeld 500 per jaar opgestel is.⁶² Dit kom ook voor of daar intussen 'n goeie verhouding opgebou is met die Nasionale Vervoerkommissie en hul amptenare waartydens kennis uitgeruil is, wat vroeër jare, aldus die Froneman-verslag, nie altyd die geval was nie.⁶³

-
57. Ibid., Rubriek, 20.07.62. Vergelyk ook 'Nasionaal' in Die Volksblad, Briewekolom, 21.06.67, 'Paaie is te sleg om meer te betaal'; en PR-debatte, 24.02.67, p. 91. A.J.V. Marais, (LPR, Lindley/Reitz) dra sy dank oor aan die administrasie wat paaie in 'n rybare toestand "probeer kry en ... hou", ten spyte van probleme. (Reeds in die vorige dekade voor die sestigerjare het mense ten opsigte van paaie soms ernstig verskil).
58. PR-notule, 28.02.66, pp. 8-9.
59. Steven-verslag, p. 1. Die struktuur van die pad tussen Bloemfontein en Brandfort was swak. Andersins was dit te smal. Vergelyk Froneman-verslag, p. 133. Hiervolgens is voorheen min aandag aan 'n behoorlike pad-struktuur gegee.
60. Vergelyk Harpur-verslag, pp. 44-47. Onderhoude met K.J. Harpur, 22.01.87, en J.C. Lombaard, 14.07.87.
61. Onderhoud met K.J. Harpur, 22.01.87. Vergelyk die ernstige tekort aan Ontwerp- en Tekenkantoorpersoneel. PR-notule, 28.02.61, p. 8.
62. Harpur-verslag, p. 44.
63. Froneman-verslag, pp. 171 en 173.

Die voormalige hoofamptenaar van Paaie, Ken Harpur, vertel dat hulle hul kennis kon verruim tydens hul besoek aan die VSA en oplossings kon vind by die Amerikaners vir baie probleme soortgelyk aan dié wat die Vrystaters in hul padbouprogramme ondervind het. Daar is byvoorbeeld ondervind dat 'n pragtige teerpad in die Vrystaat binne enkele maande golfpatrone begin vertoon het, as gevolg van die drukkrag van die klei. Die Amerikaners het soortgelyke probleme ondervind en die Vrystaters kon dus leer uit die navorsing wat reeds deur die Amerikaners in dié verband gedoen is.⁶⁴

Du Plessis het as beleid uitgespel dat sekondêre gruispaaie na vyf tot ses jaar van diens, 'n nuwe blad moes kry. Hierdie paaie moes onderhou word dat dit nie weer sou verval "tot hulle ou uitgewerkte, ingesakte en ondreineerbare toestand nie. As dit ooit toegelaat word om te gebeur, sal daar ... geen tweede geleentheid wees om materiaal van die kante van die pad in te skraap nie ...".⁶⁵

2.2 'N WETENSKAPLIKE WERKSWYSE

Samewerking tussen die beplanning- en konstruksieseksie en laboratoria is versterk en die laboratoria te Kroonstad en Bethlehem het nuwe toerusting ontvang.⁶⁶ Daar is gepoog om die 160 kilometer nuwe teerpad, spesiale en provinsiale paaie ingesluit, per jaar te bou.⁶⁷ Beide ou teerpaaie en gruispaaie is volgens 'n behoorlike plan herseël.

Die aandag wat gegee is aan die opbou en behoorlike dreinerings van tersiêre paaie en die voorsiening van 'n behoorlike gruislaag is grotendeels deur die publiek waardeur. 'n Nuwe stelsel, die sogenaamde "'self-help' skema" ten opsigte van tersiêre paaie, is aanvanklik in sommige distrikte op die proef gestel. Dit was egter nie vir alle boere aanvaarbaar nie. Dit is later wel deur die provinsie in werking gestel en het boere instaat gestel om by wyse van vergoeding op 'n rand vir rand (£1 vir £1) basis hul eie plaaspaaie te verbeter. Die administrasie het sover gegaan om die gruis in 926

64. Onderhoud met K.J. Harpur, 22.01.87. Vergelyk PR-notule, 25.02.64, p. 5. Toetse met ander middels as sement.

65. PR-notule, 28.02.61, p. 9.

66. Ibid., 01.03.60, p. 5. Vergelyk ook UK-notule, min. 1015, 5/6.11.62. 'n Vakkundige moes aangestel word vir die kontrole van laboratoriumdienste.

67. PR-notule, 28.02.61, p. 8.

gruisgroewe vir boere los te maak wat dan deur hulle opgelaai kon word. Die doel hiermee was om die bestaande agterstand in te haal.⁶⁸

Voorligting is by wyse van demonstrasieskole aan masjienoperateurs gegee sodat hulle op hoogte kon kom van die mees doeltreffende gebruik van padmasjinerie.⁶⁹ Volgens Lombaard was die posisie vroeër jare van so 'n aard dat heelwat padwerkers wat nie 'n sukses van die lewe op ander terreine kon maak nie, uiteindelik hul toevlug tot die paaie-afdeling geneem het. Hierdie persone het ook 'n belangrike stempersentasie van die kiesers tydens Provinsiale Raadsverkiegings uitgemaak en het hul dikwels tot LPR's gewend om 'n werk te bekom.⁷⁰

Die uitvoering van die beleid om ou teerpaaie vroegetydig van 'n nuwe blad te voorsien, het lapwerk op die ou end verminder. Waar daar vroeër meer op lapwerk gekonsentreer is, het dit tot gevolg gehad dat die teerblad eintlik méér beskadig is.⁷¹

Teen 1962 was die vooruitsig op vordering goed nadat masjinerie wat op grootskaal "defek" geraak het, deur nuwes vervang is. Dit het 'n onmiddellike verbetering tot gevolg gehad.⁷² Du Plessis het in sy begroting van 22 Mei 1962 die maksimum toelaatbare bedrag aan paaie afgestaan. Hulle kon nie meer geld aan paaie bestee sonder om óf die belastinge te verhoog óf om oor te gaan tot die inkorting van onderwys en hospitaaldienste wat hy in elk geval nie verminder het nie. Hy was nie ten gunste van publieke belastingverhoging nie.⁷³

Vanweë die bykomende bedrag wat aan die padbegroting bestee is, is goeie vordering gemaak en gehandhaaf. In Februarie 1963 het Du Plessis bekend gemaak dat hulle verwag om einde Maart sowat 195 kilometer teerpad te voltooi vir die jaar, afgesien van 'n verdere 33 kilometer nasionale pad te Kroonstad. Die verwagting was ook om 230 kilometer nasionale pad en 252 kilometer provinsiale primêre paaie te voltooi. Die nasionale padoppervlakte was reeds oor die algemeen in 'n goeie toestand, terwyl die

68. Ibid., 27.02.62, p. 7.

69. Ibid.

70. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87.

71. PR-notule, 27.02.62, p. 7.

72. Ibid.

73. Ibid., 22.05.62, p. 74.

primêre paaie nog intensiewe aandag oor twee jaar in die verband sou moes ontvang. Die beleid ten opsigte van die herstel van tersiêre paaie het ook groter byval gevind, hoewel die reaksie beter kon wees. Gevolglik het die administrasie besluit om die saak verder te ondersoek.

2.3 ORIËTERING VAN DIE PUBLIEK TEN OPSIGTE VAN DIE PROBLEME

Du Plessis het dit nodig gevind om daarop klem te lê dat daar nie maar net goedskijs aan druk en "die gedurige geroep om nuwe teerpaaië" gehoor gegee kon word sonder om ander belangrike dienste te skaad nie.⁷⁴ Hy besef dat nie almal met hom saamstem dat die vordering goed was nie, daarom het hy dit as "redelik" bestempel en aan die oordeel van die Raad oorgelaat, maar die publiek moes onder die indruk gebring word dat padbou 'n duur onderneming was.

Op 28 Februarie 1963 het W.J. Gouws, LUK, namens die Uitvoerende Komitee 'n verslag insake die algemene padbeleid voorgelê aan die Raad. Die noodsaaklikheid om die publiek behoorlik in te lig oor die kostes en implikasies van padbou, is hierin beklemtoon. Gouws het in sy uiteensetting gesê dat: "die konstruksie van 'n teerpad ... nie net 'n besluit van die Raad [is] en dan soos een van die Vrystaatse boere dit gestel het, 'n paar vragte gruis wat gelyk gemaak word en dan met 'n paar dromme teer toegesmeer word nie ...".⁷⁵ Die Raad en die publiek moes besef dat padbou 'n reuseprojek is: baie fasette moes vooraf deeglik oorweeg en beplan word soos die huisvesting van padwerkers, koördinering met Evkom en die Poswese. Daarbenewens was die samewerking van grondeienaars van die grootste belang om padbelyning vlot te laat verloop.

Die Administrateur en sy Uitvoerende Komitee was nie onbekend met die teenkantiing wat soms ondervind is by die nakoming van sulke vereistes nie.⁷⁶ 'n Ander belangrike faktor was weersomstandighede in die Vrystaat wat die periodieke herseël van teerpaaië genoodsaak het.⁷⁷

Met die wete dat met rasse skrede gevorder kon word, is vooroordele stelselmatig deur die ingenieurs van die Komponent Paaie afgebreek. Selfs Uit=

74. Ibid., 25.02.63, p. 6. Vide infra A.C. van Wyk p. 126.

75. PR-notule., 28.02.63, p. 36.

76. Ibid.

77. Ibid.

voerende Komiteelede het met die beste bedoelings van die wêreld voorgestel dat oopgesnyde dromme onder 'n plaaspad funksioneel was en dat die gruis wat vir jare op paaie gebruik is doeltreffend was.

Boere moes oortuig word dat dit voordelig was om water weg te lei van paaie af, in plaas van andersom.⁷⁸ Mense het nie altyd begrip getoon dat dit liefers beter was om 'n duur padskrapeer vir 'n rukkie te laat staan as sy operateur dit om die een of ander geldige rede nie kon beman nie, eerder as om dit aan 'n onopgeleide plaasvervanger oor te laat.

Indien 'n boer byvoorbeeld bereid was om in te staan vir 'n siek werker, kon die administrasie ernstige verliese ly vanweë beskadiging, aangesien 'n voorsieningsfonds vir ongelukke nie bestaan het nie.⁷⁹

3. PROGRESSIEWE METODES LEWER RESULTATE

3.1 DEURPAAIE (HOOFWEE)

Op 25 April 1961 het B.J. Schoeman, Minister van Vervoer, in die Volksraad aangekondig dat groot veranderings in die padbouprogram van die Nasionale Vervoerkommissie sou plaasvind. Die wysigings is na beraadslaging met die onderskeie provinsies opgestel. Dit was noodsaaklik aangesien 'n groot toename in verkeer op Suid-Afrikaanse paaie plaasgevind het.

Rondom die Suid-Afrikaanse stede is paaie reeds verdubbel waarvan party projekte aan die gang was. Ingevolge die beleid van die Nasionale Vervoerkommissie sou hulle "verklaarde" paaie bou deur stedelike gebiede of as dit nie aan hoofwegstandaarde voldoen nie, sou dié paaie buite die "sentrale stadsgebied" gebou word.⁸⁰ Daar is beoog om verkeerswisselaars met tussenposes van 12 tot 16 kilometer uitmekaar te plaas na gelang die behoefte.⁸¹ Dit sou verbode wees om privaattoegange tot die hoofweë toe

78. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87.

79. Ibid. Vergelyk Nasionaal in Die Volksblad, Briewekolom; 21.06.67.

80. Die Volksblad, Groot uitbreidings in padbou aangekondig, 26.04.61; Vergelyk Dagbreek, 04.02.62.

81. PR-notule, 28.02.63, p. 38.

te laat. Nuwe sakeondernemings sou ook nie meer nader as 1 500 treë vanaf kruisings toegelaat word nie⁸² met die oog op verkeersveiligheid.⁸³

Hoewel die raamwerk deur die Nasionale Vervoerkommissie opgestel is, was dit nogtans nodig dat die Administrateurs voortdurend samesprekings met minister Schoeman voer, aangesien die Nasionale padbeleid op provinsiale vlak uitgevoer moes word en veranderinge daaraan die Nasionale Paaie-opset buite provinsiale vlak geraak het.⁸⁴ Die Uitvoerende Komitee het die nuwe maatreëls so spoedig moontlik as eerste prioriteit gestel en dit met geesdrif aanvaar vanweë die finansiële voordeel daaraan verbonde.⁸⁵ Op 28 Februarie 1963 het die Uitvoerende Komitee in die Provinsiale Raad laat aankondig dat hulle die beleid van deurpaaie in beginsel aanvaar het.⁸⁶

Dit het daartoe bygedra dat die Vrystaat in dié verband op die voorgrond geplaas is. Sommige van die ander provinsies het nie so vinnig hierby aangepas nie, aangesien hulle nie hul eie beplanning summier omver wou werp nie.⁸⁷

Plaaslik was die gevolg dat die Vrystaat 'n baie goeie deurpad gekry het wat vanaf die Oranjerivier tot by Winburg gestrek het. 'n Tweede baan met brúe is gereedgemaak vir toekomstige ontwikkeling, wat kostebesparend is, aangesien dit slegs op voltooiing wag en die geld wat voorsien was deur die Nasionale Vervoerkommissie in die verband tot voordeel van die Vrystaat aangewend is.⁸⁸

Du Plessis en sy Uitvoerende Komitee het deur vroeë progressiewe besluitneming 'n groot bres geslaan vir die sukkelende Vrystaat waar sekere paaie, soos die nasionale pad vanaf Trompsburg na Springfontein in elk geval deur

-
82. Die Volksblad, 26.04.61. Vergelyk Dagbreek, 04.02.62, "1 500vt."
83. Dagbreek, 04.02.62.
84. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 01.08.87. Oftewel klaarblyklik die minister of adjunk-minister wat spesifieke aspekte hanteer het in verband met paaie.
85. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 01.08.87.
86. PR-notule, 28.02.63, p. 37. Vergelyk The Friend, OFS Planning for the future, says Schoeman, 15.08.64.
87. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 01.08.87.
88. Onderhoud met K.J. Harpur, 22.01.87.

die administrasie op sy koste herbou moes word. Dit is egter na samesprekings met die Nasionale Vervoerkommissie as deel van hul program geïnkorporeer. Hierdeur is duplisering van werk uitgeskakel.⁸⁹ Dieselfde beginseel is oorgedra op die Bloemfontein-Winburg-pad.

Deur vroegtydige beplanning en optrede⁹⁰ van 'n wakker Administrateur en sy span, is die nodige infrastruktuur vir paaie in die Suid-Vrystaat daargestel. Daardeur is die padstelsel geskep wat later sou inskakel by die nasionale roete verby die Verwoerddam.⁹¹

4. DIE GEVOLGE VAN 'N BETER BEDELING TUSSEN DIE VRYSTAATSE ADMINISTRASIE EN DIE NASIONALE VERVOERKOMMISSIE

4.1 OORSESE TOER

Die oorsese toer wat gedurende Junie en Julie 1964 na die VSA onderneem is onder leiding van W. Gouws, LUK, het ook die bestudering van die nuwe Amerikaanse stelsel van hoofweë as doel gehad. In dië opsig was die VSA Suid-Afrika twintig jaar voor. Die jongste tegnieke aangaande padbeplanning, ontwerp, konstruksie en verkeersbeheer met die oog op veilige padgebruik is onder die loep geneem.

Die Uitvoerende Komitee het volgens Du Plessis besef: "This system was the ultimate in highway planning and construction ...".⁹² Dit het rygerief en groter veiligheid aan die motoris verleen.⁹³ Wanneer teruggekyk word na Du Plessis se pleidoorie in die Volksraad, word gemerk dat hy toe al gepleit het vir 'n nuwe veilige verkeerstelsel. As provinsiale leier kon hy toe die geleentheid met alle mag aangryp en het hy nie geskroom om gewag te maak in sy toesprake van die onnodige verkwisting van menselewens in padongelukke wat Suid-Afrika allermins kon bekostig.⁹⁴ Dit is dus nie vreemd dat hy deur minister Schoeman aangestel was as voorsitter van 'n kommissie van ondersoek aangaande Provinsiale Verkeerswetgewing en padveiligheid op nasionale vlak

89. PR-notule, 10.05.65, p. 36.

90. Vergelyk PR-notule, 28.02.63, pp. 35-39.

91. Vide infra, p. 142. Gebaaide weë.

92. PR-debatte, 02.02.65, p. 6.

93. Ibid., p. 6; The Friend, 03.02.65.

94. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versameling, Lêer 1/24/1; PR-notule, 28.02.61, p. 10; Die Volksblad, 25.02.63.

nie. Die nasionale spoedbeperking van 120 kilometer per uur was een van hul belangrike aanbevelings.⁹⁵

Aanvanklik kon die nuwe beleid van 'n hoofweg nie ten volle uitgevoer word nie. Nuwe paaie was reeds vanaf 1963 in die Vrystaat so gebou dat hulle later by dié opset kon inskakel.⁹⁶ In Mei 1965 was 1 747 kilometer nasionale en spesiale paaie en 1 560 kilometer primêre paaie reeds geteer in die Vrystaat teen 'n gemiddeld van 192 kilometer teerpad per jaar.⁹⁷

4.2 SPESIALE PAAIE (TOERISTEPAAIE)

Op 17 Augustus 1960 het die Drakensbergse Publisiteitsvereniging tydens hul kongres te Zastron besluit dat dit noodsaaklik geword het om 'n toeristepad vanaf Zastron na Matatiele te bou in belang van die omliggende omgewing, sowel as die Noord-Kaap gebied. Dit sou in nasionale belang wees om die afstand na die kus vir genoemde gebiede te verkort. Dit sou ook die handel stimuleer sowel as aansluiting vind by die Oranjerivierprojek, met die moontlikheid van nywerheidsvestiging en die pad sou van strategiese waarde wees en beweeglikheid verhoog, aangesien onrus juis op dié tydstip in die Noordelike Afrikastate voorgekom het.

-
95. Vergelyk K903/3, Onderhoud; PR-debatte, 12.10.66, pp. 41-49. Vergelyk Du Plessis se erns in verband met padveiligheid, die beskouing van sy administrasie om padveiligheid te bevorder in antwoord op kritiek van die Automobiël-Assosiasie, wat net twee jaar tevore (1964) nog volmondig saamgestem het met die pogings wat deur Suid-Afrikaanse owerhede toegepas is. Die onverdiende kritiek het gekom te midde van volgehoue pogings deur laasgenoemde instansies om die Suid-Afrikaanse verkeerstelsel te verbeter. Insgelyks het Du Plessis nie gehuiwer om Suid-Afrikaanse verkeersbeampies teen heftige kritiek van die president van die Automobiël-Assosiasie te verdedig waar hulle 'n baie hoë premie op veilige padgebruik geplaas het nie. Soveel te meer sou die Vrystaatse Administrasie sý bydrae tot verkeersveiligheid lewer, gebaseer op die bevindinge van die VSA-studietoerlede.
96. PR-notule, 28.02.63, p. 37. Vergelyk vordering op die gebied van padbou - met klem op hoofweë - en verkeersveiligheid PR-notule, 18.02.69, pp. 7 en 12-14.
97. PR-notule, 10.05.65, pp. 35-36.

As Administrateur wat sy prioriteite geken het, het Du Plessis die kongresgangers aangespoor om toerisme langs die roete te bevorder, "because if the traffic warranted it, the road would follow".⁹⁸

Die Nasionale Vervoerkommissie het 'n aantal jare voor die bou van hoofweë, fondse bewillig vir die teer van paaie wat swaar verkeer gedra het. Die paaie was egter nie van sodanige belang dat dit as nasionale paaie gereken kon word nie. Die Vrystaat het hulp ontvang om die sogenaamde toeristepad in die Oos-Vrystaat te bou vanaf Heilbron oor Bethlehem, Ficksburg, Ladybrand, Zastron na Rouxville wat verbind is met Aliwal-Noord in die Kaapprovinsie.⁹⁹

Ten tye van 1963 was dië toeristepad onderhewig aan die goedkeuring van minister Schoeman. Terselfdertyd het die Senekal-, Ventersburg-, Bethlehem- en Fouriesburg-paaie op die spesiale paaielys verskyn.¹⁰⁰ In 1964 was die beplanning en opmeting vanaf Zastron tot op Bethlehem feitlik voltooi en sou proklamering van die roete volg.¹⁰¹

Die Villiers-Harrismith-pad is aanvanklik as 'n spesiale pad deur die administrasie gebou, maar dit is in 1961 as nasionale pad deur die Nasionale Vervoerkommissie oorgeneem.¹⁰² Tydens die opening van hierdie pad in 1964 het Du Plessis gesê dat dit van groot waarde vir die toeristebedryf sou wees. Hul beplanning sou daarby aansluit om uiteindelik die hele Vrystaat oop te stel vir beide die Vrystaters, sowel as die toeris vanuit die Noorde-lyke gebiede, Transvaal en Natal om plekke soos Golden Gate,¹⁰³ Mount-Aux-Sources, die Caledon-vallei en die Oranjerivierprojek-gebied te kon besoek. Die Vrystaat wou graag op hierdie wyse 'n nasionale bydrae maak.¹⁰⁴

98. The Friend, 18.08.60; Die Volksblad, 18.08.60.

99. Onderhoud met K.J. Harpur, 22.01.87. Vergelyk PR-notule, 28.02.63, p. 35. Spesiale paaie: Omstreeks 1953/54 was daar sowat 94 kilometer in die Oranje-Vrystaat voltooi; Die Volksblad, 21.10.67.

100. PR-notule, 28.02.63, p. 40.

101. Ibid., 25.02.64, p. 6.

102. Ibid., 27.02.62, p. 6. Vergelyk Die Volksblad, 26.04.61.

103. Vergelyk UK-notule, min. 212, 4/5.02.64.

104. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/24/1; Die Volksblad, 15.08.64.

Dit blyk dat die regering sowel as die Vrystaatse Administrasie die steeds groeiende behoefte aan nuwe verkeersweë met erns bejeën het en 'n gesamentlike poging aangewend het om 'n finansiële las te verlig wat op 28 Februarie 1963 as volg uitgespel is deur W.J. Gouws: "die Provinsie [sou] ook die aanbou op 'n persentasie - van - die koste ... van spesiale paaie wat 'n nasionale karakter het, onderneem, terwyl die onderhoud deur die Administrasie op sy eie koste gedoen word".¹⁰⁵ Dit is van belang om in ag te neem dat die provinsie op daardie tydstip steeds die nasionale paaie gebou en onderhou het teen vergoeding deur die Nasionale Vervoerkommissie.¹⁰⁶

Dit kom dus voor of die administrasie, te midde van probleme op die arbeidsfront,¹⁰⁷ almal gelukkig en tevrede moes hou. Dit sou haas 'n onbegonne taak wees. In 1965 het Du Plessis gesê dat 'n gemiddelde verkeerstoename van 8 persent per jaar ervaar is volgens verkeerstellings. Juis in 1965 het sake merkbaar verbeter. Die Nasionale Vervoerkommissie was toe self besig om die Bloemfontein-Winburg nasionale pad as deel van die beoogde hoofweg te bou.

Dit het ingeskakel by die beplanningsprogram van herkonstruksie van die voormalige nasionale padnetwerk van die Vrystaat. Du Plessis het voorspel dat die weg gebaan was om die oud-modiese nasionale padstelsel te vervang, en indien die geld deur die Nasionale Vervoerkommissie betyds voorsien kon word, sou groot veranderings binne 'n paar jaar reeds gesien word.¹⁰⁸

4.3 KONTRAKWERK

Om sake te bespoedig is omstreeks 1959/60 oorgegaan tot kontrakwerk tussen Rouxville en Zastron, maar die praktyk is as gevolg van die finansiële ondergang van die kontrakteur, waarskynlik met wantroue bejeën. In 1965 is kontrakwerk egter weer aan vyf maatskappye toegestaan¹⁰⁹ en kon vinniger gevorder word. Die administrasie sou hom toe egter deeglik vergewis van die finansiële vermoëns van kontrakteurs.¹¹⁰

105. PR-notule, 28.02.63, p. 39.

106. Ibid.

107. PR-debatte, 10.05.65, p. 8.

108. Ibid., p. 7; PR-notule, 02.05.65, p. 5; Vergelyk Die Volksblad, 07.06.67.

109. Vergelyk PR-notules, 10.05.65, p. 36; 11.05.65, p. 5.

110. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87.

Tydens sy begrotingsrede van 11 Mei 1965 het Du Plessis gesê dat 'n addisionele bedrag van R1 696 000 vir die bou van primêre paaie op kontrak, sowel as aan die instandhouding van paaie bestee gaan word. Besondere aandag was ook gegee aan die beveiliging van spooroorgange wat al 'n prioriteit vanaf 1961 was.¹¹¹

Dit is duidelik dat Du Plessis die hulp van regeringskant nie gering geskat het nie. Die R16 700 000 wat die administrasie oor vyf jaar ontvang het vir die bou van brõe, spesiale paaie en nasionale paaie was van groot hulp in die groot geroep om beter paaie, asook die voorsiening van maksimum veilige paaie en die verkorting van roetes.¹¹² 'n Dinamiese era van padontwikkeling het voor die deur gestaan.

Op 16 November 1966 is 'n kontrak van bykans R3 miljoen tussen die administrasie en 'n kontrakteur onderteken vir die bou van die Springfontein-Bethulie-Oranjerivier-Colesberg-hoofweg.

Dit was die derde skakel naas die Kroonstad-verbypad en die Bloemfontein-Winburg-pad wat toe reeds aan die gang was. Dit sou uiteindelik aaneenskakel as 'n "aaneenlopende deurpad oor die lengte van die Vrystaat".¹¹³ Die pad sou beantwoord aan al die vereistes van moderne hoofweë.¹¹⁴ Dié padstelsel sou ook daartoe bydra dat sekere gruispaaie op die platteland, teerpaaie word. "Die beleid van korter roetes ... " ¹¹⁵ sou in die toekoms uitgebrei kon word vanaf Kroonstad na Koppies en Parys. In die geval van Edenburg sou 'n direkte roete na Bloemfontein die Reddersburg-pad uitskakel.¹¹⁶

Skygbaar wou die regering sy ernstige aandag aan die bou van 'n behoorlike deurpadstelsel in Suid-Afrika gee. Tydens September 1967 het M.C.G.J. van Rensburg, Adjunk-minister van Vervoer, die saak op administrateursvlak opgeneem in Bloemfontein waarin hy die Nasionale Paaie-beleid uiteengesit het. Dit was daarop gemik om die verdeelde beheer wat van administratiewe

111. PR-notule, 11.05.65, p. 5.

112. PV 772; J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/24/1.

113. Die Volksblad, 16.11.66.

114. Ibid., 16.11.66. Hoofartikel - met interessante besonderhede ten opsigte van spesifikasies; Die Volksblad, 07.06.67.

115. Die Volksblad, 07.06.67.

116. Ibid.

kant deur administrasies oor nasionale paaie uitgeoefen is finaal te beëindig, terwyl nasionale padbou en beheer landwyd gestandaardiseer moes word. Die Nasionale Vervoerkommissie sou, soos aanvanklik bedoel, in landsbelang omsien na nasionale paaie, terwyl die provinsiale administrasies hul intensiewe aandag aan provinsiale padbou-aangeleenthede kon gee.¹¹⁷

Die situasie het ontstaan dat die Nasionale Vervoerkommissie nie behoorlike aandag aan nasionale paaie kon gee nie vanweë hulp aan provinsies. Daarenteen kon die administrasies eintlik maar tot die uitbouing van nasionale paaie 'n geringe bydrae maak. Deur reorganisasie kon beide die Nasionale Vervoerkommissie en die administrasies hul behoorlike aandag bepaal waar dit tuisgehoort het. Sodoende sou administrasies ietwat minder afhanklik wees van raadgevende ingenieurs en kontrakteurs.¹¹⁸

Die beperkte beskikbaarheid van regeringsfondse het nie toegelaat dat die stelsel eensklaps deurgevoer kon word nie, maar die projek moes stuksgewys volgens behoefte aangepak word. Die hoë verkeerstellings om stedelike gebiede het sulke areas 'n logiese beginpunt gemaak.¹¹⁹ Ook van regeringskant is hoë prioriteit aan padveiligheid verleen en ekonomiese oorwegings was hieraan ondergeskik. Deur die stelsel van verkorte roetes sou nuwe moontlikhede op plattelandse gebiede ontsluit word en waarskynlik blanke ontvolking teenwerk.¹²⁰

Du Plessis en sy Uitvoerende Komitee het, volgens die inligting op die tafel, oënskynlik uit hul pad gegaan en probeer doen wat menslik moontlik was om die historiese agterstand in te haal en om terselfdertyd met die

-
117. UK-stukke in besit van die UK-sekretaris: Nasionale Paaie beleid: [Voorsitter M.C.G.J. van Rensburg] Beleidsbesluite en verklaring, Bloemfontein, 04.12.67, pp. 21-23. [Hierna vermeld as: Nasionale Paaie beleid: Van Rensburg-samesprekings].
118. Ibid., pp. 22-26. Van Rensburg het bevestig dat die regering en administrasies 'n ernstige tekort aan mannekrag - vakkundig en tegnies - op die gebied van padbou ondervind het, nadat personeel deur beter voordele by raadgevende ingenieurs en kontrakteurs weggelok is. Vergelyk Bylae D.
119. Nasionale Paaie beleid: Van Rensburg-samesprekings, pp. 18-20.
120. The Friend, 10.03.62.

"vlugvoetige" ontwikkelingstendens van hul tyd tred te hou. Gunstige kommentaar oor die vordering wat die Vrystaat met sy padstelsel gemaak het, is uitgespreek deur lede van die Johannesburgse stadsraad en die Suid-Afrikaanse Padfederasie - Nasionale Vervoerkommissie - asook 'n Kanadese padingenieur wat die goeie padstandaard wat deur die Vrystaat gehandhaaf is, aangeprys het. Na die aankondiging van die eerste R3 miljoen kontrak sou veel groter kontrakte spoedig volg.¹²¹ Insgelyks het die Vrystaat 'n pluimpie ontvang van adjunk-minister Van Rensburg, wat die beleid van beperkte toegangspaaie bestempel het as 'n "sine qua non" wat reeds deur twee administrasies onderskryf is.¹²²

5. ALGEMENE VORDERING EN TEVREDENHEID

5.1 DU PLESSIS WORD HERAANGESTEL

Du Plessis se termyn as administrateur het teen die einde van 1964 verstryk. Die ywer wat hy aan die dag gelê het, het die oog gevang. Reeds in Mei 1964 was daar sprake dat dr. Verwoerd, Du Plessis moontlik 'n kabinetspos as Adjunk-minister¹²³ of moontlik as Minister van Welsyn en Pensioene sou aanbied.¹²⁴ Daar was egter heelwat ander adjunk-ministers en LV's wat in die ry vir bevordering gestaan het.¹²⁵ Die name van twee ander Vrystaters is ook as kabinetskandidate genoem, Basie van Rensburg (M.C.G.J.) van Bloemfontein-Oos en Sampie Froneman van Heilbron. Buks Fouché, seun van J.J. Fouché is as moontlike opvolger vir Du Plessis genoem en sou klaarblyklik 'n populêre keuse wees.¹²⁶

Dr. Verwoerd het waarskynlik deeglik besin oor die aangeleentheid soos ook in 1959 en besluit dat Du Plessis vir 'n tweede termyn heraangestel moes word.

-
121. Vergelyk Die Volksblad, "O.V.S. padbouplan R50 miljoen", 27.02.67.
 122. Nasionale Paaie beleid: Van Rensburg-samesprekings, p. 19. Sine qua non of te wel noodsaaklike vereiste.
 123. The Friend, 28.05.64.
 124. Ibid., 04.06.64.
 125. Vergelyk The Friend, 28.05.64.
 126. The Friend, 04.06.64.

C.R. Swart wat as Staatspresident die aanstelling moes bekragtig, het ook waarskynlik 'n belangrike rol ten opsigte van Du Plessis se heraanstelling gespeel.

Dit was nie onbekend dat Swart en Du Plessis heel dikwels kontak met mekaar gehad het nie, veral uit hoofde van hul verbintenis in die Vrystaatse afdeling van die NP. Briefwisseling het tussen hulle op 'n vriendskaplike grondslag plaasgevind waarin Du Plessis sy en Martie du Plessis se ywer om die Vrystaat tot diens te wees teenoor Swart uitgespreek het.¹²⁷

Swart en Du Plessis het ook, behalwe op amptelike vlak, saam 'n aantal besoeke aan Golden Gate in die ontwikkelingsstadium daarvan gebring wat daarop dui dat hy dit goedgekeur het.¹²⁸ Daarby was hulle huisvriende en hierdie vriendskap sou stand hou en word bevestig deur hul briefwisseling tot in 1969 toe Du Plessis sy amp neergelê het.¹²⁹

5.2 DIE PROVINSIALE RAAD EN PADAANGELEENTHEDE

Du Plessis het sy tweede termyn met algemene steun van die publiek en die Vrystaatse pers begin.¹³⁰ Ook wat die padbouprogram betref, kon die Provinsiale Raad met 'n groot mate van genoegdoening terugkyk op die vordering wat gedurende die afgelope tyd gemaak was.

Die lid vir Winburg, P.W. Nel, het ook hul begrip uitgespreek vir die taak wat die paaie-afdeling gehad het om verspoelde paaie te herstel. Volgens sy mening sou dit op daardie tydstip in 1965 nog twee jaar duur om die pad-noodtoestand na die hewige storms van 1964 te verlig. Dit was 'n turksy.¹³¹

127. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: J.W.J.C. du Plessis - C.R. Swart, 02.01.59. Die jaartal is waarskynlik per abuis foutief getik as 1959 in plaas van 1960.
128. The Friend, 18.09.63.
129. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 27.10.86; J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit; C.R. Swart - J.W.J.C. du Plessis, 13.12.69.
130. The Friend, 21.09.64, Die Volksblad, 21.09.64. Vergelyk hoofstuk 5. Du Plessis geniet besondere publieke steun.
131. PR-debatte, 03.02.65, p. 49. Vergelyk The Friend, Roads cost O.F.S. 10 000 hours of overtime, 09.02.66. Dit is in 1965/66 gedoen om die agterstand te probeer inhaal.

Daar was diegene wat gereken het die platteland word afgeskeep en dat die administrasie net oor Bloemfontein bekommerd was.¹³² Volgens oud-Administrateur A.C. van Wyk het mense soms geredeneer dat die Administrateur net in Bloemfontein sit en nie weet wat buite aangaan nie en wanneer hy met sy "groot kar" uitbeweeg, ry hy net op die goeie paaie.¹³³

S.F. du T. Ceronio, die lid vir Fauresmith, was nie tevrede dat die ontwikkeling oënskynlik net aan Kaapprovinsie-kant van die Verwoerd- en P.K. le Roux-damme plaasgevind het en die Vrystaat agterweë gelaat is nie. Die Suid-Vrystaat het reg op groter aanspraak op die ontwikkeling van die gebied gehad. Jagersfontein het 'n teerpad nodig gehad om nyweraars na die myn te trek, sowel as om toeriste te lok. Volgens sy mening was daar nie dieselfde voorsorg in dié gebied getref soos tydens die goudveldontwikkeling nie.¹³⁴

A.C. van Wyk, wat in daardie stadium die LUK belas met Beplanning was, het Ceronio daarop gewys dat hy moes let op: al die navorsing wat tot op daardie stadium gedoen is, byvoorbeeld die Sosio-ekonomiese opnames in die distrikte Bethulie en Philippolis, die opnames in die Vrystaatse Goudvelde wat daarop dui dat die potensiaal van die provinsie as geheel deur die administrasie in ag geneem is. Hy het dit beklemtoon, soos Du Plessis dit talle kere gedoen het, dat die maatstaf was: "wat is in belang van die Vrystaat as geheel?"¹³⁵

Van Wyk het daarop uitgebrei: die neiging was om wanneer groeipyne ervaar word, gepaardgaande met druk, om die weg van die minste weerstand te volg. Dit was juis dan nodig om vas te staan ter wille van 'n ordelike toekomsbestel en om die minder populêre te doen. Die Uitvoerende Komitee se beleid was volgens hom daarop ingestel om positiewe leiding te gee en as voorbeeld het hy die beleid van hospitalisasie en paaie genoem waarin hulle met planmatigheid te werk gegaan het, "om die Vrystaat as geheel te sien en nie net dele van die Vrystaat raak te sien nie".¹³⁶ Hierdeur kon hulle met

132. PR-debatte, 17.06.66, pp. 229-230.

133. Onderhoud met A.C. van Wyk, 13.05.87; UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11 Mei 1967, p. 40.

134. PR-debatte, 15.06.66, pp. 123-125.

135. Ibid., 16.06.66, p. 192. Vergelyk pp. 235-236. Deur gesonde insig het Du Plessis sorg gedra dat die sluimerende moontlikheid van toerisme in die Vrystaat tot voordeel van dié provinsie se inwoners benut is. Vergelyk hoofstuk 4.

136. PR-debatte, 16.06.66, p. 192.

verdrag 'n beplanningstelsel vir die duisende kilometers Vrystaatse paaie, gruis of teer, daarstel wat "vandag as basis...dien...waarop daar verder uitgebou word".¹³⁷ Volgens Van Wyk was daar geen rede waarom die administrasie van sy planmatige ontwikkelingsbeleid moes afwyk nie.¹³⁸

6. DIE ORANJERIVIERPROJEK EN PAAIE

Tydens die vroeë sestigerjare het die Vrystaatse Administrasie na ooreenkoms met die regering beplan om 'n teerpad direk in die suide van die Vrystaat - al langs - die Oranjerivier te bou. Dit sou dié rivier waarskynlik parallel volg vanaf die P.K. le Roux-dam tot uiteindelik by Witputstasie in die Kaapprovinsie.¹³⁹ Teen 1966 het nog niks gebeur nie en is die Vrystaatse Administrasie onder druk geplaas deur persone met belange in die gebied en instansies soos die Vrystaatse Munisipale Kongres.¹⁴⁰

Weens faktore buite die beheer en beplanning van die Vrystaatse Administrasie is dié pad ten suide van die Oranjerivier gebou - ten spyte daarvan dat die Kaapprovinsie nie daarin belang gestel het toe dit aanvanklik deur die owerhede voorgestel is nie. Die Vrystaatse Administrasie het beplan om dié pad - die sogenaamde oos-wes-pad - teen 1966 reeds te voltooi,¹⁴¹ met die oog op die Oranjerivierprojek, en dié pad moes aansluit by die oostelike toeristepad. Die hele Suid-Vrystaat sou dan vanaf Jacobsdal op gepaste wyse by dié voormelde projek inskakel. Vanaf die P.K. le Roux-dam sou die pad verleng word om aansluiting by die Kaapprovinsie-paaie na Oos-Londen en Port Elizabeth te vind.¹⁴²

Dié teleurstelling was groot as gevolg van die kabinetsbesluit om tog die pad ten suide van die Oranjerivier te bou nadat die Administrateur en die Uitvoerende Komitee reeds vroeg in 1962 hul planne agtermekaar begin kry

137. Ibid., p. 193.

138. Ibid., p. 192.

139. Ibid., 15.06.66, p. 149; 17.06.66, p. 220.

140. Ibid., 15.06.66, p. 149; Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87.

141. Ibid., 17.06.66, pp. 220-221.

142. UK-notules, min. 793, 01.06.65; min. 628, 07.05.69.

het.¹⁴³ Die Vrystaatse Administrasie het nietemin die beste van dié saak gemaak en 'n teerpad is na die Verwoerddam vanaf Donkerpoort-stasie en een vanaf Luckhoff na die P.K. le Roux-dam gebou.¹⁴⁴ Op dié wyse is die nasionale belang waarskynlik ten beste gedien deurdat teerpaaië vanuit albei provinsies na al twee damme gebou is.

Die belange van die Suid-Vrystaat is, volgens beskikbare inligting, deeglik op die hart gedra. Bykans die hele Vrystaatse Uitvoerende Komitee en die Administrateur het 'n besoek aan Bethulie gebring nadat laasgenoemde vertoë gerig het vir die herbeplanning van sekere paaië in die Verwoerddam-gebied.¹⁴⁵ Die belangstelling wat Du Plessis in Bethulie getoon het, word bevestig deur 'n brief van die stadsklerk waarin hy sy waardering vir die advies van Du Plessis uitspreek.¹⁴⁶

Afgesien van die paaië in die Oranjeriviergebied was sake op die vooraand van 1967 onder beheer. Die bewys lê daarin dat Wentzel in sy finale oorsig in verband met die Vrystaatse padbeleid geen klagtes aangaande die uiteensetting daarvan in omsendbriewe ontvang het nie. Daar was slegs 'n kleinigheidjie omtrent die pad vanaf Bloemfontein na Soutpan, wat toe reeds opgelos was. Reeds in die vroeë sestigerjare was voldoende aandag aan hierdie pad na Bultfontein en omstreke gegee.

Die paaië-afdeling was intussen besig met veranderinge om 'n mate van onregverdigheid wat ontstaan het na gelang meer en meer paaië geteer is, reg te

-
143. Vergelyk PR-debatte, 17.06.66, p. 230. Nog voor die amptelike afkondiging van die Oranjerivierprojek op 23 Maart 1962 in die Senaat, het Du Plessis op 22 Maart 1962 op 'n splinternuwe teerpad tussen Venterstad en Norvalspont - tot sy verbasing - gery; UK-notule, min. 219, 17/18.05.62, ('n Vroeëre besluit is herroep). Die Uitvoerende Komitee het opdrag gegee dat 'n komitee uit die Komponent Paaie, Plaaslike Bestuur en Algemeen saamgestel word om die hele padstelsel en aanverwante sake in die Suid-Vrystaat te ondersoek.
144. PR-debatte, 17.06.66, p. 219; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2.
145. PR-debatte, 15.06.66, p. 158. Volgens dr. S.W. Kemp was die hele Provinsiale Raad by geleentheid daar.
146. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/24/1, Stadsklerk van Bethulie - Du Plessis, 06.02.68; 04.07.69. Vergelyk ook p. 163.

stel. Uit die aard van die saak het sekere bedrywige gebiede meer kilometers teerpad gehad as ander. Derhalwe het hul gruispad-afstand wat nie meer die volle aandag van 'n hergruiseenheid nodig gehad het nie, verminder. Eenhede in hierdie gebiede moes toe in opdrag uitbeweeg om onder meer gebiede wat toe nog 1 440 kilometer (as voorbeeld) grondpad gehad het te help. Sodoende sou die balans herstel word soos in die geval van Frankfort waar 73 persent pad reeds hergruis was teenoor Hoopstad se 34 persent.¹⁴⁷

7. 'N ONGELUKKIGE SAMELOOP VAN OMSTANDIGHEDE

Gedurende Februarie 1967 was bykans die hele Vrystaat en Suid-Afrika geseën met oorvloedige reën. Riviere was in vloed, paaie oorstrom en verspoel. Sels teerpaie het in die slag gebly. 'n Duidelike prentjie word verkry wanneer Die Volksblad vanaf omstreeks die 4de Februarie tot die 10de Februarie onder oë geneem word.¹⁴⁸

Uit die voorafgaande afdelings blyk dit dat die vloedskade van 1964/65 nog nie ten volle herstel was nie, toe daar weer eens 'n soortgelyke padkrisis in die Vrystaat ontstaan het.¹⁴⁹ Naby Welkom het dit op 10 Februarie 1967 sowat 175 millimeter binne twee uur gereën, en selfs 'n plaashuis is oorstrom. In die distrik Reitz was boere op hul plase vasgekeer, terwyl landerye by Fouriesburg weggespoel is. Die distrik Ficksburg het opnuut deurgeloop en motoriste moes omweë gebruik nadat hulle reeds vroeër sowat 212 millimeter binne vier dae gehad het.¹⁵⁰ Inwoners van Bethulie was van mening dat bewoners van die Oranje-oewers hul grootste vloed beleef het sedert 1934.¹⁵¹

Vanweë dié gebeure het die fondamente van baie ou paaie meegegeë. Volgens Wentzel was lapwerk op sommige teerpaie vrugteloos, aangesien groot dele herbou moes word. In totaal moes herstelwerk met tussenposes oor 'n afstand van 1 280 kilometer gedoen word. J.J. le Roux, streeksekretaris van die Automobiël-Assosiasie in die Vrystaat en Noord-Kaapland, het na 'n ondersoek van die gebiede bevestig dat byna al die nasionale paaie in 'n swak toestand was en selfs ernstige gevaar vir motoriste ingehou het. Dit het byna

147. PR-debatte, 17.06.66, pp. 213-217.

148. Die Volksblad, 04.02.67; 06.02.67; 08.02.67 en 10.02.67.

149. Vide supra p. 125.

150. Die Volksblad, 10.02.67; Die Volksblad, 04.02.67. 'n Voorblad=foto toon die verspoelde teerpad tussen Clocolan en Ficksburg.

151. Die Volksblad, 06.02.67.

onmoontlik gelyk om die paaie wat deur die "buitengewone reëns" beskadig is, "tegelyk te herstel ...".¹⁵² Afgesien van die verspoelings in 1967 is die toestand eintlik vererger deur die voorafgaande droogte van 1966. Die gruisstruktuur van baie paaie was vernietig, aangesien die nodige voggehalte voor die 1967-vloed ontbreek het en hoe meer sulke gruispaaie aan vraag onderhewig was, hoe gouer het hul agteruitgegaan. In daardie stadium het die paaie-afdeling reeds gemiddeld sowat 1 600 kilometer pad per jaar hergruis. Terselfdertyd moes die teerprogram voortgaan. Tydens die droogte moes water oor lang afstande aangery word om met die hergruising te kon voortgaan. Dit het tyd geveg en 'n ekstra verkeersbelading op paaie geplaas.

Daarby het gruispaaie as gevolg van ontwikkeling 'n ekstra hoër belading gedra, en in dié geval kan verwys word na landelike gebiede in die Vrystaat suid van die Vaal, naby Johannesburg en die Vrystaatse Goudvelde. Waar vars melk aanvanklik aan eersgenoemde gebied gelewer is, het die situasie verander namate laasgenoemde gebied steeds ontwikkel het, origens het hierdie tipe verkeer verder toegeneem toe poeiermelkfabrieke op Lindley en later Senekal opgerig is. Gevolglik moes hierdie paaie deurentyd in 'n rybare toestand wees. Weerstoestande het dus 'n baie groter tol geëis as wat dit normaalweg sou doen.¹⁵³

Soos te begrype het die klagtes nie uitgebly nie, en kan dit opgesom word uit die samevatting van W.F. Wentzel, LUK belas met Paaie, tydens sy rede in die Raad. Volgens hom was die Vrystaatse paaie nie so sleg as wat daar voorgegee is nie. Dit kon verwag word dat die droogte sowel as reën-toestande probleme sou veroorsaak.¹⁵⁴

Mense moes bereid wees om soms probleme te kon verwerk - baie boere het groter probleme as verspoelde paaie gehad, soos byvoorbeeld voer wat op landerye gevrot het. Op daardie tydstip was dit, aldus Wentzel, nog so nat dat die meeste eenhede nie kon werk nie.¹⁵⁵ Dit was dus nie moontlik om die volle omvang van die skade vas te stel nie, maar: "Ek wil die versekering gee ... aan die hele Vrystaat dat alles in ons vermoë gedoen sal word om die

152. Ibid., 04.08.67. Vergelyk UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11.05.67, p. 25. Ou uitgediende teerpaaie breek op, byvoorbeeld, Bloemfontein-Reddersburg.

153. PR-debatte, 24.02.67, p. 88.

154. Ibid., 24.02.67. p. 149.

155. Ibid.

skade wat berokken is ... so gou as moontlik te herstel".¹⁵⁶

Die Uitvoerende Komitee het toe reeds opdrag gegee dat koste en verskuiwing van padhersteleenhede nie ontsien moes word om die toestand te normaliseer nie. Die graanproduserende gebiede sou ook besondere aandag kry met die oog op die naderende oesseisoen.¹⁵⁷ 'n Ekstra bedrag van R388 000 is vir padherstelwerk goedgekeur en die hulp van die Weermag is aangevra.¹⁵⁸

7.1 ONGEDULD

Wentzel het benewens sy pleidooi dat geduld ten opsigte van verspoelde paaie beoefen moes word, Raadslede gemaan om nie onnodige druk op die administrasie uit te oefen om eie belang te dien nie. Die administrasie het spesifiek 'n nuwe formule in 1966 in werking gestel, waarvolgens hulle fondse toeken aan die Vrystaatse padraaddistrikte "en daardie formule was gebaseer op verkeer, die aantal myle [kilometers] in 'n afdeling wat gegruiis is en die verkeer op die pad en die aantal myle wat reeds geteer is in daardie afdeling".¹⁵⁹

Dit ten spyte, het Bothaville paaie wat net vir hergruising alleen volgens bogenoemde formule R56 000 sou beloop, opgegee. Vertoë is tot die regering gerig en die gevolg was dat hulle R87 600 gekry het, wat onbillik was teenoor die ander padraaddistrikte.¹⁶⁰ Hoewel dit Bothaville se geluk was, het dit beslis nie die administrasie se goedkeuring weggedra nie.

Op sy beurt het Koppies reeds in 1962 opslae in die koerante gemaak nadat 'n ontevrede boer, Koos Serfontein, geweier het om sy voertuiglisensie te betaal. Serfontein is deur die hof beboet met slegs R5 of vyf dae tronkstraf. Hy het geweier om dié klein boete te betaal, waarna hy 'n paar uur in die tronk op Parys opgesluit was. Dit het daartoe gelei dat 'n monstervergadering te Koppies gehou is waartydens 'n afvaardiging gekies is

156. Ibid., pp. 149-150.

157. Ibid.; Die Volksblad, 25.02.67. Vergelyk UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11 Mei 1967, p. 39. Daar is selfs in dié periode op Saterdag gewerk.

158. UK-notule, min. 655, 22.05.67; Die Volksblad, 20.06.67. Vergelyk Die Volksblad, Vloedskade aan paaie R370 000, 20.06.67.

159. PR-debatte, 24.02.67, p. 148.

160. Ibid., pp. 148-149.

om hul klagtes aan die Uitvoerende Komitee voor te lê op 4 April 1962. Hul opdrag was om uit te vind wat die moontlikheid was om 'n teerpad vanaf Kroonstad oor Koppies na Sasolburg te kry. 'n Versoek is ook gerig dat hul gruispaaie herbou en onder 'n nuwe bedeling geplaas moes word. Padtoestande was haglik en 'n melkkontraakteur het in finansiële moeilikheid beland as gevolg van herstelwerk aan sy voertuie.

Na afloop van die samesprekings was G. Woest, die voorsitter van die afvaardiging, heel tevrede. Die saak is in 'n gemoedelike atmosfeer uitgepluis: die administrasie was bewus van die padtoestande in Koppies; die afvaardiging was vol hoop dat dit nie te lank sou duur voordat hulle hul teerpadverbinding na Sasolburg en Kroonstad sou kry en die swak gruispaaie verbeter is nie.¹⁶¹

Die gebied het voortdurend die aandag van die Uitvoerende Komitee geniet. In 1963 het die Uitvoerende Komitee 'n afvaardiging onder leiding van A.J.V. Marais, LPR (Lindley-Reitz) bestaande uit gemeenskapsleiers van Parys, Koppies, Edenville en Lindley te woord gestaan. Hierdie groep het versoek dat die pad tussen bogenoemde gebiede as 'n belangrike verbindingspad met die ander paaie in dié omgewing geteer moes word. Industriële bedrywighede het steeds toegeneem. Du Plessis wou die administrasie weens 'n geldtekort nie met beloftes bind nie. Voorkeur is gegee aan paaie van gemeenskappe wat 'n dringende behoefte ondervind het, maar dit sou in aanmerking geneem word by die opstel van die volgende padbouprogram.¹⁶²

Op 11 Mei 1967,¹⁶³ - kort na die vloed in Februarie - het die Uitvoerende Komitee nog eens 'n afvaardiging vanaf Koppies te woord gestaan, nadat ontevredenheid weer opgevlam het. Die Koppies-afvaardiging het die omstandighede as uiters haglik bestempel. Die situasie het volgens hulle onmiddellike aandag geverg. Hulle het reeds jare op 'n teerpad gewag. As belastingbetalers wou hul 'n beter diens geniet en het 'n eie padraad vir die instandhouding van Koppies se grondpaaie geëis. Hulle het reeds onder leiding van G. Woest, samesprekings met die Nasionale Vervoerkommissie in Pretoria gevoer. Dit en 'n brief van Woest aan Die Volksblad, 23.06.62,

161. Die Volksblad, 04.04.62. (Twee beriggies.)

162. UK-notule, min. 519, 1/2/3.04.63.

163. Vergelyk UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11 Mei 1967.

"Koppies van Bakboord na Stuurboord",¹⁶⁴ het A. Fivaz, LPR en voorsitter van die Heilbronse padraad, genoodsaak om sterk te reageer.¹⁶⁵

Fivaz skryf dat die padprobleme van Koppies en Kroonstad reeds op behoorlike wyse onder provinsiale aandag tydens die Februarie (1962) sitting van die Raad gebring was deur homself en J.M. Slabbert, LPR (Kroonstad-Oos). Oriens is nóg hy nóg Slabbert as Raadsvertegenwoordigers deur die afgevaardigdes op 3 April saamgenooi vir "'n afspraak met die Administrateur".

Fivaz skryf verder dat hulle nie van die laaste protesvergadering in kennis gestel is nie: "Ons het daar ook geen belang by gehad nie omdat dit gegaan het oor mnr. Woest se samesprekinge met die Nasionale Vervoerkommissie in Pretoria. Dit lyk dus vreemd dat dit ons nou verkwalik word omdat ons nie die vergadering bygewoon het nie".¹⁶⁶

'n Komplekse situasie het dus ontstaan. Vir die administrasie was dit inderwaarheid ewe kompleks vanweë interne probleme. Dit is deur Wentzel wat op 11 Mei 1967 as voorsitter opgetree het om die Koppies-afvaardiging te woord te staan en die situasie reeds uit die vyftigerjare geken het, verduidelik. Uit die verbatim-verslag van vyftig bladsye¹⁶⁷ blyk dit dat Koppies omring was deur sewe ander dorpe en dat dit nie vanweë sy padafstand en ooreenkomstig die beleid van die administrasie as volwaardige pad-distrik verklaar kon word nie. Daarom was hulle ingeskakel by omliggende pad-distrikte.¹⁶⁸

Aandag is wel gegee aan die beplanning van teerpaaië, maar vele verwikkelinge was in die gebiede rondom Koppies aan die gang waarby die spoorweë, die myne, Transvaal se padstelsel en aansluiting by Sasolburg of Parys nog nie gefinaliseer was nie.¹⁶⁹ Daarby het die Nasionale Vervoerkommissie gekom met die nuwe hoofweg-beleid wat besondere aandag moes

164. Die Volksblad, Briewekolom, 23.06.62.

165. Die Volksblad, "Kroonstad en Koppies se paaië: LPR stel sy saak", 03.07.62.

166. Ibid.

167. UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11.05.67, p. 1, et. seq.

168. UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11.05.67, pp. 9, 16 en 24.

169. Ibid., pp. 7, 21 en 22.

geniet.¹⁷⁰ Teerpaaie was 'n duur belegging en die belastingbetaler se geld moes oordeelkundig aangewend word.¹⁷¹ Daar moes dus verhoed word dat teerpaaie nie uiteindelik vanweë swak administratiewe beplanning lāngs 'n hoofweg loop nie. Beplanning was 'n tydsame proses met vele fasette.¹⁷² Boonop moes die administrasie daardie planne omvergooi om sy eie paaie sīnvol by die beplande hoofweg in te skakel.¹⁷³ Swak beplanning sou tydens die implementeringstadium waarskynlik veel erger kritiek uitgelok het omdat geld nie in oorvloed beskikbaar was nie.

Nog eens sou herbeplanning lank duur. Daarby was die mannekragtekort geensins stimulerend van aard nie.¹⁷⁴ Wentzel het die afvaardiging versoek om in ag te neem dat plekke soos Excelsior, Tweeling, Jagersfontein, Fauresmith en Bethulie soortgelyke probleme gehad het.¹⁷⁵ Ook hulle was in afwagting dat die provinsiale beleid wat 'n teerpad aan elke dorp sou voorsien, uitgevoer word.¹⁷⁶

H. van der Merwe het gepleit dat alvorens die beoogde hoofweg Kroonstad - Koppies - Sasolburg gebou word, wat waarskynlik twintig jaar sou duur, die posisie rondom "ons hoofkanale, al is dit net hierdie verbindingspunte met Vrededorp, Parys, Sasolburg, Heilbron, Edenville en Kroonstad"¹⁷⁷ moes verbeter deur 'n alternatiewe wyse van beheer. Hy het die dringende aandag van die Uitvoerende Komitee in die verband gevra.¹⁷⁸ Die Vrystaat se gruisprobleem het in die Koppies-omgewing ernstige probleme veroorsaak en die aangeleentheid het eintlik "primêr" gegaan oor die toestand van sekondêre en tersiêre paaie wat herstel moes word.¹⁷⁹

Die Kroonstad-Koppies-Sasolburg-pad sou die gemeenskap pas. Die noordelike roete waarvoor J. Serfontein dankbaar was, sou egter "maar een gemeenskap

170. Ibid., pp. 22, 24 en 28.

171. Ibid., pp. 25 en 28.

172. Ibid., pp. 21 en 26.

173. Ibid., pp. 23 en 28.

174. Ibid., pp. 24 en 26.

175. Ibid., pp. 27-28.

176. Ibid., p. 42.

177. Ibid., p. 9.

178. Ibid., pp. 9-10.

179. Ibid., p. 6.

van Koppies-distrik" bevoordeel en die groot meerderheid van die intensiewe boerderygebied van Koppies aan die Kroonstad-kant buite rekening laat. Hy het dit beklemtoon: "Daardie voorgestelde teerpad het Koppies so gepas, dat ons bereid sou gewees het om te wag al sou dit tien of vyftien jaar geneem het ...".¹⁸⁰ Andersyds wou hy weet hoe die vurk in die hef steek dat "die provinsiale beleidsverandering so kan wees dat die Provinsiale Administrasie nie meer daardie teerpad sal bou nie, maar ... die Uniale Regering [sic.]".¹⁸¹ 'n Ander teer puntjie was die skoolbuspaaie wat kwalik twee keer per jaar met beskikbare fondse geskraap kon word.¹⁸²

Die aangeleentheid van "Oom Koos Serfontein", "n goeie en eksentrieke oubaas", wat al in die tronk was oor die Rooiwalpad, is weer eens geopper. Hulle kon tog as 'n gemeenskap nie dié voorbeeld volg nie, aangesien dit onprakties was. Die feit dat hulle as nedersettingsgemeenskap met 288 kilometer sekondêre pad onder omliggende padraadsdistrikte moes dien, het hulle nie aangestaan nie, hulle wou hul eie verkry wat by hul nedersettings-omgewing sou aanpas. 'n Ander gedagte was dat dit nie slegs die reën was wat probleme veroorsaak het nie, die paaie was tydens droogte net so sleg.¹⁸³

Van die afvaardigingslede het gevoel dat hulle nie meer hul LPR, W.E.A. Weiss se hand met verkiesings kon sterk nie en die vraag is gestel: "Wat doen die partybeleid?"¹⁸⁴ Vir Weiss was hulle jammer. Koppies was miskien nou wel nie 'n faktor by verkiesings nie, maar die saak moes in die reïne gebring word om die opgesweepte Nasionaliste se gemoedere te kalmeer. Die Eerste Minister sou nie gediend wees met die gedagte dat Koppies as kiesafdeling geïgnoreer word nie.

Volgens mev. Aucamp wat gegewens by die landdroskantoor gekry het, het dit geblyk dat Koppies se blanke inwonertal ietwat minder as 50 persent van onder andere Bothaville en Viljoenskroon, die omliggende gebiede was. Wat voertuie betref, het Koppies 2 772, Heilbron en Bothaville albei 5 794 en

180. Ibid., p. 10.

181. Ibid.; Serfontein het laat blyk dat hy reeds drie keer binne vyftien jaar deel was van 'n afvaardiging na die Uitvoerende Komitee in verband met Koppies se paaie.

182. UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11 Mei 1967, pp. 10-11.

183. Ibid., p. 11, et passim.

184. UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11 Mei 1967, p. 16.

en Viljoenskroon 5 500 gehad. Die intensiewe aard van die boerdery op die drie nedersettings het nietemin gelei tot 'n digte bevolking, aldus mev. Aucamp. Volgens haar was die VLU se geduld ook op.¹⁸⁵ Sy het laat blyk dat as die mans die saak nie aggressief genoeg sou deurvoer nie "dan gaan ons die saak deurvat dwarsdeur tot by die Eerste Minister ...".¹⁸⁶ Hulle sou "die keer" veg vir hul belange. Mev. Aucamp was duidelik baie ontsteld.

"En dan word meneer moeg en dan sit u daar en rook. Ek is nie moeg nie, ek wil aksie hê, meneer." Hulle wou iets "stelselmatig, doelmatig" verkry¹⁸⁷ en aan die hand hiervan het sy 'n nuwe bedeling vir Koppies voorgestel waarby hulle self betrokke sou wees.¹⁸⁸ Hulle sou die administrasie dan heelhartig steun en het die stemkrag van Koppies beklemtoon, "ons stem die hoogste stemmersentasie in die Vrystaat".¹⁸⁹

Daarteenoor was daar - volgens T. Laubscher - sekere Koppies-boorlinge wat die gedagte dat provinsiale rade uitgedien was, gesteun het. Aspekte soos gesonde padbeplanning en 'n mannekragtekort is betwyfel.¹⁹⁰ Te midde van die probleem wat die Nasionale Vervoerkommissie gehad het om finale besluite te neem,¹⁹¹ het die Vrystaatse Administrasie besluit om Koppies te help deur voort te gaan met die beplanning van die Sasolburg-Koppies-teerpad. "Dit is die belangrikste pad, wnat: [sic.] ons wil u van 'n teerpad voorsien, ten minste een in die tussentyd totdat ons helderheid het en die ander sake afgehandel het",¹⁹² luidens Wentzel.

Wat sekondêre paaië betref toon statistiek dat die administrasie 'sy deel binne sy vermoë gedoen het. So byvoorbeeld het Koppies net wat die Heilbron-area van sy paaië betref R58 100 vir 1966/67 van 'n totale bedrag van R129 800 wat begroot is vir die hele padraad-distrik van Heilbron, gekry. Dit was 45 persent. In hierdie geval het Koppies oor vyf jaar gemiddeld 30 persent van die fondse gekry, al het hul deel van die paaië

185. Ibid., p. 16 et passim.

186. UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11 Mei 1967, p. 18.

187. Ibid., p. 19.

188. Ibid.

189. Ibid., p. 20.

190. Ibid., p. 47.

191. Die Parys - Sasolburg - nasionale pad belyning.

192. UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11 Mei 1967, p. 29.

slegs 20 persent van genoemde pad-distrik uitgemaak. Alles in ag genome het Wentzel gesê dat Koppies baie meer as sy regmatige deel teenoor die ander paaie in die gebied gekry het.¹⁹³

Na alles blyk dit - die duur van die onderhoud ingesluit - dat die Uitvoerende Komitee diê saak ernstig opgeneem het.¹⁹⁴ Bowendien kon die administrasie nie instaan vir 'n skynbare onenigheid rondom die verkiesing van 'n padraadslid van Koppies wat daartoe gelei het dat diê pos vakant was nie.¹⁹⁵ Teenstrydighede rondom die instandhouding van skoolbuspaaie het ook voorgekom.¹⁹⁶

8. DIE MARX-VERSLAG

Volgens J.D. Marx is die verslag deur Du Plessis geïnisieer.¹⁹⁷ Op 13 Junie 1967 het die Uitvoerende Komitee 'n komitee van ondersoek aangestel wat moes ingaan op "Sekere aspekte van padbou en instandhouding in die Oranje-Vrystaat".¹⁹⁸ Die voorsitter was J.D. Marx en die ander lede was A.J. Venter, J.C. Lombaard en J.M. Coetzee. Die komitee het hul werk op 17 November 1967 voltooi en het aanbeveel dat beplanning afgehandel moes wees lank voor konstruksie sou begin. Om diê rede het die komitee 'n vyfjaarprogram opgestel waarvolgens doeltreffende beplanning en organisasie uitgevoer moes word.¹⁹⁹ Luidens J.D. Marx is daar toe aaneenlopend vir vyf jaar vooruit beplan. Wanneer 'n jaar se werk afgehandel is, het die daarop-

193. Ibid., p. 32.

194. Ibid., p. 1, et. seq.

195. UK-onderhoud met Koppies-afvaardiging, 11 Mei 1967, pp. 47-48.

196. Ibid., p. 39. Vergelyk die posisie (p. 143) teen 1969.

197. Onderhoud met J.D. Marx, 13.11.86.

198. Vergelyk Provinsie Oranje-Vrystaat. Verslag van die Departementele Komitee van Ondersoek na sekere aspekte van padbou en -instandhouding in die Vrystaat. Uitvoerende Komitee-besluit nr. 768, gedateer 13.06.67. Bloemfontein, 17.11.67. Voorsitter: J.D. Marx. [Hierna vermeld as: Marx-verslag].

199. UK-notule, min 768, 13.06.67.

volgende jaar gevolg en is 'n bykomende jaar aan die einde van die beplanningslys bygevoeg.²⁰⁰

Die ingenieurstekort moes aangevul word deur van raadgewende ingenieurs gebruik te maak. Laaigraafaktiwiteite moes verhoog word deur gebruik te maak van meer huurvragmotors om stilstand te voorkom. Ses sterk eenhede moes die bestaande tien konstruksie-eenhede vervang en elk moes onder beheer van 'n ervare eerste ingenieur geplaas word. Provinsiale ingenieursposte moes waar nodig geskep word. Swart operateurs moes op 'n proefbasis aangestel word om die blanke tekort aan te vul.

Die verslag toon aan dat skrapers-instandhoudingseenhede reg saamgestel was, en slegs meer intensiewe aandag moes geniet. Die "teerpad-, skrapeer- en diverse instandhoudingseenhede" het behoorlik funksioneer, maar bykomende maatreëls moes by die ouer teerpaaië getref word.²⁰¹

Origens is bevind dat 200 voertuie die perk was vir 'n gruispad (Harpur), "ten einde aan die redelike (dringende) behoeftes van die provinsie te voldoen ...".²⁰² Vir vyf jaar vanaf 1 April 1968 moes gemiddeld 230 kilometer provinsiale teerpaaië vir die Vrystaat gebou word. Dit kon by omstandighede aangepas word. Die "volle netwerk" gruispaaië moes van 'n goeie gruisblad voorsien en voltooië dele moes nie verwaarloos word nie. Sestien hergruiseenhede moes addisioneel toegevoeg word.²⁰³ Die komitee het ook bevind dat amptenare en werkers van die paaië-afdeling hul werk onder moeilike omstandighede met die nodige erns uitgevoer het.²⁰⁴

Volgens die bevindinge van die verslag moes sekere beleidsveranderinge ten opsigte van primêre, sekondêre en tersiêre paaië aangebring word. Die

200. Onderhoud met J.D. Marx, 13.11.86. Dit is volgens UK-notule, min. 998, 07.08.68 deur die Uitvoerende Komitee aanvaar as die basis van padbeplanning, onderhewig aan jaarlikse hersiening en aanvulling.

201. Marx-verslag, pp. 59-60; Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87.

202. Marx-verslag, p. 60.

203. Ibid., pp. 59-60.

204. Ibid., p. 64.

beleid dat elke dorp 'n teerpad moes kry, moes in die toekoms streng volgens 'n prioriteitsgrondslag geskied. Die hoofuitvoerende beampte van paaie moes sy beplanning volgens die paaie wat die meeste voertuie gedra het, doen. Enige ander faktore moes hieraan ondergeskik wees. Sekondêre aangeleenthede moes alleen deur die Uitvoerende Komitee in berekening gebring word.

Die verslag dui aan dat die prioriteitsbepaling betreffende die hergruising van sekondêre paaie kerngesond was. 'n Verdere bevinding was dat teer- en gruispad-instandhouding "feitlik daagliks deur die toesighoudende beampte aangedui moet word".²⁰⁵ Dit was nie moontlik om volgens 'n vaste prioriteit in dié geval te werk nie aangesien verkeers- en weersomstandighede 'n onbeheerbare rol gespeel het. Dit blyk 'n belangrike beslissing te gewees het.

By tersiêre paaie was sekere veranderings noodsaaklik om die program op 'n vaster grondslag te plaas. Die R200 000 wat jaarliks bewillig is vir die subsidiëring van dié paaie deur die Uitvoerende Komitee vir 'n totaal van meer as 22 400 kilometer, was onvoldoende en die boeregemeenskap het van die veronderstelling uitgegaan dat padbou die taak van die administrasie was op wie die verantwoordelikheid uiteindelik grotendeels sou rus. Boere was terselfdertyd nie toegerus om dit te doen nie en het die werk liefds deur klein kontrakteurs laat uitvoer. Inspeksies wat in dié verband deur paaie-superintendente uitgevoer moes word saam met normale ondersoeke na klagtes oor tersiêre padprobleme, was tydrawend sodat dié amptenare nie hul ander verpligtinge na behore kon uitvoer nie.²⁰⁶

Die komitee het tot die gevolgtrekking gekom dat dit egter onmoontlik vir die administrasie was om soveel tersiêre padafstand alleen te behartig. Volgens die berekening van die komitee het die Vrystaatse Administrasie R14 per myl of te wel R8,75 per jaar per kilometer tersiêre pad bygedra. Terselfdertyd is ondersoek ingestel na die posisie in die ander provinsies.

Die Transvaal het om en by R30 000 jaarliks van sy begroting aan ondergeskikte paaie afgestaan. Die boere moes self die werk doen. Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle is hulp verleen. Ongelukkig was geen kilometer-

205. Ibid., p. 48.

206. Ibid., pp. 48-49. Die bedrag hieronder is verkry deur die administrasie deur "14,000 myl" tersiêre pad in R200 000 te deel.

afstand beskikbaar nie. By gebrek daaraan kom die Marx-komitee nogtans tot die gevolgtrekking: "Gelet op die grootte van die Transvaal, lyk hierdie bedrag maar uiters gering ...".²⁰⁷

Eweeneens was die Natalse boere verantwoordelik om hul tersiëre paaie of "byvoegings" self te onderhou. 'n Begrotingsbedrag van R25 000 is toegestaan. In albei die bogenoemde gevalle is 50 persent van die totale koste van herstelwerk aan genoemde paaie deur dië administrasies na voltooiing van die werk aan die padgebruikers uitbetaal.²⁰⁸

Die Kaaplandse Afdelingsraadstelsel het ietwat verskil van die ander drie provinsies: Vir die onderhoud van hul sogenaamde "ondergeskikte" paaie is R331 000 per jaar toegestaan. "Slegs skraapwerk, tot die perk van die toegewese bedrag, word deur die Afdelingsraad op hierdie paaie uitgevoer ...",²⁰⁹ waarna die boere verantwoordelikheid moes aanvaar het. Soos in geval van die ander provinsies was daar geen rekord beskikbaar van kilometer afstand nie. Die enigste wyse waarop 'n bepaling gemaak kon word ten opsigte van die Kaapprovinsie was dat Middelburg (Kaap) byvoorbeeld 560 kilometer ondergeskikte paaie vir R1 640 ten tye van die ondersoek net vir skraapwerk kon spandeer.²¹⁰ Dit het op 'n bedrag van R4,69 per myl of te wel R2,93 per kilometer te staan gekom.

Dit blyk dus dat die Vrystaat nie so sleg daaraan toe was nie. Behalwe die jaarlikse bydrae van R200 000, het die Vrystaatse Administrasie in sy erns om die provinsie se grootste nywerheid, die boerderybedryf, tegemoet te kom steeds gruis in gruisgroewe dwarsoor die Vrystaat losgemaak. Boere of hul kontrakteurs kon dit volgens behoefte oplaai.²¹¹ Die Marx-komitee het met die voorafgaande inligting tot hul beskikking tot die gevolgtrekking gekom dat wat tersiëre paaie betref, "Die gebruikers daarvan in die Vrystaat heelwat beter daaraan toe is as dië in die ander provinsies".²¹²

207. Marx-verslag, p. 50.

208. Ibid. Geen kilometer afstand is in geval van Natal, die kleinste provinsie, verstrek nie.

209. Marx-verslag, p. 51.

210. Ibid.

211. Ibid., pp. 49-50. Vergelyk ook PR-debatte, 09.06.67, p. 109 en pp. 127-128.

212. Ibid., p. 51.

'n Verdere aanbeveling wat spruit uit die vergelykende ondersoek, was dat sowat 2 560 kilometer tersiêre paaie opgradeer moes word. "Doodloop-paaie" na twee tot vyf boere moes hul eie verantwoordelikheid wees en hulp moes slegs verleen word aan diegene wat hulself wou help.²¹³ Algemene tevredenheid het voorgekom onder boere aangaande die padrade wat as adviserende skakels tussen die administrasie en boeregemeenskappe opgetree het. Dit het geblyk dat boereverenigings egter meer betrokke moes wees en daar is aanbeveel dat verkiesings onder hul beskerming moes plaasvind. Hierdeur sou die georganiseerde landbou meer intens betrokke wees, met die voordeel dat eie belang beter gedien sou word.²¹⁴ Die benoeming van vier lede deur die Administrateur was heeltemal aanvaarbaar - daarteenoor is vier verkies. Die negende lid "wat oorspronklik die lid van die Provinsiale Raad was", was volgens die oorwoë mening oorbodig.²¹⁵

8.1 UITVLOEISELS VAN DIE MARX-VERSLAG

Volgens J.C. Lombaard, tans die hoofamptenaar van Paaie in die Vrystaat, was die gehalte en tempo van padbou waarskynlik op 'n beter grondslag geplaas.²¹⁶ Dit is belangrik om terug te kyk op die pad vanaf 1952. Ontwikkeling het stadig maar seker sy gang gegaan. Tydens die Administrateurstermyn van Du Plessis sou die grondslae wat neergelê is, tot voordeel van die hele Vrystaatse gemeenskap verfyn word.

Daar is voldoen aan die vereiste om 230 kilometer teerpad per jaar te bou, maar toe die administrasie van nasionale padbou onthef is, was dit tyd om onmiddellik aandag aan die herbouing van ou paaie te gee. Aanvanklik was sowat 70 persent nuwe paaie gebou teenoor 30 persent herstelwerk. In die laaste twintig jaar het die syfers net omgeruil. Die tempo van vordering en die finansiële balans wat gehandhaaf is, was volgens die bevindinge in lyn met die behoeftes van die tyd.²¹⁷ Dit hou verband met die oorskot wat Du Plessis in Februarie 1967 gehad het en probleme wat daar was, wat die

213. Ibid., pp. 50-51.

214. Ibid., p. 54.

215. Ibid., p. 53.

216. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87. Vergelyk PR-notule, 18.02.69, p. 7.

217. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87. Vergelyk PR-notules, 27.02.68, pp. 6-7 en 18.02.69, p. 7.

Administrateur toegeskryf het aan die ingenieurstekort²¹⁸ wat beplanning verdraag het.²¹⁹ Die finansiële oorskot was waarskynlik juis te wyte aan die onbevreesde ywer van Du Plessis om 'n beter finansiële bedeling vir die Vrystaat te verkry.²²⁰ Dit het egter wat die globale prentjie betref, nie so maklik gegaan in die lig van die steeds voortdurende beperkings wat die regering ingestel het om inflasie hok te slaan nie. Dienste is nietemin steeds op 'n gesonde grondslag aangebied.²²¹

9. GEBAAANDE WEË

Sukses het nie agterweë gebly nie. Met die opening van die Luckhof-P.K. le Roux-dam-pad in die Suid-Vrystaat kon Du Plessis blymoedig verklaar dat die administrasie sy deel gedoen het as 'n mede-ontwikkelaar en beplanner. Die pad is betyds en planmatig voltooi. Groot toekomsmoontlikhede was nie uitgesluit nie.²²²

Op 15 Augustus 1969 kon Du Plessis met trots verwys na die padkaart van die Vrystaat. Dit was deurkruis met 'n teerpadstelsel. Excelsior was die ses-en-sestigste dorp wat 'n teerpadverbinding gekry het. Sy ideaal dat alle dorpe 'n teerpad sou verkry voor sy uittrede was byna verwesenlik,²²³ en dienooreenkomstig het hy die nodige dank en erkenning aan sy Uitvoerende Komitee en die paaie-afdeling gebring vir die hoë standaard werk wat gelewer is.²²⁴

Teerpaaië het vir die Administrateur egter ook 'n ander probleem ingehou, al het dit dorpe met Bloemfontein, die provinsiale hoofstad, verbind. Dit moes nie tot nadeel van die gemeenskap strek en lei tot die ontbinding van die

218. In geval van die Vrystaat het daar weinig oorgebly van die drie-en-twintig vakkundiges wat die Paaiesending in 1964 in die buiteland geworf het, vanweë die beter diensvoorwaardes in die privaat-sektor. Vergelyk PR-notule, 02.02.65, p. 6; UK-notule, min. 1483, 5/6.10.64; PR-notule, 27.02.68, p. 8.

219. Vergelyk PR-notule, 21.02.67, p. 5; Die Volksblad, 08.02.66.

220. Vide supra, fondse, p. 106; UK-notule, min. 106, 17.01.68, Samesprekings met minister; Vergelyk hoofstuk 2.

221. PR-notule, 07.06.66, p. 4.

222. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/24/1.

223. Vergelyk Bylaes E en F. Vergelyk Die Volksblad, 16.08.69.

224. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/24/1.

hegte infrastruktuur wat voorheen opgebou is nie. "Ons wil graag sien dat verbeterings en uitbreidings tot voordeel van die gemeenskap sal wees."²²⁵ Paaie moes andersins ook waar gemeenskappe 'n "gemeenskaplike doelstelling" het, gemeenskappe in die verwesenliking hiervan verenig, nie net in die ekonomies-maatskaplike sin van die woord nie, maar ook op kulturele gebied.²²⁶ Dit sou uiteindelik tot 'n hoogtepunt gevoer kon word met die teater wat Du Plessis, 'n gemeenskapsmens, vir die Vrystaat in Bloemfontein in die vooruitsig gestel het.²²⁷

Op 11 November 1969 het Du Plessis die eerste sooi gespit vir die nuwe teerpad tussen Coalbrook en Koppies wat op kontrak teen R2 113 000 vir 'n afstand van 40 kilometer uitgegee is. Die Koppies-aangeleentheid is klaarblyklik tot bevrediging van almal opgelos. B.R. Buys, die plaaslike burgemeester, het gesê dat hulle spyt was "dat die Administrateur van die Vrystaat ... wat 'n groot aandeel in die bou van die pad gehad het, nie die voltooiing in sy ampstermyn sal kan sien nie. Koppies is egter trots om op so 'n hoë noot van hom afskeid te neem".²²⁸

Die Uitvoerende Komitee het alle Vrystaatse boere tegemoetgekom toe die finansiële bydrae van die administrasie formulegewys verhoog is volgens die verhouding van R3 : R1. Hierdeur het hulle hul erns om die ontwikkeling van die landboubedryf te stimuleer, getoon sodat die Vrystaat sekerlik op daardie tydstip die beste vergoedingstelsel gehad het om plaaspaaie te verbeter.²²⁹ Volgens J.C. Lombaard was die administrasie nie verplig om aandag te gee aan die baie opstalpaadjies wat natuurlikergewys op 'n

225. Ibid., 1/25/1.

226. Ibid., 1/24/1.

227. Vergelyk onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87.

228. Die Volksblad, 12.11.69. Die Volksblad, 10.11.69 vermeld 45 kilometer teen R850 000 en eersgenoemde 40 kilometer teen 'n koste van R2 113 000.

229. PR-debatte, 25.02.69, pp. 160-161; UK-notule, min. 729, 02.06.69. Met ingang 1 April 1969 is die werk aan tersiêre paaie ten volle deur die administrasie behartig. Blykens J.M. Slabbert, LUK belas met Paaie, het tersiêre paaie 'n beperkte aantal boere bedien "en in die ander provinsies word die meeste van sulke paaie nie eens as openbare paaie erken nie, maar as privaat paaie beskou". Vergelyk eersgenoemde bron p. 160.

nedersetting bestaan nie, tog was hul heeltemal tegemoetkomend. Koppies is gehelp en baie van hul paaie is tot openbare paaie opgegradeer. "Dit was in daardie tyd begin, maar dit was in die proses wat die hele Vrystaat 'n groot agterstand gehad het en jy kan nie een man voor die ander stel nie. Die Rietrivier-nedersetting het dieselfde probleme gehad ..." 230

Die Komponent Paaie het die meeste buigsamenheid in die begroting gelaat. In geval van ander fasette van die administrasie kon onderwysers en hospitaalpersoneel nie afgedank word om die nood te verlig nie. Die gevolg was dat paaie maar net 'n bietjie langer moes wag.²³¹ Die toestand van hospitaal- en skoolgeboue was swakker, want sommige het ineen begin stort. Indien jou topbestuur onder hierdie omstandighede 'n populêre beleid sou volg, sou bankrotskap seker die finale gevolg gewees het. Ferm beslissings was in almal se belang.²³²

Dat die Uitvoerende Komitee foute begaan het, is waarskynlik, maar ook hulle was deel van die stelselmatige ontwikkelingsproses wat moes aanpas by geërfde omstandighede, maar dit moes terselfdertyd die oog op die toekoms rig. Die prioriteitsbepaling ten opsigte van paaie was waarskynlik soms deur sterk druk deur die publiek aangetas.²³³ Die Marx-verslag het dit dan ook probeer bekamp aan die hand van die hoofuitvoerende beampte soos reeds aangedui. Tydens 1968/69 is 252 kilometer nuwe teerpad gebou teenoor die vroeëre 160 kilometer per jaar. Die situasie ten opsigte van gruispaaie was nog gunstiger. Vroeër was dit in 1958/59 om en by 1 280 kilometer. Vir 1968/69 was dit 2 217 kilometer wat volgens Du Plessis te danke was aan die reorganisasie van eenhede en "by letting out to contract the digging, loading and carrying of road-building material ...".²³⁴ Die tersiêre padprobleem is sedert die begin van daardie boekjaar verander - soos deur Lombaard verduidelik - Du Plessis het gesê: "This will ensure, that work of a permanent nature will be done".²³⁵ Lombaard bevestig dat dit die heersende gebruik is.²³⁶

-
230. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87.
 231. Ibid. Vergelyk Die Volksblad, 18.07.62.
 232. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87.
 233. Vide supra pp. 131-137. Viljoenskroon en Koppies.
 234. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, 1/24/1.
 235. Ibid. Vergelyk UK-notule, min. 729, 02.06.69. Beleid tersiêre paaie.
 236. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87.

Lombaard beskou Du Plessis as 'n baie streng Administrateur en dat hy ver wag dat elke man sy kant vir die administrasie moes bring. Nietemin onthou Lombaard, Du Plessis as 'n persoon vir wie hulle altyd waardering sal hê vir die wyse waarop hy die nodige erkenning gegee het waar hy gereken het dit welverdiend was, en dat hy aspekte wat volgens sy siening verkeerd was, uitgewys en geëis het dat dit reggestel moes word. Daarteenoor sê hy: "Maar dan was hy nie onoorreedbaar as jy terugkom na hom toe en sê na gelang van omstandighede [ondersoek] dat daar niks aan 'n saak gedoen kan word nie".²³⁷ Dr. W.D. Kotzê, voormalige privaatsekretaris van Du Plessis, bevestig dat hy altyd bereid was om na voorstelle en wenke van ander te luister. "Hy was nie 'n 'maak en breek' - persoon nie ..."²³⁸

Die feit dat Du Plessis sterk standpunt kon inneem, daarin geglo het en 'n beslissing kon neem, maar tog ook oorreedbaar was, het hoë waardering uitgelok by Lombaard sowel as baie ander wat nog steeds die mening huldig. Lombaard reken dat Du Plessis hom baie goed van sy taak gekwyt het, wat nie altyd in die geval van paaië so maklik was nie, veral wat die hantering van moontlike drukgroepvorming betref. Du Plessis kon hulle ook help na gelang van (kundige) inligting wat deur hulle tot sy beskikking gestel was om nuwe perspektiewe te skep.²³⁹

J.D. Marx, voormalige Provinsiale Sekretaris, en voorsitter van die Vrystaatse tak van die Vereniging vir Staatsamptenare, sê van Du Plessis dat hy een van die Administrateurs van die Vrystaat was wat besef het dat paaië 'n baie belangrike faset van die provinsiale ontwikkeling was. Hy reken ook dat dit van groot belang was dat Du Plessis die waagmoed gehad het om die aanbeveling om swart operateurs op masjiene te gebruik, aanvaar het. Die Vrystaat was die eerste om so 'n stap te doen te midde van politieke druk wat deur blanke operateurs uitgeoefen kon word. Volgens Marx sou baie padmasjinerie gaan staan het indien hierdie revolusionêre stap nie aanvaar is nie.²⁴⁰ Vandag is 60 persent van alle operateurs swart.²⁴¹

237. Ibid.

238. Dr. W.D. Kotzê, Suid-Afrikaanse Ambassadeur, Bophuthatswana - P.J.P. du Plessis, 24.07.87.

239. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87.

240. Onderhoud met J.D. Marx, 13.11.86.

241. Onderhoud met J.C. Lombaard, 14.07.87.

Vele Raadslede het Du Plessis en die Uitvoerende Komitee gedurende 1969 bedank vir hul ywer aan die dag gelê ten opsigte van die ontwikkeling van die Vrystaatse paaie.²⁴² Erkenning moet ook verleen word vir die rol wat Wentzel in diê verband gespeel het. Volgens Marx het eersgenoemde en Du Plessis as sterk manne daartoe bygedra dat die Vrystaat, wat paaie betref, groot voordele geniet het.²⁴³

Die verklaring van die Adjunk-minister van Vervoer, H.E. Martins op 25 Februarie 1969, dat die Kaapprovinsie die ander provinsies voor was met die aanbou van nasionale paaie behoort egter nie afbreuk te doen aan die moderne pionierswerk van Du Plessis en sy administrasie as die historiese konteks waarbinne dit geskied het, volledig in berekening gebring word nie.²⁴⁴

-
242. Vergelyk PR-debatte, 20.02.69, pp. 86, 90, 108 en 160; PR-debatte, 06.06.69, p. 114.
243. Onderhoud met J.D. Marx, 13.11.86; Vergelyk PR-debatte, 20.02.69, pp. 84-85.
244. Die Volksblad, 26.02.69. Vergelyk A. Weeber, LPR (Odendaalsrus), PR-debatte, 25.02.69, p. 170; The Friend, 16.08.69. Vergelyk algemene tevredenheid onder Raadslede: PR-debatte, 09.06.67, pp. 109, 127-128 en 131, asook Die Volksblad, 16.08.69.

HOOFSTUK 4

TOERISME AS 'N BESONDERE MODEL VAN STREEKSBEPLANNING

1. TOERISME EN REKLAME

1.1 'N HISTORIESE TERUGBLIK

In 'n terugblik op Du Plessis se ampspad val die buitengewone moeite rondom 1950 om toerisme na Bloemfontein te bevorder dadelik op. Daar was letterlik duisende pamflette, kleurkaarte en reklamebrosjures beskikbaar vir die besoeker. Selfs 'n nywerheidsbrosjure is in samewerking met die S.A. Toeristekorporasie saamgestel om die moontlikhede van Bloemfontein en die middestreek van die Vrystaat te reklameer. Hiervan sou 200 000 in die buiteland versprei word. 'n Skakelbeampte vir promosiewerk in Johannesburg is aangestel.¹

Du Plessis wat in 1945 as een van die pionier-Afrikanerlede tot die stadsraad van Bloemfontein toetree het, het onmiskenbaar bygedra tot nuwe idees om die geleentheid wat Bloemfontein as sentrale stad van 'n baie groot binnelandse area gebied het, uit te bou. Dit is 'n voldonge feit dat hy alles veil gehad het vir Bloemfontein. Prakties en wakker van aard, soos hy was, het Sand du Plessis die geleentheid wat die Administrateurskap van die Vrystaat gebied het, aangegryp.

As Administrateur moes hy na die belange van die Vrystaat en sy plek binne Suid-Afrika omsien. Omdat hy 'n Bloemfonteiner was en vroeër sy aandag meer op die stad toegespits het, sou sommige plattelanders nie ontkom aan die idee dat hy net vir Bloemfontein sorg nie. Hier dien toerisme as enkele voorbeeld om die bestaan van so 'n gedagte direk te weerspreek.

1.2 TOERISTEMOONTLIKHEDE

Sy nuwe amp het aan hom die regte geleentheid gebied om aan te toon dat hy die belange van geheel die Vrystaat op die hart gedra het. 'n Begin is reeds voor sy tyd gemaak om die Willem Pretorius-wildtuin, Allemanskraalontspanningsoord, sowel as die Jim Fouché-hengeloord, aan te lê. So vroeg

1. Burgemeestersrede en Munisipale Rekenings, Bloemfontein, 31.03.50, pp. 58-59.

as 17 Augustus 1960 het die destydse pasgestigte 'Drakensberg-publisiteitsvereniging' hul eerste kongres te Zastron gehou.

Reeds tydens sy eerste optrede in die Provinsiale Raad het Du Plessis die waarde van die genoemde oorde beklemtoon. Dit was nie nêr vakansieoorde nie, maar ook van belang vir natuurbewaring. Sulke oorde moes die mens se ingebore belangstelling in die natuur prikkel. Terselfdertyd moes die bewaringsgedagte by skoolkinders en ouers gestimuleer word, om as "n lewende bron van genot en kennis" te dien. Die publiek moes sodanig betrokke raak dat hulle daarin sou deel as trotse burgers en "mede-eienaars".²

Die kombinasie van vakansieoorde met natuurreserve het dus vir Du Plessis duidelik 'n groter betekenis as net ontspanningsplekke gehad. Daarby sou dit ook 'n belangrike aspek van die Vrystaat se reklame- en toerismepoging uitmaak.³

1.2.1 KONGRES

Die bovermelde kongres te Zastron sou veel vrugbaar wees. 'n Ryke verskeidenheid gedagtes is gewissel. Statistiek het aangetoon dat toerisme 'n nuwe opkomende nywerheid oor die wêreld was. Tydens die na-oorlogse periode het mense moeite gedoen om ander wêrelddele te besoek.

Du Plessis het in geen onduidelike taal sy geesdrif vir die beoogde toeristepad in die Oos-Vrystaat getoon nie, soos aangedui in hoofstuk drie. Toerisme sou ook bydra tot 'n beter begrip onder oorsese besoekers vir die naasbestaan van wit en swart. Volgens sy lewensbeskouing, is die mense van Suid-Afrika - beide swart en wit - juis die land se grootste bate.⁴

1.3 TOERISME AS 'N NYWERHEID

Onder sy aansporing kry toerisme in die Vrystaat 'n nuwe dimensie. Hierin het hy die geleentheid gesien om toerisme as 'n nuwe nywerheid in die provinsie uit te bou en om 'n groter inkomste te verkry. Hierdie benadering

2. Notules van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 01.03.60, p. 10.
3. Debate van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 02.04.65, p. 15.
4. The Friend, 18.08.60; Die Volksblad, 18.08.60.

van Du Plessis kry nuwe betekenis wanneer gekyk word na wat dr. J. de Beer, tans voorsitter van die Kommissie van Administrasie sê, naamlik dat nywerheidsvestiging eintlik vir Du Plessis 'n stokperdjie was.⁵ Hy het hierdeur met iets vorendag gekom wat grootliks nuut was in die Vrystaat en elke geleentheid daartoe prakties benut.

Sy ywer op die gebied van nywerheidsvestiging was aanvaarbaar, maar vir baie was die gedagte van toerisme in die stowwerige Vrystaat sonder 'n kusgebied, nou nie juis iets wat hul beïndruk het nie. Du Plessis moes telkemale op die toekomsvoordele en die winsgewendheid daarvan wys. Alhoewel gepoog word om toerisme, nywerheidsreklame en natuurbewaring te skei, om na behore aan elkeen reg te laat geskied, is dit eintlik aspekte wat ineenvleg en deel van sy totale reklameveldtog uitgemaak het. Dit sou onder meer aangeleenthede soos die vriendelike inwoners en die potensiaal van die natuurlike hulpbronne van die Vrystaat insluit. Du Plessis het die reklame-kuns verstaan.

Hy het dus 'n duidelike visioen gehad hoe die Vrystaat geadverteer moes word om nie alleen toeriste, maar ook potensiële inwoners of beleggers te lok. Hiervan is byvoorbeeld Vrystaathuis en die Verwoerdgebou sprekende bewyse.

Du Plessis was 'n verbeeldingryke Administrateur maar sy idees was, nogtans nie onpraktiese verbeeldingsvlugte nie. Toerisme sou dit bewys. Hy was 'n man wat met min geld en skynbaar onsigbare moontlikhede baie vermag het. Verandering het vir hom vernuwung beteken, wat soms gepaard moes gaan met opoffering.

2. REKLAMERING¹ VAN DIE VRYSTAAT SE TOERISTE- EN NYWERHEIDSPOTENSIAAL ONDER BUITELANDE SE VERTEENWOORDIGERS

Du Plessis was oortuig dat die tyd aangebreek het om die Vrystaat pertinent onder die aandag van die buiteland te bring. Daarom het hy ook die geleentheid te baat geneem om op uitnodiging van die Departement van Inligting, die buitelandse konsulente vanuit verskillende Westerse lande in Johannesburg in te lig aangaande die nywerheids- en toeristepotensiaal wat die Vrystaat gebied het. Du Plessis het dit in die vooruitsig gestel dat hierdie konsulente die Vrystaat in 'n ander lig beskou en voortaan gereeld

5. Onderhoud met dr. J. de Beer, voormalige direkteur Hospitaaldienste, 15.07.87. Vergelyk Die Nywerheidsbylae tot die Volksblad, 27.07.65.

sou besoek op grond van die skyfievertoning en gepaardgaande inligting wat aan hulle gebied is.⁶

Dië Vrystaters het waarskynlik geslaag in die bekendstelling van hul provinsie. In 'n erkentlike brief het L.E.S. de Villiers, inligtingsbeampte van die Departement van Inligting, sy besondere waardering uitgespreek vir die teenwoordigheid van Du Plessis as eerste burger van die Vrystaat, veral omdat hy met sy innemende persoonlikheid die samespreking laat ontwikkel het tot 'n informele oop gesprek. Dat die Vrystaters en spesifiek hul Eerste Burger, hul goed van hul taak gekwyt het, het onmiskenbaar geblyk. Volgens die waarneming van De Villiers het dië aanbieding die buitelandse verteenwoordigers beslis beïndruk, "maar ook skielik 'n groter belangstelling" in die Vrystaat gewek.⁷

Die skyfievertoning aan die buitelandse verteenwoordigers in Johannesburg⁸ is ook op Sasolburg aan die Vrystaatse Munisipale Kongres vertoon. Dit was vir Du Plessis 'n saak van erns om mense bewus te maak van die moontlikhede van die Vrystaat, hetsy by buitelanders of Vrystaters. Deur die saak onder kongreslede te bevorder het hy verseker dat dië aangeleentheid onder die hele Vrystaat se aandag sou kom. Terselfdertyd het hy die oog van die Provinsiale Raadslede hierop gevestig en gesê dat die administrasie met die hulp van die nuwe Departement van Inligting (regering) besig was om 'n dokumentêre rolprent van die Vrystaat te maak. 'n Publikasie met statistiese en tegniese besonderhede van die provinsie het ook reeds die lig gesien.⁹ Die Vrystaat sou hierdeur ver buite sy grense tot in die buiteland bekend gestel word.

In 'n poging om die buitelandse verteenwoordigers se belangstelling te behou en om nouer vriendskapsbande uit te bou, het Du Plessis en sy administrasie in November 1962, 'n kongres by die Willem Pretorius-wildtuin aangebied. Daarbenewens is die buitelanders persoonlik betrokke gemaak deur hulle op 'n "fact finding tour" deur die Vrystaat te neem. Hulle moes self kennis neem van die potensiaal wat die Vrystaat aan voornemende buitelandse beleggers en

6. PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versameling, Lêer 4/1/1.

7. Ibid., L.E.S. de Villiers - Vrystaatse Administrasie, 26.10.61.

8. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/5.

9. PR-notule, 27.02.62, p. 8. Vide infra p. 156 en Bylae H.

toeriste gebied het. Aspekte soos die landbou, mynbou, nywerhede en toeriste-aantreklikhede het besondere aandag geniet.¹⁰

3. TOERISTEORDE GENIET DIE BESONDERE AANDAG VAN DIE ADMINISTRASIE

3.1 DIE WILLEM PRETORIUS-WILDTUIN EN JIM FOUCHÉ-HENGELOORD

Dié sentraal geleë Willem Pretorius-wildtuin en toeristeoord is op 14 Februarie 1961 amptelik geopen en het groot toeristemoontlikhede ingehou. Binne 'n jaar het 91 000 mense hier besoek afgelê, waarvan 85 persent Vrystaters was. Die elandkudde, wat oorspronklik slegs uit agt bokke bestaan het, het vermeerder na vier-en-veertig, en in die noordelike deel was 'n klompie swartwildebeeste gevestig. Vier wit renosters is van die Natalse Parkeraad bekom.¹¹ Sowat 'n jaar later is ses kameelperde deur die Transvaalse Administrasie geskenk. Intussen is ook 'n ontspanningsaal wat vyfhonderd mense kon huisves op aanbeveling van die Uitvoerende Komitee hier gebou.¹² By die Jim Fouché vakansie- en hengeloord het die besoekerstal van 10 000 in 1961 tot 12 000 in 1962 vermeerder, waarvan baie Transvalers was.¹³

3.2 GOLDEN GATE

Die tyd het aangebreek dat die Vrystaat - afgesien van munisipale oorde - nie net met twee provinsiale oorde, kon klaarkom nie. Die Uitvoerende Komitee het vroeg in 1962 besluit dat onderhandelings met die grondeienaars van die Golden Gate gebied aangeknoop moes word. Aanvanklik het Du Plessis en lede van die Uitvoerende Komitee eers 'n inspeksie ter plaatse uitgevoer. Die moontlikhede wat die skilderagtige Oos-Vrystaatse plaas in die Clarens-omgewing met sy indrukwekkende sandsteenkranse as 'n toeriste-aantreklikheid gebied het, het onmiddellik in die oog geval.¹⁴

Gedurende Augustus 1962 het Du Plessis die koopbriewe van die plaas Golden

10. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/5.

11. PR-notule, 27.02.62, pp. 10-11. Vergelyk Die Volksblad, 22.11.60. Hiervolgens was die Willem Pretorius-wildtuin "die enigste wildtuin in die land waar 'n wildtuin en 'n plesieroord gekombineer is".

12. UK-notule, min. 1040, 15.09.61.

13. Vergelyk PR-notules, 27.02.62, p. 10; 25.02.63, p. 7.

14. UK-notule, min. 1434, 29/30.01.62.

Gate aan die direkteur van Nasionale Parke gestuur. Die S.A. Jagters- en Wildbewaringsvereniging het dit waarskynlik gerade geag om ook hulle belange onder die aandag van die Administrateur te bring en het die versoek aan hom gerig om 'n ere-lid van die vereniging te word. As lid van die Parkeraad, wou Du Plessis eers die mening van die direkteur van die organisasie verkry, voordat hy dit aanneem, aangesien hy vanweë die naam van die vereniging nie summier 'n antwoord wou gee nie.¹⁵

Die provinsie het Golden Gate gekoop met die uitdruklike doel om 'n natuurreservaat in die Oos-Vrystaat aan te lê. Du Plessis wat self 'n Parkeraadslid was, was persoonlik van mening dat die Nasionale Parkeraad gestig was om Suid-Afrika in die verband te dien. Die grond is op hierdie voorwaarde of veronderstelling aan hulle geskenk waarna die administrasie 'n teepad tot by Golden Gate gebou het.¹⁶ Die hele aangeleentheid het die welwillendheid van die regering geniet.

C.R. Swart, die destydse Staatspresident, het 'n groot belangstelling in die ontwikkeling van Golden Gate as 'n natuurreservaat getoon en sterk steun uitgespreek vir die vestiging van só 'n gebied in die Oos-Vrystaat. Vandag is die Golden Gate-vallei, danksy die voorsorg van Du Plessis en sy Uitvoerende Komitee, die sieraad van die Vrystaatse natuurbewaringsgebiede.¹⁷

4. UITBREIDING EN KOÖRDINERING VAN DIE VRYSTAATSE TOERISTEPOTENSIAAL

4.1 A.R.R.T.B.O. EN DIE BENUTTING VAN NUWE MOONTLIKHEDE

Die datum 4 Februarie 1963 was 'n verdere mylpaal in die geskiedenis van reklame en toerisme in die Vrystaat. Die Uitvoerende Komitee het dit aan die Administrateur opgedra om 'n raad vir die bevordering van reklame en toerisme in die Vrystaat op die been te kry.¹⁸ Kortweg was die Adviserende Raad vir Reklame en Toerismebevordering in die Vrystaat bekend as A.R.R.T.B.O.¹⁹ Met die stigting van A.R.R.T.B.O. het die Vrystaatse

15. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Du Plessis - direkteur, Raad vir Kuratore vir Nasionale Parke, 06.08.62.
16. Vergelyk Die Volksblad, 02.11.64; 28.09.64.
17. Ineg-klankargief: K903/2, Onderhoud, H.C. Jones met J.W.J.C. du Plessis, 22.01.87.
18. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêers 1/20/2 en 1/21/1.
19. UK-notule, min. 666, 6/7.05.63.

Administrasie 'n ernstige poging aangewend om toerisme op 'n planmatige en wetenskaplike wyse in die Vrystaat te bevorder. Al gou sou 92 persent van plaaslike besture en agtien buiteliggame in die Vrystaat lid van hierdie organisasie word.²⁰

Du Plessis het sy oortuiging dat die Vrystaat baie het om aan te bied, uitgeleef. "Dit het net daar gelê en niemand het dit ooit aangebied nie. Onbekend is onbeminde."²¹ Volgens eersgenoemde het hulle aan die werk gesprong en komitees en rade aangestel om verskillende dinge soos byvoorbeeld toerismebevordering, te ondersoek. Op soortgelyke wyse is toeristeaantreklikhede geïnisieer soos Golden Gate, Tussen-die-Riviere en andere. Die aantreklike Malutiberg-gebied was 'n baie aantreklike roete wat oopgestel moes word, met die nodige reklamerings. Du Plessis is van mening dat hierdie pogings heeltemal geslaagd was.²²

4.2 TOERISME WORD VAN NADERBY BEKYK IN DIE PROVINSIALE RAAD

Tydens 'n Raadsitting in 1965 het Du Plessis dit as van belang beskou om die groot toekomsmoontlikhede wat toerisme, as bedryf, vir die provinsie ingehou het aan die lede voor te hou. Volgens inligting wat hy van die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie bekom het, het toerisme ontwikkel tot die grootste enkelbedryf in die wêreldhandel. Die buitelandse besoekerstal het vanaf 1962 tot 1963 met 5 persent toegeneem.

Volgens Du Plessis kon so 'n geleentheid beslis nie oor die hoof gesien word nie, "as daar so 'n groot bedryf aan die ontwikkel is in hierdie land, is dit seker nodig dat ook hierdie Provinsie sy aandeel daarin moet kry, en om dié aandeel te kry moet ons wakker loop, ons moet vroeg begin en ek wil die mening uitspreek dat die toerismebedryf by die Oranjerivierontwikkelingsprojek moontlik die grootste inkomste gaan lewer uit daardie projek. Ek wil dit aan u sê, ons moet alles in ons vermoë doen om hierdie bedryf te ontwikkel. Nie omdat ons graag fasiliteite vir ander en buitemense skep nie, maar omdat ons graag die besoekers hier wil kry en 'n aandeel wil kry in 'n baie groot bedryf".²³

20. Die Volksblad, 11.11.64; PR-debatte, 04.02.65, p. 101.

21. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 27.10.86. Vergelyk The Friend, 31.10.64.

22. Ibid. Vergelyk The Friend, 15.03.65.

23. PR-debatte, 24.05.65, pp. 392-393. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/1.

Op die wyse is meer geld op die platteland in omloop gebring, maar volgens Du Plessis moes mense kom kyk na al die moontlikhede van die provinsie. Eers dan kon die ontwikkelingsmoontlikhede benut word. Kortom, mense moes Vrystaat-bewus gemaak word.²⁴

Selfs plattelanders moes hulself instel om met mekaar te kompeteer, sodat die toeriste graag op hul spesifieke dorp sou wou oorbly waar geleentheid vir hulle en die stadsjapies aangebied moes word om met die plattelandse en plaasatmosfeer kennis te maak. 'n Gesonde interaksie moes dus tussen gemeenskappe plaasvind.²⁵

Die rol wat Du Plessis ten opsigte van toerisme gespeel het is geensins gering geskat nie, en word in 1965 deur onder andere D.M. Grewar, LPR (Ficksburg-Seneka!) erken. Laasgenoemde was van mening dat die Vrystaat sy goeie deel van die toeristetel in Suid-Afrika ontvang het "danksy die werk van Sy Edele".²⁶

Grewar het nie met die gedagterigting saamgestem dat te veel vir toerisme gedoen word nie. Hy het alle pogings van die Vrystaatse Administrasie in dië verband onderskryf. Ten spyte daarvan dat die Vrystaat meer toeristebewus was, moes dit as 'n bedryf uitgebou word, al sou dit gepaard gaan met bepaalde finansiële insette. Die nodige koste moes net eenvoudig aangegaan word met "die moed van ons oortuiging", sodat die vrugte hiervan later gepluk kon word.²⁷

4.3 STREEKSREKLAME EN TOERISME

Du Plessis het met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee op 7 Februarie 1963 sy planne vir toerismebevordering afgekondig. Hy het

-
24. Onderhoud met H.C. Beckmann, 27.01.87. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2.
25. Vergelyk O.V.S. Jaarboek 1963/64, pp. 41-43; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/2.
26. PR-debatte, 19.05.65, p.221. Die toeristesyster het sedert 1954 tot 1964 bykans verdubbel vanaf 134 884 tot 229 252. Vide infra p. 189, besoekerstal 1967/68 aan slegs twee oorde en oornaggetalle by die Verwoerdoord.
27. PR-debatte, 19.05.65, p. 221.

aanvanklik reers die saak met die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie en die Publisiteits- en Reisdepartement van die Suid-Afrikaanse Spoorweë bespreek. Op grond van waardevolle inligting wat hy van hulle verkry het, is die Vrystaat in vier streke verdeel. By hierdie verdeling is die samebindende faktor wat deurverkeerroetes op gemeenskappe uitoefen, in ag geneem.

Die gedagte was dat streeksreklame veel meer sou vermag as individuele pogings om toerisme te bevorder. Daar is ook gevoel dat die streke 'n ryke verskeidenheid toeriste-aantreklikhede bied. Die administrasie het besluit om die entoesiasme rondom toerismebevordering wat in die Vrystaat posgevat het, met grootskeepse reklamepogings te bevorder. Deur fyn beplanning het hulle gepoog om slegs die belange van die Vrystaat as geheel te bevorder, sonder om in te meng met die verantwoordelikhede van plaaslike besture of gemeenskappe in dié verband.

Elke streek het beskik oor 'n streekskomitee wat toerisme doeltreffend moes bevorder deur die "doeltreffende bekendstelling" van dit wat eie aan die streek was. Funktionele toeristegeriewe moes dwarsdeur die streek tot stand gebring word. Dit moes behoorlik beheer word en streekskomitees sou moes omsien na standaardisering en keuring van toeristegeriewe van elke dorp of stad in sy gebied.

Hierdie komitees moes omsien na die verfraaiing van dorps- of stadsingange, strate, syaadjies, genoegsame en aantreklike akkommodasiegeriewe wat ook woonwa- en kampeerterreine ingesluit het, asook behoorlike skoon ruskamers by vulstasies.²⁸

4.4 DU PLESSIS IN PERSOONLIKE KONTAK MET DIE STREEKSKOMITEES

Daar was vier streke, die Noordstreek, die Oosstreek, die Sentraalstreek en die Wesstreek.²⁹ Du Plessis het eersgenoemde streke op 11 Februarie, te

28. Die Volksblad, 07.02.63. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/21/1. Dië taak van die streekskomitees is later deur die Departement van Toerisme onder regeringsbeheer oorgeneem. Hierdie departement het toe nog nie bestaan nie.

29. Vergelyk Bylae G. Blykens dr. S.W. Kemp is selfs padkaarte met inligting oor besienswaardighede van elk van die vier streke laat druk.

Bethlehem en die ander op 13 Februarie 1963, te Maselspoort, toegesprek. Hiertydens het hy weer op bogenoemde aspekte ingegaan.³⁰

Tydens die eerste byeenkoms te Bethlehem het Du Plessis die belang van gekoördineerde optrede beklemtoon, juis vanweë die inisiatief wat in die voorafgaande tydperk deur plaaslike besture aan die dag gelê is. Du Plessis het verduidelik dat die administrasie reëlings getref het om by die vier belangrikste skoue in Suid-Afrika om promosie te verleen aan die toeriste-aantreklikhede van die Vrystaat.³¹ Inligting en 'n toeristekaart wat 'n geheelbeeld van die Vrystaat weergee, is aan belangstellendes verstrekk. Die eerste oplaag van 30 000 en 'n nywerheidsbrosjure het alhoewel tot 'n toestroming van toeriste gelei.³²

Die kaart is afgesien van die gewone inligting wat daarop verstrekk word, versier met pensketse van sekere van die belangrikste toeriste-aantreklikhede, sowel as belangrike landbou-, nywerheids- en mynbou-aangeleenthede. Die keersy het belangrike inligting aangaande die hele Vrystaat op kernagtige wyse weergegee. Die hulp van plaaslike besture moes verkry word in die verband, aangesien dit hulle ten nouste geraak het.³³ Die administrasie was bereid om via die Komponent Plaaslike Bestuur tegniese hulp te verleen in die uitbouing van toeristegeriewe, byvoorbeeld deur die inrigting van goedbeplande woonwaparke.³⁴

-
30. Die Volksblad, 07.02.63. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/1.
31. Vergelyk Die Volksblad, 22.03.63 en 10.04.63.
32. Die Volksblad, 10.04.63. Vergelyk O.V.S Jaarboek 1963/64: Toerismebevordering p.41; Nywerhede pp. 45-63, "Industrial Statistics ...", herdruk "Bulletin no. 1 of 1961". Sien Bylae H.
33. Vergelyk Die Volksblad, 29.04.64. Vergelyk Bylae I. Die kaart was skynbaar 'n grootse spanpoging. Volgens prof. Tienie van Schoor was prof. J.J. Oberholster, 'n lid van A.R.R.T.B.O., onder meer omstreeks 1963/64 gemoeid met die samestelling van inligting vir 'n Vrystaatse Toeristekaart. Daarteenoor bevestig dr. S.W. Kemp dat die Komponent Plaaslike Bestuur self die oorspronklike sketse op die kaarte geteken het - dit is periodiek tot omstreeks 1972 deur Map Studio Productions (Edms.) Bpk., Johannesburg herdruk. Vergelyk UK-notule, min. 1 000, 22/23.10.62; Gesprek met dr. S.W. Kemp, 25.11.87.
34. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2.

Du Plessis het die versekering gegee dat die administrasie nie besig was om privaat inisiatief te demp deur die ontwikkeling van sekere oorde nie, "maar [dit] behoort veel eerder verwelkom te word as bykomende aantrekkingskragte ...",³⁵ wat meer fasiliteite sou bied aan die Vrystaters en meer besoekers sou trek. Saam sou soveel meer bereik word deur addisionele goedbeplande oorde.

Die provinsie was wetlik verplig ingevolge die Finansiële Verhoudingswet om buiteligontspanningsgeriewe aan sy inwoners te voorsien. Du Plessis het daarop gewys dat dit 'n nuwe vraagstuk was wat opgelos moes word en wat genoodsaak was deur die blanke verstedelikingsproses.³⁶

4.5 OUTONOME MAG VERLEEN AAN DIE STREEKSKOMITEES

Tydens bogenoemde samesprekings het die komitees 'n sakelys ontvang waarop hul verantwoordelikhede duidelik uiteengesit was sonder om rigied te wees. Du Plessis het te kenne gegee dat dit nie die wet van Mede en Perse was nie, maar slegs 'n breë benadering tot toerisme. Eie inisiatief was vanweë lokale omstandighede van groot belang. Elke komitee moes homself as outonoom beskou en sy eie "skeppingswerk" doen. Om sy goedertrou en erns te bevestig het Du Plessis dit goed gedink om 'n wisseltrofee of Administrateursbeker jaarliks vir die "doeltreffendste munisipale oord" in die Vrystaat uit te loof.

A.R.R.T.B.O., waarvan die Administrateur die voorsitter was, sou waar nodig leiding gee aan die reklamestreke, die projekte en probleme van gemeenskaplike aard koördineer, maar ook leiding aan die administrasie gee. Die liggaam sou beide die tweede- en derdevlak regerings van raad bedien ten opsigte van toerisme, reklame, natuurbewaring, geskiedkundige plekke en aspekte van wetenskaplike belang. A.R.R.T.B.O. sou ook van hulp wees by aangeleenthede tussen die administrasie en die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie, Departement van Inligting, die Suid-Afrikaanse Publisiteitsvereniging, die Suid-Afrikaanse Spoorweg Publisiteits- en Reisdepartement, die Nasionale Parkeraad en Historiese Monumente. Daarbenewens sou A.R.R.T.B.O. omsien na uniforme pad- en toeristekennisgewings.

35. Ibid., 1/21/1. Die kwessie van privaat inisiatief het ook met die oprigting van die President Hotel in Bloemfontein aandag geniet.

36. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2. Vide infra p. 164.

Die Vrystaat was duidelik besig om iets op 'n ongekende skaal in Suid-Afrika aan te pak soos blyk uit Du Plessis se beroep op samewerking en dat dit 'n sukses moes wees, waar "ons waarskynlik die leiding in die Republiek neem...".³⁷ The Star het dit ook kort voor lank bevestig. "The Provincial Administration has appointed a firm of public relations consultants to plan a long-range campaign. It is the first province to make such a move,"³⁸ en die ontwikkeling van eersteklas-hotelfasiliteite sou ook indringende aandag geniet. 'n Direkteur van A.R.R.T.B.O., dr. W.D. Kotzê, het oorsee vertrek om sy aandag onder andere hieraan te gee.³⁹ Frankryk was een van die lande wat dr. Kotzê aangedoen het om 'n studie te maak van die wyse waarop hulle reklame vir toerismebevordering hanteer.⁴⁰

5. TOERISME IN SUID-AFRIKA RONDOM DIE VROË SESTIGERJARE EN VERDER

Volgens 'n administratiewe dokument met die jongste datum 1967 wat handel oor die rol van die administrasie in die bevordering van toerisme in die O.V.S. sedert 1962, was toerismebevordering 'n paar jaar voor (1967) nie waffers nie.⁴¹ Dit was vrywel net deur die regering en 'n aantal organisasies "sporadies aangemoedig". Skielik het die besef deurgedring dat Suid-Afrika se potensiaal in volle gebiedsverband benut moes word en dat nie net die potensiaal van die kusgebiede uitgebou moes word nie, "- ons land het die potensiaal en dit moes slegs ontwikkel word", aldus die bron.⁴²

Teen hierdie agtergrond het die Vrystaatse Administrateur "in November 1962 aangekondig dat die administrasie 'n omvattende skema beoog om die toeristebedryf in die O.V.S. te ontwikkel en uit te bou ten einde ook sy deel te doen en 'n aandeel in hierdie ontwikkelende bedryf te hê".⁴³ Die dokument beklemtoon dit dat die Administrateur dit as van groot belang beskou het dat "Binnelandse Toerisme die ruggraat moes vorm indien die

37. Ibid., 1/21/1.

38. The Star, 08.10.64.

39. Ibid.

40. PV 73, dr. W.D. Kotzê-versameling, Lêer 2/1/1/38.

41. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2.

42. Ibid.

43. Ibid.

bedryf op 'n ekonomiese grondslag gevestig moet word".⁴⁴ Die groot toeristeverkeer deur die provinsie moes benut word en daarom was reklame so belangrik. Vir Du Plessis was die Vrystaat die kruispunt van die Suid-Afrikaanse verkeerstelsel.⁴⁵ Die Administrateur het soveel waarde geheg aan die moontlikhede wat die natuurskoon in die Oos-Vrystaat vir die toeris gebied het, dat hy persoonlike aandag aan die padbouprogram van die gebied gegee het.⁴⁶ 'n Toeris moes met gemak oor die weg kon kom.

Die toeris wat langer wou vertoef, moes ook in staat gestel word om 'n sinvolle kringloop in die Vrystaat te kon voltooi, sonder dat hy weer op dieselfde plek uitkom.⁴⁷ Dieselfde beginsel het gegeld vir die naweek-toeris. Daarbenewens moes hy die nodige verskeidenheid ingang- en uitgangsroetes uit die Vrystaat hê wat hom met die res van Suid-Afrika sou verbind. Dit het op sigself die padbouprogram van die Vrystaat beïnvloed.⁴⁸

Du Plessis en A.R.R.T.B.O. het voorrang verleen aan die Departement van Inligting, die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie en die Publisiteitsvereniging van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en hy het dit ook in die Provinsiale Raad beklemtoon.⁴⁹ Hy was egter bitter teleurgesteld dat die Suid-Afrikaanse Spoorweë selfs nog so laat as 1964 georganiseerde toere in al die provinsies behalwe die Vrystaat aangebied het en dit, volgens hom, ondanks die feit dat die Vrystaat toe reeds die grootste verskeidenheid vakansiegeriewe in die land kon bied.⁵⁰ Du Plessis was vasberade dat iets aan die saak gedoen moes word. Hy het veral gevoel dat die groot aantrekkingskrag wat die Goudveld en die Oranjerivierprojek gebied het,⁵¹ om die een of ander onverklaarbare rede misken was.

44. Ibid.

45. Ibid.

46. Die Volksblad, 29.03.65. Vergelyk hier die toeristemoontlikhede wat die botaniese tuine te Harrismith en die Golden Gate Hoogland Park gebied het.

47. Vide infra, Inner Circle, p. 176 en Bylae J.

48. Vergelyk die Oostelike toeristepad, UK-notule, min. 874, 26.07.66 en gedagtes gewissel by die kongres oor toeristepaaie te Zastron. Die Volksblad, 30.10.64.

49. PR-notule, 26.02.63, p. 14. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/1.

50. Vergelyk ook PV 73, dr. W.D. Kotzé, Lêer 3/1/1/1.

51. Die Volksblad, 30.10.64.

Die stigting van 'n Departement van Toerisme op 15 Mei 1963 deur die regering, het vir die Vrystaatse Administrasie 'n besondere betekenis ingehou. Samewerking tussen dié twee instansies kon veel vrug dra. Die Departement van Toerisme het ook nie gras onder sy voete laat groei nie. Die Vrystaatse Administrasie is genader met 'n plan om die Suid-Afrikaanse Toerisme verder op 'n streeksgrondslag uit te brei. Laasgenoemde kon antwoord dat dié voorgestelde skema toe reeds etlike maande tevore in die Vrystaat op inisiatief van die Administrateur geïmplementeer is. Die Vrystaat het volle samewerking aan dié Departement beloof en die streeksontwikkelingstelsel is landwyd ingestel. Die verdere gevolg was dat al die werksaamhede van die provinsies gekoördineer is onder 'n Sentrale Koördinerende Komitee, wat deur die Departement van Toerisme ingestel is.⁵²

6. 'N MOTIVERINGSAKSIE WORD OP TOU GESIT

6.1 DIE AFDELINGS BEPLANNING EN REKLAME

Aangesien toerisme en reklamering baie sterk gegrond is op die ideaal van beplanning, is daar omstreeks Maart 1964 besluit om onder die hoof van die Komponent Plaaslike Bestuur twee "bykomende" afdelings, Beplanning en Reklame, te skep. Dr. W.D. Kotzé sou optree as afdelingshoof vir beide. Klaarblyklik is bogenoemde veranderings aangebring om beplanning en ontwikkeling, reklame en toerisme te bevorder.⁵³

Dr. S.W. Kemp voormalige stads- en streeksbeplanner - en later hoofbeplanner-, bevestig dat daar deurentyd veranderinge aangebring is om ontwikkeling te stimuleer. So byvoorbeeld is in 1965 die afdelings Biblioteekdienste, Openbare Oorde en Natuurbewaring by bogenoemde drie afdelings gevoeg in een Komponent: Plaaslike Bestuur en Ontwikkeling met P.L. la Grange as hoof.⁵⁴

Volgens dr. Kemp wat in 1963 deur die Vrystaatse Administrasie as hul eerste stads- en streeksbeplanner aangestel is, was "Beplanning" gemoeid met

52. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêers 1/21/1 en 1/21/2.

53. Gesprek met dr. S.W. Kemp, 25.11.87. Vergelyk: UK-notule, min. 1393, 8/9.10.63. Die Administrateur-in-Rade oorweeg die instelling van 'n afdeling Beplanning en Reklame en die instelling van 'n Beplanningsraad; Die Volksblad, 29.04.64.

54. PR-notule, 02.02.65, p. 7. Gesprek met dr. S.W. Kemp, 25.11.87.

algemene streeksbeplanning. Dit het 'n baie wye veld gedek soos onder meer die beplanning van projekte wat weldra in die volgende hoofstuk aandag geniet. Terselfdertyd was daar oor 'n breë front skakeling met staatsdepartemente, ander provinsiale administrasies, plaaslike besture en vertakkinge van die Vrystaatse Administrasie.⁵⁵

Reklame het in hul sfeer - wat self 'n groot verskeidenheid aktiwiteite ingesluit het - waarskynlik groot baat gevind deur gebruikmaking van die tegniese beplanningsingesteldheid van die afdeling Beplanning. Laasgenoemde was benewens hul betrokkenheid by die opstel van toeristekaarte, ook gemoed met die beplanning van karavaanparke, 'n studie van toeristeoorde en so meer.⁵⁶

Hierteenoor het Reklame sy volle aandag gegee aan die reklamering van die Vrystaatse toeristepotensiaal en ander moontlikhede reg oor Suid-Afrika en "alle moontlike media van reklame" is benut om die aandag prominent op die Vrystaat gevestig te hou. Dit blyk dat hierdie afdeling dus alle inligting oor die Vrystaat ordelik byeen moes kry, koördineer en op sinvolle wyse deurgee aan die publiek by wyse van uitstallings by skoue, die verspreiding van films, toeristekaarte, bulletins, handleidings en brosjures. Dit het die koördinering van inligting ter verbetering van karavaanparke, openbare oorde, parke, ontspanningsgeriewe en ook die reël van toere behels.⁵⁷

Behalwe hierdie twee afdelings was daar baie mense en instansies by toerisme en die uitbreiding daarvan betrokke, vanaf die hoogste vlak tot bykans elke nederige Vrystater. Van die belangrikste in laasgenoemde verband sou skynbaar A.R.R.T.B.O., die vier streekskomitees en plaaslike

-
55. Gesprek met dr. S.W. Kemp, 25.11.87.
56. Vergelyk Die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Jaarboek en Dagboek [Hierna vermeld as O.V.S. Jaar- en Dagboek] 1965 en 1966, albei p. 43; Gesprek met dr. S.W. Kemp, 25.11.87. Vergelyk ook PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2. 'n Inligtingstuk getiteld "Karavaanparke", en Lêer 1/21/1 samewerking in laasgenoemde verband met die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde.
57. O.V.S. Jaar- en Dagboek 1965 en 1966, albei p. 43.

besture wees. Onder die voorsitterskap van die Administrateur het A.R.R.T.B.O. 'n samebindende en oorkoepelende rol gespeel.⁵⁸

Die deeglikheid van die werk wat gedoen is word, afgesien van 'n grootse bekendstellingsveldtog van toeristeeorde aan die media en hul reaksie daarop, nog verder onderstreep deur oorblywende bakens soos toeristekaarte, bulletins, brosjures en die aantreklike vertoonlokaal van die Vrystaatse Administrasie by die Bloemfonteinse Sentrale Skou.⁵⁹

Dit blyk dat daar algaande 'n groter professionaliteit in hierdie "strategie" ingebou is, wat ook na die oppervlak gekom het.⁶⁰

6.2 GROOTSE PLANNE

Gedurende 1964 het A.R.R.T.B.O. onder leiding van Du Plessis as voorsitter besluit om 'n toerismebevordering-simposium aan te bied. Die gedagte is aan 'n klein komitee deurgegee om die tema "hoflikheid teenoor die vreemdeling met die oog op toerismebevordering" uit te bou, sowel as die noodsaaklikheid van hulpvaardige, vriendelike en welwillende optrede teenoor die publiek deur amptenare. Die tradisionele vriendelikheid van die Vrystaat soos deur die Administrateur beklemtoon in talryke toesprake moes voortgesit word rondom die begrip dat die inwoners van die Vrystaat die provinsie se belangrikste bate was.⁶¹ Tradisie moes nie verlore gaan in 'n moderne lewe nie.⁶² Du Plessis het dus nie net as provinsiale leier aandag aan die

-
58. Soos dit hier voor en hierna in hierdie hoofstuk voorkom. Vergelyk PR-notule, 08.02.66, p. 7. Dank en erkenning het nie van Administrateurskant uitgebly nie. Vide infra p. 188.
59. Vergelyk agtereenvolgens Bylae H; Bylae I; O.V.S. Jaarboek 1963/64; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/4. J.C. Bok — die Administrateur, 05.06.68 en 07.05.69.
60. Vergelyk Supplement to The Friend, Caravanning in the O.F.S., 31.10.64; Die Oosterlig, 20.11.64. Hierdie Supplement to The Friend kan eweseer ingereken word by die bostaande paragraaf.
61. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/2; Die Volksblad, 30.10.64; J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit, Die Volksblad, s.d.
62. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit, Die Volksblad, s.d.

aan die nodige ontspanningsgeriewe gegee nie, maar sy mense oor wie dit per slot van rekening gegaan het, moes ook die voordeel daarvan geniet.

Behalwe dat Beplanning en Reklame met bogenoemde besig was, is voorbereidings getref om die media op 'n besigtigingstoer van die belangrikste besienswaardighede in die Vrystaat te neem. Dit was tyd om dit by wyse van 'n grootse media-reklamepoging onder die hele Suid-Afrika se aandag te bring en om die aandag van die potensiële toeris weg te lei van die beeld van grasvlaktes van die Vrystaat - wat ook sy bekoring vir veral buitelandse toeriste gehad het - na die klein Switserland van die Vrystaat in die Drakensberg-gebied, die Oranjerivierprojek met sy moontlikhede en die Goudveldgebied. Die potensiaal moes uitgelig word, weg van die gedagte dat fasiliteite net in die vlaktes van die middestreek bestaan het, iets wat eintlik noodgedwonge vanweë die ligging van die deurroetes afgedwing is.⁶³

6.3 'N VERANDERDE LEWENSPATROON

Toeriste moes tot stilstand kom in die Vrystaat.⁶⁴ Waar Du Plessis besef het dat paaië waarlangs die toeris beweeg het in 'n rybare toestand moes wees, het baie van die paaië terselfdertyd groot boerderybelange bedien en daarom het dit hoë prioriteit geniet. Die pogings om hierdie dinge tot groter finansiële voorspoed te ontsluit sou Du Plessis en sy Uitvoerende Komitee soms in die spervuur plaas. Die oningeligte het gevoel dat waardevolle geld vermors word. J.D. Marx bevestig dat die publiek nie altyd ingenome was met die idee dat geld op toeristepaaië spandeer word nie.⁶⁵ Soos dit weldra sal blyk, was daar ook enkele Raadslede wat hul misnoë uitgespreek het. Die waarderingsblyk van die plaaslike bestuur en stadsklerk van Bethulie, kort voor die uittrede van Du Plessis, verwoord dit funksioneel. Volgens hul vroeëre waarneming was daar oënskynlik min Vrystaters wat nie skepties gestaan het teenoor hierdie poging van Du Plessis nie.⁶⁶ Niemand het in sy wildste drome enige toeristepotensiaal vir die Vrystaat voorsien nie, "veral

63. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2; The Friend, 10.08.64.

64. Vergelyk PR-notule, 27.02.64, pp. 23-27; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2; The Friend, 15.03.65.

65. Vergelyk onderhoud met J.D. Marx, 13.11.86.

66. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Die stadsklerk, Bethulie - J.W.J.C. du Plessis, 04.07.69.

gesien teen die agtergrond van die ander drie Provinsies en juis hierin lê die grootheid van u onderneming".⁶⁷

By geleentheid het W.F. Wentzel aan Provinsiale Raadslede gesê dat mense eintlik in 'n groef verval het en onder die indruk was dat die administrasie net aandag aan die brood-en-botter-aspekte moes gee. Daar was sake soos natuurbewaring en ontspanning wat ook volgens die Grondwet en die Wet op Finansiële Verhoudings aandag moes geniet.⁶⁸ Du Plessis self het beklemtoon dat die begroting vanaf omstreeks 1965 hierin moes begin voorsien. Die moderne stedelike lewe het dit genoodsaak, veral toe talle instansies oorgegaan het tot 'n vyfdaagse werkweek.⁶⁹ Dit was byvoorbeeld in Bloemfontein 'n ongewone gesig toe talle werkers op 8 Augustus 1964 op die middestad toegesak het. Dit was winter en 'n besoek aan Maselspoort was sinneloos. Gevolglik blyk dit dat 'n "Mass exodus from the city seemed to aim itself towards the Roderick Polo Park",⁷⁰ waar die Suid-Afrikaanse polokampioenskappe aangebied is.⁷¹ Die moderne stadsmens of dorpenaar was op soek na gesonde vermaak. Dit was belangrik om werksroetine af te wissel.

Die Vrystaatse Administrasie het dit reeds in 1962⁷² in samehang met die regeringsbeleid besef.⁷³ In die later jare sou regeringsinstansies nog groter klem hierop lê en word dit bevestig deur dieselfde gedagterigtings van die vier provinsies in dié verband tydens administrateurskonferensies.⁷⁴

67. Ibid.

68. PR-notule, 27.02.64, pp. 23-25. Vide infra hoofstuk 7.

69. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/2; Die Volksblad, 11.11.64.

70. The Friend, 10.08.64.

71. Ibid.

72. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/4.

73. Vide infra hoofstuk 7, visvangs op Sondag.

74. Vergelyk samesprekings in verband met die noodgedwonge betreding van administrasies op die terrein van "Privaat inisiatief". Administrateurskonferensie: Voorsitter J.N. Malan, Administrateur van die Provinsie die Kaap die Goele Hoop [sic.], 27/28.09.66, vergelyk p. 54. Die nuwe benadering van regeringskant naamlik dat provinsies besondere aandag aan ontspanningsoorde gee, is sonder probleme aanvaar. Sekere praktiese implikasies moes egter uit die weg geruim word waarby die Departement van Beplanning ook betrokke was.

Tegelykertyd het noue samewerking met die Departement van Beplanning plaasgevind. Daar is selfs 'n simposium van owerheidskant in dié verband gehou.⁷⁵

Die nuwe lewenspatroon van die Vrystaters het waarskynlik daartoe bygedra dat die administrasie omstreeks 1967 daarvan beskuldig is dat die provinsie 'n groot agterstand op die gebied van natuurbewaring gehad het⁷⁶ en dat ander provinsies ver voor was. Dit is waarskynlik oordryf, want aandag is aan oorde en reservate gegee soos reeds aangedui. Die Golden Gate-grondgebied is teen groot koste deur die administrasie aangekoop en die paaie na die gebied was ook onder hul sorg. Met 'n klein begroting kon daar seker nie meer gedoen word nie. Luidens Du Plessis kon alles nie gelyktydig aangepak word nie. Die Administrateur-in-Rade was steeds nie bereid om die Vrystaat se fondse totaal uit te put nie.⁷⁷ Volgens dokumentasie was die ander provinsies ook nog ver van die ideale toestand, wat "natuurerfenisse" betref.⁷⁸

Die logiese stap is eerste deur die leiers van die Vrystaat gedoen, naamlik dat toerisme uitgebou is om die skatkis van die provinsie te versterk.⁷⁹ Terselfdertyd is stelselmatig aandag aan natuurbewaring gegee met die ideaal om uiteindelik die fauna en flora van bestaande reservate tot hul volle glorie van weleer te herstel, soos dit was voordat die mens met sy vernietigingspraktyke op die voorgrond getree het. Ook hierdie ideaal het die administrasie in die warm water laat beland.⁸⁰

Vandat die Jim Fouché en Willem Pretorius-oorde geopen is, het die gesamentlike besoekersgetal van 264 000 tot en met 31 Desember 1963 getoon dat die buitelugontspanningsbehoefte baie groot was. Sodoende is voortdurend aandag aan nuwe ontspanningsoorde gegee wat gelei het tot

-
75. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêers 1/21/1 en 1/21/2.
 76. Dit word verder bespreek in hoofstuk 7 onder natuurbewaring.
 77. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/2.
 78. Ibid., Lêer 1/21/9.
 79. Ibid., Lêer 1/9/2.
 80. Vergelyk hoofstuk 7, jagluipeerds.

oorlegpleging met staatsdepartemente oor 'n toeristeoord by die Hendrik Verwoerddam.⁸¹

7. STREEKSREKLAME EN PLAASLIKE BESTURE

Gedurende 1964 het Du Plessis dit beklemtoon dat plaaslike besture nie net aandag moes gee aan die gewone roetine van plaaslike bestuur nie. Die moderne samelewing het nuwe vereistes waaraan voldoen moes word, gestel. Die aandag wat die meeste plaaslike besture reeds aan reklamerings van hul dorpe gegee het, was 'n voorbeeld. Oor die algemeen is goeie beheer oor ontspanningsoorde wat onder hul beheer was, uitgeoefen. Terselfdertyd het daar reeds agt plaaslike besture om die gesogte Administrateurstrofee meegeding. Vele ander sou met genoë die jaar daarop gereed wees.⁸² Die grootte van 'n dorp of oord is nie as van belang beskou nie. Elk moes handel volgens sy "talente" en indien dit in balans daarmee en natuurlik ook "goed" was, was almal op dieselfde vlak.⁸³ Die geesdrif en sukses waarmee talle plaaslike besture hul ontspanningsoorde in orde gekry het, is later weerspieël deur die pers wat die Vrystaatse ontspanningsoorde op uitnodiging besoek het. Die enigste klag was skynbaar dat sommige besture in hul ywer om fasiliteite op te rig die geboue-beplanning beter kon doen. So was daar sporadiese gevalle waar badkamergeriewe verbeter kon word.⁸⁴

-
81. PR-notule, 25.02.64, p. 9. Vergelyk Die Volksblad, 08.10.65. Onderhandelinge ten opsigte van die aankoop van grond by die Erfenisdam naby Theunissen. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/2. 'n Hoë premie is op die ontwikkeling van oorde geplaas.
82. PR-notule, 25.02.64, p. 7. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/1. Die eerste beoordeling het in Januarie 1964 plaasgevind.
83. Gesprek met dr. S.W. Kemp, 25.11.87. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/1. Volgens Du Plessis is hierdie beker uitgeloof aan die munisipale oord wat volgens die beoordelingskomitee "die beste geriewe en dienste op die beste wyse voorsien". Benewens verbetering was dienslewering ook van belang. Terugvoering aan die administrasie ten opsigte van die geslaagdheid van 'n oord was van belang sodat standarde voortdurend verbeter is.
84. Vergelyk Supplement to The Friend, 31.10.64; Rand Daily Mail, 31.10.64.

Andersins kon die paaie weg van die hoofroetes - waaroor daar klagtes was - ook verbeter word. Die belofte is van die administrasie verkry dat dit teen 1966/67 veel beter sou wees.⁸⁵

7.1 'N SPANPOGING

Du Plessis het daarin geglo om die samewerking van kundiges te verkry ter uitbouing van die provinsie. Dit het ook gegeld vir die hantering van plaaslike bestuursaangeleenthede. Ekonomiese lewensvatbaarheid was slegs moontlik deur die interafhanklikheid tussen die individu en sy plaaslike bestuur te bevorder, maar ook op administratiewe vlak. In ruil vir samewerking kry die individu dienste en leiding van bo af. Terselfdertyd kon die posisie van plaaslike gemeenskappe verbeter word deur groter belangstelling van Provinsiale Raadslede, wat uit die aard van hul posisie kennis van die behoeftes van hul omgewing gehad het en op hierdie wyse waardevolle dienste kon lewer.⁸⁶

8. PLATTELANDSE GEMEENSAPPE

Du Plessis het as Administrateur nie net 'n lewendige belangstelling in plaaslike besture getoon nie, maar ook in die boeregemeenskap en het hulle as sodanig baie belangrik geag en simpatie met hul probleme gehad. Soos reeds gesien het die administrasie alles in sy vermoë gedoen om skole, koshuise en hospitale op die platteland aan die gang te hou en om verdere agteruitgang te stuit. As provinsiale leier het hy uit sy pad gegaan om hul belange te bevorder deur sy pogings om aan hul dorpe die beste fasiliteite moontlik te help bekom en om nywerhede, waar toepaslik, aan te lok deur beplanning en verbetering van die infrastruktuur.⁸⁷ Hy het boere ook telkens tydens talle skoutoesprake gemaan om tot langtermynbeplanning oor te gaan.

85. Vergelyk Daily Dispatch, 11.11.64. Vergelyk ook: Beter paaie nodig vir die baie toeriste, in Die Volksblad, Briewekolom, 16.06.64. Dië leser het die pogings aangewend egter as lofwaardig beskou; The Friend, New road to Golden Gate, 21.11.69.
86. PR-notule, 28.02.61, p. 7. Dit kom duidelik na vore in verskeie hoofstukke.
87. Vergelyk hoofstukke 2, 5, 6, 7 en onderhoude met prof. P.C. Fourie, 27.04.87; dr. J. de Beer, 15.07.87, PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêers 1/9/2 en 1/9/4; Erkenning deur die Vrystaatse Landbou-organisasies, hoofstuk 6.

Persoonlik het hy die landboubedryf as volg getakseer: Landbou bepaal "die wel en weë van baie nasies Waar voldoende voedsel geproduseer word, vind ons welvarende en gelukkige gemeenskappe. Ook hier in die Oranje-Vrystaat mag ons nie die belangrikheid van die landboubedryf [as industrie] vir die provinsie en sy inwoners onderskat nie. Naas die goudmynbedryf is die landbou nog die belangrikste bedryf in ons provinsie".⁸⁸ Du Plessis was daarop ingestel om gemeenskappe te motiveer om tot eie gemeenskaplike ekonomiese heil saam te werk. Hy het die Suid-Vrystaatse Elektrisiteitsvoorsieningskema as 'n lofwaardige projek beskou. Dië gemeenskap het hierdeur bewys gelewer dat gekoördineerde optrede positiewe voordele bied. Hierdie poging het gelei tot elektrisiteitsvoorsiening teen 'n wins, wat vroeër, toe elke dorp probeer het om sy eie krag op te wek, op individuele verliese uitgeloop het.

In hierdie eenvoudige voorbeeld het hy "n sprekende bewys dat samewerking bevorderlik is vir die ontwikkeling van 'n streek [geviñd]. Voorspoed is aansteeklik. Die man wat homself help sal ook weer gehelp word".⁸⁹

Ekonomiese voorspoed moes ook op provinsiale vlak verkry en ingespan word tot voordeel van die gemeenskap en volk net soos die regering op sentrale vlak ten opsigte van die Oranjerivierprojek besig was om te doen. Du Plessis het dit voorgelou as 'n goeie voorbeeld van gesonde makro-beplanning deur die koördinering en implementering van bevindings en aksies. In dië verband het hy op die voordeel van die samewerking tussen die regering se deskundige advieskomitee en die kabinetskomitee gewys. Deur die koördinering van alle fasette kon hulle betyds besluit om die twee Oranjerivierprojek-damme te vergroot sodat onder andere meer krag opgewek sou word.

In die lig hiervan het die Administrateur versoek dat die gemeenskap moes saamstaan om dië kragpotensiaal in die toekoms te benut. "Ek wil pleit vir samewerking en welwillendheid op elke vlak." Die landbou het volgens sy beskouing beslis ook by ontwikkeling gebaat.⁹⁰

88. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/1; Die Volksblad, 10.02.62.

89. Ibid., Lêer 1/9/2.

90. Ibid.

8.1 LANDBOUTENTOONSTELLINGS: REKLAME EN TOERISME

Die vertoonvenster van die landbou was die jaarlikse skou wat 'n hoogtepunt vir die landbouer was. In die vroeër jare was dit nie juis veel meer as die vertoon van landbouprodukte aan die medeboer en dorpenaar nie. Moderne wetenskaplike ontwikkelings het daartoe gelei dat 'n skou sonder 'n nywerheids- en handelsafdeling uitgedien was. Die moderne skou was daar vir die boer om in pas te kon bly met moderne ontwikkelingstendense en om op 'n wetenskaplike basis te kompeteer. Dit was 'n plek om te ontspan en terselfdertyd 'n geleentheid waar boere, handelaars, nyweraars, plattelanders en dorpenaars gesellig met mekaar kon verkeer en hul kennis kon verruim.⁹¹ Die gesonde kontak tussen groepe het deur sulke geleenthede uitgekring op streeksvlak tot voordeel van die gemeenskap. Terselfdertyd moes die reklamewaarde en ontspanningsvoordele wat skoue gebied het, nie uit die oog verloor word nie.

Tot omstreeks 1963 was daar volgens Du Plessis nog veel ruimte vir verbetering van reklame om dorpe op die voorgrond te plaas in 'n wyer verband as net die plaaslike vlak. Hy was van mening dat dorpe en streke beter reklame moes verleen aan hul kultuur-historiese skatte om besoekers te lok.⁹² Die reklame-moontlikhede wat tentoonstellings gebied het om gemeenskappe aan die buitewêreld bekend te stel, moes nie versmaai word nie. Dit sou ekonomies die moeite werd wees, op plaaslike sowel as nasionale vlak.

91. Ibid., Du Plessis het die vermoë gehad om mense in die besonder te inspireer soos dit deur korrespondensie bevestig word. Dit het ook by boere inslag gevind. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/1, Chris Callender-Easby - J.W.J.C. du Plessis, 02.05.61. Volgens sy waarneming het talle mense die openingstoespraak van Du Plessis by die skou te Christiana as van die beste wat hulle nog gehoor het, bejeën. "Ek het nie een woord van waardering gehoor van u toespraak nie, maar baie, baie. Dit was so reg in ons boere se kraal gewees, iets wat ons kan verstaan en waardeer."

92. Vergelyk Die Volksblad, 12.10.64. Boshof; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/1.

Die natuurlike nuuskierigheid van die buitelandse besoeker om kennis te maak met die doen en late van mense moes benut word. Hierdie belangstelling kon bevorder word deur 'n gekoördineerde program wat 'n reeks klein tentoonstellings, afgewissel met hooidae, vrugtefeeste, boeredae, mielie- en koringfeeste, natuurbewaringsdae en selfs tradisionele boerebraaivleisfunksies, ingesluit het. Op die wyse sou 'n sinvolle bydrae deur gemeenskappe gemaak kon word tot die administrasie se pogings om toerisme op gekoördineerde streeksgrondslag te bevorder.

Skouorganiseerders van die Vrystaat kon bogenoemde aanbiedings geredelik koördineer en die samewerking van elke publieke lid verkry om sukses te verseker. Hierdie pogings kon dan uitloop op vier finale byeenkomste van die vier reklamestreke. Daarna kon dit eindig in 'n groot saamtrek tydens die Sentrale Skou in die Vrystaatse hoofstad.⁹³ Dit blyk 'n baie goeie gedagterigting te wees aangesien die publiek moeg was vir die gewone roetine en "die haas eindelose duplisering van tentoonstellings van dorp tot dorp". Dit kon in alle opsigte as 'n "gesonde ontwikkeling" verwelkom word.⁹⁴

In aansluiting by die gedagte om van toeriste, veral buitelandse toeriste se nuuskierighedsdrang gebruik te maak om kennis te maak met "ons" besondere leefwyse, veral op die platteland, wat maar selde die geleentheid daartoe gebied het,⁹⁵ het A.R.R.T.B.O. aanbeveel dat 'n aantal boere hiervoor ingespan word. Hulle was dadelik bereid om toeriste in die geleentheid te stel om hul plase te besoek. Hierdie "toeristepfase" en selfs ook die jagplase wat hieruit voortgespruit het, is toe in toeriste-toerprogramme ingesluit.⁹⁶

Alle persone en partye moes volgens Du Plessis, die Uitvoerende Komitee en A.R.R.T.B.O. se beleid saamwerk vir die ekonomiese heil van hul provinsie, vanaf die Provinsiale Raadslid tot die dorpsbewoner of die boer, sodat "n hoë morele en sedelike standaard in die lewe van die inwoners van hierdie

93. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/2. Vergelyk Die Volksblad, 20.02.63. Vergelyk hoofstuk 5, Reklamering van die Vrystaat, p. 213.

94. Vergelyk Die Volksblad, 03.07.62.

95. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/5.

96. Ibid., Lêer 1/21/2.

provinsie gehandhaaf sal word".⁹⁷ Volgens Du Plessis het die gesonde wisselwerking tussen die dorps- en boeregemeenskap gelei tot diensbaarheid aan die provinsie.⁹⁸

Du Plessis en die Uitvoerende Komitee se pogings het uit die beskikbare inligting en ook blykens korrespondensie duidelik vrugte afgewerp. Die talle briewe wat Du Plessis en sy eggenote, Martie, ontvang het as erkenning van hul dienste en hy as Administrateur vir verbeeldingryke projekte wat aangepak is en veral ook op die gebied van toerisme, was seer sekerlik vir die Administrateurspaar 'n groot bron van inspirasie vir hul tweede skof. Dit blyk dat die Vrystaatse koerante reg was met hul verwysing na Du Plessis as "ons administrateur". Byna elke brief of telegram sedert die Du Plessis-egpaar se eerste aanstelling, reflekteer dieselfde sentiment en trots, en eer Du Plessis vanweë sy integriteit en vermoë om dit wat hy aanpak suksesvol deur te voer.⁹⁹ Luidens die redakteur van Die Volksblad: "Soos dit 'n nougesette bestuurder pas, het hy probeer verbeter en vernuwe in elke afdeling van die provinsiale aktiwiteit".¹⁰⁰

Oud-rector H.B. Thom het tydens Du Plessis se aanstelling twee groot waarhede beklemtoon: Du Plessis se aanstelling was nie net 'n waardige erkenning van dienste aan volk en vaderland nie, maar 'n nuwe pad om dit in belang van sy provinsie verder te voer asook vir Suid-Afrika. Hy moes egter ook bedag wees op die waarskynlikheid van minder voorspoedige dae vir die Administrateurspaar. Hy het Du Plessis verseker dat hulle nie in hul voorbidding vergeet sou word nie.¹⁰¹

Wanneer die werkswyse van Du Plessis ontleed word, is dit duidelik dat hy toenemend aan die verwagtinge voldoen het. Hy was nie net met toerisme besig nie, maar het inderwaarheid die belange van sy hele volk gedien en

97. Ibid., Lêer 1/9/2.

98. Ibid., Lêer 1/9/1.

99. Ibid., Lêers 1/1/1 en 1/1/2. Vergelyk die besondere huldigingsblyke van Die Volksblad en The Friend, beide 21.09.64. Vide infra hoofstukke 5 en 8.

100. Die Volksblad, 21.09.64.

101. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/1/1, Prof. H.B. Thom - J.W.J.C. du Plessis, 18.01.60.

hulle tot hoër hoogtes aangespoor op stoflike en geestelike gebied. Sy mense moes paraat wees.¹⁰²

Dit hou verband met die beskouing wat prof. P.C. Fourie van Du Plessis huldig, sy mense moes byderwets wees en hy het hulle daartoe aangespoor; of dit nou 'n klein dorpie, groot dorp, of 'n stad was.¹⁰³ Hy het selfs verder gegaan en te Colesberg en Venterstad tydens toesprake by skoue gesê dat streeksbelange in die nasionale belang uitgebou moes word.¹⁰⁴ Du Plessis het probeer om soveel moontlik Vrystaatse dorpe te besoek voor die einde van sy eerste termyn.¹⁰⁵ Op die wyse het Steynsrus - om een voorbeeld te noem - sy aanmoediging en gelukwensing met hul pogings om hul skou te verbeter, geniet. Hul pragtige samewerking het hy aan hulle gesê, moes as voorbeeld uitkring oor Suid-Afrika.¹⁰⁶

9. SUKSES

9.1 DIE REKLAMETOER

Soos reeds bespeur, het die Vrystaatse Administrasie hom gereed gemaak om die Vrystaat "in an all out campaign"¹⁰⁷ dwarsoor Suid-Afrika beter bekend te stel en te verkoop by wyse van 'n grootse reklametoer. Dit sou waarskynlik ook die grootste toets wees vir al die voorbereidingswerk wat gedoen is met die oog op reklamering van die Vrystaat, afgesien van die waardevolle werk wat voorheen by skoue en dies meer in Suid-Afrika gedoen is.¹⁰⁸

102. Ibid., Lêer 1/21/2.

103. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87. Die feit dat 'n reklamekonsultant se dienste bekom is, tesame met die talle oorsese sendings lewer voldoende bewysgronde hiervoor. Vergelyk p. 158 en voetnoot nr. 111, p.173.

104. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêers 1/9/1 en 1/9/2.

105. Die Volksblad, 02.11.63. Teen die einde van 1963 het Du Plessis volgens dié bron reeds byna sestig Vrystaatse dorpe besoek.

106. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/2.

107. Vergelyk Natal Witness, 05.11.64.

108. Vide supra pp. 161 en 162.

Die toerreëlings is getref onder die leiding van die Administrateur, A.R.R.T.B.O., dr. Kotzé die sekretaris van A.R.R.T.B.O. én hoof van die afdeling Reklame, asook die vier toeristestreeksorganisasies.¹⁰⁹ Terselfdertyd is die samewerking van Rondalia - die reisagentskap - wat 'n aantal voertuie voorsien het, verkry.

Die aanbieding van die toer het gepaard gegaan met al die voormelde toeriste-ideale van die administrasie. Du Plessis het hierdie doelstellings kortliks tydens die onthaal van die persgroep herhaal en beklemtoon dat die toeristeverkeer ook na die Vrystaat gekanaliseer moes word in stede daarvan om verby te ry; toeriste moes ingelig word van wat die hartland van die Vrystaat op die gebied van fasiliteite en natuurskoon bied. In aansluiting hierby moes die pers Suid-Afrika eerlik hieromtrent inlig.¹¹⁰ Waar hierdie onderneming - voorbereiding van oorde en die toer - die administrasie waarskynlik heelwat uit die sak gejaag het, is die voor- en nadele sekerlik vooraf baie goed teen mekaar opgeweg.¹¹¹

Die finale gevolg was dat A.R.R.T.B.O. radio- en persvertegenwoordigers van oor die hele Republiek uitgenooi het om die besigtigingstoer van die Vrystaat mee te maak. Op 19 Oktober 1964 het een-en-twintig gaste op 'n "bedevaartstoer" onder die geesdriftige leiding van dr. W.D. Kotzé vertrek.¹¹²

Die toerlede is bekend gestel met die natuurskoon van Golden Gate, die Van Reenen en die Mount-Aux-Sources gebiede.¹¹³ Hierbenewens het dit opgeval dat daar goeie verblyf-fasiliteite, swembaddens, sportfasiliteite, kampeergeriewe en restaurante beskikbaar was. Waar die kleiner oorde minder hier=

109. Vergelyk The Rand Daily Mail, 29.10.64; Die Transvaler, 24.10.64.

110. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2. Hartland van Suid-Afrika sou nie onvanpas wees nie.

111. Vergelyk Rand Daily Mail, 29.10.64; Daily Dispatch, 11.11.64; UK-notule, min. 973, 24/25/26.06.64 en The Star, 08.10.64. Die firma Handley en Le Roux het as reklamekonsultante van die O.V.S.-Administrasie 'n fooi van R6 000 per jaar vir twee jaar agtereenvolgens ontvang.

112. Vergelyk Natal Witness, 26.10.64; Die Transvaler, 24 en 26.10.64; Rand Daily Mail, 29.10.64.

113. The Star, 08.10.64.

van gebied het, het die natuurskoon by plekke soos Ladybrand en Ficksburg daarvoor vergoed. By die groter oorde soos diê te Bethlehem, Kroonstad en Parys¹¹⁴ wat swakker daaraan toe is op laasgenoemde gebied, is daar ruimskoots vergoed met 'n besondere reeks fasiliteite.

Ander plekke van belang wat besoek is, was die Jim Fouché-oord en die Willem Pretorius-reservaat en oord wat beide die trots van die administrasie was. Daarbenewens was daar ook nog die Verwoerddam-gebied wat in die toekoms ontwikkel sou word.¹¹⁵ Uiteindelik is altesaam negentien oorde besoek waarna die groep op 22 Oktober te Maselspoort deur die Administrateur en medewerkers onthaal is. Volgens Du Plessis was hulle nog glad nie by die einde van hul planne nie.¹¹⁶

Die toer wat oor 'n afstand van 'n 1 000 kilometer en meer gestrek het,¹¹⁷ sou

114. Daily Dispatch, 11.11.64, ten opsigte van Parys. Parys wat volgens oorlewering op 'n stadium veel te wense oorgelaat het, het toe een van die beste oorde gehad. Vergelyk Die Transvaler, 24.10.64.
115. Rand Daily Mail, 29.10.64.
116. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2. Vergelyk Die Volksblad, 08.10.65 en The Friend, 08.10.65 ten opsigte van inligtingskajuite langs paaie, kleurskyfies van besienswaardighede in elke streek, skakelkomitees in dorpe om toeriste van inligting te voorsien, UK-notule, min. 873, 25.07.67. Ster Films sou 'n rolprent oor die Vrystaat "Ontspan in die Binneland" versprei. Insgelyks sou 'n film "Inland Holiday Resorts" op die posbote van Castlemarine vertoon word.
117. Volgens twee bronne, die Rand Daily Mail, 29.10.64 en die Daily Dispatch, 11.11.64 is 'n afstand van rondom 1 000 tot 1 440 kilometers afgelê. Volgens Die Transvaler, 24.10.64 was dit 1 600 kilometers, terwyl die Natal Witness, 26.10.64, 2 080 kilometer oor ses dae vermeld. Laasgenoemde het waarskynlik die heen- en terugreis na Natal bygereken. Volgens die Rand Daily Mail het die toer oor vier dae gestrek. Dit korreleer met die beskikbare datums. Die toer het op 19 Oktober begin en Du Plessis het dit by wyse van sy toespraak op 22 Oktober te Maselspoort afgesluit. Alles in ag genome kom dit voor of eersgenoemde bron eerder op die "Inner Circle" soos in Bylae J gekonsentreer het. Die mees korrekte antwoord blyk tussen 1 400 en 1 600 kilometer te wees.

volgens skatting drie weke en meer van 'n toeris onder normale omstandighede in beslag neem. By die voltooiing van die Verwoerdoord sou die Vrystaat volgens waarneming van die toerlede hoogs kompetierend teenoor die Transvaal met sy Kruiroete wees.¹¹⁸

9.2 ERKENNING

In die weke daarna het die pers dwarsoor Suid-Afrika verslag gelever. Wanneer hierdie stroom berigte bekyk word, blyk dit dat Du Plessis en sy administrasie iets ongeëwenaards vir die Vrystaat vermag het: "So this is the new Orange Free State, forging ahead with industry and commerce, but not letting pass the rich fruits which tourism promises to offer up this year and in many years to come".¹¹⁹ Feitlik elke Afrikaans- of Engelstalige koerant het op liriese wyse hul indrukke weergegee. 'n Beter advertensie kon geen administratiewe of munisipale oord wat besoek is, kry nie. Dit was ook 'n bewys van die ware toeristepotensiaal waaroor die Vrystaat beskik het. Lang berigte, propvol inligting en interessantheide oor die Vrystaat se toeristepotensiaal, het die lig gesien.

Natal Witness se verslaggewer skryf onder meer: "These are just a few random expressions that remain after six days of motoring through the previously unfamiliar Free State",¹²⁰ waarna hy dan kortliks sy indrukke weergee as iets wat onvergeetlik was. Hy was skynbaar aangenaam verras met wat hy gesien het: "Believe me, those attractions are, to use a colloquialism, 'quite something'".¹²¹

Raymond Louw skryf: "Whoever heard of going to the Free State for a holiday? Backed by the Administrator ... J.W. 'Sand' du Plessis, a team of the province's most tourist-conscious people have formed four regional committees to do everything possible to get people to spend their holidays in the Free State".¹²² Eersgenoemde was van mening dat die Vrystaat die voorste gestoeltes ingeneem het bo al die ander provinsies. Dit sou die moeite werd wees vir toeriste om by 'n paar plekke in die Vrystaat oor te bly

118. Rand Daily Mail, 29.10.64.

119. Daily Dispatch, 11.11.64.

120. Natal Witness, 26.10.64.

121. Ibid.

122. Rand Daily Mail, 29.10.64.

of selfs beter, as hulle die "Inner Circle" van 960 kilometer van die mees aantreklike landskappe sou besoek " - and it is packed with tourist bait".¹²³

9.3 DIE VRYSTAAT IN BEROERING: SIMPOSIUM EN REGATTA

Dit blyk dat die Vrystaat letterlik in beroering gebring is op die gebied van toerismebevordering. Kort na afloop van die reklame-toer is die eerste Vrystaatse toeristesimposium van formaat op 30 en 31 Oktober 1964 in Bloemfontein aangebied. Dit is bygewoon deur honderde mense van oor die Vrystaat. Verskeie referate is deur gesaghebbendes op die gebied van toerisme aan kongresgangers voorgedra. In sy openingstoespraak het die Administrateur beklemtoon dat die moderne stedelike lewenswyse niks anders as 'n bondgenoot ter bevordering van die buitelig-lewe en toerisme is nie. Die primêre taak van die Vrystaters sou wees om die bates waaroor elke gebied beskik het, so aantreklik as moontlik aan te bied. Dit kon ten beste benut word deur langtermyn-beplanningsprojekte.¹²⁴

Ten tye van die toeristesimposium was die Allemanskraaldam-gebied waar voorbereidings getref is vir die Suid-Afrikaanse kampioenskapsbyeenkoms van 144 seiljagte wat van 1 November tot 8 November sou duur, ook in rep en roer. 'n Tentedorp is spesiaal deur die administrasie vir die naastenby 500 deelnemers opgerig. Dit was die eerste keer wat hierdie byeenkoms by die Allemanskraaldam,¹²⁵ wat gereken is as die toekomstige mekka van beide seiljag en resiesboot-entoesiaste, aangebied is.¹²⁶ Dit het beslis in die kraam van die administrasie gepas en was klaarblyklik reklame op 'n

-
123. Ibid. Vergelyk Bylae J, Die "Inner Circle".; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/1. Volgens Du Plessis sou daar in die toekoms vier hoofpunte wees, naamlik Allemanskraal, Golden Gate, die Oranjerivier en die Vrystaatse Goudvelde, met die ander tussenin.
124. Ibid., 30.10.64. Vergelyk The Friend, 31.10.64. Volgens UK-notule, min. 1653, 3/4.11.64 het die UK hul waardering uitgespreek vir die betrokkenheid van die Administrateur en amptenare. Die kongres is as baie geslaagd beskou.
125. Vergelyk Die Volksblad, 24.10.64 en 31.10.64.
126. The Star, 08.10.64.

skinkbord. Die besondere moeite wat die administrasie aangegaan het ten opsigte van tydelike en uitstekende permanente geriewe, het slegs die hoogste waardering by besoekers uitgelok. Die Vrystaat het daarin geslaag om sy gaste stylvol te onthaal.¹²⁷

Al die voorafgaande gebeure en suksesse het waarskynlik daartoe bygedra dat dr. Kotzé - wat intens gemoeid was met toerisme - op 20 November 1964 aan die Rotariërs kon sê dat die Vrystaat danksy die persoonlike inisiatief en ywer van die Administrateur, "nou gereed is om selfs die mees kieskeurige toeris te ontvang".¹²⁸

9.4 GEKOÖRDINEERDE POGINGS EN GEESDRIF

Een van die eerste resultate van die nuwe beleid het gerealiseer toe die Wes-Vrystaatse Streeksreklamevereniging 'n tweedaagse fees te Boshof, waar dertien dorpe saamgetrek het, aangebied het.¹²⁹ In sy toespraak het Du Plessis die historiese waarde van die nabygeleë slagvelde vir die toeris beklemtoon. RSA Leerstafhoof, P.J. Jacobs, was 'as gasspreker en oud-boorling van Boshof verheug oor die ontwaking van die Wes-Vrystaat en oor die trots wat hulle in hul eie potensiaal ontwikkel het. Volgens Jacobs kon hulle daardeur aan buitelandse toeriste toon dat Suid-Afrika reg laat geskied aan die selfstandige ontwikkeling en menswaardigheid van elke volksgroep.¹³⁰

Du Plessis het hom en sy administrasie verbind om alles in hul vermoë te doen om die Wes- en Suid-Vrystaat tot hul reg te laat kom. Hy het hulle ook nie in sy beskrywing van die Vrystaatse natuurprag vergeet nie; hulle het immers die potensiaal van die P.K. le Roux-dam, mineralebronne en ook die soutpanne met 'n eie bekoring gehad wat die ryke natuurverskeidenheid van die Vrystaat beklemtoon het.¹³¹ Die Wes-Vrystaters het met nuwe oë rondgekyk en

127. Die Volksblad, 31.10.64; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/18/2. Vergelyk The Friend, 19.11.64. Dié koerant het die Vrystaters as gelukkige mense geag wat sulke fasiliteite soos die Allemanskraal-dam gehad het wat in die besonder in die vermaaklikheidsbehoefes van die Goudvelders kon voorsien.

128. PV 73, dr. W.D. Kotzé, Lêer 3/1/1/1.

129. The Star, 08.10.64.

130. Die Volksblad, 12.10.64; The Friend, 10.10.64 en 12.10.64.

131. PV 772; J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/1. Vergelyk PR-notule, 21.02.67, p. 9.

was van mening dat die Krugersdriëdam as oord tot hul voordeel ontwikkel moes word.¹³²

Ook ander streke en dele het aan die werk gespring. Du Plessis self het talle besoeke in die provinsie afgelê om die projek te bevorder. Hy was beïndruk met die pogings wat aangewend is. Of dit Winburg, Kroonstad, Welkom, Virginia, Parys, Bethlehem of waar ookal was, het by hom geen verskil gemaak nie. Eersgenoemde was vir hom nie te onbelangrik om hulle op uitnodiging in 1963 te besoek nie, en hy het hulle gelukkig met die uitbouingsproses wat op Winburg aan die gang was. In die lig van die toename in verkeer sou 'n begin met goeie dienslewering veel bydra om van 'n mooi dorpie 'n stilhouplek te kon maak.

Die uitgebreide verfraaiing van die gebied langs die Valsrivier in Kroonstad het hom duidelik geïmponeer. Die administrasie het soveel vertroue in die voorbeeld van Kroonstad gestel dat hulle die bedrag van R341 327 vir 1960/61, ten opsigte van uitgawes aan paaie, hospitale, onderwys en brûe in 1963/64 na R1 129 700 opgeskuif het. Sedert 1947 het die administrasie R162 000 aan lenings toegestaan vir ontwikkelingsprojekte by dié oord, waarvan om en by R127 000 in die loop van die vroeë sestigerjare tot 1964/65 toegestaan is.¹³³

132. Die Volksblad, 27.05.64.

133. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/1. Vergelyk Die Volksblad, 22.10.65 en PR-debatte, 14.02.66, pp. 68 en 69. Du Plessis en die Uitvoerende Komitee op besoek in die kiesafdeling van P.W. Nel, LPR (Winburg). Benewens die Sand-Vet-nedersetting, is ook 'n besoek afgelê by die Hoërskool Theunissen en die plaasskooltjie by Theron. Hierdie welwillendheidsbesoek deur genoemde persone en amptenare het net waardering by Nel uitgelok. Dit het waarskynlik daartoe bygedra dat laasgenoemde hierdie persone kon gelukkig met die gesonde administrasie van die provinsie. Dit strook met die belangstelling wat die administrasie ooreenkomstig die beleid van die Administrateur, die UK en senior amptenare in plattelandse gemeenskappe moes toon. Ondersoek was belangrik omdat die behoeftes van diegene hoog aangeslaan is, al sou daar nie altyd veel van kom nie. Vergelyk onderhoude met dr. S.W. Kemp, 30.11.87 en P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.

Tydens die reklametoer het die burgemeester van Bethlehem, P.A. Laesecke, 'n man met vergesigte aldus die Daily Dispatch, op 'n vraag van die verteenwoordiger van die koerant gesê dat dit aanvanklik 'n stryd was om die belastingbetalers te oorreed,¹³⁴ "but now they see the fruits they are pleased. Loch Athlone pays its way but the earnings do not cover the capital outlay, of course. Bethlehem does not worry about that.' It is making money from the thousands of tourists who visit their town annually".¹³⁵ Tydens die ontwikkeling van Loch Athlone het die plaaslike bestuur R300 000 spandeer en die administrasie het 'n verdere R200 000 as lening toegestaan.¹³⁶

Du Plessis en sy Uitvoerende Komitee kon met voldoening toekyk hoe vele ander Vrystaatse dorpe ingeklim het om hul toeristepotensiaal te verbeter. Die Administrateur se visioen en pogings om 'n klaarblyklike stroom van 85 000 toeriste en meer wat deur die Vrystaat beweeg het te stuit, het waarskynlik sy en andere se stoutste verwagtinge oortref.¹³⁷ Sy aandeel wat Bethlehem betref, word deur 'n brief van die destydse stadsklerk in opdrag van die burgemeester, P.A. Laesecke, bevestig. Die stadsraad het Du Plessis eerstens met sy tweede termyn gelukkigewens. Hulle "weet" die sake van die provinsie was in goeie hande en 'n beter aanstelling kon nie gemaak word nie.¹³⁸ Hulle het Du Plessis ook bedank vir sy "leiding ... in die Vrystaat en buite die grense van ons provinsie" en vir sy "onverdrote arbeid en onbaatsugtige diens ...".¹³⁹

134. Daily Dispatch, 11.11.64.

135. Ibid.

136. Ibid.

137. Vergelyk ook die Daily Dispatch, 11.11.64. Die strewe van Du Plessis was om vir die Vrystaat 'n deel van die R100 miljoen wat na verwagting in 1965 deur 250 000 buitelandse toeriste in die R.S.A. spandeer sou word, te bekom.

138. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/1/2, J.M. van Zyl - J.W.J.C. du Plessis, 22.09.64. Die toeristegetal van ongeveer 85 000 in 1961 was volgens die skatting van die Administrateur toeriste wat vanaf ander Afrika-state deur die Vrystaat op pad na Suid-Afrikaanse strandgebiede gereis het. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versameling, Lêer 1/21/2.

139. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/1/2, J.M. van Zyl - J.W.J.C. du Plessis, 22.09.64.

Ten slotte het hulle dit belangrik geag om "baie, baie dankie te sê vir die uiters simpatieke behandeling wat Bethlehem nog altyd ... ontvang het ...".¹⁴⁰ Hul harte het warm geklop jeens die Du Plessis-egpaar en hulle het die du Plessis's verseker van hul troue steun.¹⁴¹ Volgens die stadsklerk, was Bethlehem se gemeenskap nog glad nie klaar om reklame aan die dorp te verleen nie. Lede van die Bethlehemse publiek sou versoek word om die dorp se besienswaardighede onder die aandag van toeriste te bring.¹⁴² Dit was ook elders in die Vrystaat die praktyk. Die voorbeeld van die Oos-streek het gou uitgekring soos bewys deur die groot Riemlandse Kultuurfees in Oktober 1965, wat waarskynlik gestrook het met Du Plessis se gedagte dat meer as net tentoonstellings en toeristefasiliteite aangebied moes word. Die voorsitter van die Riemlandse Gebiedskultuurraad, J.C. Steenkamp, het gesê dat hulle met dië byeenkoms ingestel was om "ons eie" te eer en geestelike agteruitgang te beveg.¹⁴³ Kulturele bande is versterk, 'n aspek waarvoor die administrateurspaar baie groot ywer aan die dag gelê het.¹⁴⁴

Benewens die ekonomiese sy van toerisme is dit opmerklik dat die inwoners van die Vrystaat in hul voorbereiding om toeriste te ontvang voortdurend aangespoor is om saam te werk; hetsy op streeksvlak of by wyse van feesgeleenthede of selfs individuele pogings. Dit het daartoe gelei dat die Vrystaters opnuut om hulle moes kyk na hul eie kulturele moontlikhede om die lewe vir hulsêlf maar ook vir die besoeker en veral die buitelandse toeris opwindend te maak.

Vanweë die besondere aandag wat by vernuwung aan die kultuur-historiese erfenis gegee is, het SUKOV'S as kultuurorganisasie meer betrokke geraak en 'n verrykende bydrae gelewer in belang van die gemeenskap. Volgens die herinneringe van dr. Z.J. Pretorius, voormalige lid van die Raad van Direkteure van SUKOV'S en Inspekteur van Skole, het SUKOV'S baie goed ingeskakel by feesprogramme. Op 'n stadium het SUKOV'S 'n skakelbeampte op Bethlehem gehad wat die organisasie aktief gereklameer het by toepaslike

140. Ibid.

141. Ibid.

142. Die Volksblad, 06.10.65.

143. Ibid.

144. Net soos in geval van toerisme is daar ook op streeksvlak besondere aandag aan die Uitvoerende Kunste gegee. Du Plessis het hier 'n besondere bydrae gelewer. Vergelyk hoofstukke 5 en 8.

geleenthede. Met samewerking van SUKOVŠ is skoliere byvoorbeeld betrek by die Fees van die Grond. Kunsuitstallings is gereël, en dies meer. Hierdie nuwe benadering is inderwaarheid deur die uitbouingsproses van toerisme wat 'n samehorigheidsgevoel bevorder het, gestimuleer. Dit het groter byval by die publiek gevind as die geykte gebruik van ellelange toesprake.

'n Ander gevolg was dat die proses van kultuurbevordering inderwaarheid omgekeer is. In stede daarvan dat dit divergerend op spesifieke terreine bevorder is, is dit ook op konvergerende wyse tot die algemene publiek gebring.¹⁴⁵

Die wyse waarop beide toerisme en SUKOVŠ deur die publiek aanvaar is, het die Administrateur opgeval en hy het gewag daarvan gemaak in sy nuwejaarsboodskap vir 1964.¹⁴⁶ "The formation of the Performing Arts Council, O.F.S., and the most promising participation of local authorities in this important cultural organisation is a striking example."¹⁴⁷

Alhoewel dit voorkom of Toerisme en die Uitvoerende Kunste soms ineenvloei ter wedersydse aanvulling het Du Plessis 'n duidelike onderskeid getref: "In connection with the development of tourism and other publicity measures, the regional approach has also proved extremely successful".¹⁴⁸ Oorhoofs is dié twee entiteite dus saamgebind deur hul ingesteldheid om gemeenskapsbelange in streeksverband te bevorder as onderlinge dele van gebalanseerde ontwikkeling in 'n moderne tydsgewrig.

145. Gesprek met dr. Z.J. Pretorius, 07.12.87. Vergelyk Die Volksblad, Inleidingsartikel, 09.10.65 en artikels vanaf 2 tot 9 Oktober 1965. Vergelyk Die Volksblad— Oktober 1965— 'n nuwe soeke na presies wat kultuur en die deelname daaraan behels het en selfs die plek wat sport in die volkslewe moes inneem.

146. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 4/1/2.

147. Ibid.

148. Ibid. Vergelyk PR-notule, 25.02.63, p. 4. Waar die ou toneelorganisasies soos die NTO opgehou het om te bestaan, was die voornemens van die administrasie, aldus Du Plessis, om die Uitvoerende Kunste toe voortaan in eie reg op streeksvlak in die Vrystaat uit te bou. Die ander drie streke was die Transvaal, Kaapprovinsie en Natal. Op dié wyse het die Streeksraad vir Uitvoerende Kunste vir die Vrystaat, SUKOVŠ, tot stand gekom.

Hiervolgens was die Administrateur-in-Rade, te oordeel aan die inhoud van 'n inligtingstuk van die administrasie, in pas - byderwets - met die moderne beskouing.¹⁴⁹ Internasionale Toerisme het ook ander waardes bo die ekonomiese impliseer "wat moontlik belangriker is".¹⁵⁰ In die meer ontwikkelde lande is besondere "nadruk gelê op die sosiale en kulturele waardes van toerisme asook op sy bydraes tot internasionale welwillendheid en onderlinge begrip. Toerisme is dus ook 'n faktor in vreedsame internasionale omgang omdat die kennis wat opgedoen word en die begrip wat gevorm word die deur oopmaak vir die wisseling van idees en sienswyses [ook op plaaslike vlak] geïnspireer deur die strewe na geestelike en materiële vooruitgang".¹⁵¹

Die voordele van sowel die geestelike en materiële vooruitgang het Du Plessis se oog nie ontglip nie. In toerisme het die Vrystaat - en Suid-Afrika¹⁵² - 'n kleinood gevind waaroor jaloers gewaak moes word. Du Plessis het tydens die 1964-toeristesimposium, groot klem gelê op vriendelike diens te alle tye: "Ons wil sorg dat elke toeris ook sy vriende hierheen sal stuur en dat hyself weer sal wil terug kom".¹⁵³ Oorsese besoekers is deur hom beskou as die draers van 'n nuwe beeld van Suid-Afrika oorsee en dit moes as 'n langtermyn-projek bestempel en uitgebou word wat deeglike beplanning geverg het. Dus moes die suksesvolle reklamerings van die kultuur-historiese skatte aan die toeris gepaard gaan met 'n goeie agtergrondskennis van omgewingsomstandighede deur gidse, aldus Du Plessis. Kultuurorganisasies kon 'n belangrike rol speel in die koördinerings van die belangstelling en hulp van vrywel elke inwoner. Elk van hierdie organisasies soos boereverenigings, die georganiseerde landbou, vroueverenigings, die georganiseerde handel en dies meer sou dan direk of

149. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2.

150. Ibid.

151. Ibid.

152. Ibid., Lêer 4/1/2. Volgens Du Plessis is die Vrystaatse toerismebestuuringsplan wat op 'n streeksgrondslag georganiseer is deur die Departement van Toerisme aanvaar "for the development of tourism for the country as a whole".

153. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/1.

indirek kon baat by die voordele van toerisme soos georganiseer in hul onderskeie streke.¹⁵⁴ Die strewe na groter professionaliteit sou ook die hotelbedryf beïnvloed.

10. DIE BORGSKAP VAN DIE PRESIDENT HOTEL

Tydens die agtiende kongres van die Instituut van Gesondheid in 1960 het Du Plessis daarop aangedring dat die higiëne van publieke kafees en hotelle kon verbeter met dié oog op onder andere toerismebevordering.¹⁵⁵

Du Plessis, as ingeligte en toeristebewuste Administrateur, sou onmiddellik die plan van die regering steun toe hulle omstreeks 1963 besluit het om 'n ondersoek na die hotelbedryf in Suid-Afrika, te gelas. Hy verklaar dan in die openbaar dat die samewerking van die hotelbedryf van wesentlike belang was om die reisende publiek se voortgesette belangstelling te behou in toerisme in onder andere ook die Vrystaat. Dit het tyd geword dat die Vrystaat self aandag gee aan sy hotelbedryf.

Die administrasie het onmiddellik die leiding geneem en deur A.R.R.T.B.O. opdrag gegee aan die vier streekskomitees vir toerisme in die Vrystaat, om verslag te doen aan A.R.R.T.B.O. oor knelpunte wat rondom die bedryf in die provinsie bestaan het. Sodoende sou hulle gou tot die kern van plaaslike probleme kon deurdring.¹⁵⁶ Die stap sou meehelp om toeristefasiliteite deurgaans op peil te bring.

154. Ibid. Vergelyk Die Volksblad, 30.10.64; The Friend, 31.10.64 en die 1964-toeristesimposium. Dit is insiggewend om die vooruitstrewendheid van die Vrystaat op die terrein van toerisme in die dekade sestig te vergelyk met die gedagtes van die pasafgelope eerste landbou-toeristekongres van 31 Julie tot 1 Augustus 1967. Vergelyk Die Volksblad, Toerisme is Suid-Afrika se beste ambassadeur, 31.07.67. Baie van die gedagtes en praktyke van die sestigerjare kom ook in laasgenoemde kongresbesluite voor. Die gesamentlike gedagtes van die eerste toeristesimposium in die Vrystaat van 1964 en die jongste kan net dien om 'n baie goeie grondslag vir toekomstige projekte te bied.

155. Die Volksblad, 11.10.60; The Friend, Promote tourism with hygiene, 12.10.60.

156. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/1.

Die regering het self in 1964 die voortou geneem deur sy aandag toe te spits op die verbetering van Suid-Afrika se internasionale hotelle. Gedeeltelike bouenings is deur die regering geborg. In Bloemfontein het stemme begin opgaan dat hier beter hotelle opgerig moes word. Die voorsitter van die Dranklisensieraad in Bloemfontein, A.E.J. van Niekerk, het verklaar dat oorvol hotelle mense gedwing het om van swakker akkommodasiefasiliteite gebruik te maak. Dit het nie die naam van Bloemfontein as provinsiale en geregtelike hoofstad tot eer gestrek nie. Higieniese toestande was in sommige gevalle swak en selfs minderwaardige breekware was in gebruik. Sulke gevalle is jaarliks deur die polisie gerapporteer.¹⁵⁷ Die posisie was veral haglik tydens konferensies en skoutyd, waartydens mense na omliggende dorpe moes uitwyk of selfs in woonhuise of plaashuise geakkommodeer moes word.¹⁵⁸ Dit is dus duidelik dat hier 'n onhoudbare situasie ontstaan het.

Op 24 Mei 1965 het Du Plessis bekend gemaak dat die administrasie die moontlikheid oorweeg het om lenings vir die oprig van hotelle te borg. Dit was nodig om 'n deel van die hoë winste van die drankhandel terug te ploeg in die hotelbedryf, sodat goeie diens gelewer kon word. Daarteenoor was dit nodig om uitgawes aan te gaan ten opsigte van die Oranjeriviertoeeristebedryf, wat 'n groot inkomste aan die administrasie sou verseker.¹⁵⁹

Die provinsie het volgens Du Plessis voor 'n bloeitydperk te staan gekom wat nie goedskiks oor die hoof gesien kon word nie. Derhalwe het hy soos voorheen staat gemaak op die heelhartige steun van die Raad. Sy weskroep was: "Loop wakker, daar is werk om te doen!" "Ons moet beplan; ons moet benut; ons moet bekendstel; ons moet leer en bou en ons moet beskerm om die toekoms van die Provinsie te verseker dat hy sy regmatige aandeel in die voorspoed wat in die land heers, verkry."¹⁶⁰

Daar was dus volgens sy beskouing geen verskoning om in sak en as te sit oor ongunstige omstandighede nie, "daar sal altyd Jobstroosters in ons midde wees".¹⁶¹ Die geluk was dat die minderheid beswaard was. In dié geval het

157. Die Volksblad, 02.11.64.

158. The Friend, 17.08.64.

159. Die Volksblad, 25.05.65. Vergelyk PR-debatte, 24.05.65, p. 385. Die sukses wat behaal is in dié verband by Verwoerd-spogoord, is vandag algemeen bekend. Vide infra p. 353.

160. PR-debatte, 24.05.65, p. 385.

161. Ibid.

hy verwys na die enkeles wat gereken het dat te veel geld aan toerisme en oorde afgestaan word of dat dit te weelderig was en dat hoër belasting in die Vrystaat daarom nie geregverdig was nie. Du Plessis was egter van mening dat die geboue opgerig was om vir 'n honderd tot tweehonderd jaar te staan. Teen 1963 het die administrasie reeds sowat R1 200 000 aan reservate en oorde bestee en is te kenne gegee dat die tempo daarna oor vyf jaar versnel sou word¹⁶² - soos dit ook blyk te gebeur het.

Kritiek het nie uitgebly nie. A.C. Enslin, LPR (Bloemfontein-Wes) was nie gediend met die oënskynlike spandabelrigheid nie. Sy het in die Provinsiale Raad te velde getrek teen die Vrystaat se poging om sy ryk buurprovinsies te volg in die oprigting van "spoggerige, weelderige geboue en hulle spoggerige vakansie-oorde".¹⁶³ Du Plessis het die gerusstelling gegee dat F.W. Liebenberg, die Provinsiale Sekretaris en rekenpligtige, die provinsie se geldsake met 'n ysterhand beheer het.¹⁶⁴ Origens is geen gebou opgerig voordat die Raad dit nie eers goedgekeur het nie.¹⁶⁵ Du Plessis het daadwerklik bewysgronde gelewer dat die belastingkweiling eintlik nie eens 'n faktor was nie. Daar was diegene wat nie 'n sent betaal het nie.¹⁶⁶

Van sy kant af het Du Plessis die onderneming gegee "hier sit die lede van die Uitvoerende Komitee - ek is die Voorsitter van daardie Uitvoerende Komitee - en ek wil aan u die versekering gee dat daar geen verkwisting van geld plaasvind ... en waarteen ons nie dadelik optree nie".¹⁶⁷

In ooreenstemming met die regeringsbeleid¹⁶⁸ en die verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Hotelbedryf het die Uitvoerende Komitee op 9 Maart 1965 besluit dat die verslag hul goedkeuring wegdra.¹⁶⁹ Die "nodige masjinerie" by wyse van hotelwetgewing is spoedig deur die regering geskep.¹⁷⁰

162. Ibid. Vergelyk Die Volksblad, O.V.S. het groot planne met toerisme, 11.12.63.
163. PR-debatte, 24.05.65, p. 406.
164. Ibid.
165. Ibid., p. 386.
166. Ibid., p. 407.
167. Ibid., p. 406.
168. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/21/1.
169. UK-notule, min. 371, 09.03.65.
170. Die Volksblad, 08.02.66.

Tydens die Raadsitting van 15 Februarie 1966 het Du Plessis 'n ontwerppordonnansie ter goedkeuring van provinsiale steun vir die bou van 'n "hoë standaard" hotel in Bloemfontein oftewel die eerste vier-ster hotel in die Vrystaat voorgelê. Hy het die steun van die lede gevra vir dié projek wat lank reeds 'n behoefte was in die uitbouing van die Vrystaat.¹⁷¹ "Laat ons doen dit wat gedoen moet word in belang van die inwoners van hierdie provinsie."¹⁷² Die Uitvoerende Komitee sou 40 persent en die Bloemfonteinse stadsraad 20 persent van die totale koste borg op voorwaarde dat die ondernemer van die projek 40 persent van die bedrag op onverbonde wyse voorsien. Du Plessis het dit duidelik gestel dat dit die seën van die regering en Staatspresident Swart geniet het en dat alle nodige samesprekings reeds gevoer was met die betrokke partye en ook die Departement van Toerisme. Die Hotelraad onder jurisdiksie van laasgenoemde departement moes in opdrag van die regering eerstens sy aandag by internasionale hotelle bepaal.¹⁷³

Daar is steun, maar ook heelwat bedenkinge geopper in die Provinsiale Raad teen die borgskap van 'n eersterangse hotel in Bloemfontein. Die vernaamste argumente daarvoor was dat hierdie stap juis privaat inisiatief sou stimuleer. Waar die administrasie privaat inisiatief wou stimuleer, moes Bloemfontein, die Vrystaatse hoofstad, die logiese beginpunt wees.¹⁷⁴ D.M. Grewar, LPR vir Ficksburg en bekende landbouleier, het die Raad ingelig omtrent die haglike posisie waarin die Landbou-tentoonstellingsgenootskap van Bloemfontein met groot byeenkomste geplaas is. Dit was 'n verleentheid veral omdat hierdie instansie jaarliks die RSA se tweede grootste landbouskou aangebied het.¹⁷⁵

Ander het groot besware gehad en probleme soos 'n moontlike botsing met privaat inisiatief voorsien. Terselfdertyd is geskerm vir die belastingbetaler se sak en die argument is gevoer dat Bloemfontein nie nog 'n wit perd nodig gehad het nie. Die verblyfkoste sou te veel wees.¹⁷⁶

171. PR-debatte, 15.02.66, pp. 107-110.

172. Ibid., 15.02.66, p. 110.

173. Ibid., pp. 109-110.

174. Ibid., pp. 106 en 107.

175. Ibid., pp. 102-103.

176. Ibid., pp. 99-101.

Die Administrateur het al sy oorredingsvermoë aan die dag gelê en geargumenteer dat die borgskap nie 'n sent sou kos nie. Hy het Raadslede verseker "wat krapperig voel oor toerisme en toeriste, dat die hotel nie opgerig word vir die toeris alleen nie",¹⁷⁷ aangesien hy kennis gekry het dat Vrystaatse boerderyorganisasies reeds oor 'n lang termyn besprekings gedoen het, terwyl die hotel waarskynlik eers gedeeltelik in 1967 voltooi sou wees. Die R900 000 se hotel sou voldoen aan kongresvereistes, maar moes eerstens aan sy primêre doel beantwoord deur besoekers aan die hoofstad te akkommodeer.¹⁷⁸

Erkenning het nie uitgebly nie. In April 1968 ontvang Du Plessis die volgende mosie van vertroue van die Hotelvereniging van die Oranje-Vrystaat: "Die nuutgekose Bestuur het na afloop van die noenmaal ten tye van die Algemene Jaarvergadering, op ... 25 April 1968 wat deur u bygewoon is, kennis geneem van die Voorsitter se dankbetuiging aan u vir 'n leeuëaandeel om toerisme in die Oranje-Vrystaat te bevorder. In sy antwoord op u toespraak het hy volle vertroue in u en u Administrasie uitgespreek. Die Bestuur het besluit dat die Vereniging se dank aan u oorgebring word vir wat u gedoen het en om die vertroue deur die Voorsitter uitgespreek te steun en te bevestig".¹⁷⁹

Wanneer aspekte wat in die sestigerjare na 'n probleem gelyk het vandag bekyk word, blyk dit dat die proses van demokrasie sy gang gegaan het en dat die regte besluite geneem is soos Du Plessis bepleit het. Die stoutste verwagtinge is waarskynlik oortref.¹⁸⁰

177. Ibid., p. 109.

178. Ibid., p. 109.

179. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/1, P.S. Rautenbach, sekretaris, Hotelvereniging van die O.V.S. - J.W.J.C. du Plessis, 26.04.68.

180. Vergelyk Die Volksblad, 23.07.87. Die President Hotel, - vandag die Holiday Inn - het vir die boekjaar 1986/87 'n besettingsyfer van 75 persent gehad. Dit was die beste van al die hotelle van dié groep in Suid-Afrika.

11. TOERISME STERK OP DREEF IN DIE LAAT SESTIGERJARE

11.1 SPANWERK

Dat die Administrateur uiters tevrede was met die opbloei in toerisme wat oor die algemeen in die Vrystaat beleef is, is duidelik. Daarom het hy een en almal bedank vir die "fenomenale groei" wat bewys is deur die steeds groeiende besoekersgetalle aan ontspanningsoorde en vermag is deur elke betrokke organisasie tot by die Departement van Toerisme.¹⁸¹ Die belofte van Du Plessis in 1961 dat daar maniere was om die beperkte inkomstebronne van kleinere gemeenskappe en stadsrade aan te vul, is op minstens hierdie wyse positief vervul.¹⁸²

Dieselfde gees van samewerking het volgens Du Plessis uiteindelik in die Vyfjarige Republiekfeesvieringe (1966) gekulmineer. In die Vrystaat is dit aangebied, op beide plaaslike- en streeksvlak wat afgesluit is met die hooffees te Bloemfontein. Du Plessis het dit as 'n reuse sukses beskou vanweë die gesonde gees wat vanaf plaaslike feeste na streeksfeeste oorgedra is en kinders en verteenwoordigers van elke blanke gemeenskap aan die hoogtepunt in Bloemfontein kon deelneem. Volgens hom was dit "'n ware jeug- en eenheidsfees" waaruit besieling geput kon word en van blywende waarde is waarop voortgebou kon word".¹⁸³

11.2 MOUNT-AUX-SOURCES

Die Uitvoerende Komitee het reeds omstreeks 1964 aandag begin skenk aan 'n toeristepad na Mount-Aux-Sources te Witsieshoek en die oprigting van 'n ruskamp.¹⁸⁴ Selfs 'n kabelspoor na die bergspits is oorweeg wat egter laat vaar is om nie die rustige atmosfeer te versteur nie.¹⁸⁵ Tydens September 1968 het Du Plessis persoonlik 'n besoek aan die gebied gebring wat 'n belangrike nuwe toeriste-atraksie in 1969 sou word, aangesien dit binne redelike afstand van Johannesburg, Durban en Bloemfontein geleë is.¹⁸⁶ Volgens die toestroming van toeriste na Golden Gate wat reeds in 1964/65

181. PR-notule, 08.02.66, p. 7.

182. Ibid., 28.02.61, p. 7. Vergelyk PR-notule, 07.06.66, p. 3.

183. PR-notule, 07.06.66, p. 2.

184. UK-notule, min. 649, 05.05.64.

185. Die Volksblad, 22.03.65.

186. The Friend, 14.09.68.

naas die Krugerwildtuin die tweede meeste toeriste van ander oorde in die RSA gelok het,¹⁸⁷ kon die Vrystaat met reg aanspraak begin maak dat Suid-Afrika in die toekoms oor 'n internasionaal-bekende toeristefasiliteit beskik soos onder andere die Natalse Noord- en Suidkus; Kaapse Tuinroete en Kruger-wildtuin.¹⁸⁸

11.3 'N HOOGTEPUNT

Die organisasie van toerisme is uiteindelik oorgeneem deur die Departement van Toerisme wat 'n kantoor in Bloemfontein in 1968 geopen het om toerisme en reklame in die Vrystaat en Noord-Kaap te bevorder. Desnieteenstaande sou die streeksverdeling van die Vrystaat voortleef en sou hulle steeds voortgaan om toeriste-aantreklikhede te bevorder en onder die aandag van die Departement Toerisme, wat die funksie van A.R.R.T.B.O. oorgeneem het, te bring.¹⁸⁹

By die aankondiging van hierdie nuus het die sekretaris van die Departement Toerisme, V. Steyn, verklaar dat "die besteding van geld vir die bevordering van toerisme 'n goeie belegging is en hoegenaamd geen vermorsing deur die Regering is nie".¹⁹⁰ Op daardie stadium was die mening in regeringskringe heeltemal in ooreenstemming met dié van Du Plessis van vroeër dat die toeristepotensiaal as 'n belangrike nywerheid tot een van Suid-Afrika se grootste inkomstebronne behoort.¹⁹¹

Volgens Du Plessis het daar gedurende 1967 148 969 mense, byna net soveel as in 1968, besoek afgelê by die Willem Pretorius-, Jim Fouchê- en Hendrik Verwoerddam-oord, waar laasgenoemde oornagverblyf aan 2 451 gaste voorsien het. Dit was toe reeds nodig om bykomende fasiliteite te skep. Op die wildplaas Tussen-die-Riviere het die vestiging van wild ook seepglad verloop.¹⁹²

In 1968 is advieskomitees vir elke provinsiale vakansieoord ingestel, wat

187. Ibid., 30.03.65.

188. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2.

189. Die Volksblad, 17.02.67.

190. Ibid.

191. Ibid. Vergelyk PR-notule, 27.02.68, p. 11.

192. Die Volksblad, 30.12.67; PR-notule, 27.06.68, p. 10.

bestaan het uit 'n LUK en twee Provinsiale Raadslede wat die organisatoriese beheer sou behartig. Verbeteringe is steeds by oorde aangebring en 'n deelydse ontspanningsbeampste het in die Kersseisoen omgesien na die belange van vakansiegangers by die Willem Pretorius-reservaat en oord.¹⁹³

Die pogings van die administrasie tesame met bystand van 'n hulpvaardige en behoorlik georganiseerde Vrystaatse gemeenskap, het die provinsie daadwerklik in die mark vir toerisme geplaas. Afgesien van al die ander voordele het die Vrystaat in die proses van dorpsverfraaiing bouvallige geboue gesloop of herstel, bruikbare dorpsgronde bedek asook onooglike rommel verwyder.¹⁹⁴ Toeristefasiliteite was reeds maande vooraf vol bespreek. Die opvatting van vaal grasvlaktes het plek gemaak vir waardering en die Vrystaat het alles behalwe 'n verkeerskakel tussen die kuste geword.¹⁹⁵

In een van sy laaste toesprake omtrent toerisme het Du Plessis 'n belangrike boodskap wat altyd toepaslik en sinvol sal bly, deurgegee. Beplanners van oorde moes primêr daarop let dat mense op 'n gesonde en konstruktiewe wyse besig gehou behoort te word. Stereotipe veeldoelige eenhede moes vermy word. "We shall have to accept the fact that there is a tremendous variety of interests to be catered for in the development of outdoor recreational areas." "In this way an important contribution to the well-being and prosperity of our nation will have been made."¹⁹⁶

12. 'N EVALUERING VAN DIE EINDRESULTAAT

Raadslid G.F.C. du Plessis vir Frankfort het na aanleiding van Du Plessis se openingsrede van 18 Februarie 1969 in die besonder sy dank uitgespreek teenoor die Uitvoerende Komitee vir die gesonde ontwikkelingsprogram wat hulle by die Jim Fouché-oord gehandhaaf het. Hy het die Administrateur verseker dat die getuienis wat hy van die publiek oor die algemeen ontvang

193. PR-notule, 18.02.69, p. 12.

194. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2; The Friend, 20.11.69. The Friend, 14.12.62. Hiervolgens het Du Plessis sy misnoeë teenoor die algemene swak toestand by Vrystaatse vulstasies uitgespreek.

195. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2.

196. The Friend, 20.11.69.

het, "een is van groot genoeë en een van dankbaarheid teenoor die Provinsiale Administrasie vir daardie fasiliteite ...".¹⁹⁷

Uit dit alles blyk dat 'n positiewe gesindheid oor ontwikkeling in die Vrystaat onder baie Vrystaters begin posvat het en dat dit hulle met hoop vir die toekoms vervul het. Die beleid van behoorlike beplanning was besig om vrugte af te werp.¹⁹⁸ Dit het die inwoners van die Vrystaat met trots vervul op dit wat hul provinsie kon aanbied. Die kiesers van onder andere Frankfort het alles wat in hul kiesafdeling vanaf die breë grondslag (provinsiale belang) tot die kleinste dingetjie wat gedoen is, waardeer.¹⁹⁹ "Ons is ook vol hoop en vertrou dat ons in die toekoms, omdat ons nie nodig het om na ander mense te gaan nie, maar na ons eie mense wat ons belange op die hart dra, te kry wat ons nodig het. Ons weet ons sal ook dâar nie teleurgesteld wees nie en wanneer die saak van die Vrystaat ook gestel moet word, dan sal ons dit ook stel."²⁰⁰

Dr. W.D. Kotzé sê sonder vrees van enige teëspraak dat "die Vrystaat 'n geweldige agterstand ten opsigte van geriewe, fasiliteite en infrastruktuur gehad het toe Oom Sand die leisels as Administrateur oorgeneem het". Ook dr. Kotzé beskou Du Plessis as 'n man met visie wat baie gedoen het vir die Vrystaat. Dit is in ooreenstemming met vele ander ingeligtes.²⁰¹ Andersins het "Oom Sand byvoorbeeld met sy A.R.T.B.O. [sic] ... asook Reklame en Toerismebevordering" terreine betree nog voordat die Sentrale Regering departemente van Toerisme en Beplanning geskep het.²⁰³

In samehang met die voorafgaande is dr. Kotzé die mening toegedaan dat Du Plessis "hom oor 'n wye gebied beywer het vir natuurbewaring (die aankoop van Golden Gate, wat later aan die Nasionale Parkeraad geskenk is, die stigting

197. PR-debatte, 20.02.69, p. 89.

198. Ibid. Vergelyk ook A.C. van Wyk, LUK ten opsigte van owerheids-erkenning, hoofstuk 5.

199. PR-debatte, 20.02.69, p. 89.

200. Ibid.

201. Dr. W.D. Kotzé, Ambassadeur, Suid-Afrikaanse Ambassade, Mmabatho, Mafikeng, Bophuthatswana - P.J.P. du Plessis, 24.07.87.

202. Ibid.

203. Ibid.

van botaniese tuine in Bloemfontein en Harrismith in samewerking met Kirstenbosch, ensovoorts) die bou van die destydse President Hotel, met 'n regeringswaarborg, om toerisme te bevorder ... om maar 'n paar van die belangrikste terreine te noem".²⁰⁴

Die wyse waarop Du Plessis die Vrystaatse toeristebedryf letterlik vanuit die grond af opgebou het, illustreer sekere van sy doeltreffendste eienskappe. Sy strewe was altoos om te verbeter. Hy het nie tyd gehad vir stagnasie nie. Hy het voortdurend met nuwe inisiatiewe vorendag gekom. Dr. Kotzê en H.C. Beckmann wat ten nouste saam Du Plessis gewerk het, is dit eens dat hy 'n ware leier was.²⁰⁵ Hy het nie gekroom om oor 'n wye terrein kundiges te raadpleeg en ondersoek deur kenners te laat doen nie. By al hierdie dinge het "sy ware grootheid na vore gekom", aldus dr. Kotzê.²⁰⁶ Die grafieklyn het inderdaad altyd hoër en hoër geloop.

204. Ibid.

205. Ibid. Vergelyk onderhoud met H.C. Beckmann, 27.01.87.

206. Dr. W.D. Kotzê - P.J.P. du Plessis, 24.07.87.

HOOFSTUK 5

BEPLANNING

1. NATIONALE BEPLANNING VOOR DIE SESTIGERJARE

Volgens prof. P.C. Fourie,¹ moes die staatsdiens voortdurend bedag wees op aanpassings by veranderde omstandighede, veral na die depressiejare, die twee wêreldoorloë, die geweldige nywerheids groei en die gepaardgaande verstedeliking van die bevolking wat nuwe en groter eise aan owerheidsbeheer en gepaardgaande dienste gestel het. Met Uniewording is die onderskeie staatsdienste van die vier provinsies volgens die bepalinge van die grondwet in 'n nasionale staatsdiens saamgesnoer. Dit moes tot kontinuïteit in die landsadministrasie lei.

Die "nywerheidsrevolusie" wat Suid-Afrika na die Tweede Wêreldoorlog beleef het, het meegebring dat owerheidsdienste voortdurend uitgebrei moes word. Staatsdiensposte moes vermeerder word en die funksies van die onderskeie departemente moes verbreed word, sodat 'n moderne infrastruktuur geskep kon word, waaronder die ekonomiese, maatskaplike en kulturele aspekte die belangrikste was.

Sekere departemente het belangrike bydraes gelewer deur wetenskaplike navorsing wat selfs internasionale erkenning geniet het. Op die gebied van landbou is voedselproduksie verhoog en sommige landbouplae geheel en al uitgeroei.² Hierbenewens het die vroeëre Sosiale en Ekonomiese Planneraad en die latere Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (RONH) 'n groot bydrae gelewer en veel gedoen om die ordelike ekonomiese ontwikkeling en die planmatige gebruik van Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne te

-
1. Ten tye van die samestelling van dié artikel was prof. P.C. Fourie, as senior lektor Publieke Administrasie aan die UOVS verbonde. Prof. Fourie was later ook die voormalige direkteur van die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing van die UOVS (ISEN), afgesien van sy betrokkenheid by die ontwikkelingsplanne van die Vrystaatse Administrasie. Tans is hy dekaan van die Fakulteit Ekonomiese- en Administratiewe Wetenskappe aan die UOVS.
 2. Uniefees-Bylae tot die Volksblad, 23.05.60.

stimuleer.³ Laasgenoemde instellings blyk die voorlopers van 'groot veranderinge op die nasionale beplanningsterrein te wees.

Nadat die Graham- en Centlivres-kommissies ondersoek rondom die organisatoriese aspekte van die staatsdiens ingestel het, blyk dit dat 'n klemverskuiwing in die vyftigerjare plaasgevind het. Die staatsdiens moes kleiner, meer doeltreffende diens lewer en die toepassing van wetenskaplike metodes moes besondere aandag geniet.⁴

Beplanning deur die NP gedurende die vyftigerjare het hoofsaaklik gedraai om die vestiging van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Die beleid het 'n verdeling van politieke gesag tussen die verskillende bevolkingsgroepe voorgestaan, wat deur 'n proses van politieke en administratiewe desentralisasie teweeggebring moes word. In 1955 het die verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede van Suid-Afrika - die bekende Tomlinson-verslag verskyn - waarin aanbevelings gedoen en riglyne neergelê is oor hoe veral ekonomiese ontwikkeling van owerheidsweë aangepak moes word om dit in ooreenstemming met die politieke ideaal van afsonderlike ontwikkeling te bring.⁵

-
3. Ibid. Vide supra hoofstuk 1, pp. 18 en 20. Die RONH is in 1947, kort na die ontdekking van goud in die Vrystaat in die lewe geroep om aandag te gee aan die ontwikkeling van Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne. Vergelyk Debatte van die Volksraad, 28.04.55, kol. 4993. Die O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 73: "Positiewe landsbeplanning het in ons land 'n aanvang geneem ... met die instelling van die Raad op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne in 1947 ..." Blykens dr. S.W. Kemp, voormalige hoofbeplanner van die O.V.S.-Administrasie, was diê raad die voorloper van die latere Departement van Beplanning wat in 1964 deur die regering tot stand gebring is.
 4. Uniefees-Bylae tot die Volksblad, 23.05.60.
 5. Vergelyk die O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 73. Die NP-regering sou poog om 'n positiewe ruimtelike verspreiding van die bevolkingsgroepe te bewerkstellig. Verdere beplanningsliggame van die regering tot omstreeks 1963/64 was die Ekonomiese Adviesraad, en die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging.

Du Plessis wat homself heelhartig met die regeringsbeleid vereenselwig het, het terselfdertyd ook die bykomende voordele gesien om Bloemfontein en die Vrystaat by die skepping van nuwe nywerheidsgebiede te betrek. Hy het die moontlikhede van Bloemfontein as sentrale stad in 'n nuwe nywerheidsgebied wat dit sou omring met inagneming van die Caledonrivier-gebied, in die vooruitsig gestel. Die sekondêre nywerheidsvestigingsmoontlikhede was syns insiens belangrik, aangesien Bloemfontein toe reeds 80 000 blanke inwoners gehad het.⁶ Daarby was hy van mening "dat die naturelleserwes ten suide van Bloemfontein ... Thaba Nchu ... Basoetoland ... 'n geweldige arbeidsreservoir is wat getap kan word".⁷

Die vestiging van nywerhede gaan gepaard met berekende besluite van voornemende nyweraars. Du Plessis het dit terdeë besef, maar was van mening dat die gunstige klimaat deur die regering geskep moes word deur verlaagde spoortariewe, wat soos reeds gesien in hoofstuk een, die afstand wat die Vrystaat van die ander groter sentra verwyder was, moes neutraliseer.⁸ Daarom het hy nogeens desentralisasie in 1958 bepleit in belang van Suid-Afrika se toekoms. Die regering moes egter toesien dat nywerhede wat semi-staatsondernemings is in bogenoemde gebiede gevestig word. Daarbenewens kon die vestiging van net een groot nywerheid soos Yskor 'n bepalende faktor word, om aanverwante nywerhede te lok⁹ wat inderwaarheid op die

-
6. Volksraadsdebatte, 24.05.54, kol. 6015-6016. Vergelyk ook Volksraadsdebatte, 03.09.58, kol. 3057-3060.
 7. Volksraadsdebatte, 24.05.54, kol. 6016.
 8. Die spoorwegtariefbeleid het Suid-Transvaal (Die Rand) bevoordeel. Vergelyk hoofstuk 1; Gesprek met dr. S.W. Kemp, 25.11.87. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 71. Hierteenoor het die Vrystaatse Administrasie in die sestigerjare volgens dr. Kemp ook versoë in verband met die spoorwegtariefbeleid tot die owerhede met die hulp van prof. F.C. van N. Fourie gerig. In die O.V.S. Jaarboek 1963/64, pp. 65-76 verskyn uitreksels uit 'n memorandum van die O.V.S.-Administrasie aan die Ministeriële Komitee van Ondersoek na Spoorwegtariefbeleid en Nywerheidsvestiging. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/21/2. Volgens Du Plessis is die invloed van dié beleid op nywerheidsvestiging in die Vrystaat ondersoek - "Ons hoop om dit te publiseer".
 9. Volksraadsdebatte, 03.09.58, kol. 3060-3061. Vergelyk onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 10.03.87.

grotes "teer".¹⁰ Vir Du Plessis was dit 'n saak van groot erns en het hy toe reeds verwys na die voordele wat dit nie net vir die Sentraal-Vrystaat kon bied nie, maar ook vir die Oranjeriviergebied en selfs so ver as Postmasburg met sy groot kalk- en ysterneerslae.¹¹ Dit is duidelik dat hy altyd die ekonomiese ontwikkelingsmoontlikhede raakgesien het. Hierdie eienskap het hy ook telkens as Administrateur van die Vrystaat geopenbaar.¹²

As Administrateur het hy met die belange van die breëre publiek gewerk en dit volgens die algemene beskouing so goed gedoen, binne die beperkte vermoëns van 'n mens, dat hy vandag as een van die beste Administrateurs beskou word wat die Vrystaat nog opgelewer het.¹³ Nietemin het hy, soos dit die geval met enige leier is, soms in 'n gebied met sluimerende moontlikhede teen "mure" gestuit, of soos T.D. Potgieter, oud-prokureur, dit stel, sy kop gestamp waar andere nie met hom saamgestem het of sy oorhoofse ideaal gedeel het nie.¹⁴ Onder diegene was daar oënskynlik selfs ministers, boere en persone verbonde aan die media. Daar was ook lede van die publiek met persoonlike verskille wat ten regte of onregte verskil het.¹⁵ Hierbenewens was die tekort aan geld 'n probleem asook subjektiewe voorkeurbepalings waar-

-
10. Vergelyk onderhoud met A.C. van Wyk, 13.05.87.
 11. Volksraadsdebatte, 03.09.58, kol. 3060-3061; Die simposium insake Nywerheidsvestiging in die Oranje-Vrystaat en Noordwes-Kaapland, 09/10.06.66 was waarskynlik vir Du Plessis 'n hoogtepunt. In 'n oorwegend Vrystaatse aangeleentheid is ruimte gelaat vir die Noordwes-Kaap.
 12. Vergelyk Debatte van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 17.06.66, p. 234 en verder. Daarbenewens was die skepping van werkseleenthede vir die inwoners van die provinsie vir Du Plessis baie belangrik - soos dit hiervoor en hierna blyk - hetsy deur SUKOV'S wat eie mense 'n geleentheid kon bied asook toerisme en die mediese fakulteit.
 13. Vergelyk onder meer onderhoude met A.C. van Wyk, 13.05.87; T.D. Potgieter 05.05.87; prof. H.J. Strauss 05.06.87; J.S. van Niekerk, 29.04.87.
 14. Onderhoud met T.D. Potgieter, 05.05.87.
 15. Vergelyk verskille soos dit hiervoor en hierna voorkom.

volgens die groter provinsies soms groter voordele geniet het.¹⁶

Vanuit 'n agterna-perspektief was dit belangrik dat Du Plessis hom nie laat stuit het nie, en hy inderdaad onverstoort voortgegaan het om die belange van die provinsie waaroor hy aangestel was, te bevorder. Waar hy van provinsialisme of selfs "Bloemfonteinisme" beskuldig is, en ook bewus was daarvan, het hy probeer om dit met die nodige sorg reg te stel en aan Bloemfontein as die Vrystaatse hoofstad reg te laat geskied.¹⁷

Oorhoofs gesien het hy tydens die Nywerheidsposium in 1966 te Bloemfontein gesê: "Verskeie mense het my al kwalik geneem omdat ek vir die Vrystaat pleit, maar nou is dit toevallig so dat ek Administrateur is van die Oranje-Vrystaat en nie van 'n ander deel van die land nie".¹⁸ Na aanleiding van 'n grappie oor Gatiepie wat voor die keuse gestel is om homself te hang, het Du Plessis die vraag gestel, "as hulle my wil ophang omdat ek pleit vir die Oranje-Vrystaat, wil hulle nou dié regte man ophang?"¹⁹ Terselfdertyd het hy sy dank teenoor die regering uitgespreek dat daar toe so ver gevorder is dat die Beplannings- en Ontwikkelingsadviesraad van die Vrystaat (BOAR), asook die Streeksontwikkelingsverenigings 'n plekkie in Suid-Afrika se beplanningsopset gaan verkry.²⁰ "We are anxious in the Orange Free State and in the Northern Cape to create the right atmosphere."²¹ Met hierdie toespraak waarvan net enkele aspekte weergegee word, het Du Plessis enersyds teruggekyk op die lang pad wat hulle toe reeds geloop het en andersyds die toekoms voor oë gehou. Dit was deurgaans die gesindheid waarmee Du Plessis as eerste burger van die Vrystaat sy taak uitgevoer het.

-
16. Vergelyk Ineg-klankargief: K903/3, Onderhoud H.C. Jones - J.W.J.C. du Plessis, 22.01.87; Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.
17. PR-debatte, 17.06.66, pp. 229, 231-235; Vergelyk The Friend, 14.06.67.
18. Simposium insake Nywerheidsvestiging, in die Oranje-Vrystaat en Noordwes-Kaapland, 09/10.06.66, p. 1. [Hierna vermeld as: O.V.S.- Noordwes-Kaap-Nywerheidsposium, 09/10.06.66].
19. Ibid.
20. Ibid. Vide infra p. 223.
21. Ibid., p. 2.

2. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN BEPLANNING BEGIN STERKER POSVAT

P.L. la Grange, die voormalige hoof van die Komponent Plaaslike Bestuur en Ontwikkeling, is dit eens dat daar erns gemaak is met die belange van die provinsie en sy inwoners. Luidens La Grange het "dinge begin warm word" in die Vrystaat toe Sand du Plessis die leisels as Administrateur oorgeneem het: grootskeepse uitbreidings het vir die Vrystaat voor die deur gelê.

Du Plessis het La Grange as hoof van Plaaslike Bestuur kort na sy ampsaanvaarding ingeroep en 'n baie indringende gesprek met hom gevoer. Tydens die onderhoud het die Administrateur talle vrae rondom die moontlikhede wat die Vrystaat gebied het, gevra. Dit was vir La Grange van die begin af duidelik dat beplanning werklik vir Du Plessis en die Uitvoerende Komitee 'n voorkeurdoelwit was.²²

Prof. Fourie was van mening dat die ontwikkelingstendens wat in regeringskringe posgevat het, daartoe bygedra het dat die Uitvoerende Komitee van die Vrystaat op 7 November 1960 besluit het dat die Administrateur met hul goedkeuring die moontlikheid van 'n beplanningsraad binne die kader van die administrasie se werksaamhede moes ondersoek. Dit moes geskied met die oog op die bevordering van nywerheidsvestiging in die Vrystaat.²³ Gevolglik het Du Plessis 'n amptelike besoek aan Natal gebring omdat dié provinsie, volgens P.L. la Grange, op daardie tydstip beplanningsgewys die verste gevorderd was van alle provinsies in Suid-Afrika.²⁴ Die Vrystaatse Administrasie het dus so vroeg as Januarie 1961 ernstig besin oor beplanning en hoe dit in die regeringsopset van Suid-Afrika moes inpas. Uiteraard het die klem hoofsaaklik op die tweedevlak regering en streeksbeplanning geval. Dit het daartoe gelei, soos dit ook geleidelik in die praktyk ontplooi het, dat inligting wat op provinsiale

22. Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.

23. Vergelyk UK-notule, min. 1150, 7/8.11.60; Die Beplannings- en Ontwikkelingsadviesraad van die Oranje-Vrystaat, Die Pioniersjare: 1965-1971. [Hierna vermeld as: Die BOAR, 1965-1971].

24. Onderhoud met P.L. la Grange, 10.10.87. Volgens dr. S.W. Kemp was die indruk van owerheidskant geskep dat die provinsies nie die wetlike reg gehad het om streeksbeplanning te doen nie. "Natal se ordonnansie was 'n 'fout'." Die aspek word later verder bespreek. Vide infra p. 218.

vlak ingesamel is, wetenskaplik ontleed en gekoördineer is tot die beste voordeel van die "groot streek" of provinsie as geheel. Die "groot streek" het nie noodwendig politieke grense omvat nie. Dit kon ook geografies, topografies of deur waterskeidings, landboukundige of nywerheidsbelange bepaal word.²⁵ In laasgenoemde twee gevalle was daar duidelik gronde vir nouer samewerking tussen die Vrystaat en die Noord-Kaap.

Die groot streek of essensiële eenheid wat deur bogenoemde faktore bepaal is, is weer in kleiner streke verdeel op grond van saambindende faktore. In dié verband vorm die Goudvelde, die Oranjeriviergebied, die Wes-Vrystaat en die Oos-Vrystaatse toeristegebied waarskynlik sinvolle entiteite op grond waarvan indeling en bespreking in hierdie en ander hoofstukke geskied.

Blykens 'n inligtingstuk van die administrasie, "Die begrip van streeksbeplanning ... in Suid-Afrika"²⁶ is daar tot die gevolgtrekking gekom dat selfs die regeringsbeplanning onder staatsdepartemente soos Waterwese, Vervoer, Groepsgebiederaad, die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie en stadsbeplanning op geïsoleerde wyse plaasgevind het.

Veral die masjinerie vir streeksbeplanning het nog veel te wense oorgelaat. Op daardie stadium is die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne as 'n ligpunt vir die toekoms beskou. Volgens die inligtingstuk was die "beplande ontwikkeling van die Vrystaatse Goudveld ... die eerste poging om openbare beleid en werklike beplanning te koördineer op 'n

25. PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versameling, Lêer 1/20/1.

26. Ibid., Lêer 1/20/1. Dr. S.W. Kemp meen dat dié inligtingstuk deur N. Viljoen, siviele ingenieur van die administrasie, met wie Du Plessis nou geskakel het, opgestel is. Viljoen, hoof van die Skema- en Beplanningsafdeling, was onder meer verantwoordelik vir die goedkeuring van die ingenieurskemas van plaaslike besture. Soos Du Plessis het Viljoen met die oog op ontwikkeling, skynbaar meer belang gestel in streeksbeplanning as stadsbeplanning, wat waarskynlik aan Du Plessis toegedig kan word. Viljoen het klaarblyklik tot April 1964 in eie reg, 'n belangrike rol ten opsigte van beplanning in die Vrystaat gespeel, waarna hy die diens van die administrasie verlaat het. Tans is hy as een van die mees senior-regeringsbeplanners in die Republiek van Suid-Afrika aan die Departement Ontwikkelingsbeplanning van die Staatspresident verbonde.

streeksbasis. Ander suksesvolle pogings was die vorming van die Gemeenskaplike Beplanningskommissie in die Kaapse Skiereiland en die Natalse Dorps-en-Streeksbeplanningskommissie. Andere, soos die Suid-Transvaalse poging, het jammerlik misluk".²⁷

Die waardevolle bydrae van die groot aantal streeksontwikkelingsverenigings in Suid-Afrika is nie ontken nie, maar hul bydrae was tot hul omgewing beperk. Dit was nodig om aan die hand van moderne veranderings 'n nuwe denkpatroon te bewerkstellig wat beide die groot geheel van Suid-Afrika sowel as die kleiner stedelike beplanningskemas in die besonder, in ag sou neem. Hieroor was daar 'n sentrale en toonaangewende nasionale beplanningsliggaam nodig wat ook by wyse van koördinerings streeksaktiwiteite in die regte perspektief moes plaas.

Terselfdertyd moes stads- en dorpsbeplanning sinvol by die groter geheel inskakel, dit wil sê by die provinsie óf groter geïntegreerde gebiede waarvan so 'n plek deel was. Die nodige leiding in dié verband moes - blykens die implikasie - vanaf die tweedevlak regering uitgaan. Daar was dus 'n behoefte aan 'n streeksbeplanningsliggaam wat alle belange van 'n streek op verantwoordelike wyse kon hanteer. 'n Ander belangrike gevolgtrekking waartoe gekom is, was dat dit nodig was om die gaping te vul tussen stadsbeplanning en nasionale beplanning in die vorm van staatsbeleid. Beplanningsorganisasies soortgelyk aan dié in Natal moes uitgebrei word na ander provinsies.²⁸ Volgens die opsteller van die inligtingstuk sou streeksbeplanning op provinsiale vlak "verkieslik wees bo die onvermydelike skepping van onafhanklike streekskomitees wat kunsmatig van bo geplaas sal word op stelsels van plaaslike bestuur soos onvatbare veloorplantings".²⁹

Die hoop is uitgespreek dat dié koördineringslyn van bo tot onder op 'n gemeenskaplike beleid vir al vier provinsies - met die RONH op sy regmatige uniale (Januarie 1961) plek - sou uitloop. Die Transvaal het klaarblyklik 'n ooreenstemmende versoek vir 'n ondersoek na sodanige moontlikheid gerig. Vir die Vrystaat wat as middelgebied beïnvloed is deur omliggende gebiede, was hierdie model van groot belang, aangesien hy in sy streeksbeplanning rekening moes hou met voormelde gebiede.

27. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/1.

28. Ibid.

29. Ibid.

Die inligtingstuk het ook daarop gewys dat streeksbeplanning as 'n voorloper vir stadsbeplanning beskou moet word, waarin plaaslike bestuur as die belangrikste vormgewer beskou is.³⁰

As hoof van die Komponent Plaaslike Bestuur het La Grange verskeie besoeke by die Natalse hoofbeplanner afgelê. Hierdie besoeke aan Natal was baie verrykend en die hoofbeplanner van die Natalse Provinsiale Administrasie, Thorington-Smith, het toe reeds vier of vyf beplanners gehad. Volgens La Grange het selfs dr. P.S. Rautenbach, destydse Beplanningsraadgewer van die Eerste Minister namens die regering by Natal in die verband kers opgesteek, toe die regering in 1964 in die rigting beweeg het om sy eie Beplanningsraad in te stel.

Wat die Vrystaat betref, was selfs die Komponent Plaaslike Bestuur in die laat vyftiger- en vroeë sestigerjare onderbeman. Dit was ook die geval met die Beplanningsafdeling. Personeeltekorte kon slegs met die nodige toestemming van die Staatsdienskommissie aangevul word en Du Plessis se persoonlike aandeel om die probleem te bowe te kom, was indrukwekkend, aldus La Grange. La Grange, een van die vyf direkteure van die Vrystaatse Administrasie, het Du Plessis dikwels na die administrateurskonferensies en selfs op ministeriële besoeke vergesel. Sy waarneming was dat Du Plessis veral met sy ampsgenote 'n hartlike verhouding gehad het, maar dat hy terselfdertyd altyd ferm op die

30. Ibid. Dr. S.W. Kemp is in 1963 as die eerste gekwalifiseerde stads- en streeksbeplanner van die Vrystaatse Administrasie aangestel en was ook later die hoofbeplanner. Wat die verhandeling betref het hy op 'n laat stadium 'n insae in die hoofstuk gekry, maar kon nogtans belangrike insette lewer. Du Plessis het dit aan dr. Kemp opgedra, "juis omdat hy [Du Plessis] die ontwikkeling van die provinsie voorop-gestel het", om nie net aandag aan dorpsontwikkeling te gee nie, maar direk tot die streeksbeplanningsveld toe te tree. Op daardie stadium het die ander provinsies, Natal uitgeslote, hul "paar beplanners - waarvan Transvaal byvoorbeeld drie gehad het - in die dorpsbeplanningsveld gebruik". Gesprek met dr. S.W. Kemp, 25.11.87. Dr. Kemp het ook 'n besondere bydrae as hoofbeplanner met sy proefskrif vir 'n doktorsgraad in stads- en streeksbeplanning gemaak, getiteld: 'n Beplanningstudie van die Verstedeliking van die Oranje-Vrystaat.

gelyke beregtiging van die Vrystaat gestaan het. Hy was 'n sterk redenaar en sou in geval van 'n goeie argument nie maklik bes gee nie.³¹

3. DIE "MOBILISERING" VAN ALLE MAGTE

Die plaaslike bestuursbeleid het, as 'n uitvloeisel van die Uitvoerende Komitee en administrasie se beskouing van die hantering van plaaslike bestuursaanleenthede, die ideaal van deeglike ontleding en doelgerigte beplanning as van kardinale belang geag vir die skepping van 'n moderne infrastruktuur vir die Vrystaat. Dit het onder meer die ordelike ontwikkeling van dorpsstigting en woonbuurtes vir alle rassegroepe, en die ontwikkeling van gebiede of streke in 'n breë sin, ingesluit.

Stedelike of dorpsbeplanning moes behoeftebepalend wees van plaaslike gemeenskapsbehoefes. Beplanning moes die tekortkominge van voormalige gebrekkige beplanning verreken,³² "Planning involves both organized foresight and corrective hindsight",³³ aldus W.W.B. Havemann, LUK belas met Plaaslike Bestuur.

Reeds voordat Suid-Afrika 'n republiek geword het, het Du Plessis gesê: "Om ons deel as provinsie by te dra in die nuwe patroon wat geskep word, is ons besig met 'n deeglike opname van die ontwikkelingsmoontlikhede op 'n streeksgrondslag om in te pas by die grotere ontwikkeling van die land".³⁴

-
31. Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.09.87. Vergelyk PR-debatte, 03.02.65, pp. 27 en 28. Die Vrystaatse Administrasie het - in vergelyking met ander provinsies - beperkte magte gehad om personeel aan te stel en het tot 1965 nie oor wetsmagtiging beskik om byvoorbeeld poste vir die direkteur van Openbare Oorde en Natuurbewaring te skep nie. Hierop het die Provinsiale Raad met die ferm leiding van Du Plessis die Ontwerpordonnansie op Algemene Dienste, 1965 aangeneem om hierdie lastigheid uit die weg te ruim.
32. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 35.
33. Ibid.; Soos aangehaal deur Havemann uit Webster: Urban Planning and Municipal Policy.
34. Notules van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 22.05.61, p. 54.

Dat die Administrateur 'n hoë premie geplaas het op die beplande ontwikkeling van die Vrystaat teen die agtergrond van breë nasionale ontwikkelingstendense, blyk duidelik uit sy bestuurstyl. Op sy inisiatief is die Skema- en Beplanningsafdeling (in 1961) geskep en onder die beheer van die Komponent Plaaslike Bestuur geplaas en in 1964 ietwat verander.³⁵

Die aanvanklike opdrag aan die Beplanningsafdeling - of ook Skema- en Beplanningsafdeling - het onder meer 'n ondersoek van nywerheids- en die landbou-moontlikhede, water- en elektrisiteitsuitbreidings, vervoer- en kommunikasieprobleme, en ander aktuele aangeleenthede ingesluit om die regte "klimaat" vir ontwikkeling te skep. Met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee het die Administrateur verdere stappe gedoen. Daar is met die meeste van die staatsdepartemente en liggame soos die Nywerheidskorporasie, die RONH, en die UOVS in verbinding getree.³⁶

Du Plessis het voorsien dat hulle ondersoek elke stedelike gemeenskap in die provinsie sou raak en sou lei tot meer intensiewe skakeling met plaaslike besture. Die kleinhoewegebiede om Bloemfontein sowel as Bloemfontein self sou nie as afsonderlike "entiteite" beskou kon word nie, soos later in die hoofstuk blyk. Die samewerking van die Bloemfonteinse stadsraad "op 'n streeksbasis" sou van kardinale belang wees vir die beplanning van die genoemde gebiede, aldus die Administrateur.

Hy het ook die noodsaaklikheid ingesien dat streeksbeplanning van Bloemfontein en sy omstreke moes plaasvind en het met die Bloemfonteinse burgemeester geskakel oor gesamentlike optrede. Uiteraard sou nie net stedelike gebiede by streeksbeplanning baat nie, maar ook die landbou sowel as die ander belangrike "bedrywe" wat 'n uiters belangrike rol in die ontwikkeling kón speel.³⁷

35. Ibid.; Vergelyk gesprek met dr. S.W. Kemp en Toerisme, hoofstuk 4. Vide supra hoofstuk 4, pp. 160 en 161, waar 'n samevatting van die Beplanningsafdeling vanweë die belangrike rol wat die instelling gespeel het en ter wille van kontinuïteit gegee word.

36. PR-notule, 22.05.61, p. 54.

37. Ibid., p. 54.

Op die wyse moes alle fasette van beplanning waarmee die administrasie te doen sou kry, op 'n wetenskaplike grondslag geplaas word. Ook die Vrystaatse Universiteit moes in toenemende mate betrek word deur navorsingsprojekte aan te pak wat van groot nut vir die provinsie sou wees.³⁸

Daarteenoor was die internasionale wêreld daarbuite ook 'n leerskool. Talle oorsese studietoere is in belang van die ontwikkeling van die provinsie onderneem. Hierdie kennis is dan ook met mede-landgenote gedeel - andersins is daar ook van laasgenoemde se kennis en hulp gebruik gemaak. Soos reeds genoem is toeriste, paaie- en hospitalisasie-sendings oorsee gestuur. Besondere aandag is ook aan padveiligheid gegee. Daarby is boustrukture ondersoek deur sendings voordat die Verwoerdgebou en selfs die latere Sand du Plessis-teater gebou sou word.³⁹ Op die terrein van plaaslike besture is eweneens aandag aan moderniseringsprogramme gegee.

In 'n toespraak oor die "waarde wat lidmaatskap van die Internasionale Unie van Plaaslike Besture vir die Provinsie inhou",⁴⁰ het Du Plessis gesê dat die administrasie besef het dat hy in 'n moderne tydsgeewig tred moes hou met "nuwe verwickelinge". Volgens sy kennis was daar drie aspekte wat as die brandpunte van munisipale aktiwiteite in baie lande na vore getree het, naamlik "die kulturele take van plaaslike besture; sosiale welvaart aktiwiteite en plaaslike aktiwiteite in die ekonomiese sfeer".⁴¹ Eersgenoemde het direk in verband met ontspanning gestaan, die tweede in verband met publieke gesondheid en die derde aspek om nywerhede tot stand te bring of die vestiging daarvan te help bevorder.⁴² Die invloed van die Europese Ekonomiese Gemeenskap of EEG, en die nuwe waarde wat oorsee aan streeksbeplanning geheg is waardeur elke landsdeel tot sy volle potensiaal moes ontwikkel word, is waarneembaar in Vrystaatse Administratiewe inligtingstukke van die Du Plessis-tydvak.⁴³

-
38. The Friend, Du Plessis in call for large scale industrialisation, 15.08.63.
39. Vergelyk die voorafgaande stukke.
40. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/5.
41. Ibid.
42. Ibid.
43. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 67.

Opvoeding het nie agtergebly nie. In 1963⁴⁴ en 1967 is twee sendings oorsee gestuur waartydens onderskeidelik aandag aan differensiasie en die Wes-Duitse-Onderwysstelsel⁴⁵ gegee is. Waar die Administrateur-in-Rade die opvoeding van die kind baie hoog aangeslaan het, is daar ook tydens die sending van 1963 spesifiek aandag aan Jeugorganisasie gegee.⁴⁶

In sy geheel gesien lei dit geen twyfel dat hierdie oorsese sendings, selfs plaaslike studietoere⁴⁷ en samewerking met vele instansies en die regering,⁴⁸ 'n geweldige impak op die Vrystaat gehad het, waarvan die invloed vandag nog op vele terreine sigbaar is. "Organized foresight and corrective hindsight" het klaarblyklik gedurende 1960-1969, heelwat "eerstes" aan die Vrystaat besorg.

Die administrasie het wat die toepassing van plaaslike bestuursbeleid betref, uitdruklik beklemtoon dat hulle nie op die plaaslike bestuursterrein wou inmeng nie. Hulle sou slegs hul grondwetlike opdrag as koördineerder en bemoediger nakom en het verwag dat die plaaslike regerings ook tred moes hou met nuwe verantwoordelikhede wat uit moderne ontwikkelingstendense voortgespruit het. Dit was hul verantwoordelikheid,⁴⁹ aldus Havemann, "om hulself en ons Provinsie op die kaart van die Republiek te plaas en te hou deur hul [ons] eie huis in orde te hou en deur gesamentlik op 'n streeksgrondslag hierdie doelstellings te verwesenlik".⁵⁰

4. DIE BENADERING VAN DU PLESSIS TOT BEPLANNING VAN NADERBY BEKYK

Die belangrikste vereiste wat Du Plessis klaarblyklik aan beplanningsprojekte gestel het, was dat dit gekoördineer moes word met verwante aangeleenthede waar dit ook al moontlik was. Wanneer sy

44. Vergelyk PR-notule, 25.02.64, p. 2 en Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat, Rapport van 'n Oorsese Sending oor gedifferensieerde Middelbare Onderwys, [15.09.63 - 08.11.63].

45. PR-notule, 27.02.68, p. 5.

46. Ibid., 25.02.64, p. 2.

47. Vergelyk ondersoek van ou Kaaps-Hollandse huise voordat Vrystaathuis gebou is.

48. Vergelyk PR-notule, 01.03.68, pp. 29-30.

49. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 37.

50. Ibid.

administrasie as geheel bekyk word, blyk dit algou dat alles 'n verwantskap gehad het. Die belange van elke burger is voorop gestel en sodoende sou 'n pad, 'n gebou, 'n teater, 'n natuurreservaat, toerisme, 'n dam, natuurbewaring, voorkoms van 'n dorp of stad uiteindelik op sinvolle wyse gekoppel word. Dit was afsonderlike entiteite, maar ook deel van die groot geheel en moes duursame gebruikswaarde waar toepaslik vir die mens inhou.⁵¹

4.1 GEKOÖRDINEERDE BEPLANNING EN DIE ORANJERIVIERPROJEK

Ten opsigte van die afname in die blanke bevolking se getalle in die Suid-Vrystaat het Du Plessis geglo dat alle kragte saamgesnoer moes word om die gebied se potensiaal ten volle te benut wanneer die Oranjerivier as een van die grootste kragbronne in Suid-Afrika ingespan sou word. Dit was nodig om deur beplande ontwikkeling die rivier reeds reg van die begin af in sy geheel te benut.

Waar die Amerikaners en Australiërs dit as 'n saak van groot erns beskou het om hul groot rivierskemas behoorlik en wetenskaplik te beplan, moes dit soveel te meer in dié geval gebeur het.⁵² Hy het hieraan toegevoeg: "Ek hoop dat ook dié provinsie sy deel in daardie opsig sal kan bydra".⁵³

4.2 DIE NOODSAK VAN GEKOÖRDINEERDE DESENTRALISASIEPOGINGS VIR ALLE PROVINSIES

Die Vrystaatse Administrasie het sy rol as tussenganger tussen die eerste- en tweedevlak regerings met groot erns bejeën vanweë die besef dat hulle oor sleutelinligting vir deeglike beplanning beskik het. Des te meer was hulle enersyds bereid om 'n aktiewe ontwikkelingsvennoot van die regering te wees in die skepping van die infrastruktuur vir die provinsie en andersyds tot heil van plaaslike besture.

Die gereedheidsingesteldheid van die administrasie⁵⁴ kom onder meer baie sterk na vore in die toespraak van Du Plessis op die Noordwes-Vrystaatse Streeksontwikkelingsvereniging se kongres. Die benadering was nie net 'n

51. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/14/1; Die Volksblad, Verhoog gehalte in O.V.S., 02.05.68.

52. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/9/1.

53. Ibid.

54. Ibid. Vergelyk The Friend, 15.08.63.

model van sy beskouing oor die toekoms nie, maar het ook aansluiting by sy vroeëre pleidooie vir nywerheidsvestiging in die Vrystaat gevind.

Volgens sy sienswyse het die tyd toe werklik aangebreek om nywerheidsontwikkeling op 'n groot skaal in die Vrystaat te bevorder. Die Vrystaat moes daarna streef om deur die sogenaamde "industrialisation sound barrier" te breek om in samewerking met die owerhede 'n hoër inkomste vir die Vrystaat te bewerkstellig,⁵⁵ maar ook meer werksgeleenthede te skep.

Groot kommer het by die Administrateur en ander Vrystaters bestaan vanweë die feit dat afgesien van die blanke plattelandse ontvolking en agteruitgang,⁵⁶ die Vrystaat in die geheel 'n ontvolking van sy jeug (blankes) ondervind het. Dit was die gevolg van 'n gebrek aan voldoende werksgeleenthede, sodat mense na ander provinsies uitgewyk het.⁵⁷

Ontwikkeling het reeds reg rondom die Vrystaat plaasgevind, maar 'n omvangryke industriële ontwikkelingsprogram het die Vrystaat steeds ontwikkel,⁵⁸ ten

55. The Friend, 15.08.63.

56. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2; Onderhoude met J.W.J.C. du Plessis; Vergelyk ook Die Volksblad, 21.10.65 - A.H. de Villiers namens Landbou-unie; Die Volksblad, 10.05.69. Die Minister van Pos- en Telegraafwese, M.C.G.J. van Rensburg, het hierdie kommer gedeel.

57. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/8/3 bevat 'n kort opsomming van die O.V.S.-Noordwes-Kaap-Nywerheidsimposium 9/10.06.66 en dien as 'n goeie voorbeeld uit die talle ander ten opsigte van kommer onder Vrystaatse boorlinge. Vergelyk ook Die Volksblad, 06.10.65; The Friend, 17.11.67 en onderhoude met J.W.J.C. du Plessis en hoofstukke 1, 2 en 4.

58. The Friend, 15.08.63.

spyte daarvan dat dië provinsie oor net sulke goeie geleenthede beskik het as sy buurprovinsies.⁵⁹

Du Plessis was die mening toegedaan dat die opwekking van elektrisiteit by die Oranjerivierskema goed sou inskakel by die vervoer-netwerk in die Vrystaat, daar die provinsie oor die digste spoorweg-netwerk in Afrika beskik het. Boonop was die Vrystaat in daardie stadium die enigste provinsie wat toe sy nasionale padbouprogram reeds voltooi het.⁶⁰

Van groter belang was die beskikbare ongeskoolde swart arbeidsmag.⁶¹ Die regeringsbeleid het egter 'n probleem geskep vanweë die ingesteldheid van die "Wet op Fisiese Beplanning" wat nywerheidsontwikkeling in die Vrystaat hoofsaaklik op blanke en kleurlingarbeid gebaseer het.⁶² Dit was nodig dat die regering die beslissende groen lig gee vir 'n amptelike beleid van desentralisasie wat ook die klimaat moes skep vir ontwikkeling van die minder ontwikkelde blanke gebiede in Suid-Afrika.⁶³ Dit was benewens Du Plessis ook in 1966 die oorwoë mening van die Nywerheidskongresgangers dat die tyd vir "n kragdadige en deskundige beplande aksieprogram" aangebreek het. 'n Gesonde balans ten opsigte van die benutting van die Republiek van Suid-

-
59. Ibid. Vergelyk ook PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/8/3 - O.V.S.-Noordwes-Kaap-Nywerheidsimposium, 9/10.06.66. "n Indrukwekkende inventaris is voorgelê van die groot hoeveelhede en verskeidenheid grondstowwe, ... waaroor die O.V.S. en Noordwes-Kaapland beskik." Die potensiaal van die Oranjerivierskema het nog meer diepte verleen aan die Midde-streek se weskroep vir nywerheidsvestiging. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2 ten opsigte van interne ontwikkelingsmoontlikhede van die O.V.S. soos Sasolburg, Bethlehem, Kroonstad, nabygeleë swart-tuislande en vestiging van grensnywerhede te Harrismith, Heilbron, Thaba Nchu, Zastron en Bloemfontein.
60. Waarskynlik die ou nasionale paaie.
61. The Friend, 15.08.63.
62. Financial Mail, 03.05.68; Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/8/1.
63. The Friend, 15.08.63.

Afrika se hulpbronne was nodig.⁶⁴ Teen die einde van 1965 was die oorwig van Suid-Afrikaanse nywerhede waarop die landseksonomie gebou is, grootliks in die belangrikste stadsgebiede gekonsentreer. Bykans 81 persent van die bruto produksie van die vier belangrikste nywerheidsgebiede is in die gebiede wat sowat 3 persent van die landsoppervlakte beslaan het, geproduseer.⁶⁵

Origens het die Vrystaat aldus die Administrateur, geen fout met die regering se desentralisasiebeleid gevind nie, waarvolgens grensgebied-nywerhede - naby swart tuislande - aangemoedig is. Dieselfde het gegeld vir die beleid waardeur die Vrystaatse nywerhede hoofsaaklik op blankes en (kleurlinge) aangewese was, "mits hierdie provinsie sy regmatige aandeel in die nuwe ontwikkeling kry".⁶⁶

Du Plessis het die doel van streeksontwikkeling en belanning as volg gesien: "In our regional thinking we look for total human activity. We want a social climate within which each man can have social security as well as the possibility to live up to his aesthetic, religious, cultural and recreational needs".⁶⁷ 'n Ander belangrike gevolgtrekking is dat die Vrystaatse Administrasie in navolging van die regering gedurende die vyftigerjare besig was om die Suid-Afrikaanse burger op te hef.

-
64. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/8/3 O.V.S.-Noordwes-Kaap-Nywerheidsimposium, 9/10.06.66; Vergelyk O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 76. Nuwe lewensvatbare nywerheidsentrums moes met die positiewe leiding van owerheidskant aangewys word. Terselfdertyd moes die spoortariewe vir sulke gebiede meer toeskietlik gemaak word.
65. Suid-Afrikaanse Panorama, Volume 10, nr. 10, Oktober 1965, pp. 26-28. Vergelyk Volksraadsdebatte, 24.05.54, kol. 6016, vir die siening van Du Plessis. Die O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 71, stel dit op ongeveer 84 persent.
66. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/8/1.
67. The Friend, 17.11.67.

Beide inisiatiewe bevat die elemente van werkskepping, gesonde beplanning, navorsing en kulturele uitbouing. Wesenlik beteken dit dat die administrasie besig was om sy "opdragte" klaarblyklik tot op die letter van die wet uit te voer. Daarby is hierdie vernuwingsmaatreëls afgewentel tot op die derdevlak regerings of te wel plaaslike besture.

5. DIE SEKSIE VIR RAADGEWING EN BEPLANNING AS KOÖRDINERENDE INSTELLING

Die "Skemas- en Beplanningsafdeling"⁶⁸ wat in 1961 onder die Komponent Plaaslike Bestuur tot stand gekom het,⁶⁹ het oënskynlik as 'n Beplanningsraad in die klein gedien en hulle op die insameling van inligting oor 'n wye veld asook die streeksfront toegespits. Besondere aandag is veral aan vyf hoofkomponente gegee. Dit was onder meer: streeksbeplanning; dorpsbeplanning; tegniese raadgewing; navorsing en reklame.⁷⁰

Die sukses wat met laasgenoemde bereik is, is waarneembaar in die hoofstuk oor Toerisme. Indien streeksamewerking- en beplanning deur die administrasie geïgnoreer is, sou die uitbouing van toerisme waarskynlik tot mislukking gedoem gewees het. Dit het op twee bene gerus, naamlik die welwillende deelname van plaaslike gemeenskappe, maar veral ook dié van plaaslike besture. Toerismebevordering was duidelik 'n beplanningsmodel van die Vrystaatse Administrasie. Verskeie ander projekte is op dieselfde grondslag aangepak.

68. PR-notule, 22.05.61, p. 54. Dié afdeling het ook bekend gestaan as die Seksie vir Raadgewing en Beplanning. Volgens dr. S.W. Kemp verwys "Skemas" na die goedkeuring van ingenieurskemas van die plaaslike besture veral met die oog op leningsmagtiging. Gesprek met dr. S.W. Kemp, 25.11.87. Sommige bronne - soos in geval van PR-notule, 22.05.61, p. 54 - Gebruik die term "Skemas- en Beplanningsonderafdeling". Dit blyk meer korrek te wees as Skema - en Beplanningsafdeling" na die mening van prof. P.C. Fourie.

69. PR-notule, 25.02.63, p. 3.

70. Ibid., Vergelyk PR-notule, 22.05.61. Vide supra, p. 203; Vide infra p. 216.

5.1 DIE NUWE BENADERING TOT STREEKSORGANISASIE EN DIE ROL VAN PLAAS- LIKE BESTURE

W.W.B. Havemann, LUK belas met Plaaslike Besture het in 1963 drie nuwe ontwikkelingsfasette vooropgestel, te wete die bevordering van die potensiaal van nywerhede, toerisme en ontspanning op plaaslike vlak.⁷¹ Du Plessis wat vir elke dorp en gemeenskap iets wou doen om hul omstandighede te verbeter,⁷² het egter nie bedoel dat daar verwag is dat elke dorp as sulks byvoorbeeld nywerhede moes vestig nie.⁷³ Waar dit wel moontlik was, moes dit gedoen word tot voordeel van die dorp, die gemeenskap en die Vrystaat in die geheel.

Die beleid van die Uitvoerende Komitee het geen illusies gelaat dat die administrasie wetlik verplig was om na die instelling en beheer van plaaslike besture om te sien nie.⁷⁴ Die administrasie was as regeringsinstelling verantwoordelik vir die bepaling van die magte en funksies van plaaslike besture, soos in die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1962, vasgelê.

Volgens Havemann het plaaslike besture 'n integrale deel van die regering gebly. Dit het nie ruimte gelaat vir die populêre idee onder kritici dat die regering, die administrasie en plaaslike besture elk 'n eie juridiese gesagsfeer uitbou, volgens die model van federalisme nie. Hy het beklemtoon dat bewerings dat die Administrateur-in-Rade te veel mag oor plaaslike

71. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 34.

72. Onderhoude met prof. P.C. Fourie, 27.04.87; dr. J. de Beer (voormalige direkteur Hospitaaldienste) 15.06.87. Daar moes klein-dorpe-ontwikkeling wees. Alles kon nie toegespits word tot die enkele groter sentra nie.

73. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2. Vergelyk onderhoud met dr. J. de Beer 15.06.87. Dr. De Beer onthou die besondere woorde van Du Plessis: "Die Vrystaat se skatte lê nie onder die grond begrawe nie, sy rykdom lê in die uitnemendheid van sy mense". Vergelyk PR-debatte, 25.02.69, p. 204. O.V.S.-karakter.

74. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 33. Vergelyk Die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Jaarboek en Dagboek 1970, p. 39. [Hierna vermeld as: O.V.S. Jaar- en Dagboek].

bestuursaangeleenthede uitoefen en outonomie daardeur aan bande lê, grondwetlik verkeerd was.⁷⁵

Nogtans is die outonomie van plaaslike besture binne die tradisionele juridies-afgebakende terreine ooreenkomstig die Plaaslike Bestuursordonnansie nie ontken nie. Op die wyse het die administrasie dus nie eie inisiatief misken nie en om praktiese redes 'n groot mate van besluitneming oorgelaat aan plaaslike besture.⁷⁶ Dit was volgens Havemann egter nie 'n onaantasbare soewereiniteit waarop goedsmoeds aanspraak gemaak kon word nie.⁷⁷

Dit blyk baie duidelik dat die administrasie-van-die-dag dit nodig gevind het om ou vooroordele, wat skynbaar meer op die bevordering van eie belange in sekere gevalle berus het, af te takel. Daar is besef dat die Vrystaat nooit sou wegkom van sy aspoestertjie-beeld indien die verhoudings en werkspraktyke nie van bo tot onder gestroomlyn is nie. Derhalwe moes die administrasie, as die middelgroep tussen die regering en plaaslike besture, sorg dat hy sy kaarte reg speel.⁷⁸

6. **MODUS OPERANDI: 'N AANTAL VAN DIE BELANGRIKSTE PROBLEEMASPEKTE VAN DIE VRYSTAAT WAARAAN AANDAG VERLEEN IS**

Reeds teen 1963 het Havemann verklaar dat die administrasie dit nodig gevind het om by wyse van verskeie loodskomitees, navorsers en so meer, aandag te gee aan:

- 'n program van aksie rondom veldopnames met die medewerking van plaaslike besture;
- twee navorsingsprojekte deur die UOVS ten opsigte van:
 - a) 'n omvangryke verkeersopname,
 - b) 'n waardering van tegniese hulpdienste;

75. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 33.

76. Ibid., pp. 33-34. Vergelyk die rol van plaaslike besture by toerismebevordering.

77. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 33.

78. Vergelyk Die Volksblad, 19.04.61.

- twee besondere tekortkominge, te wete die indeling van die Vrystaat in beplanningstreke en die samestelling van 'n handleiding ter voorligting van die wyse waarop plaaslike besture en streek-ontwikkelingsverenigings projekopnames kon uitvoer.⁷⁹
- die Goudveld, Bloemfontein-kleinhoewe ondersoeke soos reeds aangedui, asook water- en krag ondersoeke.

Hierdie lys van werksaamhede het steeds langer geword. A.C. van Wyk, die latere LUK belas met Plaaslike Bestuur, het dié werk van die Beplanningsafdeling as uiters waardevol bestempel. Hy was klaarblyklik van mening dat dié instelling en die jong Beplannings- en Ontwikkelingsadviesraad - toe sowat 'n jaar oud - die Vrystaat net kon bevoordeel.⁸⁰

7. REKLAMERING VAN DIE VRYSTAAT (RESPEKTIEWELIK DIE SENTRAAL SUID-AFRIKAANSE GEBIED)

Daar is reeds grootliks aandag onder toerisme aan die fasette gegee. Groot waarde is geheg aan die lewenskragtigheid van die Sentrale Skou te Bloemfontein. Deur bemiddeling van Du Plessis en die Uitvoerende Komitee is 'n bedrag van R200 000 wat laasgenoemde aan die administrasie verskuldig was afgeskryf, wat heel verstaanbaar en lofwaardig is daar Du Plessis dit in die besonder as die provinsie se vertoonvenster beskou het.⁸¹ Volgens J.S. van Niekerk was dit vir Du Plessis 'n saak van groot trots. Afgesien van aspekte wat reeds bespreek is, het Du Plessis die inisiatief geneem om die

79. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 37; PR-notule, 26.02.63, p. 14.

80. PR-debatte, 17.02.66, p. 213. Die BOAR en die Beplanningsafdeling, het ten opsigte van hul onderskeie funksies, nou saamgewerk blykens die historiese verslag insake die BOAR, 1965-1971. Vergelyk die BOAR p. 36 algehele samewerking; p. 45 ten opsigte van watervorsing; p. 48 die Barrage-Vaaldamgebied - 'n projek waarby S.W. Kemp besondere inisiatief aan die dag gelê het; p. 48 die indeling van O.V.S. in ontwikkelingstreke; p. 50 Bloemfontein as groeipunt ten opsigte van benutting van kleurlingarbeid; p. 52 'n Beplanningstudie van die verstedeliking van Bloemfontein.

81. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/3. Dit het geskied met die goedkeuring van die Provinsiale Raad.

Vrystaatse kampioenuitstallers by die Sentrale Skou te betrek. Toe die koste ter sprake kom, het die administrasie 'n bydrae gemaak. Die beginsel word vandag nog toegepas.⁸² Van Niekerk bevestig: "Die idee het van hom [Du Plessis] uitgegaan om die Vrystaat as't ware saam te trek".⁸³

Wat die pragtige permanente uitstallokaal van die administrasie op die skouterrein betref, word Du Plessis deur Van Niekerk as die vader van die idee gehuldig. Die provinsie moes (tipies na die styl van Du Plessis) prominênt teenwoordig wees. Dit was nóg 'n nuutjie.⁸⁴ T.D. Potgieter onthou Du Plessis as iemand wat veel bygedra het om die skou op so 'n vlak te plaas dat dit spog met die tweede grootste saalperdeskou ter wêreld.⁸⁵

Gedurende 1963 het die administrasie 'n omvangryke reklameringspoging by wyse van sy O.V.S. Jaarboek 1963/64 geloods wat 'n "toonbeeld" van die vooruitstrewendheid van die administrasie blyk te wees.⁸⁶

In die voorwoord sê Du Plessis: "Hierin word gepoog om aan belangstellendes 'n beeld te gee van die provinsie soos hy vandag is, van sy onontgonne potensialiteite en van sy toekomsplanne".⁸⁷ Hy spreek die hoop uit dat diê Jaarboek as inligtingsbron oor die lewensvatbaarheid van die Vrystaat en as spoorslag vir Administrateur, beampte, nyweraar, boer en andere sal dien om die hoë ideale wat vir die provinsie gekoester is, te verwesenlik.⁸⁸ Aspekte soos plaaslike bestuur, toerismebevordering, beleggingsmoontlikhede en statistiek vir die nyweraar,⁸⁹ en die invloed van die spoorwegtariefbe-

82. Onderhoud met J.S. van Niekerk, voormalige skou-president, 29.04.87.

83. Ibid. Vergelyk besonderhede in diê verband in hoofstuk 4.

84. Ibid.

85. Onderhoud met T.D. Potgieter, 07.05.87. Vergelyk Supplement to the Friend, 25.04.68.

86. O.V.S. Jaarboek 1963/64.

87. Ibid.

88. Ibid., p. 7.

89. Vergelyk Bulletin nr. 1 soos vervat in O.V.S. Jaarboek 1963/64, pp. 45-63 en ook Bylae H.

leid op nywerheidsvestiging word hierin behandel.⁹⁰ In die slotwoord beklemtoon prof. F.C. van N. Fourie van die UOVS die feit dat die Vrystaat nog net op die drumpel van industriële ontwikkeling was.⁹¹

Hierin bevestig prof. F.C. van N. Fourie die noodsaaklikheid van 'n behoorlike infrastruktuur en die belang van beskikbare arbeid, opleidingsfasiliteite, behuising vir werknemers, die beskikbaarheid van roumateriaal, marktoeganklikheid en waarskynlik een van die heel belangrikste kommoditeite, naamlik water. Dit het 'n saak van nuwe belang in die versnelde industrialisasie- en verstedelikingsproses van Suid-Afrika geword.⁹²

In die Jaarboek kon feitlike gegewens vir insae aan die staat en voornemende nyweraars verskaf word om belangstelling te stimuleer.⁹³

8. VENNOOTSAP TUSSEN DIE ADMINISTRASIE EN PLAASLIKE BESTURE IN DIE UITBOUING VAN DIE STREEKSGEDAGTE

Waar die Vrystaat ingestel was om nywerhede, nyweraars en voornemende werkers te lok, is dit te wagte dat die beste voet voorgesit sou moes word. Tydens die bevordering van toerisme is, soos verduidelik, die voorkoms van dorpe opgeknop. Dat die opknapping van die voorkoms van dorpe nie net 'n tydelike maatreël was nie, is te danke aan die koördineringsmaatreëls van die plaaslike besture en die administrasie.

Waar dit reeds aan die hand van die gewysigde plaaslike bestuursordonnansie van 1962 en die Uitvoerende Komiteebeleid bespreek is, is dit nodig om na die implementering en sukses, al dan nie van die vennootskap tussen die administrasie en plaaslike besture te kyk.

90. O.V.S. Jaarboek 1963/64, pp. 65-76. Wanneer Bylae H tesame met die proefskrif van dr. S.W. Kemp, "n Beplanningstudie van die Verstedeliking van die Oranje-Vrystaat", vergelyk word, word 'n sinvolle geheelbeeld van die posisie van feitlik elke Vrystaatse stad of dorp vanaf omstreeks 1961 tot 1968 verkry. Die voormelde proefskrif blyk in 'n sekere sin 'n verlengstuk van Bulletin nr. 1 en 2 te wees.

91. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 80.

92. Ibid., pp. 77-80.

93. Vergelyk Die Volksblad, Tydige opname in die O.V.S., 19.04.61.

Die Vrystaatse Jaar- en Dagboek van 1965 toon aan dat die aktiwiteite van die Beplanningsafdeling in vier rigtings uitgebou is wat ooreenstem met die vyf wat reeds genoem is. Derhalwe word slegs na enkele aspekte van belang gekyk soos tegniese raadgewing wat onder meer behels dat raadgewing en leiding verskaf is aan stedelike gemeenskappe, asook die formulering van ontwerpstandaarde en gebruikskodes, keuring van munisipale ontwikkelingskemas en dorpsbeplanning. In dié verband is aandag geskenk aan beplanning en lokalisering van kerngemeenskappe, die basiese benadering rondom dorpsaanlegte, buurtstigting,⁹⁴ waaronder ook uitbreidings en kleinhoewes.⁹⁵ Deur streeksbeplanning- en ontwikkeling is voortdurend probeer om die natuurlike hulpbronne en ontwikkelingsmoontlikhede van gebiede met besondere kenmerke en eiesoortige streke te eien, te ontleed en te bevorder.⁹⁶

8.1 DIE DORPERAAD

Volgens P.L. la Grange was daar in die Vrystaat nie soseer Afdelingsrade, Gesondheidsrade en Buitestedelike rade soos onder meer in die Kaapprovinsie, Natal en Transvaal wat tussen die administrasie en plaaslike besture plek kon inneem nie. Dit het direkte toegang vanaf die tweedevlak tot die derdevlak regering in die Vrystaat vergemaklik en kon daaraan gewerk word om 'n gesonde verhouding tussen hierdie twee instansies uit te bou. Dit het gegeld vir beide die ou en nuwe Dorperaad. Eersgenoemde het gestaan onder voorsitterskap van die landmeter-generaal, terwyl laasgenoemde beheer is deur 'n aangewese voorsitter van die administrasie. Hierbenewens het die raad bestaan uit die registrateur van aktes, die direkteur van Plaaslike Bestuur en twee aangestelde lede, gewoonlik iemand met regs kennis en 'n persoon met landboukennis, daar die Dorperaad baie te doen gehad met die onderverdeling van plaas- en dorpsgronde.⁹⁷ Omstreeks 1967 is raadgewing insake detail-dorpsbeplanning deur die Beplanningsafdeling van die

94. O.V.S. Jaar- en Dagboek 1965, p. 13.

95. Vide infra kleinhoewes en dorpsstigting pp. 225 - 230 en verder.

96. O.V.S. Jaar- en Dagboek 1965, p. 13. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/1 en die Beleidsverklaring: Afdeling Plaaslike Bestuur en Ontwikkeling: Februarie - Maart sitting 1968.

97. Onderhoud met P.L. la Grange, 10.10.87. Vergelyk PR-debatte, 06.03.68, p. 243 ten opsigte van bovermelde rade, sowel as die beskouing van A.C. van Wyk, LUK belas met Plaaslike Bestuur in verband met die uitbouing van gesonde verhoudings.

administrasie en roetineaansoeke deur die Dorperaad hanteer. Laasgenoemde was veronderstel om ook deur die administrasie behandel te word. As gevolg van 'n tekort aan vakkundiges is aansoeke om dorpsaanleg-aangeleenthede, soos gidsplanne, uitbreidings, onderverdelings, en so meer, grotendeels deur die Dorperaad behandel. Hulle was ook medeverantwoordelik vir padbeplanning naby dorpe.⁹⁸

Wanneer 'n dorp 'n uitleg wou doen, het die Dorperaad dus die aangeleentheid gaan ondersoek. Op dié wyse is hulle in staat gestel om saam met die plaaslike gesagsdraers om 'n tafel te beraadslaag in belang van die provinsie. Dit het gelei tot groter samehorigheid. Alle persone van belang by dorpsstigting is deur die dorperaadstelsel in staat gestel om direkte terugvoering te kon gee aan plaaslike besture. So byvoorbeeld kon die landmeter-generaal wat die kaarte moes goedkeur, toesien dat dit reg is. Ook kon die registrateur van aktes sy funksie vervul en vroegtydig kommentaar lewer.

Die hoofdoel was om sorg te dra dat plaaslike besture nie probleme sou ervaar tydens dorpsuitbreiding nie.⁹⁹ Dit moes, nadat die aangeleentheid op grond van meriete goedgekeur is,¹⁰⁰ "net 'n plesier wees om die nuwe deel van die dorp te inkorporeer" sonder die belading van enige onnodige uitgawes op die belastingbetaler.

Volgens La Grange het die Komponent Plaaslike Bestuur daarna gestreef om 'n ingesteldheid by alle lede van die Komponent aan te kweek om aandag te gee aan probleme wat stadsklerke en raadslede ervaar het, al het dit ook buite

98. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2.

99. Onderhoud met P.L. la Grange, 10.10.87.

100. Ibid. Vergelyk onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87. Die Dorperaad het tereg advies gegee oor, en die beplanning goedgekeur, maar nie self beplanning onderneem nie.

so 'n persoon se spesifieke werksterrein geval. Op dié wyse is probleemassekte vinnig onder die administrasie se aandag gebring.¹⁰¹

Die afwenteling van die administrasie se gesag het met groeipyne gepaard gegaan en omstreeks 1967 die wysiging van die Dorpe-ordonnansie genoodsaak om voorsiening te maak vir die verdeling van gesag tussen eersgenoemde en die Dorperaad.¹⁰²

Dorpsbeplanning is gedoen deur die dorpe self óf deur beplanners vir die dorpe, veral sedert die Beplanningsafdeling op die been gebring is. Hulp is ook via die beplanners aan klein dorpies verleen waar onverwagte krisisse opgeduik het - of by uitsondering aan ietwat groter dorpe. Die benadering was om nie op die terrein van die privaat sektor te beweeg nie. In gevalle waar hulp verleen is, het die administrasie se beplanners onder meer toegetree waar staatsbeleid ook betrokke was. Dit was vir laasgenoemdes makliker om te help vanweë hul direkte toegang tot staatsorganisasies.¹⁰³

8.2 "STREEKSBEPLANNING" IN DIE VRYSTAAT

Soos alreeds aangetoon was streeksbeplanning eintlik "onwettig". Tog blyk dit volgens dr. Kemp dat Du Plessis die aangeleentheid heeltemal korrek volgens die Vrystaat se behoeftes hanteer het. Eersgenoemde word bevestig deur P.L. la Grange wat reken - soos aangetoon - dat Du Plessis beheer in 'n moeilike tyd oorgeneem het. In dié verband reken dr. Kemp dat sake bemoelilik is deur die owerheidsbeleid wat grensgebiede bevoordeel het.¹⁰⁴

101. Onderhoud met P.L. la Grange, 10.10.87. Meer spesifiek sê S.W. Kemp - onderhoud 30.11.87 - waar 'n plaaslike bestuur slagpale of woonerwe nodig gehad het of ander fisiese beplanningsprobleme wou uitstryk, het hulle die Dorperaad se voorsitter of die beplanners geskakel. Die wyse van raadgewing soos hierbo vermeld het dan plaasgevind. Kemp is van mening dat dit 'n geweldige groot rol gespeel het. "En ek beskou dit as seker die nuttigste of grootste ding wat ons kon gee op administratiewe vlak."

102. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2.

103. Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87.

104. Ibid., Vergelyk die beskouing van nasionale leiers: Die Volksblad, Grensnywerhede laat Bantoes beter lewe - dr. H.J. van Eck, 11.11.64.

Die Vrystaat was - en is vandag nog - nie soseer 'n nywerheidsgebied nie. "Oom Sand het gevoel dat ook op daardie gebied die maksimum verkry moes word. Benewens die Vrystaat moes alle ander streke baklei om iets te verkry en dan was daar miskien die gevoel van staatsweë af - jy's besig om teen staatsbeleid te handel terwyl dit nie eintlik die bedoeling was nie."¹⁰⁵

In der waarheid het die provinsiale regering nie ingemeng met sentrale owerheidsprojekte, soos die Noordwes-Vrystaatse ontwikkeling (Goudveldgebied) nie.¹⁰⁶ Dr. Kemp beweer: "Die staatsdepartemente sou ons ook nie toegelaat het nie".¹⁰⁷ Waar daar moontlik sprake van toutrekkery kon wees blyk dit uit die nuwe benadering van Du Plessis, dat die provinsie op terreine wat nie soseer aandag gekry het nie, moes inklim.¹⁰⁸ Hierdie projekte het die kleinhoewes, watervorsing en vele ander terreine ingesluit, sommige waarvan reeds vermeld is.

Voordat die Beplanningsafdeling sterker uitgebou is, het beplanning merendeels op die skouers van die ingenieurs gerus.¹⁰⁹ Van die ingenieurs

-
105. Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87. Vergelyk hiër die spoortarif-vertoë. In geval van nywerheidsvestigingspogings is dit verder gestimuleer - deur die vrees - wat glad nie ongegrond was nie - dat die goudmyne op 'n vroeë stadium onproduktief sou wees. In sommige gevalle het dit gebeur dat myne getref is deur dalende goudpryse met 'n gevolglike nadelige kettingreaksie. Die administrasie en Du Plessis wou dus betyds voorsorgmaatreëls tref om iets anders in die mynbedryf se plek te stel. Gesprek met dr. S.W. Kemp, 30.11.87.
106. Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87. Vergelyk Die BOAR, 1965 - 1971, p. 9 wat ingestel was om bystand sonder inmenging aan die sentrale owerheid te verleen om tergende probleme in die Vrystaat soos in ander dele van die RSA, te help oplos.
107. Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87.
108. Ibid.
109. Ibid. Vergelyk uiteensetting ten opsigte van die Skema- en Beplanningsafdeling.

het gevoel dat daar 'n studie gemaak moes word van die Vrystaat se krag en waterpotensiaal, wat ook die grondslag vir nywerheidsontwikkeling is.¹¹⁰ Daarom was daar ook besondere belangstelling in die Oranjerivierprojek by baie Vrystaters, waaronder lede van die Provinsiale Raad, die Vrystaatse Munisipale Vereniging¹¹¹ en heelwaarskynlik ook die gewone burger. In verband met die beplanning van die Verwoerddam-dorpie is byvoorbeeld planne deur Kemp voorgelê aan die eerste resident-ingenieur,¹¹² maar dit waarmee die Vrystaatse Beplanningsafdeling hul besig gehou het, het volgens Kemp, nie werklik op die terrein van die sentrale owerheid oortree nie. Aangesien die Vrystaat nie Buitestedelike of Afdelingsrade gehad het nie, het die Beplanningsafdeling eerder die plaaslike gemeenskappe van raad bedien, as werklike streeksbeplanning verrig. Dus nadat die Beplanningsafdeling geskep is, het dit "amper parallel" met die Dorperaad advies gegee, waarna 'n verandering in 1967 soos aangetoon, ingetree het.¹¹³

8.3 KOÖRDINERINGSMAATREËLS WORD VERSTEWIG: HOOGTEPUNTE

8.3.1 PERSPEKTIEF OP SINVOLLE VERANDERINGE EN BELEID: REGERINGS- EN PROVINSIALE VLAK

Dienslewering aan die Vrystaatse gemeenskap het soos 'n paal bo water gestaan. Die nuwe Plaaslike Bestuursbeleid wat gedurende 1968 deur A.C. van Wyk, LUK belas met Plaaslike Bestuur in die Provinsiale Raad voorgelê is, het aansluiting by dié van Havemann van 1963 gevind. Dit het eerstens in die besonder klem gelê op differensiasie. Hiervolgens het die administrasie

110. Ibid.

111. Ibid. Vergelyk ook Die Volksblad, Vrystaat afgeskeep met Oranjeplan, R. Greyling, raadslid Bloemfontein, 12.11.64. Interessante pleidooie is tydens die jaarkongres van die Vrystaatse Munisipale Vereniging in dié verband gelewer. Dr. Kemp onthou dat die Vereniging in die algemeen druk op die administrasie uitgeoefen het om die maksimum voordele vir die Vrystaat uit die Oranjerivierprojek te verkry. Die aard van die pleidooie tydens dié voormelde kongres bevestig dit baie duidelik.

112. Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87. Onbewus van mekaar het Waterwese toe ook reeds hul eie plan opgestel gehad - maar met waardering kennis geneem van die administrasie se moeite.

113. Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87.

in hul hantering van dorpsaangeleenthede begrip aan die dag gelê vir onderlinge verskille tussen verskillende dorpe en stede. Ten tweede, is die ontwikkelingsmoontlikhede van die "sub-nasionale gebied" as van groot belang geag, nie net in provinsiale belang nie. In dié verband is die aaneenskakeling van die Vrystaat met grensgebiede van buurprovinsies hoog aangeslaan.¹¹⁴ Deur hierdie beleid is daar sinvolle toevoegings gemaak tot die ou beleid en was dit ook meer afgebakend om aan te pas by tydsomstandighede wat sekere veranderinge meegebring het.¹¹⁵

Die veranderinge wat die nuwe Plaaslike Bestuursbeleid voorafgegaan het en vir die Vrystaat van belang was, is die instelling van die Staatsdepartement Beplanning teen die einde van 1964.¹¹⁶ Daarmee saam het die Vrystaatse Administrasie bykans gelyktydig sy eie Beplannings en Ontwikkelingsadviesraad of BOAR vroeg in 1965 in die lewe geroep.¹¹⁷ Die belangrike is dat die instellings uit behoefte ontwikkel het. Dit is bekend dat Natal die voorloper op die beplanningsterrein was en dat beide die regering en Vrystaatse Administrasie Natal geraadpleeg het.¹¹⁸ Hoe dit ookal sy, die Vrystaatse Uitvoerende Komitee het reeds in 1960 'n Beplanningsraad in die vooruitsig gestel¹¹⁹ waarin Du Plessis en N. Viljoen, volgens dr. Kemp, geen geringe rol gespeel het nie.¹²⁰ Andersins het die regering reeds voorlopers gehad waaronder die RONH, soos reeds behandel.

Beide die Departement van Beplanning met sy Beplanningsraad en die BOAR - met die goedkeuring van die regering¹²¹ - was vir die Vrystaatse Administrasie van belang. Dit is in die vooruitsig gestel om oorhoofse beplanning

114. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/1.

115. Ibid.

116. Vergelyk The Friend, Administrator welcomes the planning ministry, 29.09.64; Volksraadsdebatte, 10.02.65, kol. 906-911. Die redakteur van Die Volksblad het die ideale van die O.V.S.-Administrasie by wyse van sy inleidingsartikel in werklikheid op 'n bondige wyse saamgevat. Vergelyk Die Volksblad, Inleidingsartikel, 22.08.64.

117. Vergelyk Die Transvaler, 16.11.64.

118. Vergelyk die voorafgaande deel van die hoofstuk.

119. UK-notule, min. 1150, 07.11.60; min. 1393, 8/9.10.63; 'n Tweede keer oorweeg.

120. Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87.

121. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2.

hetsy nasionaal of provinsiaal op 'n beter grondslag te plaas.¹²² Persoonlik het Du Plessis hom as volg daaroor uitgelaat: "I am very happy with this new co-ordination by the Government. This will give us our place in the industrial development of the country as a whole. I am particularly keen on this idea of co-ordination and co-operation at a national level".¹²³

Die gevolg was dat koördinering van beplanningsprojekte op regerings- en provinsiale vlakke net beter aandag kon geniet. Die BOAR sou - op provinsiale vlak - geensins die werk van Plaaslike Bestuur en sy beplanningsafdelings oorneem nie. Dit sou net 'n toevoeging tot die spanwerk en koördinering van instansies in die Vrystaat wees¹²⁴ wat toe reeds sedert 1960 in alle erns in diens van die gemeenskap gestaan het. In dië verband is die waardevolle werk van loodskomitees en die Dorperaad ook noemenswaardig. Dit blyk volgens dr. Kemp dat die gees wat van die Administrateur en P.L. la Grange uitgegaan het "n filosofie was om alles in werking te stel om ontwikkeling aan te moedig en klippe uit die pad van ontwikkelaars te rol".¹²⁵ Hierdie positiewe ingesteldheid het die administratiewe personeel belas met beplanning soms laat bontstaan hoe skepties laasgenoemdes soms ookal oor die aard van aansoeke was.¹²⁶

Volgens 'n provinsiale inligtingstuk wat vermoedelik deur die BOAR opgestel is, is die gevolgtrekking gemaak dat die grootste probleem op plaaslike bestuursvlak veroorsaak is deur omstandighede waar daar nie altyd genoeg opgeleide persone was om met beplanning te help nie. Die Dorperaad was - soos aangetoon - nie 'n beplanningsliggaam nie en het slegs krities-raadgewend opgetree en kon nie aandag aan die fynere beplanningsaspekte gee nie.¹²⁷

Vir P.L. la Grange was die toeganklikheid tot die Administrateur se kantoor van groot belang.¹²⁸ Dit was "nooit vir my 'n probleem gewees om in te stap

-
122. Ibid., Inligtingstuk: Fisiese Beplanning deur die Provinsiale Administrasie van die O.V.S.
123. The Friend, 29.09.64. Vergelyk PR-notule, 03.02.65, p. 19.
124. Vergelyk Die BOAR, 1965-1971 soos reeds aangedui.
125. Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87. Vergelyk ook Die Volksblad, 10.04.68.
126. Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87.
127. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2.
128. Onderhoud met P.L. la Grange, 10.10.87.

by die Administrateur om 'n saak te gaan verduidelik, of te bespreek, voor te lê of te wys op probleme of iets dergeliks nie. Jy is altyd hartlik en openlik ontvang".¹²⁹ Daar is altyd gekyk na wat in belang van die provinsie was en wat die beste sou wees vir die administrasie, vir die plaaslike bestuur en vir die land in sy geheel. Volgens La Grange was dit die drie pilare waarop gebou is en wat altyd vooropgestel is in landsbelang en eenheidsregering. Nooit is daar probeer om eie belang te bevorder nie.¹³⁰

Enige saak wat meriete gehad het, het die ondersteuning van die Administrateur geniet.¹³¹

8.3.2 DIE BEPLANNINGS- EN ONTWIKKELINGSADVIESRAAD VAN DIE VRYSTAAT (BOAR)

Gedurende Oktober 1964 het die Uitvoerende Komitee besluit dat die verworwe inligting rondom die Vrystaat se moontlikhede en probleme op 'n vaste basis verwerk en gekoördineer moes word.¹³² Die konsep van die Beplanningsraad, wat reeds op 7 November 1960 deur die Administrateur-in-Rade goedgekeur is¹³³ en onder die sambreel van plaaslike bestuur vir insameling en ontleding van inligting gehuisves is, sou na gelang van die behoefte verander word. Du Plessis het in dié verband verklaar dat hulle reeds besig was om te bou in die rigting van 'n organisasie wat die administrasie kon bystaan om die regte beslissings te neem.¹³⁴ Die Vrystaat het sy eie Beplannings- en Ontwikkelingsadviesraad verkry. Die benaming Beplanningsraad volgens die oorspronklike bedoeling, is dus op 'n gepaste en funksionele wyse verander. Dit blyk 'n logiese stap te gewees het, daar sommige van die verslae wat vir finale beslissing aan die Uitvoerende Komitee voorgelê is, uit omvangryke stukke bestaan het. Op die wyse is

129. Ibid.

130. Ibid.

131. Ibid.

132. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2. Dit blyk uit onderhoude met dr. J. de Beer en prof. Fourie, dat Du Plessis altyd op soek was na ontwikkelingsmoontlikhede vir die Vrystaat en hy wou terugvoering hê.

133. UK-notule, min. 1150, 07.11.60.

134. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2.

byvoorbeeld aandag gegee aan die beplanningsverslag van die Barrage-Vaaldam-gebied wat tydens 'n uitgebreide ondersoek opgestel is met die hulp van die hoofbeplanner.¹³⁵

Die Beplannings- en Ontwikkelingsadviesraad moes ook 'n plan vir ontwikkeling van die Vrystaat opstel wat by die patroon van Suid-Afrika kon inskakel, aldus Du Plessis. "Indien ons nie self ons groot bates opveel nie, sal niemand anders dit vir ons doen nie."¹³⁶

Van wesenlike belang is dat die Uitvoerende Komitee daarin geslaag het om vooraanstaande kundiges se belangstelling te wek om van hul tyd af te staan, maar ook uit die aard van hul posisie nuwe perspektiewe in belang van die Vrystaat in te bring. Die eerste voorsitter wat op 'n tydelike basis aangestel is, was J.M. Rothmann, die voormalige Provinsiale Sekretaris van die provinsie. Die destydse lede was dr. P.E. Rousseau, voorsitter van Sasol; prof. H.J. Samuels, ekonoom van Bloemfontein; Ninham Shand, raadgewende ingenieur van Kaapstad; prof. P.C. Fourie, direkteur van die Instituut van Sosiale en Ekonomiese Navorsing van die UOVS (ISEN); dr. C.J. Stander van die WNNR; A.C. van Wyk, LPR en C.J. Viljoen van die Departement van Beplanning. Dié raad het die Vrystaat op wetenskaplike wyse in beplanning- en ontwikkelingsstreek verdeel¹³⁷ in 'n poging om 'n totale provinsiale ontwikkelingsplan op te stel waarby alle instansies betrokke by plaaslike en streeksbeplanning kon inpas. Voormalige beplanningsprojekte wat onder meer deur loodskomitees uitgevoer is, rondom byvoorbeeld die Goudveld, die Oranjerivierprojek, selfs Onderwysdifferensiasie, die Buro van Onderwys, die Jeugkoor, SUKOVS, Oostelike en Westelike Vrystaatse paaie om enkeles te noem, is ondersoek,¹³⁸ herwaardeer en aangevul waar nodig. Daarbenewens moes 'n voorkeurlys van projekte opgestel word. Die raad moes al hierdie navorsings-, ontwikkelings- en beplanningsprojekte van die Vrystaat koördineer deur eie navorsing, ontleding en aanbevelings, waarna ontwikkelingsplanne aan die Uitvoerende Komitee voorgelê is vir finale oorweging.¹³⁹

135. Die BOAR, 1965-1971, p. 48.

136. Die Volksblad, 06.10.61.

137. Ibid., 14.11.64.

138. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/2. Vide supra pp. 212-213.

139. Die Volksblad, 14.11.64.

8.3.3 DIE SKEPPING VAN 'N ALLESOMVATTENDE BEHEERLIGGAAM VIR ALLE BEPLANNINGSORGANE VAN DIE O.V.S.-ADMINISTRASIE

Tydens die Raadsitting van Februarie 1965 het Du Plessis bekend gemaak dat hulle alle ontwikkelingspogings en die afdelings van die administrasie wat daarmee te doen het, saamgesnoer het onder 'n Direkteur van Plaaslike Bestuur en Ontwikkeling. Hiermee is die vroeëre Komponent Plaaslike Bestuur se jurisdiksie uitgebrei om alle ontwikkelingspogings deur die nuwe beplanningsorgane van die administrasie finaal te koördineer.¹⁴⁰

Du Plessis het te kenne gegee dat die veld wat onder die sambreel van die nuwe Komponent Plaaslike Bestuur en Ontwikkeling gedek sou word, skynbaar alles wat die potensiaal van die Vrystaat sou kon verbreed, moes omvat. Hierdie besluit van die Uitvoerende Komitee was blykens die historiese verslag van die BOAR, 1965 - 1971 ook die vertrekpunt van die BOAR waaraan hulle op hul beurt mettertyd 'n nuwe beslag gegee het.¹⁴¹

Volgens Du Plessis sou dit vir plaaslike besture tot wie die gefundeerde inligting van die administrasie se beplanningsmodelle sou uitgaan, van die grootste belang wees om instansies soos die Adviserende Raad vir Reklame en Toerismebeoordering (ARRTBO), streekstate van die Vrystaat en die Streeksraad vir Uitvoerende Kunste (SUKOVS), te steun. Om koördinering van provinsiale aktiwiteite te bewerkstellig, is hierdie instellings ook onder die Komponent Plaaslike Bestuur en Ontwikkeling ingebring, net soos die BOAR en alle ander ontwikkelingsprojekte.¹⁴²

9. GOUDVELDSE DORPE AS BEPLANNINGSMODELLE EN DIE GEVOLGE OP DIE RES VAN DIE VRYSTAAT

Toe Du Plessis die Vrystaatse Administrateur geword het, was Welkom beswaarlik tien jaar oud. In 1951 was die inwonertal van Welkom maar sowat 6 700 waarna dit in 1960 tot 26 000 aangegroei het.¹⁴³ In 1968 het Welkom

140. Vergelyk The Friend, 03.02.65 en Die Volksblad, 03.02.65, PR-notule, 02.02.65, p. 7; Vide supra p.160, Hoofstuk 4. Onderwys- en Padbeplanning sou as afsonderlike entiteite nie hierdeur geraak word nie.

141. Die BOAR, 1965 - 1971, pp. 7, 10, 11, 14 en 15.

142. PR-notule, 02.02.65, pp. 6-8.

143. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/8/2; Die Volksblad, 06.03.65.

stadstatus verkry, - die tweede in die Vrystaat.¹⁴⁴ Die tempo van ontwikkeling alhier sou dus besondere aandag van die administrasie vereis. Dat hulle dit met groot erns uitgevoer het, blyk gewis en is waarskynlik een van die redes waarom die Administrateur met die ereburgerskap van Welkom vereer is.¹⁴⁵

Daar Welkom algemeen bekend is as 'n goedbeplande dorp wat reeds in beeld deur 'n kunstenaar in die O.V.S. Jaar- en Dagboek van 1950 gevisualiseer is, hoef daar seker nie in detail hierop ingegaan te word nie. Wat wel van belang is, is dat die vroeë model van beplanning klaarblyklik nie ongemerk by die Administrateur verbygegaan het nie. By geleentheid het hy na Welkom verwys as 'n toonbeeld van verbeeldingryke dorpsontwikkeling.¹⁴⁶ 'n Lugfoto van Sasolburg teen 1964 skep eweneens die indruk dat beplanners besondere moeite met dië dorpsuitleg gedoen het. Op daardie stadium was Sasolburg reeds goed gevestig¹⁴⁷ en het Du Plessis in dieselfde jaar die beplanning van Sasolburg voorgedou as 'n duidelike bewys van die voordele wat vooraf beplanning vir dië besondere gemeenskap ingedou het.¹⁴⁸ Vanaf 1 April 1967 het Sasolburg 'n volwaardige munisipaliteit geword.¹⁴⁹

Uit hierdie inligting en die voorsorgmaatreëls wat getref is teen bankrotskap en misplaaste dorpsaanlegte of uitbreidings - waarvan die voormalige direkteur van Plaaslike Bestuur melding maak in sy terugblik op die twee dekades vyftig en sestig - word afgelei dat die Vrystaat se administrasie dorpsstigting met erns bejeën het. Die ontstaan van onder meer Welkom en Sasolburg het aan die Vrystaters 'n nuwe ingesteldheid teenoor en gereedheid vir dorpsontwikkeling gegee.

144. Vergelyk Die Volksblad, 'n Nuwe stad juig, 15.02.68.

145. Ibid.

146. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/8/2.

147. O.V.S. Jaarboek 1963/64, p. 37.

148. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/2.

149. Ibid., Lêer 1/9/3. In April 1952 is die eerste woonhuise opgerig - hoewel die dorp eers op 8 September 1954 geproklameer is. Ten tye van 1966 was daar 2 724 woonhuise en 542 woonstelle. Teen die einde van 1964 was daar 'n blanke bevolking van bykans 10 000 en was die munisipale waardasie aldus die Administrateur rondom R18 miljoen. Op daardie stadium was die verwagting dat nog groot fabriek ter waarde van plus minus R34 miljoen opgerig sou word. Vergelyk Die Transvaler, 16.11.64.

P.L. la Grange bevestig dat die administrasie besef het dat hulle 'n nuwe ontwikkelingsfase betree het. Planmatige ontwikkeling moes die koersaanduiding wees en hierdie ferm beleid het uiteindelik daartoe gelei dat daar in dorpsstigting baie bereik is vir die inwoners van die Vrystaat.¹⁵⁰

Na die ontdekking van goud in die Vrystaat was daar die moontlikheid dat nuwe dorpe of uitlegte by bestaande dorpe baie skielik nodig kon wees. As voorbeeld het Du Plessis in Februarie 1967 bekend gemaak dat die administrasie vinnig moes optree toe 'n nuwe goudmyn in die Noordwes-Vrystaat tot stand gekom het.¹⁵¹ Volgens hom was "Housing for the miners .. discussed and this administration had to make a rapid assessment of the advantages and disadvantages, as well as obligations involved".¹⁵²

Van verdere belang is dat die administrasie gelukkige gemeenskappe wat trots op hul dorpe was, wou aanmoedig. Dit skyn ook deel te wees van die oorhoofse reklameringspoging ten tye van Du Plessis se termyn en word dit aan die hand van die eenvoudige model van dorpsstigting waarvan Du Plessis hierbo melding gemaak het, afgelei. In dié geval het hy eweneens verklaar dat die Beplannings- en Ontwikkelingsadviesraad sulke goeie werk gedoen het, om die potensiaal van die provinsie op die voorgrond te bring, dat dit 'n permanente instelling geword het en hul werk ook in verband met die voormelde goudmyndorpsontwikkeling gebring het.¹⁵³ "The potentialities of the Province are being studied and made known as far as possible".¹⁵⁴ Volgens die reëls van goeie reklamerings kon dit beteken dat die naam van die Vrystaat geensins onder nuwe intrekke geskaad moes word deur swak beplanning van minderwaardige dorpe nie. Die Vrystaat was immers ingestel om blanke werkers te lok en om homself te adverteer; derhalwe moes net die beste aangebied word.

9.1 STIGTINGSVOORWAARDES

Die erns waarmee dorpsaanlegte bejeën en bevorder is blyk uit inligting wat in die onderskeie O.V.S. Jaar- en Dagboeke vanaf 1965 tot 1969 vervat is. Daarin word vermeld dat die stigting van 'n dorp gepaardgaan met baie

-
150. Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.
 151. The Friend, 22.02.67. Vergelyk PR-notule, 21.02.67, p. 7.
 152. Ibid., PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/20/2.
 153. The Friend, 22.02.67.
 154. Ibid.

probleme en talle vergaderings, onderhoude en korrespondensie verg.¹⁵⁵ Volgens La Grange was dit daarby beleid dat die administrasie in belang van die Vrystaat, Suid-Afrika en dorpsbewoners, geen minderwaardige projek aanvaar nie. Aansoeke van voornemende dorpstigters met 'n onbewese rekord is summier afgewys.¹⁵⁶ Waar gevalle van bankrotskappe reeds vroeër voorgekom het kan die geval Vaalpark waarskynlik as 'n voorbeeld dien van dit wat die administrasie juis wou verhoed, nadat daar reeds pogings in die vyftigerjare aangewend is om dit te ontwikkel en van die dorpstigters insolvent geraak het.¹⁵⁷

Dit was 'n voorwaarde by verkoop van erwe in die provinsie dat 'n behoorlike infrastruktuur deur 'n voornemende dorpstigter aangebring moes word. Erwe was nie vir die publiek toeganklik nie alvorens strate en ander dienste voltooi was en normaal gefunksioneer het nie.

Met hierdie voorwaardes was beoog dat die Vrystaatse dorpsontwikkelings geen finansiële probleme moes ondervind nie, aldus La Grange. Daarom moes die ontwikkelaar van byvoorbeeld Welkom, iets soos R1½ miljoen¹⁵⁸ se bates in geld wat deur hom in trust gehou is, na die munisipale kas oordra. Hy was verplig om net soos 'n munisipaliteit die trustfondse van die toekomstige plaaslike bestuur op te bou en te bewaar.

155. O.V.S. Jaar- en Dagboek 1965, p. 41.

156. Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.

157. Gesprek met S.W. Kemp, 30.11.87. Vergelyk die BOAR 1965-1971, p. 49, betreffende die erns waarmee die administrasie die voortgesette ontwikkeling van Vaalpark bejeën het: "die ontwikkeling van Vaalpark die daadwerklike en permanente aandag van die administrasie geniet om te verseker dat die ontwikkeling aldaar, in besonder die voorsiening van dienste, op die nodige peil geskied". Vergelyk UK-notule, min. 704, 03.06.68.

158. Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87; Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/1. In die verband het Du Plessis bo-aan 'n toespraak-nota, gehou te Welkom, 'n bedrag van R1 286 409 geskryf. In geval van Sasolburg moes die "Village Management Board" blykens die verwagting R1 104 370 in trust hou. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/3.

Daarbenewens moes die ontwikkelaar 'n komitee aanstel wat die rol van 'n plaaslike bestuur vervul het. Die lede van hierdie komitee is dan geleidelik deur benoemings vanaf die administrasie uitgefaseer, sodat sulke persone ware ingeburgerdes van 'n nuwe dorp sou wees, met ander woorde hulle moes vyf tot sewe jaar in die dorp woonagtig wees. Dit is gedoen omdat byna 90 persent van die mense uit die Transvaal afkomstig was en nog in murg en been Transvalers was.¹⁵⁹ Persoonlik was Du Plessis van mening dat so 'n aangestelde bestuur een van die "gesondste" maniere van beheer vir nuwe dorpe was.¹⁶⁰

Gedurende 1962 het die administrasie kragtens Ordonnansie nr. 8 van 1962 bepalinge opgestel waarvolgens dorpsbesture saamgestel is. Die O.V.S. Jaar- en Dagboek van 1965 beskryf dorpsbesture as verenigings wat normaalweg in die lewe geroep word in samelewings wat nog nie gereed was vir die stigting van munisipaliteite nie, maar wat vanweë ontwikkeling een of ander manier van bestuur nodig gehad het. Hul magte was uiteraard minder uitgebreid as dié van munisipale besture en beperk tot die voorsiening van die nodige infrastruktuur.¹⁶¹

Die groot verantwoordelikheid wat in toenemende mate op die administrasie gerus het, blyk uit die volgende gegewens:

<u>O.V.S.</u>	<u>Belasbare waardasie</u>	<u>Totale inkomste</u>
<u>Plaaslike Besture</u>	<u>op eiendomme</u>	
1960 66	R260 000 000 oorskry	R14 000 000 ¹⁶²
1968 76	R400 000 000 oorskry	R26 000 000 bykans ¹⁶³

159. Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.

160. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/3. Dit was byvoorbeeld die praktyk op Sasolburg vir die eerste tien jaar van sy bestaan, voordat die eerste vier bestuurslede op 1 April 1965 verkies is.

161. O.V.S. Jaar- en Dagboek 1965, p. 39.

162. Ibid.

163. Ibid., 1970, p. 39. Hierdie bron toon nie die aantal plaaslike besture aan nie. Die getal hier vermeld is verkry uit die voormelde proefskrif van dr. S.W. Kemp, p. 66.

Hierdie gegewens is 'n aanduiding van wat in die Vrystaat vermag is en ondersteun is deur die uitbouingsbeleid van die Uitvoerende Komitee, wat groot leningsaansoeke van plaaslike besture goedgekeur het. Verantwoorde=like besteding wat gemeenskaps groei moes stimuleer, is blykbaar nooit afgekeur nie, blykens die talle aansoeke in die verband wat in die Notules van die Uitvoerende Komitee vanaf 1960 tot 1969, voorkom.

10. DTE KLEINHOEWES

Volgens A.C. van Wyk het Du Plessis vanweë sy ervaring as sakeman, 'n sintuig vir ontwikkeling op 'n sakegrondslag gehad. Dorpsontwikkeling het al die uitdagings gebied om sy sakevernuif en beplanningsvaardighede met mekaar te kombineer, sodat dit in die woorde van eersgenoemde, eintlik as 'n liefhebberij beskou kon word. Hierdie belangstelling in dorpsontwikkeling het nie net die groot stedelike komplekse omvat nie, maar ook die kleiner dorpies en kleinhoewes ingesluit. Dorpsontwikkeling was, blykens Van Wyk, 'n groot rede hoekom Du Plessis in 1964/65 die BOAR op die been gebring het.

Van Wyk reken dat Du Plessis aanvanklik nywerhede na Bloemfontein wou lok, soos reeds aangedui is in hoofstuk een. In voortsetting van sy filosofie wou Du Plessis ook die ontwikkeling van die Bloemfonteinse kleinhoewegebiede stimuleer. Dit het onder meer Bloemspruit en Bainsvlei ingesluit aangesien hy iets van hulle wou maak om orde uit die chaos te skep.¹⁶⁴ P.L. la Grange bevestig dit in sy weergawe van kleinhoeweprobleme en onthou dat probleme rondom die kleinhoewes sover terugstrek as die administrateurstermyn van J.J. Fouché.¹⁶⁵ Beide persone is dit eens dat dië gebiede nie altyd so kapitaalkragtig en ordelik was nie en dat baie van hierdie hoewes dikwels

164. Onderhoud met A.C. van Wyk, 13.05.87.

165. Onderhoud met P.L. la Grange, 10.10.87.

verwaarloos voorgekom het.¹⁶⁶ Du Plessis wou graag orde skep asook hierdie kleinhoewes in dorpsgebiede omskep. Die ideaal om Estoire deel van Bloemfontein te maak het egter nooit gerealiseer nie.

Van Wyk tipeer die werk van die BOAR as baie goed.¹⁶⁷ "Hulle het baie teenstand gekry van die kleinhoewe-eienaars, wat moord wou skreeu en gesê het dat hulle ontroof word van hul bietjie inkomste. Dit was nie 'n maklike storie nie."¹⁶⁸

Die aangeleentheid het 'n eie historiese aanloop gehad wat vir beide die regering en die administrasie 'n probleem was.¹⁶⁹ Die hoewes rondom Bloemfontein het ontstaan ten tye van die blanke verstedeliking. Plattelanders wou graag hul bande met die grond behou, terwyl groot grondeienaars rondom die stedelike gebied hul weg oopgesien het om 'n bietjie geld te maak.¹⁷⁰ Plase is onderverdeel in om en by 42 hektaar (50 morge), later in bykans 21 hektaar (25 morge) totdat dit uiteindelik in totaal

166. Onderhoude met A.C. van Wyk, 13.05.87, P.L. la Grange, 10.10.87. Vergelyk W.D. Kotzé, Owerheidsbeleid en -Beheer ten opsigte van die ontwikkeling en administrasie van kleinhoewes in Suid-Afrika, D. Phil - proefskrif, 1962. Die kommentaar deur prof. P.W.G. Groenewoud, Geo P.J. du Toit, Registrateur en prof. B. Kok. Dekaan gelewer, was: Dat dié ondersoek uiters belangrik was. Dit het die ontwikkeling, voormalige en toekomsbeplanning van kleinhoewes in die Republiek van Suid-Afrika omvat. Die bevinding van dr. Kotzé dat by "gebrek aan 'n doelgerigte owerheidsbeleid" akute kleinhoewevraagstukke ontstaan het, was van besondere belang. Dr. Kotzé het daarby belangrike riglyne vir 'n positiewe owerheidsbeleid aangedui en "In hierdie proefskrif word [so] 'n voortreflike wetenskaplike bydrae gelewer ... dat dit allesins die ernstige aandag van die betrokke owerheidsorgane behoort te geniet!" Vide infra vroeëre owerheidsondersoeke te wete die Thornton-kommissie (1939-1940) en die Tomlinson-kommissie 1955, p. 233.

167. Onderhoud met A.C. van Wyk, 13.05.87.

168. Ibid.

169. Vergelyk onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.

170. Ibid.; Onderhoud met prof. H.J. Strauss, 05.06.87.

onekonomiese eenhede van sowat 4 hektaar (5 morge) omskep is.¹⁷¹ Sommige mense het hul rieme deeglik styfgelooop, omdat daar oor die algemeen 'n gebrek aan water op die hoewes bestaan het. Dit was nie ongewoon dat boorgate dikwels net 'n bietjie syferwater gehad het nie. Dammetjies is vol gehou om voornemende kopers te beïndruk.¹⁷²

Nogtans het talle kleinhoewes veral rondom Bloemfontein tot stand gekom. Teen 1965 was daar 4 650 kleinhoewes in die Vrystaat. Rondom Bloemfontein was 'n "laer" van 3 650 kleinhoewes. Volgens die 1960-Bevolkingsensus het 14 347 blankes, 909 kleurlinge en 16 881 swartes in die gebied rondom Bloemfontein gewoon. Die ander 1 000 kleinhoewes was rondom tien ander sentra geleë, met die grootste konsentrasies te Kroonstad, Heilbron, Bethlehem en Hennenman.¹⁷³

Die woord chaos blyk die mees gepaste uitdrukking in dié verband te wees. Waar sake bloot om spekulasie teenoor sentiment gegaan het, het daar geen stelsel van beheer bestaan nie. Die logiese gevolg was dat daar geen behoorlike infrastruktuur was nie.¹⁷⁴ Teen 1960 was daar volgens Du Plessis steeds verskeie kleinhoevegebiede wat geen adviserende of beheerkomitees gehad het nie.¹⁷⁵

Gebrekkige beheermaatreëls het dus voorgekom en die beheerkomitees (waar van toepassing) het 'n tekort aan kapitaal ondervind. Die toedrag van sake was alles behalwe gewens. Paaie was later slote, tot so diep as 'n meter en meer.¹⁷⁶ Swart plakkery was nog 'n probleem wat uiteraard ook gesondheidsprobleme tot gevolg gehad het. 'n Ander probleem wat na die mening van Du Plessis ontstaan het, was dat die beheerkomitees in die vroeë sestigerjare te maklik besigheidslisensies toegestaan het. Die Administrateur was bevrees dat dit tot onnodige bankrotskappe en gevolglik tot verlate persele en slordige geboue sou lei.¹⁷⁷ "Die regte toekoms-

-
171. Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.
 172. Onderhoud met prof. H.J. Strauss, 05.06.87.
 173. O.V.S. Jaar- en Dagboek 1965, p. 39.
 174. Vergelyk onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.
 175. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/1.
 176. Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.
 177. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/1.

prentjie behoort 'n netjiese beplande buitestedelike woonbuurt, met 'n landelike atmosfeer te toon, onder jurisdiksie van 'n volwaardige plaaslike bestuur, en met slegs voldoende besighede wat op 'n ekonomiese wyse in die behoeftes kan voorsien."¹⁷⁸

Die gedagte moes nooit posvat dat kleinhoewegebiede in kompetisie met die bestaande dorpe sou kon ontwikkel nie. Vir Du Plessis moes hoewebeplanning geskied ooreenkomstig hul oorspronklike doel, naamlik 'n plek waar landbou beoefen word, sodat met trots gekyk kon word na goedbeplande, intensief bewerkte hoewes met mooi wonings en tuinery daaromheen.¹⁷⁹

Die regering het aanvanklik gesondheidsdienste voorsien en blykens die aard van die probleem, het die administrasie ook toegetree om die saak op te los. Volgens P.L. la Grange het hulle vier tot vyf gesondheidsinspekteurs oor die Vrystaat uitgestuur om periodiek behulpsaam te wees en klagtes te ondersoek.¹⁸⁰ Afgesien van die meer direkte probleme het ernstige kommer by die owerhede bestaan oor die voormelde versnippering van kosbare landbougrond in onekonomiese eenhede.¹⁸¹

'n Loodskomitee het die hoewes om Bloemfontein ondersoek.¹⁸² Die bykans 4 000 hoewes om die stad het toekomstige stadsuitbreiding in die wiele gery.

178. Ibid.

179. Ibid.

180. Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/1.

181. Ibid. Dit blyk dat die Tomlinson-kommissie van Ondersoek [1955] namens die regering aandag aan die kleinhoewes gegee het. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/1; Gesprek met dr. S.W. Kemp, 31.08.87. Vergelyk ook die Thornton-kommissie wat volgens Du Plessis - PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/1 - in 1939 ondersoek "na die administrasie van gebiede wat verstedelik, maar nie onder plaaslike bestuur val nie", ingestel het. Meer besonderhede ten opsigte van die kommissies van ondersoek rondom kleinhoewes en andere word gevind in die doktorsale proefskrif van dr. W.D. Kotzé - soos reeds aangedui.

182. Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87.

Du Plessis was bekommerd. Dit het "probleme geskep en die administrasie het die verantwoordelikheid aanvaar om hierdie probleme die hoof te bied".¹⁸³ Genoemde ondersoek is onder leiding van W.W.B. Havemann (LUK), begin. Hierdie ondersoek is op 15 Mei 1967 voltooi (onder leiding van A.C. van Wyk (LUK)), en staan bekend as die "Finale verslag van die loodskomitee vir die beplanning van die Bloemfontein Stedelike Kompleks".¹⁸⁴

'n Begin is verder gemaak om na vraagstukke by wyse van deeglike beplanning om te sien. Die administrasie het die inlywing van hoewes rondom Bloemfontein oorweeg.¹⁸⁵ Daar is besluit om die ses-en-twintig hoewe-beheergebiede tot twee hoewe-besture, een oos en een wes van Bloemfontein te konsolideer. Die administrasie en ontwikkeling van die kleinhoewes om Bloemfontein is hiermee vir die eerste keer op 'n stewige grondslag geplaas, aldus S.W. Kemp.¹⁸⁶

Blykens P.L. la Grange, voorsitter van die laaste komitee van ondersoek rondom Vrystaatse kleinhoewes in die algemeen, het sake nie ten volle uitgewerk soos die administrasie dit voorsien het nie. Die gevolg was dat gebiede soos Bainsvlei en Bloemspruit juridies onafhanklike beheerrade of plaaslike rade verkry het wat feitlik dieselfde magte as plaaslike besture het.¹⁸⁷ Kortliks het die probleem ontstaan dat genoemde gebiede as privaat dorpsontwikkelings deels in die weg van Bloemfontein se toekomstige uitbreiding kan staan. Dit geld ook vir die nuwe privaat Tempe-lughawe.¹⁸⁸ Welkom dien as voorbeeld waar voorsorg reeds op 'n baie vroeë stadium getref is vir dië stad se toekomstige uitbreiding wat minder probleme behoort op te lewer as in geval van Bloemfontein - wat 'n ander historiese agtergrond het as sy jonger eweknie. Die voordeel om korrektiewe maatreëls alreeds in die beplanningstadium van dorps- of stadsontwikkeling in te bou, het belangrike implikasies vir toekomstige stadsontwikkeling. Veranderinge ten opsigte van gevestigde belange vind veel moeiliker plaas.

-
183. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/1.
184. Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87. Vergelyk die Finale verslag van die loodskomitee vir die beplanning van die Bloemfontein Stedelike Kompleks [A.C. van Wyk] 15.05.67.
185. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/1.
186. Onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87.
187. Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87. Vergelyk Ons Stad, Bloemfontein, 17.09.87.
188. Onderhoud en gesprek met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.

Die verslag onder voorsitterskap van La Grange het dit beklemtoon dat doeltreffende beheer dringend noodsaaklik geword het. In geval van Reitz is die dorp vrywel deur hoewes "omsingel". Laasgenoemde se afleiwatervatting het in die strate beland wat probleme veroorsaak het. Reitz se plaaslike bestuur was nie in staat om enigiets daaraan te doen nie, aangesien die strate die skeidslyn gevorm het en sou hulle hieroor beweeg, het hulle privaatgrond betree. Hierdie tipe probleme het buitestedelike beheer regverdig.¹⁸⁹

11. ENKELE VOORBEELDE VAN ONDERSOEKE WAT IN DIE SESTIGERJARE GEINI-SIEER IS

Wat dorpsbeplanning in groter sentra aanbetref was Du Plessis van mening dat ernstige probleme kon ontstaan indien behoorlike beplanning nie ook hier toegepas word nie. In dié verband het hy Welkom en ander goudveldse sentra skynbaar as ideaal beskou, daar geen kleinhoewes rondom die dorpe toegelaat is nie. Reeds in 1947 het die regering die Goudveldgebied kragtens Wet nr. 51 van 1947, as 'n beheerde gebied verklaar. Dit was ook die eerste beheerde gebied in Suid-Afrika. In 1954 het dit verdere aandag geniet en is die gebied selfs vergroot en volgens Du Plessis was dit¹⁹⁰ "due simply to undesirable development taking place outside the original area, and we now have an area extending from Winburg and Wesselsbron to Vereeniging".¹⁹¹

Die resultate was vir Du Plessis van belang, onder meer omdat daar geen samedromming van kleinhoewes rondom goudveldse dorpe was nie.¹⁹² "You know as well as I do what enormous problems such concentration has created for other large towns and cities."¹⁹³ Die reëling was, aldus Du Plessis, nie geëk nie, maar onderhewig aan hersieningsmaatreëls. Dit het daartoe gelei dat die administrasie in 1962 'n loodskomitee onder leiding van Ben Havemann (LUK) aangestel het om veranderende omstandighede in die Goudveldgebied te ondersoek in 'n nuwe samewerking met die RONH en die Kamer van Mynwese. 'n

189. Ibid.

190. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/1. Vergelyk Die Volksblad, 06.03.65.

191. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/1.

192. Ibid.; Vergelyk Lêer 1/20/2. Vir Du Plessis het hierdie "doelbewuste voorafbeplanning" van die RONH dus groot voordeel vir die hele Goudveldgebied meegebring.

193. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 4/1/1.

Diepgaande studie is gemaak van die ekonomiese, geologiese, industriële, demografiese, verkeers-, plaaslike bestuurs- en historiese ontwikkelingsfasette van die streek.¹⁹⁴

Op sy beurt is 'n studie deur die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing (ISEN) aan die UOVS van die Suid-Vrystaatse dorpe gemaak soos reeds in die hoofstuk oor Paaie vermeld. 'n Ander navorsingsprojek het weer aangetoon dat die groei en ontwikkeling van die blanke bevolking in die Noordoos-Vrystaat die stadigste was in vergelyking met die res van die Vrystaat.¹⁹⁵ Hierbenewens is in 'n projek waarin die RONH geken is, 'n beoogde skema vir die stigting van 'n nuwe dorp in die Suid-Vrystaat naby die Hendrik Verwoerddam afgekeur.¹⁹⁶ Dit sou die lewenskragtigheid van reeds bestaande dorpe soos Bethulie nadelig beïnvloed.¹⁹⁷

Die loodskomitee vir waternavorsing¹⁹⁸ onder voorsitterskap van prof. C. van der M. Brink en in samewerking met die WNNR het insgelyks waardevolle werk

-
194. Ibid. Omstreeks 1967 het prof. D. Page "spesiaal na die VSA gereis" - tydens die periode wat die finale verslag van die loodskomitee vir die goudveldopnames verwag is - waartydens hy byvoorbeeld die jongste beplanningstegnieke oor metropolitaanse beplanning bestudeer het. Vergelyk PR-notule, 27.02.68, pp. 8-9.
195. Dit is van belang om kennis te neem dat die bevolkingsgroei van die Vrystaat in die geheel toegeneem het. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2. Die knoop het egter op die platteland gelê waar die blanke getalle afgeneem het en plaaslike besture 'n sukkelbestaan moes - en steeds - voer om nietemin die nodige dienste aan die oorblywende belastingbetalers te voorsien. Vergelyk PR-debatte, 25.02.69, pp. 183, 186 en 187.
196. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2.
197. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87. Vergelyk Die Volksblad, Mense wil dorp aanlê by Oranjerivier, 31.08.64.
198. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/8/2; Vergelyk The Friend, 01.10.63.

gedoen. Terselfdertyd is die krag en waterposisie van die Vrystaat bestudeer.¹⁹⁹ In laasgenoemde geval is 'n vroeë ondersoek deur die raadgewende ingenieursfirma, Ninham Shand gedoen. Hierdie omvangryke verslag het die historiese, die bestaande en die toekomstige ontwikkeling van waterbronne in die provinsie vir primêre, sekondêre en tersiêre gebruik deeglik verreken. Daarbenewens is die nodige aanbevelings rondom surplus water en toekomstige verbruikerspatrone gedoen.

Ander aspekte wat in die ondersoek voorkom, is byvoorbeeld bevolking, reënval en afloopwater, geologie, soorte grond en boerdery-aktiwiteite in die algemeen asook opvanggebiede. 'n Hidrologiese studie moes dus op 'n breë grondslag onderneem word. Dit sou ook luidens die verslag nodig wees om die effek van grondbewaringspraktyke en die invloed daarvan op die waterbronne van die provinsie te bestudeer. Die ingenieursfirma het hul ondersoek as die vertrekpunt vir voortgesette studie deur die administrasie bestempel.²⁰⁰

Die verslag het ook die ongelukkige waarheid na vore gebring dat die Vrystaat sy skippie baie mooi sou moes stuur om enigsins behoorlike benutting van die waters van die Oranje te kon verkry.²⁰¹ "Ultimately the position will be much improved, should the Caledon scheme come to fruition, but should this not be the case the province might well feel justified in asking for an earlier expansion of its potential irrigable areas to run more or less on a par with other areas. Prolonged delay of the development of the Caledon River for political reasons must result in the search of suitable alternative to the proposals already put forward by the government. it is thus important that the matter should be actively pursued. Failing which, this province will find itself with very limited

199. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2. Die belangrikheid van hierdie twee uiters belangrike kommoditeite vir nywerheidsvestiging is reeds behandel. Blykens dr. S.W. Kemp is 'n "Krag-verslag" deur D.J.R. Conradie uitgebring.

200. Vergelyk A Preliminary Report on the Water Resources of the Orange Free State. Part 1 (General), February 1964, pp. 1-11. [Hierna vermeld as die Ninham Shand-verslag].

201. Ibid., Vergelyk pp. 55-60.

participation in the development of the Orange River, and this limited participation extended over many years to an uncertain fulfilment in the distant future."²⁰²

Vir Du Plessis was die verslag van belang omdat dit die aandag gevestig het op die akkerboukundige gebruikswaarde wat die Wes-Vrystaatse rooigrond het.²⁰³ Waar die gedagte voorheen bestaan het om Bloemfontein van water uit die Oranjerivier te voorsien, het die verslag die moontlikheid van goedkoper water uit die Caledonrivier aanbeveel.²⁰⁴

In die oë van Du Plessis het hierdie ondersoek dus stukrag verleen aan die toekomstige beplanningsprojekte van natuurbewaring as bykomende sekondêre moontlikheid rondom die bou en beplanning van damme. Indien ontwikkeling landwyd hersien word, sou dit verder bydra tot 'n voordeliger benutting van die land se waterbronne, waar faktore soos grondsoorte, topografie en konsentrasies van stedelike bevolkingsgroepe verreken was.²⁰⁵

202. Ibid., p. 58.

203. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/25/1. Vergelyk ook die Ninham Shand-verslag, Deel 1, p. 41.

204. Vergelyk Ninham Shand-verslag en UK-notule, min. 485, 23.03.65. Daar was sprake in die Parlement en by wyse van 'n persverklaring - vergelyk Die Volksblad, 20.03.65 - vir die bou van 'n opgaardam ten suide van Bloemfontein vir die bewaring van water wat vanaf die Verwoerddam gekanaliseer sou word. Daarteenoor het die Provinsiale Sekretaris opdrag van die Uitvoerende Komitee gekry om vas te stel teen watter tarief dié water beskikbaar sou wees. Die besluit vind 'n neerslag in die UK-notules, min. 492, 21.04.65; min. 1234, 05.10.65.

205. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/25/1.

Reeds in Julie 1964 het die loodskomitee vir watnavorsing verskeie belanghebbendes en kundiges uitgenooi om hul te adviseer op grond van die Ninham Shand-verslag insake die waterpotensiaal of bronne van die Vrystaat. Dit was tydens hierdie byeenkoms wat Du Plessis bogenoemde gedagtes oorgedra het en gesê het.²⁰⁶ "This is how I see the matter: we have a report here, which sets out certain fundamental facts ... [we] learned to know the Free State ... and now we who are here today, must decide how to build on these foundations ...".²⁰⁷

Voordat Du Plessis mnr. Ninham Shand aan die woord gestel het, het hy trou aan sy aard en wyse van leiding, die teenwoordiges aangespoor met die uitdaging:²⁰⁸ "If research is merely recorded on paper and then pigeonholed, it assuredly serves no purpose".²⁰⁹ Dit is ook op hierdie punt waar die Beplannings- en Ontwikkelingsadviesraad van groot waarde sou wees in sy bystand aan die Uitvoerende Komitee.²¹⁰

Kort na die totstandkoming van die Beplanningsafdeling was die administrasie in 'n beter posisie om 'n streekslaboratorium vir watnavorsing in die Vrystaat te help stig. Ander provinsies het reeds hieroor beskik. Die heelhartige samewerking van die UOVS en die Nasionale Instituut vir Watnavorsing is verkry.²¹¹ Die doel was nie net om die administrasie van feitekennis in dié verband te voorsien nie, maar ook aan plaaslike besture, daar 'n groot behoefte hieraan bestaan het. Die drie grootste rivierstelsels van die Republiek, naamlik die Oranje-, Caledon- en Vaalrivier asook die kleiner riviere, moes deeglik benut word. Besoedelde water vanweë nywerheidsgebruik en die suiwering daarvan moes ook aandag geniet: Ook kon dié loodskomitee, aldus Du Plessis, 'n belangrike rol vervul ten opsigte van 'n ondersoek na die Oranjerivier se fisiese, chemiese en hidro-biologiese moontlikhede.²¹²

206. Ibid.

207. Ibid.

208. Ibid. Vergelyk PR-debatte, 16.06.66, p. 190.

209. Ibid.

210. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêers 1/8/2 en 4/1/2.

211. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/25/1. Vergelyk onderhoud met dr. S.W. Kemp, 30.11.87.

212. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/25/1. Vergelyk Die Volksblad, 30.09.63; Vergelyk visnavorsing hoofstuk 7, Natuurbeewaring.

Die Ninham Shand-verslag het ook 'n grondige ondersoek na die grondslag van toekomstige beplanning van damme bepleit. 'n Behoorlike studie van slikneerslae van Vrystaatse riviere moes gemaak word, lugfoto's moes geneem word, landboukundige opnames moes gemaak word en rivieropvanggebiede en neerslae moes bestudeer word. Waterverbruik van plaaslike besture moes op 'n jaarlikse basis aan die administrasie verskaf word.²¹³ Hierbenewens moes munisipale waterskemas beskou word as deel van die groot geheel in stede van 'n plaaslike aangeleentheid. Op landboukundige gebied is in 1961 voorsien dat die maksimum landbou-moontlikhede van elke streek bepaal moes word, waardeur grondbenutting rondom stedelike gebiede in ag geneem moes word.²¹⁴

12. DIE BELANGRIKHEID VAN TWEDEVLAK REGERING

Dit is duidelik dat Du Plessis in 'n moderne tydsvak mede-verantwoordelikheid in 'n eenheidsregering wou deel en nie maar bloot met die lewering van normale funksies tevrede was nie. Dit word duidelik bewys deur die beplanningstelsel wat tydens sy administrasie op die been gebring is. Beplanning het nie alle probleme uit die weg geruim nie soos dit ook uit die verslag van die Beplannings- en Ontwikkelingsadviesraad van die Oranje-Vrystaat blyk wat prof. P.C. Fourie vir die periode 1965-1971, opgestel het. Van die belangrikste probleme was skynbaar dat dië raad se opdrag te omvangryk was.²¹⁵ Andersins het die raad 'n behoefte aan groter personeelbystand vanaf die administrasie se kant gehad om groter momentum te kon verleen aan sy aktiwiteite.²¹⁶

Verder moes die Beplanningsadviesraad van die regering en die Vrystaatse Beplannings- en Ontwikkelingsadviesraad tot 'n vergelyk kom. Waar albei byna gelyktydig ontstaan het, was 'n beter afbakening van werksterreine nodig. Baie van die Vrystaat se ondersoeke was reeds in 'n gevorderde stadium, sodat die provinsie nie sy beplanningsaksie summier kon staak toe die regering in 1964 met sy Departement van Beplanning gekom het nie.

213. Ninham Shand-verslag, Deel 1, pp. 64-65.

214. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/20/1.

215. Die BOAR, 1965-1971, p. 10.

216. Vergelyk Die BOAR, 1965-1971, pp. 34-36; Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.

Dit sou sekerlik die negering van baie jare se werk beteken het.²¹⁷ Met verloop van tyd het sake merkbaar verbeter en het die pogings van die administrasie en die BOAR die nodige erkenning ontvang nadat die Beplanningsraadgewer van die Eerste Minister, dr. P.S. Rautenbach, in teenwoordigheid van 'n raadsvergadering van die BOAR gedurende Junie 1968, sy waardering uitgespreek het vir die gebalanseerde wyse waarop die raad saamgestel is.²¹⁸

Dit het ook die breë werksterrein van die Vrystaatse Administrasie ingesluit, soos deur A.C. van Wyk bevestig. Laasgenoemde was lid van die BOAR en die Vrystaatse verteenwoordiger op die Nasionale Beplanningsraad.²¹⁹ "Ek sal graag wil hê dat die inwoners van die Vrystaat weet dat die Administrasie die afgelope tyd by meer as een geleentheid deur hoër owerheidsinstansies geloof is vir die dinamiese benadering wat hy tot die ontwikkeling van die provinsie aan die dag lê en die stappe wat hy gedoen het om die gebalanseerde ontwikkeling van die provinsie te help bevorder".²²⁰

In dié verband het die BOAR sy samestelling sodanig verander dat die hoofde van die verskillende komponente van die administrasie ook in die raad opgeneem is en tot beter koördinering van werksaamhede sou lei.²²¹ Soos die lede van die Komponent Plaaslike Bestuur - La Grange en sy span - probeer het om die beeld van die administrasie voortdurend uit te bou, het die BOAR veral onder die latere voorsitter, prof. P.C. Fourie, in toenemende

217. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/20/2; Die BOAR, 1965-1971, pp. 9-10; The Friend, Administrator welcomes the planning ministry, 29.09.64: "The planned development of the Free State, on a long-term basis in co-ordination with the new Department of Planning recently set up by the central Government, would be the main theme of the Free State Provincial programme for the next five years..."

218. Die BOAR 1965-1971, p. 19.

219. PR-debatte, 25.02.69, p. 193.

220. Ibid.

221. Die BOAR 1965-1971, pp. 18-19.

mate daartoe bygedra om groter begrip by die Vrystaters te bewerkstellig vir die probleme waarmee die administrasie te kampe gehad het.²²²

Prof. Fourie wat op 'n deelytds-voltydse basis aangestel is, het later tot die gevolgtrekking gekom dat die bestaansreg van die BOAR geregverdig kon word²²³ op grond van die "relatief groot aantal besluite wat die Uitvoerende Komitee na aanleiding van adviserende voorstelle van die Raad geneem het".²²⁴ Ook die "Pretorius-komitee van Onderzoek" na die verhoudings tussen die drie regeringsvlakke het beslis dat 'n instelling soos die BOAR bestaansreg gehad het. Bowenal het hierdie komitee in sy verslag by die regering aanbeveel dat die ander provinsies ook elk 'n beplanningsraad ter advisering van die Administrateur-in-Rade behoort te verkry. Hierdie aanbeveling het ook die aanvaarding en ondersteuning van die Beplanningsraad van die regering geniet.²²⁵

Dit blyk dus dat die Vrystaatse Administrasie deur sy beplanningsinisiatiewe opnuut die aandag op die belangrike funksie en rol van tweedevlak regering gevestig het.

12.1 DIE VOORTBESTAAN VAN PROVINSIALE REGERINGS BETWYFEL

In daardie stadium is die voortbestaan van die provinsiale stelsel in toenemende mate bevraagteken. Daar was reeds in die vyftigerjare beswaar

222. Vergelyk Die BOAR 1965-1971, p. 27; Onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87. PR-debatte, 18.02.69, pp. 13-15. Te oordeel aan Du Plessis se laaste openingsrede het dié unieke en gebalanseerde wyse van samewerking tussen die BOAR, die Komponent Plaaslike Bestuur en dies meer, waarby die topbestuur van die Vrystaatse Administrasie en ander kundiges betrokke was 'n nuwe betekenis aan "deskundige" voorligting vir plaaslike besture verleen.

223. Die BOAR 1965-1971, p. 62.

224. Ibid., pp. 63-64.

225. Ibid.; Vergelyk PR-debatte, 12.06.69, p. 256.

teen dié stelsel aangeteken. In dié verband het - soos aangetoon²²⁶ - Du Plessis verbetering in stede van afskaffing daarvan bepleit.²²⁷ Dit is dus logies dat hy homself in dié opsig as latere Administrateur uitgeleef het. Ondersoeke was reeds geloods - vergelyk die Schumann-Borckenhagen-kommissies - maar 'n finale antwoord is oënskynlik nie in die dekade van Du Plessis se termyn bekend gemaak nie.²²⁸

-
226. Vergelyk hoofstuk 1. Vergelyk Die Volksblad, Provinsiale Rade: Kommissie nie nodig - Premier, 18.09.68. Luidens F. Grobler van Bothaville was daar toe reeds dertien kommissies van ondersoek ingestel om die moontlike afskaffing van provinsiale rade te ondersoek.
227. Vergelyk hoofstuk 1 en PR-debatte, 24.02.67, p. 154.
228. Vergelyk Die Volksblad, 18.09.68. Die Eerste Minister het die hoop uitgespreek dat uitsluitel ten opsigte van die ondersoeke na die verslae nog in 1968 tydens kabinetsittings, gegee sou word. Gedurende Februarie 1969 het Du Plessis voorsien dat die ondersoeke van genoemde kommissies die finansiële las van plaaslike besture as eindresultaat sou verlig wanneer dit in werking gestel sou word. Vergelyk PR-debatte 25.02.69, p. 209. Voorbereidings is tydens Februarie 1969 getref om "sekere dele van die Borckenhagenverslag" tydens die betrokke Parlementsitting by wyse van 'n witskrif ter tafel te lê. Vergelyk PR-debatte, 20.02.69, p. 83.

Dit kon petrol op die vuur van bogenoemde kritici wees wat moontlik die klag kon lê dat die Vrystaatse Administrasie te veel beplan het en dat hierdie projekte te veel tyd in beslag geneem het.²²⁹ Daar is klaarblyklik buite rekening gelaat dat die administrasie gepoog het om op wetenskaplike wyse aandag te gee aan die belange van die Vrystaat as 'n geheel bo dié van individuele of gebiedsvoorkeure wat mense slegs plaaslik sou bevoordeel.²³⁰

Dit is reeds onder die aandag gebring dat andersdenkendes van mening was dat geld op Vrystaathuis, die Verwoerdgebou en toerisme vermors is.²³¹ Dan was daar diegene wat oortuig was dat koste bespaar kon word deur die funksies van die provinsiale rade met geringe moeite by staatsdepartemente te inkorporeer. Bowenal is in hierdie kringe aangevoer dat die voortbestaan van provinsiale rade geen voordeel vir die boeregemeenskap ingehou het nie.²³² Die aangeleentheid is tot op die vlak van die Vrystaatse NP-kongres gevoer waartydens die distriksbestuur van Bothaville die regering versoek het om 'n kommissie van ondersoek in te stel na alle aspekte van die provinsiale regering en sy bestaansreg.

-
229. Vergelyk PR-debatte, 20.02.69, p. 101; Die Volksblad, Briewekolom: Positiewe stappe met provinsiale beplanning, 10.04.68. Met die goed gebalanseerde weergawe van die feitelike situasie het prof. Fourie die ontevredenens gemaak om hul oë oop te maak; Die Volksblad, 27.04.68. Die redakteur van Die Volksblad het hom by prof. Fourie aangesluit: Die provinsie het besluit 'n "prinsesse-tydperk" betree as 'n gelukkige nadraai van die voormalige aspoestertjie-verhaal: "Laat inwoners van hierdie provinsie met visie en insig die positiewe geleenthede wat die provinsiale regering veral as beplannings- en ontwikkelingsinstelling reeds moontlik gemaak het ... aangryp".
230. Vergelyk onderhoud met P.L. la Grange, 10 en 17.10.87.
231. Vergelyk ook Die Volksblad, 12.11.66 en 17.11.66.
232. Die Volksblad, 18.09.68. Ten tye van die algemene belastingverhoging wat in 1965 in die Vrystaat toegestaan is deur die administrasie was dit volgens D.G.J. van Rensburg " miskien die meeste van alles [sic.] " die boeregemeenskap wat nie genoë geneem het nie. PR-debatte, 24.05.65, p. 404.

Die voorafgaande beskrywingspunt is op 18 September 1968 deur mnr. Flip Grobler van Bothaville op die NP-kongres ingelig wat van mening was dat daar (te veel) verskille tussen die provinsies was.²³³ "Dit het 'n doel gedien in die dae vóór Republiekwording, maar nou voel ons dat die dae van provinsiale rade iets van die verlede behoort te wees."²³⁴

12.2 UITSLUITSEL TEN OPSIGTE VAN DIE VOORTBESTAAN VAN PROVINSIALE RADE

In die lig van die kritiek het die rubriekskrywer, Willem van Die Volksblad met die volgende positiewe kommentaar in sy rubriek gekom: Afgesien van welmenende kritici was daar 'n "handjievol skoorsoekers, vitterige skeurmakers of opposisie-gesindes wat skielik ontpop as kritiese Nasionaliste".²³⁵ Diegene het daarvan gebruik gemaak om hul eie basuin te blaas "en munt uit te slaan om die Provinsiale Raad by te kom".²³⁶ Dit was veral die geval tydens die Oranjejag-kwessie. In sy pleidooi dat eersgenoemde groep se belange op die hart gedra moes word, het Willem nietemin op die teendeel gewys, naamlik die waardering wat bestaan het vir die wyse waarop die Vrystaat se geldsake hanteer is, die verskaffing van baie dienste, die onderwys, die bekendstelling van die provinsie se hulpbronne, geleenthedskepping vir nywerheidsuitbreiding, nogeens toerisme en velerlei konstruktiewe werk.²³⁷ Hiermee was die Provinsiale Raadslede as verteenwoordigers van hul kieserskorps dit eens, selfs diegene wat uit die aard van hul kiesafdeling se besondere omstandighede die pedaal soms harder as mede-Raadslede moes trap.²³⁸

233. Die Volksblad, 18.09.68.

234. Ibid.

235. Ibid., Rubriek, 11.04.68.

236. Ibid.

237. Ibid. Vergelyk PR-debatte, 24.02.69, p. 155. Met verwysing na kritiek wat in die media uitgespreek is en waarvolgens dit voorkom of die gemiddelde burger van mening was dat die Provinsiale Raad uitgedien is, het D.M. Grewar, LPR (Ficksburg/Senekal), daarop gewys dat dié Raad gedurig onderhewig was aan kritiek. Daarteenoor is bitter min dank ontvang vir voortreflike dienste gelewer op byvoorbeeld die gebied van Paaië en Hospitaaldienste.

238. Vergelyk S.F. du T. Ceronio, LPR (Fairesmith) PR-debatte, 20.02.69, pp. 103, 104 en 25.02.69, p. 184.

Tog het die waardevolle werk wat op provinsiale vlak verrig is, nie ongemerk by die sentrale owerheid verbygegaan nie. Te midde van die al dringender geroep van kritici, gekant teen die voortbestaan van die administrasies, het mnr. Vorster, die Eerste Minister verklaar dat hy met waardering kennis geneem het van die goeie werk wat deur hierdie verlengstuk van die regering gedoen is.

Dit was syns insiens onnodig om op daardie stadium nog 'n kommissie van ondersoek aan te stel na die voortbestaan van provinsiale rade. Hy het verklaar dat hy nooit in die twee jaar van sy premierskap die behoefte gevoel het dat so-iets nodig was nie.²³⁹

Minister Vorster het nie ontken dat oorvleueling met die werksaamhede van provinsiale rade plaasgevind het nie, maar beweer dat goeie vordering reeds gemaak is om dit uit te skakel. Om provinsiale rade af te skaf was egter nie die antwoord nie. Daar moes eerder deur samesprekings na 'n balans gesoek word ten einde doeltreffende administrasie te bewerkstellig. Ten tye van die opening van die Verwoerdgebou op 18.10.69 het adv. Vorster sy

239. Die Volksblad, 18.09.68. Vergelyk Die Volksblad, 'Moenie provinsiale stelsel afskaf', 15.06.67. — standpunte van die ander Administrateurs, sowel as die beskouing dat eweredige finansiële toekennings aan die provinsies gemaak moes word. Wanneer gekyk word na die "gesprekvoering" van die Minister van Binnelandse Sake, dr. C.P. Mulder tydens die Administrateurskonferensie van 1972 met provinsiale leiers - waartydens hy ook vroeëre probleemassekte uitgewys het - blyk dit dat hy en die regering uit hul pad gegaan het om die kommunikasie op makro- en mesovlak te verbeter. Die Borckenhagen- en Schumann-kommissies se bevindings was toe ook reeds in werking gestel. Vergelyk Notule van Administrateurskonferensie, gehou in die F.H. Odendaal-oord, Blyderivierspoort, Transvaal, 16-19.10.72, Toespraak dr. C.P. Mulder, pp. 1-16.

standpunt herbevestig en verklaar dat hy glo provinsiale rade 'n baie "noodsaaklike en nuttige diens" verrig.²⁴⁰

Op die wyse het die Eerste Minister hom inderdaad aangesluit by Du Plessis met sy groot vertroue in die noodsaaklikheid en belangrikheid van provinsiale rade op die mesovlak tussen die makrovlak en plaaslike besture. Du Plessis het - wat die Vrystaat betref - 'n besondere bydrae in die verband gelewer, soos in hierdie hoofstuk blyk. Die "klimaat" van tevredenheid wat by die aftrede van Du Plessis in 1969 in die Vrystaat bestaan het, was in groot kontras met die posisie van 'n dekade gelede.

Net soos Sand du Plessis binne sy milieu of die milieu van ontwikkeling gesien moet word om alles na behore te kan waardeer, moet in alle billikheid na oud-Administrateur Fouché se omstandighede gekyk word. J.D. Marx reken dat die twee voormalige Administrateurs elk die regte man op die regte plek was. Fouché het ander verpligtinge gehad, die klem het onder meer op nasiebou en onderwys geval en 'n moeilike periode het na die Tweede Wêreldoorlog gevolg.²⁴¹ Dr. de Beer kyk op sy beurt na onder andere die persoonlikheidsverskille tussen die twee en huldig Oom Jim, soos hy dit graag wou hê, as die joviale allemansvriend wat klokslag elke dag met teetyd sy skrede na die Koffiehuis gewend het, om daar met sy mense te verkeer.²⁴² Dit was grootliks die gebrek aan geld tydens die administrateursjare van Jim Fouché wat 'n verskil aan sy bestuur en die bestuur van Sand du Plessis gemaak het. Daaraan kon omtrent niks gedoen word nie.²⁴³ Du Plessis het egter, waar hy in daardie omstandighede oorgeneem het, voortgegaan in die gees van "laat ons kyk wat ons kan doen".²⁴⁴ Hy het ook die voordeel gehad dat hy aan die roer van sake gestaan het in die goue sestigerjare wat gekenmerk was deur 'n groot ekonomiese opswaai, verhoogde owerheidsbesteding en 'n algemene optimisme in die ontwikkelingsmoontlikhede van die jong nuwe Republiek. Hierdie optimisme het Du Plessis met goeie gevolge gedeel.

240. Die Volksblad, 18.09.68; en 18.10.69. The Friend, 18.10.69.

241. Onderhoud met J.D. Marx, 13.11.86.

242. Onderhoud met dr. De Beer, 15.07.87.

243. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87.

244. Ibid.; Vergelyk byvoorbeeld die vroeëre optrede van Du Plessis, in hoofstuk 2, onder meer ten opsigte van finansies en 'n nuwe ekonomiese beleidsrigting (p. 45) wat op 'n wetenskaplike grondslag geskoei is.

13. DU PLESSIS GENIET BESONDERE PUBLIEKE STEUN

Mense kon nie anders as om die resultaat van hierdie beplanning raak te sien en te ondervind nie. Du Plessis se heraanstelling as Administrateur van die Vrystaat vir 'n tweede termyn vanaf 1965 - 1969 is daarom goed ontvang in die Vrystaatse pers en deur die Vrystaatse publiek. The Friend het byvoorbeeld hieroor as volg berig:

"It may be that he was disappointed at not getting an even higher office but the average Free Stater, while suitably sympathetic (if indeed Mr. Du Plessis did have Ministerial hopes), will be glad that for the next five years at least 'Sand' will remain in occupation at the Free State House."²⁴⁵

Volgens The Friend het dit ook gestrook met die neiging in regeringsbeleid van daardie tye dat "South African governments have shown a reluctance to change a winning combination at the helm of affairs in the various provinces. And there can be no doubt that the Administrator and Mrs. Martie du Plessis can be so regarded".²⁴⁶

Du Plessis het bewys gelever dat hy 'n bekwame Administrateur was wat nie toegelaat het dat "immense paperwork" hom verhoed het om die mense van sy provinsie, die gemeenskap van die Vrystaat op die platteland sowel as in die dorpe, te ontmoet nie.²⁴⁷ "He has brought to his post an objectivity and sense of fair play to all sections that are all the more praiseworthy in view of his political background."²⁴⁸

Volgens die inleidingsartikel van Die Volksblad het Du Plessis gegroei en het sy idealisme, gepaardgaande met sy praktiese vermoëns in sy Administrateurskap, tot groter wasdom gekom. Die bevolking en hul organisasies het sy omvattende leiding en pogings op elke terrein, waar onder toerisme, nywerheidswese en mynwese om die Vrystaat voorop te stel "doggehou en gesteun". As gevolg "hiervan werk plaaslike en gebiedsorganisasies vandag geesdriftig saam", was die koerant se slotsom.²⁴⁹

245. The Friend, 21.09.64.

246. Ibid.

247. Ibid.

248. Ibid. Vergelyk Die Volksblad 21.09.64.

249. Die Volksblad, 21.09.64.

Die eerste termyn van Du Plessis is allerweë goed ontvang. Verskeie persone het skynbaar spontaan die behoefte gevoel om hom geluk te wens met sy dinamiese leiding en hom sterkte toe te wens vir die tweede skof na sy heraanstelling vir 'n tweede termyn.

"Onlangs was ek in die geleentheid om 'n vry oorsigtelike beeld te kry van wat u in die iets meer as vyf jaar ... reeds vir die Vrystaat vermag het en ook van wat u nog in gedagte het om te doen",²⁵⁰ skryf prof. Felix Lategan aan hom pas na die aanvang van sy tweede termyn as Administrateur. "Ek voel dit 'n persoonlike behoefte om ook namens die Vrystaatse Universiteit, bewondering en hoë waardering uit te spreek vir die onvermoeide wyse waarop u ons Vrystaat op die kaart gebring het en steeds besig is om as't ware die kaartlyne al hoe sterker en kleuriger te trek. Ons het besondere waardering vir wat u vir natuurbewaring, die verfraaiing van ons stad, die bewaring en uitbouing van ons geestelike erfenis op historiese, estetiese en ander terreine doen, [vergelyk A.R.R.T.B.O.] en ook vir die onderwys en by name ons Universiteit."²⁵¹

"Daardeur is u vir ons wat met die hoër onderwys gemoeid is en die geestelike leiers wat ons land op elke terrein so broodnodig het 'n inspirasie. Graag wens ons u volgehoue krag toe in u voorbeeldige ywer vir die Vrystaat en daardeur vir ons volk."²⁵²

A. Weeber, LPR (Odendaalsrus) huldig Du Plessis as Administrateur wat "hom veral beywer [het] vir die bevordering van toerisme en beplanning". Syns insiens was dit ware pionierswerk. Daarteenoor was daar onder meer die Uitvoerende Kunste: "Ek dink werklik dat hy tevrede kan wees met daardie dinge wat hy oor die afgelope jare aangepak het. Ek dink werklik dat ons mense in die Vrystaat dankbaar kan wees vir wat hy in dié verband gedoen het".²⁵³

250. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/1/2. Prof. F.V. Lategan - J.W.J.C. du Plessis, 01.10.65.

251. Ibid.

252. Ibid.

253. PR-debatte, 04.02.65, p. 94.

Van groot belang is dat die talle beplanningsprojekte wat oor tien jaar aangepak is grootliks gerealiseer het tot iets waarop Vrystaters vandag trots is. Dit was alreeds in April 1968 leesbaar in die samevatting van afgehandelde projekte en die in wording wat prof. P.C. Fourie in Die Volksblad deurgegee het.²⁵⁴ Hierdeur is die baie waardevolle werk - beplanning en die ware voordele daarvan - van die administrasie wat baie keer in stilte geskied het, weer eens op die voorgrond gebring. By sy uittrede in 1969 sou die Vrystaatse pers Du Plessis nog eens op soortgelyke wyse as wat reeds vermeld is, krediteer.²⁵⁵

254. Die Volksblad, 27.04.68.

255. Vergelyk hoofstuk 8.

HOOFSTUK 6

ORANJEJAG

1. DIE NOODSAAK VIR INDRINGENDE VERANDERING TEN OPSIGTE VAN PROBLEEMDIER-BEHEERMAATREËLS

Roof- of probleemdiere¹ wat boere se kleinveekuddes aanval was nog altyd 'n probleem. In die lig hiervan het die Uitvoerende Komitee hom genoodsaak gevoel om ter wille van die boer se belang aandag aan dié belangrike aspek te skenk wat eintlik deel uitgemaak het van die administrasie se totale beleid om aan die Vrystaat 'n beter bedeling te gee. Ook hierin moes die Vrystaat volgens dié ideaal die leiding neem, en uitsluitel moes aan 'n baie ou probleem gegee word.

Sekere ongelukkige gebeure het tydens hierdie prysenswaardige hulppoging plaasgevind wat toegeskryf kan word aan misverstande en wanopvattinge wat gedreig het om die andersins suksesverhaal van Du Plessis se administrasie onder verdenking te plaas.

2. NASIONALE ONDERSOEKE

Voor Uniewording, moes boere self die mas opkom in die beheer van probleemdiere in die verskillende provinsies. Na Uniewording het die regering dit kragtens die "Finansiële Verhoudingswet nr. 10 van 1913" aan die provinsies opgedra. Klein jagklubs het egter steeds met hierdie taak in die Vrystaat voortgegaan tot in die vroeë sestigerjare. Die interessante is dat boere dit as 'n vorm van ontspanning of tipe sport beskou het.

In stede daarvan dat die jakkalsplaag te bowe gekom is, het dit eerder vererger. Die redes hiervoor is skynbaar veroorsaak deur 'n nuwe lewenspatroon: boere het die perd vir die bakkie (motorvoertuig) verruil en terselfdertyd het die windhond verdwyn.

1. Tans word die term probleemdier in stede van roofdier of ongedierte gebruik. Vergelyk Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Ongediertebestryding en Rondloperhonde in die Oranje-Vrystaat [Voorsitter T.D. Potgieter] 1979, p. 15. [Hierna vermeld as: T.D. Potgieter-verslag].

Die ernstige bedreiging wat probleemdiere vir die Suid-Afrikaanse skaap- en wolnywerheid ingehou het, is (omstreeks 1940) deur die Corbett-kommissie op nasionale vlak ondersoek.

Samewerking tussen die provinsies het ontbreek, en daar was ook groot verskille in die uitgawes wat onderling deur elke provinsie bestee is. In 1940 het die Kaapprovinsie R57 646 spandeer, teenoor die Vrystaat se R14 010, Natal R514 en Transvaal R134.

Gedurende 1948 het 'n "uniale komitee" in opdrag van die regering 'n ondersoek geloods met die oog op 'n uniforme wetgewing wat probleemdierbeheer landwyd sou nasionaliseer. As gevolg van gebrekkige belangstelling by die provinsies het dit egter op niks uitgeloop nie. Die bevinding van die komitee betreffende die feit dat die jakkalshond (fox hound²) en 'n goeie jagmeester onontbeerlik vir probleemdierbeheer was, sou verreikende gevolge hê vir die beheer van probleemdiere.

3. AANVANKLIKE ONDERSOEKE NA PROBLEEMDIERBEHEER

Die Vrystaatse boere het egter hul stemme vanweë algemene ontevredenheid met die plaaslike probleemdierbeheer-wetgewing op hul landbou-organisasies se vergaderings en kongresse laat hoor. Dit het die administrasie aangespoor om die Thuynsma- en Sadie-kommissies aan te stel. Na samesprekings met boere oor die hele Vrystaat het die Thuynsma-kommissie aanbeveel dat 'n hondeteelstasie vir die teel van jakkalshonde gestig moes word. Die eerste teelstasie van dié aard is in 1953 by die Willem Pretorius-wildtuin deur die administrasie opgerig.

Boere het weer op 'n later stadium druk op hul kongresse uitgeoefen vir verdere beheermaatreëls, en derhalwe het die administrasie in 1959 die Sadie-kommissie aangestel. Die kommissie moes let op die doeltreffendheid van die "huidige wetgewing naamlik Ordonnansie op Uitroei van Ongediertes Nr. 8/1953"; die regverdigbaarheid van jakkalshonde en teelstasies, asook die regverdigbaarheid van belonings wat vir die beheer van probleemdiere betaal is.³

-
2. Verslag van Kommissie van Ondersoek in verband met die Uitroei van Ongediertes [Voorsitter N.C. van R., Sadie] 13.04.1960, p. 4. [Hierna vermeld as: Sadie-verslag].
 3. Debatte van die Provinsiale Raad, 24.05.65, pp. 412-414.

Die kommissie was bewus van die jakkalshond se aanvanklike aanpassingsprobleme, dog het besef dat die oorsaak vir die onbevredigende vordering ten opsigte van probleemdiërbeheer elders gesoek moes word.⁴ Die kommissie het tot 'n belangrike gevolgtrekking gekom en het hiermee die grondslag van die toekomstige Oranjejag gelê: Hulle was oortuig dat 'n groot sentrale jagorganisasie in die lewê geroep moes word om planmatige optrede oor die hele Vrystaat te verseker.⁵ Dit was 'n objektiewe en versierende besluit, maar sou nog tot groot ongelukkigheid lei voordat dit deur die meeste Vrystaatse boere aanvaar sou word.

Die kommissie het bevind dat: "Hoe goed die beginsel van hierdie vrywillige organisasies [klein jagverenigings] ... in die teorie voorkom, dit in die praktyk op die lang duur net nie [wou] uitwerk nie".⁶ Beheer het op 'n losse grondslag berus en die insydeling van jakkalse het steeds plaasgevind.⁷

A.J. van Schalkwyk, LUK belas met Probleemdiërbeheer het in dié verband gesê sy persoonlike ervaring in die Suid-Vrystaat was dat die klein jagverenigings tydelik van aard was. Om die honde te koop en 'n eie jagmeester aan te stel, was 'n duur onderneming. Sodra probleemdiërgetalle drasties afgeneem het, het sulke verenigings doodgeloop.⁸

Die Sadie-kommissie sowel as die aangehoorde getuies was van mening dat samewerking van boere op 'n vrywillige basis "n ydele droom" was.⁹ "Die welmenende organiseerder het te doen met onverskilligheid, afsydigheid, onwilligheid en selfs vyandigheid ..." ¹⁰ Die enigste antwoord was dat lidmaatskap verpligtend gemaak moes word, maar uit vrees vir kritiek ¹¹ verklaar hulle: "Alhoewel hierdie versoek drasties en rewolusionêr klink,

4. Sadie-verslag, pp. 13-14.

5. Ibid., pp. 15-16.

6. Ibid., p. 15.

7. Ibid.

8. PR-debatte, 24.05.65, p. 414. Vergelyk Sadie-verslag, p. 15 en PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versameling, Lêer 1/15/1.

9. Sadie-verslag, p. 16.

10. Ibid., p. 15.

11. Ibid., p. 22.

is die kommissie daarvan oortuig dat 'n mate van verpligting die enigste oplossing is. Die oplossing van 'n groot probleem verg dikwels die inwerkstelling [sic.] van drastiese maatreëls".¹²

Die ironie van bogenoemde jammerhartigheid sou later duidelik word, toe kritici aangevoer het dat verpligte lidmaatskap van Oranjejag van die begin af moes gegeld het.

Die Sadie-kommissie het hul so goed van hul taak gekwyd, dat hulle selfs die pad vir die konstitusionele samestelling van 'n voorgestelde sentrale liggaam vir probleemdieerbeer uitgespel het. Hulle het inderwaarheid die pad voorberei vir die toekomstige bestel waarop voortgebou is. Dit verbaas dus nie dat die Administrateur, LUK's, die voorsitter van Oranjejag en die presidente van die Vrystaatse Landbou-organisasies voortdurend terugverwys het na hierdie verslag nie.

4. BEVINDINGS EN AANBEVELINGS VAN DIE SADIE-KOMMISSIE

Die voorstel van die kommissie was dat 'n Sentrale Komitee aangestel moes word om 'n nuutgestigte sentrale jagorganisasie te beheer en sodoende 'n planmatige werkswyse vir die Vrystaat te verseker.¹³ Sporadiese beheer deur boere en klein jagverenigings het daartoe gelei dat jakkalse weer ingesypel het. Daar moes rekening gehou word met die sluheid van die jakkals wat uitwissing baie bemoelilik het. 'n Voorbeeld is die feit dat 'n jakkals sy prooi tot 56 km van sy blyplek vang, terwyl hy inderdaad by sy "broeiplek" vasgetrap moes word. Gekoördineerde optrede sou hier van groot belang wees, en ongeleide jaghonde sou hul taak oor 'n groot gebied kon voortsit.¹⁴

Die "Sentrale Ongediertebestrydingskomitee" moes ondersteun word deur distrikskomitees uit elke landdrostdistrik waarop alle grondeienaars stemreg

12. Ibid., p. 16.

13. Ibid., pp. 16-17.

14. Ibid., pp. 15-16.

moes verkry.¹⁵ Sewe verkose lede uit die dertien Sentrale Komiteelede moes distrikskomiteelede wees. Die "Sentrale Ongediertebestrydingskomitee" moes regs persoonlikheid besit,¹⁶ en moes proklamasie van distrikte, waar nodig, by die Administrateur aanbeveel. Dit was hoofsaaklik 'n probleem van die boeregemeenskap, en sodoende moes hulle grotendeels verantwoordelik wees vir die finansiering van die beoogde organisasie. Grondeienaars moes nie meer as 'n maksimum van R30 per jaar op 1 714 ha en meer betaal nie. Dit het goed vergelyk met die R40 wat die Kaapse Afdelingsrade per jaar van elke lid van 'n jagvereniging kon verhaal,¹⁷ en waarskynlik teenoor die hoë bedrag wat A.J. van Schalkwyk, LUK voorheen aan 'n privaat jagorganisasie moes betaal het.¹⁸

Volgens die denkrigting van die Sadie-kommissie sou boere die minimum bydrae hoef te maak het indien almal lede van die Sentrale Organisasie sou word. Die vrywillige bydrae van die administrasie moes hierby ingereken word. Op hierdie wyse sou R64 000 per jaar teen ongeveer 1c per skaap byeengebring word deur die Vrystaatse boeregemeenskap. In die lig hiervan moes proklamasie van die hele Vrystaat by die Administrateur aanbeveel word deur die Sentrale Komitee indien vrywillige samewerking onmoontlik was.¹⁹

Die Sadie-kommissie het sy aanbevelings in ooreenstemming met die voorgestelde program van moderne boerderypraktyke gebring, soos voorgestel deur die Departement van Landbou. Laasgenoemde het saamboere aangemoedig om

-
15. Ibid., p. 20; Die Sentrale Ongediertebestrydingskomitee of bloot Sentrale Komitee, is soms vanaf 1966 foutiewelik verwar met die Uitvoerende Komitee van die provinsiale administrasie. Vanaf 1968 het dit bekend gestaan as bloot die Sentrale Raad. Die dagbestuur van Oranjejag het ook die Bestuurskomitee geheet. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.
 16. Sadie-verslag, p. 17.
 17. Ibid., pp. 20-21.
 18. Vergelyk PR-debatte, 24.05.65, p. 414.
 19. Sadie-verslag, pp. 21-22.

skaapboerdery tot hul bedryf toe te voeg ter wille van 'n gebalanseerde boerdery. Na die mening van die Sadie-kommissie was die bestryding van jakkalse vir elke boer, ongeag sy aantal skape, van belang.²⁰

Die kwessie van rondloperhonde in die Vrystaat wat steeds 'n groter bedreiging geword het, is baie sterk beklemtoon deur die getuies wat voor die Sadie-kommissie verskyn het. Party het dit selfs ernstiger as die jakkalsprobleem beskou. Die verslag vermeld dat die getuienis in dié verband baie teenstrydig was. Sommige wou sien dat die hondebelasting drasties verhoog word; ander wou dat die bestaande toegewings wat daar was selfs verlaag word sodat swartes honde in groter getalle vir jakkalsjagte kon voorsien.

Die kommissie het in sy oorsig aanbeveel dat die vorige vergunning van R1,50 as belastingheffing per hond as bron van ontevredenheid afgeskaf moes word. Vir elke teefhond en/of meer as een hond per eienaar moes R10 gehef word, afgesien van byvoorbeeld jakkalshonde.²¹ Die probleemdiër en hondebelasting ordonnansies moes gewysig word tot een ordonnansie.²²

Die kommissie het bevind dat Vrystaatse boere volgens 'n landbou-sensus van 1956 al groter verliese begin ly het.²³ Dit blyk dat die klein jagverenigings nie die mas kon opkom nie.

Verliese het sedert die veertigerjare vanaf 23 000 tot 76 000 skaap in 1956 per jaar toegeneem. Die direkte verlies was 'n anderhalfmiljoen rand. Die aanjaag van skape na en van hul krale op 'n daaglikse basis het bygedra tot 'n gewigs- en kwaliteitsverlies van wol en die vertrapping van weivelde. Konserwatief bereken het die Vrystaat R2 426 000 per jaar verloor wanneer alle faktore in ag geneem is.

20. Ibid., p. 16. Saaiboere word vandag nog aangemoedig om dié beleid toe te pas. Onlangs het Tienie Loots, veekundespesialisvoorligter van die Hoëveldstreek van die Departement van Landbou-ekonomie en Watervoorsiening hom as volg uitgelaat: "Met die inskakeling van die veefaktor [deur saai-boere] kan die ekonomie van die saai-boerdery gestabiliseer word". Vergelyk Die Volksblad, 28.08.87.

21. Sadie-verslag, p. 24.

22. Ibid., p. 26.

23. Ibid., p. 6.

Die afwesigheid van gekoördineerde beheermaatreëls in die omliggende gebiede rondom die Vrystaat kon nie die inspelning van probleemdiere uitskakel nie. Indien die Vrystaat 'n oplossing vir hul interne probleemdiervraagstuk sou vind, kon dit volgens die kommissie met vrug buite die Vrystaat aangewend word. Dit was inderdaad die geval dat die ander provinsies die Vrystaat in dié verband doggehou het.²⁴

Afgesien van argumente wat reeds aangevoer is, het die kommissie alreeds in 1960 verklaar dat jakkalsproefdraad nie die groot en enigste antwoord was nie. Volgens hul agtergrondkennis was jakkalsproefdraad soms eerder 'n hindernis tydens uitgebreide jagtogte. Vandaar die aanbeveling (1960) dat hekke ter bevordering van groter beweeglikheid aangebring moes word. In gebiede met 'n hoë reënval het die draad weens roes nie lank gehou nie. In sulke gebiede het ysterverake maklik gate onder die draad deur gegrawe. Jakkalse het, wanneer hulle bedreig word, volgens getuies maklik oor jakkalsdrade geklim.

Na deeglike ondersoek het die Sadie-kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat drastiese optrede nodig was om een van die Vrystaatse se grootste boerderybedrywe naamlik skaapboerdery, van ekonomiese ondergang te red. Dit was nie net meer 'n probleem vir die skaapboer nie, maar dit het die vooruitgang van die hele provinsie bedreig, aangesien ekonomiese groei hierdeur gekortwiek is.²⁵

As boere-organisasie moes die voorgestelde Sentrale Komitee, hoewel selfonderhoudend, ten nouste skakel met die Vrystaatse Landbou-unie, en die Vrystaatse Wolkwekersvereniging.²⁶

Die beloningstelsel wat van toepassing was vir die beheer van probleemdiere moes liefs vervang word met 'n subsidie wat die administrasie aan die Sentrale Komitee moes betaal. Hierby moes ook die subsidies van al die ander jagverenigings gevoeg word.²⁷

24. Ibid., p. 7. Vide infra pp. 301-303. A.M. Wessels 1968. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/15/1.

25. Sadie-verslag, pp. 11-12.

26. Ibid., p. 18. Gesamentlik staan hierdie twee landbou-organisasies as die georganiseerde landbou bekend.

27. Sadie-verslag, p. 23.

Jagters moes die reg verkry om tydens jagtogte binne, sowel as oor grensheinings te kon beweeg, maar op so 'n wyse dat geen permanente skade veroorsaak sou word nie. Hierdie maatreël sou nooit in werking gestel gewees het, as die regering dit nie goedgekeur het nie deur²⁸ "n ... wysiging van die betrokke wet sodat Provinsiale Administrasies ook seggenskap oor grensdrade kan verkry".²⁹ Dit het meegebring dat alle skade wat die boer tydens sō 'n jagtog gely het, na sy bevrediging herstel moēs word.³⁰

5. DIE INGESTELDHEID VAN DIE VRYSTAATSE ADMINISTRASIE TEENOR DIE BEHEER VAN PROBLEMDIERE

Die hulp wat die administrasie aanvanklik verleen het aan skaapboere het natuurlik binne 'n beperkte raamwerk geskied na gelang van beskikbare fondse.³¹ "Jakkals - rooikat en ander ongediertesterte is van heinde en ver na landdroskantore ... gebring vir die gesogte beloning vir daardie jare ..."³² Laasgenoemde, sowel as die klein jagverenigings - wat in toenemende mate tot stand gebring is - het as teenvoeter gedien vir probleemdierbeheer. Die administrasie het met die toename van jagverenigings wetgewing aangeneem wat subsidiëring van sekere aktiewe jagverenigings gemagtig het. Sodoende het eersgenoemde sy bydrae gemaak.

In 1941/42 is 'n bydrae van R8 000 gemaak wat in 1947/48 sou opskiet tot meer as R20 000. Gedurende die laat vyftigerjare het groter jagverenigings natuurlikerwys ontstaan.³³ Dit kan skynbaar toegeskryf word aan die praktiese ervaring sodat daar op diē wyse meer planmatig en georganiseerd opgetree kon word.³⁴ Die Thaba Nchu-vereniging is verander na Sentrajag. Vanweē die sukses deur hierdie vereniging in die lig van bogenoemde faktore, het twee ander groot verenigings, naamlik die Harrismith- en die Noordoos-Vrystaat Jagverenigings ontstaan.³⁵

28. Ibid., pp. 25-26.

29. Ibid., p. 26.

30. Ibid.

31. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/2.

32. Ibid.

33. Ibid. Die administrasie het dit by wyse van groot subsidies aangemoedig. Vide infra pp. 261 en 262.

34. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/2.

35. Ibid., Lêer 1/15/1.

Du Plessis het hom reeds in Oktober 1960 ten gunste van die idee uitgespreek dat die Vrystaatse boere die voortou in die beheer van probleemdiere in Suid-Afrika moes neem. Hy het hom ook op simpatieke wyse vereenselwig met die skaapboere se probleem. Terselfdertyd het hy sy waardering uitgespreek vir die suksesvolle wyse waarop die "Thaba Nchu-ongediertebestrydingsvereniging" hul gebied van probleemdiere gevrywaar het. Dit het boere in dié omgewing in staat gestel om hul skaap vry te laat loop in die veld sonder om deur probleemdiere verslind te word.³⁶

6. PROBLEEMDIERBEHEER 'N SAAK VAN GROOT ERNS

6.1 1961: DIE VRYSTAATSE LANDBOUKONGRESSE IN OOREENSTEMMING

Soos reeds aangetoon in die bespreking van die Sadie-kommissie is die kwessie van probleemdierebeheer periodiek te berde gebring op landboukongresse. Die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) van die Vrystaat het weer eens in 1960 'n dringende versoek tot die administrasie gerig om probleemdierebeheer tot op provinsiale vlak uit te brei.³⁷ In 1961 het dit nuwe momentum verkry op die Vrystaatse kongresse van die Nasionale Wolkwekersvereniging en Landbou-unie waar A.J. van Schalkwyk, LUK belas met Probleemdierebeheer-aangeleenthede, die Sadie-kommissie se verslag verduidelik het.³⁸

Hierdie kongresse het hulle uitgespreek ten gunste van verpligte probleemdierebeheer oor die hele Vrystaat asook 'n verpligte finansiële bydrae wat deur die Sentrale Komitee bepaal sal word en wat nie R6 per plaaseienaar te bowe sal gaan nie.³⁹ Hierdie beslissing was van kardinale belang vir die stigting van Oranjejag.

36. Die Volksblad, 20.06.60. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.

37. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.

38. Die verantwoordelikheid van probleemdierebeheer is aan Van Schalkwyk, LUK opgedra nadat Sadie Volksraadslid geword het. Vergelyk PR-debatte; 24.05.65, p. 415.

39. PR-debatte, 24.05.65, p. 415. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.

Van Schalkwyk het in 1965 aan die Provinsiale Raad verduidelik dat albei die landbou-organisasies hulself vereenselwig het met die aanbevelings dat (a) 'n organisasie ter bestryding van probleemdiere op die been gebring word; (b) dit gebaseer moes wees op 'n provinsiale grondslag;⁴⁰ en (c) dat lidmaatskap en die finansiële bydrae verpligtend moes wees.⁴¹

Wanneer die ou bedeling hiermee vergelyk word, wil dit voorkom asof eersgenoemde 'n duur onderneming kon wees: Artikel 11 van Ordonnansie nr. 8, 1953 - "Uitroei van ongediertes"; - het bepaal dat 'n grondeienaar, onverbonde aan 'n jagklub, R50 per silwer-, grys-, rooi- of swartrugjakkals of rooikat moes betaal aan 'n klub wat so 'n dier op sy grond vankant maak. In wese het die administrasie dit so opgesom:⁴² "Hierdie verpligte betalings kan as verpligte lidmaatskap beskou word, - lede van die betrokke jagvereniging was nie onderhewig aan hierdie betalings nie, maar alleenlik vir hulle ledegelde,"⁴³ soos afsonderlik deur elke klub bepaal.

Dit het reeds tydens die Sadie-kommissie se ondersoek geblyk dat boere nie almal eensgesind in hul opvatting oor die korrekte wyse van probleemdierebeheer was nie.⁴⁴ Dit word gestaaf deur 'n tweede kongresbesluit van die Vrystaatse Nasionale Wolkwekersvereniging in 1960, waartydens die administrasie versoek was om drastiese strafmaatreëls in te stel teen boere wat die verskillende jagverenigings verhinder het om op hul plase te jag.⁴⁵

Die dilemma is waarskynlik verder vererger deurdat bykans een-derde van die Vrystaatse boere in die laat sestigerjare nie aan een of ander landbou-organisasie behoort het nie.⁴⁶ Dit het heel moontlik ook vir die vroeë sestigerjare gegeld.

Tydens die Vrystaatse Nasionale Wolkwekersvereniging-kongres in Augustus 1962 het Du Plessis kongresgangers meegedeel dat die Uitvoerende Komitee van

40. PR-debatte, 24.05.65, p. 415.

41. Ibid.

42. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/2.

43. Ibid.

44. Vide supra p. 253.

45. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.

46. Ibid. Die sekretaris van die Vrystaatse Landbou-unie - die Administrateur, 27.05.68.

mening was dat die ewel nie langer op die gewone wyse beheer kon word nie. Dit was noodsaaklik dat 'n spanpoging aangewend moes word. Die bykans 8 000 rooi- en grysakkalse wat binne twee jaar in die Vrystaat uitgeroei is, het die oorbevolkingsmootlikheid van probleemdiere klaarblyklik deeglik genoeg uitgewys. Die inkomsteverlies kon nie deur die boer of owerheid bekostig word nie. Du Plessis was skynbaar van mening dat die goeie pogings van verskeie boere-jagorganisasies en die finansiële bydraes van die administrasie nog nie goed genoeg was nie. Hierdie bydrae was toe reeds sowat R21 000 per jaar.

Dit is duidelik dat die administrasie oorgehaal was om die boeregemeenskap te help, maar volgens die Administrateur was daar een voorbehoud: Die boer, sy organisasies en die georganiseerde landbou, moes die leidende rol in die onderneming neem.⁴⁷ "Indien die saak nie in die eerste instansie by die boere deurgaans erns is nie en daar nie van hulle kant die nodige opoffering en onderlinge samewerking is nie, is die vraagstuk haas onoplosbaar."⁴⁸

6.2 DIE IMPLEMENTERING VAN DIE SADIE-KOMMISSIE SE VOORSTELLE

Kort nadat Du Plessis die Vrystaatse Nasionale Wolkwekersvereniging toegesprek het, het die Uitvoerende Komitee op aanbeveling van die A.J. van Schalkwyk, (LUK) "n beleid ... aanvaar dat alleen groot jagverenigings 'n subsidie sal kry... wat 'n miljoen of méér morg... bedien sal kwalifiseer vir 'n subsidie..."⁴⁹

Die Uitvoerende Komitee het by wyse van proefneming besluit om vir twee jaar lank "R6 000 per miljoen morg en pro rata vir elke halfmiljoen morg daarbo aan so 'n jagvereniging ... uit [te] betaal tot 5 miljoen morg".⁵⁰ Die drie groot Vrystaatse jagverenigings, Sentrajag, Noordoos-Vrystaat en Harrismith het deur hierdie aansporingsmaatreël omstreeks 1964 gesamentlik sowat R30 000 per jaar van die administrasie en R50 000 uit ledegeld van

47. Die Volksblad, 03.08.62.

48. Ibid.

49. Vergelyk PR-debatte, 24.05.65 en UK-notule, min. 559, 6/7.08.62.

50. Ibid. Hierdie bronne vermeld R6 000 per miljoen morg wat waarskynlik korrek is. Daarteenoor vermeld (Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1) Ongediertebeheer in die O.V.S., (27.09.1968) 'n bedrag van R5 000.

boere ontvang. Die bydrae van eersgenoemde sou omstreeks 1968 styg tot 'n gemiddelde bedrag van R70 000 per jaar wat toe aan Oranjejag toegeken is.⁵¹

Verandering gaan dikwels met probleme gepaard. Die nuwe rigting waarin beweeg is, het beslis ook sy kwota probleme meegebring. Du Plessis het by geleentheid sy teleurstelling oor die gebrek aan samewerking uitgespreek: Daar was diegene "wat nie deur die Jakkals [sic.] gepla word nie. Die ondervinding het geleer, dat die instandhouding van hierdie groot organisasie op 'n klein groepie offervaardige boere rus ..." ⁵²

Talle boere het Sentrajag probeer dwarsboom of afsydig daarteenoor gestaan maar vryelik gedeel in die voordele wat dit meegebring het. Ander het weer hulle lidmaatskap beëindig sodra die jakkalse in hul gebied afgemaai was. Die Administrateur was van mening dat 'n onhoudbare situasie ontstaan het, aangesien hierdie tendens 'n ernstige bedreiging vir die wolbedryf ingehou het.⁵³

Volgens Du Plessis sou samewerking voorkom het dat die administrasie weens die druk wat op hom uitgeoefen is, tot die drastiese stap van verpligte lidmaatskap moes oorgaan. Gekontroleerde en gebalanseerde beheer was van kardinale belang vir 'n stelsel van goedkoper beheer waardeur die belange van die boer ook in die toekoms gedien kon word.⁵⁴

Teenkanting wat ontstaan het as gevolg van die beëindiging van die kleiner jagverenigings wat jare lank bestaan het, was vir hom nog verstaanbaar, maar belangeloosheid wanneer toekomsbelange op die spel was, was in sy oë onverskoonbaar. Dit was 'n probleem in die era van die Sadie-kommissie. Dieselfde probleem het in die tydperk van Du Plessis voorgekom en ongelukkig het dit vererger na verstryking van Du Plessis se termyn nadat aan die eise van drukgroepe toegegee is.⁵⁵ Wanneer huidige probleme beskou word, blyk dit baie duidelik dat Du Plessis in sy toekomsgerigte denke waarskynlik die

51. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.

52. Die Volksblad, 25.03.65.

53. Ibid. Vide supra p. 253 - A.J. van Schalkwyk.

54. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.

55. Vergelyk T.D. Potgieter-verslag pp. 12-13; Bylae M; T.F. Roux, p. 311.

beste antwoord gehad het. Dit blyk vandag 'n growwe mistasting te gewees het om die Administrateur en sy Uitvoerende Komitee waar hulle bloot die belange van die hele provinsie op die hart gedra het, te wou kruisig. Daarteenoor was mense in hul eer gekrenk nadat 'n verpligting op hulle onder 'n demokratiese regeringstelsel gelaai is. Die groot vraag is egter watter argument die swaarste geweeg het.⁵⁶

Die hoop op algehele samewerking was skynbaar 'n ydele droom. Die administrasie kan selfs blameer word dat waardevolle tyd verkwis is sedert die Sadie-kommissie die erns van probleem-dierbeheer na vore gebring het, daar Transvaal en Natal toe reeds hul ordonnansies ten opsigte van probleem-dierbeheer gewysig het. Nogtans het die administrasie verkies om te bly by die tweede beste alternatief van die Sadie-kommissie, naamlik om vrywillige samewerking te verkry, alvorens 'n drastiese stap geneem sou word. Terselfdertyd het die administrasie reeds die mandaat van die georganiseerde landbou gehad om die ou ordonnansie van 1953 te wysig. Lidmaatskap van 'n probleem-dierbeheerde gebied moes verpligtend wees.

Die tyd vir optrede het aangebreek. Druk is toenemend uitgeoefen deur die Nasionale Wolkwekersvereniging (O.V.S.) en die Landbou-unie (O.V.S.). Sentrajag het hom (einde 1964) hierby aangesluit. 'n Onhoudbare toestand het ontstaan aangesien 27 persent van hul lede uit nege distrikte bedank het, hoofsaaklik omdat die gebiede toe skoon was. Die gevaar het gevolglik ontstaan dat die handjiewol gewillige boere nie meer die mas sou opkom nie en ook kon bedank.⁵⁷

Dit sou die Vrystaat weer terugskuif na die beginpunt van probleem-dierbestryding indien sy grootste jagvereniging, Sentrajag platval. Daar was dus geen verdere keuse vir die Administrateur, sy Uitvoerende Komitee en Provinsiale Raad as om in die rigting van verpligte lidmaatskap vir alle Vrystaatse boere te beweeg nie.

Van Schalkwyk, LUK belas met Probleem-dierbeheer, wat beheer by N.C. van R. Sadie, LUK oorgeneem het, het die aanvoerwerk gedoen. Hy het boerever-

56. Vide infra pp. 276, 279-283 en 307

57. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/15/1.

enigings dwarsoor die Vrystaat ingelig aangaande maaatreëls en planne wat deur die Uitvoerende Komitee beoog is.⁵⁸ Desgelyks het hy ook die Provinsiale Raad tydens die sitting in Mei 1965 ingelig. Van Schalkwyk het onomwonde verklaar dat hý die Uitvoerende Komitee oorreed het om die eerste fase van probleem-dierbeheer, na die Sadie-verslag, eers op vrywillige basis te laat geskied.

Dit was nodig om uitvoering te gee aan die wense van die georganiseerde landbou en om wetgewing aan te neem wat verpligte lidmaatskap sou bevorder. Dit, sowel as die voortsetting van subsidiëring, was al verantwoordelikheid wat die administrasie bereid was om op hom te neem. Die verantwoordelikheid om 'n oorhoofse boere-organisasie te stig het by die boere self berus. Derhalwe moes hulle bereid wees om hul ledegeld self ten tye van die (te stigte) jagvereniging se jaarkongresse vas te stel. Een jagorganisasie sou baie goedkoper vanuit een kantoor bedryf kon word. Hy het nogmaals beklemtoon dat die Uitvoerende Komitee seker was dat die koste in die toekoms sou daal en lidmaatskap 'n geringe bydrae sou verg. Op dié wyse sou die Vrystaat die gebrek aan nasionale samewerking grotendeels self kon oorkom en sy eie huis in orde hou.⁵⁹

7. DIE STIGTING VAN ORANJEGAG

Om die oneffektiewe probleem-dierbeheer hok te slaan, is daar besluit om die drie groot jagverenigings - Sentrajag, Harrismith en Noordoos - in een organisasie, naamlik Oranjejag te konsolideer. In hooftreкке het dit behels dat die mag ten eerste aan die Administrateur gegee moes word om die kleiner jagverenigings, wat binne geproklameerde gebiede van die groot jagverenigings bestaan het, te kon ontbind. Tweedens was dit nodig om elke grondbesitter binne die gebied van 'n groot jagvereniging verpligte lidmaatskap op te lê. Ten derde moes die Administrateur die reg verkry om ook gebiede buite die bestaande gebiede te kon proklameer "wanneer hy dit nodig of goed vind".⁶⁰

Dié ordonnansie is op 24 Mei 1965 sonder veel besware deur die Provinsiale Raad aangeneem.⁶¹

58. Ibid.

59. PR-debatte, 24.05.65, pp. 416-417.

60. Ibid., pp. 417-418.

61. Ibid., pp. 418-423.

Sommige boere het ernstige bedenkinge gekoester oor die noodsaaklikheid van 'n gesentraliseerde liggaam vir probleemdiërbestryding. A.J.V. Marais, LPR (Lindley-Reitz) was van mening dat kleiner jagverenigings vanweë finansiële probleme swak gevaar het. Sake sou anders verloop het indien hulle ook gedeel het in die groot subsidies wat beskikbaar gestel is aan die drie voormelde groot jagverenigings. Terselfdertyd sou korttermynbeplanning groot finansiële uitgawes in die kiem smoor. Dit sou verhoed dat mense wat ten gunste van die nuwe stelsel was, later 'n weerstand omrede oorbesteding op enkele oorblywende probleemdiere opbou.

Marais het homself nietemin vereenselwig met die ordonnansie, maar het verder gewaarsku dat daar boere was wat skynbaar nie behoorlik omtrent die nuwe maatreëls ingelig was nie. Dit was nodig om kennis te neem dat boere nie net bedank het uit jagverenigings nadat probleemdiere uitgeroei is nie, maar sommige boere het bedank omdat hulle afgeskeep is. Die gedagte het ontstaan dat sommige jagverenigings te veel afgebyt het sonder genoegsame voorsiening vir jagmeesters en toebehore. Desnieteenstaande is belof om beter diens te lewer.⁶²

As daar in ag geneem word dat Sentrajag binne drie tot vier jaar 2 774 rooi-jakkalse en 53 rooikatte uitgeroei het; Noordoos bykans 174 rooi-jakkalse en 187 rooi- en wildekatte binne agtien maande en Harrismith 421 rooi-jakkalse en 19 rooikatte in net meer as 'n jaar - in totaal amper 3 400 rooi-jakkalse en 260 rooi- en wildekatte - is dit duidelik dat daar 'n behoefte aan 'n gekoördineerde stelsel van beheer was.⁶³

Enkele Raadslede was egter van mening dat die kleiner jagverenigings nie goedsikks opgeoffer moes word ter wille van die groot ideaal nie. Die saak moes met die nodige omsigtigheid hanteer word.

D.M. Grewar, LPR (Ficksburg/Senekal) het die nuwe maatreëls verwelkom. Dit sou beter wees om die hele Vrystaat, ooreenkomstig die versoek van die georganiseerde landbou te proklameer as probleemdiërbeheergebied om praktiese redes.⁶⁴ Dit sou nie alle probleme uitkakel nie, maar dit sou

62. Ibid., pp. 418-419.

63. Ibid., p. 416.

64. Ibid., pp. 419-420.

probleemdierbeheer beslis minder ingewikkeld maak en minder skuiwergate laat.

Uit Van Schalkwyk se repliek op dié debat was dit duidelik dat die Uitvoerende Komitee hom finaal ingestel het op 'n beleid van sentrale beheer: "Ons gaan nou voort in die rigting van een groot jagvereniging".⁶⁵ Sentiment sou nie langer 'n rol speel nie. Hieraan was reeds die nodige aandag gegee deurdat die klein jagverenigings se subsidies goedgunstiglik vanaf 1963 tot 1 April 1964 verleng is, waarna dit finaal verval het. Klagtes betreffende ondoeltreffende dienslewering moes deur boere onder die aandag van hul aksiekomitees, waarvan daar een in elke distrik was, gebring word.⁶⁶

Die drie groot jagverenigings het na onderhandelinge met alle belanghebbendes in 1965 besluit om tot voordeel van hul provinsie op 1 Januarie 1966 te amalgameer.⁶⁷ Die Suidoos-Vrystaat was toe die enigste gebied wat nog nie ingesluit was nie.⁶⁸ Dit was duidelik 'n stap in die rigting van algehele beheer. Die nuwe organisasie, die Oranje-Vrystaatse Ongediertbeheer- en Wildbewaringsvereniging, Oranjejag, sou kort voor lank byna vier-vyfdes van die Vrystaat, as jaggebied, onder sy beheer verkry.⁶⁹ Daar was van die veronderstelling uitgegaan dat "Hierdie vereniging wat deur die boer in belang van die boer gestig is, deur hulself bestuur sal word en waarin elke boer seggenskap het, het derhalwe sy ontstaan uitsluitlik te danke aan die inisiatief van die gemeenskap wat daardeur bedien word".⁷⁰

Die konstitusie het bepaal dat Oranjejag beheer word deur 'n uitvoerende komitee (liefs Sentrale Raad) wat uitsluitlik uit lede en deur lede van die vereniging gekies word.⁷¹ Hieruit is 'n dagbestuur of bestuurskomitee gekies waarop 'n verteenwoordiger van die administrasie gedien het.⁷²

65. Ibid., p. 421.

66. Ibid., pp. 421-422.

67. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/15/2.

68. Ibid.

69. Ibid.

70. Ibid.

71. Ibid.

72. Ibid.

"om 'n wakende oog te hou oor die bedrywighede van die organisasie as 'n geheel". In alle sake van 'n kontensieuse aard moes die Vrystaatse Provinsiale Administrasie vooraf geken word.⁷³

8. 'N NUWE BENADERING

Die ontstaan van Oranjejag het nuwe moontlikhede gebied wat tot voordeel van die Vrystaat aangewend kon word. 'n Nuwe mylpaal is bereik met die uitbouing van Oranjejag se hondeteel- en afrigtingstasie. Dit het die moontlikheid vir grootskeepse navorsing op die gebied van probleem-dierbeheer, sowel as wild- en natuurbewaring ingehou. Die toekomstmoontlikheid vanuit die Administrateur se oogpunt het werklik rooskleurig gelyk, gesien teen 'n agtergrond van byna 10 miljoen hektaar wat in Mei 1966 deur Oranjejag beheer is.⁷⁴

Op 24 Februarie 1967 het Du Plessis die proklamasie wat toe enige tyd in die Provinsiale Koerant afgekondig sou word, weer eens vir bespreking in die Provinsiale Raad oopgestel. Dit blyk dat W.F. Wentzel, wat Van Schalkwyk opgevolg het as LUK en belas was met probleem-dierbeheer, ietwat ontsteld was dat die hoofkantoor van die Landbou-unie (O.V.S.) skynbaar foutiewelik verklaar het dat die georganiseerde landbou nooit by herhaling vir proklamasie gevra het nie.

Sommige Raadslede het gereken dat nog eens gewag moes word, nadat die finale besluit van Oktober 1966 reeds tydelik gevries is. Wentzel was nie hiervoor te vinde nie. Dit kon die einde van alle lang en moeisame pogings wat toe reeds teen groot koste aangegaan is, verongeluk. Die moontlikheid het bestaan dat 'n volgende kongres net weer alle vorige beslissings kon herroep. Dit sou daartoe lei dat die provinsiale regering nie weer maklik sou reageer op versoeke van die georganiseerde landbou nie.⁷⁵ Omtrent die ontevredenheid rondom die heffingstelsel van "1c per morg" het hy voorgestel dat mense liefs met positiewe voorstelle vorendag moes kom en die bestuur van Oranjejag tot ander insigte bring.

73. Ibid.

74. Die Volksblad, 04.05.66. Vergelyk The Friend, 05.05.66.

75. PR-debatte, 24.02.67, p. 145.

In stede van afsydig te staan moes Provinsiale Raadslede waar toepaslik, die vergaderings wat hy dwarsoor die Vrystaat sou bywoon, meemaak.⁷⁶ "Kom help ... dat ons gesamentlik optree en die hele metode van organisasie [rondom] geldinsameling ... probeer regstel ..." ⁷⁷ Elke boer sou vanaf proklamasie die reg geniet om sy stem ten opsigte van heffingsgelde uit te bring.⁷⁸ Die vrees het skynbaar bestaan dat Oranjejag as vereniging heffings na willekeur kon instel. Dit blyk in die studie van alle waarheid ontbloom te wees, soos in die uiteensetting vorentoe sal blyk.

Op daardie stadium het die heffingstelsel ruimte ter verbetering gelaat.⁷⁹ Boere van die Suid-Vrystaat het gevoel dat hulle meer as hul deel gedoen het, terwyl veral die bees- en saaiboere wat geen bydrae gemaak het nie en ook gevoel het dat hulle dit nie behoort te doen nie, bygedra tot die oneweredige verspreiding van die las.⁸⁰

Du Plessis het die motivering van Wentzel heelhartig onderskryf.⁸¹ Hy het dit benadruk dat, volgens hom eenhonderd-en-sewentig getuies aangehoor is en dat die groot gros van die getuies, waarvan veertig uit Boshof afkomstig was, die gedagte gesteun het.⁸²

Du Plessis het die verslag en die aanbeveling wat verwys na die rol wat die administrasie moes speel om die hele provinsie te proklameer, woordeliks aangehaal: 'Die kommissie is oortuig daarvan dat blywende sukses in die stryd teen ongediertes slegs bereik kan word as die probleem op 'n provinsiale grondslag aangepak word. Om dit te kan doen, is dit nodig

76. Ibid., pp. 146-147.

77. Ibid., p. 147.

78. Ibid.

79. Ibid., p. 146. Wentzel het die buigsaamheid van die stelsel geïllustreer deur daarop te wys dat hy reeds persoonlik as boer vertoë deur die regte kanale in dië verband gerig het. Vide infra p. 271 Hoofbesware.

80. PR-debatte, 24.02.67, p. 146.

81. Ibid., p. 154.

82. Ibid., p. 155. Vergelyk die Sadie-verslag. Dit dui selfs op 'n hoër getal.

dat daar 'n liggaam in die lewe geroep behoort te word wat die pogings in hierdie rigting deur die hele provinsie kan koördineer. Op dié manier kan die ideaal van planmatige en gekontinueerde optrede verwesenlik word.⁸³

Du Plessis het duidelik laat blyk dat daar geen alternatief is nie. Die administrasie het toe alreeds R254 740 aan Sentrajag en later Oranjejag uitbetaal⁸⁴ en "Dit is publieke geld - geld wat in trust geplaas is by hierdie Raad, en ek is nie te vinde daarvoor dat daardie geld verkwis moet word nie. Ek wil namens myself en namens die Uitvoerende Komitee sê ons het 'n lange pad gevolg om te kom tot die besluit dat daar 'n sentrale vereniging moet wees wat die uitroeiing van ongediertes in hierdie provinsie moet aanpak en dat dit vir ons veel moeite, ... arbeid ... besprekings sou kos om te besluit dat die hele provinsie geproklameer sal word. Ons moet volstaan en ek hoop dat die boere ... sal saamstem dat dit 'n wyse stap is om die ongediertes planmatig uit te roei".⁸⁵

Die vraag kan seker gevra word: wat meer kon 'n welmenende Administrateur doen?

9. **GEVOLGE VAN ORDONNANSIE NR. 11 VAN 1967: VOLLE INKORPORASIE VAN ALLE VRYSTAATSE BOERE VANAF 1 JANUARIE 1968**

Vanaf 1 April 1967 was alle grondeienaars in die Vrystaat verplig om lidmaatskapsgeld aan Oranjejag op die basis van "een sent per morg" per jaar te betaal.⁸⁶ Dit het gelei tot groot onmin tussen sommige boere en die administrasie. Laasgenoemde het dit egter as 'n huishoudelike aangeleentheid van Oranjejag beskou, wat op Oranjejag se jaarvergaderings besleg moes word, waar alle boere seggenskap gehad het.⁸⁷

Die ledegeld bepaling het veroorsaak dat groot grondeienaars byvoorbeeld meer as R10 per jaar moes betaal.⁸⁸ By wyse van vergelyking is dit van

-
83. PR-debatte, 24.02.67, p. 155. Vergelyk Sadie-verslag, p. 16.
 84. PR-debatte, 24.02.67, p. 155.
 85. Ibid., pp. 155-156.
 86. T.D. Potgieter-verslag, pp. 5-6. Vergelyk Bylae K iii.
 87. Vide supra p. 266 en infra pp. 270-271.
 88. T.D. Potgieter-verslag, p. 6.

belang om te let op die aanbevelings van die Sadie-kommissie wat voorgestel het dat tot R30 vir 1 714 hektaar en meer betaal moes word. Nog 'n belangrike aanbeveling van die Sadie-kommissie was dat die lidmaatskapfooi in 'n geproklameerde distrik van elke eienaar van grond op bogemelde basis⁸⁹ (of minder), gevorder moes word en dat die Sentrale Komitee die verskuldigde bedrag van so 'n eienaar in enige bevoegde hof kon verhaal.⁹⁰ Soos reeds aangedui, kon tot R40 per grondeienaar in Kaapland verhaal word.⁹¹

Dit blyk dat die probleem ontstaan het rondom die georganiseerde landbou se kongresbesluite van 1961 waarop R6 per lid goedgekeur was en die wysiging wat later aangebring is deur die bestuur van Oranjejag, wat ledegeld op "1c per morg" vasgestel het. Hierdeur sou groot grondeienaars meer as R6 per jaar per lid of plaas betaal,⁹² en dit was strydig met die 1961-besluite.

Die saak is in 1967 deur Ordonnansie nr. 11 raakgevat, waardeur die posisie van Oranjejag gekonsolideer en duideliker omskryf is "as die liggaam wat onder beheer van die administrasie vir ongediertebestryding in die Vrystaat verantwoordelik is ..."⁹³

"Voorheen was hy [Oranjejag] by proklamasie onder Ordonnansie as sodanig erken, terwyl nou by substantiewe [selfstandige] bepaling in die Ordonnansie daarvoor voorsiening gemaak is."⁹⁴ Volgens die ordonnansie is verpligte lidmaatskap behou, maar is ledegeld op 'n maksimum van R10 per jaar per grondeienaar vasgestel. Kleinboere is heeltemal vrygeskeld.⁹⁵ Dit het met die Sadie-kommissie se aanbeveling dat geen ledegeld op 0 - 85 hektaar gehef moes word nie gestrook.⁹⁶

Ordonnansie nr. 11 van 1967 het op 1 Januarie 1968 in werking getree en volgens die dokumentasie van die Provinsiale Administrasie het dié ordonnansie, 'n maksimum van hoogstens R10 ledegeld per lid per jaar

-
89. Vergelyk Bylae Ki.
 90. Sadie-verslag, p. 21. Vergelyk voetnoot 171.
 91. Vide supra p. 255.
 92. T.D. Potgieter-verslag, p. 6
 93. Ibid., p. 6.
 94. Ibid.
 95. Ibid. Vergelyk Bylae Kii.
 96. Sadie-verslag, p. 20.

vasgestel wat deur Oranjejag gehêf kon word. Binne hierdie vasgestelde raamwerk het die bestuur van Oranjejag self die ledegeld,⁹⁷ soos hierbo aangedui, bepaal. Derhalwe het die uitvoerende bestuur van Oranjejag 'n ernstige poging aangewend "om veral die kleinboer tegemoet te kom en die skeuring tussen die ou en nuwe [Suid-Vrystaat] geproklameerde gebiede op te los".⁹⁸

10. HOOFBESWARE VAN DIE SUID- EN NOORD-VRYSTAAT

Die maatreël tot verpligte lidmaatskap soos bepaal deur Ordonnansie nr. 11 van 1967 het sommige Vrystaatse boeregemeenskappe in opstand gebring. Aanvanklik het dit veral onder die Suid-Vrystaters voorgekom maar ook in die areas waar skaapboerdery ondergeskik was.⁹⁹

Die Suid-Vrystaters het beswaar aangeteken op grond daarvan dat hulle hul eie jagverenigings gehad het en oortuig was dat hul gebied reeds betreklik vry van probleemdiere was. Wetlik was hulle reeds voorheen verplig om jakkalsdraadomheining teen groot koste aan te bring.¹⁰⁰ Verdere maatreëls het tot addisionele uitgawes, veral tydens ernstige droogtes gelei.¹⁰¹

Sommige boere in dié gebied was ook ontsteld vanweë 'n belofte wat Oranjejag aan hulle sou maak het om nie in hul gebied in te meng nie, tensy daarom gevra sou word. Hulle was van mening dat hulle die probleemdiere koste-effektief kon beheer, aangesien die vrees bestaan het dat die ledegeld wat hulle aan Oranjejag moes betaal, net al meer sou word. Volgens 'n koerantberig het sowat 99 persent van Dealesville se boere geweier om hul rekenings aan Oranjejag te betaal.¹⁰²

Die saai- en beesboere het min erg gehad aan die beheer van probleemdiere en eersgenoemde was meer bekommerd oor knaagdiere en peste. Hulle het dit as onbillik beskou om 'n bydrae te maak aan 'n instansie wat net tot voordeel van die skaapboer op die been gebring is.

97. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1. Ongediertbeheer in O.V.S., (27.09.68). Vergelyk nuwe tariewe Bylae Kii.
98. Die Volksblad, 20.06.67. Vergelyk Bylae K, tabelle ii; iii; iv en v.
99. T.D. Potgieter-verslag, p. 6.
100. Die Volksblad, 28.02.67. Vergelyk Bylae Li en Lii - Suid-Vrystaat.
101. PR-debatte, 24.02.67, p. 121.
102. Die Volksblad, 28.02.67.

Feitlik al die groepe hierbo genoem was ontevrede met die heffing van "een sent per morg" wat hul moes betaal. Vir sommige was dit niks anders as 'n grondbelasting nie. Die gesonde grondslag van vennootskap tussen die administrasie, die boer en die georganiseerde landbou het eensklaps in die gedrang gekom. Die administrasie is uit verskillende oorde onder aansienlike druk geplaas om sy beheermaatreëls te herroep. Baie memoranda is voorgelê; terselfdertyd is deputasies ontvang. Die veldtog teen die maatreëls van die administrasie is ook verder gevoer in die pers en op politieke vergaderings.¹⁰³

11. ORANJEGAG VERKRY "POLITIEKE STATUS": 14 SEPTEMBER 1967

Die ontevredeenes - met Oranjegag - het geweier om deur die normale kanale te werk. Die bykans ongehoorde is gedoen. Die saak is selfs tot by die NP-kongres geneem in 'n poging om dit uit die wêreld te maak waar 'n beskrywingspunt teen verpligte lidmaatskap van Oranjegag gemaak is.

Daarteenoor is die beleid van die Vrystaatse Provinsiale Administrasie met 'n oorweldigende meerderheid goedgekeur. M.C.G.J. van Rensburg, voorsitter van die kongres en Vrystaatse NP-leier en Adjunk-minister van Vervoer, het die minderheid, wat teen Oranjegag gekant was, versoek om by die meerderheidswil te berus.

Alvorens die aangeleentheid tot stemming gebring is, het daar weer eens 'n lewendige bespreking plaasgevind waarin veral die Suid-Vrystaters hul beswaar teen verpligte lidmaatskap van Oranjegag te kenne gegee het. Distriksbesture wat beswaar by wyse van beskrywingspunte aangeteken het, was dié van Hoopstad, Jacobsdal, Koffiefontein, Petrusburg, Rouxville, Smithfield, Bloemfontein-distrik, Ladybrand, Bethulie, Steynsrus en Vierfontein.¹⁰⁴

103. T.D. Potgieter-verslag, pp. 6-7. Vergelyk Die Volksblad, 28.02.67 en 07.03.67.

104. Die Volksblad, 14.09.67.

Beswaar is aangeteken teen: die verpligte "grondbelasting"; die reg wat Oranjejag geniet het om tariewe te bepaal (Oranjejag was 'n privaat organisasie); die onbillike heffing of tariewe (dit moes vervang word) en verpligte heffing wat op saiboere van toepassing was.¹⁰⁵

Diegene wat ten gunste van Oranjejag was wou op hul beurt hê dat die tarief op R6 per grondeienaar vasgestel word, soos deur die Vrystaatse landboukongresse in 1961 vasgestel.

W.F. Wentzel het die ontevredenes nogmaals versoek om geduld te beoefen. Sodra probleemdiere onder beheer was, sou die ledegeld verminder. Toegewings sou in daardie stadium in niemand se belang wees nie. Die Uitvoerende Komitee het deur ondervinding geleer dat vrywillige lidmaatskap nie die gewenste resultate gelewer het nie.

Die hondebelastingkwessie is ook bespreek. Die versoek is gerig dat "belasting op windhonde streng gehandhaaf word ..."¹⁰⁶ In diê verband het Wentzel die boere versoek om as baas van sy eie plaas self inisiatief aan die dag te lê. Hulle moes nie al hul probleme aan die administrasie voorlê nie.¹⁰⁷

12. SAMESPREKINGS TUSSEN DIE UITVOERENDE KOMITEE EN DIE DAGBESTUUR VAN ORANJEJAG: 5 FEBRUARIE 1968

Du Plessis het die vergadering ingelig dat die Uitvoerende Komitee dit gerade geag het om probleemassekte wat op daardie tydstip rondom Oranjejag bestaan het gesamentlik te ontleed. Klagtes van die Viljoenskroonse Distriksboere-unie en 'n versoek van die Landbou-unie dat boere nie summier beboet moes word nie, was deel van die agenda.

Aangaande laasgenoemde versoek is die gedagte uitgespreek dat die grootste deel van die Vrystaat die nuwe ledegeld-formule aanvaar het. Toegewings sou slegs alles wat vermag is, verongeluk. Dit blyk dat die reëling die

105. Ibid.

106. Ibid.

107. Ibid.

dagbestuur gepas het, aangesien hulle nie meer aanmanings uitgestuur het nie. Dié verandering van die Ordonnansie (1967) het meegebring dat persone wat voorheen nie hul heffingsgeld betaal het nie, skuldig was aan 'n kriminele oortreding. Dit het die rompslomp van die talle aanmanings wat voorheen uitgestuur is, uitgeskakel. 'n Nuwe rekenoutomaat het ook die werkklas ten opsigte van die duisende rekenings wat Oranjejag hanteer het verlig.

Die dagbestuur was duidelik verontrus oor die wisselende trant wat kongresbesluite van jaar tot jaar ingeneem het. Dit was nodig dat Oranjejag se personeel verseker sou wees van vastigheid. Dit sou seker nie verkeerd wees nie om aan te neem dat rompslomp en onsekerheid 'n nadelige uitwerking kon hê op personeellede van Oranjejag en dat elke fout wat hulle gemaak het, onder omstandighede, aan die groot klok gehang is. Daarby sou dit net billik wees om in gedagte te hou dat Oranjejag op daardie tydstip beswaarlik twee jaar oud was.

Soos in geval van die samesprekings van die Uitvoerende Komitee met die Vrystaatse Wolkwekersvereniging en Landbou-unie van die Vrystaat wat op dieselfde dag plaasgevind het, het Du Plessis tydens dié onderhoud indringende vrae gestel om tot die kern van die probleme deur te dring. In dié verband was dit vir hom vreemd dat ten spyte van al die moeite om probleme op te los, daar steeds spore van verzet in Viljoenskroon was. Dit was volgens hom nodig om die intensiteit daarvan vas te stel.¹⁰⁸ Dit val op in die studie van Oranjejag betreffende die ontevredenheid in Viljoenskroon-omgewing, dat Du Plessis telkens aandag aan die kwessie gegee het.¹⁰⁹

A.M. Wessels, voorsitter van Oranjejag, was van mening dat die probleme grotendeels opgelos was. Skynbaar het die probleem toe om hondebelasting gedraai. Volgens Wessels moes hondebelasting glad nie aan Oranjejag gekoppel word nie. Die gedagte onder sommige plattelanders dat hondebelasting aangewend is vir die finansiering van Oranjejag moes die nek ingeslaan word. Enersyds was hondebelastingmaatreëls in ooreenstemming met kongresversoeke van 1966.

108. Verslag van die samesprekings tussen die Uitvoerende Komitee en lede van die Dagbestuur van Oranjejag, gehou op 05.02.68. [Voorsitter J.W.J.C. du Plessis, Administrateur] pp. 1-3. [Hierna vermeld as: Verslag UK-samesprekings met Oranjejag-dagbestuur, 05.02.68].

109. Vide infra, p. 277.

L. Linde, voorheen verbonde aan die Sadie-kommissie, was oortuig dat dié maatreëls gestrook het met hul destydse bevindinge. Hy het spesifiek verder verwys na die meerderheid versoeke dat honde drasties beheer moes word om te voorkom dat dit selfs 'n groter probleem as probleemdiere word.¹¹⁰

12.1 'N MENINGSPEILING VAN DIE VERGADERING:

Sommige mense het gebruik gemaak van die hondebelastingdispuut om dit aan ander dinge te koppel. Waar min (die boeregemeenskap) die ware funksionering en samewerking van Oranjejag met die Vrystaatse Administrasie begryp het, het die Administrateur voorgestel dat meer voorligting onder meer by jaarvergaderings gedoen moes word.

Die mening is ook gelug dat "opstokers" 'n toestand van twyfel onder medeboere geskep het. Terselfdertyd het dié ontevredenes die frustrasie van boere wat finansiëel gesukkel het, uitgebuit. Aan die positiewe kant was die bevinding dat die meeste boere tevrede was - so ook die Oos-Vrystaat - dit was net die ontevredenes wat hul stem laat hoor het. Dit moes nie die Uitvoerende Komitee ten opsigte van sy wetgewing ontmoedig nie.

'n Ander moeilike interne probleem was diegene wat toë nog nie hul ledegeld vanaf 1966 betaal het nie. Origens moes die georganiseerde landbou Oranjejag wettig om die stiefkind-beeld af te takel. Die drogbeeld dat die administrasie Oranjejag vir sy "eie doeleindes ingestel en op boere afgedwing het ..." moes reggestel word.¹¹¹

Du Plessis het ten slotte die dagbestuur van die voortgesette steun van die administrasie verseker en solank die boere "voortgaan met die saak geniet hulle die simpatieke behandeling van die administrasie".¹¹²

13. DIE VOORTBESTAAN VAN ORANJEJAG IN DIE WEEGSKAAL 5 FEBRUARIE 1968: INDRINGENDE ONDERSOEK

Naas die samesprekings met die dagbestuur van Oranjejag, het die Administrateur en sy Uitvoerende Komitee dit gerade geag om ook op dieselfde

110. Verslag UK-samesprekings met Oranjejag-dagbestuur, 05.02.68.

111. Ibid., pp. 2-3.

112. Ibid., p. 3.

dag samesprekings met die lede van die Vrystaatse Landbou-unie en Wolkwekersvereniging te voer.

Du Plessis wou namens die Uitvoerende Komitee weet wat hulle te doen staan, te wete of die instansie hom by die "huidige rigting" moes hou en of hulle hulself moes onttrek rakende die vraagstukke van probleemierbeheer en hondebelasting, daar die aangeleentheid uiters onpopulêr geraak het.

Die antwoord was dat die meerderheidsbesluite van hulle kongresse georganiseerde optrede met probleemierbeheer verlang het omdat die hele Vrystaat potensiële skaapwêreld is.

As Administrateur het Du Plessis op betaamlike wyse vereis dat die samewerking van die boere as voorvereiste (vir probleemierbeheer) beskou moes word. Dit was nodig dat hulle as Uitvoerende Komitee en die georganiseerde landbou - dit wil sê die Vrystaatse Landbou-unie en Wolkwekersvereniging - die aangeleentheid uiters korrek in die lig van die verset moes verifieer.¹¹³

Die gevolgtrekkings waartoe gekom is, was dat die pers slegs publisiteit aan proteste gegee het. Party-politiek is ingesleep wanneer persone nie hul sin gekry het nie. Die Dierebeskermingsvereniging in Bloemfontein is gebruik om stadsraads-kandidatuur te bevorder.¹¹⁴

Du Plessis wou weet waarom die Distriks Landbou-unies (Distriksboere-unies) hulle teen Oranjejag uitgespreek het in weerwil van die ondersteuning van die Landbou-unie (as hooforganisasie). Die gedagte is gelug dat dié probleem aan die deur van Sampi gelê kon word, wat bemoeienis met die aangeleentheid gemaak het. Lede van die "Distriks Landbou-unies" het Sampi

113. Verslag van die samesprekings tussen die Uitvoerende Komitee en Lede van die Vrystaatse Landbou-unie en Wolkwekersvereniging te Bloemfontein, 05.02.68. [Voorsitter J.W.J.C. du Plessis, Administrateur] pp. 1-2. [Hierna vermeld as: Verslag UK-samesprekings met die Vrystaatse Landbou-unie en Wolkwekersvereniging, 05.02.68].

114. Ibid., p. 2.

in die algemeen gesteun en nie 'n voorliefde vir die georganiseerde landbou gehad nie.¹¹⁵

Dit was aan die vergadering bekend dat Viljoenskroon ontevrede was as gevolg van die verpligte lidmaatskap en finale aanmanings (van Oranjejag). Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat groeiende teenstand nie onder ontevredenes uitgesluit kon word nie.¹¹⁶

Alhoewel die vergadering klaarblyklik (by monde van P.L.S. Aucamp, LUK) besef het dat die stelsel nie volmaak was nie en sekere veranderinge nodig was om die opposisie teen te staan, het Du Plessis die algemene gevoel gepeil dat Oranjejag moes voortbestaan.

Dié vergadering het op soortgelyke wyse as die dagbestuur van Oranjejag en selfs nog meer positiewe bewysgronde van steun uit verskillende dele van die Vrystaat ten opsigte van probleemdierebeheer gelewer. Die verteenwoordigers van die georganiseerde landbou was dit eens - soos in geval van die dagbestuur van Oranjejag - dat die administrasie hondebelaasting korrek en volgens die Sadie-kommissie se aanbevelings hanteer het.¹¹⁷

14. ONTEVREDENHEID IN DIE NOORDE VAN DIE VRYSTAAT VANWEE VERPLIGTE LIDMAATSKAP VAN ORANJEJAG

14.1 UK-ONDERHOUD MET 'N AFVAARDIGING VAN BOERE VAN VILJOENSKROON: 7 Februarie 1968

Die afvaardiging wat die Administrateur en Uitvoerende Komitee op 7

115. Ibid., p. 2. Dit blyk dat dit die "Distriks Landbou-unies" vanaf Modderrivier en hoër na Kroonstad en Vrede in die besonder was. Op die keper beskou het die suidelike gebied meer gedissiplineerd as die noordelike gebied voorgekom, afgesien van enkele uitsonderings, aldus die sekretaris van die Vrystaatse Landbou-unie. Die woord Distriksboere-unies blyk tans meer aanvaarbaar as Distriks Landbou-unies te wees.

116. Verslag UK-samesprekings met die Vrystaatse Landbou-unie en Wolkwekersvereniging, 05.02.68, p. 3.

117. Ibid., p. 4. Vergelyk Notules van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 27.02.68, p. 12. Luidens die Administrateur is toegewings deur die Uitvoerende Komitee gemaak ten opsigte van honde-eienaars wat behoorlik-na hul diere omgesien het.

Februarie 1968 besoek het, het bestaan uit Senator S.I. Senekal, 'n oud-LUK wat lid was van die Uitvoerende Komitee wat die Sadie-kommissie inisieer het, P.E. Grobler, S.B. Keyser, P.W. du Plessis en J.G. Erasmus.¹¹⁸

Senator Senekal was van mening dat die boere se demokratiese regte aangetas word daar hulle syns insiens enersyds gedwing is om heffingsgeld te betaal en andersyds daar (vir die boer) geen demokratiese kanale was waar beswaar aangeteken kon word nie.

Du Plessis het daarop gewys dat provinsiale wetgewing onderhewig aan die goedkeuring van die regering was wat by implikasie beteken het dat alle provinsiale ordonnansies die regering se goedkeuring moes geniet alvorens dit prakties geïmplementeer kon word. Senator Senekal het verskil. Volgens hom het die Vrystaatse Regering 'n verantwoordelikheid gehad teenoor sy kiesers en die senator het gewaarsku: "Die verset [skynbaar onder die boere] is sodanig dat die saak verder gevoer sal word". Op 'n vraag van 'n Uitvoerende Komiteelid het Senekal beweer dat die ordonnansie ultra vires is. Hy het dit betreur dat regeringsmagte aan 'n buiteliggaam - of te wel privaat inisiatief - oorgedra is. Hiervolgens was die senator dus van mening dat die Provinsiale Raad met die konstitusie van Oranjejag buite sy bevoegdheid opgetree het.¹¹⁹

Die afvaardiging was bewus daarvan dat die Nasionale Party-kongres die maatreëls goedgekeur het. Hulle het hulself die reg voorbehou "om met alle

-
118. UK-notule, min. 173, 07.02.68. Onderhoud met afvaardiging van boere van Viljoenskroon insake Oranjejag Lidmaatskap: Verslag. [Hierna vermeld as: UK-notule, min 173, 07.02.68].
119. Ibid.; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/15/1. Ongediertebeheer in O.V.S. (27 Sept. 1968). Adv. D.P. de Villiers het na ondersoek, beslis dat die administrasie beslis binne sy reg, intra vires, opgetree het volgens Artikel 2(2) wat bepaal het dat alle grondeienaars van die Vrystaat verplig was om lid van Oranjejag te wees en 'n jaarlikse heffing van R10 as maksimum te betaal. Adv. De Villiers het ook beslis dat daar nie werklik sprake van die heffing van 'n belasting - grondbelasting - was nie omrede die geld aan 'n vereniging wat dienste lewer betaal word en deur hulptoelae van die administrasie aangevul is.

beskikbare metodes, selfs 'n openbare vergadering, 'n wet van die regering aan te val".¹²⁰

By navraag van Uitvoerende Komitee-lede het die afvaardiging verklaar dat hulle gekies was op 'n "boere vergadering" van Viljoenskroon en omliggende dorpe. Hulle het nie in opdrag van die "distriksunies" opgetree nie. Die Distriksboere-unies het hulself vereenselwig met die afvaardiging se optrede en sou versoeke aan die administrasie en Oranjejag rig. Volgens die afvaardiging het dit nie saak gemaak wie die inisiatief geneem het nie, solank daar oor die beginsel van die saak gepraat kon word.

Du Plessis het verduidelik dat die afvaardiging 'n onderhoud aangevra het; dus was dit die reg van die Uitvoerende Komitee om te weet wat die agtergrond was en wie hulle verteenwoordig het.

Grobler het te kenne gegee dat die Bothaville Distriksboere-unie hul volle steun aan die afvaardiging gegee het. Die Viljoenskroonse Distriksboere-unie was nie eenparig ten opsigte van dié vergadering se optrede en die afvaardiging na die Uitvoerende Komitee nie. Dit het egter geblyk dat die oorgrote meerderheid van die boere wat die betrokke vergadering bygewoon het (naamlik 289) van Viljoenskroon afkomstig was, terwyl net sowat twintig boere uit ander distrikte was.

Op 'n vraag van A. Weeber, LUK, of dit bilik was dat hulle 'n aanval in die openbaar op die Administrateur en die Uitvoerende Komitee loods, het Grobler 'n reeks argumente aangevoer waarvan die belangrikste was dat die veeboere die stemmetal op die O.V.S. Landbou-unie oorheers en die besluit van die unie in hierdie verband dus nie verteenwoordigend was van die gesindheid van die grondverbouers jeens hierdie aangeleentheid nie. Die kernargument was dat dit onregverdig was om van grondverbouers te verwag om belasting namens die wolboere te betaal ten einde die jakkalse in toom te hou.

Du Plessis het, soos telkens in die verlede, verduidelik dat voedselproduksie 'n saak van gemeenskaplike belang was.¹²¹ Die Uitvoerende

120. UK-notule, min. 173, 07.02.68.

121. Ibid.

Komitee het die Vrystaatse Wolkwekersvereniging as mondstuk van die wolboere en die Landbou-unie as dié van die boere in die algemeen beskou.¹²² Terselfdertyd het hy die 1961-kongresbesluit aangaande proklamasie en verpligte lidmaatskap voorgelees.¹²³ Hierop het die Administrateur verder gesê: "Die betrokke liggame [kongresse] adviseer slegs en die Provinsiale Raad as verkose outonome liggaam neem die beslissing".¹²⁴ Aangesien die Landbou-unie hierdie wetgewing ondersteun het, moes die twis in die eerste plek na hierdie liggaam herlei word.¹²⁵

Dit was egter duidelik dat die administrasie en die afvaardiging nie met dieselfde bril na hierdie saak gekyk het nie.

14.2 NOORD EN SUID

Grobler het verder aangevoer dat die Noord-Vrystaat met sy groot plase sonder skaap, óók 'n spesiale vergunning soos die Suid-Vrystaat moes kry.¹²⁶ "Dit is nie billik dat [die] kleinboer met [85 hektaar] 100 morg en geen skape R2 en [die] welvarende boer met 70 000 morg R10 moet betaal nie."¹²⁷ Die gedagte is ook uitgespreek dat die saai-boer wat geen jakkalsprobleme het nie, maar slegs met knaagdiere en insekte te kampe het, kwytskeld behoort te word van hierdie belasting.¹²⁸

Du Plessis het dit "Betreur ... dat 'n wettige maatreël deur 'n groep persone onder leiding van 'n Senator verontagsaam word".¹²⁹ Hy het 'n beroep op hul steun in belang van die Vrystaatse boerderybedryf gedoen en versoek dat vertoë voortaan deur die regte kanale gerig word.

122. Vergelyk UK en die georganiseerde landbou-leiers se vergadering op 5 Februarie 1968.

123. UK-notule, min. 173, 07.02.68

124. Ibid.

125. Ibid.

126. Ibid.

127. Ibid.

128. Ibid.

129. Ibid.

Nadat Du Plessis die vergadering verlaat het om 'n dringende afspraak na te kom, het W.F. Wentzel, om alle twyfel uit die weg te ruim, die hele geskiedenis vanaf die Uitvoerende Komitee en waarvan senator Senekal lid was, verduidelik. Enersyds het hy die kongresbesluite as ten gunste van algehele proklamering in herinnering geroep. Andersyds het die besture van die Landbou-unies en Wolkwekers immers besluit tēen die aftakeling van Oranjejag en slegs 'n klein groepie het nie heffing betaal nie.

Wentzel het hul ook daarop gewys dat die skale wat ingevoer is 'n gemiddelde bydrae van R4,39 beteken het wat selfs minder as R6 was.¹³⁰ "Die Ordonnansie [en dus die administrasie] skryf nie die heffing voor nie, maar bepaal slegs die maksimum van R10. Die skale kan dus gewysig word."¹³¹ "(Lede van die afvaardiging verklaar dat hulle nie bewus was van hierdie voorsiening nie.)"¹³² Tog was diē inligting, volgens Wentzel behoorlik in die media ēn by wyse van verslae aangekondig.

14.3 ALGEMEEN

Om alle twyfel uit die weg te ruim, het Wentzel die probleem wat ondervind is deur sommige boere - naamlik dat hulle nie rekeninge van Oranjejag ontvang het nie - en waaroor klāgtes in die pers voorgekom het, uit eie beweging bespreek. Vertraging het voorgekom vanweē rekeninge wat eers geouditeer moes word. Daarbenewens moes streeksvergaderings ter wille van kontrole eers gehou word. Sake sou egter in die toekoms bespoedig word, aangesien Oranjejag toe oorgeslaan het na die nuwe gemeganiseerde stelsel.

Ten opsigte van die voorafgaande het Wentzel verduidelik dat dit partybeleid geword het toe die kongres die hele aangeleentheid aanvaar het en "in die vervolq moet daar dus deur die regte kanale opgetree word".¹³³

130. Ibid. Vergelyk PR-notule, 27.02.68, p. 12.

131. Ibid.

132. Ibid.

133. Ibid.

Hiermee is die saak skynbaar bygelê. Senator Senekal het met genoeë kennis geneem dat die Uitvoerende Komitee steeds die finale beslissings geneem het.¹³⁴ "Grobler [het] die demokratiese beginsel dat die minderheid hom moet onderwerp aan die wil van die meerderheid," erken.¹³⁵

Die LPR's D.J. Serfontein vir Kroonstad-Wes en D.B. Nel vir Parys, het dit betreur enersyds dat verslagvergaderings van Oranjejag so swak ondersteun is;¹³⁶ andersyds sou onduidelikhede uit die weg geruim gewees het indien vollediger inligting deur middel van inligtingstukke, beskikbaar gestel was.¹³⁷

Omdat 'n soorgelyke klag kort vantevore op 5 Februarie 1968 onder die Uitvoerende Komitee se aandag gekom het, het hulle toe reeds werk daarvan gemaak om die probleem te ondervang.¹³⁸

15. NOG EENS 'N DEMOKRATIESE GELEENTHEID TOT OMVERWERPING VAN ORANJE-JAG

Na samesprekings met die georganiseerde landbou het die Uitvoerende Komitee 'n besliste standpunt ingeneem en op 26 Maart 1968 in die pers aangekondig "Die voortbestaan van Oranjejag was in die hande van die Vrystaatse boere".¹³⁹ Die Administrateur sou Oranjejag kon ontbind, aldus die vereniging se grondwet, indien 75 persent van die boere op 'n algemene jaarvergadering ten gunste daarvan was. Dit is weer beklemtoon dat die gemiddelde bedrag van R4 per lid per jaar verminder kon word indien dit as te veel beskou is. Die ontevredenes het die vryheid van spraak geniet om medeboere te oortuig dat Oranjejag ongewens is.¹⁴⁰

Terselfdertyd is 'n spesiale kongres vir 21 Mei 1968 - op versoek van die Vrystaatse Administrasie - onder beskerming van die georganiseerde landbou belê. Die "boerekongres" het die geleentheid tot reorganisasie van

134. Ibid.

135. Ibid.

136. Ibid. In die geval van Bothaville het net 5 persent van alle belanghebbendes opgedaag.

137. UK-notule, min. 173, 07.02.68.

138. Vergelyk p. 275.

139. Die Volksblad, 26.03.68.

140. Ibid.

Oranjejag waaraan alle boere kon deelneem, gebied. Hierna sou die posisie van Oranjejag weer in heroorweging geneem word.¹⁴¹ Hierdie reëling het die steun van Die Volksblad geniet. Die redakteur van dië koerant het die hele aangeleentheid kortliks in historiese perspektief geplaas, naamlik dat die vereniging gestig is op versoek van die georganiseerde landbou, waarop die Uitvoerende Komitee hul goedkeuring daaraan verleen het. Hy het ook die hoop uitgespreek dat die kongres 'n blywende antwoord sou vind.¹⁴²

16. SONDAG 31 MAART 1968: "DIE GESKIL WORD OP DIE SPITS GEDRYF"

16.1 AANLOOP TOT DIE BERIG IN DIE BEELD: "DU PLESSIS LOS BOM"

Ondanks die tegemoetkomendheid en verduidelikings van die Administrateur-in-Rade, wou die stof maar nie gaan lê nie. Uiteindelik het die onbenullighede gegroei tot 'n onverkwiklike stryd tussen die Administrateur en die Vrystaatse boere wat die beeld van die Administrateur ernstig geknou het.

Du Plessis het klaarblyklik 'n punt bereik waar hy besef het dat die werk wat deur die Vrystaatse Provinsiale Administrasie verrig word nie verder afgetakel kon word deur 'n skynbaar te negatief ingestelde pers nie.

Die inleidingsartikel van Die Volksblad op 25 Maart 1968, het waarskynlik die bal aan die rol gesit. Twee mosies van wantroue teen die Administrateur, die Uitvoerende Komitee, die Provinsiale Raad en Oranjejag is ingestel by 'n streeksvergadering van Oranjejag te Kroonstad en Edenburg onderskeidelik in reaksie teen die verpligte heffing en finale aanmanings om dit te betaal.¹⁴³

Die Volksblad het hom as volg hieroor uitgelaat: "Die feit dat die vergaderings seker nie net uit Nasionaliste bestaan het nie en dat elders [Warden¹⁴⁴] wel 'n mosie van vertroue aangeneem is, verander nie veel aan

141. UK-notule, min. 375, 04.04.68; Vergelyk Die Volksblad, Inleidingsartikel 26.04.68, en ander berigte.

142. Die Volksblad, Inleidingsartikel 08.04.68. Vide infra pp. 304-306.

143. Ibid., 21.03.68; 25.03.68; Die Beeld, 31.03.68.

144. Vergelyk p. 289, Clocolan.

die indruk wat geskep is nie.¹⁴⁵ Die waarheid is dat hier tekens van kriewelrigheid is en dit word in duidelike taal gesê".¹⁴⁶ Die tekens van onrus was volgens Die Volksblad kommerwekkend en mense was bereid om openlik te demonstreer "dat hulle nie genoeg neem met sekere provinsiale maatreëls nie. Daar is mense wat glo dat die gesindheid ook by sommige stembusse vir stadsrade 'n rol gespeel het, bo en behalwe munisipale sake".¹⁴⁷

Dit het nie beteken dat die NP bevrees was dat hy sy houvas sou verloor soos in opposisie-kringe bespiegel was nie.¹⁴⁸ "Daar is, so ver ons kan oordeel vir die Verenigde Party maar bloedmin rede tot jubeling oor wat in die Vrystaat gebeur."¹⁴⁹ Die NP het volgens sy beskouing steeds bokant die tegniese, administratiewe en munisipale probleme wat ervaar is, uitgestaan.¹⁵⁰

-
145. Die Volksblad, 25.03.68. Vergelyk Die Volksblad, 21.03.68. Op 20.03.68 het 'n streeksvergadering op Warden "n onbestrede mosie van dank en volle vertroue in die Vrystaatse Administrateur, die Uitvoerende Komitee en Provinsiale Raad, asook Oranjejag," aangeneem. Die vergadering is deur negentig afgevaardigdes bygewoon wat 5 650 grondbesitters van Harrismith, Vrede, Frankfort, Reitz, Bethlehem en Fouriesburg verteenwoordig het.
146. Die Volksblad, 25.03.68.
147. Ibid. Luidens 'n NP-omsendbrief kon ontevredenheid met Oranjejag nie summier as enkele rede uitgesonder word nie. Daar was ander redes soos ontevredenheid met individuele raadslede, 'n algemene begeerte tot vernuwing. Tydens die werwingsveldtog voor die verkiesing in Bloemfontein het kiesers "onomwonde verklaar dit gaan om 'ontevredenheid oor munisipale aangeleenthede' en nie die regering nie". Die brief toon enersyds begrip vir onkunde en verskil van mening ten opsigte van probleemreëls, maar andersyds die noodsaak van laasgenoemde wat op uitdruklike versoek op die wetboek geplaas is "om ons landboubedryf te beskerm ...". PV 28, M.C.G.J. van Rensburg-versameling, Lëer 5. Vergelyk ook Die Volksblad, 11.04.68, Willem.
148. Die Volksblad, 25.03.68.
149. Ibid.
150. Ibid.

17. REGSADVIES

Du Plessis het besluit om regsmeening namens die administrasie in te win. Volgens die regsadviseur was dit "duidelik dat die skrywer van die artikel die twee mosies van wantroue wat by streeksvergaderings van Oranjejag geneem is, aangegryp het om bedenkinge uit te spreek oor die wyse waarop die administrasie ... 'die tegniese en administratiewe aspekte' ... wat aan hom opgedra is, hanteer".¹⁵¹

Dit was slegs die mening van die koerantskrywer en dit was "hoofsaaklik gebaseer op die feit dat die twee mosies aangeneem is. 'n Mens het hier dus nie sodanig te doen met feite nie, maar met sekere subjektiewe gevolgtrekkings wat van feite gemaak is".¹⁵² Die eensydigheid en partydigheid was nie te betwyfel nie. "Dit neem twee mosies wat geneem is op vergaderings waar hulle in werklikheid nie tuishoort nie, as uitgangspunt. Die vergaderings was belê om die bestuur van Oranjejag, en nie van die Administrasie nie, te behandel, want die vergaderings het gedien as verslagvergaderings van Oranjejag."¹⁵³ Die persone teen wie die aksie gemik was, kon weens die feit dat hulle nie op die vergaderings was nie, glad nie hul kant van die saak stel nie.

As kenner van die administratiewe opset het die regsadviseur bevestig dat Oranjejag 'n organisasie is wat vrywillig deur die boeregemeenskap gestig is¹⁵⁴ en wat ook kort hierna, by wyse van 'n omsendbrief aan boereverenigings erken is deur die Vrystaatse Wolkwekersvereniging en Landbou-unie (O.V.S.).¹⁵⁵ "As sodanig het die administrasie niks met die daaglikse

151. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Regsadviseur O.V.S. Provinsiale Administrasie, 26.03.68.

152. Ibid.

153. Ibid.

154. Ibid.

155. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Die Vrystaatse Landbou-unie aan alle lede van die Uitvoerende Bestuur, sekretarisse van Boereverenigings en Distriksboere-unies, 01.04.68. Vergelyk Dagbreek en Landstem, 22.06.69, F.W. Liebenberg, Provinsiale Sekretaris ter bevestiging hiervan. Dit is reeds onomstootlik bewys in hierdie hoofstuk dat Oranjejag en dit wat daarmee gepaardgaan geen gril van die administrasie was nie.

bestuur te doen nie; dit erken slegs die organisasie omdat dit 'n belangrike rol speel in die provinsie."¹⁵⁶ Dit was daarom skynbaar uiters onbillik om die administrasie by 'n aangeleentheid waarvoor hy nie verantwoordelik was nie by te sleep.¹⁵⁷

Du Plessis het skynbaar uit sy pad gegaan om sake te bereedder¹⁵⁸ en het onder andere telefonies kontak met Recht Malan, die voorsitter van Nasionale Pers gemaak.¹⁵⁹ Hy het die versoek aan Malan gerig om die koerant van hom te vra om billik en regverdig teenoor hulle, die Uitvoerende Komitee op te tree, daar Nasionale Pers algehele onmin gesaai het.¹⁶⁰ Volgens Du Plessis is die adjunk-redakteur, H.J. Grosskopf van die Sondagkoerant, Die Beeld hierop vir 'n onderhoud met hom gestuur. Blykens die oud-Administrateur was dit toe nie 'n gesant van Recht Malan die voorsitter van Nasionale Pers nie. Die koerantman wou, aldus Du Plessis, net verder stories vir sy koerant gehad het in stede daarvan om agtergrondskennis oor die onmin wat in die Vrystaat was in te win. Die feite en besonderhede wat hy - Du Plessis - vir Grosskopf gegee het, is uit verband geruk en met 'n groot bohaai in Die Beeld gebruik.

Dié hele aangeleentheid het Du Plessis - wat beweer dat Grosskopf 'n bandopnemertjie aan sy persoon versteek het¹⁶¹ - bitter ongelukkig gestem en hom genoodsaak om 'n hofsak teen Die Beeld te maak.¹⁶² Die saak is

156. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Regsadviseur O.V.S. Provinsiale Administrasie, 26.03.68.

157. Ibid.

158. Vergelyk samesprekings met gesaghebbende landbou-organisasies, dagbestuur van Oranje-jag en die Viljoenskroon-afvaardiging. Eersgenoemde was immers voor die keuse gestel om alles te staak aldan nie.

159. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: H.R. Malan - Du Plessis, 27.03.68 na telefoniese gesprek op dieselfde dag, aldus Malan. "Ná ons gesprek vanmiddag het ek mnr. Dreyer gebel en hom versoek om die aangeleentheid van die Oranje-jag [sic.] in die lig van u beroep op my te oorweeg ..."; Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.

160. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.

161. Ibid.

162. Ibid. Vergelyk Die Beeld, 07.04.68.

uiteindelik, tot voordeel van Du Plessis buite die hof en met betaling van Du Plessis se koste, geskik.¹⁶³

Intussen het Recht Malan op 2 April 1968 - deur korrespondensie - gereageer op 'n brief wat Du Plessis op sy beurt na hul telefoongesprek van 29 Maart 1968 geskryf het. In antwoord hierop - wat ook die inhoud van Du Plessis se brief en telefoongesprek weerspieël - het Malan te kenne gegee dat hy die mening van die administrasie se regsadviseur en koerantknipsels wat Du Plessis aan hom gestuur het ontvang het. Terselfdertyd vermeld hy dat Dreyer, die redakteur van Die Volksblad, ook 'n brief met koerantknipsels aan hom gestuur het. Sy gevolgtrekking was dat Die Volksblad op die gebruikelike manier 'n aangeleentheid van openbare belang hanteer het. Insgelyks het hy Dreyer per brief versoek om reg te laat geskied aan beide partye in die nuus- en meningskolomme van Die Volksblad. Daarmee was Malan oortuig dat enige verdere samesprekings waartoe die Administrateur hom genooi het van min waarde sou wees.¹⁶⁴

18. BREEKPUNT: VIERFONTEIN

Soos voorspel tydens die samesprekings tussen die Uitvoerende Komitee, die Vrystaatse Wolkwekersvereniging en die Landbou-unie op 5 Februarie 1968 het die vernet onder die ontevredenes toegeneem. Toevallig kom dit dan tot uitbarsting in die Dagbreek en Landstem op presies dieselfde dag as wat Die Beeld vorendag kom met die onderhoud wat met Du Plessis gevoer is.

163. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.

164. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: H.R. Malan - Du Plessis, 02.04.68. Volgens Du Plessis het Malan wel later by hulle aan huis besoek afgelê waartydens die onsmaklike voorval uit die weg geruim is. Andersyds was Malan spyt dat hulle nie eerder kennis gemaak het nie. Hiertydens het Malan, aldus Du Plessis, laat blyk dat die redakteur van Die Volksblad skynbaar van mening was dat Du Plessis hom tydens die ontstaan van die probleme op kantoor - van Die Volksblad - moes kom spreek het. Malan self het - volgens die oud-Administrateur - die opmerking gemaak dat die redakteur nie sy kroon ontnem moes word nie. Vergelyk J.W.J.C. du Plessis-versameling: Recht Malan - Du Plessis, Vriendskaplike brief, 10.09.69.

Volgens die Dagbreek en Landstem-berig, het die ontevredenheid so toegeneem dat die Hoofbestuur van die Vrystaatse NP gevra sou word om Du Plessis van sy pos te laat onthef. Aan die spits van sake was 'n aksiekomitee wat volgens die berig deur om en by driehonderd Noordwes-Vrystaatse boere gekies is. Die komitee het bestaan uit Faan Keyser, Dave Keyser, Jan Erasmus, P.W. du Plessis en Flip Grobler¹⁶⁵ en het "beoog [om] onder meer ... die Eerste Minister, adv. John Vorster, te nader en hom te vra om in te gryp. Dié komitee beweer dat hy namens duisende boere optree.¹⁶⁶ In die Suid-Vrystaat is 'n soortgelyke aksiekomitee gestig wat glo later met die komitee van die Noordwes-Vrystaat gaan saamsmelt".¹⁶⁷ Die onderhoud, wat op uitnodiging van dié aksiekomitee plaasgevind het, is met Dave Keyser, P.W. du Plessis en Flip Grobler gevoer.

Grobler het daarop gewys dat hulle nie beswaar teen die beheer van probleemdiere gehad het nie,¹⁶⁸ maar eerder bekommerd gevoel het "oor die beginsel van verpligte lidmaatskap van 'n organisasie".¹⁶⁹ Dit is as 'n "inkorting van die demokratiese reg van die boer",¹⁷⁰ beskou. Die komitee het boere aangeraai om geen ledegeld aan Oranjejag te betaal nie. Die boerevereniging van Vierfontein was gereed om boere wat nie steun van hul eie verenigings sou kry nie by te staan indien hulle gedagvaar sou word op grond daarvan dat hulle nie hul ledegeld betaal het nie. Ooreenkomstig die regsadvies wat hulle ingewin het, het die ontevredenes wat weier om te betaal 'n goeie saak gehad. Meer as 'n honderd boere was volgens die komitee bereid om dit in die hof te beveg.¹⁷¹

"Volgens die komitee was hul eerste stap om die Administrateur, mnr. J.W.J.C. du Plessis, en die Uitvoerende Komitee te gaan spreek. [Hulle het

165. Dagbreek en Landstem, 31.03.68.

166. Ibid. Vergelyk UK-onderhoud met Viljoenskroon-afvaardiging, 07.02.68 en NP-kongresuitslae.

167. Dagbreek en Landstem, 31.03.68.

168. Ibid.

169. Ibid.

170. Ibid.

171. Ibid. 'n Toetssaak - "Gouws vs Oranjejag 1970 (i) S.A. 608" - ten opsigte van die geldigheid van verpligte lidmaatskap van Oranjejag is deur die Appêlhof verwerp. T.D. Potgieter-verslag, p. 7. Vergelyk ook UK-notule, min. 1626, 28.11.69 - "Oranjejag Hofsaak".

'n koue ontvangs gehad]. Die samesprekings was vrugtelos en die lede van die afvaardiging was baie ontsteld oor die 'onvriendelike' en 'kleinerende' wyse waarop die samesprekings geskied het."¹⁷²

Die komitee het ook aangevoer dat daar slegs op twee streeksvergaderings (Kroonstad en Edenburg) mosies van wantroue in die Administrateur en sy Uitvoerende Komitee deur anti-Oranjejaggiesindes geneem is. Dit sou ook by die ander twee gebeur, het as nie net 'n een-derde van die boere kennis van die vergaderings gekry het nie.

Die bewering is ook gemaak dat die Oranjejaggiesindes na beëindiging van die vier streeksvergaderings ander vergaderings gehou het. Slegs die goedgesindes is glo 'aangery'. Die komitee was oortuig dat laasgenoemde vergaderings en dié Clocolan-vergadering van Dinsdag, 26 Maart 1968 - waar boerevertegenwoordigers van veertien Vrystaatse distrikte 'n mosie van vertroue in die Administrateur en die Uitvoerende Komitee met 'n groot meerderheid aangeneem het - vooraf gereël is. Dit moes 'n teënvoeter vir die twee streeksvergaderings waarop wantrouemosies teen die Uitvoerende Komitee-in-Rade geneem is, wees.

In daardie stadium het die komitee voorbereidings getref om 'n memorandum rondom dié aangeleentheid van probleemdierebeheer tydens die Paasreses van die Parlement aan die Vrystaatse Volksraadslede te oorhandig. Daarna sou hulle dit ook aan die Eerste Minister, adv. Vorster laat oorhandig. Die aksiekomitee het nietemin aangevoer dat hulle nie - alhoewel die moontlikheid nie uitgesluit was nie - beoog het om die NP te benadeel nie.¹⁷³

Die een saak het na 'n reeks ander gelei: Elkeen wat 'n byltjie te slyp gehad het met die administrasie het die pen gegryp en hul tot die media gewend. Om alles te kroon het daar enkele ander insidente plaasgevind gedurende dieselfde tyd, soos die jagluiperds wat ontsnap het uit die Willem Pretorius-wildreservaat en die verbod op Sondaghengel wat deur die

172. Dagbreek en Landstem, 31.03.68.

173. Ibid.

administrasie opgehef is.¹⁷⁴ Hierdie gebeure is aangegryp as geleentheid om die Administrateur voor stok te kry terwyl hy in die openbaar oor ander sake aan kritiek onderwerp is.¹⁷⁵

Willem, die politieke rubriekskrywer van Die Volksblad het dit nodig geag om mense tot nugterheid te maan: "Die Vrystaat kan nie in so 'n woeling oor provinsiale sake bly nie. Dit beweeg van een ding tot die ander".¹⁷⁶

Die redakteur van The Friend het die situasie egter fyn opgesom: "The Administrator is not the first public figure to be irked by criticism on 'small' issues while the big achievements seem to be overlooked. This is a common phenomenon. In the midst of bloody wars people still get upset about cruelty to animals"; "Brickbats as well as bouquets are the lot of all men in public life, in all democratic countries."¹⁷⁷

Dat Du Plessis se draad naderhand baie kort was met die ontevredeenes oor sy styl van administrasie, is te begrype. In gesprek met H.J. Grosskopf, die assistent-redakteur van Die Beeld het hy erken dat hy begrip het vir die redes waarom die media en sommige mense sat geword het vir stories oor Oranjejag, hondebelaasting, en dies meer, maar dat die teendeel seker ook gegeld het: Sy geduld met kwaadstekers en die media het ook perke.¹⁷⁸ Nogtans het Du Plessis se hantering van die kritiek teen hom baie daartoe bygedra dat hy aan gewildheid ingeboet het, en amper sy pos as Administrateur kwyt was.

174. Vergelyk Hoofstuk 7, Natuurbewaring en Die Volksblad, 29.03.68.

175. Vergelyk The Friend, Inleidingsartikel, 02.04.68. En verder: "In general Mr. du Plessis has had an excellent Press. So has the Administration as a whole". "But the Administrator and provincial leaders cannot expect to escape criticism."

176. Die Volksblad, 29.03.68.

177. The Friend, Inleidingsartikel 02.04.68, "(Certainly if Mr. du Plessis is being blamed for the dog tax, he is taking the rap for others.)" - aldus die verdere kommentaar van dië koerant se redakteur. Dit is insiggewend dat die Engelstalige koerant - ongevraagd - verwys na die "groot dinge". Juis dit waaroor die Administrateur ontevrede was in sy gesprek met die assistent-redakteur van Die Beeld.

178. Die Beeld, 31.03.68.

Dit is seker net menslik dat die Uitvoerende Komitee as vooruitstrewende leiers, kriewelrig begin raak het omdat die belangrike dinge wat hulle gedoen het deur ontevredenes stelselmatig oor die hoof gesien is. Daarby is die provinsiale stelsel afgetakel en die publiek daarteen opgesweep.¹⁷⁹ Waar die administrasie vroeg in 1968 'n moeilike fase deurgemaak het en die Administrateur allermins gespaar is, kan dit hom seker nie kwalik geneem word dat hy sy optrede probeer regverdig het nie.¹⁸⁰

Du Plessis het gereken dat hy die lug kon suiwer deur 'n aantal gesprekke met die media te voer, waardeur die administrasie se standpunt onder die aandag van die publiek gebring kon word. Dit het egter 'n ongelukkige nadraai gehad.

Dit wat bedoel was om op 'n simpatieke oor te val het net mooi beland waar dit nie tuisgehoort het nie. Du Plessis wat as gesagsfiguur daaraan gewoond was dat mense sy wense uitvoer het hom deeglik misgis met H.J. Grosskopf. Volgens Du Plessis het hy dit uitdruklik aan Grosskopf gestel dat die gesprekvoering 'n privaat aangeleentheid moes wees.¹⁸¹ Grosskopf, assistent-redakteur van 'n jong groeiende koerant, Die Beeld, het waarskynlik van die veronderstelling uitgegaan dat Du Plessis dit nietemin moes aanvaar het dat hy met 'n koerantman gesels het.¹⁸²

Volgens Du Plessis het Grosskopf die uurlange gesprekvoering uit verband geruk om sodoende 'n ander betekenis daaraan te verleen. Du Plessis ontken nie dat hy onder andere gesê het dat die Vrystaat 'n agterstand gehad het en dat hy sekere dinge geërf het wat reggestel moes word nie.¹⁸³

Die geskiedenis van Vrystaathuis, Oranjejag en die uitbouing van 'n behoorlike padnetwerk toon aan dat daar ontwikkelingsprobleme was waarmee oud-Administrateur Jim Fouché self geworstel het, maar dat die bestaan van hierdie probleme nie noodwendig voor sy deur gelê word as dat hy daarvoor

179. Vergelyk Die Beeld, 31.03.68; PR-debatte, 19.06.67, pp. 313-317. Vide infra p. 309; - UK-beleid.

180. Ibid.

181. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.

182. Onderhoud met dr. S.F. (Bart) Zaaiman, 13.07.87.

183. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.

verantwoordelik sou wees nie. Dit is egter dinge waarmee Du Plessis net ni langer kon wag nie.¹⁸⁴ Die tyd vir optrede was ryp, eintlik oorryp. Daarby was Du Plessis soos algemeen bekend nie bang om die regte ding volgens sy oortuiging uit te voer nie. Sou hy dit nie gedoen het nie, was die kritiek waarskynlik tien keer erger.

Ten tye van die gebeure het die werk van die Vrystaatse Administrasie twee keer binne een week in Die Volksblad onder skoot gekom met spesifieke verwysing na die Vrystaatse woelinge.¹⁸⁵ Dië koerant het onder meer in 'n hoofartikel berig dat "n ernstige ontevredenheid met sekere provinsiale maatreëls onder die kiesers nou openlik tot uiting kom".¹⁸⁶

Dit is opgevolg deur die rubriek van Willem, Die Volksblad se politieke kommentator, wat geskryf het dat die "Vrystaatse woelinge" kommer in die geleedere van die Nasionale Party gewek het, tot selfs in Kaapstad.¹⁸⁷ "Hy [Willem] hoop nie die beskuldiging sal ooit bewaarheid word dat in die Vrystaat, waar net die Nasionale Party die bewind voer, dinge verkeerd loop en verskille telkens in die openbaar tot breekpunt ontwikkel nie - en dit tussen Nasionaliste."¹⁸⁸

Dië artikels van Die Volksblad is op 31 Maart 1968 verder in Die Beeld gevoer. Hiervolgens het die Vrystaatse Parlementslede "die verwickelinge" in die Vrystaat druk op 'n nie-amptelike wyse bespreek. Volgens die politieke beriggewer van Die Beeld in Kaapstad is dië aangeleentheid eintlik deur diegene beskou as 'n saak vir die Vrystaatse Provinsiale Raadslede wat almal Nasionaliste was.¹⁸⁹ Eersgenoemde skryf: "Eintlik kan Vrystaatse LV's en Senatore niks juis na buite sê nie. Net die kwessie van Oranjejag ... kan as amptelike partysaak beskou word. En die jongste Vrystaatse kongres het dit oorweldigend goedgekeur".¹⁹⁰

184. Vergelyk Die Beeld, 31.03.68.

185. Die Beeld, 31.03.68.

186. Ibid. Vergelyk Die Volksblad, 25.03.68.

187. Die Beeld, 31.03.68; Die Volksblad, 29.03.68.

188. Ibid. Vergelyk Die Volksblad, 29.03.68.

189. Die Beeld, 31.03.68.

190. Ibid.

Ooreenkomstig sy waarneming kom die verslaggewer tot die gevolgtrekking dat dit nie die enigste bron van ontevredenheid was nie. "Maar as al die dinge wat saamgegooi word wat hul kiesers omkrap, word dit 'n saak wat aandag in Kaapstad moet kry."¹⁹¹ Om hierdie rede het die Vrystaatse Parlementslede die situasie fyn doggehou.¹⁹²

Naas hierdie berig van Die Beeld is die Du Plessis-Grosskopf onderhoud as hoofartikel gepubliseer.¹⁹³ Die koeël was deur die kerk en sou die Eerste Minister geen keuse laat as om tussenbeide te tree nie.¹⁹⁴

Van verdere belang is die Grosskopf-berig wat terselfdertyd benewens Oranjejag-probleme ander redes vir ontevredenheid belig. Afgesien van Oranjejag, die skerp verhoogde hondebelaasting, mosies van wantroue "in Mnr. Du Plessis en die Uitvoerende Komitee" wat te Kroonstad en Edenburg aangeneem is, die kwessie van Vrystaathuis, klagtes oor natuurbewaring, die ewigdurende padprobleme, was daar die "skinderveldtog teen mnr. Du Plessis persoonlik".¹⁹⁵

Kortom, ten spyte van die nodige bewyslewing dat die Administrateur sy belange in die karwei-firma J.W. (Sand) du Plessis en Seun (Edms.) Bpk. verkoop het, hy beskuldig is dat hy steeds daaruit wins gemaak het en dat die maatskappy voorgetrek is met kontrakte; "dat hy grond ten duurste aan die Provinsiale Administrasie verkoop het vir 'n nuwe pad".¹⁹⁶

Luidens die hoofartikel was die Administrateur nie tevrede met die uitlating van die Minister van Onderwys, sen. Jan de Klerk wat oënskynlik te kenne gegee het dat die opleiding van onderwysers onder beheer van die provinsies nie na wense was nie. Dit was volgens die Administrateur 'n aantasting van die hele stelsel van provinsiale bestuur.¹⁹⁷ Terselfdertyd is die

191. Ibid.

192. Ibid.

193. Die Beeld, Hoofartikel: Du Plessis los bom, 31.03.68.

194. Vide infra, p. 295-e.v.

195. Die Beeld, 31.03.68.

196. Ibid., Vide infra voetnoot nommer 220 p. 298.

197. Die Beeld, 31.03.68. In 'n latere verklaring luidens die koerantberig het minister de Klerk verduidelik dat dit nie so bedoel is nie.

provinsies steeds nadat die Schumann-kommissie vier jaar vantevore hul ondersoek rondom betrekkinge tussen die provinsies en die regering voltooi het, in die duister gelaat.¹⁹⁸

Uit die onderhoud is dit duidelik dat dit vir Du Plessis ten opsigte van sake wat dringend van aard was - en reeds in die verlede ondersoek en goedgekeur is of op die langebaan geskuif is - geen maklike taak was om hul weer eens op te neem en tot uitvoering te bring nie.¹⁹⁹ Hieromtrent het Du Plessis gesê dat hy noodwendig ook hierdie onpopulêre take moes aanpak wat hy by sy populêre voorganger geërf het.²⁰⁰

Aangaande Du Plessis se politieke aspirasies blyk dit dat die Administrateur teleurgesteld was dat Basie van Rensburg, Minister van Poswese, wat volgens die berig Du Plessis se junior was, bevordering voor hom gekry het. Dr. Verwoerd het (voor sy dood) hierop gesinspeel dat indien 'n Vrystaatse ministersvakature sou ontstaan, Du Plessis in ag geneem sou word. In daardie stadium kon die regering hom ook nie uit Bloemfontein wegneem nie. In die ander geval is ook dr. Buks Fouché bo Du Plessis bevoordeel.²⁰¹

Indien Du Plessis wel verdere politieke aspirasies gehad het en wat volgens sy ondersteuners 'n bedekte seën was dat dit nie op 'n kabinetspos uitgeloop het nie,²⁰² kan daar seker ook nie fout mee gevind word nie. Hy het 'n lang pad gekom.

-
198. Die Beeld, 31.03.68. Vide supra pp. 44, 243 en 246; Vergelyk PR-debatte, 19.06.67, pp. 265 en 313-316.
199. Hier dien Vrystaathuis, probleemdiërbeheer en die hondekweisie soos reeds bespreek in die verhandeling as voorbeeld. Vide supra p. 291.
200. Die Beeld, 31.03.68. Die bewoording - baie kripties gestel in die artikel - dui ewenwel daarop dat Du Plessis eintlik bedoel het dat oud-Administrateur Fouché dit in 'n nuwe termyn, afgesien van of dit die populêre optrede sou wees aldan nie, moes opneem.
201. Vergelyk Die Beeld, 31.03.68.
202. Hierdie aspek was, soos bespreek in hoofstuk 3, p. 124 en hoofstuk 5, p. 248 werklik die algemene verwagting. Vergelyk The Friend, Next for top O.F.S. Post? 04.06.64 en The Friend, Mr. Du Plessis stays, 21.09.64, asook Die Volksblad, 21.09.64.

Wanneer die inhoud van die onderhoud op die keper beskou word, kom dit na vore dat Du Plessis wat onder groot druk verkeer het, baie privaatgedagtes en vertwyfeling wat menslikerwys by 'n persoon in sy hoedanigheid kon ontstaan het, na die oppervlak gebring het. Dit is vererger deurdat hy klaarblyklik gevoel het dat te min begrip vir die Vrystaatse Administrateursamp en dit wat deur die Vrystaatse provinsiale leiers in 'n nuwe tydsgewrig vermag is, getoon is:²⁰³ "Die goeie dinge wat hy gedoen het, dit noem die mense nie",²⁰⁴ het mnr. Du Plessis gesê. "Op klein vitterige puntjies slaan hulle vas. As mense groot sake in hul kritiek wil noem - maar dit doen hulle nie. Oral floreer die Vrystaat, die Administrasie bestee 'n veertig, vyftig miljoen rand per jaar. Maar dan kla die mense oor klein dingetjies."²⁰⁵

Inderwaarheid het die versugtinge van die Administrateur 'n lang historiese aanloop gehad en is dit uiters moeilik om die privaatgesprek van sowat 'n uur op sig te beoordeel. Wanneer die hele kader waarin Du Plessis as eerste burger van die Vrystaat opgetree het, in ag geneem word en die lange ure wat hy op byna bomenslike wyse in belang van die Vrystaat en sy mense bestee het, kan daar ware begrip wees vir sy posisie. Dan eers kan hierdie delikate "onderhoud" met begrip gehanteer word.²⁰⁶

Nadat die mees persoonlike versugtinge van die Vrystaatse Administrateur op so 'n wyse aan die groot klok gehang is, het Du Plessis die Eerste Minister

203. Vergelyk Die Beeld, 31.03.68.

204. Die Beeld, 31.03.68.

205. Ibid. Vide supra p. 245 - "Willem".

206. Dit is ook van besondere belang om afgesien van al die hoofstukke in die verhandeling, hoofstuk 5, Beplanning in samehang met hierdie hoofstuk te bestudeer.

op hoogte van die gebeure rondom die koerantartikel gebring.²⁰⁷

Minister Vorster het Du Plessis daarna - nadat die aangeleentheid op kabinetsvlak bespreek is - ingelig omtrent hul beslissing. Die kabinet het met groot spyt kennis geneem van die "toestand in die Vrystaat en die situasie wat geskep is deur die onderhoud".²⁰⁸

Die kabinet het - bewus daarvan dat openbare figure dikwels "ten onregte beskinder en beklad" word besluit dat waar dinge reeds so ver as in die Vrystaat gevorder het dit tot beswil van "die saak en die persoon" is dat 'n verandering plaasvind. Gesien in die lig hiervan het adv. Vorster aanbeveel dat Du Plessis bedank, daar dit syns insiens die enigste en beste oplossing geblyk het.²⁰⁹

Trou aan sy aard as man wat staan op sy regte en met die wete dat sy taak nog nie voltooi was nie, het Du Plessis hierop op die regspreuk, "Audi Alteram partem" aanspraak gemaak.²¹⁰ Dit was vir hom "bykans onmoontlik om te glo dat u my kan veroordeel sonder verhoor, my skriftelike versoek ten spyt".²¹¹

-
207. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Du Plessis - adv. B.J. Vorster, 02.04.68 en adv. B.J. Vorster, Eerste Minister - Du Plessis, 04.04.68; Du Plessis het andersins 'n volledige verklaring in antwoord op die Grosskopf-berig opgestel ter voorbereiding van die hofsak teen Die Beeld waarin 'n meer volledige prentjie van die gebeure in die Vrystaat en tydens die onderhoud uit die oogpunt van die Administrateur gegee is. Aangesien die belangrikste aspekte hiervoor en hierna in hierdie hoofstuk bespreek is, word dit daar gelaat. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: "Verklaring", 18.04.68. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.
208. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Adv. B.J. Vorster - Du Plessis, 04.04.68.
209. Ibid.
210. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Du Plessis - adv. B.J. Vorster, Eerste Minister, 11.04.68.
211. Ibid.

Hierop het Du Plessis verwys na die verkeerde betekenis wat verleen is aan die woord Administrateur in gevalle waar dit eintlik Administrateur-in-Rade moes wees.²¹² "Ek glo vas dat die sogenaamde onmin en verset wat teen my as persoon opgebou het, grootliks toegeskryf kan word aan die feit dat in berigte wat in die pers in verband met provinsiale aangeleenthede verskyn net "Administrateur", of "Die Administrateur, Mnr. J.W.J.C. du Plessis" geskryf word en nie "Administrateur-in-Rade" nie.²¹³

Op die wyse is die leek of oningeligte onder die indruk gebring "dat ek oor diktatoriale magte beskik en dit gebruik. Hierdie indruk is ongelukkig, wetend of onwetend, deur die pers geskep en selfs benadruk".²¹⁴

"Die bewering dat ek as Administrateur nie by magte is om die rus en vrede in die Vrystaat te handhaaf, en die indruk wat blykbaar by u geskep is dat die nodige pogings nie aangewend word om dit te verkry nie, kan met die grootste gemak weerlê en die teendeel bewys word."²¹⁵ As bewysgronde het Du Plessis verwys na die notules van samesprekings met boere-organisasies en die versoek van die georganiseerde landbou wat uitgeloop het op die omstrede wetgewing - Die Ordonnansie op die Uitroeiing van Ongedierte nr. 11 van 1967. Dit is deur die Nasionale Party aanvaar.²¹⁶

Heeltemal tereg verwys Du Plessis dan na die grondige ondersoeke wat dié wetgewing voorafgegaan het. As hy dan die sondebok is, moes dit ook vir die

-
212. Ibid. Sien voorwoord en hoofstuk 7, Natuurbewaring en Dagbreek en Landstem, 15.06.69. Dié koerant skryf: "Hoewel dit uiters onbillik is om al die klagtes in die Vrystaat teen mnr. Du Plessis ten laste te lê, was die meeste kritiek op sy persoon gemik. Hy is veral onder die boere alleen verantwoordelik gehou vir omstrede maatreëls soos die verhoging van hondebelaasting en verpligte lidmaatskap van die organisasie Oranjejag". Vergelyk ook Die Beeld, redakteur Schalk Pienaar, 07.04.68. Du Plessis was eerder die slagoffer van die situasie as die skepper daarvan - dit sou buitestaanders "nogal maklik glo".
213. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Du Plessis - adv. B.J. Vorster, Eerste Minister, 11.04.68.
214. Ibid.
215. Ibid.
216. Ibid. Die aspekte is reeds bespreek.

Provinsiale Raad en die Nasionale Party-kongres geld.²¹⁷ "As verteenwoordiger van die Sentrale Regering het ek niks meer gedoen as om 'n besluit van die Uitvoerende Komitee en die Provinsiale Raad uit te voer [nie]".²¹⁸

Alhoewel hard geslaan - dit ontken Du Plessis steeds nie²¹⁹ - is die brief die toonbeeld van 'n man wat vierkantig op sy twee voete staan. Du Plessis het die aantygings teen sy persoon "hou vir hou verdedig",²²⁰ met die vertroue van 'n man wat in homself glo en ook bewese prestasies agter die rug gehad het.

217. Ibid.

218. Ibid.

219. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.

220. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Inligtingstuk, nr. 48, saamgestel deur F.W. Liebenberg, Provinsiale Sekretaris, 02.05.68, gerig aan die Administrateur. Die inligtingstuk bevat 'n verklaring deur die ouditeure Samuels, Viljoen en Dekker wat bevestig dat Du Plessis op 9 Desember 1959 "sy volle belang" in hierdie maatskappy J.W. (Sand) du Plessis en Seun (Edms.) Beperk verkoop het aan T.P. du Plessis en J.G. van den Berg. Vergelyk dié vennootskap soos opgeneem in 'n advertensie in Die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Jaar- en Dagboek, 1965, p. 19. (Van den Berg het later sy aandeel aan W. Byleveld verkoop aldus Du Plessis.)

Origens bevat Inligtingstuk nr. 48 'n uiteensetting van wat plaasgevind het ten opsigte van die onteiening van die grond vir 'n padwisselaar. Uit drie waardasies van R27 600, R26 800 en R51 000 (die laaste mark- en klandisiewaarde) het die Uitvoerende Komitee R27 200 betaal en "nie R46 000 nie". Ten slotte is die prosedures ten opsigte van tenders wat uitgevoer is, hierin vervat. Tenders is volgens 'n vaste prosedure waarby van die mees senior provinsiale amptenare en die UK betrokke was hanteer. "Op die sluitingsdatum en -uur word die tenders deur die sekretaris van die Tenderraad, bygestaan deur een of twee amptenare in die openbaar oopgemaak."

In dié verband dien die volgende as afdoende bewys: Enersyds "'Die toestand in die O.V.S.' waarna u [adv. Vorster] in u brief verwys, is na my mening erg oordryf en met groot geesdrif deur die pers aangeblaas. Die aangehegte uitknipsel is voldoende bewys van die skielike omgeswaai. Ek kan u die versekering gee dat 'die toestand' nie die swaarste op die skaal weeg nie."²²¹ Verdere bewyse was die talle briewe van steun, teenoor slegs vier telegramme van beswaar, en twee mosies van wantroue. Andersyds het hy en sy eggenote byna 'n kwarteeu van diens aan die Nasionale Party gelewer.

Genoegsame getuienis het bestaan wat getuig van prestasies in eie en openbare belang, asook "sigbare bewyse van visie, uithou- en deursettingsvermoë".²²² Teen hierdie agtergrond was dit vir die Administrateur onaanvaarbaar dat hy vir die regering en die saak van die Nasionale Party 'n verleentheid was.²²³

Daarby het Du Plessis hom op sy kerkverband en -diens, en sy huislike lewe as onbesproke beroep. Terselfdertyd was hy "nog altyd baie ambisieus" wat sy persoonlike integriteit betref. Dit het veel meer saak gemaak as politieke ambisies - sonder om afbreuk te doen aan belange van die Nasionale Party. Net so kon niemand hom iewers in Suid-Afrika verwyt dat hy iets vermag of verkry het ten koste van 'n ander, behalwe as om "hard, baie hard" daarvoor te gewerk het nie.²²⁴

Met die gedagte voor oë dat daar by die pers "n algehele omgeswaai" na die antiklimaks van 31 Maart 1968 voorgekom het ten opsigte van die administrasie en die woelinge in die Vrystaat, tesame met die voormelde

221. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Du Plessis - adv. B.J. Vorster, Eerste Minister, 11.04.68.

222. Ibid. Die aspekte is reeds grootliks uitgewys.

223. Dit word later geheel en al deur Die Volksblad, Inleidingsartikel, 12.12.69 die nek ingeslaan. Vergelyk hoofstuk 8.

224. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Du Plessis - adv. B.J. Vorster, Eerste Minister, 11.04.68. Vide supra, hoofstuk 4, p. 171 en voetnoot nr. 99 ten opsigte van erkenning. Die hele verhandeling lewer inderdaad bewys van besondere arbeidsaamheid.

feite het Du Plessis 'n beroep op minister Vorster gedoen om sy besluit te heroorweeg.²²⁵

Wanneer na die finale afloop van Du Plessis se besondere suksesverhaal gekyk word - met spesifieke verwysing na The Friend se kommentaar so vroeg as 2 April 1968, asook Die Volksblad se slotkommentaar²²⁶ - blyk dit dat adv. Vorster geen fout gemaak het nie. Die Nasionale Party en die Vrystaat sou andersins soos Du Plessis in sy brief aan minister Vorster aangevoer het, moontlik meer skade "op daardie tydstip" gely het as "my sogenaamde omstrede figuur".²²⁷

Die hele kwessie is tydens 'n persoonlike ontmoeting tussen adv. Vorster en Du Plessis uit die weg geruim²²⁸ en sou eersgenoemde telkens in die toekoms sy tevredenheid met die goeie werk van die Vrystaatse Administrasie uitspreek of dit by implikasie laat blyk.²²⁹

Die eienaardige van die situasie was dat daar oud-Provinsiale Raadslede (O.V.S.) in regeringskringe was wat skynbaar geen erg daarin gehad het om die kabinet in te lig omtrent die historiese agtergrond van Oranjejag nie, ten spyte daarvan dat hulle op hoogte was van die Sadie-verslag of selfs met die inisiëring daarvan gemoeid was. Hierteenoor blyk dit aldus persberigte dat hulle soms meer bekommerd was oor die politieke opset²³⁰ ten spyte daarvan dat waarskynlik die grootste probleem, naamlik die beheer van probleemdiere en honde in 1967 met 'n oorweldigende meerderheid NP-beleid geword het.

19. VILJOENSKROON: VIERFONTEIN BOEREVERENIGING 22 APRIL 1968

Intussen het die Vierfonteinse Boerevereniging 'n brief en petisievorm aan boereverenigings in die Vrystaat gestuur met die volgende aanhef,²³¹ "Nadat

225. Ibid.

226. Vergelyk voetnoot nr. 223.

227. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit, Du Plessis - adv. B.J. Vorster, 11.04.68. Vergelyk onderhoud met T.D. Potgieter, 05.05.87.

228. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 27.05.87.

229. Vergelyk Die Volksblad, 18.09.68 en 18.10.69; Vide supra, hoofstuk 5, pp. 246-247.

230. Vergelyk Die Volksblad, 25.03.68; Die Beeld, 31.03.68; Dagbreek en Landstem, 31.03.68.

231. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/15/1.

hierdie Boere Vereniging [sic.] 'n afvaardiging na die Administrateur en die Uitvoerende Komitee gestuur het, wat die Oranjejag-aangeleentheid bespreek het en nie tot 'n ooreenkoms kon kom nie, en aangesien hierdie Boerevereniging reeds besluit het, nadat wetsadvies ingewin is, om 'n toetszaak te maak, na aanleiding van die feit dat sekere lede van die Vereniging vir die ledegedelde vir Oranjejag gedagvaar is ..." hul nou die volgende beswaarskrif sirkuleer.²³²

In die brief huldig die voorsitter (P.E. Grobler) die mening namens die boerevereniging dat net boere wat bevoordeel was deur Oranjejag 'n bydrae moes lewer tot instandhouding van Oranjejag. Na die verwerking van verworwe handtekeninge sou vertoë gerig word aan die georganiseerde landbou vir 'n aanvaarbare grondslag "in terme van die kongresbesluite".²³³ Inderwaarheid het die anti-Oranjejagheffing-gesindes niks anders gedoen as om die advies van die Uitvoerende Komitee na te volg om hul ontevredenheid onder die aandag van die georganiseerde landbou te bring nie.²³⁴ Die optrede was binne hul goeie reg. Dit is duidelik dat die ontevredenes besef het dat hulle noodwendig moes organiseer, aangesien hulle andersins geen kans teen die oorwig Oranjejag-gesindes gehad het nie. Die teenparty het gereeld tweede gekom wanneer die aangeleentheid tot stemming gebring is.²³⁵

20. **25 APRIL 1968 ORANJEJAG-JAARVERGADERING: ORANJEJAG GEVESTIG OP 'N STEWIGE GRONDSLAG SO VROËG AS SY TWEDE JAARVERGADERING**

20.1 **PROBLEEMDIERBEHEER EN VERLIESE IN DIE VRYSTAAT**

Gedurende 1941-1947 was die skaapverliese gemiddeld 23 000 per jaar in die Vrystaat en in 1956 het dit gestyg tot gemiddeld 76 000 per jaar.²³⁶ Binne tien jaar het verliese verdriedubbel in plaas van om af te neem. Teen dieselfde differensiële aanwaskoerse kon die verliese nog 'n dekade later moontlik tot 228 000 bly groei het indien geen georganiseerde beheer in die sestigerjare uitgeoefen is nie. Watter hoogtes sou die aandeel van probleemdiere nie dalk twee dekades later bereik het nie? Dit kan toegegee

232. Ibid.

233. Ibid.

234. Vide supra p. 280; Vide infra p. 305.

235. Vergelyk kongresse van die georganiseerde landbou en NP-kongresse soos reeds bespreek.

236. Vergelyk Sadie-verslag, p. 6.

word dat 23 000 of 76 000 nie 'n groot persentasie van die totale veestapel van 6½-7 miljoen is nie.²³⁷ Nietemin kon daar seker ook nie 'n houding van Gods water oor Gods akker ingeslaan word nie. Die potensiële verliese lyk egter skrikwekkend wanneer dit in geld omgeskakel word.²³⁸

A.M. Wessels, die voormalige voorsitter van Oranjejag, het in sy voorsittersrede die volgende prentjie geskilder wat gegrond was op 7 572 probleemdiere wat net deur Sentrajag en Oranjejag vanaf 1959 tot 1968 beheer is: indien elke probleemdiere, elke tweede nag 'n skaap sou vang, sou 'n jaarlikse verlies van 1 393 248 skape gelyk word, wat 12 persent van die totale skaapgetalle van die O.V.S. sou uitmaak. Teen R6 per skaap sou dit 'n astronomiese verlies van R8 359 488 beteken het.²³⁹ Indien die silwerjakkals, wat later nie as sodanig skadelik bevind is nie,²⁴⁰ geheel en al uitgeskakel sou word en bykans 55 persent uitgemaak het van vangste tussen 1966 en 1969, sou die boosdoeners tot 45 persent verminder wat hiënas, rooikatte, rooijakkalse en groukatte insluit.²⁴¹ Hiervan is rondloperhonde, asook die resultate van Harrismith- en Noordoos Jagverenigings uitgesluit.²⁴²

'n Konserwatiewe berekening van 45 persent van R8 359 488 sou bykans 'n verlies van R3 761 769 per jaar bedra het, wat op daardie stadium goed vergelyk het met 76 persent van die totale boukoste van die H.F.

237. Ibid.

238. Vergelyk soos reeds aangedui deur Du Plessis; Die Sadie-verslag, p. 6, 76 000 skape teen R6 per skaap het in 1959 R456 000 beloop.

239. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1. Vergelyk Die Volksblad, 25.04.68.

240. 'n Eienaardigheid was dat 'n mag der menigte silwerjakkalse, wat onskadelik was, onskuldig uitgemoor is. Hoewel hier 'n geval van verdiende kritiek voorkom, het weinig stemme hieroor opgeklank. Vergelyk Bylae Liii - veral vanaf 1968.

241. Vergelyk Bylae Liii en hiermee saam Bylae Li en Lii.

242. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1; Vide supra p. 265.

Verwoerdgebou (R5 miljoen). Indien die verliesmoontlikhede van Harrismith en Noordoos hierby ingesluit kon word, sou dit seker naby die R5 miljoen per jaar beloop het.²⁴³

Hierby is nie die voordele ingereken van die Oos-Vrystaat wat in 'n skaapwêreld ontluik het nie, ook nie die potensiaal van die res van die Vrystaat as skaapboerdery-gebied, wat reeds in die sestigerjare deur die owerhede as "bemoedigende nuwe boerderybedryf" vir die Vrystaatse saaigebiede beskou is nie,²⁴⁴ en ook nie die voordele wat teweeggebring is deurdat skape nie "gekraal" is nie.

Die meegaande grafiek²⁴⁵ toon die fenomenale styging van wolproduksie in die Vrystaat in die sestigerjare toe georganiseerde beheer oor probleemdiere uitgeoefen is. A.M. Wessels het aan die hand van die grafiek, waarvan die gegewens gekorreleer is deur die verteenwoordiger van die S.A. Wolraad in Bloemfontein,²⁴⁶ verklaar: "Geredelik gee ek toe dat verbeterde teling en voeding, as gevolg van navorsing 'n belangrike rol gespeel het, maar [sonder beheer] sou verbeterde teling en voeding en navorsing nie toegepas kon gewees het nie ..." ²⁴⁷ "Beter teling en voeding kan tog net toegepas word as die dier waarop dit toegepas moet word daar is." ²⁴⁸ Dit geld seker ewe seer vir die vermeerdering van skaapgetalle. Deur potensiële wolproduksiegebiede daartoe in staat te stel sou die Vrystaat finansiël geweldig kon baat. Harrismith het in 1968 die hoogste wolproduksie per distrik in die RSA behaal. Clocolan se wolproduksie het binne nege jaar met 300 persent gestyg.²⁴⁹

Oranjejag het beslis sy groeipyne gehad wat ook nie ontken is nie. Voortdurend is probeer om verbeterings in die stelsel aan te bring. Verskeie verbeterings kon aangebring word nadat die hondeteelstasie klaar betaal is.

243. Vergelyk vroeëre suksesse in die gebiede soos aangedui.

244. Vide supra pp. 255-256, aanbeveling van die Sadie-kommissie; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.

245. Vergelyk Bylae N.

246. Ibid; PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.

247. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.

248. Ibid.

249. Ibid.

Gedurende Oktober 1967 kon hulle reeds die beheerstelsel oor jagters verskerp. Die Vrystaat is verdeel in vier streke; 'n beheerinspekteur is vir elke streek aangestel. Dit het die stoutste verwagtinge oortref en koste is binne vier maande met R3 181 besnoei. Dit was bykans R10 000 per jaar.

Aansporingsbonusse vir jagters is geïmplementeer; kantoorpersoneel is vermeerder; die vereniging het oor 720 honde beskik.²⁵⁰ Origen was hulle bewus daarvan dat die gebruik van honde, veral in die saaidele, soms nog beperk was en is daar proefnemings met die 'Coyote Getter' gedoen.²⁵¹ Hulle was egter oortuig dat die gebruik van honde nog die beste metode was, maar was geneë om goedkoper metodes op die proef te stel.

Soos Du Plessis dit tydens die opening van die teelstasie in 1966 in die vooruitsig gestel het, is 'n aanvang gemaak met natuurbewaringsprojekte om die plaas in 'n klein wildreservaat te omskep met toeristemoontlikhede.

Die wild, wat deur die administrasie geskenk is, sou ook "gebruik" word om jong honde van kleins af aan wild gewoond te maak. Wat navorsing betref, het die teelstasie net van die beste teelmateriaal gebruik gemaak.²⁵²

20.2 BESLUITNEMING IN EIE REG

Die Sentrale Raad van Oranjejag het tydens hul raadsvergadering net na afloop van die Oranjejag-jaarvergadering eenparig besluit dat hul dagbestuur die nuwe gedifferensieëde tariewe vir 1968 sou terugdateer tot 1966.²⁵³ Sodoende sou ou en nuwe lede dieselfde heffing betaal. Die ou lede sou die oorbetalings wat hulle vir 1966 en 1967 gemaak het terugkry. Terselfdertyd was alle dagvaardigings en aanmanings ten opsigte van agterstallige rekenings teruggetrek met die oog op die spesiale Oranjejag-kongres wat kon lei tot nuwe maatreëls of die einde van die organisasie.²⁵⁴

250. Ibid.

251. Ibid. Die Volksblad, 25.04.68. Dit is 'n gifgeweer wat veral gebruik is om jakkalse mee uit te roei.

252. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.

253. Vergelyk Bylae Kii.

254. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.

Op die jaarvergadering van Oranjejag het die verkose verteenwoordigers, wat vooraf deur hul onderskeie aksiekomitees as stemgeregtigdes aangewys is, wysigings wat die grondwet van Oranjejag kon verander tot 'n vrywillige organisasie, met vier-en-dertig stemme teen tien verwerp.

Die standpunt van die meerderheid was dat Oranjejag moes bly voortbestaan en dat dit van groot waarde vir die toekoms kon wees. Voorts het hulle gemeen dat hulle die ander provinsies 'n ding of twee kon leer oor probleemdierebeheer en die Kroonstadse mosie van wantroue betreur omdat dit net wrywing in die Vrystaat veroorsaak het.²⁵⁵

21. 21 MEI 1968 SPECIALE KONGRES: ORANJEJAG KRY GROEN LIG

Tydens dié spesiale kongres het 'n besliste meerderheid, 208 teen 105 vir Oranjejag gestem.

Die minderheidsgroep het nietemin versoek dat die administrasie dit moes oorweeg om lidmaatskap op vrywillige grondslag te plaas. Sekere ou teenargumente is weer deur die ontevredenes geopper. Hulle sterkste argument was ongetwyfeld dat dit verkeerd is vir die provinsiale owerheid om sy reg om belasting te hef, aan 'n ander organisasie oor te dra.²⁵⁶

P. Grobler van Viljoenskroon het gewaarsku dat dit nie die einde van die stryd was nie 'Ons sal sorg dat Oranjejag 'n beskrywingspunt op die agenda van die Nasionale Party-kongres is'.²⁵⁷

Na afloop van die spesiale kongres het P.J. van Rooy, die sekretaris van die Landbou-unie 'n omvattende verslag aan Du Plessis en die Uitvoerende Komitee gestuur. Die belangrikste bevindinge was dat die meerderheid boere Oranjejag met sy "huidige" samestelling en finansiering wou behou; die organisasie het goeie werk gedoen en "slegs geïsoleerde besware teen Oranjejag as organisasie is ingebring";²⁵⁸ die weerstand wat bestaan het nie soseer teen Oranjejag en die bestryding van probleemdiere was nie, maar teen verpligte bydraes tot die fondse van Oranjejag; ongeveer twee-derdes

255. Die Volksblad, 26.04.68.

256. Ibid., 22.05.68.

257. Ibid.

258. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1.

van die affiliasies die status quo wou handhaaf en een-derde teen die wyse van heffings was; georganiseerde weerstand a) in die Suid-Vrystaat voorgekom het,²⁵⁹ naamlik Edenburg, Trompsburg, Philippolis, Springfontein, Bethulie, Fauresmith, Jagersfontein, Luckhoff, Koffiefontein, Jacobsdal; - landbouverenigings met agt-en-sestig stemme teen drie besluit het dat beheer op vrywillige basis moes plaasvind en die administrasie die volle finansiële verantwoordelikheid moes dra; probleemdieerbeheer as 'n nasionale plaag hanteer moes word; aangesien nasionale plaeg volgens gebruik uit publieke fondse gefinansier is, dit ook in geval van probleemdieerbeheer moes geld; geen verpligte lidmaatskap, selfs sonder heffing aanvaarbaar was nie; die ou stelsel, waarskynlik volgens die 1953-ordonnansie, toe doeltreffende plaaslike jagorganisasies bestaan het, meer aanvaarbaar sou wees.

Indien Oranjejag moes voortbestaan op vrywillige basis, moes die vereniging verklein word ooreenkomstig die bydrae van die administrasie.²⁶⁰

b) Die Wes-Vrystaat: Hier was gedeeltelike steun, terwyl die meeste boereverenigings skynbaar ten gunste van 'n ander bedeling was.

c) In Noord-, Noordwes-, en Wes-Vrystaat was die weerstand meer verspreid.

d) Die res van die Vrystaat het met enkele uitsonderings Oranjejag gesteun.

Die slotsom waartoe die verslag geraak het, was dat die Vrystaatse Landbouunie die noodsaak van Oranjejag erken het en bewus was van die voordele wat dit vir die provinsie ingehou het. Hulle was egter van mening dat 'n alternatiewe finansieringstelsel oorweeg moes word.²⁶¹

22. DIE 55ste NP-KONGRES: O.V.S. 17/18/19 SEPTEMBER 1968

Waar die NP die kwessie van Oranjejag by die 54ste kongres as partybeleid aanvaar het, was dit tydens die 55ste kongres duidelik dat dit 'n finaliteit was.²⁶²

259. Ibid.

260. Ibid.

261. Ibid.

262. Die Volksblad, 19.09.68.

Met die openingsplegtigheid op 17 September het die nuwe NP-leier van die Vrystaat, M.C.G.J. van Rensburg, Minister van Pos- en Telegraafwese pertinent verklaar dat die nodige tugmaatreëls teen NP-lede wat nie by partybesluite wil berus, toegepas sou word. Bandeloosheid sou nie verder geduld word nie. Dit was onhoudbaar dat elkeen in die party sy eie koers inslaan. Hierdie verklaring is geesdriftig deur die kongres begroet.²⁶³

Teen die einde van die kongres het dit duidelik geword dat die NP-hoofbestuur sy woord gestand sou doen. Dit blyk dat die vertoë om Oranjejag weer op die kongres te bespreek met 'n oorweldigende meerderheid afgestem is. Desnieteenstaande het sommige ontevredenes opgespring en aangedring dat bespreking voortgaan. Minister Van Rensburg het onmiddellik ingegryp en verklaar:²⁶⁴ 'Verlede jaar het die kongres besluit dat die agitاسie teen Oranjejag sover dit die Nasionale Party aangaan, end moet kry. Dit is nou partybeleid en die lede moet hulle daarby hou'.²⁶⁵

Hierop het die kongres finaal met 'n oorweldigende meerderheid besluit dat die aangeleentheid daar en dan beëindig word. Hierin is een van die opponente wat nie gehoor wou gee nie, buite orde gereël.²⁶⁶

22.1 VERPLIGTE BYDRAES VIR DIE KAAPPROVINSIE AANVAARBAAR

Minister D.C.H.Uys het in sy hoedanigheid as Minister van Landbou laat blyk dat die regering nie van plan was om probleem-dierbeheer op nasionale grondslag te hanteer nie. Dit sou 'n provinsiale aangeleentheid bly. Waarskynlik by die besef dat, soos hy dit gestel het, hulle wou voorkom dat Suid-Afrika in twee skeur soos dit met die Vrystaat gebeur het.²⁶⁷

Tog blyk dit vandag, wanneer sake in perspektief beskou word, 'n ongelukkige situasie te gewees het wat effektiewe probleem-dierbeheer gekniehalter het. Soos Uys reeds destyds uitgewys het, was daar in werklikheid weinig verskil

263. Ibid., 18.09.68.

264. Ibid., 19.09.68.

265. Ibid.

266. Ibid.

267. Ibid.

tussen die posisie van die Vrystaat met dié van die Kaapprovinsie.²⁶⁸
 "Verpligte bydraes deur boere in Kaapland om ongediertes te beheer en uit te roei, is iets wat al jare aanvaar word. Of iemand nou 'n mielieboer, veeboer of wat ook al is, sal Vrystaatse boere maar net die saak moet aanvaar."²⁶⁹
 Hy het verder gesê: "Dit is elke boer se plig om deel te hê aan die beheer en uitroei van ongediertes".²⁷⁰

23. SLOTPERSPEKTIEF

Reeds so vroeg as 1968 was daar diegene wat - soos die Administrateur-in-Rade - toekomstgerig na probleemdiërbeheer gekyk het en versoek het dat die aangeleentheid op 'n nasionale grondslag aangepak moes word. Toe reeds kon die bewese finansiële voordele wat deur beheer verkry is, nie meer betwis word nie. Indien gehoor gegee is, sou Suid-Afrika wat vandag gedwing is om nuwe aandag hieraan te gee, beslis 'n stap verder gewees het.

Die geskiedenis bewys dat Oranjejag 'n duidelike aanloop vanuit die veertigerjare het. Dit is grondig ondersoek en die aanbevelings is geleidelik met die nodige omsigtigheid in werking gestel. Knelpunte is algaande uitgestryk.

Dit kan nie ontken word dat die Suid-Vrystaters met groot moeite jakkalsdraadomheining aangebring het nie. Dit is terselfdertyd begryplik dat saai-boere ongelukkig was, daar hul geen of min skape aangehou het nie. Nogtans kon nie toegelaat word dat een van die belangrikste Vrystaatse boerderybedrywighede verongeluk word deur mense wat probleemdiere op hul eiendom laat begaan het tot nadeel van 'n buurman nie. Soos in Kaapland was verpligte beheer ook hier die enigste antwoord. Sentiment of persoonlike

268. Ibid.

269. Ibid.

270. Ibid.

voorkeure of griewe²⁷¹ het hier geen plek verdien nie. Persoonlik was Du Plessis oortuig: Die "ondervinding het geleer dat vooruitgang of agteruitgang in die boerderybedryf baie gou, en soms beslissend, die ekonomie van die provinsie beïnvloed. Dit is die ferm beleid van die Uitvoerende Komitee om saam te werk met die gekose verteenwoordigers van alle afdelings van die gemeenskap waar moontlik om sō die besondere mening oor 'n breë veld te kry".²⁷²

Du Plessis, die Uitvoerende Komitee en die meerderheidstem van die Vrystaatse Provinsiale Raad, die regering, die georganiseerde landbou, 'n groot deel van die Vrystaatse boere en die NP-kongresse het deel aan hierdie proses gehad en was waarskynlik nie verkeerd nie. Die enigste probleem in die verband was dat baie tyd in beslag geneem is om die meerderheid te oortuig van die korrektheid van so 'n stap.

In diē verband word Du Plessis vandag geëer as 'n Administrateur wat nie bang was om die onpopulêre te doen of om dinge deur te voer waar andere dit lankal sou gelos het nie.²⁷³ Reeds so vroeg as die 55ste NP-kongres (O.V.S.) het die kongres erkenning by wyse van drie mosies aan Du Plessis, sy Uitvoerende Komitee en Provinsiale Raadslede verleen. Hulle was van mening dat die provinsiale leiers hulself goed van hul taak gekwyt het: Wetgewing in belang van die Vrystaat is op bekwame wyse hanteer al was dit soms onder moeilike omstandighede soos in die geval van probleemdierebeheer deur Oranjejag en die beheer van rondloperhonde.²⁷⁴

271. Vergelyk Die Volksblad, Rubrieksrywer, Willem, 11.04.68 en Die Volksblad, 'Boer bly O.V.S. se ruggraat', 18.06.69. Bo alles het die Vrystaatse Administrateur - wat sy provinsie se belange bo alles gestel het - die boerderybedryf wat steeds die Vrystaat se belangrikste nywerheid was nie op die agtergrond geskuif nie. Sy deur het steeds vir diegene wat ernstige probleme gehad het oopgestaan. Dit is bevestig deur G.J. Joubert, president van die Vrystaatse Nasionale Wolkwekersvereniging as waar te wees van 'n hele dekade. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/4; Die Volksblad, 18.06.69.

272. Die Volksblad, "Boer bly O.V.S. se ruggraat", 18.06.69.

273. Vergelyk onderhoude met T.D. Potgieter, 05.05.87; Prof. H.J. Strauss, 05.06.87; dr. J. de Beer, 15.07.87. Vergelyk Hoofstuk 2.

274. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Inligtingstuk 55ste NP-kongres, 17/18/19.09.68.

Tydens die jaarlikse kongres van die Vrystaatse Wolkwekersvereniging in Junie 1969 het G.J. Joubert, die president, Du Plessis in die besonder bedank vir sy groot bydrae tot die wolbedryf. Dit was vir hulle 'n skok om te verneem dat hy sy amp teen die einde van 1969 sou neerlê. Joubert het Du Plessis geloof vir die wyse waarop hy uit sy pad gegaan het om gehoor te gee aan hul verhoë, na aanleiding van kongresbesluite wat dikwels nie eenparig was nie.²⁷⁵ Na sy mening sou "niemand ... ooit almal kan tevrede stel nie en allermins die minderheid wat teen 'n kongresbesluit gestem het. In ons demokratiese stelsel moet die meerderheidswil egter gehoorsaam word. En u het nie gehuiwer om uitvoering te gee aan so 'n meerderheidsbesluit en versoek nie".²⁷⁶

Drie maande later het die president van die Vrystaatse Landbou-unie, De La Harpe de Villiers, in dieselfde gees van Du Plessis tydens hul jaarkongres afskeid geneem. Dit het hom opgeval dat die Vrystaatse eerste burger hul kongresse gereeld bygewoon het tydens sy ampstermyn. Benewens die besondere dienste wat die Administrateur aan sy provinsie gelewer het, het hy dit ook vir die boeregemeenskap gedoen. Terselfdertyd het hy - en sy eggenote - dit met onderskeiding en waardigheid gedoen.²⁷⁷ "Ek dink Mnr. Du Plessis was 'n ware kundige en 'n goeie Administrateur van die Vrystaat ..."²⁷⁸

Die ervaring het De Villiers geleer dat Du Plessis uit sy pad gegaan het om "baie ernstig" aandag aan hul probleme te skenk. "Ons het hom partymaal in moeilike posisies geplaas maar dit is die lot van die uitvoerende owerhede in ons land om beslissings te neem wat somtyds nie populêr is nie."²⁷⁹

Vir so lank Du Plessis Administrateur was, is die status quo van probleemdieerbeheer gehandhaaf. Kort na sy uittrede het om en by 3 000 boere, op aanbeveling van die "Rebels' Action Committee" van Viljoenskroon, nogmaals van hulle laat hoor. Hulle sou liefsvol tronk toe gaan. Faan Keyser, voorsitter van die voormelde komitee het onder andere verklaar: 'Our committee is fully prepared to face prison. We don't want to be forced to pay anything - we should have a free choice'.²⁸⁰

275. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/4.

276. Ibid.

277. Ibid.

278. Ibid.

279. Ibid.

280. The Friend, 22.12.69.

Gedurende 1971 is verpligte lidmaatskap afgeskaf met die voorbehoud van swaar boetes op boere indien probleemdiere op hul eiendom gevind sou word.²⁸¹ Die verloop van sake betreffende lidmaatskap word weerspieël in Bylae M.²⁸²

24. DIE HUIDIGE POSISIE RONDOM PROBLEEMDIERBEHEER EN ORANJEGAG

T.F. Roux in beheer van die Oranjejag-hondeteelstasie en in bevel van die veldwerk van hierdie organisasie is van mening dat die Vrystaat vandag, danksy die pionierswerk van die Vrystaatse Administrasie tydens die Du Plessis-tydvak, die leiding in Suid-Afrika neem op die gebied van probleemdierebeheer. Dit word direk toegeskryf aan die proklamasie van 1 Januarie 1967 wat as grondbeginsel gedien het en destyds die hele Vrystaat (baie tydlig) as probleemdierebeheerde gebied verklaar het.

Dié gebeure rondom hierdie proklamasie van die Vrystaatse Administrasie het daartoe gelei dat politici hul boeglam geskrik het. Die voortsetting van so 'n model in die ander provinsies is daar en dan gestop. Met die oog op probleemdierebeheer blyk dit 'n fout te gewees het. Tans is daar eerder 'n toename in die verspreiding van probleemdiere in Suid-Afrika.

Dit het die Nasionale Wolkwekersvereniging nou genoodsaak om vier persone in elk van die ander provinsies aan te stel om 'n volskaalse ondersoek te doen ter bestryding van hierdie probleem. Dit dra daartoe by dat Oranjejag die enigste instelling in Suid-Afrika is wat kundige leiding en inligting aan die ander provinsies kan verskaf.²⁸³ In die verband is T.F. Roux op die hede persoonlik verantwoordelik vir die verskaffing van inligting, terwyl daar beplan word om die Oranjejag-model op die hele Suid-Afrika van toepassing te maak.²⁸⁴

In Natal neem die rooikat- en silwervos-getalle steeds toe en versprei dit ook verder noordwaarts. Roux is van mening dat strenger beheermaatreëls die enigste oplossing is om dié probleem te bekamp. Ten spyte van die jarelange

281. T.D. Potgieter-verslag, p.77.

282. Vergelyk Bylae M.

283. Gesprek met T.F. Roux, hoofamptenaar in beheer Oranjejag-hondeteelstasie en veldwerk, ten opsigte van die voorgaande, 02.09.88.

284. Ibid. Inligting soos verskaf deur T.F. Roux.

aktiewe Vrystaatse maatreëls word dit tans ondervind dat die rooikatbevolking in die Vrystaat toeneem. Volgens Roux neem klagtes in dié verband daagliks toe.²⁸⁵

Dit kom voor uit die ervaring van Oranjejag dat probleemdiere net nie geheel en al uitgewis kan word nie. Die VSA het soortgelyke ervaringe ondervind. Tans is daar ook 'n toename van die Coyote en die Bobcat in die VSA. Hierdie spesies is die groter en kleiner eweknie van die Suid-Afrikaanse rooikat. In dié verband het dr. L'Boddicker²⁸⁶ reeds verskeie kere kontak met Suid-Afrika en Oranjejag gehad.²⁸⁷

Dit wil dus volgens die huidige omstandighede voorkom of Oranjejag in die Vrystaat gekom het om te bly. Dit is tans die enigste organisasie van dié aard in Suid-Afrika wat oor 'n databank van inligting ten opsigte van probleemdiere (en wel in die O.V.S.) beskik, waaruit waardevolle wetenskaplike studies gemaak kan word. Roux wat in die sestigerjare verbonde aan die Transvaalse Afdeling van Natuurbewaring was, sê dat die Vrystaat die res van die land in dié verband dertig jaar voor is.²⁸⁸

285. Ibid.

286. Dr. L'Boddicker, 'n voormalige dierkundige is tans verbonde aan die Coyote Den Fur Company, waarvan hy ook 'n stigterslid was. Dit is 'n Amerikaanse organisasie wat vir die beheer van probleemdiere verantwoordelik is.

287. Gesprek met T.F. Roux, hoofamptenaar in beheer Oranjejag-hondeteelstasie en veldwerk, 02.09.88.

288. Ibid.

HOOFSTUK 7

NATUURBEWARING IN DIE VRYSTAAT

Omdat natuurbewaring 'n onlosmaaklike deel van toerisme is, is sekere aspekte hiervan reeds in hoofstuk vier aangeraak. Vanweë die gepaardgaande probleme wat die Vrystaat in die voorafgaande tydperk tot omstreeks die laat vyftigerjare ervaar het, het natuurbewaring nie veel aandag geniet nie.¹

Die Willem Pretorius-wildreservaat en Jim Fouché-hengeloord dien as modelvoorbeelde wat tydens die administrasie van J.J. Fouché tot stand gebring is. Soos aangetoon in hoofstuk vier, is gereelde veranderinge en toevoegings gemaak. Interessant gaan natuurbewaring en oorde in die Vrystaat hand aan hand gaan.²

1. HISTORIESE OORSIG

Die oningeligte mag ietwat verbaas wees om te verneem dat die Vrystaatse vlaktes vroeg in die negentiende eeu met wilde diersoorte oortrek was. Die vroegste blanke besoekers aan die Vrystaat, onder meer grootwildjagters en later die veeboere, het getuig van groot troppe bontbokke; swart wildebeeste; blesbokke; springbokke; volstruise; rooihartbeeste en bontkwaggas wat oor die vlaktes rondgetrek het.

Hierdie groot natuurskat het grootliks verdwyn nadat die veeboer hom in die Vrystaat gevestig het. Honderd-en-agtien jaar gelede was daar selfs rondom Bloemfontein nog baie wild. Tydens 'n jagtog wat vir Prins Alfred van Engeland gereël is, is om en by 20 000 stuks wild aangekeer waarvan 5 000 tot 6 000 op een dag geskiet is.

Wild is, benewens die vorstelike uitstappie, op groot skaal gejag omdat velle 'n gerieflike bron van inkomste was vir die verarmde Vrystaat na die

-
1. Vergelyk hoofstuk 5, p. 247; J.D. Marx en die Vrystaat tydens die naoorlogse periode - J.J. Fouché in perspektief; P.L.S. Aucamp, Debatte van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 14.10.69, pp. 14-16 en 33; Vide infra p. 320.
 2. Vide infra P.L.S. Aucamp, p. 348; Die Volksblad, 22.11.60.

reeks Basoeto-oorloë. Beheermaatreëls is in 1872 ingestel, maar dit was reeds te laat. Die groot troppe wild het toe reeds verdwyn ten spyte van vroegtydige waarskuwings. In 1910 was die provinsies wetlik verplig om na die bewaring van fauna en flora om te sien.³

1.1 POSITIEWE BEWARINGSMAATREËLS

Gedurende 1925 het die Vrystaat sy eerste wildtuin te Summerville in die distrik Winburg, verkry. Die wildtuin is in 1956 verskuif na die nuwe Willem Pretorius-wildtuin, wat ook kort daarna as 'n vakansieoord ontwikkel is. Dié wildtuin is in 1961 vir die publiek oopgestel.⁴

Skynbaar is natuurbewaring aanvanklik gering geskat vanweë die beskouing by sommige mense dat die Vrystaat nie veel het om aan te bied nie. In die hoofstuk oor toerisme is gesien hoe die land se oë geopen is vir die Vrystaatse natuurprag, wat klaarblyklik in 'n baie groot mate aan Du Plessis te danke is.⁵

Dit is duidelik dat die Vrystaat aanvanklik nie in die voorgestoeptes was ten opsigte van natuurbewaring nie.⁶ Daarby is natuurbewaring deur die "Komponent" Openbare Oorde behartig.⁷

2. DU PLESSIS AS NATUURLIEFHEBBER

Eintlik verbaas dit nie dat Du Plessis 'n natuur liefhebber was nie. Dit het reeds deurgeskemer in die hoofstuk oor toerisme. In sy huldeblyk aan Du

-
3. Verslag oor werksaamhede in verband met Natuurbewaring vir die tydperk eindigende 31.03.71. [Hierna vermeld as: Natuurbewaringsverslag 31.03.71]. Vergelyk Ons Stad, Bloemfontein, 17.09.87.
 4. Ibid. Summerville was ook bekend as die Vrystaatse Wildtuin.
 5. Vergelyk hoofstuk 4.
 6. Briewe in die pers, pp. 341-343,; Vide infra P.L.S. Aucamp, LUK, pp. 346-347; H.J.R. Simes, LUK, p. 351.
 7. Dit sou 'n geruime tyd in beslag neem voordat Natuurbewaring tot sy volle reg sou kom as Komponent soos ons dit vandag ken. Die finale ontwikkeling kom geleidelik in die res van die hoofstuk na vore.

Plessis vertel J.D. Marx dat die Komponent Paaie 'n olienhout- of doringboom slegs kon uithaal indien dit werklik noodsaaklik was. 'n Man wat 'n boom goedsmoeds ontwortel het, kon groot probleme verwag indien Du Plessis dit sou uitvind.⁸ "Dit moes nie in oom Sand se tyd gebeur het nie. Ek wil amper sê, jy moes die pad om die boom gebou het."⁹

Du Plessis - as uiters bedrywige Administrateur - het self waarskynlik veel krag geput uit die natuur met sy gereelde oggendwandeling¹⁰ vanaf die ou sowel as nuwe Vrystaathuis. Daarbenewens het hy ook soms oor naweke op sy plaas ontvlugting van die stadslewe gevind deur self gewone plaaswerk te doen wat hom in die natuur laat ontspan het wanneer sy amptelike verpligtinge dit toegelaat het.¹¹ Hierdie gesindheid teenoor die klein dingetjies in en rondom die natuur kon net lei tot groter dinge in belang van die Vrystaatse inwoners vir wie hy alles feil gehad het. Hy was nie verniet bekend vir sy inisiëring van die Vrystaatse Sportstadion nie.

Al gou het hy as Administrateur geen twyfel gelaat oor sy ingesteldheid teenoor die natuur en die waarde van bewaringspogings nie. Tydens 'n byeenkoms van die Nasionale Voëlskou in 1960 het hy gepleit dat mede-Vrystaters meer natuurbewaringsbewus moes wees. Daarsonder het wetgewing nie veel beteken nie. 'n Ingebore liefde teenoor die natuur sou blykens Du Plessis tot veel groter bewaringspogings lei, aangesien die mens nie dit waarvoor hy lief is, vernietig nie.

In die lig hiervan het hy die doelstellings van die Nasionale Voëlskou, naamlik om die "wildevoëllewe" van Suid-Afrika te beskerm en om die jeug bewaringsbewus te maak, heelhartig onderskryf.¹² "As 'n liefhebber van die natuur is hierdie doelstelling vir my baie belangrik."¹³ Dit was ook vir hom belangrik dat die jeug in 'n groter mate betrokke moes raak. Later het dit deel van die Uitvoerende Komitee se beleid geword.¹⁴

8. Onderhoud met J.D. Marx, 13.11.86.

9. Ibid.

10. Die Volksblad, 09.03.63.

11. Onderhoud met H.C. Beckmann, 27.01.87.

12. PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versameling, Lëer 1/13/1.

13. Ibid.

14. Ibid.; Vergelyk PR-notule, 27.02.64, p. 27.

Dit was ook vir hom betreurenswaardig dat verskeie Suid-Afrikaanse voëlsoorte uitgeroei is. Volgens Du Plessis moes 'n grootskeepse poging geloods word om alle oorblywende soorte te identifiseer. Dit kon waarskynlik lei tot 'n groter belangstelling onder mense, en sou terselfdertyd bevorderlik wees vir toerisme. Afgesien van die toeristewaarde kon die landboukundige waarde van voëls as pes- en insekbestryders nie oor die hoof gesien word nie, en het Du Plessis voorgestel dat dit selfs oorweeg kon word om skuilplekke langs trekroetes te bou.¹⁵

Tydens 'n natuurbewaringsdag in 1962 het Du Plessis beklemtoon dat natuurbewaring die Uitvoerende Komitee na aan die hart gelê het en dat hulle hul wetlike verpligting sou nakom. Niemand het beter as die provinsiale administrasie besef dat vorige stappe wat in dié verband geneem is, onvoldoende was nie.

Die Administrateur het derhalwe 'n uitnodiging aan alle goedgesinde lede van die publiek gerig om behulpsaam te wees met opvoedingswerk: Die klem moes nie net op bewaring val nie, maar op "nougesette versorging" en die beskikbaarheid van die natuur vir menslike gebruik sonder enige misbruik, gedagtig daaraan dat wat vernietig is, nie weer herskep kon word nie. Die mens kon maar net bewaar wat vir hom in die natuur oorgebly het.

In dié verband het Du Plessis verwys na die bewaringspogings wat deur die administrasie en die Nasionale Parkeraad by Golden Gate aangepak is. Die ideaal was om die Vrystaatse Hooglande weer tot sy volle glorie van ouds te herstel sodat troppe elande, rooihartbeeste, bosbokke, swartwildebeeste, berggribbokke en andere hul regmatige plek kon neem. 'n Ondersoek rondom die hervestiging van wildediersoorte is toe reeds voltooi,¹⁶ wat klaarblyklik ook die Willem Pretorius-wildreservaat ingesluit het.¹⁷ Op daardie tydstip

-
15. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/13/1. In die voortsetting van hierdie hoofstuk is dit opmerklik dat die diersoort later onder meer 'n rusplek in die botaniese tuine, die wildplaas Tussen-die-Riviere en die Willem Pretorius-wildreservaat sou kon vind. Vergelyk ook die Erfenisdam, Bylae Qiv.
16. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/13/1.
17. Vergelyk Natuurbewaringsverslag, 31.03.71; Bylae Oi en Bylae Qi ten opsigte van die voorkoms van wildgetalle in die Willem Pretorius-wildreservaat - onderskeidelik 1970 en 1972.

het die Vrystaat reeds die gebruiksvordeel van drie "reservate" gehad; die Willem Pretorius-wildtuin, die Jim Fouché-hengeloord en Golden Gate.

Die natuurprag van Suid-Afrika moes vir die moderne mens en sy nageslag behoue bly.¹⁸ In dié verband het die administrasie ietwat later met 'n besondere nuwe idee vir die Vrystaat by die wildplaas Tussen-die-Riviere, vorendag gekom om die mens in die hartjie van Suid-Afrika, midde in die natuur, in oornagkampe te huisves.¹⁹

Te midde van bewaringspogings deur die administrasie, het Du Plessis die pogings van die landbousektor en die natuurbewaringsdag wat die georganiseerde landbou gereël het, as prysenswaardig beskou. Dit was uiters noodsaaklik dat aandag gegee word aan die versterking van natuurlike waterbronne soos riviere en fonteine in natuurbewaringsprogramme.²⁰ Op sy beurt het die Administrateur-in-Rade, soos reeds aangetoon, op 21 Januarie 1963 opdrag gegee aan die firma Ninham Shand en Vennote om 'n ondersoek in te stel na die watervoorraad van die Vrystaat in die geheel.²¹

Aangesien natuurbewaring in die vroeë sestigerjare nie so sterk gevestig was soos in later jare nie, wil dit voorkom of Du Plessis 'n groot rol by wyse van belangstelling en motiveringstoesprake gespeel het om die bewaring op 'n veel hoër peil te bring.²²

Dit is van kardinale belang om aan Du Plessis se inisiatiewe aandag te gee, daar hy 'n hele aantal toesprake voor bewaringsverenigings gelewer het wat toe oënskylik 'n baie belangrike rol in bewaringsprojekte gespeel het. Dit word ook deur briewe van kritici en andere in dié verband bevestig.²³

Tydens 'n toespraak voor die kongres van die Suid-Afrikaanse Kwekersvereniging het Du Plessis die sluier oor sy werkswyse gelig. Dienooreenkomstig was dit vir hom 'n saak van erns om op hoogte te bly met

-
18. Vergelyk Notules van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 27.02.64, p. 27.
 19. Vide infra p. 333.
 20. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/13/1.
 21. Vergelyk hoofstuk 5; UK-notule, min. 1236, 3/4/5.12.62.
 22. Vergelyk Die Volksblad, 'Ons moet natuurlewe van OVS leer waardeer', 04.09.65. Vide supra p. 249—prof. Felix Lategan.
 23. Die nodige aandag word waar toepaslik in hierdie hoofstuk gegee.

die doen en late van die verenigingslewe van die provinsie. Dit het hom in staat gestel om tred te hou met nuwe ontwikkelings²⁴ en was hy oortuig dat hy kontak moes "maak met alle vertakkinge van die volkslewe van die provinsie".²⁵

Waar die verenigingslewe vir Du Plessis 'n maatstaf van moontlike vooruitgang kon wees, was dit terselfdertyd ook vir hom 'n indikator van die voorkoms en intensiteit van probleme in die daaglikse omgang wat opgelos moes word.

Tydens sy boodskap aan die Kwekersvereniging het hy die waarheid dat ware landsdiens dikwels sy begin het by die kleinste takie beklemtoon. Dit kon op sy beurt weer uitkring tot groter dinge ver buite die provinsiale grense.²⁶

Natuurbewaring in die Vrystaat, tesame met al die ander fasette van die administrasie, sou net baat by so 'n ingesteldheid en die aktiewe en praktiese meelewing van Du Plessis kon vind. Bevestiging hiervoor hoef nie ver gesoek te word nie. Mense wat hom noukeurig dopgehou het roep dit steeds in herinnering en T.D. Potgieter huiwer nie om die nodige erkenning aan Du Plessis te verleen as 'n Administrateur wat geweldig baie gedoen het om natuurbewaringsprojekte met groot sukses te bevorder nie.²⁷

H.C. Beckmann, wat as privaatsekretaris ten nouste met Du Plessis saamgewerk het, beskryf hom onder andere as:²⁸ "n Man met 'n wye kennisveld. Dit is onnoembaar waarin hy belang gestel het. Hy was bedag op haas alles. Niks was vir hom te klein nie ... waar hy steeds in algemene belang probeer het om die Vrystaat uit te bou. Die wildplaas, Tussen-die-Riviere en die Verwoerdoord het hoofsaaklik beslag gekry vanweë sy inisiatiewe. Daarby is die Willem Pretorius- en Jim Fouché oorde uitgebrei en het natuurbewaring sterk begin funksioneer."²⁹ Die Vrystaat moes sy regmatige aandeel kry en

24. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/9/2.

25. Ibid.

26. Ibid.

27. Onderhoud met T.D. Potgieter, 05.05.87. Vergelyk ook Golden Gate, die botaniese tuine en die latere "natuurtuin" te Winburg. Vide infra p. 323.

28. Onderhoud met H.C. Beckmann, 27.01.87.

29. Ibid.

was geregtig op die welvaart wat in sekere dele van die land ervaar is.³⁰

Laasgenoemde word inderwaarheid as volg deur Du Plessis in 1963 bevestig: Dit was die taak van die Uitvoerende Komitee om die Vrystaat op so 'n wyse uit te bou (multi-dimensioneel) dat dit sy "regmatige aandeel" kry uit die landsvoorspoed wat toe geheers het, sowel as uit die ontwikkeling daarvan. Dit was die taak van die Uitvoerende Komitee om fasiliteite ter uitbouing van 'n kerngesonde volk wat hoë etiese standaarde kon handhaaf te voorsien. Dit het alle fasette van belang omvat wat reeds in die loop van toerisme bespreek is, waaronder die daarstelling van goeie toeristegeriewe - hotelle, paaie, besienswaardighede, maar ook die natuurreservate en ontspanningsgeriewe tot gebruik van die Vrystaatse inwoners en besoekers van elders. Alle provinsiale instellings sou uitgebou word "tot welsyn van die gemeenskappe as 'n geheel".³¹

3. 'N NUWE BENADERING

Du Plessis se benadering oor natuurbewaring het as 'n uitgangspunt gedien vir W.F. Wentzel wat sy konsepvoorstel vir provinsiale beleid in Februarie 1964 rondom buiteligontspanningsgeriewe en natuurbewaring in een gesamentlike voorstel omvat het. Die twee funksies is saam groepeer omdat dit mekaar aangevul het. Natuurbewaring sou geen doel dien sonder mense wat dit kon waardeer nie en ontspanningsoorde vir buiteligontspanning sonder bome, blomme, water, wild of voëls sou ewe nutteloos wees.

Daar is besef dat natuurbewaring en ontspanningsgeriewe juis in die Vrystaat sonder 'n seekus en boomryke gebiede, van die grootste belang was. Stedelinge - waarvan baie 'n vroeëre plattelandse verbintenis gehad het - moes hul bande met die natuurerfenis kon hernu. Dit was ook nie almal wat 'n vakansie by die see kon bekostig nie.

30. Ibid.

31. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/5/1. Vergelyk Lêer 1/9/4.

Die administrasie het hul verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van natuuroorde vanweë die gebrek aan belangstelling by die privaat sektor des te meer besef. Eersgenoemde het hul weg oopgesien om dit op 'n gesonde ekonomiese grondslag te bedryf en terselfdertyd die behoeftes van die publiek in ag te neem. Daarvan was die Willem Pretorius-wildtuin 'n sprekende voorbeeld wat met sy "wild-, voël-, plante- en dierelewe, sy wisselende landskap en uitgestrekte watermassa" mense van heinde en ver aangelok het. Die oog was ook reeds gerig op die moontlikhede wat die Oranjerivierskema gebied het en onderhandelings is met die Departemente Waterwese en Lande aangeknoop om grond te verkry.

Die voorsiening van wild aan boere uit die wildreserwes te Summerville en selfs uit die Willem Pretorius-wildtuin, het daartoe bygedra dat talle plase weer voorsien is van springbokke en blesbokke sodat troppe wild weer 'n alledaagse verskynsel in die Vrystaat sou word.³² Die aanvraag na wild het (omstreeks 1964/65) so gestyg dat name op 'n waglys geplaas is.³³ Dit was terselfdertyd die administrasie se erns om byna alle vroeëre wildsoorte wat in die Vrystaat voorgekom het, in die Willem Pretorius-wildtuin te hervestig. Sowat sewe-en-vyftig soogdiersoorte, eenhonderd twee-en-vyftig voëlsoorte en sewe-en-twintig reptielsoorte wat destyds daar voorgekom het is geïdentifiseer.³⁴

Die versekering is gegee dat fisiese bewaring dwarsoor die Vrystaat ernstige aandag sou geniet, daar dit ten opsigte van voëls, wild en inheemse plante voorheen nie die nodige aandag gekry het nie. Die Uitvoerende Komitee het

32. Vergelyk PR-notule, 27.02.64, pp. 24-27.

33. Vergelyk PR-debatte, 02.02.65, p. 15. Vergelyk Bylae Oii ten opsigte van die oorplasing van wild - 1968-1970 - vanaf die Willem Pretorius-wildreservaat na ander gebiede.

34. Vergelyk PR-debatte, 02.02.65, p. 15.

kort tevore die nuwe pos van Direkteur van Natuurbewaring gevul,³⁵ om sodoende die regmatige aandag hieraan te verleen. Dieselfde sorgsaamheid is geopenbaar ten opsigte van die bewaring van inheemse plantegroei en veldblomme, wat voorheen voor vernielsug van die mens en moderne boerderypraktyke moes swig. Twee dinge was van groot belang vir die toekoms: Elke inwoner van Suid-Afrika moes natuurbewaringsbewus gemaak word en wetenskaplike navorsing moes uitgebrei word ten opsigte van beheer oor die wild- en natuurlewe. Terselfdertyd sou faktore soos wildbeheer en bestuur, grond- en waterbewaring en 'n behoorlike studie van die verhouding tussen plante en diere in samewerking met wetenskaplikes gemaak word.³⁶ Volgens Du Plessis sou hierdie verworwe kennis weer teruggeploeg word deur dit aan die gemeenskap en veral die boeregemeenskap beskikbaar te stel. Die voorligting en reklamerwerk moes die bewaringsidee by die inwoners van die provinsie inskerp.³⁷

Dit is dus duidelik dat die Uitvoerende Komitee die ideaal nagestreef het om die Vrystaat ook op die gebied van natuurbewaring 'n modelprovinsie te maak.³⁸

3.1 ONTWIKKELINGSPROJEKTE

In 1966 het Du Plessis waarskynlik met groot vreugde bekend gemaak dat die Willem Pretorius-wildreservaat as gevestigde oord reeds groot getalle belangstellende besoekers getrek het.³⁹ Die bewyse was daar dat van die besoekers aan hierdie reservaat en die Allemanskraal-oord ook van buite die

-
35. PR-notule, 27.02.64, p. 27. Vergelyk Natuurbewaringsverslag, 31.03.71. Hiervolgens is die "Staatsdienskommissie se aanbeveling dat 'n afdeling natuurbewaring geskep moet word", deur die Uitvoerende Komitee in 1965 aanvaar. Vergelyk hoofstuk 5, p. 202 ten opsigte van die probleme wat die destydse administrasie voorheen in dië verband ondervind het.
36. PR-notule, 27.02.64, pp. 24-27.
37. PR-debatte, 02.02.65, p. 15. Die "bewaringsidee" het in 1969 opnuut aandag gekry toe 'n nuwe Natuurbewaringsordonnansie die lig gesien het. Vergelyk pp. 346-351, p. 349 in besonder.
38. Vergelyk PR-notule, 27.02.64, p. 27.
39. PR-debatte, 08.02.66, p. 11.

Vrystaat was.⁴⁰ Die proses van uitbouing het stelselmatig voortgegaan by die reservaat en 'n hele aantal aspekte het aandag geniet, soos grondbewaring, en die vermeerdering van wildsoorte, asook die beheer van spesies wat as gevolg van die afwesigheid van roofdiere vermeerder het.

Afgesien van bogenoemde was dit ook volgens die Administrateur 'n blye dag om te weet dat die inheemse bome, plante en blomme ook die nodige aandag sou geniet deur die stigting van die botaniese tuine. Visbewaring en navorsing het ook nie agterweë gebly nie. Goeie vordering is gemaak in die bewaringsproses en uitbreiding van die visbedryf, sowel as met die waternavorsingsprojek deur die loodskomitee vir waternavorsing.⁴¹

4. AGTERGRONDGESKIEDENIS BY DIE ONTSTAAN VAN DIE BOTANIESE TUINE IN DIE VRYSTAAT

Professor H.B. Rycroft, direkteur van die Nasionale Botaniese Tuine van Suid-Afrika (NBT) te Kirstenbosch was omstreeks 1962 voornemens om botaniese tuine op streeksgrondslag in verskeie dele van Suid-Afrika tot stand te bring.

In 1963 sou Kirstenbosch vyftig jaar bestaan en prof. Rycroft was intens gemoeid met die voorbereidings vir dié Goue Jubileum-feesvieringe. Reëlings is onder meer getref om vername buitelandse botaniste vir dié geleentheid te ontvang. Terselfdertyd sou diegene benewens Kirstenbosch ook besoek by ander plekke in Suid-Afrika aflê wat van besondere plantkundige waarde was. Rycroft het uiteindelik 'n toerplan van 8 000 kilometer wat ook Natal en Transvaal ingesluit het, uitgewerk. Albei hierdie provinsies het borge met behulp van groot maatskappye voorsien. In die proses is die Vrystaat egter oor die hoof gesien.⁴²

-
40. Vergelyk hoofstuk 4. (Allemanskraal-oord in die Willem Pretorius-wildtuin.)
41. PR-debatte, 08.02.66, pp. 11-12. Vergelyk waternavorsing hoofstuk 5 en PR-debatte, 17.02.66, p. 213; Die Volksblad, O.V.S. ondersoek 'n visnywerheid by Oranje, 18.02.66. Vide infra p. 353. Vordering as gevolg van visnavorsing wat in die sestigerjare begin is.
42. Gesprek met prof. H.B. Rycroft - P.J.P. du Plessis, 03.09.87; H.B. Rycroft - P.J.P. du Plessis, 04 en 07.09.87.

Sand du Plessis het net daar en dan sy staal getoon: He "heard about our plans and telephoned me at Kirstenbosch. He was not at all pleased that the OFS would be left out, and immediately assured me that his Provincial Administration would pay all our costs in the OFS. Our plans were thereupon changed".⁴³

Op 25 Oktober 1963 het die buitelandse botaniste by Harrismith aangedoen waartydens 'n besondere veldblomrangskikking vanuit die distrik deur Retha Jacobsz by die Central Hotel op aandrang van die burgemeester gemaak is. Die botaniste was besonder beïndruk en een en almal by die gesellige byeenkoms was dit eens dat 'n streeks-botaniese tuin teen die hange van Queen's Hill tot stand moes kom.

Om die rede het prof. Rycroft Du Plessis gaan spreek om amptelike steun van die administrasie te verkry. Die Administrateur was geïnteresseerd, maar het aanvanklik voorgestel dat prof. Rycroft liefs die Voortrekkermonument-terrein te Winburg moes ondersoek.⁴⁴ "He further stressed that I should seriously consider Bloemfontein. I reported in favour of H'smith [sic.] rather than Winburg."⁴⁵

43. Prof. H.B. Rycroft - P.J.P. du Plessis, 04.09.87.

44. Ibid. Vergelyk H.B. Rycroft-versameling in eie besit: dr. E.M. van Zinderen Bakker - Du Plessis, 05.10.63. Ander plekke waar besoek afgelê is, was Villiers, Golden Gate, Clarens, Fouriesburg, Ficksburg, Kirklington, Gumtree, Ladybrand, Thaba Nchu en Bloemfontein. Vide infra pp. 324, 325 en 330.

45. Prof. H.B. Rycroft - P.J.P. du Plessis, 04.09.87. Op 28 Januarie 1969 is 'n "Voorlopige verslag oor die ontwikkeling van 'n natuur-tuin by die Vrystaatse Voortrekkermonument" aan die Administrateur op sy versoek voorgelê "om die moontlikhede te bepaal om 'n natuur-tuin uit te lê op die grond ... van Winburg [wat] aan die Administrasie geskenk is". Hiervolgens is dit in die vooruitsig gestel dat toekomstige ontwikkeling van die terrein tot 'n sinvolle geheel ontwikkel moes word. Die inheemse tuin moes benewens die estetiese ook "veel" aan die natuurliefhebber bied. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/11/1. Vandag is dit 'n natuurreservaat in die klein en ontwikkeling word steeds verder gevoer. Gesprek F.J. Venter, hooftuinboukundige, Komponent Natuurbewaring, 13.06.88.

Nadat Du Plessis sy goedkeuring aan die projek gegee het,⁴⁶ "he received a strong reprimand from the Minister [Jan de Klerk] who objected to the Administrator taking the law into his own hands (the NBG [National Botanical Gardens] operated under the control of the Government, not the Province). There was obviously a lack of co-operation between the Minister and S. du P. [sic.] and the former demanded an apology from the latter. I happened to visit Bloemfontein just after Sand du Plessis had received his scolding. He (S. du P.) used some unpleasant and even foul language about the Minister and that he would tear up the letter and ignore the Minister. I realised that this feud and hostility might wreck the whole scheme".⁴⁷ Volgens prof. Rycroft het Du Plessis voet by stuk gehou dat hy (Sand du Plessis) in beheer van die Vrystaat was en niemand anders nie.⁴⁸

4.1 'N LANG EN MOEISAME STRYD

Volgens die beskikbare inligting blyk dit dat die vestiging van die twee Vrystaatse Botaniese Tuine 'n lang en moeisame proses was. Terwyl die gedagte reeds in 1962 sy ontstaan gehad het, sou byna vyf jaar verloop voordat dit in die praktyk verwesenlik sou word.

Blykens die vertelling van prof. Rycroft, was daar verskeie partye by die aangeleenthede betrokke en elkeen het waarskynlik sy onderskeie belange eerste vooropgestel.⁴⁹ Daarbenewens moes die mees geskikte terreine bekom word.

In Harrismith se geval was daar skynbaar eenstemmigheid ten opsigte van die keuse van 'n terrein. Die knoop het by Bloemfontein gelê. Aanvanklik was Du Plessis meer ten gunste van 'n veldblommetuin te Winburg. Plaaslik was daar verskeie moontlikhede, onder meer die plaas Brandkop van G.A. Fichardt waar

46. Prof. H.B. Rycroft - P.J.P. du Plessis, 04.09.87.

47. Ibid.

48. Gesprek met prof. H.B. Rycroft - P.J.P. du Plessis, 03.09.87.

49. Vergelyk prof. H.B. Rycroft - P.J.P. du Plessis, 04.09.87: "Some unfortunate arguments then arose between S. du P. [sic.], the Government (Dept. of Education, Arts and Science, as I think it was then called - Minister Jan de Klerk) and the Bloemfontein Municipality."

die twee-en-dertig buitelandse botaniste te Bloemfontein op 27 Oktober 1963 na hul toer deur die skouspelagtige Oos-Vrystaat onthaal is.⁵⁰

Verskeie ondersoeke is geloods en verhoë is ook deur onder andere die munisipaliteit van Bloemfontein, asook die Vrouevereniging van die Universiteit gerig om die botaniese tuin midde in Bloemfontein te plaas. Daarby blyk dit dat watervoorsiening en die koste van die grond belangrike faktore was wat deeglike oorweging geniet het en was dit nie soseer 'n saak van erns by die administrasie om aldus die voorstel van prof. Rycroft die grond van dr. Thompson, te Winter's Valley buite Bloemfontein te bekom nie. Die Administrateur het aanvanklik ook meer belang gestel in die Happy Valley gebied. Dit het die deel bo-op die rant waar die ou Staatskwekery was en verder teen die hange af wat na die ooste kyk, omvat.

Tegelykertyd het minister De Klerk in 'n omsendbrief te kenne gegee dat die administrasie en die stadsraad op 'n gemeenskaplike basis grond, die nodige geboue en omheinings moes voorsien. Andersins moes die twee instansies gesamentlik R12 000 per jaar aan onderhoudskoste bydra, wat 'n ietwat duur onderneming kon wees.

Die burgemeester, A.D. Viljoen het ook sy stem aan 'n ondersoek in die gebied toegesê. Prof. Rycroft het bykans onmiddellik sy goedkeuring uitgespreek met die keuse van die terrein. Hy was beïndruk met die grootte van die terrein, die stilte midde-in die stadsgewoel en die teenwoordigheid van 'n groot aantal inheemse bome. Terselfdertyd was water- en kragpunte direk beskikbaar. Ander voordelige moontlikhede was byvoorbeeld die maklike toegang uit Arboretumlaan, twee beskikbare woonhuise en 'n restaurant wat met 'n panoramiese uitsig bo-op die rant gebou kon word.⁵¹ Dit is duidelik dat die uitlegkoste hier veel goedkoper sou wees.

Die finale keuse het nietemin op Winter's Valley geval, nadat die Uitvoerende Komitee op 28 September 1965 na aanleiding van korrespondensie met die Bloemfonteinse stadsraad besluit het, "Dat goedkeuring aan die

50. H.B. Rycroft-versameling in eie besit: Brief namens Provinsiale Sekretaris - kol. I.P.S. Terblanche, s.d.

51. H.B. Rycroft-versameling in eie besit: Verslag van 'n samespreking gehou in die Komiteekamer (Stadsaal) Bloemfontein op 30.04.65 in verband met die uitlê van 'n botaniese tuin te Bloemfontein.

Stadsraad van Bloemfontein verleen word vir die aankoop van Winter's Valley".⁵²

Die Uitvoerende Komitee het die verantwoordelikheid aanvaar om 'n pad teen R55 000 vanaf Bloemfontein na Winter's Valley te bou.⁵³

Ondanks die administrasie en die Bloemfonteinse munisipaliteit se bereidwilligheid om hulself kontraktueel te verbind volgens die genoemde voorskrifte van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap,⁵⁴ het daar egter steeds niks van gekom nie.

Dit het Rycroft op 7 April 1966 na die pen laat gryp waartydens hy dr. Op't Hof, sekretaris van Onderwys geen twyfel gelaat het oor sy ongeduld met die gesloer nie. "I feel at a complete loss as to what more the Administrator of the Orange Free State or I can do in the matter. Can you please let me know what 'further representations' the Honourable Minister ... requires from the Administrator?"⁵⁵

In 'n poging om die vlam aan die gang te hou het Rycroft andermaal na samesprekings in Pretoria gedurende Februarie 1966 ook 'n besoek aan die Vrystaatse Administrateur gebring.⁵⁶ "He [Du Plessis] explained, (as I have reported on more than one occasion), that all the conditions laid down

52. UK-notule, min. 1283, 06.10.65; H.B. Rycroft-versameling in eie besit: P.L. la Grange - Stadsklerk Bloemfontein, 15.10.65. Winter's Valley was ook bekend as Onderverdeling 16 van die plaas Lilyvale nommer 2313. Die grond is vir R18 000 verkoop wat uit die raad se Erwetrustfonds gefinansier is. Die totale munisipale koste was R46 500 waarvan R26 000 aan watervoorsiening spandeer sou word.

53. UK-notule, min. 1294, 06.10.65; Vergelyk H.B. Rycroft-versameling in eie besit: P.L. la Grange - Stadsklerk Bloemfontein, 15.10.65.

54. Vergelyk H.B. Rycroft-versameling in eie besit: Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap - H.B. Rycroft, s.d. (Datum van ontvangs, 18.12.64)

55. H.B. Rycroft-versameling in eie besit: H.B. Rycroft - dr. Op't Hof, sekretaris van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, 07.04.66.

56. Ibid.

by the Minister [Jan de Klerk] have been complied with and that he, like myself is at a loss to know what further steps he can take. He made it clear that the offers made by the Province and by the Municipalities of Bloemfontein and Harrismith still stand,"⁵⁷ van wie hy (Rycroft) net die hartlikste samewerking ontvang het.⁵⁸

Ten spyte daarvan dat die nodige formaliteite skynbaar afgehandel was,⁵⁹ kon sake net nie tot 'n punt kom nie. Die vermoede was dat dit te wyte was aan 'n persoonlike gevoel tussen minister Jan de Klerk en Sand du Plessis.⁶⁰

Desnieteenstaande was die Departement van Landbou Tegnieiese Dienste (LTD) - wat die verantwoordelikheid van die beplande Vrystaatse Botaniese Tuine by die Departement van Onderwys sou oorneem - in hul ywer ter bewaring van die streeksflora, baie gunstig teenoor dié projekte ingestel.⁶¹ Dit sou egter nog 'n geruime tyd duur voordat LTD beheer sou oorneem.⁶²

Prof. Rycroft het uiteindelik die handdoek ingegooi en hom tot Du Plessis - na verdere mislukte pogings deur eersgenoemde - gewend, om dié aangeleentheid op die hoogste vlak te hanteer aangesien daar syns insiens niemand meer was wat enigiets aan die saak kon doen nie, "and now the only solution seems to lie with you". Die versoek wat Rycroft aan Du Plessis

57. Ibid.

58. Ibid.

59. Ibid. Volgens die beste wete van prof. H.B. Rycroft was die saak toe reeds vier maande tevore deur die Vrystaatse Provinsiale Sekretaris afgehandel by wyse van dokument N 4/1/283, gedateer 01.12.65 wat aan die Departement van Onderwys gestuur is.

60. Vergelyk prof. H.B. Rycroft - P.J.P. du Plessis, 04.09.87.

61. H.B. Rycroft-versameling in eie besit: H.B. Rycroft - dr. Op't Hof, 07.04.66.

62. Vergelyk H.B. Rycroft-versameling in eie besit: Dr. S.J. du Plessis, waarnemende sekretaris LTD - Provinsiale Sekretaris, 24.02.67 brief y 63/3. Hiervolgens is die Nasionale Botaniese Tuine van die RSA vanaf 1 April 1967 onder die beheer van LTD geplaas.

gerig het, was volgens hom gebaseer op 'n voorstel wat personeellede van die Departement van Onderwys vertroulik aan hom gemaak het.⁶³

Soos aangedui ten opsigte van aspekte soos die mediese fakulteit en die botaniese tuine kom dit volgens Du Plessis voor of die Vrystaat, wat soms as minder belangrik buite provinsiale geleedere beskou is, maar kon wag met dit wat vir die provinsie van kardinale belang was.⁶⁴

Vandag is dit glashelder dat al die pogings die moeite werd was. Nasionale erkenning is spoedig deur die pers verleen. Hiervolgens is bekend gemaak dat die eerste botaniese tuine in Suid-Afrika buite Kaapland in die Vrystaat aangelê is. Die Volksblad het dit as baanbrekerswerk bestempel en die hoop uitgespreek dat ander provinsies dit sou navolg.⁶⁵

"By sy wild- en natuurtuine, en sy ontspanningsoorde in natuurlike omgewings kry die Vrystaat dus nou sy botaniese tuine - alles om mens, dier, plant en natuur saam te bring tot elkeen se beswil. 'n Skat word so in die sentrale provinsie opgebou waarvoor die huidige en die nageslag altyd

63. H.B. Rycroft-versameling in eie besit: H.B. Rycroft in vertroulike brief aan J.W.J.C. du Plessis, 03.05.66; Vergelyk prof. H.B. Rycroft - P.J.P. du Plessis, 04.09.87. Volgens hierdie brief vermoed prof. Rycroft dat die Administrateur op "certain suggestions" van hom (Rycroft) gereageer het en die verskille - soos aangedui - uiteindelik met minister De Klerk uit die weg geruim het. "I never found out to what extent S. du P. [sic.] acted on my advice and pleas, but he must have done so."

64. Vide infra die antwoord van Du Plessis ten opsigte van die mediese fakulteit, onderwys en botaniese tuine, pp. 88-89. Vergelyk P.L. la Grange, pp. 201-202. Vergelyk ook beperkte magte p. 202, voetnoot 31. Origens is reeds - waar toepaslik - in ander hoofstukke aandag gegee aan die gevoel van vooraanstaande Vrystaters wat van mening was dat die provinsie soms "aan die agterspeen" gedrink het.

65. Vergelyk Die Volksblad, 20.02.69.

dankbaar sal wees en waardeur die natuurlike rykdomme beskerm en uitgebou kan word."⁶⁶

Die doelstellings wat deur prof. Rycroft gestel is "om waardering en bewaring van die inheemse plantegroei by die mens aan te wakker",⁶⁷ ten opsigte van albei Vrystaatse Botaniese Tuine het uiters sinvol verloop. Hierdie en ander ideale het waarskynlik die stoutste verwagtinge oortref indien die jongste beskikbare inligting in ag geneem word.

Onlangs het prof. Kobus Eloff, die uitvoerende direkteur van Kirstenbosch, die mening gelug dat plante nie bewaar word weens 'n reg wat dit op die mens uitoefen nie, maar dat dit wesenlik die beskikbaarstelling van kennis en verkrygbaarheid van inheemse plante behels. Dit moet dus van nut vir die mens wees. Prof. Eloff het terselfdertyd erkenning aan die pragtige ligging van die Bloemfonteinse Botaniese Tuin verleen.⁶⁸

Dit en die benutting van dié Tuine is voorwaar 'n getuigskrif vir die visie van Rycroft, en die finale beslissings van die administrasie van Du Plessis en die Bloemfonteinse munisipaliteit. Die gemiddelde besoekerstal per jaar is tans sowat 45 000. Die Tuin, een van die netste in Suid-Afrika aldus prof. Eloff, bied goedgeleë wandelpaaie aan die besoeker.⁶⁹ Afgesien van die ontspanningswaarde, is daar 'n herbarium wat verteenwoordigend is van Vrystaatse en Noord-Kaaplandse inheemse plantegroei. 'n Kwekery bied inheemse plante te koop aan die publiek. Die sentrale gebied in die tuin bevat 'n ryke verskeidenheid plante wat veral as waardevolle studiemateriaal

66. Die Volksblad, 20.02.69. Vergelyk Die Volksblad, Briewekolom, Ons flora sal mense aanlok, 11.10.65. In dié briefie word toe reeds waardering vir die besluit om die Bloemfonteinse Botaniese Tuine daar te stel, uitgespreek. Benewens lof aan die stadsraad van Bloemfontein toegeswaai, besef die persoon dat die Administrateur 'n belangrike rol gespeel het, maar veral "dat hy die beskerming van ons natuur baie goedgesind is en ook ywerig is om toeriste na die Vrystaat te lok, hoef 'n mens nie te [be-]twyfel nie".

67. Die Volksblad, 20.02.69.

68. Ibid., 18.09.87.

69. Ibid.

vir studente, skoliere en amateur-plantkundiges dien.⁷⁰ Dit is in ooreenstemming met die oorspronklike wens van prof. Rycroft.⁷¹ Afgesien van die ryke verskeidenheid plante is dit ook 'n voëlparadys en is hier 'n rustige tuiste na die eertydse wens van Du Plessis geskep wat aan voëls 'n noodsaaklike verblyfplek langs hul trekroetes bied.

Deur die uitleg van twee botaniese tuine in die Vrystaat is 'n gesonde balans geskep, aangesien die plantegroei van die Tuin te Harrismith weer heeltemal van dié in Bloemfontein verskil. Eersgenoemde terrein is goed verteenwoordigend van die Oos-Vrystaatse Drakensberggebied se plantegroei. Dit is geleë in 'n buitengewoon pragtige omgewing en langs die oostelike hoofweë wat die Vrystaat daar deurkruis. Dit het boonop 'n ryke verskeidenheid plante⁷² waarvan lede van die S.A. Botaniese Vereniging reeds rondom 1965 tweehonderd soorte inheemse plante geïdentifiseer het. Dit sou mettertyd met ander inheemse Suid-Afrikaanse plante, veral uit die Vrystaat aangevul word.⁷³

4.2 BUITELANDSE REKLAME EN INTERNASIONALE ERKENNING VIR DIE VRYSTAAT ONDER NOG 'N GROEP BUITELANDERS VAN OOR DIE WERELD⁷⁴

Volgens die jubileumdirekteur, kol. I.P.S. Terblanche,⁷⁵ was die voormelde reis van botaniste "deur die Vrystaat ... beslis een van die hoogtepunte van die hele botaniese-toer deur Suid-Afrika. Die buitelandse besoekers was besonder beïndruk met nie net die plantegroei van die Vrystaat nie, maar ook met die mense en die algemene gunstige toestande".⁷⁶ Vyf van die buitelanders het die toer na die Vrystaat spesiaal meegemaak, waarna hul direk na hul onderskeie lande vertrek het.⁷⁷

70. Ibid., 31.08.87.

71. Vergelyk Die Volksblad, 12.02.64.

72. Vergelyk H.B. Rycroft-versameling in eie besit: Prof. H.B. Rycroft - Provinsiale Sekretaris, 22.07.64 ten opsigte van veral Ladybrand en Ficksburg.

73. Die Volksblad, 29.03.65.

74. Vergelyk hoofstuk 4 - Toerisme.

75. H.B. Rycroft-versameling in eie besit: I.P.S. Terblanche - Provinsiale Sekretaris, 27.11.63.

76. Ibid.

77. Ibid.

Deur 'n enkele telefoonoproep van 'n wakker Administrateur en die geringe koste van R464⁷⁸ vir die Vrystaatse Administrasie, is die Vrystaat se veldprag gereklameer. Daardeur is die Vrystaat ook op die wêreldkaart - volgens Rycroft - geplaas.⁷⁹

5. WATER- EN GRONDBEWARING 'N SAAK VAN ERNS: DIE OORHOOFSE BESKOUIING VAN DU PLESSIS

Du Plessis het verskeie kere tydens sy Administrateurstermyn sy kommer oor die plattelandse ontvolking - 'n aspek wat reeds bespreek is - uitgespreek. By geleentheid - as gasspreker van die Weidingsbewaringsvereniging - het hy in die besonder na die klimaats- en plantegroei-veranderinge wat sekere dele van die Vrystaat 'n byna Karoo-agtige voorkoms gegee het verwys wat as nog 'n moontlike faktor kon bydra tot die (algehele) ontvolking van die platteland.

Aangesien kleding en voedsel aan 'n steeds groter wordende bevolking voorsien moes word, was die boer na sy mening gedwing om ten volle gebruik te maak van die natuurlike hulpbronne water en grond, ten einde in staat te wees om die maksimum produksie te lewer.⁸⁰ Die ontginning hiervan sou voortaan uiters oordeelkundig deur boere beplan moes word sodat landboukundige produksiehulpbronne steeds in die toekoms doeltreffend bewaar en uitgebou kon word. Daarmee saam moes gewaak word oor grondvrugbaarheid wat onder meer bewerkstellig kon word deur gesonde veeteelt- en akkerboupraktyke.⁸¹ Dit was nodig om die maksimum hoeveelheid benutbare bogrond en water te bewaar wat slegs deur 'n goeie plantbedekking moontlik was. Daardeur sou erosie bekamp en die aanwas van natuurlike woestynplante aan bande gelê word.⁸²

Inderwaarheid was Du Plessis 'n voorstander van die idee dat elke landsburger water- en grondbewaring sy erns moes maak. Die land kan dit nie bekostig dat vrugbare bogrond goedsmoeds verspoel of wegwaai nie.

78. Ibid.

79. Ibid. Vergelyk H.B. Rycroft - J.W.J.C. Du Plessis, 06.03.64.

80. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/3.

81. Ibid. Vergelyk Die Volksblad, 17.09.87 - twee berigte - huidige stand van sake.

82. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/4.

Daar die Weidingsbewaringsvereniging nog skynbaar in sy kinderskoene was, het Du Plessis gereken dat hulle 'n belangrike rol te speel gehad het in toekomstige samewerking met ander organisasies en die owerhede wat bewaring op die hart gedra het. Die administrasie self het groot belangstelling getoon in die bewaring van fauna en flora.

Dit is bekend dat Du Plessis 'n groot voorstander was van bewaring en benutting van die Caledonrivier se water en die aanwending van hierdie hulpbron tot versterking van die ses weskloeiende Vrystaatse kleiner riviere. Dit moes dien as die waterskuur van die sentrale Vrystaat.⁸³ Vorige droogtes het hul maar alte bewus gemaak dat water met oordeel verbruik moes word.

6. DIE WILDPLAAS TUSSEN-DIE-RIVIERE: VELERLEI DOELWITTE IN DIE VOORUITSIG

Gedurende Mei 1967 het die Uitvoerende Komitee bekend gemaak dat die wildtuin Tussen-die-Riviere 'n nuwe toevoeging van die administrasie tot die bewaring van die Vrystaatse fauna en flora was. Die eerste wild is toe kort tevore vanaf Summerville oorgeplaas.

Nes die botaniese tuine kon die wildtuin van groot nut wees vir natuurwetenskaplike studente en natuur liefhebbers. 'n Groot skaalse wetenskaplike wildboerdery is in samewerking met die Departement Landbou Tegniese Dienste (LTD) in die vooruitsig gestel.⁸⁴

Die Tussen-die-Riviere-projek was ook bedoel om 'n ernstige wetenskaplike poging tot veld- en weidingsbewaring van die kant van die administrasie te wees. Volgens Du Plessis het dit voorgekom of dit die eerste poging in sy soort in Suid-Afrika sou wees om weidingsbewaring op so 'n omvangryke manier te implementeer. Die naastenby 22 000 hektaar sou kon "dien as 'n toetsterrein vir soortgelyke werk dwarsdeur die Republiek".⁸⁵

83. Ibid., Lêer 1/9/3; The Friend, 02.03.66.

84. Vergelyk The Friend en Die Volksblad, 20.05.67. Vergelyk Bylae Qii en iii. Dit toon wat later vermag is.

85. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/3.

Die implementering van hierdie projek ten behoeve van natuurbewaring in die Vrystaat is die duidelikste bewys dat die Administrateur en sy Uitvoerende Komitee nie by praatjies vasgehaak het nie, maar werklik beslag aan hul ideale kon gee.

Dit was 'n omvangryke rehabilitasiepoging vanaf die kant van die administrasie wat in samewerking met LTD en die UOVS,⁸⁶ wou bewys dat 'n gebied gestroop van die meeste van sy natuurlike hulpbronne, weer herstel kon word.⁸⁷ Du Plessis het dit beskryf as "an act, to conserve land and water for the people of this generation, and generations to come".⁸⁸

Die ideaal was nie net die herstel van die natuurlike veldbedekking nie, maar om terselfdertyd ook op ekonomiese wyse met wild te boer.

Die Uitvoerende Komitee het dit in die vooruitsig gestel dat dié wildplaas moes dien as bewaringsgebied, werkplaas vir die navorser en dat dit 'n ontspanningsoord moes wees. 'n Ontspanningsoord met dié verskil dat geen luukse akkommodasie-geriewe opgerig sou word nie, maar natuurlike kampterreine, om die mens na aan die natuur te bring en om sy liefde vir die natuur daardeur te bevorder. Vir Du Plessis was die moontlikhede onbeperk en sou dit "n klaskamer in die natuur wees". Terselfdertyd het hy hom vereenselwig met die beskouing van Esra Taft Berson:⁸⁹ "The conservation of soil and water, trees and grass, is meaningless, unless it is done for people; to provide the things people need ... feed, [sic.], clothing, building material and even recreation".⁹⁰

6.1 'N TERUGBLIK OP TUSSEN-DIE-RIVIERE

Die eerste wild is aanvanklik in 'n enkele kamp aangehou, terwyl die res van die plaas se veld onbewei gelaat is om op 'n natuurlike wyse te herstel. Omstreeks 1970 het dit geblyk dat die veld redelik verbeter het. Ver al die rooigras (*Themeda triandria*) het geredelik toegeneem en goed versprei. 'n

86. Ibid.

87. Ibid., Lêer 1/13/1.

88. Ibid.

89. Ibid., Lêer 1/9/3.

90. Ibid. Vergelyk ook prof. Eloff p. 329.

Klein aantal steenbokke, rooiribbokke, hase, ystervarke en dies meer is opgemerk. Die administrasie was, soos aangedui, verplig om teelkerne in te voer.⁹¹ Die Komponent Natuurbewaring kon aan die einde van 1970 rapporteer: "Tarentale is volop en visarende, gompoue, aasvoëls en bloureiers het almal in 1970 'n intrek in die gebied geneem".⁹²

Volgens J.S. Hugo, assistent-direkteur van die Komponent Natuurbewaring het die veld tot op hede (1987), afgesien van enkele uitsonderings, baie mooi herstel en word dit beheer deur die maksimum drakrag van die veld nie te oorskry nie. Dit behels dat die oortollige wild afgehaal moet word. En in die proses word die publiek toegelaat om te jag. Dit bring mee dat dit finansieel nie soseer om winsbejag gaan as om bewaring en beheer nie. Inderwaarheid betaal die publiek nie vir die volle waarde van wild nie en word die geleentheid aan die man in die straat gebied om daar te jag. Die wildbewaringspoging het ook tot meer privaat pogings onder boere aanleiding gegee.

Erosie blyk tans (1987) onder beheer te wees, alhoewel dit 'n immervoortgaande proses is. Dwarswalle en dies meer om erosie te stuit, word steeds gebou. Vanselfsprekend bly die ergste oorgeërfde dongas nog sigbaar.⁹³

So vroeg as 1969 kon die publiek reeds nege-en-vyftig swartwildebeeste benut wat vermeerder het in die daaropvolgende jaar na een-en-negentig. Dië diens het na aanleiding van die behoefte aan jaggeleenthede onder die publiek geblyk om baie populêr te wees.⁹⁴

-
91. Natuurbewaringsverslag, 31.03.71.
92. Ibid.; Vergelyk Bylae Qiv. Die voëltelling wat by die Erfenisdam gehou is (1972), dien as voorbeeld van die nut van 'n natuurreservaat vir die voëllewe.
93. Gesprek met J.S. Hugo, assistent-direkteur, Komponent Natuurbewaring, 02.10.87.
94. Vergelyk Natuurbewaringsverslag, 31.03.71; H.J.R. Simes aan die einde van hoofstuk ten opsigte van 3 800 jagters wat reeds deur die jare hier gejag het; Bylae Qii en v.

Dat die visioene van die Administrateur-in-Rade vervul is, skemer deur in 'n artikel oor Tussen-die-Riviere in Die Volksblad, van Johan Coetzee:⁹⁵ "Tydlose vrede heers oor dié wildplaas".⁹⁶ Coetzee skryf onder andere: "Dit is hier, tussen dié natuurwonders, waar die vermoeide stedeling weer hereniging met die natuur kan vind".⁹⁷ Van die jagters skryf hy dit is mense wie se natuurbewustheid veel verder strek as die sneller van 'n geweer.⁹⁸ Hy sluit af: "Hulle weet: bewaring beteken ook beheer, waarsonder die hele poging gedoem is".⁹⁹

7. DIE VERWOERDOORD EN LATERE WELBEDACHT-NATUURRESERVAAT

Gedurende die beplanningsfase van die Hendrik Verwoerddam het die regering onder meer die grond tussen die Caledon- en Oranjerivier gekoop. In 1965 het die Uitvoerende Komitee besluit om hierdie uitvalgrond te bekom vir die uitleg van Tussen-die-Riviere. Terselfdertyd is 'n veel kleiner stuk grond by die Verwoerddam-oord bekom.¹⁰⁰ Hierdie klein reservaat is nog in 'n vroeë stadium van ontwikkeling en dus nie toeganklik vir die publiek nie.¹⁰¹

Luidens Du Plessis het die Uitvoerende Komitee voortdurend 'n oog oopgehou vir die ontwikkeling van oorde en natuurreserve waar nuwe damme gebou is.¹⁰²

Reeds in 1967 is Du Plessis deur die Waterloodskomitee van die Vrystaat ingelig dat albei terreine te Wepener, waar toetsgate met die oog op die bou van 'n nuwe dam geboor is, 'n unieke natuurskoon bied. Dit sou, aldus Du Plessis, groot toekomsmoontlikhede vir die toeris inhou in 'n gebied waar dit nie soseer verwag is nie. Ook sou dit uitstekend inpas by die oostelike-grenspad of te wel toeristepad en die beoogde voortsetting daarvan na die suide met die ontwikkelings langs die Oranje. Op dié wyse is natuurbewaring

95. Die Volksblad, 01.08.86.

96. Ibid.

97. Ibid.

98. Ibid.

99. Ibid.

100. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 02.10.87.

101. Gesprek met J.S. Hugo, 02.10.87.

102. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 02.10.87. Vergelyk hoofstuk 5: Du Plessis ten opsigte van die natuurbewaringsmoontlikhede wat damme gebied het.

dwarsoor die Vrystaat prakties en funksioneel geïnkorporeer waar geleenthede hul voorgedoen het.¹⁰³ Du Plessis het in dië verband gesê: "it is our duty to utilize every opportunity in the interest of future development".¹⁰⁴ Ongelukkig het die suidelike grenspad nog nie ten volle ontwikkel nie.¹⁰⁵

8. DIE PROBLEEMSITUASIE RONDOM DIE VISVANGS-ORDONNANSIE

Dit is ongetwyfeld waar dat Du Plessis in 'n uiters moeilike periode die leisels gehou het. Die uitkyk van mense het destyds hemelsbreed verskil van dië van vandag. Omstreeks 1963 het kerke en kultuurorganisasies versoek dat plesieroorde op Sondag gesluit moes wees. Die verbod op Sondagvisvangs moes ook van krag bly. Du Plessis het 'n beroep gedoen dat geduld in die verband beoefen moes word. 'n String klagtes is deur hom ontvang van bovermelde instansies wat ook gekant was teen die verkoping van verversings, plesierbootritte op Sondag en wat die verbanning van alle Totalisator-takke in die Vrystaat bepleit het.¹⁰⁶ Hy het egter gesê dat die beswaarmakers moes beseef dat hierdie fasiliteite tot voordeel van die duisende werkende Vrystaters geskep is.¹⁰⁷ Die tyd het aangebreek "dat daar duidelikheid oor hierdie uiters belangrike saak moet kom en dat ons mekaar moet vind en baie goed moet verstaan",¹⁰⁸ ter verskaffing van hierdie "uiters noodsaaklike dienste" in die Vrystaat.

Ontspanning vir die moderne mens sowel as die verskaffing van die nodige fasiliteite was een en almal se verantwoordelikheid - vanaf die regering, administrasie en elke sosiale instelling: " - veral van die kerk, wat belang het by die geestelike en liggaamlike welvaart van die mens".¹⁰⁹

Die Uitvoerende Komitee het dit nodig gevind om laasgenoemde in sy beleid aangaande ontspanningsoorde in ag te neem en het ook om dië rede meer

103. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/9/3.

104. Ibid.

105. Vergelyk hoofstuk 3.

106. Vergelyk Rand Daily Mail, 08.03.63; The Friend, 10.04.63.

107. Vergelyk The Friend, 10.04.63; Die Volksblad, 07.03.63.

108. Die Volksblad, 07.03.63.

109. Ibid.

fasiliteite ontwikkel.¹¹⁰ Van belang was dat die administrasie as 'n regeringsinstelling nie die reg gehad het om wette te maak wat Sondagontheiliging kon verbied nie. Du Plessis het aan 'n afvaardiging van predikante verduidelik dat: "Die huidige wetgewing ... aangeneem [is] as 'n visbeskeringsmaatreël en nie om Sabbatsontheiliging teë te werk nie".¹¹¹ Hy het verder verduidelik dat indien die kerk sou voortgaan om druk uit te oefen, dit kon lei tot "politieke reperkussies" wat eerder vermy moes word. Du Plessis is in die verband ondersteun deur sy mede-Uitvoerende Komiteeledé.¹¹² Van die belangrikste argumente deur hulle aangevoer, was dat mense net eenvoudig na die middel van die rivier sou roei en daar na hartelus sou visvang. Dit was ook inkonsekwent om die visserman te verbied om op Sondag vis te vang, terwyl ander mense op dieselfde dag gholf, tennis en rolbal speel. Dit sou ook meebring dat honderde inspekteurs vir wetstoepassing aangestel moes word. Du Plessis het die praktiese voorstel gemaak dat die aangeleentheid strenger in kerkverband vanaf die kansel hanteer moes word en dat kerklike tug strenger toegepas kon word.¹¹³

Volgens Du Plessis het hierdie wet eintlik uit die era van die ou Vrystaatse Republiek as 'n natuurbewaringsmaatreël dateer om vis teen algehele uitwissing te beskerm. Die wysiging is deur die Uitvoerende Komitee aanbeveel omdat hulle oortuig was dat die maatreël oudmodies en uitgedien was.¹¹⁴ Die saak is nietemin ondersoek en die wenslikheid of die ou ordonnansie van 1933 bestaansreg gehad het,¹¹⁵ is by wyse van 'n verslag aan die Provinsiale Raad voorgelê op grond van die beskerming van vis. Die voorlegging het hierop berus aangesien Sabbatsontheiliging ook volgens die komitee nie onder jurisdiksie van die provinsiale regering geressorteer het nie.

110. Ibid. Vergelyk hoofstuk 4.

111. UK-notule, min. 1441, 29/30.01.62.

112. Ibid. Vergelyk The Star 08.03.63 - Die Provinsiale Raad het selfs 'n komitee aangestel om die ontwerpordonnansie te ondersoek wat die verbod op Sondagvisvangs sou ophef in die Vrystaat. Vergelyk PR-notule, 06.03.63, p. 67. In wese het dit om visbeskerming gegaan. Die komiteeledé was P.L.S. Aucamp, B.S. de Kok, J.S. Pansegrouw, A.C. van Wyk, W.F. Wentzel.

113. UK-notule, min. 1441, 29/30.01.62.

114. Gesprek met J.W.J.C. du Plessis, 10.03.87.

115. The Friend, 04.11.64.

Die Ontwerpordonnansie op Visbeskerming is op 5 Maart 1964 in die Raad aanvaar waarna voorlegging aan die Staatspresident, C.R. Swart, gedoen moes word en dit dan in die Provinsiale Koerant gepromulgeer sou word. Die proses het blykbaar 'n geruime tyd in beslag geneem. Die ou regulasie het intussen van krag gebly.¹¹⁶ Die ordonnansie is na 'n hewige debat¹¹⁷ in die Provinsiale Raad aanvaar, maar dit het behels dat 'n wetenskaplike opname ten opsigte van die visbevolking gemaak moes word. Hierna sou dit die Administrateur in staat stel om te besluit of vis nog beskerm moes word en watter soorte wel. So 'n ondersoek sou egter nie oornag voltooi kon word nie.¹¹⁸ Van belang is dat die demokratiese stemreg van Raadslede geseëvier het en Du Plessis maar net op grond van die resultaat van die visnavorsingsprojek finale uitvoering aan 'n Raadsbesluit moes gee.

Die meningsverskil van Raadslede het ook, afgesien van kerkorganisasies, sy neerslag in die publiek gevind. Die vissermanne was in opstand.¹¹⁹ Daarby is die saak deur die teenparty tot op die vlak van die Nasionale Partykongres gevoer. H.J.R. Simes, voormalige LPR (Bloemfontein-Noord), het die aangeleentheid korrek opgesom as "the powers of the Provincial Council did not extend to making laws to keep the Sabbath sacred".¹²⁰

Dit was op die keper beskou, duidelik 'n saak van persoonlike oortuiging en sou die administrasie die mooi ideaal van Sabbatsontheiliging afgedwing het, sou honderde visinspekteurs aangestel moes word. Dit sou ongetwyfeld tot 'n belaglike situasie van "cowboys and crooks" lei soos die vissermanne dit ook in geen onduidelike taal geïmpliseer het. Dit was vir hulle in elk geval nie 'n probleem om die middelpunt van 'n grensrivier op te soek nie, aangesien daar geen sodanige beperkinge in die ander provinsies was nie.¹²¹

Sommige koerantopskrifte soos in geval van The Friend, kon die indruk by die oningeligte skep dat slegs Du Plessis die enigste verantwoordelike persoon

116. Vergelyk Die Volksblad; The Star, 06.03.64.

117. The Friend, 06.03.64.

118. Vergelyk Die Volksblad; The Star, 06.03.64.

119. The Friend, Sunday fish ban action planned, 02.06.64.

120. The Star, 06.03.64.

121. Vergelyk The Friend, 02.06.64 en Die Volksblad, 24.10.67 ten opsigte van dië menings.

was,¹²² soos "Now the fishing ban may go: Law gives Du Plessis power to decide",¹²³ en die inleiding lui: "Unless the Administrator, Mr. J.W. du Plessis, proclaims legislation to the contrary, the 53-year-old ban on Sunday fishing in the Free State will be lifted as soon as the Fish Preservation Ordinance - adopted in the Provincial Council last night - is gazetted".¹²⁴ Die feite is heeltemal korrek maar tog skep dit die indruk by die ongeligte leser dat net Du Plessis beslissings kon neem. Inteendeel, die hele Provinsiale Raad en Staatspresident, C.R. Swart, was betrokke.¹²⁵

Die aangeleentheid het soos in geval van toerisme, landswee publisiteit geniet wat die vooruitstrewende Uitvoerende Komitee en Administrateur se taak om die Vrystaat uit te bou sekerlik nie vergemaklik nie. Du Plessis het juis gewaarsku dat dit nie opgeblaas moes word tot op 'n politieke vlak nie.¹²⁶ Tydens die Administrateurstermyn van Du Plessis is sestig nuwe ordonnansies, tagtig wysigingsordonnansies en vier gekonsolideerde ordonnansies op die wetboek geplaas. A.C. van Wyk, LUK, het Raadslede se aandag daarop gevestig "om te let op die omvang van die werk wat gedoen is met byvoorbeeld die opknapping en modernisering van provinsiale wetgewing wat per slot van sake die vernaamste instrument is in die hande van 'n owerheid om ontwikkeling te stimuleer en te orden".¹²⁷

9. DIE JAGLUIPERD-POLEMIEK EN KLAGTES RONDOM NATUURBEWARING

In die pogings van die administrasie om die Willem Pretorius-wildreservaat uit te bou, het hulle twee jagluiperds teen groot koste uit Suidwes bekom. Dit was bedoel as toevoeging tot 'n groter verskeidenheid wilde diersoorte.¹²⁸ Dit het uiteindelik heel anders verloop as wat verwag is nadat die jagluiperds op 14 September 1967 ontsnap het.¹²⁹

122. The Friend, 06.03.64.

123. Ibid.

124. Ibid.

125. Vergelyk Die Volksblad, 06.03.64.

126. Vergelyk ook Rand Daily Mail, 08.03.63; Die Volksblad, Hoofartikel, 07.03.63 benewens die versoek tot die predikante-afvaardiging.

127. PR-debatte, 16.10.69, p. 108.

128. Onderhoud met J.W.J.C. du Plessis, 10.03.87.

129. Vergelyk The Friend, 15.11.67.

'n Groot soektog is op tou gesit¹³⁰ en volgens die beriggie "Jagluiperd en 'n boervrou" was daar "iets romanties aan die gedagte dat twee jagluiperds die afgelope tyd in die hartjie van die Vrystaat op vrye voet verkeer het".¹³¹ Vir die boere in die omgewing was dit bepaald nie so prettig nie:¹³² "jy kon nooit weet wanneer loop een van jou plaasdiere deur nie ..."¹³³ Opwinding het hoogty gevier en die verbeelding is aangegryp. Die administrasie, boere en natuurbewaringsliefhebbers was egter hoogs ontsteld.¹³⁴ Dit is heel interessant om die uiteenlopende menings wat vanaf omstreeks 11 Oktober tot 17 November 1967 in briewekolomme van die plaaslike pers verskyn het, te lees.¹³⁵

Die wyfie is deur Grieta Wessels van die plaas Fraai Uitzicht, Ventersburg op 10 Oktober doodgeskiet terwyl dit van 'n skaapkampie "weggehardloop" het. Die mannetjie is eers op 14 November 1967 te Bainsvlei, Bloemfontein in 'n hoenderhok deur mev. J.C. Campbell gewaar, waarna sy hulp ingeroep het. Die gort was gaar: "The shooting of the female cheetah created an upset in the province and it was said that Mrs. Wessels would be prosecuted. She has made a statement to the police, but so far has heard nothing more of the matter".¹³⁶ Die belofte wat die administrasie gemaak het om vir die verlies van die twaalf skaap en vyf angora bokke te vergoed was op daardie tydstip nog nie nagekom nie. Die boere in die onmiddellike omgewing het Grieta ondersteun en laat blyk dat hulle 'n jagluiperd sou skiet, al was dit beskermde wild in die Vrystaat.¹³⁷

130. Vergelyk Die Volksblad, 20.10.67.

131. Die Volksblad, 11.10.67.

132. Ibid.

133. Ibid.

134. Ibid.

135. Vergelyk die berigte in The Friend en Die Volksblad tussen 11 Oktober en 17 November 1967.

136. The Friend, 17.11.67.

137. Ibid. Volgens Sand du Plessis het die kwessie rondom vergoeding en 'n hofsak doodgeloop.

9.1 ASPEKTE VAN BELANG RONDOM DIE "UPSET IN THE PROVINCE"

Die jagluiperds is op 4 Augustus 1967 deur Du Plessis te Bloemfontein, in ontvangs geneem. W. Delfs, 'n beroepsdierenvanger het volgens die koerantbe-
 rig die versekering gegee dat jagluiperds "nooit mense aanval nie. Selfs al
 word hulle in 'n hoek gedryf, sal hulle nog probeer om weg te kom".¹³⁸
 Hierdie siening was waarskynlik ook dié van die Suid-Afrikaanse Wildbe-
 waringsvereniging wat die Vrystaatse proklamasie om jagluiperds te beskerm
 ten volle ondersteun het.¹³⁹ Die jagluiperds was, nadat hul in kwarantyn
 was, losgelaat in die reservaat om te prooi op bokke en moontlik swartwilde-
 beeste. Lady Oppenheimer wat baie beïndruk was met die reservaat, het juis
 die aanbod gemaak dat sy bereid was om geld te skenk vir nog twee
 jagluiperds.¹⁴⁰

F.W. Liebenberg, Provinsiale Sekretaris was "baie ontevrede" dat die
 Ventersburgse boervrou die doodskoot toegedien het, nadat die publiek vooraf
 versoek was om natuurbewaring in te roep.¹⁴¹ In dié verband was 'n
 briefskrywer dit eens dat mense genoegsaam gewaarsku en ingelig was deur die
 administrasie en die nuusmedia.¹⁴²

Die feitelike situasie was dat die administrasie goedbedoelend in 'n dilemma
 beland het en deur kenners oortuig is dat jagluiperds onskadelik vir die
 mens was en heeltemal van die luiperd verskil het. Die jagluiperd is
 eintlik 'n saggeaarde dier sonder kloue.¹⁴³ "Dit is daarom 'n treurige
 werklikheid dat hy besig is om skaars te word en dat sy uitwissing baie
 waarskynlik lyk sonder die strengste beskerming."¹⁴⁴ Wanneer die feite uit

138. Die Volksblad, 04.08.67.

139. The Friend, 24.10.67.

140. Die Volksblad, 04.08.67.

141. Ibid., 12.10.67.

142. Die Volksblad, Briewekolom; Bring weer luiperds na die Vrystaat,
 19.10.67; Vergelyk PR-debatte, 02.11.67, p. 86.

143. Vergelyk Die Volksblad, 18.10.67, ten opsigte van die gunstige
 beskouinge van kenners dat die jagluiperd nie soseer 'n gevaar vir
 die mens inhou nie.

144. Die Volksblad, 18.10.67. Roedelberg soos aangehaal deur F.W.
 Liebenberg, Provinsiale Sekretaris uit African Wildlife.

beskikbare bronne bestudeer en vergelyk word, blyk dit geloofwaardig te wees en moet die goedbedoelde poging van die Administrateur en sy Uitvoerende Komitee, in 'n ander lig beskou word. Hulle wou slegs iets wat eie aan die Vrystaat was in ere herstel.

Dit was seer sekerlik nie die bedoeling om met "allerlei nuwe wetgewing teen die Vrystaatse boeregemeenskap", op te tree nie. "Ook 'n belastingbetaler" het geskryf dat hy van oordeel was dat die voortbestaan van die boeregemeenskap deur natuurbewaringsordonnansies bedreig is.¹⁴⁵ "Nee, ons sal liever sien dat 'n nuwe reusagtige wildreservaat langs die Caledon- en Oranjerivier gestig word. Daar kan troppe wild dan behoorlik vir die natuurliefhebbers afgekamp word."¹⁴⁶ Dit was buitendien reeds aan die gang. Hierdie brief is van groter betekenis wanneer gekyk word na die Oranjejag-aangeleentheid¹⁴⁷ wat op daardie tydstip die onderwerp van bespreking in die Provinsiale Raad was, asook die kwessie van rondloperhonde wat ingeperk moes word.

Die kern van alles was dat natuurbewaring daadwerklik aandag geniet het¹⁴⁸ en dat daar nie gekompartementeerde aksies teen die boeregemeenskap aan die gang was nie. Groeipyne is ervaar om 'n beter bedeling in belang van al die inwoners van die Vrystaat te verkry.

Verskeie berigte wat op dié gebeure gebaseer is, is in die media gepubliseer. 'n Goeie voorbeeld is: "Luiperds beskerm: OVS raas".¹⁴⁹ Daar was duidelik 'n meningsverskil - diegene vir die beskerming van jagluiperds en natuurbewaringspogings van die Vrystaatse Administrasie - en diegene daartêen. Uit die aard van die saak was die skaapboere en boereverenigings baie ongelukkig.¹⁵⁰ Tog blyk dit belangrik om na menings van diegene te kyk

145. Die Volksblad, 24.10.67.

146. Ibid.

147. Vergelyk Die Volksblad, Briewekolom: Sy jakkalse laat hy nie vang nie, 25.10.67.

148. Vergelyk W.F. Wentzel 'n saak van erns. PR-debatte, 02.11.67, pp. 86-87.

149. Die Transvaler, 13.10.67.

150. Vergelyk Die Transvaler, 13.10.67, Die Volksblad, Boere onthuts oor beskerming - Jagluiperds moet lig loop, 13.10.67. En The Friend, Conservationists protest at killing the cheetah, 12.10.67.

wat dieper oor natuurbewaring gedink het en wat die nut van natuurbewaring sterk op die voorgrond laat tree het.

"Belastingbetaler" wat hom onder die geleedere van eersgenoemde groep geskaar het, skryf: "In die Vrystaat kan wit en gekleurde met lus en ywer ons wilde diere en voëls uitroei. Hoor 'n mens ooit dat teen iemand opgetree word?"¹⁵¹ Vir die persoon was die onverskilligheid wat in die Vrystaat jeens natuurbewaring bestaan het, 'n dolk in die hart van alle natuur liefhebbers. Hulp moes van buite die Vrystaat ingeroep word om inligting te bekom in verband met natuurbewaring.¹⁵² "Die stemme wat wel opgaan vir die bewaring en behoud van die provinsie se natuurskatte, is blykbaar stemme wat in die woestyn roep. Aan die ander kant het ons 'n Administrateur wat hom in die openbaar verbind het tot natuurbewaring. Dit toon dat ons ... tog nog mense het wat lief is vir ons wildediere, voëls en plante."¹⁵³

Die beste perspektief om die gebeure word op 13 Oktober 1967 in die inleidingsrubriek van Die Volksblad gegee. Die redakteur skryf:¹⁵⁴ "Die spook van die jagluiperd wat ... langs die Willem Pretorius-wildtuin doodgeskiet is, gaan blykbaar nog lank loop. Daar is twee uitdruklike opponerende groepe en vir albei kante is veel te sê. Natuurlik voel die meeste mense bitter jammer dat die proefneming met die twee pragtige diere in ons provinsie se eie wildtuin so noodlottig moes verloop".¹⁵⁵

'n Beter balans kom in dié artikel na vore oor bewaringsbewustheid. Vir die skrywer was dit opmerklik dat Suid-Afrikaners reeds toe twee dekades lank bewaringsbewus geword het. Desnieteenstaande wou hy nie die boer se omstandighede wat op die reg aandring dat hy sy besittings kon beskerm betwis nie.

Die volgende gedagtes van redakteurskant dien as rigtingwyser dat 'n proses van evolusie aan die gang was en dat dit nie net om 'n doodskoot en dooie diere gegaan het nie.¹⁵⁶ "Dit is 'n onaangename waarheid dat ons wildlewe

151. Die Volksblad 17.10.67.

152. Ibid.

153. Ibid.

154. Ibid., 13.10.67.

155. Ibid.

156. Ibid.

met die koms van die mens grootliks uitgeroei is. Baie daarvan het sinneloos en moorddadig geskied. Vandag word aanvaar dat dit ons roeping is om die getalle van ons wilde diere en voëls weer op te bou.¹⁵⁷ Hy voel egter dat viervoetige mensvreters in 'n plek soos die Krugerwildtuin tuis hoort waar die volle ryke verskeidenheid aangebied kon word.

Dan gee hy die nodige krediet aan diegene wie dit toekom.¹⁵⁸ "In die Vrystaat is in die afgelope jare werklik groot bewaringswerk in hierdie opsig gedoen. Natuuroorde soos die Willem Pretorius-wildtuin en Golden Gate is eintlik nog in 'n proses van algemene ontwikkeling".¹⁵⁹ Alle inwoners sou wou hê dat in dié gebiede die groot verskeidenheid fauna en flora byeengebring word, ook wat diere betref wat nie op ander plekke in die provinsie sou kon bestaan nie.¹⁶⁰

Die administrasie het, afgesien van W. Delfs, nie minder as vyf gesaghebbendes op die gebied van jagluiperds aangehaal nie.¹⁶¹ Hierdie standpunte hou vandag na twintig jaar grotendeels nog steeds steek.¹⁶²

Liebenberg het die versekering gegee dat skadevergoeding betaal sou word as dit bewys kon word dat die jagluiperd wel die vee gedood het. Die plaaseienaar was volgens die nekbytplekke oortuig dat dit wel die geval was.¹⁶³ Dit blyk dat die Uitvoerende Komitee hulself deeglik vergewis het van sake soos by monde van W.F. Wentzel, LUK aan die Provinsiale Raad.¹⁶⁴ "Maar die jagluiperd is nie so 'n wrede dier soos wat mense wil voorgee nie.

157. Ibid.

158. Ibid.

159. Ibid.

160. Ibid.

161. Vergelyk Die Volksblad, 18.10.67.

162. Alle bekombare getuienis het tot onlangs daarop gedui dat dit korrek is. Die tyd het egter geleer dat uitsonderings voorkom. Vergelyk Die Volksblad, Nie meer gevat aan jagluiperds, 04.01.88.

163. Die Volksblad, 12.10.67.

164. PR-debatte, 02.11.67, pp. 86-87.

Daar word nou so 'n ophef gemaak oor die beskerming wat ons hom wil verleen hier in die Vrystaat".¹⁶⁵ Dit is nie net deur die Vrystaat toegepas nie. Dieselfde maatreël is in Rhodesië (Zimbabwe), Botswana en die Caprivistroom toegepas. Boetes van tot R400 kon vir 'n doodskoot opgelê word. Volgens hom was dit dus nie eienaardig om hierdie skaars diersoort te beskerm nie.¹⁶⁶ "En nou word ons keer op keer aangeval as sou ons niks of baie min doen vir natuurbewaring. Maar waar ons ook 'n dier probeer terugbring in die Vrystaat wat wel vroeër op ons Vrystaatse vlaktes was, nou word ons daarvan beskuldig dat ons roofdiere inbring. Hy is 'n roofdier in 'n sekere mate en ons erken dit, maar ons het gesê ons sal volle verantwoordelikheid aanvaar indien hy enige skade berokken toe ons gevra het dat die mense die goed nie moet vernietig nie ..."¹⁶⁷

9.2 VERDERE ONTEVREDENHEID TEN OPSIGTE VAN NATUURBEWARING IN DIE ALGEMEEN

Die brief van 'n ontevrede lid van die publiek onder die naam "Nog moeër" is op 30 Oktober 1967 in Die Volksblad se briewekolom gepubliseer. Die persoon skryf na aanleiding van 'n ander gepubliseerde brief "Moeë verwagtings". Dit kom voor dat die persone van mening was dat daar byna nie so iets soos natuurbewaring in die Vrystaat bestaan het nie,¹⁶⁸ "afgesien van die klompie boere wat hul uiterste bes doen om sekere diere op hul plase te beskerm en natuurlik met uitsondering van Golden Gate wat onder die Nasionale Parkeraad val".¹⁶⁹ "Nog moeër" het ongelukkig gevoel weens die situasie dat die ou Summerville en destydse Willem Pretorius-wildreservaat eintlik maar net administratiewe "skietplase" was.

Dit blyk dat hy ongelukkig was dat blesbokke en springbokke uitgeskiet is, in stede daarvan dat lewende wild weer gereedlik aan boere beskikbaar gestel is, waarvoor daar 'n waglys was. Volgens hom was daar "van ware natuurbewaring" in die Willem Pretorius-wildreservaat, "nie veel sprake nie".

165. Ibid., p. 86.

166. Ibid.

167. Ibid.

168. Die Volksblad, Briewekolom, 30.10.67.

169. Ibid.

"Nog moeër" was veral ontevrede met die agterstand wat die Vrystaat in vergelyking met die ander provinsies op die natuurbewaringsgebied gehad het.¹⁷⁰ Hy vra: "Waarom is die Vrystaat agter? Ons leef in 'n eeu waarin natuurbewaring in alle beskaafde lande ... tot sy reg begin kom het? Hoe kan inligting oor natuurbewaring ... aan ons boere en andere beskikbaar gestel word as ons nie 'n behoorlike Departement van Natuurbewaring het, beman met deskundiges nie? Hoe kan ons provinsie navorsing doen oor sy flora en fauna as daar nie eers een opgeleide bioloog met die oog hierop ... is nie? Hoe kan ons, ons jeug bewaringsbewus maak as die volwassenes dit nie is nie?"¹⁷¹

Hy was van mening dat om 'n Vrystater te wees iets was om oor skaam te wees, gesien in die lig van die probleme deur hom uitgewys en waar "trots op ons natuurerfenisse grootliks ontbreek".¹⁷²

In die lig van die administrasie se optrede met die skepping van die Tussen-die-Riviere wild- en natuuroord, asook die omvattende en konsoliderende wetgewing oor natuurbewaring wat kort na die jagluiperd-voorval aangeneem is, blyk dit dat "Nog moeër" die Vrystaatse owerhede verkeerd getakseer het. Natuurbewaring was hul erns.

10. DIE ORDONNANSIE OP NATUURBEWARING 1969

Gedurende Oktober 1969 het die Provinsiale Raadslede hul aandag geskenk aan die voorbereiding van 'n Ontwerpordonnansie op Natuurbewaring.

In die algemene bespreking het P.L.S. Aucamp die siening van die Uitvoerende Komitee vertolk en by Du Plessis se vroeëre beskouinge aangesluit. Vanweë 'n toename in die populasie, nuwe boerderypraktyke en wetenskaplike metodes om die natuur te beheer, het die mens beheer oor die natuur oorgeneem. Die mens se verbondenheid aan die natuur en die besef daarvan, het dit genoodsaak dat aandag dringend¹⁷³ aan "die bewaring van die natuurlike omgewing - ons lug, ons water, ons plantegroei en ons dierelewe - as 'n saak van uiterste en dringende belang ...", gegee moes word.¹⁷⁴

170. Ibid.

171. Ibid.

172. Ibid.

173. PR-debatte, 14.10.69, p. 15.

174. Ibid.

Die volgende argumente is aangevoer:

die ekonomiese waarde van die natuur het bewaring genoodsaak vir die toekomsge slagte;

die kulturele waarde van die natuur vir die mens moes nie onderskat word nie - juis hieruit het die politikus en die kunstenaar hul inspirasie geput;

die natuur as bron van kennis moes beter benut word.

Dit was die dure plig van die voormalige geslag om minstens 'n gedeeltelik ongeskonde omgewing vir die toekomstige student na te laat.

Die nuwe wetgewing moes verseker dat natuurbewaring voortaan op wetenskaplike wyse in die Vrystaat bevorder word.¹⁷⁵

10.1 BEGINSELS VAN DIE NUWE ORDONNANSIE

Van die beginsels wat vir ordelike en planmatige benutting in ag geneem is, was byvoorbeeld dat die mens die natuur in sy ryke verskeidenheid moes benut. Dit moes geskied sonder dat bevatlikhede van die natuur vernietig word. Daarteenoor moes vir elke mens se behoeftes - wat byvoorbeeld geleenthede van fotografie tot visvangs sou insluit - voorsien word.

Andersins is besef dat ordelike beheer steeds besondere aandag moes geniet. Dit was nodig dat die plantegroei, waterlewe en die dierelewe op land, die lug en vis besondere beskerming geniet deur "die behoud van hele omgewings met alles daarin", in 'n samelewing wat soos dit voorkom nie altyd hiervoor voorsien het nie.

'n Groot mate van vryheid is aan die grondbesitter verleen om sy grond te benut in die wete dat die grootste gros groot natuurliefhebbers is en die natuur nie sou misbruik nie.

175. Ibid., p. 16.

Natuurbewaring sou op 'n wetenskaplike, etniese en biologiese grondslag benader word. Ordelerike beheer deur die toepassing van wetgewing sou stukrag aan dié hoë ideale verleen.¹⁷⁶ Alhoewel dit 'n spesifieke provinsiale onderneming was, het dit veel wyer gestrek en nasionale implikasies as gevolg van die unieke sentrale ligging van die Vrystaat ingehou.¹⁷⁷

Die Uitvoerende Komitee het die geleentheid aangegryp toe dit hom voorgedoen het gedurende die bou van die Verwoerddam onder die besef dat grond vir bewaringsdoeleindes al skaarser sou word. Hulle het vroegtydig besef dat hulle maar op die drumpel van groot toekomstige ontwikkeling was.

P.L.S. Aucamp het die ontwikkelingsbeleid van vakansie- en natuuroorde van die administrasie "wat natuurlik gepaard gegaan het met die beskerming van ons wild- en plantlewe, genoem in hierdie ordonnansie ..." as versiene beskou. Die beleid sou toerisme bevorder en 'n addisionele inkomste verseker en kon soos in sekere wêrelddele ook moontlik die Vrystaat se grootste bedryf word.¹⁷⁸

10.2 BESKOUINGE VAN RAADSLEDE

H.J.R. Simes, LPR (Bloemfontein-Noord) was duidelik baie ingenome met die ordonnansie. Die pionierswerk van die Uitvoerende Komitee, waarvoor groot waardering onder die publiek en Raadslede bestaan het, moes selfs met meer reservate aangevul word. Die Vrystaat moes sy eie natuurbewaringstydskrif, soos in ander provinsies kry en Natuurbewaring moes sinvol inskakel by bestaande biblioteekdienste deur byvoorbeeld spesiale uitstallings te hou. Desgelyks moes die Onderwysdepartement met sowat 80 000 leerlinge

176. Ibid., p. 17. Volgens die Natuurbewaringsverslag 31.03.71, is dié "omvattende en konsoliderende wetgewing" op 1 Januarie 1970 - Ordonnansie op Natuurbewaring (nr. 8 van 1969) in werking gestel. Hierna is aspekte wat nie doeltreffend deur wetgewing ingebou kon word nie met regulasies, proklamasies en Uitvoerende Komitee besluite aangevul.

177. PR-debatte, 14.10.69, p. 15.

178. Ibid., p. 20.

ingeskakel word by sulke uitstillings. Bewaring en benutting moes die wagwoord word.¹⁷⁹

Nog 'n Raadslid, H.S. Viljoen (Bethlehem) het sy tevredenheid te kenne gegee. 'n Nuwe bedeling is ingelei wat bevestig is deur die uiters progressiewe natuurbewaringsbegroting van die Administrateur, daar hy die vorige begroting van R70 000 meer as verdriedubbel het na R225 700. Vir Viljoen was die begroting nie net 'n teken van wat gedoen is nie, maar ook wat beplan word.¹⁸⁰

10.3 GEESDRIF VIR DIE NUWE KOMONENT VAN NATUURBEWARING

Na die eerste poging waarin 'n Komponent Natuurbewaring in 1964/65 op die been gebring is, het dit doodgeloop by die bedanking van die uitvoerende beampte. 'n Gekombineerde afdeling vir Natuurbewaring en Openbare Oorde is toe geskep. Gedurende 1967 is besluit om die voorafgaande komponente te skei, waarna op 1 April 1968 beslis is om 'n Komponent Natuurbewaring soos in sy huidige vorm, tot stand te bring.¹⁸¹

Dit blyk dat dit die regte stap was wat met die nodige entoesiasme begroet is.¹⁸² Ook het P.L.S. Aucamp die Raad meegedeel dat die nuwe komponent, nog in sy kinderskoene, reeds besig was met vis- en soogdiernavorsing. Laasgenoemde het in samewerking met die Universiteit Pretoria se soogdiernavorsingsinstituut plaasgevind. Die staatsdienskommissie het selfs oorweeg om meer vakkundiges aan te stel. Daarbenewens het die Uitvoerende Komitee reeds die programme vir toekomstige navorsingsprojekte saamgestel.¹⁸³ Die uitvoerende beampte van Natuurbewaring het dadelik ingeskakel by bykans alle instansies wat navorsing rondom die Oranjerivierprojek gedoen het. Op die wyse kon projek-oorvleueling en oorbenuwing van mannekrag voorkom word.

179. Ibid., pp. 25-26.

180. Ibid., p. 27.

181. Natuurbewaringsverslag, 31.03.71.

182. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/15/1: Die voorsitter van Oranjejag, A.M. Wessels: "n navorsingsprogram met die oog op die beheer van ongedierte en natuurbewaring kan gevolg word"; PR-debatte, 14.10.69, p. 37.

183. PR-debatte, 14.10.69, p. 34.

Om sake verder te koördineer het 'n Natuurbewaringskomitee of Adviesraad wat in 1968 aangewys is, bestaande uit kundiges met wetenskaplike kennis en ervaring vrywilliglik en gratis waardevolle leiding en diens aan die administrasie verskaf om Natuurbewaring met mening uit te bou.¹⁸⁴

Die uitleg van reservate is alleen met die grootste omsigtigheid gedoen sonder dat dit die landbou sou benadeel soos blyk uit die geval van Tussen-die-Riviere. Dit sou ook vir die toekoms geld.

Ook die regering het bewaring as van groot belang beskou en derhalwe die grond van Tussen-die-Riviere aan die administrasie beskikbaar gestel.

'n Eerste publikasie oor die plantegroei van die Willem Pretorius-wildtuin is deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur en was bestem vir publikasie voor die einde van 1969. Dit sou net die begin wees.¹⁸⁵

Van die belangrikste doelstellings van die ordonnansie was om deur wetenskaplike navorsing die nuttige en skadelike plante en diere in die natuur te beheer, en om wetenskaplike advies aan privaat eienaars van wildreservate te verskaf.¹⁸⁶ Reeds voor die sitting het Du Plessis laat blyk dat dit in die vooruitsig gestel is om dit tydens die Oktober-sitting (1969) vir 'n boer moontlik te maak om aansoek te kon doen om sy grond as 'n privaat natuurreservaat te laat verklaar.¹⁸⁷ By goedkeuring sou sodanige grond as privaat natuurreservaat in die Offisiële Koerant afgekondig word.¹⁸⁸ Die omstandighede waaronder diere in gevangenskap vir navorsingsdoeleindes aangehou is, is ook gemonitor. Dit sou, aldus P.L.S. Aucamp, onder meer nie die goeie werk van dieretuine misken nie "maar dit het tyd geword dat daar wetenskaplike beheer sal kom..."¹⁸⁹

184. Ibid., Vergelyk verslag oor werksaamhede [van Natuurbewaring] gedurende die tydperk Maart 1971 tot Maart 1972. Die Adviesraad van 1968 het waardevolle werk, veral ten opsigte van wetgewing verrig.

185. PR-debatte, 14.10.69, p. 35.

186. Ibid., pp. 35-36.

187. Vergelyk Die Volksblad, 12.09.69.

188. Ibid., 10.09.69.

189. PR-debatte, 14.10.69, p. 36.

Die nuwe Natuurbewaringsordonnansie was egter nie 'n teken dat die administrasie toe eers wakker geskrik het nie. Die voorgeskiedenis wat reeds behandel is, bewys die teendeel en Aucamp het beklemtoon dat mense nie onder 'n wanindruk moes verkeer dat daar niks gedoen is nie.¹⁹⁰ Hy was van oordeel dat die Vrystaat ten spyte van 'n klein finansiële pakket reeds wondere verrig het, sodat dit wat reeds daargestel is as toekomsbasis sou kon dien vir die hoë ideale wat Raadslede gehad het.¹⁹¹

11. DIE VENNOOTSKAPSKONSEP EN NATUURBEWARING

H.J.R. Simes, indertyd LUK belas met onder andere natuurbewaring en -oorde, reken dat die werksaamhede van die administrasie tydens die termyn van Du Plessis verbreed is. "n Sterk ontwikkelingskomponent is ingebou op 'n sterker wyse as wat voorheen die geval was. Uit hierdie benadering van Du Plessis en sy Uitvoerende Komitee van daardie tyd is gevolglik besluite geneem wat 'n neerslag op verskeie terreine gevind het. Benewens die bekende terreine soos onderwys, paaië en hospitaaldienste is daar ook aandag aan die kulturele ontwikkeling van die inwoners van die Vrystaat gegee¹⁹² (en wel die blanke inwoners, aangesien die administrasie geen bevoegdheid oor nie-blankes gehad het nie). So het die administrasie onder meer die Vrystaatse Jeugkoor tot stand gebring ..."¹⁹³

190. Vergelyk Bylae P ten opsigte van wildaanteel 1962-1972.

191. PR-debatte, 14.10.69, pp. 33 en 34. Vergelyk Bylaes O en Qi-vi ten opsigte van uittreksels uit vorderingsverslae oor [Natuurbewarings]-werksaamhede vanaf 1970 tot 1972: Dit is 'n getuienis van sinvolle en wetenskaplike vordering, gebaseer op die nuwe beslag wat aan Natuurbewaring in 1968 en deur die Natuurbewaringsordonnansie van 1969 verleen is. Dit is ook 'n getuienis van spontane samewerking tussen die amptenare, die UOVS, belangstellendes en studiegerigheid.

192. Natuurbewaring maak hiervan 'n onmiskenbare deel uit.

193. Onderhoud met H.J.R. Simes, LUK belas met Natuurbewaring, Orde en Hospitaaldienste, 12.08.87.

"Die hele konsep van die ontwikkelingstaak van provinsiale administrasie was toë gevestig en vloei dit vanselfsprekend voort dat die administrasie van daardie tyd gesê het: 'Ons is 'n ontwikkelingsvennoot van plaaslike besture, saam met die landbou. Nie net was 'n behoorlike padnetwerk van die grootste belang nie, maar daarby die bestryding van skadelike diere vir die kleinveebedryf.'"¹⁹⁴

Hierdeur het Oranjejag en die ordonnansie op honde die lig gesien. Dié ontwikkelingsgedagte het daartoe gelei dat meer aandag aan die bewaring van die natuur gegee was. So het natuurreservate ontstaan, waarvan sommige later as modelvoorbeelde ontwikkel het.

As voorbeeld dien die Natuurreservaat en Jagplaas, Tussen-die-Riviere waar tans reeds 3 800 jagters van die publiek die geleentheid gekry het om te jag. In die verband noem H.J.R. Simes die naam van dr. Lucas Potgieter, die bekende wapenkundige en jagter wat reken dat die Vrystaat die ander provinsies vyftig jaar vooruit is wat dit betref.¹⁹⁵ Waar die Vrystaat bekendheid verwerf het as 'n gebied wat besondere geleenthede vir die klein wildjagter bied, is Kobus Roux, direkteur: binnelandse toerisme van die Suid-Afrikaanse Toerismeraad, klaarblyklik oortuig dat die jagpotensiaal in die Vrystaat nog sterker uitgebou moet word met die oog op toerismereklamerings.¹⁹⁶

Tans beloop die wildstapel meer as 22 000 stuks wild op die onderskeie reservate, wat onder meer een van die twee grootste troppe buffels in Suid-Afrika,¹⁹⁷ wat vry is van bek-en-klouseer insluit. Hierdie fundamente is toe gelê, waarop voortgebou is en die nodige verfyning toegepas is. 'n Voorbeeld is onder andere die stelsel wat deur die huidige Administrateur

194. Ibid. Vergelyk hoofstuk 6.

195. Onderhoud met H.J.R. Simes, 12.08.87.

196. Die Volksblad, 23.10.87.

197. Onderhoud met H.J.R. Simes, 12.08.87. Die ander een is die Addo-natuurreservaat naby Port Elizabeth-Uitenhage in die Oos-Kaap.

Louis Botha en H.J.R. Simes uitgewerk is waardeur die name van 1 028 mense in 'n rekenaar gevoer word met 'n miljoen ewekansigheid.¹⁹⁸

Die Vrystaat moes net eenvoudig die geleentheid wat hul voorgedoen het aangryp, aangesien dit nie die pragtige natuurskoon van die ander provinsies gehad het nie. Daar moes uit verwaarloosde uitvalgrond reservate opgebou word wat van Waterwese bekom was rondom die damme wat hulle gebou het. So het die Verwoerdoord tot bykans een van die drie modernstes in Suid-Afrika ontwikkel.

Die resultaat van visnavorsing wat in daardie jare begin is, het daartoe gelei dat daar vandag 30 000 000 vis per jaar geteel word wat teruggeplaas word in die riviere en damme van die Vrystaat.¹⁹⁹

Daar bestaan geen twyfel nie, dat hierdie pragtige ontwikkelings grootliks aan Du Plessis en sy medewerkers te danke is nie. Erkenning daarvoor het nie uitgebly nie, soos blyk uit wat K. Babich, direkteur van Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die beskerming en behoud van Natuurlewe aan Du Plessis in 1967 gesê het na 'n boodskap wat die Administrateur tydens 'n kongres van die vereniging gelewer het.

Babich het na dié geleentheid gesê dat hy opnuut vir sy taak begeester was,²⁰⁰ aangesien "u vir ons hoop vir [die] natuur gee asook geesdrif om dié [sic.] wat God geskep het te bewaar. Ek kan u verseker dat u 'n baie groot indruk gelaat het by die jong Suid-Afrikaners ... teenwoordig ..."

198. Onderhoud met H.J.R. Simes, 12.08.87. Vergelyk Die Volksblad, 14.07.87: Hiervolgens is daar gedurende 1987 6 000 aansoeke ontvang, met 'n moontlikheid van 140 jagpakkette. Vergelyk ook die pryse, byvoorbeeld - steenbokke R20 stuk; elande R480. In dié jaar (1987) is daar 1 585 diere gejag by die drie Vrystaatse jagreservate. Kyk ook Die Volksblad, 23.04.87.

199. Onderhoud met H.J.R. Simes, 23.10.87. Vergelyk Bylae Qvi ten opsigte van die aanvraag na hengellisensies in die Vrystaat teenoor byvoorbeeld die Transvaal.

200. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/13/1.

"U kennis van wildelewe en natuur het baie laat opmerk dat die ... Vry 'staat [sic.] baie gelukkig is om so 'n man ... as Administrateur ... te hê."²⁰¹

201. Ibid., K. Babich - Du Plessis, 13.06.67. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/5/2. Landbou Tegniese Dienste-brief aan die Administrateur, 27.01.69, nadat Du Plessis en die administrasie besondere inisiatief tydens die "Fees van die Grond" aan die dag gelê het. As blyk van waardering is 'n skildjie aan Du Plessis oorhandig; Vide supra p. 343 - dank en waardering vir die leiding wat van 'n welmenende Administrateur uitgegaan het.

HOOFSTUK 8

DU PLESSIS 'N MAN VAN VELE TALENTE

Sand du Plessis was 'n veelsydige administrateur oftewel bestuurder van sy provinsie. Onder sy leiding het 'n nuwe waardesisteem in die Vrystaat posgevat. Vele grondslae vir 'n moderne Vrystaat is toe gelê.

Die studie oor die ontwikkelingsgeskiedenis van die Vrystaat onder leiding van Sand du Plessis verdien spesiale verwysing met betrekking tot die bevordering van kultuur in die Vrystaat in dié era. Dit blyk gepas te wees om die aspek in die slothoofstuk - hoewel reeds sydelings hierna verwys is - aan te raak.¹ Dié aspek beklemtoon juis die veelsydigheid van Du Plessis en beeld hom waarskynlik ten beste as mens uit. Vanuit hierdie hoek word ook gemaklik aansluiting gevind by 'n tydgenootlike evaluering van Du Plessis.²

Ter inligting van die leser moet dit duidelik gestel word dat die bevordering van kultuur (1959-1969) nie een van die hoofaspekte van die provinsiale regering uitmaak nie. Dit het dus bygedra dat minder aandag hieraan gegee word. Daar is reeds 'n verhandeling oor die Vrystaatse Jeugkoor geskryf.³ Nietemin lê die volledige geskiedenis van SUKOV'S nog braak.

8.1 SUKOV'S

In die onderbou van die pligte van die provinsiale regering van die voormelde era het die uitvoerende kunste beslis meer as die gewone aandag geniet soos deur Dirkie de Villiers hieronder beklemtoon.

De Villiers slaan die werk en persoonlikhede van die Vrystaatse Administrateurs vanaf omstreeks die vyftigerjare baie hoog aan as "'n ongeskonde ry" wat almal kultuurbewus was met 'n ope hand ten spyte van

1. *Vida infra*, H.J.R. Simes, p. 363.

2. *Vide infra*, p. 364.

3. Vergelyk Huibrecht Verster, "Die Vrystaatse Jeugkoor: 'n Historiese, Evaluerende en Vergelykende Ondersoek". Magister Artium (Musicae), Mei 1987.

karige finansies, "maar die een man wat meer as enigeen in hierdie verband gedoen het - en hulle gaan my almal vergewe as ek dit sê, was ongetwyfeld mnr. Sand du Plessis".⁴

Toe die Nasionale Toneelorganisasie (NTO) in 1963 doodgeloop het, was die oënskynlike gedagte dat die twee groter provinsies, die Transvaal en Kaapland streeksrade vir die uitvoerende kunste moes kry. Nogtans het Sand du Plessis vir die Vrystaat in die bres getree en volgens hom het hy "dit onmiddellik met die Uitvoerende Komitee bespreek en ons het besluit dat ons alles in die stryd gaan werp om ook ons eie uitvoerende kunste-organisasie hier te kry".⁵

In die verband skryf dr. W.D. Kotzé dat die oud-Administrateur se leiding op die gebied van die uitvoerende kunste 'n belangrike bydrae was wat "SUKOVS en die ander provinsies se onderskeie rade tot gevolg gehad het".⁶

Die voorafgaande verbaas eintlik nie daar Du Plessis en sy eggenote - soos reeds uitgewys - 'n jarelange verbintenis met die teaterlewe van Bloemfontein gehad het. Noemenswaardig is dat die stadskouburg van Bloemfontein volgens Schalk Theron - 'n voormalige direkteur van SUKOVS - die eerste van sy soort in Suid-Afrika was. Theron wat 'n jarelange verbintenis met die Du Plessis's gehad het, sê dat hy "n baie goeie indruk gekry het" van die wil van die egpaar om uitvoerende kunste in die Vrystaat te bevorder.⁷

As leiersfigure op die gebied - Martie du Plessis was die voorsitster van die Teatergroep (in Bloemfontein) - het hulle 'n probleem gehad om geskikte lokale vir repetisies te bekom. Reeds toe het Du Plessis iets aan die saak probeer doen en selfs 'n ou gebou vir die doel gekoop, aldus Theron.

'n Ander groot probleem luidens laasgenoemde was dat Bloemfontein nie groot en omvangryke operas kon aanbied nie. Later sou Welkom, Bloemfontein die provinsiale hoofstad hier voorgaan.⁸

4. Onderhoud met D.I.C. de Villiers, 15.11.86.

5. Ineg-klankargief: K903/2, Onderhoud H.C. Jones - J.W.J.C. du Plessis, 22.01.87.

6. Dr. W.D. Kotzé - P.J.P. du Plessis, 24.07.87.

7. S. Theron - P.J.P. du Plessis, 07.08.87.

8. Ibid.

Op 7 Februarie 1963 kon die Vrystaat en Bloemfontein daadwerklik begin optree om die uitvoerende kunste in die provinsie uit te bou toe die eerste vergadering van die Streeksraad vir Uitvoerende Kunste vir die Oranje-Vrystaat plaasgevind het.⁹ Weens 'n tekort aan finansies is aanvanklik hoofsaaklik aandag aan twee fasette, naamlik musiek en toneel, gegee.¹⁰

Du Plessis - jarelange voorsitter van SUKOVVS - het dit van die begin af duidelik gestel dat die platteland geensins afgeskeep moes word nie.¹¹ Hul vertroude moes gewen word nadat - soos dit voorkom - die plattelandse publiek voorheen deur privaat toneelgeselskappe uitgebuit is: aanbiedings moes van hoogstaande gehalte wees en pryse so laag as moontlik. Dit was van belang dat die volle steun van die Vrystaatse Munisipale Vereniging verkry word.¹²

8.1.1 DIE GEVOLGE VAN 'N GESONDE ADMINISTRASIE VAN SUKOVVS

Binne die bestek van die eerste jaar is die volgende afgehandel: 'n eie reglement is opgestel; die provinsie as streek is in nege kleiner streke verdeel wat elk deur 'n plaaslike komitee beheer is; 'n voltydse direkteur, Rex Hugo, en twee organiseerders is aangestel; die nodige akkommodasiegeriewe is bekom en 'n stadskoor is in Bloemfontein op die been gebring.¹³

9. Notule van die Streeksraad Uitvoerende Kunste O.V.S., 07.02.63. Vergelyk Streeksraad Uitvoerende Kunste Oranje-Vrystaat [SUKOVVS]. Sy ontstaan en 'n rekord van sy aktiwiteite, s.d., p. 3. [Hierna vermeld as SUKOVVS-inligtingstuk]. Hiervolgens is 'n eerste vergadering reeds op 18.04.62 onder leiding van die Administrateur met verteenwoordigers van die vier uitvoerende kunste gehou wat ten doel gehad het om 'n verteenwoordigende streekkomitee vir die Vrystaat in te stel.
10. Die Volksblad, 18.10.62; 22.10.62 en 31.10.62. Blykens die SUKOVVS-inligtingstuk, p. 7 en p. 8 het die eerste vergadering van die Balletkomitee op 08.08.63 en die van die Operakomitee op 08.04.64 plaasgevind.
11. Vergelyk Notule van die Streeksraad Uitvoerende Kunste O.V.S., 20.03.63; Die Volksblad, 18 en 22.10.62.
12. Vergelyk Die Volksblad, 22 en 31.10.62 en PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versameling, Lëer 1/22/1.
13. The Friend, 06.02.64.

Die pogings van die Streeksraad van Uitvoerende Kunste is met entoesiasme en waardering deur The Friend ontvang: "For the first time many of us can can [sic.] remember officialdom is on the side of culture. There is no doubt that the unremitting personal enthusiasm of the Administrator of the Free State, Mr. J.W. du Plessis has been an important factor in ensuring public confidence and interest in P.A.C.O.F.S. (Performing Arts Council of the Orange Free State)".¹⁴

Getrou aan sy aard het Du Plessis ook hier sy volle gewig ingegooi: "Mr. Du Plessis has spent endless hours and patience attending meetings personally to listen to pioneering difficulties and to make his contribution in reconciling cultural dreams with financial reality".¹⁵

Te oordeel aan die notules van SUKOVVS is die Administrateur gerugsteun deur ywerige manne en vroue wat die organisasie met die nodige entoesiasme uitgebou het.¹⁶ Skygbaar was die stoutse verwagtinge reeds binne twee jaar oortref.¹⁷

Gedurende die eerste jaar van die bestaan van SUKOVVS waarin elf produksies, vyf-en-sestig uitvoerings met 'n bywoningsyfer van 19 995 mense aangebied is, het dit in 1964 "opgeskiet" tot dertig produksies, tweehonderd ses-en-dertig uitvoerings en 'n bywoningsyfer van 60 955. Sedertdien het dit steeds verbeter. Reeds in 1967 is onder meer vierhonderd nege-en-tagtig uitvoerings met 'n bywoningsyfer van 130 003 aangebied. Gedurende 1969 is vyf-en-dertig produksies, vyfhonderd sewe-en-twintig uitvoerings met 'n bywoningsyfer van 131 575 aangebied. Tans (1987/88) beloop dit op sowat nege-en-sewentig produksies, vyfhonderd-en-elf uitvoerings en 'n bywoningsyfer van 191 979 per jaar.¹⁸

14. Ibid.

15. Ibid.

16. Vergelyk Notule van die Streeksraad Uitvoerende Komitee O.V.S., 20.11.67.

17. Ibid., 28.04.65.

18. Vergelyk SUKOVVS-jaarverslae 1963 tot 1987/88 - soos verkry uit telefoniese onderhoud; Notule van die Streeksraad Uitvoerende Kunste O.V.S., p. 76.

8.2 DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR

Die welbekende Vrystaatse Jeugkoor - wat nes SUKOVŠ tot dusver 'n groot sukses was - het volgens die pionierstigter van die koor, Dirkie de Villiers, sy ontstaan direk te danke aan die bemiddeling van Sand du Plessis gehad.

Hiervan vertel De Villiers dat die groot dag ten opsigte van die Vrystaatse Jeugkoor in September 1964 aangebreek het. Die Administrateur het die direkteur van Onderwys, E.E. van Kerken en eersgenoemde, die senior inspekteur van musiek in die Vrystaat, na sy kantoor ontbied.¹⁹ Hier is die groot vraag deur Du Plessis gestel: "Wat word ampshalwe in die Vrystaat gedoen om die begaafde hoërskoolkind wat begaafd is ten opsigte van koorsang se talent te beloon soos wat die geval was met die Cravenweek [vir Rugby],"²⁰ atletiek en ander sportsoorte?²¹

Hierop het De Villiers geantwoord: "Behalwe dat daar kunswedstryde is, dat sangfeeste gereël word, dat daar skoolkonserte is, dat kore in kerke sing, af en toe uitsaai is daar niks wat georganiseer op provinsiale vlak geskied nie."²² Toe stel Du Plessis die groot vraag aldus eersgenoemde: "Maar kan dit gedoen word?"²³ De Villiers het die moontlikheid aangegryp en dit as wenslik beskou, gesien teen die agtergrond van rugby waar die beste vyftiental uit die verskillende Vrystaatse skole saamgestel word.²⁴

Die meeste skole in die provinsie het 'n koor gehad. Daaruit kon die bestes geselekteer en "in 'n geheel saamgesmee", word. Vir Du Plessis was dit geen probleem om toe te sien dat 'n derde inspekteur aangestel sou word sodat De Villiers in staat gestel kon word om die nodige aandag aan die stigtingswerk vir die Jeugkoor te skenk nie.²⁵

19. Onderhoud met D.I.C. de Villiers, 15.11.86.

20. Ibid.

21. Ibid.

22. Ibid.

23. Ibid.

24. Ibid.

25. Ibid. Vergelyk K903/2, Onderhoud.

De Villiers eer Du Plessis as die inisieerder van die idee en "daarom is oom Sand so belangrik". Die Vrystaat was die heel eerste provinsie wat toe 'n amptelik gesubsidieerde jeugkoor in Suid-Afrika gehad het wat einde Maart 1965 sy eerste uitvoering in die Rooidakskool van Boshof gegee het. Deur die persoonlike belangstelling van die Vrystaatse Administrateur kon die Vrystaat daardeur die tyd vooruitloop, andersins sou dit jare gekos het, luidens De Villiers. In 1967 het Natal onder leiding van sy Administrateur, Theo Gerdener, en later Suidwes-Afrika en toe nog andere dié voorbeeld gevolg.²⁶

Die groeiende kulturele belangstelling van Sand du Plessis - bekend as sakeman en politikus - skynbaar aanvanklik geïnspireer deur sy eggenote, het mense verbaas. Daarby het Du Plessis "n volle kultuurmens geword" wat veel vir die Vrystaat beteken het. In sy later jare (vergelyk 1963) het Du Plessis self die voortou geneem, in die verband en sê De Villiers "Ons was altyd bewus daarvan dat ons 'n Administrateur het wat kultureel ingestel is".²⁷ Daardeur is nie net aandag aan die Jeugkoor en SUKOVs as groot organisasie gegee nie, maar met die hulp van Du Plessis is die blaasorkesinstrument-onderrig (nie skoolkadet-orkeste nie) van meet af sterk uitgebou.²⁸

So is die kiem, volgens De Villiers, gelê "van dit wat vandag in 'n magtige organisasie ontwikkel het - sodat hier 'n musiek- en balletskool is, hier geordende orkesonderrig is van alle instrumente van die simfonie-orkes, en dat Bloemfontein in die loop van twintig jaar wat die volle program aan die gang is soveel as vyfhonderd kinders en jongmense het wat opleiding ontvang in goeie musiekinstrumente afgesien van die klavier. Verder lewer ons jong orkesmusikante vir die SAUK Nasionale Simfonie-orkes vir die Durbanse Filharmoniese-orkes en die Kaapstadse Simfonie-orkes. Dit is ongelooflik wat hierdie provinsie met sy klein bevolking en sy bietjie finansies gedoen het ten opsigte van kultuur. En ek wil dit terugvoer na daardie man wat self geen musiekopleiding gehad het nie - maar wat gedronge was, J.W.J.C. (Sand) du Plessis".²⁹

26. Onderhoud met D.I.C. de Villiers, 15.11.86.

27. Ibid.

28. Ibid.

29. Ibid.

8.3 DIE SAND DU PLESSIS-TEATER

Gedurende November 1968 het Du Plessis bekend gemaak dat die Uitvoerende Komitee die moontlikheid vir die oprigting van 'n teater - toe nog 'n operahuis - sou ondersoek. Dit blyk dat Du Plessis - as inisierder van die idee - gevoel het dat die tyd aangebreek het dat die Vrystaat 'n teater moes kry.³⁰ Bekend vir sy visie, wil dit voorkom dat Du Plessis toe al reeds voorsien het - te oordeel aan die voormelde ontwikkelingslyn wat die uitvoerende kunste ingeslaan het³¹ - wat die uiteindelijke behoefte van vandag kon wees.³²

Dr. J. de Beer kom met 'n belangrike aspek vorendag wat aansluiting vind by bogenoemde: Vir dr. De Beer was die hospitaal 'n groot ontwikkeling "maar jou kultuurfasiliteite is 'n ding wat mense ontwikkel en dis daardie erfenis wat so belangrik is".³³ Waar Sand du Plessis "daardie onverskrokke

-
30. Die Volksblad, 27.11.68. Vergelyk Debatte van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 25.02.69, p. 208; Die Volksblad, 26.02.69; Onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87.
31. Vergelyk die bywoningsyfers ten opsigte van SUKOV'S se produksies so vroeg as 1967 tot 1969 wat nie soveel minder is as die huidige nie. Vide supra p. 358.
32. Vergelyk Die Volksblad, 26.02.69 en PR-debatte, 25.02.69, p. 208; Onderhoud Eben Niemand - Hans van Heerden (Rolvertolker van Johann Strauss Senior in The Great Waltz), Radio Oranje, 11.10.87. Volgens laasgenoemde is die Suid-Afrikaanse opset vandag heel anders as in die verlede vanweë die aandag wat aan teaters dwarsoor die land gegee is en geniet die Suid-Afrikaanse publiek net die beste. Opera word vandag in sy werklike vorm gesien soos dit al die jare in Europa aangebied is.
33. Onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87.

oortuiging gehad het dat hy reg is," was die teendeel ook waar "Ek dink baie mense het daar omgedraai in hul spore, wat hul denke betref".³⁴

Min hoef gesê te word oor die kritiek wat nog tot onlangs oor die teater uitgespreek is. Vandag is daar net waardering vir die dienste wat deur die teater gebied word.³⁵

Alle eer kom Du Plessis toe, wat na die voltooiing van die Verwoerdgebou aldus dr. De Beer, gesê het: "Nou begin ons met ons volgende projek, ons kan nie die kultuurerfenis van die Vrystaat vergeet nie. Ons kan nie nalaat om die hedendaagse kultuur in die Vrystaat te vergeet nie".

Op sigself blyk dit 'n onverskrokke daad te gewees het aangesien kritiek van buite kon wees dat die klein Vrystaat wat in elk geval niks van 'n "La Traviata" geweet het nie, te hoog vlieg.³⁶

T.D. Potgieter bestempel Du Plessis sonder twyfel as "n kultuurmens, hy het nie net sand verkoop nie. Hy is sonder twyfel 'n dinamiese mens gewees".³⁷

34. Ibid. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Toespraak tydens die ingebruikneming van die Sand du Plessis-teater, 01.08.85. Hiertydens het Du Plessis gesê: "In 'n saak soos hierdie kan 'n mens nie altyd diplomaties wees nie Soms is jy verplig om juis dit te doen om 'n saak te bevorder. Jou verantwoordelikheid eis dit van jou, om soms 'n ontleedmes te gebruik, al gaan dit ook wonde veroorsaak".

35. In die lig van die aanvanklike ontevredenheid van die teater is die woorde van Du Plessis van destyds vandag van besondere betekenis: "Bloemfontein is 'n onderwys- en kultuursentrum. Daarom is 'n operahuis nodig. Baie mense is geneig om te klein te dink omdat hulle nie genoeg visie het nie. Deur so 'n onderneming uit te stel, kan dit 'n mens net meer geld uit die sak jaag, want later kos dit meer Niks verhoed dat streeksteaters tot stand kom nie". Die Volksblad, 26.02.69. Vergelyk ook TV 1 - Netwerk, 04.10.87. Binne drie dae is 16 500 kaartjies vir die opvoering "The Great Waltz" uitverkoop.

36. Onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87.

37. Onderhoud met T.D. Potgieter, 05.05.87.

Die teater is weliswaar nie in die era van Du Plessis gebou nie, maar die daadwerklike beplanning het toe begin.³⁸ Du Plessis, as die dinamiese dryfkrag hieragter, het die vereiste gestel dat die kompleks nie vir 'n paar jaar gebou moes word nie, maar vir baie jare.³⁹

Ten tye van die inwyding van die Sand du Plessis-teater op 1 Augustus 1985 het H.J.R. Simes, LUK in sy huldeblyk erkenning aan Du Plessis vir sy dryfkrag verleen. Na die uittrede van laasgenoemde is die aangeleentheid deur vier ander Administrateurs en hul Uitvoerende Komitees hanteer, "maar die Vrystaters huldig mnr. J.W. du Plessis as die vader van die gedagte en as die Administrateur wat met groot erns daarop aangedring het dat die Vrystaat ook 'n doelmatige teaterkompleks moet kry".⁴⁰ en "Uit erkentlikheid vir mnr. Du Plessis se waardevolle dienste op baie terreine, maar veral die kultuurgebied, het die Uitvoerende Komitee in 1969 besluit om die beplande teater na hom te vernoem. Met hierdie praggebou, die Sand du Plessis-teater, bring die Vrystaat hulde aan 'n leier met visie en hoë ideale, maar daarby ook die vermoë om aan sy ideale in die praktyk gestalte te gee. Die Sand is een so 'n ideaal wat verwesenlik is."⁴¹

-
38. Vergelyk Die Volksblad, 12.10.69, ten opsigte van die studiegroep wat oorsee vertrek het om die jongste ontwikkelinge en praktyke in Europa omtrent operahuse en stadskouburge te bestudeer. Vide supra p. 204.
39. Vergelyk onderhoude.
40. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: H.J.R. Simes, LUK - huldeblyk J.W. (Sand) du Plessis, inwyding Sand du Plessis-teater, 01.08.85.
41. Ibid. Vide infra erkentlikheidsbrief van vooraanstaande Afrikaners - Sy Edele, J.W. du Plessis, Administrateur van die Oranje-Vrystaat, 1959-1969, s.d.. Luidens J.S. van Niekerk - wat oor 'n afskrif - sonder handtekeninge - van die betrokke brief beskik, is die oorspronklike brief mede-onderteken deur "baie ander vooraanstaande Afrikaners", waaronder enkeles soos dr. A.J. Minnaar; Piet Odendaal; Piet Aucamp; Danie Pienaar; Johan Faure; W.J. Odendaal; prof. Herman Strauss; Fanie Naudé

8.4 'N TYDGENOOTLIKE WAARDERING VAN DU PLESSIS SE ROL AS ADMINISTRATEUR

Du Plessis was 'n groot voorstaander van die mobilisering van kundigheid tot voordeel van die Vrystaat. Met 'n tikkie selfspot het hy homself egter as "die boerklong met praktiese ervaring" gekonstrasteer met die kenners van die boekgeleerdheid.⁴² Akademici soos prof. P.C. Fourie, het Du Plessis nietemin beskou as 'n man wat bo-gemiddelde insigte aan die dag gelê het.

Du Plessis se benadering was dat die Vrystaat in die kortste moontlike tyd op die mees ekonomiese wyse ontwikkel moes word, en dit het vir die volle spektrum van moontlikhede en terreine gegeld. Hierdie benadering van die Administrateur het inhoud gehad. Waar regeringslui soms gereken het dat hy partymaal buite die tradisionele terrein van 'n Administrateur beweeg het, het hy na die mening van prof. Fourie voortgegaan om die Vrystaat al meer uit te bou.⁴³ Waar Du Plessis met 'n totale vernuwingsoriëntasie die tradisionele funksies van die provinsiale administrasie verruim het, is dit verstaanbaar dat hy somtyds met ministers kon verskil het.

Sy leiding op die gebied van toerisme was Pretoria ver vooruit. Daarteenoor het hy die BOAR tot stand gebring. Dit was vir die Vrystaat, 'n landbougeoriënteerde provinsie, vreemd. Boonop het hy die plaaslike besture op allerlei maniere begin aanspoor tot die verbreding van hul tradisionele rolvertolking.⁴⁴ Na die mening van prof. Fourie leef hierdie ingesteldheid steeds voort in die Vrystaat.

Prof. Fourie bevestig dat Du Plessis met groot sorg te werk gegaan het om sy nuwe ontwikkelingsingesteldheid te vestig. Hiervan lewer die toesprake wat Du Plessis gehou het genoegsame bewys - vir 'n ieder en 'n elk het hy 'n boodskap gehad. Die sterk ontwikkelingsingesteldheid van die moderne tyd was in daardie tydsgewrig nog iets seldsaams.

42. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87.

43. Ibid.

44. Ibid. Vergelyk Die Volksblad, 10.04.68. Ter wille van doeltreffende funksionering het die Uitvoerende Komitee ondersoek na die plaaslike regeringstelsel laat instel. Die gevolg was Provinsiale wetgewing ter bevordering van groter doeltreffende diensverrigting deur plaaslike besture.

Dit het by Fourie die behoefte laat ontstaan om in 'n stadium by wyse van 'n artikel aan te toon in watter mate die beskouinge van die Vrystaters verander het. Hierin het hy ook aangetoon wie na sy mening 'n noemenswaardige rol gespeel het om die Vrystaters se opvattinge rondom ontwikkeling te verander - "Mnr. du Plessis".⁴⁵ Die Nywerheidsimposium wat op aandrang van die Administrateur-in-Rade in 1966 te Bloemfontein aangebied is, het 'n groot aantal Vrystaters se belangstelling gewek. Selfs van die kleinste dorpie se inwoners was teenwoordig. Dit het die gasspreker, minister Jan Haak, verbaas. Die dorpie het dit nietemin aanvaar dat daar nie direkte ontwikkelings vir hulle in die vooruitsig was nie, maar hulle moes in die gees van die vergadering deel.

Prof. Fourie reken dit was te wyte aan die gees wat Du Plessis onder mense aangewakker het dat dit oënskynlik nie saak gemaak het dat nywerheidsontwikkeling byvoorbeeld net in Bloemfontein, Welkom en Sasolburg sou plaasvind nie. Dit is aanvaar as in belang van die Vrystaat. En daarom was hulle daar. Volgens prof. Fourie kon minister Haak dit byna net nie glo nie. Dieselfde gesindheid was ook merkbaar in die Provinsiale Raad, die breek gemeenskap en in die steun wat prof. Fourie en die BOAR in dié verband van die media verkry het.⁴⁶

Uit die navorsing het die indruk soms ontstaan dat die koerante feitlik daaglik op Du Plessis se spoor "iewers die Vrystaat in" was. Dit is inderdaad byna vreemd as daar in die koerantstudie van of The Friend of Die Volksblad, nie minstens wekeliks iets van Du Plessis gevind word, waar hy besig was met aansporingsmaatreëls nie; hetsy op nywerheids-, plaaslike bestuurs-, administrasie-, landbou-, of selfs volksgebied.⁴⁷

45. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87. Vergelyk Die Volksblad, Maak Vrystaat modelprovinsie, 02.01.69. Du Plessis het hom in hierdie Nuwejaarsboodskap as volg uitgelat: "Die steeds groter wordende ontwikkelingsbewustheid kan beskou word as een van die noodsaaklikste vereistes waaraan voldoen moet word om vir ons self 'n toekoms te kan bou".
46. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87; Vide infra, p. 372.
47. Vergelyk PR-debatte, 14.06.68, p. 313. Vir die voorafgaande jaar tot 31 Maart 1968 het die Administrateur 45 290 km in die Vrystaat afgeleë, waarvan hy drie-en-tagtig verskillende funksies bygewoon het. Vide supra voetnoot 105, p. 172.

Du Plessis het in die oë van baie Vrystaters die simbool geword van 'n nuwe hoop vir ontwikkeling in die Vrystaat.⁴⁸ Daarom reken prof. Fourie: "Ek glo dat ek dit reg lees en onthou, naamlik dat hy daardie tyd die simbool geword het van hoop vir die toeskouers op veelvuldige terreine [vir] 'n verbetering van wat is".⁴⁹ Prof. Fourie huldig Du Plessis as Administrateur - wat soos ook in dié werk telkens na vore gekom het - 'n buitengewone aanvoeling vir die verbetering en verhoging van gehalte gehad het. Deur so 'n beleid te volg kon aangesluit word by die ideaal van die uitbouing van 'n modelprovinsie, soos Du Plessis dit bevestig het tydens sy uittree-rede in die Provinsiale Raad op 16 Oktober 1969. Prof. Fourie plaas in die geheel 'n hoë premie op hierdie rede en is van mening dat dit met die grootste sorgvuldigheid bestudeer moet word wanneer dit gelees word.⁵⁰ Nadat die soeklig op die volle termyn van Du Plessis geval het, blyk hierdie beskouing 'n besondere betekenis te hê. Dit gee die hele ontwikkelingslyn, ideale en uitbouingsgedagte van Du Plessis weer in 'n neutedop. Onderliggend is daar ook die tekens van die dieper versugtinge na geestelike waardes waarneembaar.

Wat beplanning betref, het Du Plessis as volg afgesluit:⁵¹ "Danksy die bydrae van vele individue en ander instansies kan ons die tuig neerlê met dié wete dat daar fundamente gelê is waarop met groot vrug in die toekoms gebou sal kan word. Om te beplan is om te skep; om te bou is om te lewe."⁵² Laasgenoemde het hy ook dikwels op soortgelyke wyse in aanmoedigingsboodskappe gebruik. Die woordjies: beplan, skep, bou, lewe in hul chronologiese sinsverband gewortel in Christus, beliggaam Sand du Plessis.

-
48. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87. Vide supra A. Weeber, LPR, Odendaalsrus p. 249.
49. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87.
50. Ibid. Vergelyk PR-debatte, 16.10.69, p. 112. e.v. Dit blyk dat die bondige Nuwejaarsboodskap (vergelyk voetnoot 45) van Du Plessis vir 1969 van ewe groot belang is.
51. PR-debatte, 16.10.69, p. 113.
52. Ibid. Du Plessis was 'n Administrateur wat waardering getoon het vir goeie werk deur sy personeel gedoen. Gedurende 1967 het dit byvoorbeeld nie sy oog ontglip dat personeel soms tot middernag gewerk het nie. Vergelyk PR-debatte, 24.02.67, p. 154.

By geleentheid het Du Plessis in die Raad die vergelyking getref dat 'n lentetyd vir die Vrystaat aangebreek het.⁵³ Dit skyn steeds vir hom die simbool van lewe en nuwe dinge te wees: "Dit laat 'n mens altyd dink aan 'n nuwe lewe. Ek voel altyd lente is die begin van so baie nuwe dinge, nie net in die natuur nie, maar ook geestelik".⁵⁴ Vandag is hierdie woorde waarskynlik ruimtelik beperk. Toe hy Administrateur was, is dit baie wyd vertolk en afgesien van al die fisiese uitbouingsprojekte, is almal dit eens dat hy en sy eggenote in aansluiting by die gedagte van geestelike nuwe dinge, by wyse van hul bydrae tot SUKOV'S, die Vrystaatse Jeugkoor, skoolsang en musiek en die teater 'n reuse bydrae gemaak het, bo en behalwe monumente soos die Lettie Fouché en Martie du Plessis-skole. Daarbenewens het Du Plessis intens belang gestel in die Dr. Böhmer-skool, en dit blyk dat hierdie kinders van voormelde skole - aldus die getuienis van ander en die geestelike ingesteldheid van 'n Administrateur - net die beste moes geniet.⁵⁵ Derhalwe blyk die beskouing van prof. Fourie wat hom huldig as iemand wat altyd nuwe idees soos oopgaande blomknoppe gehad het, in die kol te wees.⁵⁶

Prof. Fourie beweer dat die administrasie van Du Plessis toe reeds die geheelbeeld van totale (makro) ontwikkeling voor oë gehou het. Instandhouding het net so 'n belangrike rol gespeel soos die aandag wat gegee is aan ontwikkelingspotensiaal en soos reeds aangetoon, is die infrastruktuur en die instandhouding van klein dorpe net so belangrik geag as die van groter komplekse.⁵⁷

Dit blyk baie duidelik dat prof. Fourie, soos onder andere Dirkie de Villiers, in die besonder 'n baie hoë waardering het vir die kulturele uitbouing wat onder Du Plessis se hand plaasgevind het.⁵⁸ In sy beoordeling

53. Die Volksblad, 25.05.65.

54. Bylae tot Die Volksblad, 31.08.87.

55. Vergelyk onderhoud met D.I.C. de Villiers (musiek), 15.11.86; J.S. van Niekerk (skole), 29.04.87; korrespondensie met Schalk Theron (SUKOV'S); S. Theron - P.J.P. du Plessis, 07.08.87. Ons Stad Bloemfontein, 19.11.87. Die swembad by Ons Kinderhuis is grootliks deur bemiddeling van oud-Administrateur Sand du Plessis gebou.

56. Vergelyk onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87.

57. Ibid.

58. Ibid. Onderhoud met D.I.C. de Villiers, 15.11.86.

van Du Plessis reken prof. Fourie dat hierdie belangstelling iets besonders toon van die inbors van die man.⁵⁹

Alles in ag genome, kan die ontwikkelingsgedagte of motief agter Oranjejag en die stukrag wat Du Plessis daaraan verleen het, nie meer betwyfel word nie. Tog is daar baie stof oor hierdie projek opgeskop. Prof. Fourie oordeel: "Oranjejag het hom 'n harde stamp gegee, ... maar hierdie klein jakkalsies is iets waarmee 'n mens maar net moet saamleef".⁶⁰ Dit is deel van die openbare lewe.⁶¹

Sand du Plessis was 'n uitgesproke man en volgens mense wat sterk van hom verskil het, dalk nie altyd so diplomaties nie. Du Plessis was in die woorde van prof. Fourie, 'n "no nonsense man, maar baie hartlik",⁶² en volgens dr. De Beer "sonder politieke tierlantyntjies".⁶³ Terselfdertyd het min mense geweet van sy versugtinge en teleurstellings. Prof. Fourie skryf dit daaraan toe dat Du Plessis dit waarskynlik alleen in 'n baie beperkte kring bespreek het.

Soos alle ander getuies reken prof. Fourie dat Du Plessis 'n byna grenslose lojaliteit by mense aangewakker het. Sy teenwoordigheid van gees kon in die atmosfeer van die Verwoerdgebou aangevoel word.⁶⁴

-
59. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87. Vergelyk onderhoud met D.I.C. de Villiers, 15.11.86.
60. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87; Vide supra p. 196, T.D. Potgieter.
61. Vergelyk onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87 en die bedankingswoord van die Eerste Minister, adv. B.J. Vorster aan Du Plessis. Die Volksblad, 18.10.69; Vide supra pp. 290, 297 en 310.
62. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87.
63. Onderhoud met dr. J. de Beer, 15.07.87; Vergelyk onderhoud met J.S. van Niekerk, 29.04.87.
64. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87.

Vir prof. Fourie, T.D. Potgieter, dr. J. de Beer, prof. M.C.E. van Schoor, J.S. van Niekerk, G.J. Joubert en prof. H.J. Strauss (om enkeles te noem), was dit 'n skok om te verneem dat Du Plessis nie as Administrateur sou voortgaan nie, en het hulle die hoogste waardering gekoester vir die dienste wat hy gelewer het. Vir die oorwig van hierdie persone was hy die regte man op die regte plek en tyd.⁶⁵

'n Voormalige stadsclerk van Bethulie verleen besondere betekenis hieraan:⁶⁶ "Dit is jammer dat u op hierdie stadium wat die Vrystaat u nog meer nodig het, nou wat [sic.] die Verwoerddam, potensiaal vir hierdie groot ideaal van u naamlik, Toeristebedryf vir die Vrystaat sal skep, die tuig gaan neerlê. Daar was "baie Vrystaters wat u altyd sal dankbaar bly dat u die Vrystaat op die landkaart geplaas het deurdat u 'n onwrikbare geloof in ons Provinsie het".⁶⁷ Benewens ander besondere briewe dra dié een van die Hoër Oranje Streeksontwikkelingsvereniging besondere gewig daar die ere-sekretaris, D.P. Knox, op so 'n laat stadium as Maart 1970 'n "verpligting" teenoor Du Plessis by wyse van 'n bedankingsbrief nagekom het. Selfs die optrede van Du Plessis in 1962 was nie vergete nie:⁶⁸ "Ons dink terug aan die dag 1962 toe die destydse voorsitter van die vereniging mnr. A. Coetzee in geselskap van mnr. Kosie Pansegrouw nou LV destyds nog LPR u op kantoor besoek het vir advies in verband met die ontwikkeling van die streek. Die spontane en vriendelike wyse waarop u ons ontvang het bly steeds inons [sic.] herinneringe".⁶⁹

-
65. Vergelyk gesamentlike brief van dank aan Du Plessis na sy aftrede van vooraanstaande Vrystaters, p. 374; en die afskeidsboodskappe van die presidente van die Vrystaatse Wolkwekersvereniging en die Landbou-unie, hoofstuk 6, Oranjejag.
66. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Stadsclerk van Bethulie - die Administrateur. 04.07.69.
67. Ibid.
68. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Ere-sekretaris, D.P. Knox, Hoër Oranje Streeksontwikkelingsvereniging, Aliwal-Noord, 17.03.70. Vergelyk The Friend, "OFS Administrator opens conference", 21.08.69 te Aliwal-Noord.
69. J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: Ere-sekretaris, D.P. Knox, Hoër Oranje Streeksontwikkelingsvereniging, Aliwal-Noord 17.03.70.

"Ook die waarneem van die amptelike opening van verlede jaar se jaarververgadering sal seker nog lank in Aliwal-Noord onthou word. Baie dankie ook [sic.] nogmaals daarvoor."⁷⁰

"Die bede is dan ook dat u nog lank gespaar mag bly om in belang van u provinsie asook van die Republiek die gemeenskap [te] kan dien sodra u na 'n welverdiende rus, weer daarra voel."⁷¹

Op dieselfde wyse het F.F. de W. Stockenström hom gedronge gevoel om vanuit Pretoria aan Du Plessis te skryf:⁷² "Waar dit my voorreg was om oor 'n tydperk van baie jare saam met die amptenary van die Provinsiale Administrasie in die Vrystaat, asook lede van die Raad onder u bekwame leiding, my saam met u te beywer vir die uitbouing van die Vrystaat en omliggende gebiede op ekonomiese en sosiale vlakke, is dit my 'n behoefte van die hart om 'n persoonlike woord van waardering teenoor u uit te spreek vir u daadwerklike en onselfsugtige gemoeidheid en ywer ten opsigte van hierdie groot taak".⁷³

Hierdie mense, asook ander soos proff. Felix Lategan, Flippie Groenewoud, Benedictus Kok en Dirkie de Villiers⁷⁴ was niks aan hom verskuldig nie behalwe dat hulle 'n welwillendheid teenoor hom gekcester het in dankbaarheid vir sy onvermoeide ywer, wat tereg menslik, nie altyd sonder foute was nie.

Prof. Fourie het sy standpunt so verwoord: "Elke mens het sy tekortkominge. Maar vir my as iemand wat my dertig jaar lank beywer het vir ontwikkeling hou ek hom nog voor as iemand vir wie ek hoë agting gehad het",⁷⁵ en die

70. Ibid.

71. Ibid.

72. PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lêer 1/1/3. F.F. de W. Stockenström - J.W.J.C. du Plessis, 10.07.69.

73. Ibid. Stockenström was in beide gevalle die voormalige president van eers die Vrystaatse Handelsinstituut en later dié van die Republiek.

74. Hoewel ook baie ander persone waarderende uitsprake oor Du Plessis gelewer het kon daar uiteraard nie van alle korrespondensie gebruik gemaak word nie en is selektief te werk gegaan.

75. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87.

skok het daarin gelê dat Du Plessis, as gevolg van die nuwe tydsomstandighede rondom ontwikkeling wat in Suid-Afrika posgevat het, nie daar sou wees nie. Vanweë die feit dat hy as leier binne die Administrateurskringe veel vir sy kollegas kon beteken het waar hulle "voorkeur gegee het aan ander fasette van ontwikkeling" en dalk "nêr daarin gespesialiseer het".⁷⁶

Met verwysing na die nuwe gees van ontwikkeling in Suid-Afrika het P.L.S. Aucamp, leier-LUK, Du Plessis tydens laasgenoemde se afskeid in die Raad geloof as 'n leier met gesonde insig, inisiatief, oordeel en as 'n persoon wat sorg gedra het dat die Vrystaat 'n bestendige aandeel in dié ontwikkeling kon geniet het.⁷⁷ Ook A.C. van Wyk die latere Administrateur het in sy afskeidswoord aan Du Plessis sy spyt uitgespreek dat die Vrystaat die goeie dienste van sy Administrateurspaar in daardie tydstip moes verloor en wel op daardie stadium nadat hulle soos die res van die wêreld, 'n kritieke dekade van 'n nuwe bedeling betree het. Hierdie veranderende wêreld, aldus Van Wyk, het in sy eise ook die Vrystaat nie gespaar nie.⁷⁸ Hulle was "voor die uitdaging gestel ... om onder moeilike omstandighede tred te hou ... en aan te pas ... by toenemende behoeftes en probleme. Maar die afgelope tien jaar sal beslis in die annale van die geskiedenis van die Vrystaat aangeteken staan as 'n tydperk waarin geleenthede ten volle benut was".⁷⁹

76. Ibid.

77. PR-debatte, 16.10.69, p. 106. Vergelyk P.L.S. Aucamp - artikel in Die Volksblad, Du Plessis-operahuis heet dit, 27.11.69.

78. PR-debatte, 16.10.69, p. 108.

79. Ibid. Beide Owen Horwood en G.F. v. L. Froneman, opvolg-Administrateur van Du Plessis het dit voorsien: Vergelyk J.W.J.C. du Plessis-versameling in eie besit: O. Horwood - Du Plessis, 31.08.69. "Gun my die geleentheid om u opreg geluk te wens met u skitterende prestasie as Administrateur van die Vrystaat. U sal eendag met trots kan terugdink aan wat u en mev. Du Plessis vir die Vrystaat gedoen en beteken het." G.F. v. L. Froneman - Du Plessis, 12.12.69. "Voorts wil ek u verseker dat ek my nie wil skaar by u kritici nie, maar by diegene wat opregte waardering het vir wat julle albei vir die Vrystaat gedoen het en wat julle vir die Vrystaat beteken het. Die geskiedenis sal jou kritici nog beskaamd laat staan."

Klaarblyklik het die Vrystaat toe die punt bereik dat hy die hoed vir niemand ter wêreld oor die oë hoef te trek nie.⁸⁰ In sy geestesooq het Van Wyk sekerlik die vroeëre agterstand voor hom sien afspeel.

In hierdie werk is reeds deurlopend na die nougesette pligsbesef van die Administrateur verwys. Waar prof. Fourie die mening huldig dat Du Plessis die regte man op die regte tyd was, bevestig hy sy sterk leierskap as volg:⁸¹ "Toe hy oorgeneem het was hier 'n rustige, byna klubatmosfeer. Dit gaan mos goed. Ons gaan maar net min of meer so aan. Toe het hy begin om die vuur uit die hel uit te haal".⁸² Daarbenewens bevestig prof. Fourie dat die finansiële formule ongunstig vir die Vrystaat was en dat dit in Du Plessis se tyd reggestel is. Hiervoor het Du Plessis na al die driewe en vol riviere uiteindelik veel lof van die Provinsiale Raadslede ontvang. Vanweë 'n gebrek aan ruimte kan dit nie verder gevoer word nie en word die leser verwys na Raadslede se beskouinge, direk na afloop van Du Plessis se openingsrede in Februarie 1969.⁸³ Sommige gedagtes is werklik noemenswaardig: Hulle was trots op die goeie werk wat Du Plessis en sy Uitvoerende Komitee gelewer het; hulle het kennis geneem van die gebalanseerdheid daarvan en die hoop uitgespreek dat die pers ook kennis daarvan sou neem; hulle het erken dat die Vrystaat op elke terrein sy deeltjie gekry het; hulle was soms bekommerd op die platteland oor baie ou dingetjies wat die probleme wat voorgekom het kon intensifiseer, maar het altyd 'n simpatieke oor gehad; hulle was dankbaar vir goeie paaie, hospitale, oorde, SUKOVs, die BOAR se voorligting en prof. P.C. Fourie se leiding as voorligter; hulle het nie nodig gehad om na ander om hulp te kyk nie, aangesien hul eie mense daarvoor gesorg het.⁸⁴

A.C. van Wyk, het 'n soortgelyke waarneming in sy toespraak by Du Plessis se uittrede gemaak:⁸⁵ "Die Vrystaat is aan die beweeg. Maar, dit wat vermag

80. PR-debatte, 16.10.69, p. 108.

81. Onderhoud met prof. P.C. Fourie, 27.04.87.

82. Ibid.

83. PR-debatte, 20.02.69, pp. 78-101. Vide supra pp. 55 en 191.

84. Vergelyk PR-debatte, 20.02.69, pp. 78-101 en 25.02.69, p. 165. A. Weeber, LUK ten opsigte van die oorwoë mening.

85. PR-debatte, 16.10.69, p. 108.

is oor die laaste dekade kon vanselfsprekend nooit deur een man gedoen word nie, maar nog minder kon dit gedoen word deur 'n groep mense sonder versierende en inspirerende leiding. Dit wat gedoen is, kon alleen tot stand gebring word omdat Sy Edele oor die vermoë beskik om vooruit te sien en groot te dink; en progressiwiteit met omsigtigheid kon paar, maar, veral omdat Sy Edele, soos ons hom leer ken het, sy plig as Administrateur steeds gesien en uitgevoer het nie net na die letter van die wet nie, maar ook na die gees daarvan".⁸⁶

Op 12 Desember 1969 met die ampsneerlegging van Du Plessis, het Die Volksblad van hom afskeid geneem as 'n persoon wat "die dryfkrag en deursettingsvermoë gehad het om 'n skema waaroor eenmaal die besluit geval het, te verwesenlik en daaraan 'n afronding en atmosfeer te gee wat elkeen van hulle vandag die trotse besit van die Vrystaat maak".⁸⁷ Elkeen van die talle afskeidsfunksies wat gehou is en waaroor in Die Volksblad gerapporteer is, het dieselfde strekking gehad.⁸⁸

8.5 KONKLUSIE

Die geskiedenis het bewys dat Sand du Plessis 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel het waarop nie slegs Vrystaters nie, maar ook landsburgers trots kon wees. Behalwe dr. Verwoerd en adv. C.R. Swart, was daar ook vooraanstaande universiteitsrektore wat sy hoedanighede raakgesien het. Daarna het die lys met die loop van jare - ten spyte van teenslae soos deur prof. Thom voorsien - steeds langer geword. Prof. Benedictus Kok bestempel Sand du Plessis as 'n man van integriteit en wat beslis visie gehad het. Waar Du Plessis as provinsiale hoof sy stempel op alles moes plaas - veral waar sommige hom in 'n sekere rigting wou dwing - "het hy baie beslis sy stempel op alles geplaas en het hy groot ... en baie belangrike dinge tot stand gebring, waaronder SUKOVs, die mediese fakulteit ..., natuurbewaring ...". Hy het te kenne gegee dat hy trots daarop is dat hy so 'n persoon as vriend ken.⁸⁹

86. Ibid.

87. Die Volksblad, Inleidingsartikel, 12.12.69. Vergelyk The Friend, Inleidingsartikel, 12.12.69 en P.L.S. Aucamp - P.J.P. du Plessis, 14.07.87.

88. Die Volksblad, Inleidingsartikel, 12.12.69.

89. Onderhoud met prof. B. Kok, 27.01.87.

Dit is in hierdie konteks wat die herinneringe en beskouinge van T.D. Potgieter nuwe betekenis kry, naamlik dat dit jammer is dat Du Plessis nie in die geleentheid gestel was om as 'n minister te kon optree nie. Met sy talente sou hy selfs veel meer vir die Vrystaat maar ook vir Suid-Afrika kon beteken.⁹⁰

'n Finale evaluering bevestig dit: In die eerste instansie was Du Plessis in diens van die Vrystaat en getuig sy hele optrede daarvan. Tog was elke verbetering 'n bydrae om van Suid-Afrika 'n beter land te maak - 'n ketting is so sterk as wat sy swakste skakel is. Binne hierdie raamwerk val die "monumente" wat in sy tyd tot stand gekom het. Die erkentlikheidsbrief van vooraanstaande Vrystaters verwoord dit as volg: "Op elke gebied is daar gewaardeerde vordering gemaak wat getuig van die visie en samewerking van die Administrateur, die Uitvoerende Komitee en amptenare Verskeie nuwe bakens en skemas wat ons provinsie tot eer strek het tot stand gekom".⁹¹ Die brief vermeld dan kortliks van die belangrikste aspekte soos die Verwoerdgebou, Vrystaathuis, onderwys, die kultuurgebied, SUKOVs en 'n eie Vrystaatse Jeugkoor - 'n ware trots vir ons provinsie", asook die beplande teater; meer en beter hospitale "en uitgebreide dienste vir alle bevolkingsgroepe dwarsdeur die provinsie"⁹² - die toekenning van 'n Mediese Fakulteit Baie dankie vir 'n persoonlike aandeel hierin" - wat tot stand gekom het.⁹³

Daarby is die uitbouing van toerisme, beter paaie, "hulp aan plaaslike besture" en die "getuienis van 'n indrukwekkende tienjaarprogram van doelgerigte en positiewe beplanning en uitbouing" ook nie vergeet nie.⁹⁴

-
90. Onderhoud met T.D. Potgieter, 05.05.87. Vergelyk The Friend, 12.12.69.
91. J.S. van Niekerk-versameling in eie besit: Erkentlikheidsbrief van vooraanstaande Afrikaners - Sy Edele, J.W. du Plessis, Administrateur van die Oranje-Vrystaat, 1959-1969, s.d.
92. Ibid.
93. Ibid.
94. Ibid.

Bogenoemde aspekte is ook grotendeels deur Die Volksblad en The Friend opgehaal.⁹⁵

Ten tweede het Du Plessis - op ietwat 'n ander vlak - 'n groot bydrae op die gebied van die welsyn van mede-landsburgers in die algemeen gemaak, waaronder padveiligheid. Lewensverlies moes hand en tand beveg word. Behuising en gesinsgeluk is vooropgestel. Vir baie jare was Du Plessis 'n nasionale steunpilaar ten opsigte van die bestryding van kanker in Suid-Afrika - vergelyk ook die rol wat hy ter verkryging van 'n lineêre versneller gespeel het. In geval van die geestelike welsyn van mense het hy ontspanningsfasiliteite as 'n noodsaaklikheid - veral in die binneland sonder kusoorde - vir 'n gesonde samelewing beskou. Toerisme is ook as 'n ander bron ter aanvulling van die nasionale inkomste vooropgestel.

Laasgenoemde aspekte en die kulturele uitbouingsproses in die Vrystaat sou in 'n sekere sin aansteeklik inwerk op die res van Suid-Afrika, of minstens as nuwe inspuitings dien om, soos dit blyk, ook ander te begeester.

Met die Voortrekkermonument te Winburg eer die Afrikaners in werklikheid hul voorvaders. Gesonde volkeverhoudinge het die aandag geniet. Behalwe eersgenoemde en die Taalmonument in die Paarl het Du Plessis ook sorg gedra dat die Vrystaat sy bydrae tot die Britse Setlaars-monument gemaak het.

Onder die administrateurskap van Du Plessis is swart operateurs vir die eerste keer in die RSA op padmasjinerie gebruik; nie-blankes is vir die eerste keer in die RSA toegelaat om aan die saalperdeskou in Bloemfontein deel te neem.

Op die gebied van opvoeding het Du Plessis groot steun aan die gedifferensieerde onderwysstelsel verleen en daarop aangedring dat die provinsies steeds 'n aandeel in die onderwys behou.

95. Die redakteur van Die Volksblad, 12.12.69 beskryf dit heel gepas as "diens op elke moontlike terrein ...". Daarby is "energie en geld [nie] verspil aan dinge wat weens sekere onoorbrugbare beperkinge in die Vrystaat nie die moeite werd was nie"; The Friend, 12.12.69. "The economic development of the province is being co-ordinated and planned as never before"

Tydens volksfeeste en ander byeenkomste - ook buite die provinsie - het Du Plessis mede-Afrikaners te midde van veranderinge buite die grense van Suid-Afrika met die boodskap gemotiveer dat die nageslag 'n toekoms het.

By alles het hy nuwe luister verleen aan die rol wat 'n Administrateur en die provinsiale administrasie te speel gehad het, en is die gedagte van streeksamewerking sterk op die voorgrond gebring - wat vandag groot prominensie geniet. Uit dit alles blyk dit dat Du Plessis werklik 'n man van vele talente was wat hy ingespan het ten bate van die Vrystaat en sy land.

Bylae A

BOUPLANNE

Die volgende tabel toon die waarde van bouplanne wat gedurende die afgelope tien jaar goedgekeur is.

Jaar	Besigheid		Woonhuise		Woonstelle		Veranderings, ens.		Totaal
	Aantal	Waarde	Aantal	Waarde	Aantal	Waarde	Aantal	Waarde	
1940/41	8	£16,125	60	£80,470	1	£4,000	105	£25,015	£125,610
1941/42	6	15,150	101	35,200	4	95,200	115	48,705	134,345
1942/43	4	11,500	27	88,885	—	—	105	26,409	76,288
1943/44	2	37,200	80	49,325	5	87,200	96	24,565	148,290
1944/45	9	48,560	133	176,088	—	—	105	26,580	252,128
1945/46	6	27,500	72	163,355	1	16,000	106	41,875	248,730
1946/47	18	344,585	377	769,677	2	45,000	146	52,675	1,210,937
1947/48	24	544,315	310	782,310	5	58,500	183	55,365	1,440,690
1948/49	52	497,842	181	512,175	9	172,280	187	44,622	1,166,919
1949/50	59	422,081	328	642,460	1	13,500	181	50,685	1,137,740

Bron: Burgemeestersrede en Munisipale Rekenings, Bloemfontein, 31.03.50, p. 52.

Bylae B

BEGROTING VIR VERSKILLENDE AFDELINGS 1967/68

BEGROTINGSPOS	TOTAAL VIR 1960-64	TOTAAL VIR 1964 -68	VERMEERDERING
1. Algemene Administrasie	R 6 197 644	R10 275 120	4 077 176
2. Onderwys	40 400 985	52 849 333	12 488 348
3. Hospitale	15 854 720	27 374 087	11 519 367
4. Paaie (provinsiaal)	21 694 915	31 518 695	9 823 780
5. Diverse Dienste	2 249 044	4 216 300	1 967 256
6. Rente en Delging	7 572 109	9 763 430	2 191 321
7. Kapitaalluitgawes	10 010 563	15 779 746	5 769 183
8. Nasionale en Spesiale Paaie	7 226 417	18 978 967	11 752 550

Bron: Notules van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, Begrotings-
rede 1967/68, 06.06.67, pp. 2-4.

ylae C

4. GANG VAN INKOMSTE EN UITGAWE: Die onderstaande staat toon die inkomste en uitgawe van die Provinsie sedert die aanname van die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, Nr. 38 van 1945, soos van tyd tot tyd gewysig:

Jaar Ge- ëindig 31 Maart	Uitgawe (Poste 1-6)	Inkomste		Subsidie en Toelae van die Staat		Kapitaaluitgawe (Pos 7)		Nasionale en spesiale Padfonds (Pos 8)
		Bedrag	% van Uit- gawe	Bedrag	% van Uit- gawe	Uit Lenings	Uit Spesiale Toelae	
	R	R		R		R	R	R
946	5,067,484	1,897,598	37.4	3,239,696	63.9	343,511	3,733	442,266
947	5,349,050	2,109,150	39.4	3,314,316	61.9	237,654	10,380	454,908
948	6,600,396	2,711,180	41.0	3,988,578	60.4	599,338	30,334	405,208
949	7,933,758	3,085,638	38.8	4,794,016	59.2	399,790	59,922	1,171,298
950	8,659,708	3,452,932	39.8	5,140,674	59.3	967,122	29,276	324,868
951	9,136,368	3,771,270	41.2	5,501,454	60.2	908,296	42,444	1,003,654
952	10,194,260	4,576,518	44.8	6,090,793	59.8	2,047,200	33,716	1,133,476
953	12,765,378	5,543,612	43.4	7,151,622	55.8	1,773,384	80,206	1,100,666
954	13,910,930	6,562,332	47.2	7,335,630	52.7	2,455,912	44,444	1,268,462
955	13,924,224	6,506,662	46.7	7,299,738	52.4	1,953,394	—	1,138,574
956	15,014,402	6,722,068	44.8	7,670,078	51.1	1,953,670	—	1,393,646
957	15,885,394	7,093,212	44.6	9,116,900	57.4	2,658,454	—	1,363,952
958	17,026,722	8,175,976	48.0	10,337,368	60.7	2,125,342	—	1,204,756
959	19,942,778	8,122,672	40.7	11,188,318	56.1	1,610,944	—	1,042,386
960	20,279,508	8,559,542	42.0	12,005,892	59.2	2,196,116	—	1,324,936
961	21,022,423	8,846,840	42.1	13,032,891	62.0	2,567,803	—	1,643,929
962	22,983,426	9,428,951	41.2	13,862,546	60.3	2,981,320	—	1,503,613
963	24,093,675	9,808,691	40.7	14,446,123	59.0	2,543,874	—	1,933,054
964	25,869,994	11,862,937	45.8	15,435,377	59.7	1,917,463	—	1,840,823
965	28,516,761	13,063,144	45.8	16,276,336	57.0	2,453,494	—	2,064,995
966	32,571,153	15,100,281	46.3	17,203,976	52.8	3,464,153	—	3,250,273
967	33,507,307	16,998,169	47.8	18,363,759	51.2	4,236,607	—	3,924,843
968	37,063,432	18,663,755	50.3	19,451,044	52.5	4,610,551	—	6,159,222
969	43,860,926	19,711,474	44.9	24,120,453	55.0	4,452,937	—	7,833,834
970	53,811,602	19,229,646	35.7	34,491,618	64.1	5,378,315	—	6,323,652
	R506,997,040	R221,610,278	—	R290,659,706	—	R57,347,172	R379,460	R52,455,696

n: Notules van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat, 1971,

13. Verslag van die Provinsiale Ouditeur oor die rekenings van die
Provinsie en gesubsidieerde hospitale, vir die jaar geëindig 31 Maart 1970.

STAATSDIENSPORTE/PUBLIC SERVICE POSTS


Bylae D

Poste/Posts	31.3.1966			31.3.1967			31.3.1968			31.3.1969			31.3.1970		
	Geëgtekruf/ Approved.	Geëuf/Filled.	Vakant/Vacant.	Geëgtekruf/ Approved.	Geëuf/Filled.	Vakant/Vacant.	Geëgtekruf/ Approved.	Geëuf/Filled.	Vakant/Vacant.	Geëgtekruf/ Approved.	Geëuf/Filled.	Vakant/Vacant.	Geëgtekruf/ Approved.	Geëuf/Filled.	Vakant/Vacant.
Ingenieurs/Engineers	54	17	17	50	15	15	50	14	16	50	15	15	50	15	15
Senior Tegnikus (Wkt)/Senior Technician (Mech)	1	-	1	1	-	1	1	1	-	1	-	1	1	1	-
Laboratorium Tegnisk/Laboratory Technicians	33	24	9	33	21	12	33	24	9	33	23	10	33	24	9
Tekenaars/Draughtmen	17	13	4	17	13	4	17	14	3	17	14	3	17	14	3
Opmetingsbeamptes/Survey Officers	25	9	16	25	10	15	25	14	11	25	16	9	25	19	6
Tuinboukundige/Horticulturalist	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1	-	1	1	-
Paaie superintendente/Road Superintendents	40	33	7	40	40	1	40	39	1	40	38	2	40	39	1
Administratiewe Personeel/ Administrative Staff	11	11	-	11	10	1	12	12	-	12	12	-	12	12	-
Admin. Assistentes/Admin. Assitants	41	37	4	41	39	2	40	40	-	40	40	-	40	40	-
Tikaters/Typistes	8	8	-	8	7	1	8	8	-	8	3	-	8	8	-
Vroueklerke/Women Clerks	20	20	-	20	19	1	20	18	2	20	19	1	20	20	-
Paaieklerke/Roads Clerks	60	37	23	60	44	16	60	52	8	60	53	7	60	55	5
Bantoeboetes (now Prov. poste)/ Bantu Messengers (now Prov. posts)	4	4	-	4	4	-	4	4	-	4	4	-	4	4	-
Totale/Totals	294	213	81	290	222	68	290	240	50	291	244	47	291	252	39

Bron: Provinsie Oranje-Vrystaat; Verslag van die direkteur van Paaie.
[K.J. Harpur], 01.04.65 - 31.07.70, Bylae J.


Bylae E

TEERPADNETWERK IN DIE O.V.S. MAART 1955




Bron: Provinsie Oranje-Vrystaat: Verslag van die direkteur van Paaie.
 [K.J. Harpur], 01.04.65 - 31.07.70.

Bylae F



Bron: Provinsie Oranje-Vrystaat: Verslag van die direkteur van Paaie.
[K.J. Harpur], 01.04.65 - 31.07.70.





Die vier streke

Die vier streke waarin die Vrystaat voorlopig verdeel is met die oog op doeltreffender reklame en toeristebesondering, word met die breë swart strepe op die kaart aangedui.

Bron: Die Volksblad, Streeksreklame vir Vrystaat beoog, 07.02.63.

TOERISTEKAART VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

TOURIST MAP OF THE ORANGE FREE STATE



KAAPPROVINSIE


CAPE PROVINCE



1

2

3



VERKLARING

Internasionale grens	— — — — —	International boundary	
Provinsiale grens	— — — — —	Provincial boundary	
Dorpe en bevolking:		Towns and population:	
Balkfontein	500	Balkfontein	500
Brandfont	500 - 4.000	Brandfont	500 - 4.000
Bothaville	4.000 - 10.000	Bothaville	4.000 - 10.000
Bethlehem	10.000 - 50.000	Bethlehem	10.000 - 50.000
Bloemfontein	50.000 - 100.000	Bloemfontein	50.000 - 100.000
Hoogte in voet	▲ 7476'	Altitude in feet	
Gesteende hoofwee	— — — — —	Blacktopped highways	
Hoofwee in aanbou	— — — — —	Blacktopped roads under construction	
Ander belangrike paas	— — — — —	Other important roads	
Mylatand	MI	Distance in miles	
Padnummers	N 1	Road numbers	
Spoorwee	— + — + —	Railways	
Bergpasse	Mullers	Mountain passes	
Lughawens	✈	Airports	
Vliegvelde	✈	Airfields	


LEGEND

Damme		Dams
Riviere en spruie		Rivers and rivulets
Besproeiingskanale		Irrigation schemes
Panne		Pans
Panoramies		Viewpoints
INLIGTING VIR TOERISTE		TOURIST INFORMATION
<i>(Sien kerse van kant vir besonderhede)</i>		<i>(Refer to reverse side of map for details)</i>
Plekke van belang, geskiedkundig en wetenskaplik	★	Places of interest, historic and scientific
Karavaanparke		Caravan parks
Gastepiëse		Guest farms
Vakansie- en plesieroorte		Holiday and pleasure resorts
Hangeloende		Angling resorts
Wildreserwes		Game reserves
Minerale Goud		Minerals Gold
Diamante		Diamonds
Steenkool		Coal
Sout		Salt
Belangrike nywerhede		Major industries

Bylae I

Bron: Toeristekaart van die Oranje-Vrystaat: Map Studio Productions (Edms.) Bpk., Johannesburg, in samewerking met en vir die O.V.S. Provinsiale Administrasie (s.d.). Alhoewel die reeksnommer van die kaart beskadig is, is dit klaarblyklik een van die vroegste kaarte wat gedruk is, te oordeel aan besonderhede soos mylafstand - en ook nuwe damme - Krugersdrift, Welbedacht - wat op 'n soortgelyke kaart van 1972 verskyn maar nie hierop aangedui is nie.

Bylae J



This map shows the "Inner Circle" in the Free State's drive for tourists.

Bron: Rand Daily Mail, 29.10.64. Vergelyk Die Transvaler, 26.10.64
 verskeidenheid van roetes. Van Bloemfontein wes en suidwaarts kon later 'n
 tweede Inner Circle ingetrek word op die kaart van die Vrystaat na gelang
 ontwikkeling plaasgevind het. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versa-
 meling, Lêer 1/21/1, Toeristesimposium, 31.10.64.

Bylae K

HEFFINGSSELDE ORANJEJAG

i. Voorgestelde bedrae aldus die Sadie-kommissie:

<u>Hektaar</u>	<u>Heffing</u>
0 - 85 ha.	Geen.
86 - 257 ha.	R 1,00
258 - 428 ha.	R 2,00
429 - 642 ha.	R 5,00
643 - 856 ha.	R 6,00
857 - 1 071 ha.	R10,00
1 072 - 1 285 ha.	R15,00
1 286 - 1 713 ha.	R25,00
1 714 - meer ha.	R30,00

Bron: Verslag van Kommissie van Ondersoek in verband met die Uitroei van Ongediertes [Voorsitter N.C. van R. Sadie] 13.04.60, p. 20.

ii. Ledegeld of heffing vanaf 1 Januarie 1968

<u>Grondeienaars</u>	<u>Hektaar</u>	<u>Heffing</u>
---	0 - 84 ha.	Geen.
10 176	85 - 427 ha.	R 2,50 p.j.
4 738	427 - 856 ha.	R 5,00 p.j.
3 231	856 - 1 713 ha.	R 8,00 p.j.
855	Meer as 1 713 ha.	R10,00 p.j.
Totaal 19 000		

Bron: Verslag van die samesprekings tussen die Uitvoerende Komitee en lede van die dagbestuur van Oranjejag, gehou op 05.02.68. [Voorsitter J.W.J.C. du Plessis, Administrateur]. Vergelyk PV 772, J.W.J.C. du Plessis, Lëer 1/15/1 en Die Volksblad, 20.06.67.

iii. Afleiding ten opsigte van heffing voor 1 Januarie 1968 @ "1c per morg"

0 - 84 ha.	R 0 - R 1,00
85 - 427 ha.	R 1,00 - R 4,99
427 - 856 ha.	R 5,00 - R 9,99
856 - 1 713 ha.	R10,00 - R20,00
Meer as 1 713 ha.	R20,00 en meer.

Vergelyk aantal grondeienaars in tweede tabel hierbo. Hierdie tariewe is nietemin volgens die tariewe in tabel Kii (Vide supra p. 304) in 1968 terugdateer tot 1966.

iv. Heffingsgeld: Wysiging vanaf 1 Januarie 1969 ten opsigte van:

85 - 214 ha.	R1,00 p.j.
214 - 428 ha.	R2,50 p.j.

Bron: PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versameling, Lëer 1/15/1. Vergelyk Die Volksblad, 20.06.67.

v. Gegewens van belang na die wysiging van heffingsgeld op 19.06.67

- 1) Omstreeks 1967 was die gemiddelde Vrystaatse plaas 289 ha. (338 morg).
- 2) Die gemiddelde grootte per plaaseienaar (baie het meer as een plaas gehad) 668 ha. (780 morg).
- 3) Die uitvoerende bestuur van Oranje-jag het op 19 Junie 1967 beslis dat boere wat meer as een plaas het as een grondeienaar beskou sou word. As al sy plase meer as 1 713 ha. (2 000 morg) is, het hy uiteindelik net R10,00 per jaar betaal.
- 4) 'n Klein persentasie grondeienaars sou 'n maksimum van R10,00 per jaar betaal. Hier kan ter wille van kontinuïteit weer eens genoem word dat die Uitvoerende Komitee (Administrateur-in-Rade) moes waak dat die uitvoerende bestuur van Oranje-jag, wat in elk geval vasgepen is deur hul jaarvergadering, nie die heffing op meer as R10,00 per jaar per grondeienaar kon vasstel nie.

- 5) Die grootste gros boere het maar iets soos R2,50 per jaar betaal.
- 6) Die gemiddelde bedrag per boer per jaar gevorder R4,39. Vide Supra p. 281.
- 7) Die gemiddelde prys per skaap in die sestigerjare was R6,00.

Na 1 Januarie 1969 sou 'n groot deel van die groep, Vide Supra V(1) en V(5) (hierbo), nog minder as R2,50 per jaar betaal.

Bron: Vergelyk Die Volksblad, 20.06.67. Dit is van belang om kennis te neem luidens die inligting wat aan dié koerant versterk is, was daar omstreeks Junie 1967 sowat 2 400 plase groter as 856 ha. (1 000 morges) en byna 14 000 plase tussen 84 ha. en 427 ha. of 99 en 499 morges. Dit verskil van die ooreenstemmende gegewens in Bylae Kii, alhoewel W.F. Wentzel, LUK ook op 6 Maart 1967 'n getal van 19 000 aan Die Volksblad opgegee het. Volgens die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Ongediertebestryding en Rondloperhonde in die Oranje-Vrystaat [Voorsitter T.D. Potgieter] 1979, p. 8, was daar toe sowat 14 000 boere in die Vrystaat waarvan 9 000 wolboere was.

Bylae L

Beskikbare inligting betreffende probleemdiërbeheer in die Vrystaat, as die enigste moontlike aanduiding van die ware toedrag van sake agter hierdie gegewens ten opsigte van probleemdiër-verspreiding. Vergelyk ook die besonderhede van die groter jagverenigings voordat Oranjejag tot stand gekom het, p. 265.

i. Probleemdiërbeheer deur Oranjejag vanaf 1 Januarie (1967) - 30 Junie (1967)

Vrystaat as geheel 679

		Rooi- katte	Rooi- jakkalse	Silwer- jakkalse	Grou- katte
Suid-Vrystaat	194	29	83	46	36

Afleidings:

Probleemdiere in Suid-Vrystaat-beheer = 28,6 persent vir 1967

Die res van die Vrystaat = 71,4 persent vir 1967

'n Beduidende getal skadelike probleemdiere is in die Suid-Vrystaat binne om en by ses maande uitgewis. Vyf Suid-Vrystaatse distrikte uit bykans vyftien was eers vanaf 1 April 1967 onder Oranjejag-beheer.

Bron: PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versameling, Lëer 1/15/1.

ii. Probleemdierbeheer deur Oranjejag vanaf 1 Januarie 1968 tot 31 Augustus 1968

Suid-Vrystaat	331
Sentraal-Vrystaat	470
Noordwes-Vrystaat	405
Noordoos-Vrystaat	865
	2 071

Bron: PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versameling, Lêer 1/15/1.

iii. Verklaarde ongediertes en honde gedood deur Oranjejag sedert 1966.

	Hiëna	Rooikat	Rooijakkals	Silwerjakkals	Groukat	Hond
1966	4	37	743	720	317	-
1967	-	66	634	897	365	-
1968	3	94	640	2 038	671	-
1969	1	69	615	2 423	443	-
1970	3	46	485	3 529	227	-
1971	9	64	444	3 185	161	87
1972	2	44	446	3 395	140	89
1973/74	1	64	495	4 329	98	127
1974/75	2	63	395	2 148	153	145
1975/76	-	67	410	2 312	189	87
1976/77	1	55	392	1 728	201	45
1977/78	1	136	408	2 241	139	104
1978/79	1	170	524	2 551	182	103

Bron: Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Ongediertebestryding en Rondloperhonde in die Oranje-Vrystaat [Voorsitter T.D. Potgieter] 1979, p. 10.

Bylae M


LEDETAL VAN ORANJEJAG 1973 - 1979

1973/74	-	5 209
1974/75	-	5 289
1975/76	-	4 970
1976/77	-	4 950
1977/78	-	4 655
1978/79	-	4 485
1979/80	-	4 213

Bron: Verslag van die Kommissie van Onderzoek na Ongediertebestryding en Rondloperhonde in die Oranje-Vrystaat [Voorsitter T.O. Potgieter] 1979, p. 13.

Bylae N

VERGELYKENDE GRAFIEK VAN
WOLPRODUKSIE IN O.V.S. 1959-1966



Bron: PV 772, J.W.J.C. du Plessis-versameling, Lêer 1/15/1.

Bylae 0

i

DIE 1970-WILDSSENSUS IN
WILLEM PRETORIUS-WILDTUIN

Springbokke	1 680	Bergkwagga	21
Blesbokke	360	Bontkwagga	20
Elande	104	Witspringbokke	9
Swartwildebeeste	514	Klipspringers	10
Rooihartbeeste	86	Steenbokke	45
Rooibokke	140	Duijkers	60
Rooiribbokke	150	Kameelperde	9
Gemsbokke	42	Renosters	15
Bosbokke	2	Bobbejane	100
Koedoes	9	Volstruise	64
Buffels	7		

ii WILDGETALLE WAT GEDURENDE 1968, 1969 EN 1970
IN DIE WILLEM PRETORIUS-WILDTUIN GEVANG EN
OORGEPLAAS IS NA ANDER GEBIEDE

Wild	1968	1969	1970
Springbokke	264	435	410
Blesbokke	33	78	3
Swartwildebeeste	1	135	27
Elande	—	18	—
Rooihartbeeste	—	11	2
Volstruise	—	19	32
Rooibokke	—	3	—
Steenbokke	—	—	4
Duijkers	—	—	3
Totaal:	298	699	481

Bron: Verslag oor werksaamhede in verband met Natuurbewaring vir [die] tydperk eindigende 31.03.71.

Bylae P

POPOPNAME IN VERBAND MET STATUS EN VERSPREIDING VAN WILD IN DIE VRYSTAAT (1962-1972) DEUR DIE SOOGDIERNAVORSINGSINSTITUUT, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA EN DIE NATUURBEWARINGSAFDELING VAN DIE O.V.S. (MAART 1972).

	1962	1972
Blesbokpopulasie	12 000	43 000
Springbokpopulasie	onbekend	41 000
Vaal- en rooiribbokke	onbekend	20 000 (benaderd)
Oorbietjies	onbekend	300 (benaderd)
Klipspringers	onbekend	200 (benaderd)
Steenbokke en duikers		Kom nog oral voor.

Omdat net die blesbokpopulasie van 1962 bekend is, kan slegs 'n vae aanname gemaak word dat dit verhoudingsgewys ook 'n weerspieëling van die toename - oor 'n dekade - onder veral springbokke en ribbokke behoort te wees. Indien die groot aanvraag na wild omstreeks 1964/65 in ag geneem word en die gepaardgaande ongelukkigheid rondom die waglys, dan word eersgenoemde argument versterk. Verhoudingsgewys behoort daar dan 'n ooreenkoms in die voorkoms tussen bles- en springbokke in 1962 te gewees het, terwyl die ribbokke bykans die helfte minder as eersgenoemde groep kon wees.

Indien hierdie aannames enigszins korrek is, dui dit op die erns van die toestand wat ontstaan het vanweë 'n lang historiese aanloop en verklaar dit die geskarrel wat onder boere ontstaan het om wild te bekom. Dit bevestig dan die heel tydige optrede van die administrasie.

Bron: Verslag oor werksaamhede [Natuurbeewing] gedurende Maart 1971 tot Maart 1972.

Bylae Q

i DIE 1972 WILDSSENSUS IN DIE WILLEM PRETORIUS-WILDTUIN

swartwildebees	585	volstruis	57
springbok	1 554	duiker	150
blesbok	479	steenbok	200
rooiribbok	320	renoster	18
eland	160	buffel	12
rooihartbees	166	kameelperd	14
gemsbok	69	koedoe	14
rooibok	150	bontkwagga	20

ii WILD GEJAG DEUR DIE PUBLIEK OP DIE WILDPLAAS TUSSEN-DIE-RIVIERE IN 1972

	1972	1971
swartwildebees	138	45
springbok	138	47
blesbok	47	6
rooiribbok	21	-
rooibok	1	2
tarentaal	8	6
	<hr/>	<hr/>
	353	114

iii DIE WILDPOPULASIE IN DIE WILDPLAAS TUSSEN-DIE-RIVIERE GEDURENDE NOVEMBER 1972

swartwildebees	239
springbok	292
blesbok	220
rooiribbok	200
rooihartbees	55
rooibok	40
gemsbok	53
bontkwagga	33
koedoe	45
blouwildebees	14
bontebok	2
steenbok	150
volstruis	40
eland	26
	<hr/>
	1 409

iv VOORBEELD VAN 'N VOELTELLING GEDURENDE NOVEMBER 1972
OP DIE ERFENISDAM

kolgans	4 217
wildemakou	82
bergeend	2 232
bruineend	1 293
geelbekeend	1 523
rooibekeend	313
teeleend	2
slopeend	6
rietduiker	6
slanghalsvoël	47
witbors-duiker	1
veercier	39
blourcier	17
reusc-reier	12
nimmersat	7
lepelaar	66
gryskopmeeu	21
flamink	13

9 897

v DIE AANTAL JAGLISENSIES WAT GEDURENDE 1972 IN DIE VRY-
STAAT UITGEREIK IS

Provinsie woonagtig	Aantal lisensies
Oranje-Vrystaat	612
Transvaal	375
Kaapprovinsie	100
Natal	33
Totaal	1 120

vi DIE AANTAL VRYSTAATSE HENGELISENSIES WAT VERKOOP IS GEDURENDE
GEDURENDE 1972

Provinsie en land woonagtig	1972		1971
	Aantal		
Oranje-Vrystaat	22 460		18 480
Transvaal	15 176		13 083
Natal		153	
Kaapprovinsie		466	
Rhodesië		5	
S.W.A.		11	
Botswana		2	
Swaziland		4	
Zululand		1	
Mosambiek		4	
		38 282	

Bron: Verslag oor werksaamhede [van Natuurbewaring] gedurende die tydperk
Maart 1971 tot Maart 1972. Tabelle ii en vi ten opsigte van die 1971-
besonderhede.

Verslag oor werksaamhede [van Natuurbewaring] gedurende die tydperk Maart
1972 tot Maart 1973. Alle tabelle ten opsigte van 1972.

BIBLIOGRAFIE EN BRONNELYS

1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

1.1 Instituut vir Eietydse Geskiedenis [INEG], UOVS, Bloemfontein

1.1.1 Private Dokumenteversamelings

PV 760, Bloemfonteinse Aksiekomitee

PV 772 Du Plessis, J.W.J.C.

PV 73 Kotzé, W.D.

PV 703 Van der Riet, dr. J.W.

PV 28 Van Rensburg, M.C.G.J.

1.1.2 Klankopnames

K903 Du Plessis, J.W.J.C.

K193 Fouché, J.J.

1.2 UK-notules, H.F. Verwoerdgebou, Bloemfontein

Notule van vergaderings van die Uitvoerende Komitee: Januarie 1959 tot Desember 1969

1.3 Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein

MBL, lêer 1/1/2/105, Result election 20.04.45.

Ibid., Verslag van die Komitee vir Finansies en Algemene Doeleindes

Ibid., Notule nr. 842

Ibid., 1/1/2/107 nr. 27 Centralisation of Sport

1.4 Volksbladargief

Oorspronklike koerantkopie en knipsels. (Vergelyk periodieke publikasies.)

2. PERSOONLIKE VERSAMELING**2.1 Bandopnames van onderhoude**

Beckmann, H.C.
De Beer, dr. J.
De Villiers, D.I.C. (Dirkie)
Du Plessis, J.W.J.C. (Sand)
Fourie, prof. P.C.
Harpur, K.J.
Kemp, dr. S.W.
Kok, prof. B.
La Grange, P.L.
Lombaard, J.C.
Marx, J.D.
Potgieter, T.D.
Strauss, prof. H.J.
Van der Riet, dr. J.W.
Van Niekerk, J.S.
Van Schoor, prof. M.C.E. (Tienie)
Van Wyk, A.C.
Venter, mev. M.E.
Viljoen, W.
Weideman, B.P.
Zaaiman, dr. S.F. (Bart)

2.2 Gesprekke

Du Plessis, J.W.J.C.
Hugo, J.S.
Kemp, dr. S.W.
La Grange, P.L.
Pretorius, dr. Z.J.
Roux, T.F.
Rycroft, prof. H.B.
Simes, H.J.R. LUK
Venter, F.J.

2.3 Korrespondensie ontvang

Aucamp, P.L.S. 14.07.87
 Kotzé, W.D. 24.07.87
 Rycroft, H.B. 04 en 07.09.87
 Theron, S. 07.08.87

2.4 Ander dokumentasie in eie besit

2.4.1 Rycroft, H.B., 1962-1969
 Korrespondensie
 Verslae

2.4.2 Van Niekerk, J.S., 1969
 Korrespondensie

2.5 Versameling nog in besit van eienaar: J.W.J.C. du Plessis, 1950-1988

Korrespondensie
 Verslae
 Memoranda

3. AMPTELIKE PUBLIKASIES

3.1 Debatte van die Provinsiale Raad

Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Provinsiale Raad
 Oranje-Vrystaat. 02-04 Februarie 1965
 10-18 Mei 1965
 19-24 Mei 1965
 07-17 Februarie 1966
 07-17 Junie 1966
 11-14 Oktober 1966
 21-24 Februarie 1967
 06-13 Junie 1967
 14-19 Junie 1967
 31 Oktober tot 02 November 1967
 27 Februarie tot 06 Maart 1968
 05-14 Junie 1968

Debatte van die Provinsiale Raad (vervolg)

14-15 Oktober 1968
 18-25 Februarie 1969
 03-12 Junie 1969
 14-16 Oktober 1969

3.2 **Debatte van die Volksraad**

Unie van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad: 03 Julie tot
 02 Oktober 1953
 29 Januarie tot 26 Maart 1954
 21 Januarie tot 23 Junie 1955
 13 Januarie tot 14 Junie 1956
 18 Januarie tot 22 Junie 1957
 17 Januarie tot 12 Februarie 1958
 04 Julie tot 25 September 1958
 23 Januarie tot 01 Julie 1959
 Republiek van Suid-Afrika. 22 Januarie tot 18 Junie 1965

3.3 **Jaarboek en Dagboek**

Die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Jaarboek en Dagboek: 1950; 1965;
 1966; 1967; 1968; 1969; 1970.

3.4 **Notules van die Provinsiale Raad**

Unie van Suid-Afrika. Notule van verrigtinge, Provinsiale Raad,
 Oranje-Vrystaat, 23-27 Februarie 1959; 10-19 Junie 1959; 03-
 05 November 1959.

01-04 Maart 1960; 01-10 Junie 1960; 22-23 Augustus 1960; 12-
 13 Oktober 1960.

28 Februarie tot 07 Maart 1961; 22 Mei tot 06 Junie 1961.

27 Februarie tot 19 Maart 1962; 22-28 Mei 1962.

25 Februarie tot 07 Maart 1963; 20-23 Mei 1963.

Notules van die Provinsiale Raad (vervolg)

25 Februarie tot 06 Maart 1964; 19-27 Mei 1964.

- (i) 02-04 Februarie 1965;
- (ii) 10-24 Mei 1965.

- (i) 08-17 Februarie 1966;
- (ii) 07-17 Junie 1966;
- (iii) 08 September 1966;
- (iv) 11-14 Oktober 1966.

- (i) 21-24 Februarie 1967;
- (ii) 06-19 Junie 1967;
- (iii) 31 Oktober tot 02 November 1967.

- (i) 27 Februarie tot 06 Maart 1968;
- (ii) 05-14 Junie 1968;
- (iii) 14-15 Oktober 1968.

- (i) 18-25 Februarie 1969;
- (ii) 03-12 Junie 1969;
- (iii) 14-16 Oktober 1969.

- (i) 24-27 Februarie 1970;
- (ii) 16 Junie tot 1 Julie 1970;
- (iii) 11 November 1970.

3.5 Aмпtelike verslae:

3.5.1 Plaaslike Bestuur:

Orange Free State. Bulletin No. 2. The Development Potential of the Orange Free State, 1966.

Die Stad Bloemfontein, Oranje-Vrystaat, Suid-Afrika.
Burgemeestersrede en uittreksel van munisipale rekenings.
Burgemeester: J.W. du Plessis, 31.03.50.

Plaaslike Bestuur (vervolg)

Oranje-Vrystaat. Stads- en streeksbeplanning in die Verenigde State van Amerika en Kanada. Verslag van 'n studiereis van 'n afvaardiging van die Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat, September tot Oktober 1967.

Oranje-Vrystaat. Verslag van die afvaardiging van die Oranje-Vrystaat Provinsiale Administrasie na die sestiende internasionale kongres van die internasionale unie van plaaslike besture, te Brussel en die meegaande studiereis in Europa, Junie tot Julie 1963.

Verslag oor die verrigtinge by die konferensie oor die toekoms van Bloemfontein, 23.11.70.

3.5.2 **Provinsiaal:**

Kantoor van die Administrateur:

Administrateurskonferensie: Voorsitter J.N. Malan, Administrateur van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop, 27/28.09.66.

Notule van Administrateurskonferensies, 1963-1972.

Kleinhoewes:

Oranje-Vrystaat. Finale verslag van die loodskomitee vir die beplanning van die Bloemfontein Stedelike Kompleks met spesiale verwysing na die kleinhoewes: Voorsitter A.C. van Wyk. Bloemfontein, 15.05.67.

Natuurbewaring en Oranjejag:

Oranje-Vrystaat. Natuurbewaring. Verslae oor werksaamhede in verband met Natuurbewaring, 1971-1973.

Oranje-Vrystaat. Verslag van [die] kommissie van ondersoek in verband met die uitroei van ongediertes: Voorsitter N.C. van R. Sadie. Bloemfontein, 13.04.60.

Natuurbewaring en Oranjejag (vervolg)

Oranje-Vrystaat. Verslag van die kommissie van ondersoek na ongediertebestryding en rondloperhonde in die Oranje-Vrystaat: Voorsitter T.D. Potgieter. [Bloemfontein], 1979.

Oranje-Vrystaat. Verslag van die samesprekings tussen die Uitvoerende Komitee en lede van die dagbestuur van Oranjejag: Voorsitter J.W.J.C. du Plessis. [Bloemfontein], 05.02.68.

Oranje-Vrystaat. Verslag van die samesprekings tussen die Uitvoerende Komitee en lede van die Vrystaatse Landbou-unie en Wolkwekersvereniging: Voorsitter J.W.J.C. du Plessis. Bloemfontein, 05.02.68.

Paaie:

Paaie in die distrik Koppies, verbatim verslag van onderhoud met afvaardiging van kiesers, 11.05.67.

Oranje-Vrystaat. Verslag van die departementele komitee van ondersoek na sekere aspekte van padbou en -instandhouding in die Oranje-Vrystaat: Voorsitter J.D. Marx. Bloemfontein, 17.11.67.

Oranje-Vrystaat. Verslag van die gekose komitee benoem deur die Provinsiale Raad om padaangeleenthede in die Oranje-Vrystaat te ondersoek: Voorsitter G.F. v. L. Froneman. Bloemfontein, [Mei 1952].

Oranje-Vrystaat. Verslag van die direkteur van Paaie [K.J. Harpur] vir die tydperk 01.04.65 - 31.03.70.

Oranje-Vrystaat. Verslag: Provinsiale Paaie Ingenieur [A.F. Steven] vir die tydperk 01.10.57 - 31.03.60.

Nasionale Paaiebeleid: Beleidsbesluite en verklaring. Bloemfontein, 04.12.67.

SUKOVS:

Streeksraad Uitvoerende Kunste Oranje-Vrystaat [SUKOVS]. Sy ontstaan en 'n rekord van sy aktiwiteite. [s.d.].

Notule van die Streeksraad Uitvoerende Kunste O.V.S., 1963 tot 1969.

SUKOVS-jaarverslae, 1963 tot 1987/88.

Watersvoorsiening:

A preliminary report on the water resources of the Orange Free State, Part 1-3. [Ninham Shand and Partners]. Bloemfontein, 1964.

3.5.3 Referate en intreereds

Die Beplannings- en Ontwikkelingsadviesraad van die Oranje-Vrystaat, [prof. P.C. Fourie]. Die Pioniersjare: 1965-1971.

Simposium insake Nywerheidsvestiging in die Oranje-Vrystaat en Noordwes-Kaapland. Bloemfontein, 09/10.06.66.

3.6 Verslae van die S.A. Reserwebank

Suid-Afrikaanse Reserwebank. Jaarlikse Ekonomiese Verslag. Pretoria, 1965 tot 1969.

Suid-Afrikaanse Reserwebank. Kwartaalblad. Pretoria, 1966 en 1969.

4. PERIODIEKE PUBLIKASIES**4.1 Dag en Weekblaai**

Dagbreek	04.02.62
Dagbreek en Landstem	31.03.68
Dagbreek en Landstem	07.04.68

Dagbreek en Landstem	15.06.69
Dagbreek en Landstem	22.06.69
Daily Dispatch	29.10.64
Daily Dispatch	11.11.64
Daily Dispatch	03.05.68
Diamond Fields Advertiser	12.11.64
Die Beeld	31.03.68
Die Oosterlig	20.11.64
Die Transvaler	24.10.64
Die Transvaler	26.10.64
Die Transvaler	16.11.64
Die Transvaler	12.05.65
Die Transvaler	06.06.67
Die Transvaler	13.10.67
Die Transvaler	26.10.67
Die Transvaler	06.06.68

Die Volksblad

Die Volksbladargief koerante voor 1953

Die Volksblad	15.01.53
Die Volksblad	23.01.53
Die Volksblad	15.04.53
Die Volksblad	16.04.53
Die Volksblad	07.12.59
Die Volksblad	08.12.59
Die Volksblad	10.12.59
Die Volksblad	22.12.59
Die Volksblad	1960-1969
Die Volksblad	23.10.76
Die Volksblad	01.08.86
Die Volksblad	23.04.87
Die Volksblad	21.05.87
Die Volksblad	12.06.87

Die Volksblad	20.06.87
Die Volksblad	14.07.87
Die Volksblad	23.07.87
Die Volksblad	31.07.87
Die Volksblad	28.08.87
Die Volksblad	17.09.87
Die Volksblad	18.09.87
Die Volksblad	21.10.87
Die Volksblad	22.10.87
Die Volksblad	23.10.87
Die Volksblad	28.10.87
Die Volksblad	04.01.88
Die Volksblad	25.03.88
Die Volksblad	05.10.88
Bylae tot Die Volksblad	31.08.87
Die Byvoegsel tot Die Volksblad	18.12.59
Die Nywerheidsbylae tot Die Volksblad	27.07.65
Uniefees-bylae tot Die Volksblad	23.05.60
Natal Witness	26.10.64
Natal Witness	05.11.64
Ons Stad, Bloemfontein	17.09.87
Ons Stad, Bloemfontein	19.11.87
Rand Daily Mail	08.12.59
Rand Daily Mail	08.03.63
Rand Daily Mail	29.10.64
Rand Daily Mail	31.10.64
The Friend	
The Friend	17.03.45
The Friend	20.03.45
The Friend	22.03.45
The Friend	09.12.59
The Friend	15.12.59
The Friend	1960-1969

Supplement to The Friend	31.10.64
Supplement to The Friend	25.04.68
The Star	07.12.59
The Star	08.03.63
The Star	06.03.64
The Star	08.10.64
The Star	16.11.64
The Sunday Times	20.09.87

4.2 Brosjures, Pamflette en Kaarte

4.2.1 Brosjures; Pamflette:

Die Betowerende Provinsie: Die Oranje-Vrystaat in 'n nuwe lig gesien, [ca. 1973].

Die Betowerende Provinsie. Bloemfontein, [ca. 1980].

Brabyse 1987 Bloemfontein gids en koopgids. Pinetown, 1987.

Coetzee, D. [red.] Vrystaatse Onderwysnuus. Bloemfontein. Nr. 1 - Desember 1968; Nr. 3 - Desember 1969; Nr. 4 - Junie 1970.

Gedenkprogram Voortrekkermonument Winburg - Inwyding - 10 Oktober 1968. Bloemfontein, 1968.

H.F. Verwoerdgebou - Inwyding - 17 Oktober 1969. Johannesburg, 1969.

O.V.S. Jaarboek 1963/64. Bloemfontein, [ca. 1964].

Die Sand du Plessis-teater. Bloemfontein, 1985.

2.2 Kaarte:

Toeristekaart van die Oranje-Vrystaat. Map Studio Productions (Edms.) Bpk. Johannesburg, [ca. 1963].

4.3 Tydskrifte

Financial Mail, 03.05.68.

Homestead: Supplement to Farmer's Weekly, 03.04.63.

S.A. Panorama, Maart 1962; Oktober 1965.

4.4 SAUK en TV-onderhoude en nuuskomentaar

Radio Oranje. Kuiergaskeuse: Onderhoud: Eben Niemand met Hans van Heerden, 11.10.87.

Radio Oranje. Nuusbuletin, 28.07.87.

Radio South Africa. Limelight, 05.04.88.

TV 1- Netwerk, 29.06.87.

TV 1- Netwerk, 04.10.87.

5. GEPUBLISEERDE WERKE

5.1 Artikels

Van Schoor, M.C.E., J.W. van der Riet en die totstandkoming van die Fakulteit Geneeskunde aan die UOVS: in L. Cilliers en A.H. Snyman [reds.], Varia Studia in honorem W.J. Richards, Acta Academica Reeks B nr. 22, UOVS, 1987.

5.2 Boeke

De Kock, W.J. Geskiedenis van Suid-Afrika: Departement van Inligting - Pretoria, Kaapstad 1971.

Oosthuizen, S.P.R. [Samesteller]. Register van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat 1911-1986. Bloemfontein, 1986.

Schoeman, K. Bloemfontein. Die ontstaan van 'n stad 1846-1946. Kaapstad, 1980.

Van der Walt, A.J.H. [et. al.]. Geskiedenis van Suid-Afrika. 2de uitg. Kaapstad, [s.d.]

Wie is wie in S.A., 1965/1966: Persone in sakelewe, regering, wetenskap en professies en sakeondernemings - nywerheid, handel, finansies, mynwese en dienste. Johannesburg, [s.d.]

6. VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE

Kemp, S.W. 'n Beplanningstudie van die verstedeliking van die Oranje-Vrystaat. D.Sc. (S en S) proefskrif, UP, 1968.

Kotzé, W.D. Owerheidsbeleid en -Beheer ten opsigte van die ontwikkeling en administrasie van kleinhoewes in Suid-Afrika, 2 vol. D. Phil-proefskrif, UOVS, 1962.

Verster, H. Die Vrystaatse Jeugkoor: 'n Historiese, Evalueerende en Vergelykende Onderzoek. M.A.-verhandeling, UOVS, 1987.

OPSOMMING

Voor die Tweede Vryheidsoorlog het die Vrystaat as 'n modelrepubliek bekend gestaan. Die geskiedenis daarna is welbekend. Dit sou weliswaar nooit weer 'n Republiek wees nie. Daar was egter nog een ideaal wat verweselik kon word, naamlik om die Vrystaat sy erenaam en plek in Suid-Afrika en les bes, in die wêreld, terug te gee.

Dit sou geen maklike taak wees nie. Selfs nie eens Uniewording van 1910 waartydens vier provinsies onder 'n Uniale Regering uitgekristalliseer het, sou veel beteken nie. Terwyl die Vrystaat nog besig was om van die wurggreep van die vernietigende oorlog op eie bodem te herstel, het twee wêreldoorloë gevolg, met onvermydelik 'n ernstige depressie daarna. Die O.V.S. as oorwegende landbouprovinsie het groter finansiële probleme gehad as Transvaal met sy gevestigde mynbou-aktiwiteite.

Omstreeks 1947 het sake verander toe goud in die Welkom-gebied ontdek is. Die verwagte voorspoed het eintlik nie gerealiseer nie. Die Vrystaat het toe reeds blykens alle beskikbare inligting met fisies baie verouderde hospitaalgeboue, skole, staatskantore en tegnologies-swakgeboude-paaie - dit wil sê teer- sowel as grondpaaie - gesit. Eensklaps moes 'n nuwe infrastruktuur ten opsigte van huisvesting en teerpaaie geskep word.

Die gevolg was dat die Vrystaat grootskaalse infradienste teen 'n geringe teenprestasie moes voorsien. Op 'n stadium was die Vrystaat eintlik insolvent toe sy uitgawes sy inkomste oorskry het. Mynmaatskappye was in die Transvaal geregistreer, en dus moes die O.V.S. grootskeepse infradienste skep sonder noemenswaardige teenprestasies deur die mynbou.

Te midde van die ongekende nywerheids groei het talle Vrystaters die ongekompliseerde pastorale rustigheid van 'n verbygaande era verkies. Veral die groei van die Suid-Afrikaanse hawestede, die industriële oplewing noord van die Vaalrivier, het natuurlikerwys nog meer nywerhede en mense aangeloek. Dit is nie onbekend dat industrialisasie 'n gebied of land se ekonomie versterk nie. Dit word ook die stut wanneer die landbou terugslae scos natuurrampe beleef. Waar al die ander provinsies 'n toenemende industriële groei ervaar het, het die Vrystaat agtergebly. Die eerste groot noemenswaardige nywerheid was Sasol. Oud-Administrateur, Jim Fouché, moes redelik bontstaan om die provinsie se begroting te laat balanseer. Hy het egter die steun van die Vrystaatse Volksraadslede geniet wat glad nie tevrede was met

die persentasie-vergoeding wat van owerheidsweë aan die Vrystaat afgestaan is nie.

Sand du Plessis was een van die LV's waarna in die voorafgaande paragraaf verwys is. Daarby was hy 'n man wat die vermoë gehad het om vanweë 'n besondere sakevernuf en die bystand van 'n merkwaardige eggenote 'n sake-onderneming wat reeds meer as vyftig jaar bestaan, uit te bou. Hierbenewens was Du Plessis 'n ervare stadsraadslid, oud-burgemeester van Bloemfontein en Volksraadslid toe hy die leisels as Administrateur opneem. Hy het sy naam in die Bloemfonteinse Aksiekomitee gemaak as een van 'n groep Afrikaners wat Bloemfontein wou uitbou. Bloemfonteinse bouplanne het binne twee jaar onder hul wakende oog vervyfdubbel.

As Volksraadslid het Du Plessis sy vooropgestelde beskouing van die posisie wat Bloemfontein en die Vrystaat in Suid-Afrika moes beklee, verruim. Ontwikkeling in Suid-Afrika moes op 'n gebalanseerde grondslag geplaas word. As gevolg van die oorfloed moontlikhede wat hierdie land gebied het, het ontwikkeling sporadies sonder ernstige beplanning plaasgevind, byvoorbeeld gebiede soos die Vaaldriehoek. Dit is tydens die vyftigerjare op die voorgrond geplaas toe die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (RONH) met die opdrag van die regering 'n ondersoek en beplanningsprogram van die nuwe Vrystaatse Goudveldgebied opgestel het.

In die vroeë sestigerjare het die Oranjerivierprojek die verbeelding aangegryp. Dit was noodsaaklik om lukrake en tydelike beplanningspogings met langtermynbeplanning te vervang. Dië beplanning was daarop gemik om Sentraal-Suid-Afrika vir voornemende nyweraars aantreklik te maak. Die geloof was dat dit die nadele van die grootskeepse blanke ontvolking op die Vrystaatse platteland en daarmee saam die gevaar van 'n vermindering in die blanke Vrystaatse bevolking in die algemeen sou stuit. Terselfdertyd sou die provinsie sy inkomste verhoog en sy agterstand teenoor ander provinsies oorkom. Die voormelde sakevernuf van Du Plessis het ook op die terrein 'n baie groot neerslag gevind tydens sy optrede as leiersfiguur in die Vrystaat.

Die Vrystaatse natuurlike hulpbron-potensiaal moes ten volle benut word, wat letterlik enige moontlikheid wat tot voordeel van die provinsie aangewend kon word, sou insluit. Gekoördineerde beplanning het die wagwoord geword. Hierdeur moes die infrastruktuur van die provinsie in sy geheel opgegradeer word. Besondere aandag is gegee aan paaie, hospitalisasie, onderwys,

plaaslike bestuur en nuwe toevoegings is gemaak. Toerisme is as 'n nywerheid in eie reg uitgebou. Vrystaters het óók hoogstaande kultuurfasiliteite verdien. Samevattend: die volle spektrum van Du Plessis se veelsydige gemeenskapsdiens is op skouspelagtige wyse ten toon gestel.

Deur volgehoue toewyding, 'n wetenskaplike ingesteldheid en gesonde beplanning - met die Administrateur op die voorpunt - is 'n nuwe toekoms vir die Vrystaat geskep, wat nie sonder stryd gepaard gegaan het nie. Die ideaal van 'n modelprovinsie is nagejaag en grootliks verwesenlik, onderhewig aan die langtermyn-effek waarmee goeie beplanning gepaard gegaan het.

Hierbenewens is hoë vereistes ten opsigte van kwaliteitsdienste en standaarde gestel as grondslag vir die toekomstige ontwikkeling van die provinsie, met die verskil dat dit ook binne die raamwerk van die nasionale opset moes inpas, onthef van 'n gees van provinsialisme.